



HANDELINGE

VAN DIE

Vier-en-Dertigste

Sinodale

Vergadering

VAN DIE

GEREFORMEERDE KERK

IN SUID AFRIKA

IN SITTING BYEEN TE

POTCHEFSTROOM

OP

WOENSDAG 25 JANUARIE 1961

EN VOLGENDE DAE

© Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

VOORWOORD

Die ondergetekende Deputate wat deur die Algemene Sinode benoem is om die Handeling van die Algemene Sinode van 1961 in druk te laat verskyn, het die eer om hulle voltooide werk af te lewer.

By die samestelling van die Handeling is uitvoering gegee aan die besluit van die Sinode (art. 92 c), d.w.s. weer eens is 'n saaklike en tydsorde gevolg. Die tydsorde van die notule is aangedui, maar waar 'n saak die eerste keer ter tafel gekom het, is dit in sy geheel weergegee, terwyl die nommers van die latere artikels ook hier aangedui word. Wanneer hierdie artikels dan later in die notule voorkom, word kortliks aangedui waaroor die betrokke artikel handel en waar dit weergegee is. In enkele gevalle waar 'n belangrike saak op twee plekke voorkom (o.a. finansiële sake), is die inhoud herhaal of na die betrokke artikel en bladsy verwys.

By die gebruik van die Handeling moet op die volgende gelet word:

1. Die naam van die saamroeper van deputate en kommissies is kursief gedruk.
2. Besluite van die Sinode is op drie maniere aangedui:
 - a. By onderafdelings van 'n rapport is 'n kort besluit aan die einde daarvan in vet letters geplaas (bv. **kennis geneem, goedgekeur**).
 - b. In alle ander gevalle, soos by 'n aantal samehangende onderdele van 'n rapport of 'n hele rapport staan die woord **Besluit** in vet letters terwyl die hele paragraaf ingespring is.
 - c. Hier en daar staan die besluit vooraan 'n rapport, bv. bl. 409, 414.
3. Waar die Sinode veranderings in rapporte aangebring het, is die rapporte in gewysigde vorm geplaas met vermelding dat dit gedoen is. Hierdie metode het meegebring dat daar soms wysiginge in die vorm was, maar die inhoud is nie daardeur geraak nie.

Ons bede is dat die Here die Handeling van hierdie Sinode tot 'n seën mag stel.

D. Kempff.
B. C. Schutte.
I. J. Lessing.

NOTULE VAN DIE 34^e GEWONE GENERALE SINODALE
VERGADERING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN
SUID-AFRIKA IN DIE KERKGEBOU VAN
POTCHEFSTROOM-NOORD

WOENSDAG 25 JANUARIE 1961.

ARTIKEL 1.

Opening. Die Voorsitter van die Roepende Kerkraad, nl. van Potchefstroom-Noord, ds. J. L. Vorster laat sing Ps. 89 : 1; gaan voor in gebed, en lees dan Filipp. 1 : 27—2 : 11.

Ds. Vorster verwelkom die vergadering soos volg:
Weleerwaarde Broeders afgevaardigdes, Hooggeagte Adviseurs,
Broeders,

By elke Sinode van ons Kerk moet ons uitroep: „Ebenhaeser: Tot hiertoe het die Here ons gehelp (1 Sam. 7 : 12), maar ook: Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?” (Ps. 121 : 2).

In hierdie gesindheid wil die Roepende Kerkraad u almal hier verwelkom.

Dit is die eerste Algemene Sinode na die Eeufeesviering van die Gereformeerde Kerk. Dis die eerste Sinode in sy nuwe samestelling waar die afvaardiging volgens Kerkorde vanaf die Partikuliere Sinodes plaasgevind het. Mag hierdie sinodesitting aangemerkt staan as die begin van 'n nuwe fase in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in die volbrenging van sy roeping as kerk van Christus, ook tot seën vir ons volk in die Republiek van Suid-Afrika.

U vergader as Sinode in 'n tyd van onrus en onsekerheid in die volkerewêreld, wat deuring ook tot in die kerklike wêreld. Ons bid u toe God se lig en sy waarheid. Mag dit u lei sodat daar suiwere en duidelike klanke vanaf hierdie Sinode uitgaan, „want as die basuin ook 'n onduidelike klank gee, wie sal klaarmaak vir die oorlog?” (1 Kor. 14 : 8). Mag God genade skenk aan die eerwaarde vergadering om ernstig daarna te strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. (Efes. 4 : 3).

Hartlik welkom, geagte Broeders! Mag u werksaamhede geseënd, u verblyf aangenaam en die berigte van u huise af gunstig wees.

ARTIKEL 2.

KONSTITUERING.

By die opmaak van die presensielys blyk dit dat daar 144 afgevaardigdes uit 'n moontlike 160 teenwoordig is, sodat daar 'n kworum aanwesig is en daar word derhalwe met die konstituering voortgegaan.

Art. 10, 19, 21, 42, 52, 63, 70, 89, 102, 108, 120, 129, 143, 167, 176, 177, 178.

A. Die volgende deputate is teenwoordig:

WES-TRANSVAAL.

Dr. S. J. van der Walt	Oudl. S. W. Venter
Ds. P. J. Venter	Ds. A. A. Venter
Ds. M. J. Booyens	Dr. S. C. W. Duvenage
Ds. P. W. van der Walt	Ds. J. F. du Plooy
Oudl. W. P. Andersen	Ds. D. C. S. van der Merwe
Oudl. T. J. Riekert	Oudl. H. B. van der Walt
Oudl. F. R. P. de Bruyn	Oudl. J. Schutte
Oudl. J. A. L. Taljaard	Ds. A. J. R. Vermeulen (sek.)
Ds. J. L. Helberg	Ds. G. H. Buys (sek.)
Dr. W. J. van der Merwe	Ds. H. G. Kruger
Dr. B. Duvenage	Oudl. P. J. de Bruyn
Ds. I. J. van der Walt	Oudl. N. G. S. van der Walt
(Randfontein)	Oudl. E. J. Nortjé
Oudl. L. J. van der Schyff	Oudl. F. F. Yssel (sek.)
Ds. F. W. Buitendach	

NOORD-TRANSVAAL.

Ds. W. F. Venter	Ds. P. J. Pelser
Ds. D. J. van der Walt	Ds. L. H. Stavast
(Voortrekkerhoogte)	Oudl. J. H. van der Merwe
Ds. D. J. van der Walt	Oudl. P. J. de Bruyn (sek.)
(Warmbad) (sek.)	Oudl. J. M. Lessing
Ds. F. N. Lion-Cachet	Oudl. C. B. Enslin
Ds. H. J. Kruger	Oudl. D. J. Coetzee
Ds. P. J. Opperman	Oudl. K. P. J. de Waal (sek.)
Ds. T. T. Spoelstra	Oudl. J. C. van der Walt
Ds. H. F. V. Kruger	Oudl. D. P. J. Lessing
Ds. J. L. de Bruin	Oudl. G. Botha
Dr. B. R. Kruger	Oudl. N. W. Vorster
Ds. J. J. S. Venter	Oudl. C. A. Buys
Ds. A. J. Pelser	Oudl. G. van R. Oosthuizen (sek.)
Ds. H. S. Pelser	Oudl. A. van Tonder
Ds. W. J. de Klerk	Oudl. H. J. P. de Beer (sek.)

OOS-TRANSVAAL.

Ds. A. Duvenage	Oudl. P. Hamman (sek.)
Ds. N. Malan (sek.)	Oudl. B. J. du Plessis (sek.)
Ds. L. J. Buys	Oudl. J. C. Venter
Ds. N. J. Grobler	Oudl. S. A. J. Potgieter
Ds. J. L. van der Merwe	Oudl. P. E. J. Kruger
Ds. J. C. Krüger	Oudl. C. T. Vermaak
Ds. C. E. Malan	Oudl. C. van Staden
Ds. L. S. van der Walt	Oudl. J. C. du Plessis
Ds. J. Ligthelm	Oudl. C. J. Nagel
Ds. G. H. J. Kruger	Oudl. A. P. Bezuidenhout (sek.)
Ds. J. M. Opperman	Oudl. J. J. Pelser
Ds. P. J. de Wet	Oudl. F. F. Deyssel
Ds. C. J. Malan	Oudl. P. P. J. Buys
Ds. J. Visser	Oudl. J. M. Malan

O.V.S. EN NATAL.

Ds. J. Postma	Ds. A. S. L. Minnaar
Ds. G. P. van der Linde	Oudl. A. P. Malan
Ds. J. J. van der Walt	Oudl. T. N. Krüger (sek.)
Ds. J. J. H. Booysen	Oudl. T. F. de Bruyn (sek.)
Dr. G. C. P. van der Vyver	Oudl. J. A. Venter (sek.)
Ds. P. C. Rule	Oudl. J. T. Snyman
Ds. L. S. Krüger	Oudl. H. S. van der Walt
Dr. D. Kempff	Oudl. P. J. J. Delport
Ds. H. L. M. du Plessis	Oudl. F. F. Graphorn
Ds. T. A. Liebenberg (sek.)	Oudl. G. J. Pretorius
Ds. J. H. Venter	Oudl. P. M. van der Linde
Ds. W. de Vos	Oudl. L. J. van der Walt (sek.)
Ds. P. C. Kruger	Oudl. J. G. Vermeulen
Ds. P. J. de Klerk	Oudl. S. J. du Plessis
Ds. V. E. d'Assonville	

KAAPLAND EN S.W.A.

Ds. Ph. Snyman	Ds. B. D. C. Prinsloo (sek.)
Ds. P. B. de Klerk	Oudl. A. G. Marx
Ds. S. P. B. Buys	Oudl. H. S. J. Vorster
Ds. C. H. Smit	Oudl. I. D. Venter (sek.)
Ds. W. Venter	Oudl. P. de Weerd
Ds. B. Spoelstra	Ds. W. J. van der Westhuizen
Ds. P. G. Geertsema	(sek.)
Ds. T. Steyn	Oudl. P. Venter
Ds. M. Postma	Oudl. P. W. Buys
Ds. W. J. I. M. du Plessis	Oudl. P. S. Roelofse (sek.)

Ds. Jacs van Rooy	Oudl. P. H. du Plessis
Ds. H. A. van Dalsen	Oudl. J. C. Landsberg
Ds. H. A. Louw	Oudl. H. W. Lück
Ds. J. A. Jooste	Ds. H. J. van der Walt
Oudl. H. B. Kruger	Oudl. J. A. Kruger (sek.)
Oudl. L. B. Pretorius	Oudl. G. M. van Wyk

B. Die volgende depute het laat opgedaag en het, nadat hulle instemming betuig het met die Openlike Verklaring, sitting geneem, of het, na tydelike afwesigheid, weer teruggekeer, of is sittingreg ontsê:

Art. 10. B. I. Die Voorsitter kondig aan dat aan di. W. J. van der Westhuizen en B. D. C. Prinsloo geen keurstem verleen kan word nie, aangesien dit blyk dat hulle die vergadering bywoon as sekundi van ouderlinge en dit is in stryd met die besluit van die Part. Sinode Kaapland-S.W.A.

2. Die vergadering besluit dat aan hierdie twee broeders wel adviserende stem verleen word.

C. Ds. F. J. Labuschagne (Part. Sinode Kaapland-S.W.A.) het intussen in die vergadering opgedaag.

Art. 19. Dr. J. A. Schutte (Part. Sinode Oos-Transvaal) het opgedaag. Ook word besluit om ds. L. J. Botha, dosent aan die opleidingskollege te Dube, uit te nooi na die Sinode, en hy sal adviserende stem hê.

Art. 21. Ds. J. P. Coetzee en oudl. M. C. E. Moodie (Part. Sinode Oos-Transvaal), asook ds. L. J. Botha (adviseur) het opgedaag.

Art. 42. Kennis van afwesigheid is gegee deur di. J. M. Opperman, J. A. Schutte, C. E. Malan, D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte); oudll. P. J. Delpont, P. P. J. Buys, J. C. Venter, C. J. Nagel.

Art. 52. Op die vergadering verskyn vir die eerste keer oudll. B. J. van der Walt (Part. Sinode Kaapland-S.W.A.) en P. C. Opperman (Part. Sinode Wes-Transvaal).

Kennisgewing van afwesigheid word ingedien vir ds. F. W. Buitendach, oudll. J. T. Snyman, J. J. Pelser, G. van R. Oosthuizen.

Art. 63. Berig is ontvang dat oudl. S. J. du Plessis siek is en moontlik 'n paar dae afwesig mag wees.

Art. 70. Kennis van afwesigheid is gegee deur dr. J. A. Schutte en oudl. F. F. Graphorn.

Vir die eerste keer is op die vergadering oudl. C. P. du Plessis (Part. Sinode O.V.S.-Natal).

Art. 89. Oudl. S. J. du Plessis is weer terug op die vergadering.

Art. 102. Ds. G. H. Buys, wat 'n sekundus deputaat was, moes vertrek, en ds. Z. C. Grobler, wat die primus deputaat was, het by die vergadering opgedaag.

Verder word meegedeel dat ds. A. S. L. Minnaar en oudl. P. J. de Bruyn (Wes-Transvaal) moes vertrek het vanweë ongesteldheid van familieledes. Ook het ds. F. W. Buitendach en ds. T. A. Liebenberg vertrek vir kerklike werk.

Art. 108. Kennisgewing van tydelike afwesigheid is ontvang van di. F. N. Lion-Cachet, L. J. Buys, H. S. Pelser, A. J. Pelser en oudl. C. B. Enslin.

Art. 120. Ds. A. S. Smit het as sekundus opgedaag in die plek van ds. I. J. van der Walt (Part. Sinode Wes-Transvaal).

Ds. Z. C. Grobler is ongesteld en sy sekundus, ds. G. H. Buys, is weer teenwoordig.

Afwesig met kennisgewing: ds. D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte) en oudl. C. J. van Staden.

Oudl. F. F. Graphorn, wat weg was as gevolg van siekte, is weer terug op die vergadering.

Art. 129. Ds. A. S. L. Minnaar is nog afwesig na die ongeluk van sy moeder, en in sy plek neem ds. P. J. S. de Klerk (Part. Sinode O.V.S.-Natal) sitting op die Sinode.

Oudl. S. J. du Plessis is na sy tuiste ontbied en hy en oudl. J. Vermeulen vertrek.

Ds. D. J. van der Walt is weer op die vergadering.

Art. 143. Ds. W. J. van der Westhuizen neem sy plek in as sekundus deputaat op die vergadering in die plek van ds. J. A. Jooste (Part. Sinode Kaapland-S.W.A.). Dieselfde geld vir ds. B. D. C. Prinsloo in die plek van ds. Ph. Snyman.

Art. 167. Oudll. A. G. Marx, T. N. Kruger en oudl. L. J. van der Walt moet in die oggend vertrek.

Ds. J. A. van Rooy (emeritus) word in die vergadering verwelkom.

Art. 176. Kennis van vertrek in die loop van die dag is gegee deur die volgende depute: di. P. G. Geertsema, B. Spoelstra, F. J. Labuschagne, J. C. Krüger, J. P. Coetzee, H. J. Kruger, P. J. Opperman, F. W. Buitendach, oudll. J. A. Venter, G. Pretorius, A. P. Bezuidenhout, T. J. Riekert, M. C. E. Moodie, J. J. Pelser, P. E. J. Kruger, P. de Weerd, B. J. van der Walt, A. P. Malan, H. B. Kruger, P. J. de Bruyn, P. J. J. Delpont.

Art. 177. *Kworum.* Die Sinode besluit om vir hierdie vergadering sy kworum vas te stel op drie-vyftes van die wettig-gedeputeerdes.

Art. 178. *Insake vertrek van depute.*

Die Sinode besluit om dit onder die aandag van die Part. Sinodes te bring dat daar van hulle depute is wat voor die sluiting van die werksaamhede van die Sinode vertrek het en — sover as wat die Sinode kan oordeel — dikwels nie om gegronde redes nie. Die depute vir Korrespondensie moet hieraan aandag gee.

ARTIKEL 3.

MODERAMEN.

Met volstrekte meerderheid van stemme word die Moderamen soos volg verkies:

Ds. T. T. Spoelstra — Voorzitter.

Dr. G. C. P. van der Vyver — Ondervoorzitter.

Dr. D. Kempff — Skriba.

Dr. S. C. W. Duvenage — Adj.-Skriba.

Die Moderamen neem hulle plekke in en die Voorzitter spreek 'n woord van dank uit vir die vertroue in die Moderamen gestel.

ARTIKEL 4.

OPENLIKE VERKLARING.

Die Voorzitter lees die Openlike Verklaring, en die vergadering betuig daarmee sy eenparige instemming deur op te staan.

ARTIKEL 5.

MEDEDELINGS VAN DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE.

Die Voorzitter van die Deputate vir korrespondensie, prof. dr. S. P. van der Walt, doen enkele mededelingen:

A. 1. Van die Raad van die P.U. vir C.H.O. en Kuratorium van die Teologiese Skool is 'n uitnodiging ontvang vir die lede van die vergadering na die feestelike viering van die verjaarsdag van bogenoemde inrigtings op 26 Januarie, die aand, in die Totiussaal.

2. Die vergadering besluit om die uitnodiging met dank te aanvaar. (vgl. art. 27).

B. 1. In die Rapport van die deputate moet punt 5(a) geskrap word, aangesien sodanige versoek nie van die deputate ontvang is nie.

2. Die saak word na die Moderamen verwys. (vgl. art. 18. A. 5; 40. A. 1.).

C. 1. Die deputate vir Katkisasie en die Kuratorium het versoek dat hulle rapporte vroeg aan die orde moet kom.

2. Dit word na die Moderamen verwys. (vgl. art. 40. A. 2.).

D. 1. Kennis word gegee van die indiening van 'n aanvullende rapport (Bylaag 3).

2. Ook dit word na die Moderamen verwys. (vgl. art. 40. B. 1.).

ARTIKEL 6.

VERDAGING.

Die vergadering verdaag tot 7.30 nm.

ARTIKEL 7.

AMPTELIKE OPENING.

A. Die Voorzitter spreek 'n woord van verwelkoming aan die adres van al die deputate sowel as die aanwesige besoekers.

B. OPENINGSREDE.

Die Voorzitter versoek ds. A. A. Venter, Voorzitter van die vorige Sinode, om voor te gaan in die bediening van Woord en gebed.

Nadat ds. Venter die votum en seëngroet uitgespreek het, laat hy sing Ps. 98 : 2. Daarna lees hy Hebr. 12 : 14-29 en gaan voor in die gebed met die oog op die prediking. Dan word Ps. 144 : 1 gesing.

Sy eerwaarde neem as teks Hebr. 12 : 25: „Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek”.

Die Hoër Kritiek wou 'n tyd gelede met alle mag probeer bewys dat God nooit gepraat het nie: wat ons glo, is sommer dan alles inbeelding.

Teenswoordig skyn dit nou nie meer of dit soveel saak maak of God gespreek het of nie, mits ons nie meer waarde heg aan sy woorde as aan die van die wêreldgrotes van vandag of ander sg. godsdienststigers.

Het ons nou godsdienstiger geword? Geensins, want die mens bly in homself ewe groot en wil die reg behou om God se woorde te beoordeel en net na dié te luister wat vir hom aanneemlik is.

Daarby kom dat die mens hom nie wil laat waarsku nie. Hy beskou dit as dreiging. Hy wil nie „pas op” hoor nie.

Ons moet egter weer luister na die ernstige waarskuwing: „Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie”, omdat dit (i) God is wat spreek, (ii) Die volk van God is wat hom wil afwys, en (iii) hulleself so straffaar maak.

(i) *Dit is God wat spreek*: Dit is die tema van die Hebreeërbrief (vergelyk hoofstuk 1 : 1). God het deur die profete gespreek maar ook deur die Seun — deur sy koms, lyde en sterwe, maar ook deur sy opstanding, hemelvaart en ook deur die koms van die Heilige Gees.

Ons moet bely dat God die alleenreg het om te spreek. Hy is die grote en gedugte God — in Hom is daar waarheid —; Hy kan spreek teenoor die leugengees uit die afgrond.

As ons nou lees dat Christus sê: Ek is lig, Ek is die weg en die waarheid en die lewe, Ek is die opstanding, dan is daar geen wesenlike elemente buitekant hom nie. Vandaar dat Hy self sê:

„My woorde is gees en is lewe”. God se woorde, Christus se woorde dra in hulleself die lewe — dit is die onverganklike saad wat tot in ewigheid bly.

Christus is die enigste Here. Hy kan spreek!

Daarteenoor moet ons bely dat ons saam met alle mense op aarde (hoe groot in hulleself ook al) ’n leuenagtige hart het en woorde van bedrog spreek — ’n tong vol onbedwingbare kwaad en dodelike gif besit. Om die waarheid te spreek is ons aangewys op God.

Die historiese agtergrond van die teks wys na Sinai, waar God die wet aan Israel gegee het. Daar het God gekom om na die hart van sy bruidskerk te spreek, om sy liefde te betuig. Hierdie liefdesbetuiging dra die karakter van ’n getuienis teenoor die verdagmakery van God deur die Satan aan die mens in die paradys. So het Christus ook gekom om getuienis te gee (vgl. Joh. 3 : 31-33). Die regskant van die saak moet dan ook beklemtoon word. Godsdien is nie allereers ’n saak van gevoel nie, maar dit lê op die terrein van die reg, en as sodanig bring dit verpligtings mee.

(ii) Maar God wou ook daar deur sy ordinansies en bepalings die volk orden en uit ’n staat van onmondigheid bring tot ’n volk wat welgeordend hulle plek kan inneem in die ry van die nasies.

(iii) God het almal laat nader kom. Hy het hulle almal bekleed met die amp van gelowiges om sy openbaringsvolk te wees te midde van die heidendom. Daarom spreek God tot hulle; en hoewel dit geskied het met donderslae en duisternis en storm, moes die volk alle stemme ook uit eie bewuste stilmaak om na God te luister.

Wat doen hulle nou?

2. Hulle wys die Here af. Hulle sê: „Spreek met Moses, nie met ons nie”. Deels kan ons dit verstaan. God se grootheid oorweldig hulle. Hulle wil maar die mindere, die geringe wees. Op hierdie huweliksdag versoek hulle dat Moses maar met hulle moet spreek. Hoewel die Here daar sê dit is goed, sien ons ook in hierdie versoek die sondige kant as die Hebreërskrywer sê: „Hulle het die Here afgewys”. Hulle verontskuldig hulle.

Hulle wil nie trou nie. Hulle wil maar in ’n soort voorhuwelikse verhouding met die Here staan, sodat hulle losser kan wees. Waaragtige gemeenskapsoefening met die Here, waardeur hulle verder sal kom, wil hulle nie, met die gevolg dat hulle baie gou daarna weer hul hart aan die goue kalf (Egipte se afgode) verpand het.

Op ons toegepas beteken dit tog dat die Here ons roep tot die gemeenskap met Jesus Christus, met wie ons so verenig moet word dat ons kan sê: „Ek leef, dog nie meer ek nie, maar Christus leef in my”. Of ook dat ons „been van sy been en vlees van sy vlees moet wees” (vgl. Kategismusvraag 76).

Baie wil vandag nie hierdie innige verhoudingslewe met die

Here hê nie. Hulle wil losser lewe, ook die afgode van die wêreld wil hulle dien. Daarom merk ons dat die Woord van God nie meer vir hulle die brood van die lewe is nie — maar ’n studieboek — ’n preek is nie meer ’n geleentheid om te skep uit die fontein van heil nie maar ’n betoog en niks meer nie. Dat die eerste beginsels van die Christelike lewenswandel, nl. om die een die ander uitnemender te ag as onself, ens., ontbreek.

Omdat die gemeenskapslewe met die Here so ontbreek, kan baie ook nie meer kom tot die Sion Gods, tot die stad van die lewende God nie; kan daar nie meer gemeenskap ge oefen word met mekaar en ook nie met die wat reeds heen is nie, kan ons nie kom tot die geeste van die volmaakte regverdiges nie.

(i) Maar hulle wil ook maar onmondig bly — ’n welgeordende, goed saamgevoegde liggaam van die Here is nie hul begeerte nie. Die Hebreërskrywer wys in hoofstuk 5 : 12-14 dat sy lesers vanweë die tyd leraars behoort te wees en dat hulle nie meer die eerste beginsels van die woorde van God ken nie.

Is dit nie ook kenmerkend van ons tyd dat ons net altyd met minder wil klaarkom nie. So min moontlik leer of so min moontlik ons beywer om iets te verstaan.

Ons moet tog nie met minder wil klaarkom nie. As die Here soveel wil gee en ons kan nie daarby kom nie, dan moet ons kan bid: „Here maak my oë oop dat ek kan sien soos die kneeg van Elisa kon sien hoe hulle inderdaad deur God beskerm is teenoor die oormag van die vyand” (vgl. 2 Kon. 6 : 15 e.v.). Dat ons die ruising van die waters van die lewe kan hoor — dat ons God se milde gawes kan opmerk, anders sit ons naderhand met ’n onmondige kerk wat, met die oog op ’n tyd soos hierdie, juis nie die uitdaging van die Godvyandige ideologieë soos Kommunisme en Sosialisme ens. die hoof kan bied nie. Omdat baie slegs soos kinders bly, ontbreek die nodige verantwoordelike besef.

(ii) Maar hulle wou ook die amp van alle gelowiges wegbid. Hulle het as openbaringsvolk juis hierin gefaal, en hoewel hulle probeer het om voort te bou op God se ordinansies met gebod op gebod en reël op reël het hulle in eie geregtigheid verval. So kry ons juis dan die Fariseërs wat die Here Jesus Christus kruisig, en juis Hom, deur wie God so besonderlik spreek, kruisig!

God het aan hulle versoek voldoen. Christus as die Seun van die mens het gekom en tot hulle gespreek. Milder en sagter kon dit nie. Hy spreek vandag nog vanuit die hemel, en tog — hulle wys hom af. Ons wil die maklike weg opgaan. Hoeveel is bereid om vandag nog te dien. So maklik word geweier as ons moet dien in die kerk van die Here. So maklik beskou ons dat dit onnodig is om die amp van gelowiges in ons huise te beoefen. Ons ag God oorbodig, ons skakel Hom uit.

Hoe kan ons nog God se getuies wees. Hoe kan ons op dié wyse God se naam nog verheerlik. Juis nou moet ons roepingsbewus ons taak in 'n deur sonde verduisterde wêreld volbring.

Die afwys word weldra afkeer. Dan bly dit nie by allerhande verontskuldiginge nie, maar bewustelik verlaat ons die Here en keer ons af van sy Woord.

(iii) *En dan sal die straf volg*: Israel moes swerf in die woestyn. God sê: „Veertig jaar het Ek verdriet gehad van hierdie geslag”. Hulle sterf in die woestyn, omdat die woord van God nie met die geloof verenig was nie (vgl. Hebr. 4).

So sien ons dit ook: die volk wat hulle Here kruisig, moet weldra sien dat hulle stad en tempel verwoes word. Vandaar die ernstige vermaning in Hebr. 10 : 26-31. As ons die Gees van genade smaad en Christus verwerp, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. So is dit dan: daar is die vuur van God in die wêreld waardeur Hy spreek — sy oordele brand deur in honger en swaard en geweld en rampe. Daar is die bloed van Abel wat spreek, maar daar is ook altyd die bloed van versoening van Jesus Christus, wat van beter dinge spreek.

Wat wil ons nou? Die vuur, die oordeel van God of die versoening en die genade en heil wat ons nader bring aan die uitlewing van ons burgerskap in die hemele. Versoend met God sodat dit waarlik in ons harte sover kan kom dat ons kan sê: „Spreek Here, u dienskneg hoor”.

Mag die Here ook so spreek tot ons in hierdie vergadering — ook weer deur sy kerk spreek in al die besluite wat ons sal neem.

Na die bediening van die Woord gaan ds. Venter voor in die gebed met die oog op die vergadering; dan laat sing hy Ps. 33 : 6, 11 en spreek die seën uit.

C. Op versoek van die Voorsitter bedank dr. G. C. P. van der Vyver die prediker, en hy noem dit besonderlik dat die spreke van die Here so sterk benadruk is.

ARTIKEL 8.

Kommissie van Orde.

Op voordrag van die Moderamen word die volgende broeders verkies tot lede van die kommissie van orde: di. G. C. P. van der Vyver, S. C. W. Duvenage, I. J. Lessing, J. Postma, prof. dr. S. P. van der Walt en oudl. dr. J. A. L. Taljaard.

ARTIKEL 9.

Perskommissie.

As perskommissie word op voordrag van die Moderamen verkies: di. G. P. L. van der Linde, J. J. van der Walt, W. J. de Klerk.

Die Voorsitter beklemtoon dat alleen berigte wat deur genoemde kommissie nagesien is, gepubliseer kan word.

ARTIKEL 10. (17, 45B, 112).

Rapport van die Roepende Kerkraad.

A. Die Voorsitter van die Roepende Kerkraad, ds. J. L. Vorster, dra die Rapport voor.

Weleerwaarde Voorsitter en Broeders,

Dit is 'n eer vir die Roepende Kerkraad om die volgende aan u voor te lê:

1. *Oproep van Sinode*. 'n Voorlopige kennisgewing van die tyd wat, in oorleg met die Deputate vir Korrespondensie, bepaal is vir die sitting van die Sinode, het verskyn in *Die Kerkblad* van 4 Mei 1960. Die offisiële oproep is geplaas in *Die Kerkblad* van 24 Augustus 1960. By wyse van omsendbrief is dit ook gestuur aan die Korresponderende Kerkrade van al die Partikuliere Sinodes met verwysing na die besluit van die vorige Sinode insake die afvaardiging. (Hand. Sinode 1958, bl. 41).

— kennis geneem.

2. *Kredensiebriewe*. Van al vyf partikuliere sinodes is kredensiebriewe ontvang. Die Roepende Kerkraad wens die volgende aan te merk:

(a) Die aandag van die eerwaarde Sinode word gevestig op die wyse van deputering van die secundi van die Partikuliere Sinodes van Kaapland en S.W.A. asook die Partikuliere Sinode van Noord-Transvaal.

Die besluit van eersgenoemde lui soos volg:

„Wat die secundi betref, besluit die Part. Sinode soos volg:

- 1) dat die broeders soveel doenlik binne dieselfde klassis opgeroep word om 'n primus te vervang;
- 2) dat die oproep in numerieke volgorde sal geskied;
- 3) dat indien daar binne dieselfde klassis geen secundus beskikbaar is nie, in 'n noodgeval enige ander wettige secundus (predikante vir predikante en ouderlinge vir ouderlinge) opgeroep kan word”.

Die Part. Sinode van Noord-Transvaal het besluit:

„dat daar nie 'n bepaalde secundus vir elke primus benoem word nie maar dat die secundi in volgorde van nommer een af geneem sal word soos hulle nodig mag word vir primi wat verhinder word om die sitting van die eerw. Sinode by te woon”.

Hierdie wyse van afvaardiging bring mee dat wat die Part. Sinode van Kaapland en S.W.A. betref, daar nie 'n gelyke aantal primi en secundi is nie. Verder is dit die vraag of in sulke gevalle die bestaande kredensievorms so gebruik kan word waar vir elke primus 'n secundus ingevul word.

(b) Met uitsondering van die Part. Sinode van Kaapland en

S.W.A., waar dit gemeld word dat daar uit elke klassis 8 deputate (4 predikante en 4 ouderlinge) gedeputeer word, is daar nie 'n aanduiding dat die afvaardiging so plaasgevind het nie.

(c) Die getal afgevaardigdes bereken teen 4 predikante en 4 ouderlinge per klassis is in orde.

(d) In die geval van die kredensiebrief van die Part. Sinode Oos-Transvaal is al die bladsye nie volledig ingevul en onderteken nie. Die nodige wysiging van kerkraad na part. sinodes is nie aangebring op die kredensiebriefe van die Part. Sinodes van Oos-Transvaal, O.V.S. en Natal en Noord-Transvaal nie.

(e) Daar kom name voor wat foutief is: soos bv.

Part. Sinode Oos-Transvaal: F. F. Beysel in plaas van Deysel.

Part. Sinode Noord-Transvaal: J. Slothouer in plaas van Slothouber, en H. J. J. Graber in plaas van Grüber.

Part. Sinode Wes-Transvaal: Ds. H. G. Buys in plaas van H. G. Kruger.

Besluit: Vir hierdie keer word dit so goedgekeur en 'n sub-kommissie sal op die saak ingaan en weer rapporteer. Lede van die kommissie is: di. J. J. S. Venter, L. S. Kruger, H. L. M. du Plessis, oudl. K. de Waal.

Art. 112. Die verslag van die kommissie is soos volg, en dit word toegelig deur ds. H. L. M. du Plessis.

a. U kommissie beveel aan: Die Sinode ag dit wenslik dat by afvaardiging vir elke primus 'n spesifieke sekundes benoem word.

b. *Motivering.*

(1) In die Kerkorde en verklaringe daarvan is geen direkte uitspraak oor die aangeleentheid nie, asook nie in Sinodebesluite nie.

(2) Die aanbeveling hierbo sal verwarring en ongerymdhede uitskakel, soos geblyk het met die afvaardiging na hierdie Sinodesitting.

(3) By afvaardiging mag 'n spesifieke persoon om sekere redes afgevaardig word en om dieselfde rede 'n spesifieke persoon as sekundus vir hom benoem word.

(4) Die verteenwoordiging, bv. klassikaal, kan so beter gereël word.

(5) Om persone op 'n groslys as sekundi te benoem, al is dit ook in numerieke volgorde, maak die persoonlike verantwoordelijkheid kleiner, en sodoende kan die kworum van die Sinode geaf-fekteer word.

(6) Bogenoemde aanbeveling sal spoedige kennisgewing moontlik maak, deurdat elke primus dan self, by verhinderings om sy opdrag uit te voer, sy sekundus kan kennis gee.

(7) *Leidraad:* Elke klassis verstrek direk voor die sitting van die part. sinode wat sal afvaardig, die name van ouderlinge wat beskikbaar is om afgevaardig te word, aan lg. vergadering.

Besluit: Die verslag word goedgekeur.

3. *Opening van Sinode.* Ds. A. A. Venter, voorsitter van die vorige Sinode, is gevra om die openingsrede te hou. Uitnodigings is gestuur aan die Kerkrade van die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Herv. Kerk en Geref. Kerk kerkrade in Potchefstroom asook verskillende instansies van die samelewing. Die offisiële opening is bepaal vir 25 Januarie om 7.30 nm.

— kennis geneem.

4. *Huisvesting.* Dit is met groot dankbaarheid teenoor die P.U. vir C.H.O. dat reëlins weer getref kon word vir huisvesting in die losieshuise van die Universiteit. 'n Vriendelike beroep word gedoen op broeders wat motors het om ander, veral die ouere broeders, te besorg waar hulle moet wees. Afgevaardigdes in die koshuise word vriendelik versoek om kennis te gee as hulle daar vertrek.

— kennis geneem.

5. *Verversings.* Die gewilligheid van die susters van die Gereformeerde Sustersorganisasies van die drie plaaslike gemeentes om te sorg vir die verversings elke dag word gewaardeer. Die G.S.O. van Klerksdorp het ook aangehied om te help.

— met dank kennis geneem.

6. *Kennisgewing.* Die Roepende Kerkraad wens die aandag van die eerw. Sinode te vestig op die feit dat niesteenstaande die versoek in *Die Kerkblad* asook aan die part. sinodes baie van die afgevaardigdes nie kennis gegee het nie: of hulle kom en, in die geval van die sekundi, in wie se plekke hulle kom, op watter wyse, per motor of per trein, en in die geval van treine die tyd van aankoms nie. Dit het die reëlins vir die ontvangs enigsins bemoeilik.

— kennis geneem.

7. *Onkoste.* Die bewilliging van die eerwaarde Sinode word gevra vir die onkoste van die huisvesting teen R2 per dag en die verversings R0.20 per dag per persoon, asook kleinere uitgawes, bv. die luidsprekerstelsel.

— Hierdie saak word na die Moderamen verwys.

Art. 45.B. Die Moderamen het met die P.U. vir C.H.O. onderhandel oor die losiesgelde en kan meedeel dat daar ooreengekom is op R1.50 per dag. Die R0.20 per dag aan die susters word ook aanbeveel.

Besluit: Van die eerste word met dank kennis geneem, en die tweede word ook goedgekeur.

8. *Sittingstye.* Die volgende reëling word aanbeveel:

vm. 8.30 tot 10.30

11 tot 12.45

nm. 2.30 tot 4

4.30 tot 5.30

aand 7.30 tot 9.30

Hiermee meen ons dat die Roepende Kerkraad sy opdrag uitgevoer het. Mag die eerwaarde Sinode in alle waarheid gelei word deur Christus die Koning van die kerk na sy beloftewoord en mag u werksaamhede gesênd wees. — kennis geneem.

9. Aanvullende Rapport Roepende Kerkraad.

(a) Al die Afgevaardigdes van die eerw. Sinode word uitgenooi deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys na die verjaardagviering van die Teologiese Skool en die Universiteit op Donderdagaand, 26 Januarie 1961, om 7.30 nm. in die Totiussaai. Afgevaardigdes wat nie in die koshuise tuis is nie, word vriendelik gevra om ook hulle gashere (-vrouens) uit te nooi om saam te kom.

(b) Ons moet nog die aandag van die eerw. Sinode vestig op 'n latere brief van die Korresponderende Kerkraad van die Part. Sinode Oos-Transvaal waarin gemeld word dat ds. N. Malan as sekundus kom in die plek van ds. R. S. J. van Wyk, maar volgens die kredensiebrief is ds. N. J. Malan die sekundus van ds. A. Duvenage en ds. P. J. Steyn die sekundus van ds. R. S. J. van Wyk. Verder word gemeld dat oudl. A. P. Bezuidenhout die Sinode sal bywoon in die plek van M. J. P. Coetzee, maar oudl. Bezuidenhout is die sekundus van oudl. P. J. Riekert, terwyl daar nie 'n sekundus vir oudl. Coetzee op die kredensiebrief is nie.

Moontlik het die afvaardiging van die sekundi hier ook in numerieke volgorde geskied, maar dit word nie vermeld nie.

Met seënwenste, U broeders in Christus,

Namens die Roepende Kerkraad,

J. L. Vorster (Voorsitter), H. B. van der Walt (Skriba).

B. en C. (I.s. presensielys). Kyk by art. 2B.

Besluit:

D. Die hele rapport van die Roepende Kerkraad word met dank aanvaar.

E. Van 'n telegram van oudl. J. H. van der Molen (Gwelo), wat meld dat hy nie kan kom nie, word kennis geneem. Die selfde met 'n telegram van oudl. J. P. Bekker van Vaalwater.

ARTIKEL 11.

Dagsluiting. Ds. A. Duvenage laat sing Ps. 89 : 6, 7 en sluit die dag se verrigtinge met gebed.

DONDERDAG 26 JANUARIE 1961

ARTIKEL 12

Dagopening.

Die Voorsitter open die werksaamhede van die dag deur Ps. 19

te lees, en daarna laat die Ondervoorsitter sing Ps. 36 : 2 en hy gaan voor in gebed.

ARTIKEL 13

Adviseurs en Openlike Verklaring.

Proff. S. du Toit en H. du Plessis, adviseurs wat nie by die opening teenwoordig was nie, betuig hul instemming met die Openlike Verklaring.

ARTIKEL 14 (35, 47, 56, 115)

Gelukwense.

Telegramme en brief van gelukwense is ontvang van brr. P. van der Linde (Bloemfontein), P. Schutte (Venterstad), J. P. Bekker (Vaalwater), A. G. Henning (Regentspark), Styger (Burgersdorp), di. H. J. R. du Plessis, D. N. Kotze, H. J. Venter (Nylstroom), B. J. Lombard (Frankfort).

Art. 35. Telegramme en brief van seënwenste is ontvang van ds. D. H. Botes (Excelsior), br. L. van Vuuren (Wolmaransstad), ds. J. H. Kruger (Postmasburg), br. T. A. du Preez (Karoo), ds. I. D. Kruger (Pretoria), br. W. P. du Plessis (Potchefstroom).

Art. 47. 'n Brief van verskoning is ontvang van dr. J. H. Steyn, L.V. omdat hy nie die opening van die Sinode kan bywoon nie.

Art. 56. Telegramme en brief met seënwenste is ontvang van familie L. J. du Plessis (Reddersburg), brr. A. Badenhorst (Strydenburg), H. W. Schutte (Sannieshof).

Art. 115. 'n Brief van seënwenste is ontvang van ds. P. W. Buys vanuit Nederland. Die vergadering neem met dank kennis daarvan, en 'n brief met seënwenste sal aan hom gerig word.

ARTIKEL 15 (60A)

Kommissies.

A. 'n Kommissie vir *mosies* word gekies. Hierdie kommissie sal mosies wat gestel word, in ontvangs neem en dit as 'n rapport voor die vergadering lê. As lede word gekies: di. C. E. Malan, L. S. Kruger, D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte) en oudl. H. B. Kruger.

B. Kommissie vir *appel* word gekies: di. J. L. de Bruin, W. J. van der Merwe, G. P. L. van der Linde, B. Spoelstra en oudl. D. P. Lessing, T. F. de Bruin, P. van der Linde, prof. A. P. Malan.

C. As lede van *Finansiële Kommissie* word gekies: di. H. F. V. Krüger, J. F. du Plooy, M. J. Booyens, H. A. van Dalsen, A. A. Venter, C. E. Malan, I. J. Lessing, oudl. L. J. van der Schyff, F. F. Deysel, D. J. Coetzee.

D. Kommissie vir *aanwys van deputate* word gekies: di. W. F. Venter, J. J. H. Booysen, V. E. d'Assonville en oudl. (prof.) J. H. van der Merwe.

Art. 60.A. Nadat die aandag daarop gevestig is dat hierdie Kommissie nie aan die besluit van 'n vorige Sinode voldoen nie, naamlik i.s. samestelling uit die verskillende Part. Sinodes, word gemelde kommissie soos volg hersaamgestel: di. W. F. Venter, J. J. H. Booysen, J. Ligthelm, B. Duvenage, W. J. I. M. du Plessis, V. E. d'Assonville, oudl. J. M. Lessing, J. G. Vermeulen, M. C. E. Moodie, L. van der Schyff, I. D. Venter.

ARTIKEL 16. (18.7; 22.A; 45.F; 53; 59; 79; 125).

Groete deur ander Kerke.

Die vergadering besluit dat die vraag of verteenwoordigers van ander kerke in die toekoms uitgenooi moet word, later behandel sal word as die Rapport i.s. verhouding tussen die Afrikaanse kerke ter sprake kom.

Art. 18.7. *Uitnodigings binnelandse kerke.* Vir hierdie vergadering word goedkeurend kennis geneem en vir die toekoms sal die saak ter sprake kom nadat die Moderamen hieroor die vergadering geadviseer het.

Art. 22.A. Die saak van afwesigheid van verteenwoordigers van die N.G. en N.H. Kerke om groete oor te bring en wat op die bepaalde tyd nie opgedaag het nie, word na die Moderamen verwys.

Art. 45.F. Groete binnelandse kerke.

1. 'n Brief is ontvang van ds. A. M. Meiring, namens die N.G. Kerke, waarin meegedeel word dat die versoek om 'n afgevaardigde te stuur deur onvoorsiene omstandighede hom laat bereik het en dat hulle dus nie iemand kon stuur nie, maar seënwenne en groete word gestuur.

— **Kennis geneem.**

(b) **Besluit:** Hiervan word kennis geneem.

2. Insake verteenwoordiging van die Ned. Hervormde Kerk blyk dit dat daar misverstand ontstaan het oor die tyd maar dat ds. J. G. M. Dreyer nog graag wil kom om die groete oor te dra.

Besluit: Aan ds. Dreyer word geleentheid gebied op Maandag 30 Januarie om 11-uur.

3. Wat die oorbring van groete deur binnelandse kerke betref, besluit die vergadering om die saak in behandeling te neem wanneer die Rapport i.s. samespreking met ander kerke aan die orde kom.

Art. 53. Op voordrag van die Moderamen word besluit om die saak van oordra van groete van ander kerke na 'n kommissie te verwys om 'n voorstel aan die vergadering voor te lê, nl. di. P. J. Venter, Ph. Snyman, L. J. Buys, H. L. M. du Plessis, oudl. H. J. P. de Beer en De Weerd.

Art. 59. Die Voorsitter deel die vergadering mee dat berig ontvang is dat ds. J. G. M. Dreyer, verteenwoordiger van die N.H. Kerk, nie vandag sal kan kom nie.

Besluit: Die vergadering besluit om kennis te neem van hierdie feit en verder om sy waardering uit te spreek dat hy afgevaardig was.

Art. 79. Groete van die N.H. Kerk van Afrika.

A. Ds. J. G. M. Dreyer, verteenwoordiger van die N.H. Kerk van Afrika, word deur die Voorsitter aan die woord gestel. Sy groete is in hoofsaak die volgende:

Die Gereformeerde Kerk word gegroet as 'n kerk wat saam buig voor die Drieëenige God en voor die gesag van die goddelike Woord en wat dieselfde belydenisskrifte onderteken; verder as 'n kerk wat saam met hulle die gewig by ons volk inwerp juis in hierdie tye. Die bedreiging van kerk en volk kan moontlik die middel wees in die hand van God om ons kerke hulle eenheid in Christus beter te laat beseef. Die tye is te ernstig vir kleinlike verskille, hoewel nie gepleit word vir uitwis van grense en vir mensgemaakte verenigings waar eenheid meer as waarheid tel nie. Nodig is 'n beter beoefening van ons eenheid in Christus — 'n beter verstaan en nuwe benadering van mekaar. Om dit te doen moet onnodige, onsimpatieke kritiek uit die hoogte gestaak word; verder moet afgesaagde gesegdes laat vaar word — dus meer positief teenoor mekaar, om ook voorbidding vir mekaar te doen. By die besinning wil hy die moontlikheid van kanselruil voorlê, wat moontlik is as gevolg van 'n groeiende verandering in ons Kerke en wyl dit in Nederland al gebeur. Die agenda toon dat daar groot en swaar werk is wat wag op die Sinode, en die vergadering word toegebid wysheid, lig en genade en dat die vergadering kan sê: Die Heilige Gees en ons het besluit.

B. Dr. S. J. van der Walt spreek namens die Sinode die dank uit teenoor ds. Dreyer, en sê dan onder andere: „Ons waardeer dit dat ds. Dreyer nie volstaan het met 'n paar algemene frases nie, maar konkrete sake t.o.v. interkerklike verhoudinge aangeraak het. Ons let op die jongste beroering in die volkslewe en is dankbaar dat daar uit aldre Afrikaanse Kerke manne is wat dieselfde onvervalste geluid laat hoor. Daar is 'n ernstige poging om te vra na die waarheid van God se Woord en die beginsels van die Skrif ook

t.o.v. volksake. Al is dit dan op twee fronte, hoop ons dat die stryd onvermoeid gevoer sal word.

Art. 125. Die kommissie benoem onder art. 53 lewer verslag en dit word deur ds. Ph. Snyman toegelig:

U Kommissie wens die volgende aan te beveel:

Die eerw. Sinode besluit dat die kerke, waarmee ons Kerk korrespondensie (in enger sin) handhaaf, uitgenooi sal word om afgevaardigdes na ons sinodale vergaderings te stuur en die groete van hul kerke oor te bring.

Motivering.

a) Kragtens art. 30 K.O. en die Openlike Verklaring van die Gereformeerde Kerk hoort die oorbring van die groete van kerke, waarmee ons Kerk nie korrespondensie (in enger sin) handhaaf nie, nie tuis op die Sinodale tafel nie.

b) Ondertussen word die kontak met daardie kerke, waarmee ons nie korrespondensie (in enger sin) handhaaf nie, voortgesit deur middel van die deputate vir die samespreking met ander kerke (vgl. Handeling van Sinode 1958, bl. 80).

c) Wat die oorbring van groete van die ander twee Afrikaanse Kerke betref, kan geleentheid daarvoor goedsikks ingeruim word by 'n gesellige byeenkoms waar die Sinodale afgevaardigdes ook teenwoordig is, bv. by geleentheid van die verjaarsdagviering van die Teologiese Skool en Universiteit.

Besluit: Die Kommissieverslag word nie aanvaar nie. Die huidige gebruik word voortgesit en die uitvoering word opgedra aan die deputate vir Korrespondensie.

Art. 17. (Rapport Roepende Kerkraad). Kyk by art. 10.

ARTIKEL 18. (40, 45, 122, 92).

Deputate vir Korrespondensie — Rapport.

Die Rapporte van die deputate word deur prof. S. P. van der Walt toegelig:

A. Rapport.

Eerw. Voorsitter en Broeders,

Weer wag daar besonder belangrike werk op die eerw. Sinode, wat vir die eerste keer na die Eeufees saamkom en wel in die nuwe gestalte, nl. saamgestel deur gedeputeerdes van die vyf Partikuliere Sinodes.

Hierdie wyse van samestelling het u deputate voor probleme gebring wat ons probeer oplos het in die gees van ons optrede in die verlede. Ons meld dit en vra dat die eerw. Sinode hom moet uitspreek oor 'n paar ander sake wat nog wag op beslissing.

1. Die Sinode moet bepaal watter stukke vir die agenda van

die sinode aanvaarbaar is in die gewone loop van sake. In die verlede, met die afvaardiging van kerkrade, kon kerkrade beskrywingspunte op die tafel van die Sinode bring. Met die veranderde afvaardigingswyse sou die weg miskien wees dat alleen meerdere vergaderings en in besonder partikuliere sinodes sodanige stukke vir die sinodale agenda stuur.

Besluit: Oor die aanvaarbaarheid van stukke word besluit om die saak na die Moderamen te verwys.

Art. 40. C. Die Moderamen beveel aan: Normaalweg moet stukke langs die kanaal van die mindere vergaderings aan die Algemene Sinode gestuur word.

Besluit: Die vergadering besluit om nie die aanbeveling te aanvaar nie waar verwys na art. 30 K.O.

2. Die stuur van agendas en die bestelling van die Handeling van die Sinode het ook sy probleme. Die Deputate het geoordeel dat elke kerkraad en elke predikant een agendaboek elk verkry. Ons het hierby ook ons emeritipredikante ingesluit, omdat ons meen dat hulle dit sal waardeer. Voorts het ons aan die Korresponderende Kerkrade van die vyf Part. Sinodes elk sestig agendaboeke gestuur, om aan hulle ouderlingdeputate, van wie ons die name en adresse nie het nie, elk sy eksemplaar te gee.

Wat die Handeling betref is in die verlede bestellings ten tyde van elke sinode van die kerkraadsafvaardigings opgeneem. Nou dat ons te doen het met deputate van elke part. sinode, het ons aan elke klassis, waar die kerkrade verteenwoordig is, om bestellings gevra. Miskien moes ons maar van elke kerkraad sy bestellings gevra het, maar het gemeen dat ons korrespondensie so laag moontlik gehou moet word. Eintlik is dit ook nie 'n saak wat tuishoort by die Deputate vir Korrespondensie nie en die Sinode word gevra om hieraan aandag te skenk en die nodige besluite te neem.

— kennis geneem.

3. In verband met die agenda die volgende:

a. Ons is dankbaar dat die agenda tydig afgestuurd kon word en vertrou dat dit meegelyk het om tot bestudering daarvan by te dra. Ons hartlike dank aan deputaatskappe en korresponderende kerkrade wat ag gegee het op ons oproep om rapporte tydig in te stuur in getikte vorm en ander spesifikasies wat ons gevra het om na te kom. Stukke het met enkele uitsonderinge, veel beter versorg by ons aangekom.

— kennis geneem.

b. Ons is bewus van sekere rapporte wat, kragtens hulle aard, laat sal inkom. Van sommige deputate het ons berig dat hulle rapporte laat ingelewer sal moet word. Ons lê dus 'n aanvullende agenda aan die Sinode voor.

Besluit: Dit word na die Moderamen verwys.

Art. 45. C. Die Moderamen beveel aan dat die aanvullende agenda (gedrukte en getikte) aanvaar word.

Besluit: Dit word goedgekeur.

c. Die Sinode moet self oor die volgende ontvangte stukke beslis:

Van die voorsitter van die Hoofbestuur van die Vereniging vir Christelike Onderwys het ons die berig van die stigting van hierdie Vereniging en die versoek om dit onder die aandag van die eerw. Sinode te bring. Die Statute van die Vereniging is ook aangeheg.

Besluit: Dit word na die Moderamen verwys.

Art. 45. D. Aanbeveling: Waar die saak van C.N.O. en beskrivingspunt i.s. V.C.O. in behandeling kom, kan dit by daardie sake behandel word (vgl. arts. 154, 155).

Besluit: Dit word so goedgekeur.

4. Die Korresponderende Kerkraad van die Part. Sinode van Kaapland en S.W.A. vra die aandag van die Sinode vir die besluit van die Sinode van 1958 p. 395 en 406, waar besluit is om by die benoeming van 'n deputaatskap vir C.N.O. die behoeftes van Kaapland in ag geneem sal word. Dit is nie gedoen nie.

Besluit: Hierdie saak word na die Moderamen verwys.

Art. 45. E. Aanbeveling: Dit moet na die kommissie i.s. aanwysing van deputate verwys word.

Besluit: Dit word so aanvaar.

5. Die Sinode se aandag word gevra vir die tydige benoeming van die volgende kommissies:

a. 'n Finansiële Kommissie word vroegtydig benoem om aantekening te maak en aandag te gee aan alle besluite wat finansies impliseer.

b. 'n Kommissie vir die samestelling van die verskillende Deputaatskappe, vir latere voorlegging aan die sinode.

c. 'n Kommissie van Orde om die Moderamen te adviseer oor die orde in welke die agenda afgehandel moet word.

d. 'n Perskommissie.

e. 'n Deputaatskap vir die uitgee van die Handeling.

f. Die deputate om die afgevaardigdes van ander kerke te ontvang en paslik voor te stel.

Besluit: Hierdie sake is reeds afgehandel:

a. Art. 15. C; b. Art. 15. D; c. Art. 8; d. Art. 9; e. Art. 45. H.

f. Die Voorsitter sal die afgevaardigdes van ander kerke en die P.U. vir C.H.O. en Teologiese Skool verwelkom.

6. U Deputate het, gesien die verteenwoordiging van die buitelandse kerke op ons Eeufees, geen uitnodiginge aan hierdie kerke

wat met ons in korrespondensie staan gerig om op ons sinode verteenwoordig te wees nie.

Besluit: Hierdie saak word na 'n kommissie verwys om staande die vergadering 'n voorstel hieroor te formuleer; en die lede van dié kommissie is: di. *Jacs van Rooy*, P. J. de Klerk, H. S. Pelser (Rapporteur); oudl. H. S. van der Walt.

Art. 122. Die verslag van hierdie kommissie lui:

1. U kommissie beveel aan:

a. Die eerwaarde Sinode neem kennis van punt 6.

b. Die eerwaarde Vergadering besluit dat die Deputate vir Korrespondensie alle Kerke met wie ons in enger korrespondensie staan in die toekoms sal uitnooi na elke Sinode.

2. *Motivering:*

a. Die deputate het ter goedertrou gehandel omdat die Deputate vir Korrespondensie ook geen uitnodigings aan Buitelandse Kerke gerig het na die Sinode van 1958 nie, en daardie Sinode hulle optrede goedgekeur het.

b. U kommissie is egter van gevoele dat die beslissing of hulle wil of kan kom of nie, by dié Kerke self berus en daarom moet hulle altyd uitgenooi word. **Die verslag word goedgekeur.**

7. Uitnodiginge is gerig aan die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduits Hervormde Kerk om groete oor te bring. Ook sal 'n geleentheid gegee word aan die Teologiese Skool en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys om die Sinode toe te spreek.

— kyk by art. 16.

8. In die verlede is altyd 'n geleentheid gegee aan diakens om die Sinode toe te spreek oor sake rakende hulle amp. U reëling in hierdie verband sal waardeer word.

Besluit: Vir hierdie vergadering word goedkeurend kennis geneem en vir die toekoms sal die saak ter sprake kom nadat die Moderamen hieroor die vergadering geadviseer het.

Art. 45. G. Dit word aanbeveel dat die verteenwoordigers van die diakonale konferensie hierdie keer nog geleentheid sal verkry om die Sinode toe te spreek maar dat die aangeleentheid (vir toekomstige optrede) behandel sal word saam met die rapport van die deputate i.s. diakonale sake.

Besluit: Die vergadering aanvaar die voorstel en die broeders sal op Maandag 30 Januarie om 11 uur hier in die vergadering verwelkom word. (Vgl. art. 57, 124, 130 en die besluit: Die praktyk word gestaak, art. 57 E. 3.).

Ons oorhandig hiermee die agendaboek, die aanvullende agenda en die gemelde stukke aan U en vertrou dat die HERE aan U sy leiding sal wil skenk.

U broeders in die Here, Namens die Deputate vir Korrespondensie.

Besluit: Die Rapport word met hartlike dank aan die deputate aanvaar, behoudens die punte wat nog oopstaan.

B. *Aanvullende Rapport van die deputate* (art. 92 A.).

1. Benoeming van 'n kommissie vir die opstel van die program: kyk Acta 1958 p. 29 B. I. b. (1).

Die Moderamen word gevra om te oorweeg om die Voorsitter en Skriba van die Deputaatskap vir Korrespondensie op hierdie kommissie as adviseurs te benoem.

Besluit: Dit is reeds gedoen (art. 8).

2. *Laat ontvangte stukke.*

(a) Brief ds. G. P. L. van der Linde i.s. beskrywingspunt oor afskaffing Part. Sinodes. — **Afgehandel (art. 26.A.2.)**.

(b) Brief Nasionale Raad vir versorging van kreupeles.

— **Nie ontvanklik, met verwysing na art. 30 K.O.**

(c) Beskrywingspunt van Oostelike Klassis Kaapland, i.s. organisering Vaste Sendingfonds.

— **Reeds ter tafel geneem (art. 65.10.d.4.(2)).**

(d) Brief van Kerkraad van Krokodilrivier (i.s. *Vertraagde Aksie*). — **Nie ontvanklik, met verwysing na art. 30 K.O.**

3. *Varia.*

(a) Toeligting Part. Sinode O.V.S.-Natal (i.s. aantekening in die minderheid. vgl. art. 209).

— **As toeligting ter tafel geneem.**

(b) Brief deputate vir Korrespondensie Part. Sinode Kaapland-S.W.A. (i.s. C.N.O.-deputate). Vgl. punt A.4. bo en art. 45.E.1.

(c) Toeligting van Klassis Potchefstroom (i.s. versoek Kerkraad van Christiana). — **Reeds goedgekeur (art. 81.D.6).**

(d) Brief dr. K. S. van Wyk de Vries (i.s. V.C.O.). Vgl. A.3.c. bo.

(e) Brief skriba diakonale sake. Vgl. punt A.8. bo.

(f) Brief i.s. afgevaardigdes na Gesinskongres.

— **Nie ontvanklik, met verwysing na art. 30 K.O.**
(vgl. art. 140 B. 8).

(g) Brief dr. D. J. Danhof van Christian Reformed Church van Amerika (i.s. rassebetrekkinge).

Dit word verwys na die Kommissie i.s. studie van rassebetrekkinge (vgl. art. 197(b). B.2.).

(h) Brief Dutch Reformed Church in Ceylon (i.s. sg. apartheidspolitiek en korrespondensie).

— **Dit word na dieselfde kommissie as by (g) verwys**
(vgl. art. 197 (b). A. 3.).

(i) Stukke appèl van br. D. J. Prinsloo.

— **Reeds afgehandel (art. 76).**

(j) Studiestuk Part. Sinode O.V.S.-Natal (i.s. verteenwoordiging van diakens op meerdere vergaderings) (vgl. art. 57.D.a.).

— **Reeds afgehandel (art. 57).**

Art. 19. (Presensielys). Kyk by art. 2.B.

ARTIKEL 20.

Beskrywingspunt: Benoeming deputate deur Algemene Sinode.
Die beskrywingspunt word toegelig deur ds. G. P. L. van der Linde.

a. Indien op die Algemene Sinode enige voorstelle kom tot wysiging of byvoeging van die lede van deputaatskappe, moet die saak eers weer terugverwys word na die kommissie ad hoc, omdat hulle met die hele opset en agtergrond van die benoemings vertrouwd is. Die saak kan dan weer voor die Sinode dien.

b. Dit is nie noodsaaklik dat alle predikante per se op deputaatskappe moet dien nie. Aanleg, belangstelling en besondere toerusting moet in ag geneem word van ander ampsdraers (ouderlinge en diakens) en ook van lidmate. Geografiese omstandighede kan ook in aanmerking geneem word.

c. Dit is wenslik dat daar rotasie of afwisseling kom (na analogie van art. 27 K.O.) in die lede wat op deputaatskappe dien en wat by herhaling dieselfde sake moet behandel (bv. Sending en Evangelisasie) sonder om egter kontinuïteit te skaad. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeligting ds. B. J. Lombard). (vgl. art. 15.D.).

Besluit: Die kommissie ad hoc kan rekening hou met die gedagtes in die beskrywingspunt vervat.

Besluit: Op voordra van die Kommissie van Orde is ook besluit dat kommissies wat deputate vir sake aanbeveel, meteen ook die presiese opdrag van daardie deputate moet aandui.

Art. 21. (Presensielys). Kyk by art 2.B.

ARTIKEL 22.

Groete.

A. Groete binnelandse kerke. Kyk by art. 16.

B. Die Voorsitter verwelkom proff. S. du Toit en J. Chr. Coetzee, onderskeidelik Rektor van die Teologiese Skool en van die P.U. vir C.H.O., in die vergadering en versoek hulle om die groete oor te dra. (vgl. art. 18.A.5.(f)).

Prof. S. du Toit wys veral daarop dat ons nie alleen in 'n belangrike tyd leef wat die wêreldsituasie betref nie, maar veral in 'n belangrike jaar in die geskiedenis van ons land, nl. die komende Republiekwording in Suid-Afrika. Dit is interessant om daarop te let dat iemand soos Voetius gespreek het oor „die kerk in die Republiek”. Ons dink ook daaraan dat daar studente van die Teologiese Skool was wat hulle lewe afgelê het vir die saak van die Republieke in ons land. Die kerk het dus wel deeglik belang by die staatsvorm in die land. Dit is nodig dat die kerk steeds 'n helder geluid moet laat hoor in tye soos hierdie.

Met dankbaarheid kan ook nog steeds getuig word van die goeie verhouding tussen Kerk en Skool.

Die eerwaarde Sinode word 'n geseënde vergadering toegebid.

Prof. J. Chr. Coetzee spreek daarna namens die Universiteit. Hy verseker die Sinode dat dit in beginsel met die Universiteit goed gaan en dat die Raad en Senaat in staat is om dit so te hou. Toekomstige ontwikkeling bly steeds nodig, en daarvoor is bykomende grond ook aangekoop, terwyl die bouprogram ook nog baie groot is. Daarvoor is steeds kapitaal nodig, maar veral is daar ook behoefte aan fondse vir lenings aan studente. Met dankbaarheid kan gemeld word dat die C.H.O.-leningsfonds reeds oor die R50,000 sterk is.

Hy doen verder 'n ernstige beroep op die Kerk om studente te stuur en om die C.H.O.-fonds mildelik te steun.

Daarmee dra hy die groete aan die Sinode oor.

C. Ds. M. Postma spreek, namens die vergadering, 'n woord van dank en waardering aan die Rektore uit. Hy wys op die verlede van die inrigtings, uit die gryse verlede in Burgersdorp, en hoe wonderbaarlik die groei en ontwikkeling was. Die Teologiese Skool geniet nog steeds die liefde van die Kerk, en die groete van die Kerk moet ook aan die studente oorgedra word.

Wat die Universiteit betref, is ons dankbaar oor die inligting wat verkry is. Daar moet ook oorgedra word die waardering van die Kerk vir die goeie werk en deeglike opleiding wat hier verrig en gegee word. Die groete van die Kerk moet ook oorgedra word aan die Raad, Senaat en studente.

ARTIKEL 23. (25, 113).

Koördinering van publikasies en persburo.

A. Die rapport van die deputate (prof. dr. S. du Toit, di. P. W. Buys en dr. K. S. van Wyk de Vries) word toegelig deur prof. S. du Toit. Die kommissie ad hoc wat verkies is, is: di. L. S. van der Walt, J. L. van der Merwe, P. J. de Wet, W. J. de Klerk, oudl. P. de Weerd, en ds. De Klerk lig hulle verslag toe.

U Deputate wat deur die Sinode van 1958 in verband met

bogenoemde sake benoem is, het die genoeë om soos volg te rapporteer:

1. Opdrag.

Die opdrag is soos volg geformuleer: Aan die beskrywingspunt van Reddersburg word gevolg gegee, nl. om a. „die nodige stappe te doen ten einde publikasie-aangeleenthede in die Gereformeerde Kerk te koördineer en b. oor te gaan tot die oprigting van 'n persburo” (Handelinge 1958, p. 512).

Die Sinode van 1958 het ook besluit om deputate te benoem met die opdrag om 'n studie van die saak te maak en aan die volgende Sinode te rapporteer.

2. Uitvoering van die opdrag.

As resultaat van hul studie lê die Deputate die volgende aan u voor:

a. Die huidige situasie.

Daar is tans nog geen koördinasie wat betref die beleid in verband met publikasie nie. Wat *administrasie* betref, was die ontwikkeling soos volg: Aanvanklik is die administratiewe sake van *Die Kerkblad* ook deur die *Administratiewe Buro* behartig. Die Sinode van 1958 het 'n reëling goedgekeur wat reeds sedert 1956 in werking getree het, naamlik dat *Die Kerkblad* 'n eie kantoor het en self sy administrasie behartig (vgl. Handelinge 1958, p. 305 e.v.). Dit was ongetwyfeld 'n stap in die regte rigting, want sedertdien het die kantoor van *Die Kerkblad* grootliks toegeneem in omvang. Die werksaamhede in verband met die administrasie van kerklike fondse is naamlik van heeltemal 'n ander aard as dié in verband met publikasies. Op versoek van die redaksies van verskillende ander kerklike blaaië (soos *Slingerveld*, *Die Oes* en *Rugama*) word hulle administrasie ook nou (teen vergoeding) deur die kantoor van *Die Kerkblad* behartig.

Besluit: Kennis geneem, met skraping van die twee laaste sinne. (Reeds gedoen — Depte. Acta).

b. Die toekoms.

U Deputate beveel aan dat 'n deputaatskap benoem word vir koördinering van kerklike publikasies en beheer van 'n kerklike persburo (kortweg genoem: Deputate vir Publikasies).

(1) Samestelling van die deputaatskap.

(a) Drie deputate deur die Sinode benoem, by voorkeur op grond van kennis van publikasie-aangeleenthede.

(b) Die Sinode gee opdrag aan elke deputaatskap wat belas is met die uitgee van kerklike publikasies (bv. *Die Kerkblad*, katkisasie, evangelisasie, Almanak, sustersblad ens.) om een uit sy geledere aan te wys as lid van die Deputaatskap vir Publikasies.

(c) Die deputaatskap konstitueer homself en benoem 'n dagbestuur.

(2) *Mandaat van die deputaatskap.*

(a) Koördinerings en adviserende beplanning van en waar nodig redaksionele hulpverlening aan alle kerklike publikasies ten opsigte van die algemene inhoud, strekking, peil, aktualiteit, verskeidenheid (ook van skrywers) en doeltreffendheid, sonder opheffing van die selfstandigheid van elke publikasie wat deur sy eie deputaatskap beheer word;

(b) voorkoming van oorvleueling sover dit moontlik is;

(c) behartiging van alle ander publikasiewerk wat deur die Sinode aan hom opgedra mag word, bv. Handelinge van die Sinode, Almanak, nuusberiggewing in verband met die verskillende werksaamhede van die kerk, ens.;

(d) die administrasie van alle publikasies;

(e) advies aan die Sinode in verband met eventuele nuwe publikasierigtinge wat ter hand geneem kan word;

(f) die oprigting en beheer van 'n persburo met die oog op die doeltreffende uitvoering van hul mandaat.

(3) *Samestelling van die Persburo.*

(a) Die deputaatskap henoem 'n direkteur en 'n administrateur vir die persburo. Eersgenoemde het meer in besonder te doen met die beleid in verband met die inhoud van publikasies (ideologiese leiding) en laasgenoemde met die administrasie.

(b) Die direkteur en administrateur het gelyke status, en albei is aan die deputaatskap verantwoording verskuldig. Hulle dien o.m. ook as adviseurs van die deputaatskap, en die administrateur kan desverkiekend skriba van die deputaatskap en van sy dagbestuur wees. Wanneer oor hul eie werk besluite geneem word, sal dit vanselfsprekend in hul afwesigheid moet geskied.

(c) Die res van die Persburo word, nadat die betrokke poste deur die deputaatskap goedgekeur is, respektiewelik deur die direkteur en administrateur benoem.

(Nota. U Deputate beveel sterk aan dat die redakteur en tegniese bestuurder van *Die Kerkblad* respektiewelik as direkteur en administrateur van die Persburo benoem word.)

(4) *Finansiering.*

(a) Alle publikasies dra pro rata by volgens 'n skema wat die administrateur ontwerp en deur die deputaatskap bekragtig moet word.

(b) As publikasies geen eie inkomste het nie, moet die Sinode hiervoor begroot.

(5) *Huisvesting.*

Op Potchefstroom is genoegsaam huisvesting beskikbaar om die Persburo te huisves.

(6) *Praktiese uitvoering.*

U Deputate beveel sterk aan dat as eerste stap die bestaande kantoor van *Die Kerkblad* omskep word in 'n Persburo en beheer word soos bo uiteengesit.

Besluit: Geen gevolg sal aan hierdie gedeelte van die Rapport gegee word nie.

B. Hierby word in behandeling geneem die beskrywingspunt, toegelig deur ds. J. A. Jooste:

Die eerwaarde Partikuliere Sinode Kaapland en S.W.A. vra die eerwaarde Algemene Sinode om die bestaande publikasies wat 'n algemeen kerklike karakter het, te wete *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad*, *Die Oes* en *Slingerveld*, tot een kerklike gesinsblad saam te voeg. (Toeligting: Di. J. A. Jooste en H. A. van Dalsen.)

Besluit: Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

Motivering:

i. Dit is 'n terugwaartse stap om publikasies wat 'n eie plek in die kerklike lewe verower het, te staak en saam te vat in een omvattende blad.

ii. Inkorporasie laat gewoonlik geen reg geskied aan die inhoud en omvang van publikasies wat vantevore bestaan het nie.

iii. Die aansoek tot inlywing het nie van die publikasies self gekom nie.

iv. Spesialisasie in publikasies is wenslik.

C. Namens die deputate vir Sending dra ds. D. C. S. van der Merwe die volgende saak voor (vgl. Rapport deputate vir Sending 5.a.(1) en Aanvullend (xx)).

Insake inlywing van *Die Oes* by *Die Kerkblad* is breedvoerige uitgewerkte voorstelle aan die Deputate vir *Die Kerkblad* gestuur, maar geen antwoord is ontvang nie.

Besluit: Die inlywing van *Die Oes* by *Die Kerkblad* word terugverwys na die Sendingdeputate met opdrag om sover moontlik *Die Oes* as selfstandige publikasie te behou. Indien dit onmoontlik is, word goedkeuring gegee vir die beoogde inlywing by *Die Kerkblad*.

Motivering: 'n Selfstandige publikasie moet liever behoue bly. Vergelyk motivering by punt B. bo.

D. Die volgende aanbeveling van die kommissie is ook deur die vergadering aanvaar:

Besluit: Uitgaande van die status quo, soos gestel in die rapport, nl. dat die Kerkbladkantoor, op versoek van die redaksies, die verskillende blaaie se administrasie teen vergoeding deur die kantoor behartig word, word aanbeveel:

1. Aan die deputate vir *Die Kerkblad* word die volgende bykomende mandaat gegee:

i. Die koördinasie van die administrasie van die publikasies

op kerklike erf wat daarom aansoek doen (alle publikasies wat op aanvraag hiervan gebruik maak, dra pro rata by volgens 'n billike skema wat deur die deputate uitgewerk moet word en alle addisionele koste wat huisvesting, vergoeding ens. betref, moet volgens dié bogenoemde skema gedeek word (vgl. punt (4) (a) en (5) van die rapport));
 ii. nuusberiggewing in verband met verskillende werksaamhede van die Kerk (vgl. rapport (2) (c), die laaste sin).

Argumentasie:

1. Selfstandigheid van publikasies moet gehandhaaf word, ook wat betref hulle beleid, peil, aktualiteit en redaksionele beplanning.

2. Daar is geen behoefte om die redaksionele aspek van die publikasies adviserend te dien nie. Die eiesoortige manier van aanbieding moet geëerbiedig word.

3. Wat „oorvleueling” van publikasies genoem word, is volgens die mening van u Kommissie alleen maar geregverdigde verskeidenheid van aanbieding, al gaan dit oor dieselfde onderwerp.

ARTIKEL 24.

Kuratorium.

Na die middagete deel die Voorsitter van die Kuratorium, ds. W. F. Venter, mee dat prof. dr. P. J. S. de Klerk sy ontslag as professor aangevra het en dat dit aan hom toegestaan is. In hierdie verband word goedkeuring gevra om af te wyk van die Reglement van die Kieskollege (III. 2), nl. dat vier weke kennis gegee moet word van 'n vergadering. — **Die vergadering keur dit goed.**

Art. 25. (Publikasies, persburo). Kyk by art. 23.

ARTIKEL 26. (29, 93, 96).

Beskrywingspunt i.s. aantal meerdere vergaderings.

A. 1. Die beskrywingspunt van Kerkraad Noordbrug word toegelig deur prof. S. du Toit.

Die Sinode besluit:

a. Daar sal slegs twee meerdere vergaderings wees, naamlik klassis en algemene sinode.

b. Die klassis vaardig af na die algemene sinode.

c. Die funksies van die huidige part. sinode word verdeel tussen klassis en algemene sinode (bv. soos uiteengesit op bl. 25 e.v. van die Acta van 1945).

d. Die klassisse vergader so dikwels as hulle dit self nodig ag en die algemene sinode een maal per jaar.

Motivering:

a. Die groot afstande in ons land bring mee dat die aantal

meerdere vergaderinge soveel moontlik beperk moet word.

b. As die part. sinode werklik 'n onmisbare funksie vervul, is die tyd en geld wat daaraan bestee word, wel geregverdig, maar:

(1) die werk wat deur die part. sinode gedoen word, kan gevoeglik tussen klassis en algemene sinode verdeel word en baie effektiewer gedoen word;

(2) die praktyk het getoon dat die reise oor lang afstande nie geregverdig is nie as gelet word op die werk wat verrig word, veral as die peremptoireksamen volgens kerkorde by die klassis sou berus.

c. Aangesien die part. sinode geen besluite kan neem wat die breedste kerkverband bind nie en die algemene sinode slegs een keer in drie jaar vergader, word die kerklike arbeid in ons snel bewegende tyd geweldig vertraag, tot skade vir die koninkryk van God, wat op sy beurt weer meebring dat deputaatskappe soms noodgedwonge stappe doen wat nie in hul mandaat opgesluit is nie.

d. Deur die voorgestelde reëling sal die klassis 'n nog belangriker vergadering word as wat dit reeds is, en die algemene sinode kom nader aan die plaaslike kerke te staan.

e. Die sinode is tans besig met die revisie van die Kerkorde, sodat dit nou die tyd is om die nodige veranderinge aan te bring.

2. Die vergadering neem kennis van 'n brief van ds. G. P. L. van der Linde (vgl. art. 18.B.2.(a)) waarin hy beswaar aanteken teen die ontvanklikheid van hierdie beskrywingspunt omdat dit nie in die vorm van 'n gravamen voorgebring is nie, maar besluit ook om die saak in behandeling te neem.

3. 'n Kommissie ad hoc word verkies, nl. di. S. J. van der Walt, P. Venter, B. R. Krüger, I. J. van der Walt, M. Postma, J. J. H. Booysen, J. J. van der Walt, A. J. Pelser, oudll. N. G. S. van der Walt, P. P. J. Buys, J. J. Pelser, prof. W. J. Snyman.

B. 1. Die Verslag van die kommissie word toegelig deur di. J. J. van der Walt en A. J. Pelser (art. 93):

U Kommissie beveel aan dat

a. die uitskakeling van die Partikuliere Sinode as meerdere vergadering in beginsel aanvaar word (op hierdie punt het ds. M. Postma 'n minderheidsvoorstel);

b. die Partikuliere Sinodes nog minstens een keer vergader vir noodsaaklike afhandeling van hulle sake;

c. die Sinode weer oor twee jaar vergader;

d. die Sinode deputate benoem om die werkwyse van die kerkverband met twee meerdere vergaderings in besonderhede uit te werk en hulle voorlopige rapport voor die einde van 1961 aan die Partikuliere Sinodes voor te lê vir kommentaar. Die rapport moet opgestel word aan die hand van die volgende:

By die afskaffing van die partikuliere sinodes kom die volgende artikels van die Kerkorde in gedrang:

(a) Art. 4, wat bepaal dat by die eksamen (preparator en peremptoir) die deputate van die partikuliere sinode by die klassis aanwesig moet wees. Hierdie deputate verteenwoordig die kerkverband. Heel geskik kan deputate van die sinode hulle vervang. Hierdie deputate kan, na analogie van die werkwyse van die klassis, afgevaardig word deur 'n naburige klassis. Soos ons nou 'n klassis contracta het, kan ons ook 'n sinode contracta kry.

(b) Art. 8 bepaal dat „as die partikuliere sinode dit goedvind” moet die klassis „persone wat nie gestudeer het nie”, eksamineer. Die sinode kan hier in die plek van die partikuliere sinode kom.

(c) Artikels 11, 12, 14, 49, 79 handel oor die deputate vanweë die partikuliere sinode. Dieselfde weg as by art. 4 K.O. word aanbeveel.

(d) Artikels 29 en 36 noem slegs die naam van die partikuliere sinode as meerdere vergadering en dus vervel net die naam hier.

(e) Artikels 31, 38, 76 raak die saak van appèl en was in 1945 een van die grootste struikelblokke in die weg van afskaffing omdat die voorstel toe nog was dat die sinode slegs *elke drie jaar* vergader. Tans is die voorstel dat die sinode *elke jaar* vergader en word die beswaar dat appèlle te lank moet wag, volkome ondervang.

(f) Artikel 47 handel oor die samestelling van die partikuliere sinode en sal dus net vervel.

(g) Artikel 50 handel oor die samestelling van die sinode en word verander sodat die klassis afvaardig na die sinode, vier ouderlinge en vier predikante elk, soos tans.

(h) Artikel 56, waaronder die Sendingorde gereël word, sal wat S.O., art. 13(b) betref, gewysig moet word sodat „deputate van die partikuliere sinode” vervang sal word deur „deputate van die klassis”.

(Hierdie saak hang ook nou saam met die kerkverband vir die „sendingkerke”, wat in behandeling is).

ii. By die afskaffing van die partikuliere sinodes kom ook die volgende praktiese sake in gedrang:

(a) (i) *Sustentatie* kan deur die sinode gedoen word op grond van advies van sinodale deputate, na aansoek van die klassis, terwyl die Eeufesbedieningsfonds se rente dan by die gewone sustentatie gevoeg word.

(’n Eenvormige raming en ’n eenvormige basis van toekenning het reeds noodsaaklik geword maar is met die huidige werkwyse onmoontlik. Die beswaar dat uithoeke oor mekaar se belange moet oordeel, geld tog ook vir die huidige partikuliere sinodes, bv. Kaapstad en Tsumeb (Noord-Suidwes-Afrika).

(ii) *Opgehoopte fondse* in die sustentatiekas word aan die

partikuliere sinodes oorgelaat om af te handel, bv. deur dit onder die klassis te verdeel of in die sinodale kas te stort.

(b) *Ander opgehoopte fondse.*

(i) Die betrokke fondse (bv. vir dowes en blindes) bly vir die besondere doeleindes behoue, maar kom onder beheer van die Sinode.

(ii) Toekomstige behartiging van die belange van dowes en blindes word verwys na te benoeme deputate.

(c) *Sending.*

(i) Vir die bediening van die reservate word nog, soos tans, sinodaal geraam (d.w.s. as die sinode weer so besluit). Dit sal die verskillende ramings konsolideer en eenvormigheid bring. Afskaffing van die partikuliere sinodes kan meebring dat die sinode sal moet voorsien in die sustentasie wat die partikuliere sinodes tans voorsien. Vir die gemeentes self sal dit eintlik geen verskil maak nie.

(ii) Bediening buite die reservate moet gemeentelik en klassisgewys behartig word.

(d) *Onderwysbelange* kan behartig word deur die sinode deur middel van deputate wat benoem is *met inagneming van die belange van die verskillende provinsies*. Die ontwikkeling van ’n Uniale Onderwysraad en -beleid begunstig grootliks sinodale behartiging van onderwysake. Aangesien provinsiale beheer van onderwys nog lank sal voortgaan, is bg. benoeming van die deputate nog nodig.

(e) Samestelling van die *Kuratorium* en *Kieskollege*. Hierdie deputate is sinodale deputate maar word tans benoem deur die partikuliere sinodes. Dit sal goed wees as die sinode hulle self benoem, met inagneming van kontinuïteit (na analogie van art. 44 K.O.) terwyl by die samestelling behoorlik rekening gehou moet word met territoriale verspreiding.

(f) *Sinodale Handelinge*. Dis is nodig dat die benoemde deputate *spoedig* na die sitting van die Sinode hulle mandaat ter hand moet hê. Dit kan geskied deur (a) die huidige afgerolde notule, na korreksie, aan hulle te besorg en deur (b) by die benoeming duidelik na hulle opdrag(te) te verwys.

(g) *Agenda van die sinode*. Waar deputate nie binne een jaar kan rapporteer nie, kan hulle opdrag gekontinueer word (vgl. art. 49 K.O.: „Hulle sal ook nie van hulle diens ontslaan wees voor en aler die sinode self hulle daarvan ontslaan nie”).

2. Die *minderheidsverslag* (by punt a van verslag) word deur ds. M. Postma toegelig:

Op grond van die studie wat die kommissie gemaak het, blyk dit *moontlik* te wees om slegs twee meerdere vergaderings te hê, maar aangesien daar nog verskillende probleme is wat nog nie in besonderhede ondersoek kon word nie, soos bv. raming vir sustentasie aan blanke en sendinggemeentes, raming vir die koste van

algemene sinodes in vergelyking met die van part. sinodes, die na-gaan van alle sinodale besluite wat die part. sinodes raak, ens., *besluit die Sinode* om deputate van pre-advies te benoem wat volgens die riglyne in die rapport 'n verdere studie moet maak sodat oor die beginsel van afskaffing van die part. sinodes op die eersvolgende Sinode besluit word.

Besluit: (art. 96): Die beskrywingspunt (i.s. aantal meerdere vergaderings) word na deputate vir preadvies verwys om by die volgende Sinode te rapporteer, en die verslae van die kommissie ad hoc word dus nie aanvaar nie.

ARTIKEL 27.

Verdagings.

Die Voorsitter kondig aan dat die Sinode, met die oog op die verjaarsdagviering van die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O., nie gedurende die aand in sitting sal wees nie, en die vergadering verdaag daarmee vir aandete.

VRYDAG 27 JANUARIE 1961

ARTIKEL 28.

Dagopening.

Die Voorsitter open die dag se werksaamhede deur Jes. 12 te lees. Daarna laat die Skriba sing Ps. 138 : 1 en gaan voor in die gebed.

Art. 29 (i.s. aantal meerdere vergaderings). Kyk by art. 26.

ARTIKEL 30.

Beskrywingspunt i.s. Tweede Kersdag.

Die beskrywingspunt van Klassis Krugersdorp word deur dr. B. Duvenage toegelig.

Die Kerkraad van Florida vra: Die Klassis versoek die Sinode om tot die owerheid vertoë te rig dat Tweede Kersdag (Boxing Day) as 'n openbare vakansiedag na Nuwejaarsdag verskuif word en dit daarby aan te skakel, hetsy die dag vóór of ná Nuwejaarsdag sodat die gewyde karakter van die Kersdag beter behoue kan bly. — Klassis Krugersdorp.

Besluit: Aan hierdie beskrywingspunt word gevolg gegee, en dit moet in verbinding met ander instansies die aandag geniet van die Deputate vir Korrespondensie met binnelandse kerke en die Hoë Owerheid.

ARTIKEL 31. (92. C.; 45. H.).

Uitgee van die Handeling 1958.

A. Rapport van die deputate (di. I. J. Lessing, S. C. W. Duvenage, dr. H. Venter) word deur dr. S. C. W. Duvenage toegelig.

Ons het die eer om aan u te rapporteer dat die Handeling van die Sinode van 1958 uitgegee is en dat u Deputate besluit het om weer 'n saaklike en 'n tydsorde te volg: alle handeling oor 'n saak word saamgevat onder die artikel waar dit die eerste keer te berde kom, terwyl die artikels van die notule vermeld word onder die onderskeie datums waarop hulle behandel is, met terugverwysings waar nodig.

Daar is ook gepoog om sover moontlik gevolg te gee aan die besluit na aanleiding van die beskrywingspunt van Klassis Translimpopo (vgl. art. 31), nl. om 'n konsekwente nommeringstelsel toe te pas en die opskrifte van die onderhoofdele in 'n swaarder lettertype te druk. Dit was met die oog hierop dikwels nodig om die nommering van die agenda en notule te wysig.

B. Hierby word geneem die beskrywingspunt, toegelig deur ds. H. A. van Dalsen.

Die eerwaarde Partikuliere Sinode Kaapland en S.W.A. versoek die eerwaarde Algemene Sinode om sy Acta so te laat opstel dat die presiese teks van die besluite, veral waar dit wysigings en/of aanvullings by rapporte raak, in 'n swaarder lettertype duideliker aangedui word. (Ds. J. A. Jooste sal toelig; sekundus ds. H. A. van Dalsen.)

C. Die Rapport en beskrywingspunt word na die Moderamen verwys vir preadvies; hierby moet ook geneem word dié sake wat uit die rapport van deputate vir korrespondensie na hulle verwys is.

D. Besluit: i.s. uitgee van *Handeling* (art. 92.C.).

Die aanbeveling van die Moderamen word aanvaar, nl. dat die saaklike orde gevolg word (met invoeging van besluite direk-volgende op die betrokke punte of sake) saam met die tydsorde. Vir die deputate ad hoc word ter oorweging gegee studie van die Acta van die Nederlandse Gereformeerde Kerke.

E. Tot deputate vir die uitgee van die *Handeling* word verkies: ds. I. J. Lessing, prof. B. C. Schutte; dr. D. Kempff (art. 45.H.).

ARTIKEL 32. (103.D.).

Uitgee van die Kerkorde.

1. Die rapport van die deputate (di. I. J. Lessing, P. W. Buys, prof. dr. J. P. Jooste) word toegelig deur ds. Lessing.

Uit die Handeling van die Sinode van 1958, bl. 544, nr. 36 blyk dat deputate benoem is vir die Uitgee van die Kerkorde, maar

u Deputate kan geen opdrag aan hulle vind nie. Daar is wel 'n opdrag om die voorlopig goedgekeurde revisie van die Kerkorde en die bestaande Kerkorde uit te gee, maar 'n ander deputaatskap het opdrag gehad om dit te doen (bl. 108, 2b (2) (a)).

2. Hierdie saak staan oor totdat die Rapport oor die hersiening van die Kerkorde behandel is en dit sal blyk wat vir die toekoms nodig is.

Besluit: Art. 103. D. Insake uitgawe van K.O.-boekie word besluit: Deputate word benoem om so gou doenlik 'n uitgawe van die Kerkorde te laat verskyn en om daarby Sinode-besluite wat van blywende betekenis is, te rangskik onder die artikels van die K.O. waarop dit betrekking het. (Vgl. art. 204).

ARTIKEL 33.

Hersiening Afrikaanse Bybelvertaling.

Die rapport van die deputate (ds. J. Postma; proff. J. H. Kroeze en H. Venter) word deur ds. Postma toegelig:

Die ondergetekende deputate is blykens die Handeling van die Sinode van 1958, bl. 422, benoem sodat die verteenwoordigers van ons Kerk op die Hersieningskommissie van die Afrikaanse Bybelvertaling „gedurig met hulle oorleg kan pleeg”.

U Deputate wens hiermee te rapporteer dat die oorlegpleging plaasgevind het en dat hulle kennis geneem het van die onderhandelinge i.s. 'n hersiening van die Afrikaanse Bybel.

Die verteenwoordigers op die Hersieningskommissie dien self 'n verslag in van hulle werksaamhede tot dusver, en u Deputate wil by die eerw. Sinode aanbeveel dat hierdie optrede van u verteenwoordigers goedgekeur word.

Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar en daar sal weer deputate benoem word.

ARTIKEL 34. (123).

Verteenwoordigers op die Hersieningskommissie i.v.m. die Afrikaanse Bybelvertaling.

Die rapport van die deputate (proff. S. du Toit en W. J. Snyman) word deur albei deputate toegelig.

'n Kommissie ad hoc word benoem (as lede: di. D. C. S. van der Merwe, A. Duvenage, H. Pelsers, proff. W. J. Snyman en S. du Toit en oudl. J. M. Lessing) en hulle verslag word deur ds. Pelsers toegelig.

U Deputate het die eer om soos volg te rapporteer: Sedert ons vorige Sinode is een vergadering van die Hersieningskommissie gehou en wel te Pretoria op 2 Oktober 1958.

Ons laat 'n opsomming van die hoofsaake uit die notule volg:

1. Samestelling.

Deur die onderskeie Afrikaanse Kerke is die volgende broeders aangewys:

N.G. Kerk: Proff. B. B. Keet, P. A. Verhoef, P. F. D. Weiss, J. J. Muller, E. P. Groenewald.

N.H. Kerk: Proff. E. S. Mulder en A. S. Geyser.

Geref. Kerk: Die ondergetekendes.

Prof. B. B. Keet is eenparig tot voorsitter gekies, terwyl die sekretariaat waargeneem is deur die B. en B. Bybelgenootskap.

2. Motivering van die onderneming.

Van die kant van die N.G. en N.H. Kerke het vertoë na die B. en B. Bybelgenootskap gekom met die versoek dat 'n hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling ter hand geneem sal word. Die Bybelgenootskap het hierop geantwoord dat hulle die huidige gereviseerde uitgawe van die Afrikaanse Bybel as 'n doeltreffende en goeie vertaling beskou en derhalwe hoegenaamd nie geesdriftig is dat daar nou weer met 'n nuwe hersiening begin sal word nie. Nadat verneem is dat die Geref. Kerk ook nie geesdriftig oor 'n hersiening op hierdie stadium is nie maar sal meewerk as die ander twee Kerke sodanige hersiening begeer, het die B. en B. Genootskap met hul hoofkantoor in Londen in verbinding getree. Die antwoord het soos volg gelui:

„(a) Hoë waardering word uitgespreek vir die feit dat die Kerke die waarde van 'n goeie vertaling insien.

(b) Die Komitee is egter verbaas dat so spoedig na die publikasie van die hersiene Afrikaanse Bybel met 'n nuwe hersiening begin moet word.

(c) Daar mag wel met die arbeid voortgegaan word maar met inagneming van die beleid van die Genootskap om *nie* 'n hersiening uit te gee binne 25 jaar na die publikasie van 'n vorige hersiening nie”.

Aangesien die 25ste herdenkingsjaar van die verskyning van die Afrikaanse Bybel (1958) beskou is as 'n geskikte beginpunt het die Genootskap die Afrikaanse Kerke gevra om hul verteenwoordigers te benoem.

Op die genoemde vergadering van die hersieningskommissie het die algemene sekretaris van die Genootskap weer verklaar waarom daar geen haas met die publikasie van 'n volgende hersiening gemaak moet word nie:

a. Die Afrikaanse gemeenskap reageer baie ongunstig teen die voorgename revisie. Hulle meen dat die nood van die wêreld en van Afrika aan die Woord in eie taal so groot is dat daar gerus van die luukse van nog 'n Afrikaanse revisie afgesien kan word.

b. Die huidige Afrikaanse Bybel verskyn nou in baie formate

en bande. Die voorrade beloop ongeveer £250,000, terwyl die kapitaal wat in matryse en stereo's belê is, ook aansienlik is.

Die allervroegste datum waarop die Genootskap die voltooiëde manuskrip in ontvangs kan neem, sal 1973 wees. Omstandighede mag dan egter so wees dat daar nog met die publikasie gewag sal moet word.

Die vergadering het na al hierdie toeligting die taak as 'n langtermynbeleid aanvaar. Daar kan dus sonder haas en deeglik gewerk word.

3. *Verhouding van die voorgenome hersiening tot die bestaande Bybel.*

Nadat die voorsitter beklemtoon het dat die hersieningswerk aan die Afrikaanse Bybel nog altyd voortgegaan het en wat ons nou begin, maar net 'n voortsetting daarvan is, het eerste ondergetekende dit as sy gevoele uitgespreek dat daar behoudend en versigtig te werk gegaan moet word, aangesien ons 'n goeie vertaling het. Veranderinge moet alleen gemaak word as dit wetenskaplik geregverdig kan word en werklik 'n verbetering op die ou vertaling is. Wat die *taalgebruik* betref, moet die hersiening in behoudende gees wees. Die notule vermeld geen beslissing hieroor nie, maar aangesien niks in die teendeel besluit is nie, kan aangeneem word dat die vergadering hom hiermee verenig het.

4. *Grondteks.*

Nadat die Ou- en Nuwe-Testamentiese groepe afsonderlik vergader het, is hulle aanbevelinge ten opsigte van die grondteks wat gebruik moet word, deur die vergadering aanvaar. Dit beteken:

a. Vir die Ou Testament sal die sogenaamde Massoretiese teks as uitgangspunt geneem word en vir die Nuwe Testament die pas-verskene Griekse teks van die B. en B. Bybelgenootskap onder redaksie van prof. Kilpatrick ('n gewysigde Nestlé-tekst), terwyl ander edisies van die Griekse teks as vergelykingsmateriaal gebruik sal word.

b. Elke afwyking van bogenoemde tekstvorme moet duidelik aangeteken en gemotiveer word, terwyl die finale beslissing by die hersieningskommissie berus, na aanbevelinge deur die twee subkommissies afsonderlik (vgl. punt 7).

Besluit: a. word aanvaar, met voorbehoud van 5.a. hieronder;

b. kennis geneem.

5. *Reëls en metodes.*

Vir ons Sinode is die volgende besluite van belang:

a. Perikope wat nie in die beste teks voorkom nie, sal tussen hakies geplaas word.

b. Digterlike gedeeltes sal in versmaat gedruk word.

c. Die verskillende groepe sal die vraagstukke van paragraaf-verdeling sowel as op- en byskrifte bestudeer en later aan die vergadering rapporteer.

Besluit: a. Die eerw. Sinode dring by die hersieningskommissie daarop aan dat die voorgestelde hakies in die Bybelteks self uitgelaat word en dat net kortliks vermeld word van die paar perikope waar die TEXTUS RECEPTUS gevolg word en nie die nuwe Kilpatrickuitgawe nie; en wel om die volgende redes:

1) Die Kilpatrickteks word „die beste teks” genoem. Dit is 'n relatiewe term.

2) Dit is ook inkonsekwent om net perikope en nie woorde en sinne ook tussen hakies te wil plaas nie. As laasgenoemde egter gebeur, sal die Bybel deurtrek wees met hakies.

3) As net in die Nuwe Testament gedeeltes tussen hakies geplaas word, is dit 'n verdere inkonsekwensie, aangesien die Ou-Testamentiese vertaling ook nie altyd woordeliks die Massoretiese Tekst volg nie.

b. Aanvaar.

c. Hiervan word goedkeurend kennis geneem.

Motivering:

T.o.v. punt 4. a: Vir die Ou Testament word voorgestel om weer dieselfde grondteks (M.T.) te gebruik as in die verlede. Vir die Nuwe Testament word die nuwe sogenaamde Kilpatrickteks voorgestel om as grondteks gebruik te word — vgl. verder by punt 5a.

Punt 4. b: Dit is 'n saak vir die hersieners t.o.v. hul werkswyse. Daarom kan die Sinode net daarvan kennis neem.

Punt 5. a: U Kommissie is van gevoele dat die eerw. Sinode 'n duidelike standpunt moet inneem t.o.v. hierdie saak van hakies in die Bybelteks self. Dit kan o.i. baie liever in 'n voorwaard of iets dergelyks genoem word dat daar perikope in die Afrikaanse Bybel is wat in sommige tekste ontbreek. Daarom die breedvoerige voorstel.

Punt 5. b en c: Hierdie aanbevelings behels o.i. verbeterings op die teenswoordige uitgawe, daarom word aanbeveel dat dit aanvaar en goedkeurend daarvan kennis geneem word.

6. *Taaladviseurs.*

Die S.A. Akademie sal gevra word om drie taalkundiges aan te beveel. Hulle sal nie stemgeregtigde lede van die kommissie wees nie.

7. *Verdeling van werksaamhede.*

a. Die Kommissie word verdeel in twee subkommissies, naam-

lik 'n Ou-Testamentiese en 'n Nuwe-Testamentiese. Saamroeper van eersgenoemde is prof. S. du Toit en van laasgenoemde prof. E. P. Groenewald.

b. Die subkommissies sal die werk onder die lede verdeel.

c. Aangesien die omvang van die Ou Testament so groot is, word die betrokke Kerke gevra om proff. J. H. Kroeze en A. van Selms by die hersieningskommissie te voeg.

8. Buro.

Die Universiteit van Pretoria het 'n kantoor aangebied om as buro gebruik te word vir die versameling en bewaring van gegewens en suggesties. 'n Deeglike kaartindeksstelsel sal aangelê word. Prof. A. S. Geyser is as *Korresponderende Sekretaris* aangewys, wat ook vir die Buro verantwoordelik sal wees. (Nota: Later is berig ontvang dat dr. A. H. van Zijl, van die Departement van Semitiese Tale aan U.P., die buro sal behartig en as honorêre sekretaris vir die kommissie sal optree).

9. Hulp van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap.

Die *Ou-Testamentiese Werkgemeenskap* het sy hulp aan die kommissie aangebied, en dit is met dankbaarheid aanvaar.

10. Reis- en verblyfskoste.

Die Algemene Sekretaris het op die vergadering verklaar dat die B. en B. Bybelgenootskap met vrymoedigheid kan verwag dat elke Kerk vir die reis- en verblyfskoste van sy verteenwoordigers verantwoordelik sal wees, aangesien die drie Kerke „geldelik redelik welvarend” is. Die kommissie het hom met hierdie sienswyse verenig.

U Deputate vra nou die beslissing van die Sinode. Val hierdie werk onder die gewone bepalinge vir deputate?

Tot sover die notule van die eerste vergadering.

Besluit: Dit val onder die gewone bepalinge vir deputate.

11. Volgende vergadering.

Die volgende vergadering sal D.V. gehou word wanneer genoeg werk voltooi is om die tyd en koste te regverdig. Ondertussen kan die subkommissies vergader as hulle dit nodig ag.

12. Samespreking met deputate in verband met hersiening.

Ondergetekendes het 'n samespreking gehou met die benoemde deputate insake die hersiening van die Afrikaanse bybelvertaling en die hele notule van die eerste vergadering aan hulle voorgelê. In hul rapport sal hul bevindinge vermoedelik uiteengesit word.

Ons hoop dat ons hiermee uitvoering aan ons mandaat gegee het vir sover dit op hierdie stadium moontlik is.

Besluit: Van die hele rapport word kennis geneem en dit

word met dank aanvaar behoudens die besondere besluite by punte 4, 5 en 10.

Art. 35 (Seënwense). Kyk by art. 14.

ARTIKEL 36. (116, 171).

Studie van rasseverhoudinge in die lig van die Heilige Skrif.

A. Die Rapport en Aanvullende Rapport van die deputate (proff. S. du Toit, L. J. du Plessis, J. H. Coetzee, H. du Plessis, W. J. Snyman en ds. B. Lombard) word deur al die bogenoemde deputate (behalwe die laasgenoemde) toegelig.

I. OPDRAG EN WERKWYSE.

1. Besluite van die 33e Algemene Sinode en opdragte aan die Deputate.

Die besluite van die Sinode met betrekking tot die vorige rapport van hierdie deputate word gevind in art. 103, 122, 240, 282 en 315 op bl. 267 tot 270 van die Handeling van die 33e Algemene Sinodale vergadering. Dit behels die volgende:

a. Die Sinode neem met hoë waardering kennis van die studiestuk en onderskryf vir sover ons insig vandag strek die gewysigde opsommende konklusies daarvan as behelsende die belangrikste Skriftuurlike riglyne betreffende die rasgevraagstuk in die algemeen en in Suid-Afrika in die besonder.

b. Die konklusies is soos volg gewysig:

konkl. 4: *selfs in 'n mate vermeng* is vervang deur *mag selfs in 'n mate meng en mag* is ingevoeg voor *voer*;

konkl. 8: die woorde *van instituering van* is ingevoeg na *ten opsigte van*;

konkl. 9: *glad nie wenslik* is vervang deur *ongeoorloof* en na *getalswakkere blankes* is die woorde *en Christelike roepingsvervulling van albei groepe* ingevoeg;

konkl. 11: die woorde *ongedwonge kan verkeer* is vervang deur *mekaar kan ontmoet*;

konkl. 12: die woorde *moet inhou nie* is vervang met *hoef in te hou nie*.

konkl. 13: Geheel herformuleer.

c. Die deputate moet die opsommende konklusies elkeen motiveer en deurstuur aan die kerkrade vir verdere kommentaar.

d. Aan die deputate word opgedra om verdere studie van hierdie saak te maak, terwyl aan lidmate en mindere vergaderinge die geleentheid gebied word tot 31 Desember 1959 om wenke deur te stuur aan die deputate wat dan weer op die volgende Sinode moet rapporteer.

e. Die materiële inhoud van die beswaarskrif (Agenda bl. 383-388) en die kommissierapport word verwys na hierdie deputate.

2. *Werkwyse.*

Die deputate het die rapport weer in studie geneem en lê dit nou in hersiene vorm voor aan die eerw. Sinode. Die hersiene rapport hou in gewysigde formulerings, byvoegings en wysigings van die opsommende konklusies.

Hoewel al die deputate individueel en gesamentlik die hele rapport met wysigings nagegaan het, bly elkeen in die eerste plek self verantwoordelik vir sy deel daarvan t.w. proff. L. J. du Plessis en J. H. Coetzee vir pt. II, proff. S. du Toit en W. J. Snyman vir die Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese dele van pt. III onderskeidelik en prof. H. du Plessis en ds. B. J. Lombard vir pt. IV. Die opsommende konklusies en die aanbevelinge is, soos die vorige keer, die gesamentlike verantwoordelikheid van al die deputate.

3. *Opsommende konklusies.* Die opdrag (Hand. bl. 270, 1 (b)) nl. om die opsommende konklusies met nadere motivering aan die kerkgrade deur te stuur vir kommentaar kon nie uitgevoer word nie. Wysigings in die verslag (wat uiteraard die motivering van die konklusies is) het ook die motivering van die konklusies beïnvloed. Die gemotiveerde konklusies kon dus eers aan die kerkgrade gestuur word nadat die deputate die rapport gefinaliseer het sodat enige kommentaar wat van kerkgrade ontvang mag word met die aanbevelings van die deputate in daardie verband as 'n addisionele verslag voorgelê sal moet word.

Aanvullende rapport:

(i) Die konklusies met kort motivering is aan die kerkgrade gestuur vroeg in September met die versoek om voor 31 Oktober kommentaar te lewer. In werklikheid is alle kommentaar wat tot einde November ontvang is, gesistematiseer terwyl die stukke van Eloffsdal-Wonderboom-Suid en die brief van Outjo wat later ontvang is wel deur die deputate ter tafel geneem is. Van altesaam 18 kerkgrade is reaksies ontvang.

(ii) Die deputate het die kommentaar sorgvuldig oorweeg en in die lig daarvan enkele wysigings in die kort motivering en in die konklusies (nos. 7, 9 en 10) aangebring. Die kommentaar van kerkgrade het in velerlei opsigte of nie die opdrag van die deputate goed in ag geneem nie, of nie die kort motivering in die lig van die verslag self beoordeel nie, of standpunte behels wat nie strook met die algemene beginsels wat in die rapport opgeneem is nie, of die formulering van die deputate verkeerd vertolk.

(iii) Na wysiging lui die konklusies en motivering soos volg:

(Dit is geplaas by VI-Opsommende Konklusies, in die plek van die eerste Rapport se konklusies (Depte. Acta)).

4. *Kommentaar.* Op die oorspronklike rapport is kommentaar ontvang van di. D. F. Malan en P. G. Geertsema van Westelike Klassis Kaapland en van die Part. Sinode van Wes-Transvaal. U deputate het al die kommentaar in aanmerking geneem.

5. *Opdrag pt. e hierbo:* Ons meen dat genoemde opdrag uitgevoer is vir sover alle belangrike punte van die materiële inhoud van die besondere stukke implisiet in die rapport vervat is.

II. DIE RASSEVERHOUDING VANDAG.

In 'n groot mate is die hedendaagse vraagstuk van rasseverhoudings in sy vorm en ontwikkeling die produk van die gebeure van die afgelope vyf eeue.

Die grootskaalse Europese ontdekkingsreise van die 16/17e eeue het o.a. meegebring:

(i) 'n kennismaking met voorheen onbekende of minderbekende volke van vreemde en derhalwe van sowel vreemde voorkoms (meestal gekleurde) as van vreemde sedes en kultuur;

(ii) 'n toenemende aanraking van Europese volke (en hulle besondere kultuur en lewenshouding) met ander wêrelddele, volke en rasse hetsy op vreedsame of vyandige wyse.

Die prikkel tot die ontdekkingsreise, die soektog na seeweë en nuwe wêrelddele was, afgesien van die drang na kennis, hoofsaaklik ekonomies en kommersieel. Die handel moes daarmee bevorder word, en dit sou 'n belangrike rol speel in die verhoudings wat sou ontstaan.

Die Europese min of meer rasverwante volke (almal blank) wat hoofsaaklik die inisiatief in die verband geneem het, bevind hulle uiteindelik teenoor:

(i) wêrelddele met groot ekonomiese ontginningsmoontlikhede en potensiele rykdom wat ten nutte van die Europese vaderlande aangewend kon word;

(ii) volke behorende tot ander rasgroepe, deurgaans onbekend met die Christendom, in besit van ander kulturele waardes en uitinge, ander lewensinrigtinge en vreemde staatsvorme en -praktyke;

(iii) volke in gebiede op 'n veel laer trap van ontwikkeling wat tegnologie, wetenskap en alle vorme van aardebeheersing (volgens die oorspronklike kultuur opdrag) betref, hoewel hulle onderling ook weer verskil vanaf uiters primitief (Boesmans, Australiërs, Vuurlanders, Pigmië, Andamanese ens.) tot betreklik ontwikkelde in een of ander lewensfeer (Japan, China, Indië, Java, die Inca, die Maya

ens.). Die kulturele verskille is veral sterk benadruk deur die ewe-eens opvallende en maklik waarneembare liggaamlike rasseverskille soos huidskleur, liggaamsbou, oog-, neus- en haarvorm, e.d.m.

Hierdie onderskeid laat in teorie en praktyk die vraag ontstaan of hierdie wesens volwaardige mense is: daardeur moes die verhouding tot en die optrede teenoor hulle bepaal word. Die terminologie tot op die tyd van Rousseau en selfs veel later dui op 'n opvatting van Europese (blanke) meerderwaardigheid teenoor die gekleurde minderwaardigheid: barbare, wilde mense, kannibale, primitiewe mense, ens. Dit lei later tot die rassteorie van Chamberlain, waarin die Nordiese superioriteit beklemtoon word. Rousseau was veral verantwoordelik vir die nuwe gedagterigting van die „edele barbaar” wat nog die draer en handhawer is van die „oervryheid” en die „oerdeugde”.

Hierop word later die filantropisme en die negrofisme gebou met hulle belangrike oorwinning ten opsigte van die slawestelsel.

In die praktyk het die eersgenoemde opvatting dan ook maklik gelei tot:

(i) onderwerping van hierdie vreemde, primitiewe, „inferieure” (gekleurde) volke en stamme en hulle woongebied ten einde die betrokke Europese lande se handelsbelange te beskerm en uit te brei en lewe en besit te beveilig, veral waar die inheemse volke teenstand gebied het teen die vreedsaam bedoelde handelsaktiwiteite van die Europese volke;

(ii) die ontstaan van grootskaalse kolonisering van die Ooste, Australië, Amerika en Afrika;

(iii) die slawehandel en ander vorme van 'n mindere of meerdere mate van gedwonge arbeidsrekrutering om die onontgonne wêrelddele onder kultuur te bring, aangesien hierdie volke byna deurgaans onwillig was om hulle vrywillig aan te bied vir die arbeid in die ondernemings wat deur die Westerlinge geïnisieer, besit en beheer is;

(iv) ten dele 'n vernietiging van die (inferieur gewaande) inheemse kulture, uitwissing van groot getalle mense, die verskuiwing van aansienlike bevolkingsgroepe (bv. Negers na Amerika) en die verkryging van groot gedeeltes van die woongebiede van die inboorlingvolke deur die blankes.

Tog is deur alle Christelike rigtings pogings in die werk gestel om hierdie heidense volke en rasse te kersten en tot die lig van die Christendom te bring. Met die sending het gepaard gegaan die werksaamhede van skool en hospitaal ten einde onkunde, bygelooft en siekte te bestry. Op dié wyse het daar naas die sendende kerke (dikwels genootskappe) ook „sendingkerke” ontstaan met laasgenoemdes as onselfstandige „dogterkerke” onder leiding en toesig van eersgenoemdes.

Die 18/19e eeu lewer 'n wêreldbeeld waarin die blanke (Europese) volke en state in 'n leidende posisie teenoor die nie-blanke volke in Asië, Australië, Amerika en Afrika staan en die blanke ras min of meer in sy geheel as meer ontwikkelde leier en gesagvoerder teenoor die geel en swart rasse.

Staatkundig het die meeste nie-blanke volke hulle in 'n mindere of meerdere onderhorige posisie bevind wisselend vanaf vrye state met (prakties) ekonomiese volgelingskap (Japan) of as protektorate of as algehele kolonies. *Kultureel en sosiaal is die volke in die daaglikse lewe as die minderes van die Europese burgers beskou en behandel, terwyl hulle ekonomies ook deurgaans die onderste bevolkingslaag gevorm het.*

In sommige gebiede het die getalleverhoudings en die lewens-beskouing van die Europese inkomelinge eintlik die rasseverhoudings-probleem uit die weg geruim. Die oorwegende Latynse en Rooms-Katolieke Europeërs in Suid-Amerika het geen beswaar gehad teen 'n proses van sosiale en biologiese vermenging en politieke gelykstelling nie; in Noord-Amerika en Australië is die oorspronklike inboorlinge in so 'n mate verdring dat hulle 'n onbelangrike faktor in die sosiale en politieke lewe is; in die suide van die V.S.A. is 'n ander verhoudingsprobleem geskep deur die invoer van Neger-slawe, wat vandag nog, ten dele as gevolg van hulle kleur en ten dele as gevolg van die historiese feit van hulle vroeëre sosiaal-ekonomiese en juridiese status (slawe), 'n stryd voer om volle erkenning in praktyk as Amerikaanse burgers sonder enige diskriminasie.

Die koloniserende blankes het in die Ooste 'n onderdeel bly vorm met hulle volke en lande van herkoms. Die nuwe dele het nie vir hulle 'n nuwe vaderland geword nie; dit was 'n tydelike verblyf. Hulle wou en kon eindelik terugkeer na die oorspronklike en enigste vaderland sodat dekolonialisering vir hulle eintlik alleen op die ekonomiese en staatkundige vlakke enige betekenis gehad het. In die noorde van Afrika was dit ongeveer dieselfde, met uitsondering van Algerië.

In Australië, Nieu-Seeland, Kanada en Noord-Amerika het die Europese intrekke ontwikkel tot afsonderlike selfstandige nasionaal-kulturele eenhede. Die rasseverwantskap het hulle betreklik suiwer bewaar; kultureel en staatkundig is allerlei bande met die moederlande in stand gehou. Sonder uitsondering het hulle oor 'n getalloorwig teenoor die gekleurde inboorlinge of gekleurde immigrante (insluitende slawe) beskik, sodat hulle sowel numeriek as kultureel die sterkste rassegroep gevorm het.

Suid-Afrika het ewe-eens die ontstaan en groei van 'n nuwe en afsonderlik nasionaal-kulturele eenheid van blanke rassamesstelling beleef. Maar hier het 'n belangrike afwyking van die voorge-noemde situasie ontstaan in die sin dat die blankes 'n totale minderheid vorm teenoor die gekleurde groepe insluitende die inheemse

volkegroepe, die Kleurlinge (as nakomelinge van die ingevoerde gekleurde slawe) en die ingevoerde Indiërs.

In al drie voorgaande gevalle het daar 'n lewenspatroon ontstaan waarin die blanke hom as meerdere teenoor die nie-blanke gestel het en op grond hiervan bepaalde sosiale afstande — op politieke, arbeids-, omgangs- e.a. terreine — geskep en bewaar het.

a. Waar die blankes slegs tydelike inwoners was, kon uiteindelijke politieke mondigheid van die inheemse, gekleurde rassegroep die voortbestaan van die blanke in werklikheid — behalwe t.o.v. sy ekonomiese belange miskien — nie deër nie.

b. Waar die blankes as gevestigde, afsonderlike nasionale kulturele en politieke gemeenskappe die getaloorwig besit, word hulle afsonderlike voortbestaan deur die kulturele en biologiese assimilasie van die ontwikkelende gekleurdens in hulle midde ook nie in ernstige gevaar gebring nie. Hoe kleiner die proporsie gekleurdens, hoe minder gevaar bestaan daar vir die vernietiging van die blanke se rasse-identiteit, maar des te groter is die waarskynlikheid dat die nie-blanke sy identiteit — biologies en kultureel — sal verloor.

c. 'n Besondere situasie ontstaan waar die nuwe (blanke) kultuurgroep teenoor die nie-blankes 'n minderheid vorm. Enige vorm van die wegbreek van skeidsure, inkrumping van sosiale afstande en van assimilasie op welke lewensterrein ook al, hou 'n geringe uiteindelijke wysiging in die rassamesstelling en kultuurvermoë van die gekleurdens in, maar 'n onbetwyfelbare bedreiging van die blanke se beskawingspeil (solank die nie-blankes nog minder beskaafd is) en 'n totale vernietiging van die blanke se rassekomposisie en die kultuurvermoë wat daarmee mag saamhang.

Die aanraking met die blankes (in welke situasie dan ook, selfs in dié van onderhorige) het ook vir die (gekleurde) minder beskaafde volke 'n kennismaking gebring met die Westerse kultuurgoedere en die aanvaarding en oornam van verskeie elemente daarvan, waaronder die tegnologie, die ekonomic, die „demokratiese” lewenswyse nie die onbelangrikste is nie. Ook die Christelike leer het hier en daar inslag gevind. Hierdie kontak het vir die inboorlingvolke nuwe horisonte geopen en tot 'n algemene verhoogde lewensontwikkeling gelei, tot 'n sterker nasionale besef, tot 'n sterk navolging van die Westerse lewenspatroon en veral tot 'n aangroeiende strewe om met die Westering (blanke) gelykgestel te word *veral* wat demokratiese politieke magte en regte betref.

Wat ook al die situasie was, het daar feitlik dwarsdeur die wêreld 'n toestand ontstaan waarin lede van die blanke ras mense behorende tot die nie-blanke volke as hulle inherente minderes gaan beskou en enige nadere kontak op gelyke vlak soveel as moontlik vermy en afgewys het. In hierdie verhoudinge het die ras- en volksonderskeidings onderling op mekaar ingewerk en is die situasie gevolglik verder gekompliseer. Volkereverhoudinge, net soos persoon-

like verhoudinge, word bemoeilik deur daardie verskille in kultuur en lewenswyse wat histories met die rasverskille van liggaamlike voorkoms saamhang sodat die een moeilik sonder die ander bespreek kan word.

Die feitlike posisie in die verhouding van blankes en nie-blankes in die verskillende lewensfere, die geskiedenis van gewelddadige konflik, die nie-blanke se ervaring van politieke onderdaanskap tesame met sy ontwakende nasionalisme, dikwels gestu deur agitatie uit allerlei oord onder die dekmantel van vryheid, baie maal gegrief deur werklike of gewaande onregverdige handeling van die blanke se kant, het 'n groot mate van wantroue in die blanke se optrede en bedoelings laat ontstaan, wat 'n verhoogde spanning in die verhoudinge teweegbring.

Die geheelbeeld op hierdie tydstip is dat die gekleurde rasse van verskillende herkoms in die wêreld besig is om die Westerse beskawing te assimileer op die grondslag van hul eie onderskeie kulture en dat hulle in die proses vinnig besig is om hulself op raskundige, kulturele, geografiese, ekonomiese en ander grondslae te ontwikkel en te organiseer tot nasionale state in internasionale verband na Westerse model, en wel so dat hulle op alle gebiede onafhanklikheid by uitstek nastreef as reaksie teen die kolonialisme.

Hierdie proses word deur die hele moderne wêreldontwikkeling bevorder, en die vernaamste kenmerk daarvan is die wedywering tussen die demokratiese en die kommunistiese moondhede in die bevordering van die ontvoogding van die gekleurde rasse. Hierdie wedywering het nou ook op Afrika beslag gelê tot ver in die Suide.

Wat betref die betreklik homogene natuurelgebiede ten noorde in Afrika, is die hoofprobleem vir die Weste om die ontvoogding so te bevorder dat die ontwikkelende natuurelstate veilig in die westerse sisteem ingeskakel kan word of, liever, bly.

Wat betref die meer rasgemengde gebiede ten suide, is daar 'n verdere komplikasie sowel as 'n besondere ontwikkelingsmoontlikheid.

Hierdie verdere komplikasie is daarin geleë dat die gevestigde of wordende selfstandige state naas 'n meerderheid natuurelle 'n minderheid blankes (sal) bevat, wat self al as selfstandige nasionaliteite gevestig is; terwyl die besondere ontwikkelingsmoontlikheid daarin geleë is dat die betrokke natuurellestamme afgesien van die mitiese en kultiese geen godsdiens met 'n bepaalde dogma en filosofie en 'n sterk bindende nasionale krag ontwikkel het nie en dus vatbaar is vir kerstening op nasionale skaal en eie kulturele (Bantoe-) grondslag.

Wat die eerste punt betref, is dit seker dat die betrokke natuurellegemeenskappe tot nasionale selfstandigheid sal kom volgens die vir hulle moontlike tempo en dat hierdie ontwikkeling van alle kante bevorder sal word.

Die problematiek van die hierbo getekende situasie stel ons voor die wesenlike van die verhouding van volke en rasse teenoor mekaar. Die vraagstuk is nie net een van die onderlinge verhouding van mens teenoor mens nie; ook nie net een van individuele lede van onderskeie volke en rasse teenoor mekaar nie net so min as bloot van ras as sodanig teenoor ras — daarvoor is die ras as mensegroep te wyd, te vaag belynd — maar dit is veral van ras-onderskeie volke, volke van verskillende kultuur- en beskawingspeile teenoor mekaar. Die afgelope paar eeue het volke met 'n besonder hoë beskawingspeil en van dieselfde ras — die blanke of Europese — in aanraking gebring met ander wat op 'n veel laer beskawings-niveau staan en terselfdertyd tot 'n ander (gekleurde) ras behoort. Daaruit het allerlei verhoudingsprobleme ontstaan.

In Suid-Afrika is die besondere probleem dié van verskillende skerp ras- en kultuuronderskeie volke binne dieselfde staatsverband terwyl die verder ontwikkelde volk die politieke mag besit maar wat getalle betref, in die minderheid is. Die vraag is watter riglyne vir 'n geoorloofde, regverdige verhouding in die situasie van rasse-verskil en beskawingsongelykheid in die Heilige Skrif te vind is en hoe om in die besondere Suid-Afrikaanse situasie die onderhorige volke nasionaal te bevredig sonder om die heersende volk as sodanig te verswelg.

In die hele Suidelike Afrika is die strewe van die inheemse gekleurdes en van die wêreld as geheel gerig op die verkryging van politieke selfbeskikking vir alle onderworpe volksgroepe deur universele volwassenestemreg en ekonomies-kulturele ontwikkeling tot volle selfstandigheid, met hulp van die mees gevorderde wêreld-dele, wat dan ook seker al meer beskikbaar gestel sal word.

Teen hierdie strewe is verset nie meer moontlik nie. Maar dit kan wel deur simpatieke benadering moontlik so beïnvloed word dat selfbeskikking en volle ontwikkeling vir die nie-blankes verseker word, sonder dat die blankes daardeur hulle nasionale selfbeskikking verloor.

Dit kan egter alleen gebeur as laasgenoemde hulself bereid betoon om rasse-oorheersing so gou doenlik uit te skakel, want ook blanke heerskappy word nou as verdrukking ervaar, aangesien die nie-blankes nie meer bereid is om hul vryheid te verruil vir sekere verbeteringe in hul ou lewensomstandighede nie, maar nou vasbeslote is om hul herkreë vryheid met of sonder hulp van buite te gebruik vir selfopheffing tot die graad van welsyn wat die moderne wêreld as normaal beskou.

Hierdie vryheid word gesoek nie meer op die ou stamgrondslag nie, maar in die moderne nasionale vorm op 'n territoriale grondslag, met rasse-verwantskap en selfs rasse-teenstelling as 'n belangrike bindmiddel, maar in elk geval meerderheidstem as belangrikste instrument en strydmiddel.

III. DIE SKRIFGEGEWENS TEN OPSIGTE VAN RASSEVERHOUDINGE.

1. Die Ou Testament.

Algemene Opmerkinge.

Die Bybel is die boek wat handel oor die koninkryk van God en die verlossingswerk van Jesus Christus. Dit is nie 'n wetenskaplike handboek nie maar gee *die beginsels vir alle lewensterreine*. Daar moet dus in die Skrif geen volkekundige uiteensettinge verwag word nie, maar aangesien die Woord van God in die openbaring ons ook meedeel wat die oorsprong, taak en bestemming van mense is (dus ook van versameling van mense soos dit in groot groepe aangetref word), het die Bybel ook vir ons in hierdie opsig normatiewe betekenis, mits bostaande onderskeidings maar goed gehandhaaf word en mits ook gedurig onderskei word tussen historiese en normatiewe gesag. Daar is naamlik sekere dinge wat die Skrif ons meedeel as feite sonder dat daarin normatiewe uitgawe is, asook feite wat volgens die verklaring van die Skrif self normatiewe betekenis het.

'n Ander uitlegkundige reël wat gehandhaaf moet word, is die volgende: Daar moet gelet word op die deurlopende *gees* en *strekking* van die Skrif en nie slegs op enkele losstaande tekste nie. As byvoorbeeld tekste gesoek word ten gunste van die afskaffing van slawerny, sal nie een gevind word nie, terwyl die hele gees en strekking van die Skrif tog is dat slawerny in stryd is met die skepping van die mens na die Beeld van God. Tog is daar enkele kerntekste in verband met ons onderwerp. Dit is egter slegs die rotpunte wat bo die water uitsteek en wat aandui in watter rigting die rotsmassa gesoek moet word. Uit dit alles volg dat ons rekening moet hou met die *Skrifverband* en die *openbaringsgeskiedenis*.

Eindelik: as ons die Skrif verklaar, moet ons slegs deur die Skrif gelei word en nie deur histories-geworde omstandighede nie. Hieruit volg ook dat ons nie in die Skrif regverdiging moet gaan soek vir histories-geworde toestande nie. Wel moet ons let op die voorsienige bestel van God in die geskiedenis, maar by die beoordeel van historiese feite bly die Skrif die laaste hof van appel.

Die Pentateug.

a. Gen. 1—11.

In hierdie hoofstukke vind ons uiters belangrike grondlyne in verband met die ontstaan en ontwikkeling van die wêreld, die mens en die volkere.

(1) Gen. 1 en 2.

In verband met ons onderwerp word hier die volgende grondgedagtes gevind: Die mens is *deur God geskape* as *kroon van sy skepping*, vgl. Gen. 1 : 26 v.; 2 : 7 v., en *wel na die beeld en die gelykenis van God*. Vir ons doel is dit nie nodig om 'n breë eksege-

tiese studie te maak van die betekenis van die skepping van die mens na die beeld van God nie. Hoofsaak is dat daar sekere kenmerke van die mens moet wees wat hom altyd sal onderskei van die *dier*, wat *nie* na die beeld van God geskape is nie. Onder hierdie kenmerke sal ongetwyfeld val die religieuse besef en die besit van die rede. Alle wesens wat nog hierdie trekke vertoon, hoe swak ook al as gevolg van die sonde, moet as *mense* beskou en mag nie as diere behandel word nie.

Gen. 1 en 2 leer ook duidelik dat die menslike geslag 'n eenheid is. Alle mense spruit uit die een stamvader, Adam (en later Noag, Gen. 9 : 19b). Vgl. ook die uitspraak van Paulus in Hand. 17 : 26. Bloed is derhalwe nie 'n skeidende faktor nie maar 'n verbindende: alle mense uit een bloed.

In hierdie verband is ook die instelling van die huwelik van groot betekenis. Dit is besonder opmerklik dat as die HERE vir Adam sy vrou skep, sy beskryf word as 'n *hulp wat by hom pas* (Gen. 2 : 18), letterlik: 'n hulp as voor hom, dit wil sê: as sy teëhanger, sy pendant, sodat sommige ook vertaal: na sy ewebeeld. So iemand kon Adam onder die diere nie vind nie. Sal 'n huwelik waarlik met die goddelike ordinansie ooreenstem, moet daar dus werklik 'n *bymekaarpas* wees. Dit het sy implikasies ten opsigte van die ondertrouery van mense uit verskillende rasse, sosiale en kulturele en — laatste maar nie die minste nie — religieuse omstandighede. Huwelike van persone tussen wie daar 'n groot kloof is, behoort ontmoedig te word.

Van groot betekenis is ook Gen. 1 : 28. Hier het Hellmuth Frey kostelike eksegetiese gelewer, soos ook op ander punte. Die woorde: „Wees vrugbaar” — sê hy — is 'n gawe en 'n opdrag van God, waarin ons doel en rigting gegee word vir die groot gebied wat ons die sinlik-natuurlike noem en wat in hom insluit: geslagsdrif, liefdeslewe (erotiek), huwelik, familie, stam, volk, ras. Omdat die mensheid vanweë die sonde die oorspronklike doelbepaalde sekerheid verloor het, bemerk ons deur die geskiedenis 'n gedurig wisselende houding teenoor hierdie senuwee van sy lewe, 'n heen en weer slingering van een eensydigheid na die ander: aanbidding van die skone menslike liggaam, van die vrugbaarheid, van die huwelik, van die eros, van die volk, van die ras.

Die Bybel leer egter dat die mag van die bloed en van die eros, sowel individueel as sosiaal, in gemeenskap en volk sy eie wetmatigheid het, maar dan nie volgens 'n wet wat inherent in die mens lê nie, maar volgens die wet van God. Ons mag dus nie eie-willig oor hierdie lewensbeweging beskik nie. In die lewensdrif van die geslagte, in die voortbrengingskrag van die bloed het die lewende God ons as 't ware deel gegee aan sy skeppende krag. Uiteindelik is dus die laaste lewensmagtige drywing op die groot gebied van die natuurlike lewe die goddelike ritme.

Daarom moet alle poginge van die mens om aan sy klein ek of aan sy volksgeheel die heerskappy te gee op mislukking uitloop. As die individualisme oppermagtig is, verval die gemeenskapslewe en omgekeerd word die persoonlikheid vermoor as die volk of die ras oppermagtig word.

In ons lewenskrag, in ons vitaliteit, het God ons 'n heilighdom toevertrou wat met heilige harte en hande ontvang en bewaar moet word. (Die Botschaft des Alten Testaments, *Das Buch der Anfänge*, bl. 24).

Die goddelike seën en opdrag sluit in dat die mens moet vermeerder. Daaruit volg dat hy oor die aarde moet versprei, want hoe groter die getal hoe kleiner die moontlikheid dat hy op 'n beperkte area kan bly. Die verspreiding hou op sy beurt die moontlikheid en selfs waarskynlikheid van *differensiasie* in. As rasse en volke ver uitmekaar woon, is dit vanselfsprekend dat verskillende eienaardighede sal ontwikkel.

Hoewel daar 'n eenheid in die skepping van God is, leer Gen. 1 en 2 ons egter ook dat die eenheid nie 'n *eendersheid* is nie, dat God ook skeidinge maak, lyne trek, sodat daar in die skepping geen strakke eenvormigheid is nie maar ryke variasie. Daar word skeiding gemaak tussen lig en duisternis (1 : 4, 18); tussen waters en waters (1 : 6); tussen droë grond en waters (1 : 9, 10). By die mens is daar man en vrou, God skep elke wese *na sy aard, volgens hulle soorte*. Ook hierin lê 'n beginsel van differensiasie.

(2) Gen. 3.

Van belang vir ons onderwerp is hier dat daar 'n *kloof* tussen God en mens kom. Die vloek van God word nie alleen oor die mens in die strafgerig uitgespreek nie maar ook oor die hele aarde. Vloek is die teendeel van seën. Hierdie feite het geweldige betekenis vir die ontwikkeling van die mensheid. Ons het nou te doen met 'n abnormale mensheid en wêreld. Dadelik is die oorspronklike harmonie versteur. Adam en Eva is skaam vir mekaar. Die Satan het gebruik gemaak van die slang, en van nou af sal die werking van demoniese magte ook in die geskiedenis gesien word. Dit is Satan te doen om die *vernietiging* van die menslike geslag; vgl. die giftige byt in die hakskeen. Tegelyk word ook duidelik dat God die mensheid gaan red van hierdie dodelike bedreiging en wel deur die „Saad van die vrou”, die „Menseseun” van Dan. 7. In die verdere verloop van die openbaringsgeskiedenis sal ons nou gedurig die werk van God en Satan sien. Dit het ook sy betekenis vir ons onderwerp, soos later sal blyk.

(3) Gen. 4—8.

In die periode tussen sondeval en sondvloed is daar nog geen sprake van 'n splitsing in rasse en volke nie maar wel van *één mensheid*. Duidelik word 'n lyn getrek tussen twee mensheidstipes, naamlik die geslag van Set en dié van Kaïn. In lg. geslag word die

deurwerking van die sondemag duidelik gesien: broedermoord, haat, wraak, ontaarde kultuur. In die geslag van Set is daar profete soos Henog en Noag wat getuig teen die goddeloosheid, maar die uiteinde is dat daar vermenging kom (Gen. 6 : 1—4) en dat as gevolg daarvan die ganse mensheid verdeel word deur die sondvloed, met uitsondering van die huisgesin van Noag, uit wie 'n nuwe mensheid gebou word.

(4) *Gen. 9—11.*

Eksegete is nog ver van eensgesind wat die besonderhede van hierdie hoofstukke betref. En tog is die groot lyne wat hier getrek word van ingrypende betekenis vir die openbaringsgeskiedenis asook vir die geskiedenis van rasse en volke. Oor hierdie groot lyne is daar wel duidelikheid.

a. Noag is die stamvader van 'n nuwe mensheid. Met die seuns van Noag „begin die uitbreiding van al die aardbewoners” (Gen. 9 : 19b). (Die Nuwe Nederlandse Vertaling lui: „uit dezen is de gehele aarde bevolkt”.) Die plan van God gaan dus deur dat die hele aarde bevolk sal word (Gen. 1 : 28; 9 : 1).

b. Na die sondvloed hoor ons direk van „nasies, in hulle lande, elkeen na sy taal, volgens hulle geslagte, in hulle nasies” (Gen. 10 : 5, 20, 32). Verder is dit duidelik dat daar ook groepering is volgens die seuns van Noag en dat elkeen van hierdie groot groepe (wat min of meer ooreenstem met ons gedagte van „rasse”) 'n eie ontwikkeling sal deurmaak, in ooreenstemming met die profesie van Noag (Gen. 9 : 25—27). Tog laat die volketafel van Gen. 10 ook weer sien dat hierdie mensheid een groot familie is. Dus: verskeidenheid in eenheid.

c. Dit is duidelik dat in die tyd ná die sondvloed die werk van die Satan deurgaen en die gevolge van die sondevloek gesien word maar ook dat die skeppings- en herskeppingsplan van God deurgaen ten spyte daarvan.

Ook by hierdie hoofstukke moet onthou word dat die Skrif nie 'n volkekundige handboek is nie, maar dat wat ons hier meegedeel word, gesien moet word as deel van die heilsgeskiedenis. *Die groot vraag is wat die plek van die volkere in die heilsplan van God is.* So moet ons dan ook die genoemde hoofstukke besien.

(i) *Gen. 9 : 24—27 — die Noagitiese profesie.*

Die hoofgedagte hier is dat aan een van die seuns van Noag, Sem, 'n besondere seën te beurt val. Sem staan tot die Here in 'n besondere betrekking, in teenstelling tot Gam en Jafet. Die heilige linie sal in sy geslag voortgeset word, die linie waaruit die Messias gebore sal word.

Jafet sal allereers deel in natuurlike seënninge. Die Here sal aan hom ruimte verskaf en hy sal toeneem in getal. Verder sal hy ook 'n geestelike seën ontvang: hy sal woon in die tente van Sem. Dit beteken dat hy deel in die lotsbeskikking van Sem, in hierdie geval

in sy seën. Dit kom ná die beloofde uitbreiding. Hoewel Sem dus eers uitsluitlik die besondere seën van die Here sal ontvang, kom daar 'n tyd waarin die Here in besondere sin ook die God van Jafet sal wees. Deur Sem sal ook Jafet tot die ware Godskennis kom en deel hê aan die seënninge van die Messias wat uit die geslag van Sem gebore word.

Opmerklik is dat van Gam in die profesie van Noag geen melding gemaak word nie, hoewel dit tog hy was wat Noag bespot het en aanleiding gegee het tot die profesie. Soveel is in elk geval seker dat hy nie deel in die seënninge van Sem en Jafet nie. Sikkal druk dit soos volg uit: „In die Chamisme klopt het hart der mensheid niet, wijl daar het zedelijk bewustzijn, het gevoel, het idealisme der Noachitiese mensheid niet krachtig leeft”. (Het boek der geboorten, bl. 339).

Hieruit mag egter nie afgelei word dat al Gam se nakomelinge van die voorregte van die besondere genade uitgesluit word nie. Die profesie is hier voorwaardelik. As die Gamiete hulle bekeer, deel hulle ook in die seën van Christus. „Er is ook voor de Chamitiese volken een plaats by Jezus' kruis. De prediking des Evangelies behoeft zich ten opzichte van de Chamitiese volken niet afzijdig te houden uit vrees dat ze bij deze een door God gesloten deur zou vinden. Men geve slechts acht op de heilsbeloften voor de Chamitiese Egyptenaars, die reeds in het Oude Testament gevonden worden: Jes. 19 : 18—25; Zach. 14 : 18.” (G. Ch. Aalders, *Genesis* (Korte Verklaring, bl. 261).

Hier moet ons ook vermeld dat die bekende opvatting waarvolgens die naturelle in ons land tot altyddurende knegskap veroordeel is deur hierdie profesie, omdat hulle kinders van Gam sou wees, geen Skriftuurlike grond het nie. Die profesie oor die knegskap word uitgespreek oor Kanaän, nie oor Gam nie.

Voordat ons oorgaan tot die vraag of hierdie profesie ook betekenis het vir die verhouding van volkere in ons tyd, gaan ons eers oor tot die bespreking van enkele sake in verband met Genesis 10. Hier word immers volke met name in verband gebring met die drie seuns van Noag.

Genesis 10 — die volketafel.

In die eerste hoofstukke van Genesis is reeds oor baie sake gehandel (oor man en vrou, ouers en kinders, mense en diere ens.) Maar oor die veelheid van volkere is nog nie gehandel nie. In hoofstukke 10 en 11 kom hulle nou in die gesigsveld. Uit die groot mensheidstroom gaan verskillende kleiner strome vertak. Die rykdom van die ontwikkeling van die volkelewe word aangevang. Baie duidelik word weer die eenheid van die menslike geslag beklemtoon: almal stam van Noag af en is uitvloeisel van die hernieuwe bevel om vrugbaar te wees en te vermeerder (Gen. 9 : 1). Uit hierdie seën vloei

egter ook die ryke verskeidenheid van die volkewêreld. Duidelik kom dit ook hier weer uit: *die eenheid van die menslike geslag is nie 'n eendersheid nie*. Dit word deur die volketafel onderstreep. Opmerklik is dat telkens die woorde gebruik word: in hulle lande, volgens hulle geslagte, in hulle nasies (Gen. 10 : 5, 20, 31). Dit is nie gevolg van vloek nie, maar van seën. „Dit is 'n rykdom dat die land van geen volk soos dié van 'n ander is nie. Dit is 'n verryking van die wêreld dat elke volk en elke geslag sy eie aard het”. (Zimmerli, *Genesis*, in *Serie Prophezei*, II, bl. 190).

Hieruit volg ook dit: nie hy wat sy eie volkie beskou as die enigste werklike volk ter aarde en sy taal graag as wêreldtaal wil sien, begryp hierdie boodskap nie, maar slegs hy wat besef dat God hom op hierdie bepaalde plek geplaas het, dat hy die aard waarin hy gebore is moet liefhê, sonder om egter te vergeet dat die besondere aarde waarin hy gebore is, maar 'n klein liggie is in die groot ligsee van die goddelike skepping (vgl. Zimmerli, a.w., bl. 191).

Gen. 10 werp verder 'n besondere lig op die Noagitiese profesie van hoofstuk 9. Hier word naamlik duidelik gesê dat al die volkere afstammelingen van Noag is deur sy drie seuns. Word nou hiermee vir ons 'n aanduiding gegee watter van die hedendaagse volkere afstam van Sem, Gam en Jafet respektiewelik?

Hier kan ons met instemming aanhaal wat prof. Aalders ten beste gee in sy kommentaar op Genesis: „Dit lê voor die hand dat dié bedoeling nie is om 'n volledige katalogus te gee van alle moontlike volke en stamme wat daar sedert die sondvloed en tot op die huidige dag op ons aardbol gewees het en tot op die wederkoms van die Here nog sal wees nie. Elke poging dus om alle tans bekende volke in die stamboom van Gen. 10 hulle plek te gee, is van te vore tot mislukking veroordeel, om die eenvoudige rede dat dit met die bedoeling van ons hoofstuk in stryd is. Selfs mag ons nie sê dat die volkeretafel altans 'n volledige oorsig wil bied van alle onderskeie nasies wat tot die oud-Oosterse wêreld behoort het nie. Dit is nie gerade om verder te gaan as die volgende uitspraak nie: dat hier van 'n groot aantal stamme en volke uit die oud-Oosterse wêreld en uit die daaraan onmiddellik rakende omgewing meegedeel word hoe hulle met die drie seuns van Noag in rapport gestaan het... Hierdie keuse sal wel beheers wees deur die kennis wat hulle destyds van lande en volke gehad het en deur die historiese situasies waarin hulle toe die volke gesien het. Dit doen niks te kort aan die openbaringskarakter van die hoofstuk nie: want dit is seker nie die bedoeling van die openbaring om aardrykskundige of volkekundige kennis te verskaf wat buite die gesigskring geleë is van die openbaringsinstrument en van hulle tot wie die openbaring hom allereers rig. Dit sou die grootste dwaasheid wees om te meen dat God deur Gen. 10 aan die eerste Bybellesers lande en volke wil laat ken wat hulle toe nog nie ken nie, omdat hulle nog ontdek moes word. Die

strekking van die openbaring kan geen ander gewees het nie as om aan hulle vir wie hierdie hoofstuk allereers geskryf is, duidelik te maak hoe die aan hulle destyds bekende bevolking van die aarde in sy geheel op die drietal Sem, Gam en Jafet teruggaan. En vir alle later tye lê dan in hierdie beperkte aanwysing die verkondiging dat langs soortgelyke lyne die hele bevolking van die aarde van die seuns van Noag afstam. Op watter wyse presies die verband tussen alle ook later bekend geworde volke en hierdie seuns van Noag gelê moet word, word ons nie geopenbaar nie; dit is die taak van die wetenskap van die volkekunde om vir sover dit moontlik is, daardie verband na te speur”. (a.w., bl. 265).

Om nou terug te kom op Gen. 9: eksegeties kan dit nie vasgestel word hoe die *teenswoordige* volke met die seuns van Noag saamhang nie. Ons moet dit oorlaat aan die wetenskap van die volkekunde. In hierdie uiteensetting gaan dit net oor die Skrifgegewens. Hiervolgens kan ons nie met sekerheid sê of die verbygaan van Gam wat die seën betref, ook betrekking het op een van die tans lewende volke nie.

Genesis 11.

As gevolg van 'n sondige ingewing probeer die mensheid om die verstrooiing oor die aarde te voorkom (Gen. 11 : 4). Dit is in direkte stryd met die ordinansie van God (vgl. Gen. 1 : 28; 9 : 1). Die toring van Babel moes o.m. die middelpunt vorm van 'n magtige ryk. In dieselfde lyn lê die optrede van Nimrod (Gen. 10 : 8—12). Hier is die begin van die imperialisme wat massalisering en nivellerings ten doel het (vgl. die droom van Nebukadnesar oor die groot boom wat die hele aarde oorskadu). Babel, die begin van die ryk van Nimrod, is dwarsdeur die Skrif die oertipe van hierdie strewe.

In die versteuring van die werk van die toringbouers lê enersyds 'n oordeel opgesluit. As gevolg van die feit dat „die een die taal van die ander nie kan verstaan nie” (Gen. 11 : 7) word, wat anders 'n natuurlike differensiering sou gewees het, nou 'n splitsing wat tot gevolg het die gedurige spanning en stryd tussen die volkere wat volgens die Skrif tot die einde sal voortduur. Andersyds sien ons in hierdie gebeurtenisse tog ook weer die genade van God. Hy voer in die eerste plek sy plan deur dat die mensheid die aarde sal vul. Aan die ander kant verhoed God die saamwoon in een massa, wat geen ander gevolg kan hê nie as dat die sondemag sal voorttiet: „Nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees nie” (Gen. 11 : 6). Menslike poginge sal 'n waaragtige eenheid van die menslike geslag nooit voortbring nie. God alleen kan en sal dit doen. Daarom word in Gen. 11 : 10—32 direk die stamboom gegee van Sem, uit wie Abraham gebore sou word, die geestelike vader van 'n mensheid wat in Christus een is.

Gen. 10 en 11 moet dus albei gelees word om te begryp wat die

volle waarheid in verband met die volkwêreld is. Die volkelewe verteer homself onder die vloek van die sonde in gedurige oorloë en tog skyn deur dit alles heen die lig van die seën van God. „Wie net van hierdie seën spreek en die vloek loën, spreek vals. Maar net so vals spreek hy wat alle verskeidenheid van die volke volgens taal, lande en nasies net as sondig beskou. Dit is die nugterheid van die Skrif dat dit net so ver staan van 'n selfsugtige nasionalisme as van 'n kleurlose internasionalisme”. (Zimmerli).

b. *Gen. 12 v.*

Gen. 1—11 het 'n steeds groter wordende verwydering tussen God en die mense getoon. In ooreenstemming daarmee was ook die gerigte van God: verdrywing uit die paradys; sondvloed; verydeling van die toringbou en versplintering van die mensheid. Die vraag kan gestel word: het God nou 'n einde met die mensheid gemaak? Sal die volke nou maar altyd in die tye van onwetendheid voortwandel, ver van God? Die antwoord lê in die roeping van Abram. Daar is sprake van heil wat nie tot een volk beperk sal wees nie maar deel sal wees van „*al die geslagte van die aarde*” (Gen. 12 : 3; vgl. ook Gen. 22 : 18). Tog val dit dadelik op dat die HERE Abram „'n groot nasie sal maak” (Gen. 12 : 2), m.a.w. Hy hou rekening met die differensiering in volke. Die roeping van Abram is die direkte antipode van die toringbou van Babel. Teenoor die sondige verenigingsdrang stel God *afsondering* en *skeiding*, wat as doel het die ware eenheid in Christus uit die nageslag van Abram. In verband met ons onderwerp is dit van belang dat God sy heilsplan nie voltrek deur middel van individue nie maar dat Hy 'n *volk*, die volk uit Abram gebore, *afsonder*. Aan die ander kant is die resultaat weer 'n herbore *mensheid* uit alle geslagte, tale en volke, geestelike kinders van die vader van die gelowiges (Gen. 15 : 5). Die nasies behou ook onder die verlossingsplan van hul God hul identiteit, maar die gelowiges vorm geestelik 'n eenheid.

Dit is duidelik dat Israel se afsondering niks met rasseapartheid te doen het nie (vgl. ook onder die uiteensetting in verband met die profete). Die afsondering van die nageslag van Abram mag dan ook nooit as 'n regverdiging vir rasseskieding aangewend word nie. Dit was uniek. Analogies is wel van algemene betekenis dat God 'n nasie afsonder om die geloof deur die eeue te dra, in sover dat dit daarheen wys dat 'n Christelike nasie ook sy kerstenende roeping alleen kan vervul deur sy nasionale identiteit en dus ook dié van die ontvangers te handhaaf in die oordrag van die Christendom. Bo is reeds daarop gewys dat volke gekersten word in die gelowiges uit die verskillende nasies.

c. *Exodus—Deuteronomium.*

Hier word ons in die eerste plek gestel voor die vraag wat die draagwydte van die bepalinge in Lev. 19 : 19 en Deut. 22 : 9-11 is. Ons haal hierby die gedagtes van twee eksegete van die vorige eeu

aan. H. L. Strack teken in sy kommentaar by Lev. 19 : 19 aan: „God het die diere sowel as die plante elkeen na sy soort geskape. Hierdie in die natuur bestaande ordening — dit is wel die sin van die gebod — moet in ag geneem word”. En S. R. Driver kommentaar soos volg by Deut. 22 : 9-11: „Die beweegrede vir die gebod skyn te wees die bewaring van natuurlike onderskeidings: soorte („species”) — ten minste soos hulle nou bestaan — is deur God beplan om onderskeie („distinct”) te wees; vgl. Gen. 1 : 11, 12, 21, 24, 25: elkeen het sy eie karakteristieke eienskappe; en met 'n beginsel wat so sigbaar deur die Skepper op die natuur afgedruk is, moet 'n mens nie inmeng nie”.

Die vraag is nou: Geld hierdie bepaling nog in die Nieu-Testamentiese bedeling, en, indien wel, kan dit toegepas word op rassevermenging? Dr. J. D. du Toit het op albei hierdie vrae bevestigend geantwoord. Vgl. sy woorde in die brosjure: *Die Afrikaanse Rassebeleid en die Skrif*, bl. 16: „Hoeveel te meer geld dit van mense (nl. dat die ordening van aparte soorte gehandhaaf moet word, S.d.T.). Alhoewel die mens slegs een soort is, is die blanke en die naturel so ver van mekaar verwyder, dat 'n huwelik tussen die twee inderdaad 'n mengsel genoem kan word. Hier geld die woord van die Here by die skepping van Eva uitgespreek: Ek sal vir hom (vir die man) 'n hulp maak *wat by hom pas* (Gen. 2 : 18). 'n Verbintenis soos die van Van der Kemp met 'n swart slavin was dan ook onpaslik, om nie te sê onnatuurlik nie. Ons bring dan ook ertalut aan ons stamouers wat hierdie soort dinge as 'n gruwel vermy het”. Dr. W. H. Gispen laat in sy kommentaar op Levitikus die saak vrywel onbeslis. Hy sou ook vir die bogenoemde verklaring gevoel het, soos deur Driver en Strack voorgestaan, as dit nie s.i. die konsekwensie meebring dat 'n voorskrif soos die in Lev. 19 : 19 ook vir ons geld nie. 'n Geval soos aangestip in Rom. 1 : 26, 27. lê op die terrein van die sedewet, is 'n geval van oortreding van die sewende gebod. Hy laat egter die moontlikheid oop dat die bogenoemde standpunt, veral soos deur König voorgedra, juis kan wees, nl.: Israel moet deur die onderhouding van geboorte soos hierdie toon dat dit op besondere wyse, toebehoort aan die God wat as Skepper bepaalde grense gestel het. As hy hom aan die grense nie hou nie, kon dit opgevat word as afsku vir die ware God. En dan laat Gispen volg: „Men zou dan ook te doen hebben met een Oud-Testamentische vorm van een uit Gen. 1 af te leiden beginsel, dat voor ons, Christenen slechts geldt, waar men bij overtredding in duidelijke strijd komt met de wet der tien geboden: de liefde tot God en de liefde tot de naaste”. Dit is duidelik dat hierdie verklaring in 'n heeltemal ander rigting gaan as die eersgenoemde.

Tog verwys Gispen (blykbaar met instemming) na die woorde van J. van Andel in *De Mozaïsche Wet*, bl. 81: „Wij zien dan ook dat bewustheid der onderscheidingen onder Israel tot een hoogen

graad van helderheid stijgt, en er de wacht houdt over elke onnatuurlike vermenging van het ongelijksoortige. Wel mogen wij ook deze wenken ter harte nemen. Onder den invloed toch ener overprikelde beschaving, die den zin voor de natuurlike orde en de oorspronkelyke eienaardigheden verzwakt, begint er iets onnatuurliks, dat licht in het tegennatuurlike overslaan kan, in onzen tijdgeest te ademen. Men voelt klaarder de overeenkomst dan het verschil: men drukt meer op de gelijkheid, dan op de verscheidenheid; alles wil men nevens elkaar zetten, en op gelijken voet brengen. Zoo dreigt er het gevaar, dat straks onder den invloed van het vrijgemaakte vleesch, de eeuwigte orde der dingen worde uitgewischt, en de wereld zichzelf in slijk en modder verstikke". In verband met ons onderwerp het hierdie woorde verreikende betekenis.

Dit klink byna in stryd met hierdie konklusies as daarop gelet word watter goeie gesindheid teenoor nie-Israeliete (vreemdes) in die wette van Moses ingeneem word, veral as in gedagte gehou word dat dit in die partikularistiese periode plaasvind. Die vreemdeling word opgedra aan die welwillendheid van die Israeliete (vgl. Ex. 22 : 21; 23 : 9). Hy mag deelneem aan die maaltyd wanneer die tiendes ingebring is, saam met die Leviet, die weduwe en die wees (Deut. 14 : 29). Saam met die volk moet hy vrolik wees op die feeste (Deut. 16 : 11, 14). Hy mag selfs besny word en deelneem aan die Paasfees (Ex. 12 : 48). Blykens Lev. 25 : 47 mog hy selfs sake doen en kon hy vermoënd word sodat hy selfs slawe uit die Israeliete kan koop. Volgens Eseg. 47 : 22 mag hy in die toekomst staat selfs saam met Israel deel in die besit van die land: „Hulle sal vir julle wees soos 'n kind van die land onder die kinders van Israel".

Dit alles klink nie in stryd met Lev. 19 : 19 en Deut. 22 : 9-11 nie as in gedagte gehou word dat die beding is „dat hulle by die HERE aansluit" (Jes. 56 : 3, 6), d.w.s. hulle moet religieus een met Israel word, geestelike kinders van Abraham word. As daar in die Pentateug streng teen vreemde volke opgetree word, dan is dit nie omdat hulle van 'n ander ras is nie, maar omdat die maat van hul ongeregtigheid vol geword het en/of omdat hulle vyande van die saak van die HERE is. (Vgl. bv. die uitroeiing van die Kanaäniete). Dat rasseoorweringe nie 'n rol speel nie, blyk bv. uit Deut. 23 : 3, 8. Van die Ammoniet of Moabiet (wat uit rasseoogpunt baie naby aan Israel gestaan het) mag selfs die tiende geslag nooit in die vergadering van die HERE kom nie, maar van die Egiptenaar wat ver weg staan, sal wel die derde geslag hierdie voorreg smaak.

'n Belangrike uitspraak is ook die van Num. 16 : 22. Moses en Aäron spreek die HERE in die gebed aan as: God van die geeste van alle vlees. Dit wil sê die God van die verbond is die Gewer van en Besikker oor alle lewe; dus nie net van Israel nie.

Dat die HERE die lotgevalle van al die volke beskik, kom ook

uit in Deut. 32 : 8: „Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel", d.w.s. die wêreld is so onder die volke verdeel dat ook vir die kinders van Israel ruim plek oorgebly het. Hier word terselfder tyd die belangrike gedagte uitgespreek dat die HERE die woonplek van elke volk bepaal. Hieruit volg dat ook wanneer daar volksverhuisinge plaasvind, dit onder die voorsienige leiding van die HERE geskied.

Ter afsluiting van hierdie gedeelte kan daarop gewys word dat reeds blykens die verhale van die Pentateug die volk Israel uit 'n rasseoogpunt nie heeltemal „suiwer" was nie. Moses tree byvoorbeeld in die huwelik met 'n Midianitiese vrou, (Ex. 2 : 16 v.) en selfs met 'n Kusitiese (Num. 12 : 1). Daar bestaan verskil of onder „Kusities" hier verstaan moet word „Ethiopies" dan wel of met die woord 'n lid van 'n sekere Arabiese stam bedoel word. Meestal sien die woord in die Ou Testament egter op die gedeelte van Afrika wat tans „Soedan" genoem word. As die vrou van Moses uit hierdie streke afkomstig was, het sy ongetwyfeld 'n swart gelaatskleur gehad. Sy kon dan een gewees het van die „menigte mense van gemengde bloed" wat volgens Ex. 12 : 28 v., Num. 11 : 4 v. saam met Israel uit Egipte opgetrek het. Josef trou met 'n Egiptiese vrou, uit wie die twee stamme Efraim en Manasse gespruit het (Gen. 41 : 45, 50 v.). Dit spreek vanself dat die vermelding van hierdie gemengde huwelike nie bedoel is om vir ons 'n norm aan te gee nie. Dit gaan vir ons hier slegs om die feit dat Israel self 'n volk met gemengde bloed was — 'n feit waarmee rekening gehou moet word in verband met ons onderwerp.

Huwelike met die Kanaäniete word deur die Here verbied, maar dit geskied uit religieuse oorweginge. Dit gaan om die gevaar van verbasering van die ware godsdiens. Dat rasseoorweringe hier nie 'n rol speel nie, blyk bv. uit Deut. 21 : 10 v. Die Israeliet mag wel trou met 'n vrou uit die heidense volke teen wie Israel oorlog gevoer het.

Die Profete.

a. Die „vroee" profete.

Volgens die Hebreeuse Bybel val ook die boeke Josua, Rigters, Samuel en Konings onder die profetiese boeke en word hulle die „vroee profete" genoem. Hierdie boeke gee wat Young noem „an interpretative history of God's dealings with the Theocratic nation from the time of the entrance into Canaan until the dissolution of the theocracy in the exile". Uiteraard sal in hierdie boeke dus nie veel met betrekking tot die verhouding van rasse en volke aangetref word nie. Wel is belangrik dat die besondere volk van die HERE nou ook hul besondere en eie land het, volgens die belofte aan

Abram. Die „vroeër” profete laat egter duidelik uitkom dat Israel sy roeping tot afsondering van die heidendom nie uitgeleef het nie. Veral die Rigterboek toon ’n treurige periode van verval. Met die oog op die heel besondere posisie van Israel kan egter ook hierdie feite nie gebruik word as argumente vir skeiding van die rasse nie.

Dit blyk dat vermenging van Israel met die volke van sy omgewing maar gedurig voortgegaan het. Volgens Rigters 3 : 5, 6 het die Israeliete ondertrou met Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete. Simson trou met ’n Filistynse vrou. Dawid tree in die huwelik met Maäga, die dogter van Talmai, die koning van Gesur. Of Batseba, die vrou van Uriä, die Hetiet, ook ’n Hetiet was, word nie uitdruklik gesê nie, maar dit is hoogs waarskynlik. Uit haar is Salomo gebore, wat baie vreemde vroue gehad het. Deur Isébel het selfs die koninklike geslag van Juda vreemde bloed in hul are gehad.

Nou is dit ’n bekende feit dat die HERE nie altyd die oordeel uitgespreek het oor wat in stryd met sy ordinansies gedoen is nie. Uit die ellende wat dikwels op hierdie gemengde huwelike gevolg het, kon duidelik genoeg gesien word dat dit die HERE mishaag het. Die saak waarom dit hier gaan, is egter dit: Israel self was alles behalwe ’n „suiwer” ras of volk, sodat dit ook om hierdie rede nie as voorbeeld van rasseskëiding gebruik kan word nie. ’n Onbevooroordeelde leser moet opmerk dat waar daar werklik goddelike afkeuring oor gemengde huwelike uitgespreek word, dit daarom gaan dat Israel sal verheidens en nie omdat die huweliksgesel(-in) van ’n ander ras of volk is nie.

Dat daar by Israel nie ’n rassegevoel bestaan het nie, blyk ook uit die feit dat vreemdes dikwels hoë posisies in die politieke en militêre lewe beklee het; vgl. bv. 1 Sam. 26 : 6 (Ahimeleg, die Hetiet); 2 Sam. 11 : (Uriä, die Hetiet, veg in die leër van Dawid); 2 Sam. 15 : 18 (die soldate van Dawid tydens die opstand van Absalom is grotendeels buitelanders); 2 Kon. 11 : 4 (Kariërs saam met Jojada in die huis van die HERE). Dit is bekend dat baie konings van Israel hulle omring het met buitelandse lyfwagte (vgl. Van Gelderen: *Koningen*, III, 204).

b. Die „later” profete.

In hierdie afdeling val die volgende boeke: Jesaja, Jeremia, Esegïel en die twaalf „klein” profete. Hier word veel meer in verband met ons onderwerp gevind as by die vroeër profete. Die profete van die HERE hou rekening met die verkiesing van Israel om die draer van die besondere openbaring te wees, maar hul profetiese blik gaan ook oor die volkewêreld.

Israel is die uitverkore volk van die HERE en voorwerp van sy besondere sorg. Maar as hulle ontrou word, hoef hulle nie ’n spesiale behandeling te verwag nie. In hierdie verband is Amos 9 : 7

van groot betekenis: Israel word hier vergelyk met drie volke wat deur hulle diep verag is: Kusiete, Filistyne en Arameërs. Net soos Israel uit Egipte gelei is, so die Filistyne uit Kafter en die Arameërs uit Kir. *Die verbondsvolk staan nie hoër in die skatting van die HERE as „die kinders van Kus” nie.* Skrifverklaarders is dit daarvoor vrywel eens dat hier sprake is van die bewoners van die teenswoordige Soedan (tussen Egipte en die teenswoordige Abessinië). Hulle het ’n swart huidsleur gehad en is — volgens prof. Van Gelderen in sy kommentaar op Amos — waarskynlik juis vanweë hierdie kleur verag. Maar Israel het in die oog van die HERE geen enkele prerogatief bo hierdie veragte Negers nie! Daarom is Jes. 18 juis so treffend: dieselfde Kusiete, „die hooguitgegroeide nasie met die blink vel”, sal ook aan die HERE geskenke bring. Hulle sal ook deel hê aan die heil. Dit is opmerklik dat die hofdienaar van Ethiopië (waarmee ook die teenswoordige Soedan bedoel word, vgl. Grosheide in *Korte Verklaring*, t.p.) voor Paulus tot die Christendom bekeer word. (Hand. 8 en 9). In hierdie verband moet ons nog daarop wys dat die swart kleur van die Kusiet volgens Jeremia iets is wat nie verander kan word nie, net so min as die vlekke van die luiperd (Jer. 13 : 23) — dit is nie maar ’n aksidentele verskynsel nie.

Net soos die Pentateug leer die profete dat die HERE ook die beweging van die ander volke kontroleer; vgl. bv. Jes. 19 : 20; Jer. 27 : 6; 43 : 10; Eseg. 29 : 12 v.; Amos 9 : 7b. Dit is duidelik dat die profete die bestaan van afsonderlike nasies eerbiedig. Daarom is hulle ook so fel in hul veroordeling van die imperialistiese ryke; vgl. bv. Jes. 47; Jer. 50 v.; Nahum; Habakkuk 2 : 12 v. In die toekoms sien hulle ook vir volke (altans vir die gelowiges onder hulle) ’n heerlike vergesig. Hulle sal deel in die heerlike gawes van die Messiaanse tyd (vgl. veral Jes. 2 : 2-4; 25 : 6, 7; Sef. 2 : 11b; 3 : 9). As die profete die volkere sien optrek na Jerusalem, dan het dit niks te doen met ’n voorkeur van Israel nie. Jerusalem is die plek waar die HERE Hom in die partikularistiese periode geopenbaar het. Maar hierdie tyd gaan verby, en dan sal die volke die HERE aanbid, „elkeen uit sy woonplek” (Sef. 2 : 11b; Mal. 1 : 11). Besonder belangrik vir ons onderwerp is dat in Jes. 25 : 6 uitdruklik staan dat die HERE „vir al die volke” die maaltyd toebreid. *Die individualiteit van die afsonderlike volke bly dus tot die einde toe.* Net so ’n grootse perspektief bied Jes. 19 en veral vers 24, waar blyk dat Israel die derde plek inneem, terwyl vir Egipte en Assirië, die erfvyande van Israel, die eerste en tweede plekke ingeruim word, d.w.s. in godsdienstige opsig.

Dit is daarom vanselfsprekend dat die profete — in aansluiting by die belofte aan Abraham — besonder sterk die missionêre taak van Israel beklemtoon. Die klassieke voorbeeld is die boek Jona. Ten opsigte van die „kneg van die HERE” word gesê dat Hy ’n „lig van die nasies” is (Jes. 49 : 6).

Die „geskrifte”

Ten slotte behandel ons die derde deel van die Hebreeuse Bybel.

a. *Psalms, Spreuke, Job.*

Wat Psalms betref, kan ons volstaan met 'n verwysing na die onlangs verskene proefskrif van dr. P. J. N. Smal: *Die universalisme in die Psalms*. Hoewel ook die partikularisme in die Psalms aangetref word, speel die universalisme 'n groot rol en is die psalmdigters in volkome harmonie met die profete. Hoewel daar 'n noue band tussen die HERE en Israel bestaan, is die Here tog Koning oor al die nasies (vgl. Ps. 22 : 29; 47 : 9a; 99 : 2b). In die profetiese vergesig sien die psalmdigters dat die „eindes van die aarde” hulle tot die HERE sal bekeer (vgl. Ps. 22 : 28). Die „geslagte van die nasies” sal die HERE aanbid (Ps. 22 : 30a). Die sendingsgedagte word in verskillende psalms gevind (bv. 9 : 12; 28 : 50; 47 : 2), ens.

b. *Spreuke en Job.*

Hier het ons te doen met „wysheidsboeke” waarvan dit kenmerkend is dat hulle universeel in hul strekking is en bedoel is vir alle mense. Dit is opmerklik dat Job selfs geen Israeliet is nie. In die wysheidsboeke gaan dit om vraagstukke waarmee alle mense worstel en nie net Israel nie. Ook hier laat die Skrif dus die blik gaan oor die ganze wêreld.

c. *Die vyf „rolle” of „feesrolle”.*

Die boek Ester verkondig skynbaar weer 'n streng partikularisme en word deur sommige selfs as 'n volslae Joodse geskrif beskou. Dit gaan hier ongetwyfeld om die voortbestaan van die Joodse volk en die neerwerping van hul vyande, maar in laaste instansie is die vraag wat beslis word, of die vrouesaad sal bestaan teenoor die aanslag van die slangesaad, wat probeer om die geboorte van die Wêreldheiland te verhinder deur die volk te vermoor waaruit Hy gebore moet word.

Ook die boek Rut is een van die feesrolle. In hierdie boek leer ons dat 'n (oorspronklik) heidense, Moabitiese, vrou een van die voormoeders van Christus is. Met geen enkele trek word aangedui dat sy nie welkom onder Israel is omdat sy 'n Moabitiese is nie. Sy bekeer haar tot die lewende God en word in die verbondsvolk opgeneem, net soos Ragab, die Kanaänitiese.

Van die boek *Prediker* geld dieselfde as van *Spreuke* en *Job*, aangesien dit ook 'n wysheidsboek is.

Die boeke Hooglied en Klaagliedere het geen besondere stof vir ons onderwerp nie.

d. *Daniël, Esra, Nehemia en Kronieke.*

Die boek Daniël is volkome in harmonie met die profete wat ons reeds behandel het. Die sienersblik van Daniël sweef wyd uit oor die koninkryke van die wêreld en is nie tot die bondsvolk beperk

nie. Ook in hierdie boek is dit duidelik dat die imperialisme in stryd is met die bedoeling van God (vgl. bv. die droom van Nebukadnesar in Dan. 4). Die wêreldryke is afskuwelike monsters (vgl. Dan. 7). Die enigste ryk wat in ewigheid sal bestaan, is die ryk van die Menseseun (Dan. 7). „Al die volke en nasies en tale” sal Hom vereer (Dan. 7 : 14). Ook hier word dus die bestaan van volke en nasies tot die einde gehandhaaf.

In die boeke Esra en Nehemia word deur sommige — net soos by Ester — oordrewe partikularisme en rassechauvinisme gevind, en die bevel om die heidense vroue weg te stuur word selfs as 'n argument vir rasseseiking aangevoer. Dit gaan egter by Esra en Nehemia nie om rasseoorweginge nie, maar om die behoud van die ware Godsdiens (vgl. Esra 9 : 1, 2, 11, 12; Ex. 34 : 15 v.). Dit was abnormale omstandighede waaronder Esra en Nehemia as reformatore optree. Daar moet op gelet word dat onder die vreemde vroue ook Ammonitiese en Moabitiese voorgekom het, vroue uit volkere wat aan Israel na verwant is.

Vir die boek Kronieke geld dieselfde as wat van die „vroeeër” profete gesê is.

KONKLUSIES IN VERBAND MET DIE OU TESTAMENT.

Op grond van ons ondersoek kan van die *gees en strekking* van die Ou Testament ten opsigte van rasseverhoudinge die volgende samevatting gegee word:

a. Die menslike geslag is 'n *eenheid*. Wat God saamgevoeg het, mag die mens nie skei nie. Alle mense stam van een mensepaar af en is dus van een bloed.

b. Behalwe die eenheid toon die skepping van God ook 'n ryke *variasie en differensiasie*. Wat God geskei het, mag die mens nie saamvoeg nie.

c. Hierdie variasie en differensiasie sal vanself volg as die goddelike opdrag om die aarde te vul uitgevoer word. Dit bring vanself selfstandige ontwikkeling, wat in ooreenstemming met die wil van God is.

d. Alle wesens wat nog trekke van die beeld van God vertoon (hoe swak ook al), deel in die voorregte en verpligtinge wat vir mense geld. Daar is wel verskil onder mense volgens aanleg en voorregte, maar daar is geen mense en dus ook geen volke en rasse wat van nature meerderwaardig is en dus op meer voorregte aanspraak mag maak nie.

e. Die mens is bestem om heerser te wees oor die skepping van God, en enige vorm van verslawing moet bestry word. Meer bevoorregte volke moet hulle gawes en talente tot nut van minder bevoorregte volke bestee.

f. Aan die mens is 'n kultuuropdrag gegee; en alles wat hom

hinder in die uitvoering hiervan, is verwerplik. As 'n beskaafde volk byvoorbeeld toelaat dat hy deur ondertrouing en andersins, deur 'n volk wat in barbarisme lewe, verswelg word en die kultuurpeil daal sodat die aarde nie bewerk en bewaak word nie maar aan verwildering prysgegee, handel dit in stryd met die ordinansie van God.

g. By die behandeling van rassevraagstukke moet altyd rekening gehou word met die vloek van God na die sondeval. Hierdie vloek bring mee dat 'n natuurlike differensiasie vervorm kan word tot 'n kloof wat stryd en verwydering bring. 'n Hoogtepunt in hierdie proses vorm die toringbou van Babel. Dit is dus 'n roeping van 'n gelowige om te werk in die rigting van 'n goeie verstandhouding tussen rasse en volke.

h. Die Ou Testament gebruik nie die woord „ras” nie maar leer dat die mensheid na die sondvloed in drie groot groepe uiteengaan elk met sy eie eienaardighede, in ooreenstemming met die profesie van Noag. Hierin lê ongeveer dieselfde gedagte uitgespreek as in die moderne begrip „ras”.

i. Aangesien ons nie presies weet hoe die volke en rasse van ons tyd in verband staan met die seuns van Noag nie, kan die Noagitiese profesie moeilik op die rasseverhoudings van ons tyd toegepas word. Soveel is egter seker dat die vloek oor Kanaän nie betrekking het op enigeen van die tans lewende volke nie.

j. Menslike poginge sal na die spraakverwarring by Babel nie weer 'n waaragtige eenwording van die mensheid tot stand bring nie. God alleen kan dit doen en wel in die geestelike eenheid van die kinders van Abraham, met handhawing van die verskillende volke en tale.

k. Die Ou Testament verwerp sowel rassechauvinisme en „Herrenvolkisme” as 'n dweepsieke kosmopolitisme op die basis van 'n wêreldburgerskap. Die een beteken 'n hartstogtelike op-die-spitsdrywing van eie ras of volk, met minagting van almal wat nie daartoe behoort nie, en die ander uitwissing van die grense tussen rasse en volke. Rassechauvinisme word o.m. aangetref by Israel self (die ander volke is *gójim*, met 'n veragtelike bysmaak!) asook by Nimrod, Sanherib, Nebukadnesar ens., en die profete spreek hulle baie sterk hierteen uit. Die kosmopolitisme wil met menslike middele 'n bovolkse wêreldryk stig met nivellering van die differensiasie. Dit is in stryd met die skeppingsplan van God, soos by die toringbou van Babel geblyk het. God alleen kan 'n ryk tot stand bring wat oor die hele wêreld strek, maar dit is nie uit die aarde aards nie en beskou die volkse differensiasie nie as iets wat uit die bose is nie. Tot aan die einde sal daar volke en nasies en tale wees.

l. Die massaliserings- en nivellerings-tendense in die volke-wêreld is o.m. deur Satan geïnspireer. Dit is die wegvlug van die individuele verantwoordelikheid. „Alle lewe is differensiering, afson-

dering en eie aard. Die besef van eie verantwoordelikheid is die grond van alle skeppende aktiwiteit” (Hellmuth Frey). In die opeenhoping van mense vind demoniese magte vrugbare teelaarde.

m. In die hele Ou Testament is daar geen diskriminasie teenoor enige ras of volk *net omdat dit 'n ander ras of volk is nie*. Diskriminasie vind plaas op grond van die geloof. Teen ander volke of rasse word opgetree wanneer hulle 'n gevaar vir die koninkryk van God word wat die verband met God betref.

n. Israel is wel die verbondsvolk maar het geen prerogatief bo ander volke nie, selfs nie bo die swart Kusiet nie.

o. Die HERE bepaal nie alleen vir Israel sy woonplek nie maar vir alle volke.

p. Nêrens in die Ou Testament is daar enige aanduiding dat vermenging tussen individue of reste van verskillende rasse en volke sondig is nie. Gesien egter die feit dat volgens die Woord van God volkere en tale tot die einde sal bly bestaan en dat dit ook nie as sonde bestempel word as 'n ras of volk daarna streef om sy identiteit te bewaar nie, veral nie as daar geen regte van ander aangetas word nie. Trouens, dit moet as sonde beskou word as 'n volk sy volksidentiteit prysgee, daarmee sy eie roeping versaak en die gedagte van verskeidenheid geweld aandoen.

q. Wie die ware God en Sy woord ken, het 'n sendingroeping teenoor volkere wat nog in die duisternis van die heidendom lewe.

2. Die Nuwe Testament.

a. Die Evangelies.

(1) Die Geboortegeskiedenis.

Die Nuwe Testament begin met geslagsregisters van Jesus Christus (Matt. 1 : 1-17; Luk. 3 : 23-38). Dit herinner aan die groot plek wat afstamming in die Ou Testament inneem, soos blyk uit die telkens terugkerende geslagsregisters daar. (Wat o.a. die priesters en Leviete betref, vgl. Esra 2 : 62). Elke Israëliet het sy geslagsregister gehad (1 Kron. 9 : 1). Dat die Nuwe Testament hiermee begin, laat dit al duidelik sien dat afstamming allermins in die Nuwe Testament, en ook „in Christus”, sy betekenis verloor het.

(a) Die geslagsregister by Lukas.

Die geslagsregister gaan by Lukas deur tot by Adam en bring Christus in betrekking tot die hele menslike geslag. Dit laat die *mensheid* sien:

(i) as 'n organiese eenheid, een bloedgemeenskap in Adam (vgl. Hand. 17 : 26);

(ii) as van Goddelike oorsprong, wat geld van die mees primitiewe ras sowel as van die mees ontwikkelde;

(iii) as 'n gevalle geslag, wat geld van die hoogs ontwikkelde sowel as die laagsgesonde ras, en

(iv) as 'n in Christus verlore geslag.

Wat die geslagsregister in een oogopslag laat sien — en hierin is die betekenis daarvan geleë — is dat dit nie maar individuele mense is wat in Christus verlore word nie maar die hele mensheid (iets anders as „alle mense”), soos die hele mensheid in die val van Adam betrokke was (vgl. Rom. 5 : 12 vv.).

Aangaande *Christus* blyk uit die geslagsregister dat Hy aan die mensheid behoort nie anders as deur toehorigheid aan 'n bepaalde geslag (Dawid), stam (Juda), volk (Abraham), ras (Sem). 'n Blote mens-syn bestaan, óók ten opsigte van Christus, nie, ten minste nie na sy vernederde menslike natuur nie. Hy moes ook hierdie „beperkinge” op Hom neem. Egter ook nie na sy verheerlikte natuur nie. (Openb. 5 : 6; 7 : 5, vgl. Hebr. 7 : 14). Derhalwe mag hierdie beperkinge (afstamming, volk, ras) nie gesien word as sodanige beperkinge of as gevolg van die sonde nie.

Hoewel die nadruk by Lukas, geheel in ooreenstemming met die universele strekking van sy evangelie, op die betrekking van Christus tot die mensheid val, word sy besondere betrekking tot Israel tog nie uit die oog verlore nie. Hy is die Beloofde Verlosser van sy volk Israel uit die geslag van Dawid (vgl. 1 : 32, 1 : 68). Maar Hy is ook die beloofde Saad van Abraham, in wie die belofte toekom nie alleen aan Israel nie maar aan alle geslagte (Gen. 12 : 3) en nasies (Gen. 22 : 18. Vgl. Hand. 2 : 39; 3 : 25, 26; 10 : 35). Die in Christus verlore „mensheid” kan dus nader omskryf word: die mensheid in al sy vertakkinge (geslagte, volke, rasse). As die geslagsregister dan teruggaan van Abraham tot by Adam, dan laat dit sien dat die verbond met Abraham 'n reële grondslag het in afstamming en dat dit 'n nadere uitwerking is van die verbond met die hele menslike geslag in Adam (Gen. 3 : 15), wat deur die verdeling van nasies heen van krag gebly het.

Die stamboom by Lukas, wat teruggaan tot by Adam (oor Dawid en Abraham) teken Christus dan as Behouer van die hele menslike geslag, ook in dié sin, dat die verskeidenhede daarin behoue bly, die boom met sy vertakkinge.

(b) *Die geslagsregister by Matthéüs.*

Die geslagsregister by Matthéüs gaan terug tot by Abraham, die stamvader van Israel. Hiermee laat hy Christus sien as die Beloofde Verlosser van sy volk Israel.

By hierdie beklemtoning deur Matthéüs van die besondere betrekking van Christus tot Israel (die partikuliere) word egter die betrekking van Christus tot die mensheid (die universele) nie uit die oog verlore nie, soos, omgekeerd, by Lukas by die beklemtoning van die universele (die betrekking tot die mensheid) die partikuliere (betrekking tot Israel) nie uit die oog verlore word nie. Die geslags-

register by Matthéüs beskryf Christus as die Beloofde Verlosser van sy volk Israel, in ooreenstemming met sy hele Evangelie, maar ook as Verlosser van alle nasies.

Dit kom in die geslagsregister op twee maniere uit:

(i) In die naam van Abraham, vader van 'n menigte van nasies, Gen. 17 : 5. Die belofte aan Abraham was dan ook vir alle „geslagte”, Gen. 12 : 3, nie alleen nie, maar ook vir alle „nasies”, Gen. 22 : 18. Hier is dit tevens duidelik dat alle nasies in die verbond met Abraham begrepe is, en dat die betrekking van Christus tot die nasies 'n verbondsbetrekking is.

(ii) In die „gebroke” geslagsregister by Matthéüs. Daar kom 4 vrouename voor in die geslagsregister van Christus. Twee daarvan herinner aan swaar sondes, naamlik die van Tamar en van Batseba, na wie verwys word slegs as „die vrou van Uria”. So laat die geslagsregister uitkom: die verbondstrou van die Here niteenstaande die sonde van die volk. Sonde bly sonde al is dit in die heilige geslagslinie. Die twee ander name is dié van nie-Israelitiese vroue. Die opvallende is dan dat juis Matthéüs met sy sterk partikularistiese inslag voor die feit stel dat Jesus Christus na sy menslike natuur nie van ongemengde afkoms was nie. Onder sy voorgeslagte was nie alleen Rut, die Moabitiese nie, maar ook Ragab, die Kanaänitiese.

Dit is 'n misvatting as uit hierdie gebroke geslagsregister van Matthéüs gekonkludeer word tot uitwissing van grense in Christus. Dit is tog ondenkbaar dat Matthéüs so 'n noukeurig uitgewerkte geslagsregister sou opstel slegs om aan te toon dat afstamming van geen betekenis is nie.

Die betekenis van die gebroke geslagsregister van Matthéüs met die feit dat Christus nie van ongemengde afkoms is nie moet in die volgende gesien word:

Ten eerste: Jesus behoort nie net tot die Jode nie maar ook tot die volke. Inderdaad word hiermee 'n muur van afskeiding afgebreek: die begrensing van die genade tot die Jodendom en diegene wat hulle by die Jodendom voeg met uitsluiting van die nasies. Lukas toon dit aan deur te herinner aan die bloedverwantskap van alle mense, ook van Christus met alle mense na sy menslike natuur. Matthéüs doen dit deur sy herinnering aan die feit, dat Christus nie van ongemengde afkoms is nie. Dit het met uitwissing van grense assulks niks te doen nie.

Ten tweede: Vir die Jode bevat dit die herinnering dat hulle self as nasie nie vry is van vreemde bloed nie, selfs nie in hulle koningshuis nie, en in die algemeen en vir alle tye, dat rassesuiverheid in absolute sin iets is wat nie bestaan nie en ook nie gestel kon word as absolute eis nie. By Lukas is dit uitgedruk in die boom en sy takke — die mensheid uit een bloed, (vgl. Hand. 17 : 26). By Matthéüs in sy gebroke stamboom. Dat Jesus nie van ongemengde

afkoms is nie, staan hier as betekenisvolle feit teenoor alle ordrewe nasietrots en rasseverheerliking.

Ten derde: Dit bevestig die feit dat dit in die Ou-Testamentiese verbod op vermenging nie gegaan het om suiwerheid van bloed nie, maar om die suiwerheid van die Openbaring. Die verbod op vermenging was suiwer godsdienstig gefundeer. Nie-Israeliete is opgeneem in die volksgemeenskap van Israel, soos ook blyk uit die geslagsregister. Hierdie godsdienstige apartheid van die Ou Testament vind sy toepassing in die Nuwe Testament in geestelike apartheid tussen kerk en wêreld, gelowiges en ongelowiges, al is dit van dieselfde ras of volk (2 Kor. 6 : 11 vv.).

Dit beteken egter nie dat natuurlike verwantskappe (familie, ras, volk) hulle betekenis vir die Nuwe Testament verloor het nie. Al het die volksgedagte van Israel oorgegaan op die Kerk as die volk van God, die betekenis daarvan, dat God 'n volk uitgekies het onder volkere om draer van die besondere Openbaring te wees moet nie onderskat word, soos meestal geskied, nie. Daar sit 'n gedagte in wat deurloop: In die doopbevel bv. Matt. 28 : 19, gaan dit nie om geïsoleerde individue nie, maar om nasies. Dit sluit direk aan by die belofte aan Abraham, Gen. 12 : 3; 22 : 18. Verder staan dit in verband met die verbreiding van die evangelie. Dit gaan van volk tot volk, „van Jerusalem af en verder”, Luk. 24 : 47, vgl. Hand. 1 : 8. Die verbreiding van die evangelie veronderstel die bestaan van nasies, so kom daar gekerstende nasies naas heidense, en kan vermenging van gekerstende en heidense nasies 'n bedreiging inhou vir die Christendom, sodat die verbod op vermenging in hierdie opsig sy krag bly behou vir die Nieu-Testamentiese bedeling ewegoed as vir die Oue. Dat God 'n volk gekies het, het sy betekenis ook vir die deurwerking van die evangelie. Ook die volkslewe moet gekersten word: Al sou vermenging assonanig nie deur die Skrif verbied word nie, moet dit tog as sondig bestempel word insoverre dit 'n bedreiging sou inhou vir 'n Christelike kultuur. Ons kan verder gaan: Omdat kultuur self 'n Goddelike opdrag is, is 'n hoër kultuur onder die algemene genade geroepe om homself te beskerm om die laere te kan ophef en nie deur 'n laere neergetrek te word nie. Onder sekere voorbehoud kan die volgende onderskryf word: „It is in the interest of humanity as a whole that the highest type of culture should maintain itself at the highest level of efficiency in order to render the highest service to religion and morality, to thought and art, to scientific and material progress” (Prof. J. du Plessis, aangehaal deur W. J. van der Merwe: *The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church of South Africa*, p. 256).

In verband met voorgaande moet nog daarop gewys word, dat die begrippe „eiesoortigheid” en „andersoortigheid” nie statiese begrippe is nie. Deur wedersydse bevrugting ondergaan kulture

verandering, en deur vermenging kan nuwe vorme ontstaan. Daar moet onderskei word tussen uitwissing van grense as beginsel, en vermenging waardeur nuwe verskeidenhede ontstaan. Die eerste lei op die weg van Babel. Die laaste word deur die Skrif nie verbied nie.

'n Karakteristiek van die geslagsregisters is die verbinding van die besondere en die algemene, sodat die een nie deur die ander verdring word nie. By Matthéüs is Jesus die Beloofde Messias van die Joodse volk (die besondere), maar alle nasies is in die verbond begrepe (die universele). By Lukas is Hy die Verlosser van die mensheid (die universele) in sy verbesonderinge (rasse, geslagte, volkere).

Met wat hulle impliseer, bevat die geslagsregisters alles wat die Nuwe Testament verder leer in verband met die natuurlike verwantskappe en gemeenskappe in hulle verskillende gradering en ook in hulle regte verhouding tot mekaar en tot die geestelike gemeenskap in Christus (die Kerk). Wat verder volg is slegs nadere ontplooiing.

(c) *Die verdere geboortegeschiedenis.*

Ook in die verdere geboortegeschiedenis lê die partikuliere en die universele op dieselfde wyse saam geweef.

(i) Die heil van die Koninkryk is nie maar politieke verlossing vir die Joodse volk nie, maar verlossing van sonde en dood (Luk. 1 : 79), die universele nood van die mensheid.

(ii) Jesus groei op in Nasaret in Galilea met sy halfheidense bevolking (1 : 79).

(iii) Soos Israel die volk van die verkiesing was, gaan dit nou om die mensheid „van sy welbehag” (Luk. 2 : 14). „Sy welbehag” hou teweens 'n belangrike beperking in. Nadere lig op die samehang tussen die verkiesing en die natuurlike verwantskappe vind ons by Johannes die Doper en in Rom. 9-11.

(iv) Jesus word gehuldig deur die wyse uit die Ooste, maar as Koning van die Jode (Matt. 2 : 1 vv.).

(v) Hy is die „lig van die nasies” en „die heerlikheid van sy volk Israel” Luk. 2 : 32, (vgl. Jes. 19 : 21-25; 42 : 6 v.; 49 : 6). Hierin word die hele geboortegeschiedenis saamgevat.

(2) *Johannes die Doper.*

By Johannes die Doper val daar belangrike lig op die verhouding van individu, volk en kerk.

Skynbaar gaan dit by Johannes die Doper teen afstamming. Afkoms (van Abraham) is geen waarborg vir die Koninkryk van God nie. Die nadruk val op persoonlike bekering teenoor toehorigheid tot die volk (Matt. 3 : 8, 9).

Met 'n skyn van reg word dan die groot betekenis van Johannes die Doper gesien in hierdie teëstelling van individu en volk. Dit sou dan ook die tiperende wees van die Nuwe Testament teenoor die

Ons Testament en die betekenis van die Nuwe Testament en van die Christendom sou bestaan in die universalisering van die godsdiens deur die individualisering daarvan.

Dit gaan egter by Johannes die Doper nie om die teëstelling tussen volk en individu nie maar om afstamming en Goddelike vrymag (Matt. 3 : 9). By die Jodendom is die Goddelike verkiesing bepaal deur afstamming. Hierby het dan gekom eie verdienstelikeheid deur wetsvervulling, waardeur 'n Israel „by uitnemendheid” ontstaan het (die Fariseïsme). Johannes maak die verkiesing nie los van afstamming nie, maar lê dit daaraan ten grondslag, sodat dit gaan deur die geslagte heen. Dit is die eerste skrede op die weg van kerkhervorming in die Nuwe Testament. Dit bestaan nie in 'n uitwissing van grense tussen Israel en die volke en tussen volke en volke (sodat alle grense in die kerk uitgewis is nie), of in 'n „Begründung eines Gottesvolkes ohne Blutmässige Bindung” nie (vgl. E. Stauffer: *Die Theologie des Neuen Testament*, p. 289), maar in 'n kringvorming binne Israel deur die doop, nl. die gelowiges as die ware Israel. Dit is die heilshistoriese betekenis van Johannes die Doper.

Hier, by sy oorsprong, is die verband tussen kerk en volk duidelik. Die verband moet nie so gesien word dat kerk en volk mekaar uiterlik dek soos by Israel wat 'n Kerkvolk was, of omgekeerd, in die gangbare idee van 'n volkskerk nie. Die kerk staan ook nie los van die volk nie (kenmerkend van sektarisme) of bo die volk nie. Daar is 'n innerlike, organiese verband tussen kerk en volk: In die kerk bestaan die volk voort. Die ongelowiges is die bome wat uitgekap word (Matt. 3 : 10). In sy gelowiges is die volk behoue. Dit word nader uitgewerk in Rom. 9-11. Hierin is die volk Israel 'n voorbeeld vir elke volk (vgl. 1 Kor. 10 : 11; 1 Thess. 2 : 14). Die menslike geslag word volksgewyse gered, maar dan in sy uitverkorenes (vgl. Luk. 2 : 14 en Dan. 12 : 1b, 2).

(3) Die optrede van Jesus.

Die universele lyn lê hier duidelik. Reeds in sy aanvangsprediking hou Hy dit aan Israel voor dat dit nie gaan om nasionale nood en politieke verlossing nie maar om die nood van die mensheid, om siekte, dood en sonde (Luk. 4 : 16 vv.). In die Bergpredikasie gaan dit teen legalisering en teen nasionalisering van godsdiens: *naastediens* wat nie beperk mag word tot *nastediens* nie maar ook vyande insluit (Matt. 5 : 44), hoeveel te meer nog mense van 'n ander ras of volk, soos Jesus ook leer in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan en self ook toon deur die grense tussen Jode en Samaritane nie te reken nie en teen alle Joodse volkstradisie in met 'n vrou, en boonop 'n Samaritaanse, te spreek. Hy gaan ook buite die grense van die Joodse land na Tirus en Sidon. In die Koninkryk van die hemele val die grense ook weg tussen Ooste en Weste (Matt. 8 : 11). Dit kom slegs aan op geloof (Joh. 3 : 16); 'n heidense hoofman is

hierin 'n voorbeeld (Matt. 8 : 10). Jesus is Wêreldheiland (Joh. 4 : 42). Alles loop uit op die universele bevel van Matt. 28 : 19. Ons gaan nie te ver as ons oordrewe nasionale trots sien as 'n sonde wat Jesus eindelik aan die kruis gebring het nie. Die „woede” van Lukas 4 : 29 is gekrenkte nasietrots waar nasionale vooroordele deurbreek word. Diegene wat hieruit egter 'n opsetting van alle nasionale grense aflei, moet daaraan herinner word dat hierdie lyn deurgetrek kan word tot alle natuurlike verhoudinge, ook die mees fundamentele; die huislike (Matt. 10 : 37; 12 : 50; Luk. 11 : 27, 28). Hier sou dan geleer word dat sulke betrekkings nie alleen van „minder belang” is nie maar geheel en al onverenigbaar en strydig met die liefde tot God. Liefde tot God sou dan ook nie familieliefde gedoog nie, so min as volksliefde, ens. In die bogenoemde tekste gaan dit egter daarom as daar 'n keuse gedoen moet word. Dan geld selfs die innigste familiebande nie. Die verdeeldheid wat Jesus bring, gaan ook deur die familielewe heen (Matt. 10 : 34). Dit is egter geheel iets anders as dat dit daardeur opgehef word. Dat hiervan geen sprake kan wees nie, vgl. Matt. 15 : 4. Die eer aan vader en moeder wat hier gevorder word, sluit eerbetuiging in van alle natuurlike bande, ook hoogskatting van vaderland en moedertaal.

Daar gaan dan ook 'n tweede lyn deur die evangelies wat nie uit die oog verloor moet word nie. Naas die universele is daar ook die partikuliere, wat die duidelikste en skerpste uitkom in die beperking van die sending tot die volk Israel met die uitdruklike verbod daarby om te gaan na die Samaritane en die heidene (Matt. 10 : 5-6), soos Jesus ook sy eie sending beperk sien tot die verlore skape van die huis van Israel, juis as Hy vertoef in Siro-Fenisië (Matt. 15 : 24, vgl. vs. 26).

Die maklikste oplossing sou wees om slegs die een of die ander raak te sien na gelang dit ons pas. Andere sien hier 'n teenstrydigheid in die evangelie en maak daarvan 'n beginsel van bronnekritiek. Dit is ten minste 'n eerliker weg. Die juiste weg word deur die evangelies self aangewys. Daar vind ons die volgende lyn: die universele in die prediking en optrede van Jesus loop ewewydig met sy verwerping deur Israel. As Hy deur Samaria gaan, is Hy deur Jerusalem verwerp. Hy gaan na die streke van Tirus en Sidon as Hy deur Galilea verwerp is. Die uitsending met die universele opdrag na alle nasies kom van die Gekruisigde en Opgestane Heiland.

Hieruit is duidelik:

(a) dat dit by Jesus in die eerste plek gegaan het om die volk (Israel);

(b) dat Hy nooit die volk verwerp het nie, maar die volk het Hom verwerp.

Een van die weinige kere waarvan ons lees dat Jesus geweet het, was oor Jerusalem (Luk. 19 : 41, vgl. Matt. 23 : 37 v.). Hierin was Jeremia 'n tipe (Jer. 9 : 1, Klaagl.). 'n Naklank kry ons by

Paulus (Rom. 9 : 1 v.). Daar mag dus by Jesus nie net gespreek word van menseliefde nie; daar was by Hom groot nasieliefde.

By die kerkstigting (Matt. 16 : 18) is van belang dat die tyd-stip in gedagte gehou word waarop dit plaasgevind het. Dit vind plaas as die verwerping van Jesus deur Israel, sy leiers (Matt. 12 : 22 vv.) en die volk, (Joh. 6 : 66 vv.) 'n voldonge feit was. Dan is dit duidelik dat die kerk nie ontstaan het deur afskeiding van die volk nie maar deurdat die volk hom afgeskei het van Jesus. Nie almal nie: die wat oorgebly het uit Israel, is die „*ekklesia*”, die „volk van God” (vgl. Matt. 3 : 12).

In die sendingbevel gaan die evangelie die hele wêreld in (Mark. 16 : 15), die wêreld egter soos dit bestaan in „nasies” (Matt. 28 : 19), van Jerusalem af en verder (Luk. 24 : 47), volgens die verbond van Abraham (Gen. 12 : 3, Gen. 22 : 18) en met Adam (Gen. 3 : 15).

Wat in die evangelies veroordeeld staan, is 'n genasionaliseerde godsdiens en verafgoding van die nasie en alle natuurlike bande, nie hierdie verbande self nie, ook nie die nasionale nie. Dit is terreine waarin God werk en waarin God gedien moet word, netsoos in die persoonlike lewe.

b. *Handelinge.*

Die evangelie gaan oor die grense van die Heilige Land tot die uiterste van die aarde (Hand. 1 : 8). Die universele lyn is duidelik. Hierby moet op die volgende gelet word:

(a) *Die sendingbevel* (Hand. 1 : 8).

(i) Dit sluit aan by Matt. 22 : 19; Luk. 24 : 47, met nadere presisering „van Jerusalem en Judea en Samaria tot aan die uiterste van die aarde”. By die uitbreiding van die evangelie, soos by die doopbevel, word *nasies* in die oog gevat.

(ii) Die evangelie gaan *eers* weer na die Jode. Christus is aan die volk verbonde ook nadat hulle Hom aan die kruis verwerp het. Die verbond met Israel is nog van krag en wel in hulle geslagte (Hand. 2 : 9) en sluit in „almal wat daar ver is...”, d.i. die nasies (vgl. Gen. 12 : 3, 22 : 18).

Hoewel mensheidomvattend staan dit nie los van die volkere en die geslagte nie en gaan dit weer eerste na Israel.

(b) *Die Pinkstergebeure.*

(i) Sprekend is die feit dat elkeen oor die groot dade van God in sy eie taal hoor spreek. Dit beteken: die eenheid van die Gees sluit die verskeidenheid van volkere nie uit nie en staan uitdruklik teenoor die eenheid van Babel. „Die een Logos verkondig die apostels in die baie tale van die baie volkere wat die geskiedenis sinds Gen. 11 ken. Die Pinkstergeskiedenis sê vir ons: waar dieselfde Logos onder al die volkere in dieselfde taal verkondig word, en waar in verskillende tale verskillende Logoi (nasionale kerke) verkondig word, is die Gees nie. Waar egter dieselfde Logos in baie

tale, waar die boodskap van die een Naam onder die hemel tot elke volk op aarde in sy taal kom, daar is die Gees werksaam... Die Logos van die kruis kry sy gevaarlikste skerpste (vgl. Hebr. 4 : 12 v.) maar ook sy gevaarlikste aanstootlikheid (vgl. 1 Kor. 1 : 23) eers waar die kerk aan elke volk in sy eie begrippe sê waarom dit gaan... Die verskeidenhede word in die Kerk van Christus nie opgehef nie (1 Kor. 7 : 17 vv.; 11 : 2; 14 : 34 v.; Kol. 3 : 18 vv.). So bly die volkereverskeidenheid in die mensewêreld ook in die Kerk bestaan... Wel het dit sy tragiek verloor in die omspannende eenheid van die volkerkerk, waarin elk sy eie plek inneem. Die selfverheerliking is volgens Gen. 11 : 4 die oorsaak van die spraakverwarring. Alle nasionale selfverheerliking is egter oorwin waar die stemme van die volkere (vgl. Fil. 2 : 11) verenig in die veelstemmige koor tot verheerliking van die groot dade van God” (Stauffer: a.w., pp. 174 v., behalwe wat tussen hakies aangebring is, vertaal weergegee).

(ii) Omdat die Pinksterwonder self opgehou het, kan die Pinkstergedagte alleen verwesenlik word waar dieselfde Woord van God in verskillende tale verkondig word.

(c) *Oorgang na die heidene.*

Pas as die evangelie deur die Joodse volk verwerp is (steniging van Stefanus), gaan dit na die Samaritane en die nasies.

(i) Dit gebeur egter nie voordat daar 'n kerk uit die Jode vergader is nie. Die eerste kerk is uit die Jode, soos daar straks een sal wees onder die Samaritane, ens. (Vgl. Hand. 3 : 26).

(ii) Ook na hierdie herhaalde verwerping van die evangelie is die Joodse volk nog nie verwerp nie, soos sal blyk by Rom. 9-11.

(iii) Vir die eintlike oorgang na die heidene was daar eers 'n openbaring nodig en wel aan Petrus, die verteenwoordiger van die apostoliese kerk (Hand. 10-11). Die uitwissing van die verskil tussen rein en onrein, waarvan by hierdie gesig sprake is, het niks te doen met uitwissing van grense tussen volkere nie maar beteken dat die evangelie nie teruggehou mag word van die heidene nie.

(d) *Die sending van Paulus.*

Paulus word spesiaal geroep vir die heidensending. Sy roeping sluit sonder twyfel aan by sy vertrouwdheid met die taal en denkwysse van diegene onder wie hy die evangelie moet verkondig. Daar is dus ook 'n differensiasie in die bediening van die evangelie waarby die eenheid van die evangelie gehandhaaf bly, beseël met die regterhand van die gemeenskap (Gal. 2 : 9). So kom die kerk in sy veelvormigheid tot openbaring teenoor 'n uniformiteit waarin alle nasionale grense uitgewis word, en ook teenoor 'n pluraliteit waar die kerk deur nasionale grense opgebreek word.

(e) *Die Antiocheense Gemeente* (Hand. 11 : 19-26).

Die geskiedenis van die gemeente van Antiochië skyn die voorgaande te weersprek. Dit stel ons in ieder geval voor die feit dat

waar Christene uit Jode en heidene op een plek saamwoon, hulle saamkom in een gemeente. Die gelowiges is hier ook vir die eerste keer „Christene” genoem as ’n „derde geslag” teenoor Jode en heidene. Dit bring ons by die vraag of, waar gelowiges uit verskillende rasse ens. saamwoon, daar nie een kerk moet wees nie.

Hierby moet egter die volgende in gedagte gehou word:

(i) Die kerk sluit aan by die bestaande. Daar was toe een wêreldryk met een wêreldtaal.

(ii) Hoewel aangesluit by die bestaande het die Christendom nie weinig daartoe bygedra om hierdie „babiloniese” eenheidsryk te vermaal nie (Dan. 2), nie om chaos te laat ontstaan nie maar om die mensheid weer in sy natuurlike geledinge te laat ontplooi.

(f) *Handelinge* 17 : 26.

Dit is die enigste plek waar die „rasseprobleem” direk ter sprake kom in die Nuwe Testament:

(i) Alle nasies is uit een bloed. Bloed is nie ’n skeidende faktor nie maar ’n verbindende. Die hele mensheid is bloedverwant. Nooit kan die ontwikkeling sover uitmekaar gaan dat die verwantskap verbreek word nie — so iets geskied alleen deur die sonde. Die teks beskryf die menslike geslag as eenheid (vgl. die geslagsregister by Lukas).

(ii) God het die nasies gemaak. Dit sien nie net op wat by Babel gebeur het nie. Daarvoor was die mensheid oorspronklik bestem. Nuwe nasies word nog steeds gebore. Wat by Babel gebeur het, is wat in Gods bestel in ieder geval moes gebeur. Die mensheid moes uitmekaar en in sy veelvormigheid tot ontplooiing kom in verskillende volkere, tale en nasies, tot verheerliking van God. Babel was die verset hierteen. Die Babelse strewe word gedurig in die geskiedenis herhaal en sal aan die einde uitloop op die ryk van die Antichris.

(iii) God het vooraf die tye van die nasies bepaal. Nasies kom en gaan in die geskiedenis. Dit kan ook geskied deur op te gaan in andere. Daar is in die geskiedenis gedurige vermenging van volkere, rasse en kulture, waardeur nuwe variasies ontstaan. Dit is geheel iets anders as die leerstelling van uitwissing van grense en die opbou van ’n eenvormige mensheid. *Rassevermenging as sodanig is nie sonde nie. Daar kan egter omstandighede wees waaronder dit wel sonde is, bv. godsdienstige of kulturele oorwegings.* Die laaste geld ook rasse al is albei Christelik. Wanneer en waar vermenging toelaatbaar is, is nie so maklik uit te maak nie. Allermens kan deur ’n ander volk of volkere uitgemaak word wanneer die bepaalde tyd vir ’n bepaalde volk in ’n bepaalde vorm van sy bestaan verby is. God bepaal dit. Hieraan, nl. dat nasies kom en gaan in die geskiedenis, word soms ’n argument ontleen teen die ewige bestemming van nasies, asof sulke nasies dan van die begin tot die einde moet bestaan. Dit sou ewe goed moes geld vir individue.

(iv) God het ook die grense van hulle woonplek vasgestel. Dit moet ook nie staties opgevat word asof al die volke op een tydstop (spraakverwarring) hulle landpale ontvang het soos by die gebiedsverdeling van Kanaän nie. Daar is gedurige volksverhuising. Wat wel hierin opgeslote sit, is dat vir verskillende volke eie grense die normale is. Die saamwoon van verskillende volkere binne dieselfde grense beteken in beginsel vermenging. Een land sal alles in sy vermoë doen om een volk te maak. Wil of kan twee volke nie een word nie, dan is aparte woonplek gebiedend.

c. *Paulus.*

(a) *Die universele en partikuliere by Paulus.*

Die universele en partikuliere vind ons ook hier langs mekaar. Voorop staan, wat die universele betref, Gal. 3 : 28 en Kol. 3 : 11, waar Paulus oënskynlik alle rasseverskil „in Christus” ophef. Verder ook: Rom. 2 : 25-29; 3 : 22, (vgl. ook 10 : 11, 12), waar hy so uitdruklik verklaar dat daar „geen onderskeid” is tussen Jood en Griek nie; Ef. 2 : 14, waar sprake is van middelmuur van afskeiding wat in Christus afgebreek is, en Gal. 2, waar dit selfs kom tot ’n openlike stryd tussen Paulus en Petrus, omdat Petrus nie saam met Christene uit die heidenvolke wou eet nie. Hierteenoor moet veral gewys word op Rom. 9-11, ’n gedeelte waarin Paulus uitdrukking gee aan sy innigste verbondenheid aan sy volk (9 : 1), soos Moses (Ex. 32 : 32, Jer. 9 : 1) en soos Christus self (Luk. 19 : 41, 42), en van hulle spreek as sy „stamgenote na die vlees” sy „broers” ook in hulle ongeloof, „uit wie Christus is na die vlees”. Hy bly aan hulle verbonde in verlange en gebed. Hulle nood is sy nood. Selfs in die heidensending gaan dit vir hom om die redding van sy volk (11 : 4). Die teëstelling is so skerp dat inderdaad gevra kan word, soos ook gevra is: Is dit dieselfde Paulus? Of het ons hier met ’n innerlike teenstrydigheid in Paulus te doen wat dan (dialekties) gesien moet word as ’n noodwendige teëstelling in hierdie tydelike bestaanswyse, of waaruit daar eers hiernamaals verlossing sal wees, die volksverbondenheid wat moet wees en tog ook nie moet wees nie. Paulus toon ’n ander weg in Rom. 9-11.

Romeine 9-11.

Die sentrale gedagte is dat God se verband met Israel nie verval het nie, nie omdat die verbond eintlik met die *volk* Israel as sodanig niks te doen het nie — wel met die gelowiges uit alle nasies as die ware Israel — maar om die volgende redes:

(i) In die oorblyfsel van die verkiesing is die volk gered. Ook hier is weer duidelik dat afstamming nie bepalend is vir die volk van God nie maar die verkiesing wat deur die geslagte heen gaan, maar dan ook deur die geslagte, sodat in die oorblyfsel van die verkiesing die volk gered is, soos uitgedruk in die beelde van eerste-

linge en deeg (11 : 16), stam en takke (11 : 17 vv.) en daarin dat hulle genoem word „wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders” (11 : 28). „Bilden doch die Christgläubigen aus Israel den Grundstock der Gottespflanzung... Der „Rest” aus Israel ist das Erstlingsvolk in der Völkerkirche. Die Gottesstadt ist zwar nicht der herrschende Mittelpunkt..., wohl aber der heilsgeschichtliche Ausgangspunkt der Kirche Christi” (Stauffer a.w., p. 170).

(ii) Dit gaan nie alleen om die „oorblyfsel” nie maar om die „volheid” van Israel (11 : 12, 26), d.i. die volle getal uitverkorenes. Dit is die groot verborgenheid (11 : 25). Die ander verborgenheid is die toetrede van die heidene (Ef. 3 : 3 v.). Hulle gaan eers in nadat die „volheid van die heidene”, nie as massa nie maar as „volkere”, ingegaan het (11 : 25). So is Israel eerste en ook laaste (vgl. Jes. 19 : 23 v.). Hier is dus geen sprake van uitwissing van grense tussen Israel en die nasies onderling in ’n „geestelike Israel” nie, ook nie van ’n aparte toekoms vir Israel naas die kerk nie (so word die probleem Israel hier dikwels verkeerdelik gestel) maar van Israel naas en onder die „nasies” as die volk van God. „Israel van God” word onderskei van die gelowiges uit alle nasies (Gal. 6 : 16). Die volk van God (die kerk) is die gelowiges uit alle nasies, sonder onderskeid, Israel ingeslote, sonder dat die onderskeidinge wegval. So staan Rom. 9-11 in ’n lyn met die belofte aan Abraham (Gen. 12 : 3; 22 : 18), Johannes die Doper (Matt. 3 : 9 vv.), die doopbevel (Matt. 28 : 19).

Galasiërs 3 : 28, ens.

In hierdie lig moet die universele tekste besien word. In Galasiërs 3 : 28 en Kol. 3 : 11 is nie sprake van opheffing van verskille nie maar van opneming sonder onderskeid. Om in die volk van God opgeneem te word maak dit nie verskil of iemand Jood of Griek is nie. Hier is dan ook sprake van man en vrou. Die onderskeid tussen man en vrou bly in die gemeente (1 Kor. 11 : 3 vv., 1 Tim. 3 : 9 vv.). „Geen onderskeid” (Rom. 2 : 22 en 10 : 12) beteken nie dat almal eenders is nie maar ewe skuldig en verdorwe en dat almal deur die geloof salig word, om die ewe wie hy is. Daar is fyn beskaafde (ook nie-Christelike) en ook laagstaande volke en rasse, maar almal is wesenlik ewe verdorwe, die een meer die ander minder fyn miskien, maar daar is geen onderskeid nie en vir almal maar een weg tot saligheid, nl. deur die geloof in Jesus Christus.

Dat die onderskeidings tussens volk en volk nie wegval in die kerk nie, word uitdruklik uitgespreek in 1 Kor. 7 : 17-24.

Galasiërs 2 : 11-14.

Die stryd in Gal. 2 gaan teen die Joods-Christendom. Die teëstelling is nie ’n Christendom waarin verskille wegval nie, maar ’n Christelike Jodedom en Christennasies. Hy veroordeel hier die

„Joudaizein”, d.w.s. die verjoodsing van die heidene (vgl. Hand. 15 : 25), en tree daarvoor in dat hulle „ethnikos” sal lewe, wat nie beteken „heidens” nie maar ooreenkomstig hulle eie aard. Wat wel hieruit afgelei moet word, is dat die Christendom en die kerk, hoewel dit die nasionale nie vernietig nie, nie nasionaal- of *rasbepaald* is nie. Die gevaar waarteen Paulus in Gal. 2 optree, is nog aktueel. ’n Voorbeeld daarvan kan gesien word in die „Etiopianisme”, soos „Sionisme” afkomstig uit Amerika, wat beskryf kan word as ’n Bantoesincretisme, ’n vermenging van Bantoeanimisme met die Christendom, „a blend of old magic and new Christian ideas” (B. G. M. Sundkler, „Black man Church” in *Libertas*, Sept. 1945, aangehaal deur Rev. A. Hewson in *The Christian citizen in a multiracial society*, Rapport van die Rosettenville-Konferensie, 1949). Hier is ’n verheidensing van die Christendom soos die Judaïsme ’n verjoodsing daarvan is. Daar moet duidelik onderskei word tussen die inpasiging van die Christendom en die kerk by die eie aard van nasies en rasse enersyds (in dié sin het Paulus vir die Jode ’n Jood geword en vir die heidene ’n heiden, (1 Kor. 9 : 20-23) en andersyds ’n aanpassing van die Christendom wat uitloop op versmelting. Hierteen staan Paulus onverbidlik. Terwyl op rasse- en kultuurgebied nie van eiesoortigheid en andersoortigheid in absolute sin gespreek kan word nie, moet dit gehandhaaf word ten opsigte van die Christendom. Dit is absoluut eiesoortig en andersoortig. Teenoor nasionalisering van die Christendom moet gestel word Christianisering van die nasie, juis met behoud van die nasionale soos van alle natuurlike verbande. Die natuurlike verbande word dan die terreine waarop die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak word tot sy verheerliking (Ef. 3 : 8 vv.). In plaas daarvan dat die godsdiens en kerk in diens staan van die nasie en sy verheerliking, moet die nasie staan in diens van God om Hom te verheerlik.

(b) *Die universele en partikuliere kerk.*

Die universele en partikuliere kom by Paulus ook na vore met betrekking tot die kerk. Die woord „kerk” kom by Paulus voor in die eerste plek in universele sin en wel as die Liggaam van Christus (Ef. 1 : 10, 23; 2 : 16; 3 : 6; 4 : 4; Kol. 1 : 18; 1 Kor. 12 : 15), waarin die skeidsmuur tussen Jodedom en die „volkere” wegval (Ef. 2 : 14) — die ander groot verborgenheid by Paulus (vgl. by Rom. 11) — en so die hele mensheid omvattend vergader deur die universele evangelie (Kol. 1 : 23). Dit is ’n geestelike eenheid in Christus, waarvan die sakrament van die doop die teken en seël is (Ef. 4 : 4; 1 Kor. 12 : 12, vgl. Matt. 28 : 19). Die kerk is die verlore mensheid in Christus, die tweede Adam (Rom. 5 : 12-18, 1 Kor. 15 : 45). Dit is ook ’n historiese eenheid, uitgedruk in die ander beeld, die van die gebou, wat verrys op die fondament van die apostels en profete, waarvan Christus Self die hoeksteen is (Ef. 2 : 20 v.) en waarvan die gelowiges die stene is (vgl. 1 Petr. 2 : 4

vv.). Die (enigste) ander betekenis van „kerk” by Paulus is die kerk in partikuliere sin, d.i. die plaaslike kerk (gemeente). Die verhouding tussen die universele en partikuliere kerk is so dat die universele kerk aan die plaaslike voorafgaan en daarin tot openbaring kom. Elke plaaslike kerk is ’n openbaring van die Liggaam van Christus op ’n bepaalde plek. Die plaaslike kerk word dan nader beskryf met die naam van die plek, „die kerk wat in Korinthe is”, ens., of met die landstreek of volk (ras), „die kerke (meervoud) in Galasië, „Masedonië”, ens.; „die kerke van God wat in Christus Jesus is in Judéa” (1 Thess. 2 : 14). Die een kerk in Christus kom dus tot openbaring in tallose kerke versprei in verskillende landstreke en onder verskillende nasies om juis so in sy ryke verskeidenheid aan die lig te tree (Ef. 3 : 8 vv., 16 vv.).

Hieruit kan ons aflei: (i) dat uit die eenheid van die kerk, die Liggaam van Christus, nooit besluit kan word tot uitwissing van grense nie; (ii) as op een plek gelowiges van verskillende nasionaliteit of rasse saamwoon, elk met sy eie taal, ens., dan het dit met die eenheid van die kerk niks te doen as elk sy aparte kerk het nie. Elke kerk daar is ’n selfstandige openbaring van die Liggaam van Christus. Die eenheid van die kerk kom tot openbaring in die kerkverband. Dit is noodwendig dat die kerkverband oor die nasionale en rassegrense heen sal gaan, omdat die kerk universeel is. Wat aparte kerkverbande betref, dit kan gehandhaaf word tot by die nasionale grens. Maar die lyne loop nie parallel langs mekaar na bo nie maar na mekaar toe. Erens, nl. bo die nasionale, moet dit mekaar ontmoet. Hoe seer die kerk ook nie losstaan van die nasionale verskeidenhede nie maar hom daarby invoeg, nooit mag dit daarin opgesluit word nie. Dit sou weer beteken nasionalisering van die kerk. Die Skrif ken die begrip „nasionale kerk” net so min as die van ’n „volkskerk”. Daarom mag ons die volgende, hoe mooi dit ook klink, nie sonder meer onderskryf nie: „The foundation of a native Church is the true aim and end of the Mission . . . The native Church so constituted, first with, and afterwards without the supervision of the European Missionaries has to perform all the spiritual functions of a regularly constituted Christian Church. It is responsible to God alone and dependent upon no other one” (Report: First General Missionary Conference (1904), pp. 132-3, aangehaal in *The Christian citizen in a multiracial society*). Dit sou bestempel kan word as ongeoorloofde kerklike apartheid. Kerkverband bestaan in die onderlinge toesig (in die Nuwe Testament nog behartig deur die apostolaat) maar ook in onderlinge hulpverlening (Gal. 2 : 9, 10, vgl. Rom. 15 : 26, 27; 1 Kor. 16 : 1; 2 Kor. 7 : 9, veral vv. 12-15). Die wonderlike is hier dat heidene aan Jode gee en dat Jode gewillig is om van heidene te ontvang (vgl. Rom. 15 : 31). Dit is ook ’n vorm van *communio sanctorum*, ’n onuitspreklike gawe van Christus (2 Kor. 9 : 15) waarby grense nie uitgewis word nie maar waar

hande bereik word oor die hoogste muur en waar die diepste kloof onder mense oorbrug word in liefde, die band van die volmaaktheid (Kol. 3 : 14). Dit is ongelukkig dat die woord *Communio* tot die nagmaal beperk is, asof dit die eintlike gemeenskapsoefening in Christus is en die eenheid van die kerk alleen hierin tot uitdrukking kom. Die nagmaal is die sakrament van die plaaslike kerk. Dit kan ook nie op sigself geneem word nie. Dit veronderstel lidmaatskap van die plaaslike kerk. Dit het ook geen sin sonder bediening van die Woord nie, wat dan so verkondig moet word dat elkeen dit verstaan in sy taal. Die ekumeniese eenheid van die kerk begin nie by die plaaslike kerk nie maar moet tot uitdrukking kom in die kerkverband. So is daar eenheid in verskeidenheid en verskeidenheid in die eenheid.

d. *Die res van die Nuwe Testament.*

(a) *Hebreërs en die algemene sendbriewe.*

In Hebreërs is die groot teëstelling: skaduwee en vervulling (vgl. 9 : 23; 10 : 1). Israel met sy geskiedenis en die hele Ou-Testamentiese erediens is ’n skaduwee van hemelse werklikhede. So trek die kerk deur die woestyn na die hemelse Kanaän (3 : 1-4; 13). Die Ou-Testamentiese erediens is simbolies van die feestelike en plegtige vergadering van die eersgeborenes (12 : 18 vv.), die kerk van alle eeue. Saamgevat: Israel is slegs simbool van die ware volk van God. Juister gesê: Die brief aan die Hebreërs toon dat Israel óók simboliese betekenis het. Die volk Israel simboliseer die kerk van die Nuwe Testament. Dit is die besondere lig wat Hebreërs laat val op die verhouding van Israel en die kerk. Dit is egter nie ál wat gesê kan word van die verhouding nie. Israel is nie net afbeelding van die kerk nie maar ook die aanvang daarvan en het ook sy besondere plek nie *naas* maar *in* die Nieu-Testamentiese Kerk (Rom. 9-11). Dit kom veral uit in die *Brief van Jakobus*. Jakobus, die dienskneg van God en van Jesus Christus, skryf aan „die twaalf stamme wat in die verstrooiing is” (1 : 1); d.w.s. die kerk is die voortsetting van Israel. Maar hulle is dan ook werklik die eerstelinge uit die Jode. Die sendbrief van Jakobus is geskryf toe daar nog nie Christene uit die heidene was nie. 1 *Petrus* gee ’n beskrywing van die universele kerk (2 : 4-10). Dit is ’n gebou (vgl. Ef. 2 : 21 v.; 1 Kor. 3 : 9 vv.) waarvan Christus die hoeksteen en die stene die gelowiges is. Die kerk is ook die volk van God (vv. 9-10). Hulle (Christene uit die heidene) word nou genoem „volk” wat eers geen volk was nie, met die woord waarmee Israel as verbondsvolk aangedui is (*laos*). Die verskil tussen Jode en heidene het weggeval, en tog ook nie, soos uitkom in die beskrywing „heilige nasie”, die woord wat gebruik is vir heidene (*ethnos*), maar nou met „heilig” daarby. In die *Briewe van Johannes* staan die universele sterk op die voorgrond. Christus is die Verlosser van die wêreld

(1 Joh. 2 : 2; 4-14 v.). Tog word in hierdie „geestelike briewe” by die broederskap in Christus die natuurlike verhoudinge nie verbygesien nie (1 Joh. 1 : 9-14).

(b) *Openbaring*.

Babel of Babilon (Openb. 14 : 8; 16 : 19; 17 : 18) is die mensdom saamgetrek in een kultuur- of, liever, een beskawings-sisteem en in een politieke en ekonomiese organisasie onder die Antichris. Dit is die beklemtoning van die universele ten koste van die partikuliere. Die partikuliere gaan in die universele op, die individu en die individuele in die gemeenskap (vgl. 9 : 1 vv.). Die alternatief moet nie gesoek word in die omkering hiervan, nl. in die benadrukking van die partikuliere ten koste van die universele of van die individuele ten koste van die gemeenskap nie. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende: „...if we are to ask what is of final importance, my answer is — the individuals are eternal. There is only one eternal society, the Church of Christ, the family of the redeemed in heaven, and the goal of life is that the individual should attain perfection and share in the fellowship of that eternal society” (Rev. E. Lynn Cragg in: *The Christian in a multiracial society*, p. 19). Die voorstelling is dan verder dat die aardse gemeenskappe slegs middele is tot die hoogste doel, „...the development of the individual personality is ... God's supreme object in human life” (a.w., t.p.). Wat verlos word, is mense; die mensheid is verlore. In soverre die Kerk van Christus hier op aarde verwesenlik is, bestaan dit dan uit los individue en is die natuurlike lewensamehange daarin opgehef. Inderdaad laat die Skrif die volle klem val op die individuele en persoonlike. Klassieke voorbeelde in die Nuwe Testament is Luk. 15 (veral vv. 4, 7, 10), Joh. 10 (veral v. 3) en Matt. 18 : 12-14. In Openbaring kry dit sy swaarste aksent in die opstanding van die dode. Elke individu word opgewek, wie en waar hy ook is (20 : 11-15). So ook die persoonlike verantwoordelikheid. Klein en groot sien Johannes die dode voor God staan om geoordeel te word „elkeen” volgens sy werke (20 : 12, vgl. 2 Kor. 5 : 10). Maar hoe sterk die nadruk ook al val op die persoonlike en individuele, dit staan ewe vas dat Johannes die gelowige nooit sien as 'n geïsoleerde persoonlikheid of siel of as los individue nie. Hier moet veral gewys word op die twee groepe van Openb. 7, nl. die van vv. 1-8 en vv. 9-15. Die eksegeese wat hierdie twee groepe wil saamsmelt, maak steeds die indruk van sekere bevangenheid. Die natuurlikste is om die 144,000 (v. 4 e.v.) te laat sien op die „volheid van Israel” (Rom. 11 : 12, 26) en die groot menigte (v. 9 e.v., vgl. 5 : 9 vv.) op die „volheid van die heidene” (Rom. 11 : 25). Die betekenis is dan dat die volk van God vergader is nie alleen uit Israel nie maar uit alle volkere (v. 9 „alle nasies” ens.), d.i. uit die hele mensheid, geheel in 'n lyn met die geslagsregisters (vgl. ook Matt. 28 : 19, Gen. 22 : 18). In die lig van die geslagsregisters moet

ons 'n stap verder gaan en sê dat die volk van God nie alleen vergader is uit die hele mensheid nie maar dat dit die *mensheid* is, en dan die mensheid in al sy vertakkinge, „nasies, stamme...”, ens. (vgl. 15 : 4). Dit laat verder die uitroep uit Babilon (18 : 4), wat herinner aan die uitroep uit Egipte, teen 'n breër agtergrond sien. Die uitroep is gerig tot die gelowiges maar in die gelowiges tot nasies, omdat die gelowiges nie losstaan van verwantskappe nie. Die verwoesting van die laaste Babel beteken dan net soos die eerste om die mensheid weer in sy verskeidenheid tot openbaring te bring. Die wederkoms van Christus beteken nie alleen verlossing van individue nie maar ook van nasies uit die greep van Babel (vgl. hier veral 11 : 15). Die voorgaande word dan bevestig deur die volgende:

(i) Johannes sien konings en nasies hulle heerlikheid en eer bring in die nuwe Jerusalem (21 : 24, 26), d.i. hulle kultuur-goedere, elke nasie sy eie. Die kultuur van 'n nasie is sy heerlikheid en eer, nie tot selfverheerliking nie maar tot verheerliking van God. Die natuurlike lewensverbande is dus nie maar middele tot ontwikkeling van die menslike persoonlikheid as Gods hoogste doel nie. Die hoogste doel is die eer van God. Dit moet gesoek word sowel in ons persoonlike as in ons nasionale en ander lewensverbande. Dit is almal terreine waarin God verheerlik moet word.

(ii) Nasies word gesien op die nuwe aarde tot blywende gesondheid herbore (22; 2). Die verdeeldheid van nasies en in nasies val daar weg, nie die verdeling van die mensheid in nasies nie; die geskeidenheid, nie die verskeidenheid nie. Daar kom die mensheid tot die bestemming waartoe dit moes ontwikkel as die sonde nie gekom het nie. Sonder hierdie einde is die geskiedenis 'n tragedie van nasies. Saamgevat leer Johannes dat ook in die triomferende kerk die verskeidenheid nie wegval nie — in beginsel sien ons dit in die kerk op aarde, volkome hierna. Die leidende beginsel in die Nuwe Testament is dat by die universele die partikuliere nooit uit die oog verloor word nie en omgekeerd. As hieraan gehoorsaam word, sal dit 'n getroue wegwysers wees aan die probleem van die rasseverhouding.

KONKLUSIES IN VERBAND MET DIE NUWE TESTAMENT.

1. Die verskeidenheid in die geskapene in die algemeen en in die mensheid in besonder, moet besien word uit die oogpunt a) dat God self dit handhaaf en b) in soverre menslike verantwoordelikheid daarby betrokke is onder die voorsienige bestel van God.

a) *Deur God self gehandhaaf*:

(i) Die verskil onder mense van allerlei soort is hierdeur gekwalifiseer dat dit verskil van andersoortigheid tussen mens, dier en plant, selfs van die andersoortigheid tussen sekere diersoorte en

plantsoorte, waar die moontlikheid van oorgange tussen die een en ander uitgesluit is, omdat die menslike geslag by al sy verskille homogeen is (Luk. 3 : 23-38; Hand. 17 : 26). Dit sluit die moontlikheid in van nuwe verskeidenhede in die ontplooiing van die menslike geslag, sonder dat die menswaardigheid daardeur aangetas word (vgl. by Geslagsregister by Mattheüs);

(ii) God handhaaf die veelsoortigheid onder mense veral deur taalverskille en verskillende woonplek (Hand. 17 : 26, wat die laaste betref). In 'n „veelrassige land” het een van die belangrikste faktore wat teen vermenging inwerk weggeval en vind dit plaas al is daar ander faktore wat dit bemoeilik en vertraag.

b) As 'n sedelike en godsdienstige vraag:

(i) Onbetamelikheid of ongepastheid van vermenging verminder na gelang van die aanpassing wat moontlik is selfs tussen die mees uiteenlopende kulture;

(ii) Deur die Goddelike verbod word die mensheid nêrens in die Skrif in twee (of meer) soorte verdeel op grond van natuurlike verskille nie; maar wel op grond van godsdienstige verskille (2 Kor. 6 : 14-18, vgl. Gen. 6 : 4) ook in soverre dit op nasies (Christelike en onchristelike) betrekking kan hê.

2. Die feit dat God in die Ou-Testamentiese bedeling 'n volk geroep het as draer van die besondere Openbaring het ook in die Nieu-Testamentiese bedeling nie sy betekenis verloor nie. Dit blyk daarin dat:

(a) dit ook in die Nieu-Testamentiese bedeling nie bloot gaan om die redding van die individu (eie siel) nie, maar om die volk Israel en om die nasies (alle nasies), wat in hulle gelowiges gered word (Luk. 22 : 24; Rom. 9-11; Matt. 28 : 19; Openb. 21 : 24, 26. Vgl. o.a. Gen. 22 : 18, Jes. 66 : 12, Dan. 12 : 1);

(b) die natuurlike samehange en gemeenskappe (geslagte, volkere, rasse) diensbaar bly.

(i) ekstensief, aan die ordelike verbreiding van die evangelie, soos daaruit blyk dat Israel eerste aan die orde kom (Matt. 10 : 5, 6; Hand. 2 : 39a; 3 : 26) en dit moet gaan van volk tot volk tot aan die uiterste van die aarde (Luk. 24 : 47; Hand. 1 : 8) en

(ii) intensief, vir die deurwerking van die evangelie in alle samehange van die lewe (Christianisering daarvan), Ef. 3 : 8-10; Openb. 21 : 24, 26, sodat Christenvolkere ontstaan naas heidense.

3. Die verskeidenheid van nasies (rasse) word ook daarin veronderstel en gehandhaaf dat die evangelie gehoor en bely word in die moedertaal (Hand. 2 : 8, 11; Rom. 10 : 9, 10). So alleen word die hart bereik en die wysheid van God in sy menigvuldigheid deur die mond bely.

4. Die eenheid van die kerk moet nie gesoek word in die

plaaslike kerk nie, wat hom voeg na samewoning en natuurlike samehange, maar in die noodsaaklike kerkverband, regionaal, nasionaal en ekumenies (oor nasionale en rassegrense heen). Dit kom verder uit in die heilige Doop, die sakrament van die universele kerk, terwyl die heilige Nagmaal die sakrament van die plaaslike kerk is, waar alleen die nodige toesig moontlik is. „Gemeenskaplike” nagmaalsviering moet gesien word as uitsondering, waarby ook rekening gehou kan word met besondere landsomstandighede. Dit moet nie gebruik word as demonstrasie van die ekumeniese eenheid van die kerk nie.

5. Wesenlik vir die sending („gaan... heen”, Matt. 28 : 19) is die oordra van die evangelie deur die kerk, soos dit tot openbaring gekom het onder een volk tot 'n ander volk in sy taal, wat beteken oorbrugging van grense sonder uitwissing daarvan.

6. Natuurlike gemeenskappe en samehange van die menslike geslag word nie deur die geestelike gemeenskap in Christus opgehef nie maar met mekaar versoen deur verwydering van vervreemding en vyandskap wat verskeidenheid tot geskeidenheid gemaak het, en geheilig tot samewerking tot die hoogste doel, wat bestaan in die verheerliking van God.

7. Tussen natuurlike gemeenskappe (geslagte, volkere, rasse) en die geestelike gemeenskap (kerk) bestaan daar 'n noue samehang, sodat dit nie teenoor mekaar staan nie (sektarisme), ook nie met mekaar saamval nie (volkskerk) maar so, dat in die uitverkorenes die menslike geslag in sy geslagte, volkere- en rasseverskeidenheid behou word (Matt. 3 : 9-12; Openb. 7 : 4 vv., 9).

8. Liefde tot God sluit liefde in die verskillende menslike samehange nie uit nie, maar in, en bewaar dit vir verafgoding; so ook sluit die liefde tot die eie (familie, volk, ras) liefde tot die naaste (andere en andersoortige) nie uit nie en omgekeerd, as mede van Goddelike oorsprong en voorwerpe van sy liefde in Christus.

9. Terwyl dit kenmerkend is van die werke van God in die skepping en die herskepping volgens die Nuwe Testament, dat die eenheid en verskeidenheid steeds bewaar bly, is die kenmerkende van Babel die verabsoluttering van die besondere (volk of ras) en die vernietigende oplossing van die verskeidenheid in 'n gedwonge wêreldomvattende eenheid en enersheid.

IV. DIE KERK EN DIE RASSEVERHOUDINGE.

Die problematiesie van die rasseverhoudinge in die huidige wêreldsituasie gaan ook nie onopgemerk aan die kerk verby nie maar raak dit ten nouste. Waar die kerk die onvervalste Woord van

God moet spreek, moet hy, in sover hy sy stem oor hierdie aangeleentheid moet laat hoor en sy optrede daaroor bepaal, spreek uit die Woord volgens die gelowige en wetenskaplike eksegeese daarvan. Die kerk se stem sal dus gebonde wees aan die verklaring van Gods Woord, soos o.a. in die voorafgaande afdeling gegee. Vir die kerk kom veral ter sprake:

1. Die eenheid van die kerk en die volkeverskeidenheid;
2. die taak en roeping van die kerk, w.o.
 - a. sy sendingtaak en die verhouding tussen „sendende” en „sendinggemeentes”;
 - b. die onderrig van die kerk aan en sy toesig oor sy lidmate t.o.v. hulle houding en optrede teenoor lede van ander volke en rasse;
 - c. sy taak t.o.v. die owerheid se rassebeleid en -praktyk.

1. Kerklike eenheid en die volkeverskeidenheid.

a. Die wese van die kerk.

Kernagtig word dit uitgedruk in die belydenisartikel: „Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges...”

Ons geloofsbelydenis gee die volgende definisie: „'n Enige katolieke en algemene kerk, wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag, en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees” (art. 27). Paulus noem dit: „die liggaam van Christus”.

In die ruimste sin omvat die kerk almal wat deur die geloof in Christus salig is of dit nog sal word.

Tussen die Heilige Gees en die kerk bestaan daar 'n noue band. Die Skrif verstaan onder die kerk die volk van God, die gemeenskap van die gelowiges. Deur die Heilige Gees is die lede van die kerk wedergebore (Joh. 3 : 5), verseël (Ef. 1 : 13), met Christus verenig (1 Kor. 12 : 3) en 'n woning van God in die Gees (Ef. 2 : 22).

b. Die eenheid.

Van die vier kenmerke van die kerk — as gawes van God deur die Heilige Gees — kom hier alleen ter sprake die eenheid (unitas).

Vir Rome is die wesenlik eenheid van die kerk geleë in sy institutêre vorm. Dit word veral hierin geopenbaar dat die Roomse Kerk een sigbare hoof, naamlik die pous, het en geen ander kerk erken nie.

Ons handhaaf dat hierdie eenheid nooit op aarde te kry is nie. Tereg wys Kuyper daarop dat Christus wel gebid het vir die eenheid van die lede van die kerk maar nooit vir die eenheid van die kerk nie.

Die essensiële eenheid van die kerk is dus nie afhanklik van 'n

sigbare organisatoriese eenheid nie. Volgens Kuyper kan dit geen ander eenheid wees nie as dié van die Liggaam van Christus.

Volgens Calvyn bestaan die eenheid daarin dat die kerk een is in Christus en dat ook die lede in en met mekaar een is.

Die eenheid van die kerk dra dus 'n geestelike karakter, die eenheid van die onsigbare kerk. Dit lê op 'n dieper vlak as die natuurlike en organisatoriese. Die gemeenskap van die gelowiges is ondanks die gedeeldheid in sy diepste wese een. Dit word nie verbreek deur die feit dat daar verskillende volke en rasse is nie. Daarna hou die gelowiges nie op om Griek, Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf of vryman te wees nie. Vernuut in Christus, is hulle ondanks alle natuurlike verskille geestelik een. Dit is 'n eenheid van gees eerder as 'n eendersheid of uniformiteit van eksistensiële organisasies of groepe. So vind ons die Christelike *koinonia* dwarsoor alle grense van volke, tale, rasse en denominasies heen. Die gelowiges van verskillende rasse is een in Christus.

Deur hierdie geestelike eenheid word egter die natuurlike skeidings nie opgehef nie. „Die diepe geestelike sin daarvan”, sê H. Bavinck, „sluit juis alle gewelddadige of kunsmatige poginge tot sy invoering uit”. Dit is 'n geestelike (geloofs-) eenheid van almal wat deur die wederbarende werking van die Heilige Gees in Christus ingelyf is. Die eenheid van die kerk is objektief gefundeerd in Christus en nie subjektief asof dit berus op die gesindheid van mense nie. Ondanks alle verskeurdheid gee Christus die eenheid aan sy kerk in Homself. Dit kom nie tot stand deur geforseerde gemeenskap of deur uitwissing van onderskeidings nie. En die eenheid wat Christus so tussen gelowiges uit alle volke bewerkstellig, kom daar ondanks hulle verskille in taal, kultuur of ras. Deur die verskille kry hulle nie meer of minder aandeel aan die *koinonia* nie, en omgekeerd — hulle bekom nie noodwendig eenheid deur natuurlike vermenging nie. Die eenheid in Christus vernietig nie die volksidentiteit nie.

„Het is niet nodig, dat alle Christenen het eens zijn. Het is wel nodig, dat zij allen een zijn. En hoewel vele talen sprekende, tot velerlei rassen behorende, in zeer verschillende historische situasies levende, tot verschillende volken behorende op zeer verschillende deelen der aarde wonende...”

„De eenheid der Kerk omspannt hemel en aarde, omspannt alle volken en rassen” (Van Niftrik).

Die voorgaande laat drieërlei vraag ontstaan, nl.:

(1) of daar afsonderlike gemeentes onder en vir die bekeerdes uit die heidendom (waar laasgenoemde ras-, volks-, kultuur- en/of taalverskillend is) gestig mag word;

(2) indien wel, wat hulle verband tot die sendende gemeentes moet wees en

(3) of bekeerdes uit die heidendom soos hierbo genoem, nie-teenstaande (1) — soos die naturelle wat op die platteland geogra-

fies tussen die blankes woon maar 'n afsonderlike taal-, kultuur- en sosiale gemeenskap vorm — as individuele lidmate van die sendende gemeentes opgeneem moet word.

Dit behoort duidelik te wees dat dit hier in die eerste plek nie gaan om 'n absolute gebod of verbod nie — die Skrif gee dit ook nie ten opsigte van kerklike instituering nie — maar om wat sal dien tot die meeste nut en voordeel van die kerk van Christus ooreenkomstig die lig van die Skrif vir 'n gegewe historiese situasie en heersende omstandighede.

c. *Afsonderlike instituering.*

As die suiwer begrip van die kerk vooropgestel word, kan daar op Skriftuurlike gronde geen beswaar wees teen die begrip van eiesoortige ontwikkeling nie, ook nie op kerklike terrein nie.

Dit berus op die volgende:

(1) Die verklaring van die eenheid in Christus as 'n nivellering van onderskeidings en die nastrewe van 'n kosmopolitiese eenheid is 'n onskriftuurlike dwaling. Die eenheid van gelowiges uit verskillende rasse lê op 'n totaal ander vlak as hulle natuurlike verskille.

(2) Omdat die eenheid in Christus bestaan ondanks verskille in rasse, volke, taal en kultuur, word dit nie geloën deur aparte instituering nie. Trouens, dit sal hulle selfstandige ontwikkeling ook op ander lewensterreine bevorder, en dit is dus in die eerste belang van almal — ook vir die saak van Christus.

(3) Dit is 'n erkende feit dat die intiemste gemeenskap alleen moontlik is tussen mense met dieselfde taal, kultuur, sedes en tradisies. Die feit dat op Pinksterdag die aanwesiges uit verskillende rasse en nasies en tale die groot daad van God hoor verkondig het elkeen in sy eie taal, hou 'n diepere sin in ten opsigte van die handhawing van die rasse-, taal- en nasionale verskeidenheid. Net die taalverskil regverdig al instituering in verskillende gemeentes. Maar afgesien van die taalverskil is die hele wyse van Godsverering anders.

(4) So 'n aparte instituering dien tot die verryking van die kerklike lewe. As verskillende taal-, kultuur- en rassegroepe tot 'n gemengde uniformiteit saangesnoer word, ly die swakke groep gewoonlik skade. Om konkreet te wees: In Suid-Afrika sal die natuur in die huidige situasie in 'n ongelyke en onbillike konkurensie staan met sy Westers-ontwikkelde geloofsgenote. Die blanke met sy hoë ontwikkeling sal oorheers, terwyl die naturel met sy mindere ontwikkeling die rol van toeskouer sal vervul. Onder sulke omstandighede sal sy gawes en talente nie tot volle ontplooiing kom nie, met die gevolg dat 'n gevoel van frustrasie onvermydelik sal wees.

Vanweë sy besondere kultuurinhoud en waarskynlik ander temperament is die naturel se benadering en uitlewing van die evangelie ook anders.

Daarom is aparte instituering nie alleen wenslik nie maar nood-

saaklik ter bevordering van die saak van Christus, wat nie uitsluit dat daar onderlinge bande kan en moet wees nie. Die hoë geestelike eenheid moet ook tot openbaring kom, soos verderaan sal blyk. Ons-bestaande verhoudings en praktyke bevat nog groot ruimte vir verbetering in die opsig. Onder andere moet die nadruk meer val op verskeidenheid en nasionale eiewaardigheid as op minder- en meerderwaardigheid.

d. *Die kerkverband*

Die doel van die sending is die planting van selfstandige gemeentes binne 'n by hulle passende kerkverband.

Ooreenkomstig die gereformeerde beskouing en praktyk word die nasionale, kulturele, taal- en ander verskeidenhede tesame met die afstand- en omstandighedsfaktore ook in die kerkverband geëerbiedig en erken deur die vorming van afsonderlike kerkverbande in verskillende van mekaar verwyderde lande. So is daar eie kerkverbande vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Noord-Amerika en Nederland. Maar daarmee saam word die eenheid van die kerke van ooreenkomstige leer, belydenis, tug e.d.m. gehandhaaf deur die ekumeniese kerkverband bo die vlak van die nasionale verskeidenhede uit.

Maar hoe moet die posisie wees in die geval van bv. die blanke en Bantoe gemeentes wat in dieselfde land gevestig is? Volgens prof. dr. J. H. Bavinck wil dit in so 'n geval, *suiwer teologies gespreek*, voorkom of op die vorming van een kerk aangedring moet word. „Volkverskeidenheid en rasverskil is in die kerk geen wezenlijke factor. Kerk als lichaam van Christus is krachtens haar wezen een ondeelbare eenheid”.

Maar dan voeg hy daarby: „Dan is het echter in deze gebroken wereld uit anderen hoofde toch nog mogelijk dat het niet gewenscht is al die heterogene figuren in één kerk bijeen te brengen”. Die volgende is volgens hom faktore wat sodanige gemeenskap uiters beswaarlik, selfs ondoenlik maak: die taalverskil, verskil in kulturele agtergrond, in intellektuele niveau, in psigiese gesteldheid, andersoortige beeldspraak en segswyse. „De eenheid in Christus sluit dus verskeidenheid in taal, wijze van prediken, liturgie niet uit”. (J. H. Bavinck: *Inleiding in de Zendingwetenschap*, p. 168-169).

As gevolg van hierdie vanselfsprekende verskille is dan ook byna oral waar blankes en nie-blankes in dieselfde landstreek woon, eie kerkverbande vir die verskillende rassegroepe die reël. Sodanige instituering volg uit die gegewe verskille voort. So is dit gebruikelik in Suid-Afrika. Selfs in Noord-Amerika, waar die gelykstellingsbeginsel deur alle kerke voorgestaan en 'n integrasiebeleid verkies word en die Negers byna geheel en al met die Amerikaanse leefwyse geassimileer het, verkies die oorgrote meerderheid van die Protestantse Negers tog om in afsonderlike gemeentes met eie kerkverbande God te dien.

So is dit ook die geval by die Bantoelidmate van die Engelse kerke in Suid-Afrika. Hoewel hierdie kerke 'n integrasiebeleid voorstaan en geen prinsipiële of praktiese besware het teen een gesamentlike kerkverband met die Bantoes nie, verkies hierdie Bantoelidmate tog 'n eie Bantoekekerkverband.

(1) Vir die welwese van die plaaslike Bantoe gemeentes is 'n kerkverband op gemeentelike, klassikale en sinodale vlak, d.w.s. benede ekumeniese peil, met blanke kerke geensins bevorderlik nie maar uiters skadelik en 'n belemmerende faktor daarvoor. En wel om die volgende redes.

(a) Afgesien van die minderwaardige en onvrye posisie wat 'n natuurel noodwendig op die huidige ontwikkelingspeil en onder heersende omstandighede in so 'n kerk moet beklee, is die vreemde taal waarin hy toegesprek word, 'n onoorkomelike struikelblok en kan die prediking met die andersoortige en anderse benadering, toepassing, gedagtegang en voorstellingswyse hom nie toesprek as 'n boodskap van God vir homself as individu of as lid van 'n eie omgewing en gemeenskap nie.

(b) Daarbenewens kan hy met sy eiesoortige historiese en kulturele agtergrond nie geestelike bevrediging vind in 'n erediens vir blankes nie en kan daar vir hom ook moeilik sprake wees van 'n beleving van die gemeenskap van die heiliges.

(c) Sodanige kerk met sy andersoortige probleme, roeping, kerkregtelike sake e.d.m. sal vir hom 'n vreemde Westerse instelling bly waarin sy eie probleme (soos bv. vraagstukke i.v.m. lobôlo) nie die nodige aandag kry nie en hyself geestelik onryp en onmondig bly, as gevolg waarvan sy geloof onmondig is en sy kerklike lidmaatskap vir hom geen wesenlike betekenis het nie.

(2) 'n Eie kerkverband vir die naturelle is nodig, en in hierdie kerkverband is „schakering in uiting der lippen (belijdenis) en uiting der aanbidding (culte) mogelijk. Voor vele dingen zijn geen bepaalde voorschriften in het Woord: daarom is bij behoud der beginselen en de daaruit getrokken hoofdlijnen, rijkdom van schakering naar tijd, toestand, volkskarakter, enz. gewenscht”. (A Kuyper voor die Sendingskongres van die Geref. Kerk in Nederland, 1890).

„Nimmer mag de eisch gesteld worden dat de Javanen onze vormen overname, maar moet uit den boezem zelf van het bekeerde deel der Javanen, die Oostersche vorm voor lied, gebed en belijdenis opkomen die bij zijn geaardheid past”. (*Sinode van Geref. Kerk, Middelburg, Nederland, 1896*).

Hoewel dit byna algemeen as sendingbeleid aanvaar word dat die sendingkerke 'n eie kerkverband moet vorm met 'n eie vorm en uitdrukkingswyse, het daar van die laaste in die praktyk tog nie veel tereggekome nie, en die gevolg is dat die kerke vir die nie-blankes in die reël 'n vreemde kerk bly. „The more thoughtful amongst them (die Christene van die sendingkerke) are grievously troubled

by the foreignnes of Christianity”, so kla dr. H. Kramer in 1938 (*The Christian message in a non-Christian world*, bl. 318). En in sy onlangs verskene boek (*Religion and the Christian faith*) sê hy op bl. 410 dat daar baie regverdiging is vir die bewering dat een van die „frustrating features in the life of the younger churches is that they are, in spite of all self-determination and independence or autonomy still to a great extent, in their structure and style of expression, spiritual colonies of the West, copies of something, but not grown-up”.

As hierdie gevare so groot is vir ver verwyderde Oosterse kerke, hoe veel te meer sal dit dan wees vir naturellekerke wat in dieselfde kerkverband met die blanke kerke staan?

Daar is dus nodig eie kerke nie alleen as gevolg van praktiese verskille nie maar ook positief omdat die Bantoekekerke 'n eie karakter met 'n eie vorm en uitdrukking moet aanneem.

(3) As die naturelle nie geïnstitueer is in 'n eie kerkverband met 'n eie vorm en karakter nie, sal die gevolg wees dat hierdie vreemdheid in hulle eie kerk of in kerkverband saam met die blankes meebring dat die *Woord van God* ook vir hulle vreemd bly, as gevolg waarvan hulle hulle heidendom met die Christendom sinkretiseer (vgl. die meer as 1300 sektes in S.A.) of dat hulle verval tot 'n nuwe heidendom of tot kommunisme of sekularisme met 'n gevolglike sedelike verwildering.

(4) Hierdie noodlottige gevolge kan alleen verhoed word as God se Woord in alle *waarheid* en *suiwerheid* bedien word en indien die naturellegemeentes in 'n eie selfstandige kerkverband met 'n eie vorm en karakter verbind is. Vir die geestelike groei van die lidmate en die welwese van die gemeentes is ook nodig dat die lidmate en gemeentes hulle positiese taak aanvaar om *uit te groei tot selfstandige en verantwoordelike kerke*.

Hiervoor is in die eerste plek nodig dat die gemeentes gehelp en gelei word sodat hulle *selfonderhoudende, selfregerende en self-uitbreidende* gemeentes word. So alleen kan die lidmate 'n lewendige aandeel in kerklike sake neem en kan hulle en hulle gemeentes geestelik ryp en mondig word en hulle roeping in verband met die bewaring en vermeerdering van die kerk uitvoer.

Maar die noodsaaklikheid van 'n eie kerkverband van soortgelyke plaaslike gemeentes volg veral uit die geestelike taak van die kerk van Christus onder die Bantoes om te strewe na geestelike rypheid van die lidmate en gemeentes in die geestelike worsteling met die ongelooft soos dit in eie omgewing in verskillende gestaltes en vorms voorkom om so te openbaar dat God alleen groot is.

Nou kan ons nie verwag dat die Gereformeerde Kerk vir Bantoes die rykdom van die skatte van die Gereformeerde Kerk soos gesien in sy belydenis, erediens e.d.m. as van so weinig waarde moet beskou dat hierdie Kerk van die grond af weer 'n eie belydenis, liturgie

e.d.m. moet opbou nie. Nee, hierdie Gereformeerde rykdom is van so 'n oneindig hoë waarde vir die Bantoekeke dat hulle met die erfenis as grondslag hulle kerk verder moet uitbou.

Maar hierdie Gereformeerde waarheid kan alleen van werklik lewende betekenis wees as dit gestel word teenoor die eie heidendom, sinkretisme en kommunisme, soos dit in die Bantoeheidom en -ongeloof gesien word, sodat die geestelike stryd daarmee aangebind word.

Van oneindig hoë waarde in hierdie verband is dit vir die naturelle as aan hulle God se Woord in al sy suiwerheid en waarheid verkondig word. Maar daar moet baie meer as dit gedoen word: God se Woord moet die Woord wees teenoor die eie ongeloof van die naturelle.

Die blankes se kerk kan en moet hierin die nodige leiding probeer gee, en daarvoor is nodig dat ons sendingleraars 'n baie deeglike opleiding ontvang om hulle vir hierdie taak te bekwaam. Maar as die naturellekerk nie self hierdie roeping aanvaar nie, bly die Christendom vreemd vir hulle en word dit en ook die kerstenings-taak opgevat as 'n uitwendige verwestering van hulle godsdienstige, kulturele, sosiale en ekonomiese lewe, en die reaksie hiervan sal wees 'n ongesonde nasionalisme met 'n nasionalistiese godsdiens in verskeie vorme soos dit nou al in baie sektes gedeeltelik tot openbaring kom.

Die gees van hulle eie heidendom moet in al sy diepe ongeloof gepeil, ontmasker en bestry word, en daarteenoor moet positief gestel word die waarheid van God se Woord soos dit spreek teenoor hierdie besondere heidendom en ongeloof. So moet die kerk ook in 'n geestelike stryd gewikkel wees teenoor die kommunisme en ander ongelowige strominge soos dit vorm aanneem by die Bantoes.

Alleen op hierdie manier kan die waarheid van God se Woord waaragtige lewende betekenis vir die naturelle hê en kan hulle belydenis 'n lewende getuigenis wees — teenoor die ongeloof en die eie wêreld — dat God alleen groot is.

Hierdie verskeidenheid en pluriformiteit van die kerk van Christus is *gegrond op die verskeidenheid van die liggaam van Christus*, wat die nuwe herskape mensheid in Hom is.

In die nuwe mensheid in Christus is daar 'n ryke verskeidenheid in die lidmate (Ef. 4), gemeentes en kerkverbande. (Rapport van Ekumeniese Kommissies in Handeling van die Algemene Sinode, 1952, bl. 72).

Hierdie verskeidenheid in die liggaam van Christus word gesien in die verskeidenheid van vorms maar kan ook, wat betref die Bantoekeke, daarin gesien word dat hierdie kerk een of meer waarhede van God se Woord as 'n meer lewende werklikheid belewe en aksentueer, en dit kan selfs gebeur dat een of meer waarhede van

God se Woord in hierdie kerk tot 'n beter en nuwe uitdrukking gebring kan word, solank gewaak word teen eensydige aksentuering.

Die natuur word nie in Christus vernietig nie maar geheilig en daarom moet ook rekening gehou word met etniese verskeidenhede en onderskeidings.

Ons aanvaar 'n pluriformiteit van ware kerke maar nie van ware en minder suiwer kerke nie. Ook die Bantoekeke moet 'n ware Gereformeerde kerk wees.

Dit is noodsaaklik dat die Gereformeerde Kerke met volle handhawing van „de autoriteit en dus de eisen der Schrift, onderzoeken wat deze tijden met hun eigen mentaliteit van haar vragen; bij al het constante, dat zij begeren vast te houden, mogen zij de dynamiek, het actuele, de „roeping van nu” niet vergeten; Gods Woord geeft niet alles normatief aan; in meer dan één opzicht wordt de vorm bepaald door de gehele structuur van ons leven, en de kerken in Australië bv. zullen geen *copy* mogen zijn van die in Nederland, en in Amerika kunnen niet altijd dezelfde wegen bewandeld worden als in Indië — (K. Dijk: „De apostolische kerk in haar interne dienst” in *De apostolische kerk*, bl. 173).

Ware Gereformeerde kerke in Holland, Amerika, Australië, Oos-Indië, onder die blankes in Suid-Afrika en onder die Bantoes en ook onder die Kleurlinge van Suid-Afrika — dit is ware ekumenisiteit. So gaan die *apostolisiteit* van die kerk gepaard met die *katolisiteit*. (K. Dijk: a.w., bl. 174).

Hier geld ook die vraag of afsonderlike gemeentes en kerkverband van bloot tydelike karakter sal wees. As gevolg van die gewelddadige en rewolusionêre inwerking van die Westerse kultuur op alle kulture en samelewingsverbande en die vinnige selfstandigwording van die gekleurde bevolkings tot moderne state en die daarmee gepaard gaande sterk op die spits gedrewe gelykmakingsbeginsels word vandag al meer aanvaar dat hierdie eiesoortigheid slegs 'n verbygaande fase in die ontwikkeling van die kerke is.

Dit word aangeneem dat in so 'n land soos Suid-Afrika, waar die kerke onder blankes en Bantoes nou nog naas mekaar is, die ideaal een kerk moes wees.

Hoewel die Bantoeekultuur en -gemeenskapsverbande nou in 'n groot mate as gevolg van die Westerse beïnvloeding gedesintegreer word, sal hulle kultuur en samelewing vir die verre toekoms tog nog *altyd wesenlik 'n eie karakter dra* en sal hulle nog steeds hulle *eie taal hê*.

Aangesien georganiseerde eenheid in één kerk nie noodwendig ware eenheid is nie en in die praktyk uitloop op skeiding, *moet 'n ander eenheid geopenbaar word*. Die platform waarop die eenheid geopenbaar moet word, is allereers in die samewerking van die „sendende” gemeentes met die „sendinggemeentes” tot die opbouing

van gemeentes in 'n eie kerkverband tot volle geestelike groei en rypwording. Vireers neem hierdie verband met die sendende gemeentes meer 'n toesighoudende en leidende karakter aan, maar dit sal in die toekoms geleidelik meer 'n onderling toesighoudende vorm moet aanneem.

Vir hierdie leiding en toesig is nodig 'n simpatieke benadering van die naturel met al sy probleme en 'n begrip van sy geestelike en stoflike nood asook van sy kulturele en geestelike agtergrond, maar bowenal is nodig dat hy gesien word as 'n gelykwaardige mens voor God en dat die Bantoe-Christen gesien word as 'n medegelowige.

Die eenheid en die apostoliteit van die kerk van Christus kom juis in hierdie ontmoeting van verskillende kerke op 'n besonder treffende wyse tot uiting, want hier werk twee kerke saam om die een kerk tot selfstandigheid te bring.

In hierdie verband en in verband met ons hele onderwerp is van belang wat H. R. Weber sê oor die vraag in hoeverre die sendingarbeiders by die Indonesiërs en Indonesiese kerk moet aanpas.

Ons haal slegs die volgende aan: „Is het niet een foutiewe exegese van 1 Cor. 9 : 19-33 wanneer men op grond van deze tekst van zendingarbeiders verlangt, dat zij den Indonesiër door en door Indonesiër moeten worden? In deze schijnbaar Bijbelse eis kan een moderne ketterij verborgen zijn: de eigen sociale structuur wordt verabsoluteerd; het sociale anderszijn veroorzaakt de uitsluiting uit de gemeenschap der kerk. Daarmee komt de oecumene in gevaar.

Wij hebben geleerd de Zending als oecumenische broederdienst van die oudere kerken aan de jongere kerken in de dienst van de evangelie-verkondiging te zien. Dat betekent toch ook, dat wij elkaar door alle sociaal anderszijn als broeders in Christus erkennen willen en dat daarom samewerking mogelijk blijft, ook wanneer de Zendingarbeiders zich nooit volkomen kunnen aanpassen. Juist het blijvende contact van de Zendingarbeiders met hun vaderlandse kerken — dat bij een volkomen aanpassing verdwijnen zou — kan de oudere kerken helpen zich haar oecumenisch karakter duideljk bewust te worden. En juist de samewerking met de altijd „anders” blijvende geroepenen en gezondenen uit kerken van andere volken en staten, kan voor de jongere kerken een oecumenische school worden”. (H. R. Weber: „Het probleem van de sociale aanpassing in de hedendaagse sendingarbeid”, in *De Heerbaan*, Julie-Aug. 1952, bl. 140).

So het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ook 'n baie belangrike ekumeniese funksie en hierdie funksie kan in die toekoms ontwikkel tot „een van die grootste broederdienste”.

Op hierdie vlak en nie in een kerk nie moet die nodige kontakte vir samewerking gesien word om so die eenheid in Christus te openbaar. Sulke kontakte is daar reeds en dit kan uitgebrei en

aangevul word. Veral is nodig samesprekings, plaaslik en algemeen, met kerkrade, helpers en predikante van die sendinggemeentes, en die sendingkerke moet gelei word tot verwesenliking van hulle selfstandigheid.

Wanneer die Bantoe-gemeentes 'n eie kerkverband vorm moet die ekumeniese verband tussen die kerk onder die Bantoes en dié onder die blankes met wedersydse goedvinde en na wederkerige beraadslaging gereël word.

e. *Deelname van nie-blankes aan die kerklike lewe van blankes.*

Soos uit bostaande blyk kan eie kerke vir nie-blankes geregverdig word en as wenslik beskou word. Kan nie-blankes ook opgeneem word as lidmate van die blanke kerke of kan hulle daar as gaste die Heilige Nagmaal gebruik of die erediens bywoon?

By die *Afrikaanse kerke* word hierdie opening oor die algemeen nie as *wenslik* beskou nie.

By die *Engelse kerke* wat integrasie op kerklike en ander gebiede voorstaan, is die reël min of meer soos wat eerw. Webb dienaangaande van sy eie kerk (die Methodistekerk) sê: Sy kerk is een kerk vir blankes en nie-blankes, en daar is niks wat 'n nie-blanke lidmaat belet om 'n Europese erediens by te woon nie of vice versa. In beginsel is daar niks om 'n blanke te belet om lidmaat van 'n Bantoe-kerk te wees nie, of vice versa. In die praktyk egter is daar nooit sulke aansoeke nie. Tog vind daar soms gemeenskaplike eredienste en nagmaalviering plaas. (J. B. Webb voor N.G.K.-konferensie van kerklike leiers, 1953. Sien verslag, bl. 155-156).

In *Nieu-Guinea*, waar enkele duisende Nederlandse amptenare en ander Nederlanders woonagtig is, is blanke Gereformeerdes, Hervormdes, Lutherse en Doopgesindes ook lidmate van die een Evangelies-Christelike kerk, maar die blankes het naas die Papoea-gemeentes hulle eie gemeentes, en hierdie gemeentes vorm saam 'n klassis, „omdat zij een eigen wijze van leven en werken van de gemeenten en klassis hebben”. Hulle behoort nie tot die klassis van hulle eie streek nie, en die klassis kan in onderskeiding van die ander klassisse van Papoea-gemeentes eie reëls vir die gemeente en klassis opstel. Maar saam met die ander klassisse en gemeentes is hierdie klassisse en gemeentes in een sinodale verband.

„Inderdaad is die wijze van leven en werken dezer gemeenten geheel anders dan die der Papoease gemeenten. Haar leden komen uit een andere kerklike traditie en uit een ander cultureel milieu. Hun tempo, hun wijze van reageren, hun aanpak der dingen verschild in zoveler opzichten met die der Papoea's dat de vorming van afzonderlijke gemeenten niet alleen nodig, maar ook de opstelling van eigen regelen voor deze gemeenten en de klassis geboden is. Op deze wijze is enerzijds het grote goed gehandhaafd dat Nederlanders en Papoea's in een kerk samenwonen terwijl anderzijds beiden toch de gelegenheid hebben om naar eigen aard en gewoonten in de

kerk te leven en te werken". (Dr. G. P. H. Lochner in *De Heerbaan*, Nov.-Dec. 1956, bl. 215).

Prinsipieel kan elkeen, ongeag sy afstamming of huidskleur, lid van een van hierdie blanke gemeentes word, maar volgens dr. Lochner het die klassis in sy sitting van Oktober 1956 besluit om aan Nederlandssprekende Papoeas wat by hierdie gemeentes wil aansluit, die vraag voor te lê „of zij niet beter lid kunnen zijn van die Indonesisch-sprekende gemeente in dezelfde plaats. Dit besluit is terwille van de Indonesisch-sprekende gemeente in de grotere plaatsen genomen. Het gevaar dreigt haar immers, dat alle beter ontwikkelde Papoea's van haar naar de Nederlandssprekende gemeenten overgaan. Dat sal haar van een aantal van haar beste en kapitaal-krachtige leden beroven. Daardoor zullen zij niet tot ontplooiing kunnen komen, gelijk de vooroorlogse Indonesisch-sprekende gemeente der Protestantse kerk in Indonesië op Java" (Dr. Lochner: a.w., bl. 214).

Opname van inheemse lidmate word dus hier afgekeur in belang van die inboorlinge self, en aparte gemeentes van blankes is ook nodig in belang van die blankes. Hierdie argument geld in die geval van Suid-Afrika nog meer, want in teenstelling met die posisie in Nieu-Guinea is hier 'n sterk gevestigde blanke bevolking, terwyl die Nederlanders in Nieu-Guinea slegs 'n paar duisend is en nie as permanente bewoners in hul eie vaderland beskou kan word nie.

Die nie-blankes kan ook nie bevrediging vind in 'n erediens vir blankes nie, en hulle staan buite die gemeenskap van blankes. Opname van individuele nie-blankes in blanke gemeentes moet dus, in belang van die nie-blankes, nie alleen ontmoedig nie maar ook afgekeur word.

Maar kan sulke nie-blankes as gaste die Heilige Nagmaal in 'n blanke gemeente gebruik?

Om die vraag te beantwoord moet ons 'n goeie begrip hê insake die vraag vir wie die nagmaal bedoel is. Die nagmaal is 'n sakrament wat vir gelowiges bedoel is om hulle geloof te versterk; die gemeente kom as gemeente saam om dit te gebruik, en die eenheid en die samehang van die gemeente moet in die gesamentlike viering van die nagmaal tot uiting kom. Maar die eenheid van die gemeente of gelowiges moet oral tot uiting kom waar hulle saam vergader. Die nagmaal is ook nie die enigste gemeenskapsoefening nie, en die betekenis van die nagmaal is nie hoofsaaklik of uitsluitlik daarin geleë dat dit gemeenskapsoefening is nie.

Dit kan ook nie op sigself geneem word sonder verband met die plaaslike gemeente nie, want dit is die sakrament van die plaaslike gemeente wat in 'n erediens byeen vergader is, en deelname daaraan veronderstel lidmaatskap van hierdie gemeente. Dit het ook geen sin sonder bediening van die Woord nie, wat so verkondig

moet word dat dit 'n verstaanbare boodskap van God is vir die hele gemeente.

Die nagmaal is dus geensins bedoel om 'n vertoning te wees van 'n eenheid tussen mense wat van verskillende gemeentes of kerklike verband is nie. As dit vir hierdie doel gebruik word, word dit misbruik en onheilig.

Afgesien van ander redes kan 'n nie-blanke dus alleen hierom nie tot die nagmaal in 'n blanke erediens toegelaat word nie, omdat hy 'n lidmaat van 'n ander gemeente en kerkverband is.

Of dit in uitsonderlike gevalle toegestaan kan word, hang gedeeltelik af van die meer algemene vraag of dit wenslik is om nie-blankes in 'n erediens vir blankes toe te laat.

In verband hiermee kan as reël gestel word dat 'n lidmaat verplig is om saam met sy eie gemeente die erediens by te woon, maar die erediens is in die reël 'n ope diens, ook vir ongelowiges; en daar kan dus op suiwer Skriftuurlike gronde — sonder inagneming van die konkrete situasie — geen besware wees teen die bywoning van 'n erediens vir blankes deur nie-blankes nie.

En terwyl ook by die kerk vir blankes lidmate van ander gemeentes in uitsonderlike gevalle toegelaat word tot die nagmaal van 'n plaaslike gemeente, kan nie-blanke lidmate op suiwer Skriftuurlike gronde — sonder inagneming van die konkrete situasie — ook nie onder soortgelyke omstandighede geweer word van die nagmaalsbediening van 'n blanke gemeente nie.

Maar in so 'n veelrassige land soos Suid-Afrika is daar teen sodanige bywoning van 'n erediens of nagmaalsbediening die volgende gewichtige besware wat dit beswaarlik en selfs ondoenlik maak.

In die eerste plek is daar die beswaar dat sodanige geleentheid aanleiding kan gee tot die afbrokkeling van 'n eie kerklike lewe van die nie-blankes, omdat op hierdie wyse opening gelaat word vir die onttrekking van hulle beste kragte uit hulle gemeenskap en kerklike lewe, met die gevolg dat ook die handhawing van die eie volksidentiteit ondermyn kan word.

Verder kan aangeneem word dat 'n nie-blanke in die reël geen ware bevrediging kan vind in so 'n gemengde erediens en nagmaalsbediening nie.

Terwyl daar in die reël geen ware behoefte of begeerte by die nie-blanke vir sodanige gemengde dienste of nagmaalsviering is nie, word deur so 'n stap die deur oopgelaat vir persone om uit onsuivere motiewe hiervan misbruik te maak.

Voorts kan onstigtelikheid en selfs wanorde deur so 'n toelating in die hand gewerk word.

Volledigheidshalwe word hierby die volgende gevoeg in verband met die vraag of blankes by gemeentes van nie-blankes as lidmate opgeneem kan word en of hulle daar die nagmaal kan gebruik of die erediens kan bywoon.

In sekere opsigte en *mutatis mutandis* geld in hierdie opsig dieselfde as vir nie-blankes, met die uitsondering egter dat, wat betref die bywoning van die eredienste vir nie-blankes, dit toegelaat kan word waar sodanige bywoning in belang van die sending nodig geag word, mits dit geskied in oorleg met en goedkeuring van die kerkraad van die betrokke „sendinggemeente”.

2. Die taak van die kerk.

a. Die sendingtaak

In die voorgaande is breedvoerig gehandel oor die implikasies van die kerk se sendingwerk en die verhoudinge wat daaruit voortspuit. Een van die mees fundamentele en positiewe take van die kerk ten opsigte van die rasse- en volkereverskeidenheid in die kontaksituasie tussen gekerstende en heidenvolke is die sending onder laasgenoemdes. Dit behoort tot die wese van die kerk dat dit die evangelie moet verkondig aan alle volke en nasies en tale. Te meer geld dit seker daardie kerke wat vanweë hulle verbintenis met 'n bepaalde volk en gebied geplaas is te midde van die primitiewe heidendom. In die situasie gaan die kerk se sendingtaak en die volk se kersteningstaak hand aan hand. Enersyds is die kerk geroepe om sy lidmate op te roep tot 'n sending- en kersteningsbewustheid en andersyds om met alle krag en ywer die sending self te beoefen.

Die nadere doel van die sending is dan die vergadering van die uitverkorenes tot selfstandige gemeentes onder die heidenvolke. Die verhouding wat hieruit ontstaan tussen „sendende” en „sending-gemeentes”, vraagstukke van lidmaatskap e.d.m. is reeds in die voorafgaande behandel.

b. Die kerk se onderrig en toesig t.o.v. die rasseverhoudinge.

Dit is die taak van die kerk om aan sy lidmate ook die wet van die liefde te preek: liefde tot God en liefde tot die naaste. Selfs om sy lidmate te besiel met 'n sendingywer is dit nodig om hulle lerend en biddend te bring tot kennis en beoefening van die naasteliefde, in woord en in daad, teenoor die heidenvolke.

'n Objektiewe roepingsplig met 'n subjektiewe gevoel vir regverdigheid en billikheid kan nogtans verstar tot 'n sieldodende pligsvervulling, en daarom moet dit aangevul word met en gekorrigeer word deur 'n subjektiewe innerlike liefdesgesindheid. In die begrip roeping lê trouens ook opgesluit dat dit vervul word uit gehoorsaamheid en liefde teenoor God en daarom ook tot die naaste, wat Gods skepsel en beeldraer is.

In aansluiting by wat reeds hieroor gesê is, is dit veral van belang watter motief in ons optrede teenoor die nie-blanke beheersend is. Hierdie motief kan wees eie belang of 'n bloot objektiewe gehoorsaamheidsdrang, of dit kan wees dat ons geaktiveer word deur 'n roepingsbesef teenoor ons eie volk of vaderland, en dit kan ook wees

dat ons deur ons optrede en ontwikkelingswerk of kersteningswerk onder die nie-blankes 'n goeie verhouding tussen hulle en die blankes wil verseker of dat ons die Christelike beskawing wil handhaaf en verbrei.

Hierdie motiewe word nie juis onderling uitgesluit nie en die een kan soms meer op die voorgrond tree as die ander, maar die beheersende hoofmotief en beginsel in die positiewe voogdyskapstaak kan nie anders as die liefdesmotief wees nie. Dit kom daarop neer dat 'n Christen se lewe nie net beheers moet word deur 'n liefde vir sy naaste nie maar in die eerste plek deur die liefde van en vir Christus, waaruit volg ook liefde vir die naaste as liefdeobjek van Christus: die liefde van Christus, wat by sy volk wederliefde wek maar wat ook werksaam is in sy volk teenoor die ellendige, die verlorene, die nood van die nie-blankes en hulle moeilikhede. Christus se liefde, en nie ons liefde nie, moet dus in ons optrede teenoor die nie-blankes uitstroom na hulle toe. „The heathen is not to be loved because he is an object of his pitiable state but because he is an object of the love of Christ” (J. van den Berg: *Constrained by Jesus' love*, bl. 196). Dit moet dus die liefde van God in Christus wees wat in en deur ons spontaan tot uiting kom. En daaruit volg dan ook 'n subjektiewe liefdesgesteldheid teenoor die liefdesobjek van God. Maar hierdie liefdesmotief kan alleen op die regte manier funksioneer as dit geïntegreer is met ander geregverdigde Christelike motiewe waardeur ons gevrywaar kan word van 'n eensydige en ongebalanseerde motief tot redding van siele alleen of van 'n onstabiele emosionele motief of 'n goedkoop sentimentaliteit of individualisme (J. van den Berg: a.w., bl. 197-198).

Hierdie liefdeseis stel ons voor 'n ingrypende toets — as die liefde vir die nie-blanke ontbreek, as ons nie bewoë is oor sy verloreneheid, sy nood, sy ontwrigting, en as ons nie bly is oor sy bekering en ons verheug oor sy vooruitgang nie, dan is ons lewe buite kontak met Christus. Dan moet dit ons tot verootmoediging en berou stem, en ons moet vra dat Hy in ons wil woon en ons lewe en die uitgange daarvan wil beheers.

Maar dan nie so dat daaruit sou volg dat ons ons eie roeping teenoor ons eie volk of vaderland van minder belang ag of dat die liefdeseis meebring dat ons tot ondergang van ons eie volk moet werk of in sake wat nie in die werklike belang van die nie-blanke is nie.

Die enigste suiwer motief moet wees om die liefde van Christus tot openbaring te bring. God se eer te soek en sy koninkryk uit te brei. Dan is daar werklike liefde en belangstelling vir die sendingwerk en is ons van harte bly en innig verheug as 'n nie-blanke tot bekering kom, en is ons innig begaan en bewoë oor sy ewige heil.

So ook moet daarby ons blydschap wees as die nie-blanke vooruitgaan en moet ons verheug wees as hy op die pad van eiesoor-

tige ontwikkeling tot selfstandigheid vorder en moet ons van harte gewillig en bereid wees om dit in alle opsigte te bevorder in die Naam van Christus.

Dan is ons waarlik roepingsgetrou.

c. *Die kerk se taak t.o.v. die owerheid se rassebeleid en -praktyk*

Die kerk se roeping en taak is kerklik. Dit het 'n eie terrein en taak naas en afsonderlik en soewerein onafhanklik van die van die staat. Maar die kerk moet die lig van God se Woord laat skyn en Sy wet proklameer oor alle lewensterreine; ook dié van die staat en die owerheid en sy beleid. In die eerste plek moet dit, ten opsigte van die onderhawige saak, soos in alle andere, geskied deur die deursuring van die Christelike samelewing. Die leer- en regeeramp moet die lidmate stel tot skynende ligte en pilare van krag in 'n samelewing waarin die lewe, ook die politieke lewe, Christelik gefatsoeneer is.

Die kerk moet sy stem, d.w.s. die Woord van God, laat hoor in prediking en geskrif, teen alle ongewenste en sondige praktyke, hetsy van owerheid of onderdaan. Sekerlik mag die kerk nie 'n eie politieke beleid uitwerk of aan die staat voorskryf wat om te doen nie maar in soverre enige owerheidsbeleid klaarblyklik in stryd is met God se Woord, moet die kerk ook in raadpleging met Christelike outoriteite, die owerheid vermaan. In die verband sal dan ook veral die norme van liefde en geregtigheid moet geld.

Vir sover die owerheidsbeleid ten opsigte van ander volke en rasse in stryd is met die Woord van God en die daarvan afgeleide Christelike beginsels, is die kerk ook geroepe om die owerheid te vermaan en sy optrede te probeer korrigeer. Maar dan sekerlik nie in eerste instansie deur publieke protes en demonstrasie, deur aansporing tot wetsbreking en -on gehoorsaamheid en allermens onder politieke beïnvloeding en uit politieke motiewe en op grond van halwe of onwaarhede. Vir die kerk is die weg van onderhandeling met die owerheid die aangewese weg.

V. ALGEMENE RIGLYNE

In die lig van die voorgaande, meen ons, kan die volgende algemene riglyne vir die rasseverhoudinge in die algemeen nou getrek word.

1. Roeping

Die verhouding van 'n meer ontwikkelde volk (ras) teenoor 'n minder ontwikkelde, soos die van die blanke teenoor die gekleurde rasse, word dikwels geregverdig met 'n beroep op 'n volk (ras) se roeping. Die roeping sou dan (a) in algemene sin geleë wees in die beskerming van die volk (ras), bevordering en verwyding van sy kultuur-ontploffing, en in die verhoging van sy beskawingspeil en (b) in besonder in die kerstening van sodanige volk (ras).

'n Roeping is 'n taak wat deur God self opgelê is en in die uitvoering waarvan verantwoordelikheid aan Hom verskuldig is en wat in gehoorsaamheid aan Hom vervul moet word. Die algemene roeping van mense (ook in hulle volksverband) is duidelik gegee in die Heilige Skrif, nl. om te leef tot eer van God; om, in terme van die kultuuropdrag, die aarde te vul en daaroor te heers tot eer en verheerliking van Gods Naam.

Kultuurskepping en -ontploffing geskied uitsluitlik in gemeenskapsverband en in die natuurlike geledinge van familie, stam, volk ens. Net soos die besondere roeping van die individuele mens nie vooraf uit die Skrif afgelees of geopenbaar word nie maar eers kenbaar word in die wisselwerking tussen individualiteit en die konkrete lewensituasies, onder die voorsienige leiding van God, kan ook volke (rasse) se besondere en spesifieke roeping hoofsaaklik uit die historiese proses en die ervaringsituasies afgelei word. Israel vorm hier 'n uitsondering, deurdat in besondere openbaringe sy uitsonderlike roeping as *volk* aan hom vooraf te kenne gegee is. Dit moet hy realiseer langs die weg van die algemene roepingsbeginsels soos uitgeleef in die bepaalde konkrete situasies in sy geskiedenis.

Elke volk en ras moet hom ook rekenskap gee sowel van sy algemene as van sy besondere roeping, gerealiseer in die historiese situasies en omstandighede en getoets aan die eise van Gods Woord. So het 'n Christenvolk wat te midde van heidenvolke (van welke ras ook al) lewe, bepaald 'n besondere roeping t.o.v. die kerstening van laasgenoemdes. Volgens individualiteit en geskiedenis het elke volk (ras) 'n eie en selfstandige roeping wat nie aan ander oorgelaat kan word nie en sekerlik ook nie in gevaar gestel mag word deur aantasting en vernietiging van sy geestelike samestelling nie.

In die geval van die blanke is die roeping nie daarop gegrond dat hy blank is, asof hy vanweë sy wit vel 'n besondere voorsprong geniet of omdat sy lede sulke beskaafde mense is nie, maar op die roeping van Godswê om die waardes van die Christelike blanke beskawing, in die historiese verband met die eeue-oue verlede daarvan te handhaaf en te bevorder in hierdie donker kontinent van Afrika.

Die grond vir die roeping van 'n volk of ras is ook nie daarin geleë dat dit Afrikaans of Engels of Duits, blank, geel of swart is en as sodanig 'n besondere waarde besit nie, maar daarin dat God dit geroep het as 'n afsonderlike volk of ras met sy eie gewoontes, taal, kultuur en ander eienaardighede, om te lewe waar God hom roep en om daartoe die eie individualiteit te handhaaf, te ontwikkel en suiwer te hou.

Die roeping is eindelik ook nie gegrond op bv. die blanke se Christelike feitlikheid nie, asof hy daardeur geregtig is op besondere voorregte, maar alleen op die roeping waarmee God roep om as 'n ras met 'n eie Christelike roeping en patroon en 'n eie kerstenings-

taak van die lewe in die lyn van sy Christelike verlede 'n ligbaken in Afrika te wees.

Die onontwikkelde nie-blanke heidene moet deur die *voorbeeld* van die Christelike en hoër beskaafde blankes geaktiveer en gestimuleer word tot arbeidsaamheid, Christelike kultuurwerk en bebouing van die aarde en die ontwikkeling van die natuurbronne en -kragte. Maar hierdie roeping sluit ook in dat van die kerstenende ras of volk 'n *onweerspreekbare getuienis* moet uitgaan dat God verhewe is, ho alles geëer en verheerlik moet word, en die gemeenskap- en persoonlike lewe moet een magtige getuienis wees dat die mens alleen sy ware bestemming vind in diens van God.

Die vraag is of sodanige roeping ook volvoer mag word deur dwang- en gewelddadige, deur onderwerping en oorheersing. Dit blyk wel uit die openbaringsgeskiedenis dat God soms oorheersing van een volk deur 'n ander bepaal, sy dit dan ook as 'n roede. In die verband moet met die sonde gereken word, ook in sy openbaringsvorm van ongehoorsaamheid aan die kultuurgod. Indien sodanige volke hulle verset teen vreedsame aktivering, teen ongewelddadige middels tot ontworsteling aan die verstarrende ortodoksie van 'n primitiewe kultuur, kan dwang en oorheersing wel as middele val op die pad van 'n hoër beskaafde volk, mits hy die roeping nakom in gehoorsaamheid aan God, met geregtigheid teenoor die onderhorige en met liefdevolle en ywerige bevordering van die ontplooiing van die agterlike kultuur. Want ook van hom eis God op sy tyd rekenskap.

In elk geval is daar in die verhouding van ongelykheid tussen volke (rasse) in ooreenstemming met hulle onderskeie kultuur- en beskawingspeil, niks sondigs nie, mits dit nie gepaard gaan met onderdrukking, kultuurvernietiging en uitskakeling van onderlinge verkeer nie en vir sover die besondere identiteit nie deur sodanige verkeer bedreig word nie.

Juis ten gevolge van die sonde in sy uitwerking van onderlinge stamoorloë, bloedvergieting, rowery ens., mag dit roeping wees van beskaafde en meer ontwikkelde volke om in te gryp en vreedsame toestande te skep deur 'n *tydelike* oorheersing op grondslag van regverdigheid, veiligheid en beskerming. Dit was byna oral die geval waar blankes met nie-blankes in aanraking gekom het. Daarop berus die protektoraat-, mandaat- en trusteeskapstelsels. 'n Volk kan ook sondig deur sulke toestande oogluikend en met gevoude hande toe te laat.

2. Eiesoortigheid

Aangesien die roeping mede bepaal word deur sy besondere aanleg of individualiteit en die wisselwerking daarvan met die konkrete historiese situasies wat daardie volk (ras) se lotgevalle uitmaak, beteken vernietiging en verandering van sy individualiteit

en verlaging van sy beskawings- en kultuurpeil 'n aantasting van die moontlikheid om sy besondere roeping na te leef. Dit geld veral die beskawende en kerstenende groep. Om in die beskawingsproses die minder ontwikkelde volk/ras te assimileer in die bloed, kultuur en beskawing van die hoër mag daarop neer kom dat die eiendomlikheid van e.g. vernietig word, dat sy vryheid ondermyn, dat sy besondere potensieë vermoë om 'n eie bydrae tot die kultuurverskeidenheid te lewer in gevaar gestel word.

Die gevare kan alleen voorkom word deurdat daar 'n verskeidenheid tussen mense, volke en rasse is wat nie deur die mens tot 'n eenvormige patroon genivelleer mag word nie; en al is daar vandag nie meer 'n suiwer ras nie, kan die aanlegverskille tussen bestaande rasse nie ontken word nie.

Daar is diepgaande fisiese en waarskynlik psigiese verskille tussen blanke en nie-blanke rasse (volke); daar is verskille in historiese agtergrond, beskawingsniveau en algemene ontwikkelings- en intellektuele peil, in kultuur en die aanpak van dinge e.d.m. waarmee gereken moet word. Deur die nog laer staande volk te wil assimileer in die blanke kultuur en beskawing sal dit daarop neer kom dat 'n Godgegewe eiesoortige eiendomlikheid uitgedelg word; ook dat die half geassimileerde produk tot 'n nagmaakte kopie en karikatuur van die blankes ontaard, as gevolg waarvan hulle hulle eiewaarde as mense en as ras verloor en hulle eie roeping teenoor God en die wêreld nie vervul kan word nie.

Alleen met eiesoortige ontwikkeling kan die onderskeie volke van enige werklike waarde en diens vir die mensheid wees, want „alle beskawing wortel in die afsonderlike volksbestaan en elke volk moet sy nasionale kultuur tot ontwikkeling bring; juis daardeur word die mensheid as geheel verryk... Die volksindividualiteit moet in die geskiedenis sy roeping vir die mensheid vervul. Daarvoor moet die kragtig ontwikkel word en suiwer van karakter gehou word” (C Smeenk: *Christelike sociale beginsels*, I, bl. 120-421).

Die eiesoortige ontwikkeling beteken uiteraard nie noodwendig en mag nie beteken afsluiting van beïnvloeding en weerhouding van die waardevolle in een kultuur en beskawing van 'n ander nie maar juis om op eie wyse daardeur verryk te word.

In die kersteningstaak van die Christendom lê juis opgesluit dat die bruikbare elemente en groothede in die kultuur en gemeenskapsverbande van die nie-blanke nie sonder meer vernietig word nie maar dat dit vernut en in diens en besit van God gestel moet word.

Verder is dit geensins die bedoeling om die Christelike waardes van die Westerse beskawing en die tegniese en wetenskaplike ontwikkeling daarvan van die nie-blanke volke te weerhou nie, maar hierdie vreemde beskawingsprodukte kan alleen van wesenlike waarde vir

hulle wees en deur hulle geassimileer word as dit na die eis van hulle omstandighede en die graad van hulle ontwikkeling evolusionêr opgeneem word en as dit gebeur op die wortel van die individuele volks- en rasse-individualiteit.

Dat die uitvoering van 'n beleid van eiesoortige ontwikkeling onmoontlik is omdat van die betrokke volke self daarteen gekant sou wees, moet van die hand gewys word. In die praktyk is dit nie alle volkslede wat daarteen gekant is nie. Wel is dit korrek dat baie van die meer ontwikkelde lede nie geneig is om so 'n beleid goed-gesind te wees nie, omdat hulle dit vertolk as poginge om hulle terug te druk na 'n primitiewe agterlikheid en om aan hulle die voorregte van 'n moderne beskawingspeil te ontsê.

„Die gety van verwestering kan soms so sterk loop dat dit alles wat in die pad is, onweerstandbaar saamneem. Maar die onder-vinding oor die hele wêreld bewys dat dit 'n verbygaande fase is en dat vroeër of later die gety sal keer. In die grond van sy hart verlang niemand om slegs 'n kopie van 'n andereen te wees nie; hy wil homself wees”. (Oldham en Gibson: *The remaking of man*, bl. 62).

'n Verdere vraag is of die eiesoortigheid in absolute sin gehandhaaf behoort te word. Moet *alle* vermenging (en veral bloedvermenging) verhoed en verbied word? Moet daar 'n algemene horisontale en vertikale skeidingslyn gehandhaaf word t.o.v. arbeid, sosiale verkeer, gebruik van openbare vervoer, publieke geboue, skole, universiteite ens., ens.?

Absoluut is die eiesoortigheid sekerlik nie. Daar is geen ongemengde ras of volk nie. Maar die houding teenoor insidentele vermenging mag tog ook bepaal word deur die besondere situasies, aangesien die probleem die uitkoms is van 'n groot kompleks van faktore.

Die mate van territoriale geskeidenheid, die getalleverhouding, die verskil in beskawingspeil — al hierdie faktore afsonderlik of gesamentlik in 'n situasie waarin die voortbestaan van die beskawende en kerstenende instansie bedreig mag word deur vermenging van een of ander aard, mag in aanmerking geneem word ter beskerming van elke volk afsonderlik en albei gesamentlik mits dit ook gepaard gaan met liefde en geregtigheid.

3. Gelykwaardigheid

Onder gelykwaardigheid word verstaan dat alle mense voor God gelykwaardig is as mense wat geskape is na sy beeld en wat almal op dieselfde wyse deur hulle sondeskuld die genade van God verbeur het. Verder is daar 'n eenheid in Christus tussen alle gelowiges wat ook in die daelikse lewe tot openbaring moet kom.

Gelykwaardigheid sluit egter nie verskeidenheid uit nie; die een kan ook nie ten koste van die ander gehandhaaf word nie, en

die gelykwaardigheid moet gesien word niteenstaande en in die verskeidenheid.

Gelykwaardigheid beteken ook nie dat alle mense gelyk of van dieselfde waarde is nie, want daar is 'n groot ongelykheid tussen die mense, en niemand sal daaraan dink om die Eerste Minister van 'n land met 'n gewone arbeider gelyk te wil stel nie. Elke mens het bepaalde begaafdheede en moontlikhede. Daar is ook verskil in die ontwikkelingspeil en kultuurprestasies van volke en rasse. In die opsig kan die Boesmanras as sodanig nie gelykgestel word met die blanke ras nie.

Dit is van die grootste betekenis om ook sedelik met hierdie ongelykheid van mens en mens rekening te hou, want hoewel die beginsel van naasteliefde teenoor almal, afgesien van ras of kleur, van krag moet bly, is daar in die daelikse omgang in die betrekking waarvan ek tot mense staan, tog 'n verskil in die aard en graad van liefde.

„Ons is ten slotte almal mense-voor-God maar ons is tog ook mense onder mekaar en in hierdie wêreld. 'n Kennis hoef nog nie 'n vriend te wees en 'n vriend 'n broer genoem te word nie. Dit is moontlik dat ek met iemand in godsdienstige opsig my innig verwant gevoel en tog nie graag met hom op reis sou wil gaan nie”.

So sê dr. Aalders, en hy voeg daaraan toe dat omgang van 'n sendeling met inboorlinge op 'n eiland as sy gelykes versoenbaar is met 'n sosiale distansiëring teenoor hulle op 'n boot waar sosiale verskille van krag is, en so, sê hy, „kan ek teenoor die een in 'n ander verhouding staan as teenoor 'n ander en teenoor dieselfde persoon beurtelings in verskillende verhouding kom te staan”.

So staan ek in 'n ander verhouding teenoor 'n mede-Afrikaner as teenoor 'n Engelsman en teenoor 'n blanke as teenoor 'n naturel; en so kan ek ook teenoor nie-blankes in verskillende betrekkinge staan, en die verhouding waarin ek tot my bediende staan, is anders as die waarin ek staan tot 'n nie-blanke predikant of kaptein; en so kan ek ook teenoor dieselfde natuurle-mede-gelowige beurtelings in verskillende verhoudinge te staan kom.

Ons kan nie bloot uit die handhawing van 'n sosiale, politieke of ekonomiese skeidslyn konkludeer dat die beginsel van gelykwaardigheid geweld aangedoen word nie.

Maar hoewel die handhawing van 'n rasseskeiding in hierdie opsig nie noodwendig in stryd is met die gelykwaardigheidsbeginsel nie, kan dit met 'n ongesonde aksentuering van die negatiewe aspek daarvan of 'n toepassing wat eties nie geregverdig kan word nie en sonder 'n goeie gesindheid teenoor die nie-blankes soms onmenslik word. As die nie-blankes alleen maar beskou word as minderwaardige wesens wat altyd onder gehou moet word, dan word rasseskeiding, wat soms vanself vernederend vir die nie-blankes is, vir hulle dodelik en-ontaard dit tot 'n onmenslike optrede teenoor hulle.

Dan word hulle nie meer gesien as mense met menslike behoeftes, node en bestaansreg nie.

In ons optrede moet, ten spyte van rassesekeiding, in die betrekking waarin ons tot die nie-blankes te staan kom, in die eerste plek nie die apartheidshouding tot uiting kom nie maar die gesindheid dat ons die nie-blankes, wat deur God as ons naaste op ons weg geplaas word, as gelykwaardiges voor God sien.

4. Selfbehoud

Waar die volke- en rassekontak ervaar word as 'n wedersydse bedreiging vir die eie voortbestaan en handhawing van die eie identiteit en individualiteit of die weerhouding van regte en voorregte, word dikwels 'n beroep gedoen op die „beginsel” van selfbehoud. Uit wat gesê is oor die eiesoortigheid, volg dit ook dat elke individu en elke volk en ras verplig is om homself te handhaaf.

„Die self het waarde voor God, en daarom ook vir wie dit self is. Dit moet in waarde gehou word ter wille van God en ook van die naaste, want wie self niks is nie, kan ook vir ander niks wees nie” (Aalders, a.w., p. 185).

„Telkens kan, zowel in het groot als ook in het gewone, particuliere leven, de eis naar voren komen om niet over zich heen te laten lopen, doch zichzelf, dat is: zijn van Godswege gegeven roeping, kloek te verdedigen”. (J. H. Bavinck: *Het rassenvraagstuk*, bl. 49).

Dit geld vir individue, volke en rasse.

Enige volk en ras het die reg en verpligting om te verhoed dat sy identiteit verlore gaan as gevolg van 'n oormatige immigrasie van vreemdelinge wat tot verandering van die historiese geworde rassiesamestelling en kultuurpatroon geassimileer word.

Dit spreek vanself dat die selfbehoud nie vertolk mag word as 'n behoud en voortbestaan om sigself nie maar alleen as noodsaaklik ten einde die besondere roeping in vryheid te kan uitvoer.

5. Voogdyskap

Die ongelykheidsverhouding tussen volke van verskillende rasse op grond van hulle ontwikkelingspeil word o.a. geregtig deur 'n beroep op die voogdyskap van een oor die ander. Wesentlik hang die vraag of een volk die sedelike reg het om gesag oor 'n ander uit te oefen, saam met die roepingsbeginsel. (Vgl. die laaste paragrafe in 1 hierbo).

Indien die blankes byvoorbeeld in baie gevalle nie ingegryp het in die stamoorloë, strooptogte en moordaanslae tussen die gekleurde volke en vir 'n lang tyd die gesag oor hulle gehandhaaf het nie, sou die toestande tot nog groter onuitspreeklike leed onder die nie-blankes gelei het.

Hoewel die nie-blankes in sekere gevalle nog nie selfstandig kan wees nie, het die blankes egter nie die reg om op grond van

hulle roeping van die standpunt uit te gaan dat hulle 'n altyddurende beskikkingsreg oor eersgenoemdes besit nie. Voogdyskap is nie net 'n negatiewe, beperkende taak nie. Die voog moet die onmondige lei, ook en al meer met sy medewete, samewerking en verantwoordelikheid.

Daar moet duidelikheid wees oor die bestemming waarheen die bevoogdes gelei moet word. En dan kan daar net een antwoord wees, en dit is om hulle te lei en te help dat hulle tot selfstandigheid en onafhanklikheid kom en self die taak om die nodige kultuurwerk te doen en draers te wees van die Christelike beskawing op hulle te neem, soos dit in die toe-eiening daarvan deur die bevoogdes volgens hulle eie tradisionele eiendommikhede gedifferensieer sal moet wees. Hierdie doelstelling mag nooit uit die oog verloor word nie; dit moet as ideaal vir die nie-blanke bevolkings gestel word. So nie bly daar maar altyd bewus of onbewus die veronderstelling dat die nie-blankes alleen daar is vir die blanke se geref.

So 'n houding word noodwendig in die hand gewerk deur 'n verkeerde doelstelling.

Die roepingsbesef kan aan die ander kant so sterk ontwikkel wees dat die bevoogde alleen gesien word as 'n blote objek wat na willekeur na die bestemming wat ons vir hom in die vooruitsig stel, en op die pad wat die voog vir hom afbaken, voortbeweeg moet word. Hy word dan 'n objek wat niks te sê het nie, wie se opinie van geen waarde en wie se eie skatte van geen betekenis is nie. Die voog moet dit egter stel dat sy medewerking verkry moet word: sy selfwerksaamheid en medewerksaamheid is in alles vir sy eiesoortige ontwikkeling nodig. Daarom moet hy ook geraadpleeg word, en die voog moet ook weet wat sy sienswyse is en met hom moet oorleg gepleeg word en hy moet self ook geaktiveer word. Dit spreek vanself dat die voog hom nie kan laat bind aan sy sienswyse nie. Die voog moet die beslissing neem oor wat in belang is van die nog onmondige, aangesien by laasgenoemde die nodige insig en kennis van sake ontbreek en ook omdat hy gewoonlik alle nuwigheide en veranderinge van uit die staanspoor opponeer.

Ook kan as gevolg van die superioriteitsgevoel van 'n roepingsbewuste voog die nie-blanke bv. ook daarin slegs as 'n objek gesien word, dat alles vir hom gedoen word en hy bederf word, sonder dat dit verwag word dat hy self iets opoffer of verantwoordelikhede aanvaar. Die nie-blanke moet leer om self ook te offer en te gee vir sy onderwysgeriewe en ontwikkelingswerke in belang van homself en sy gebiede.

'n Mens kan immers nie in die regte rigting ontwikkel as jy nie jouself ontwikkel nie; daarom is dit in laaste instansie die nie-blanke self wat in hierdie opsig tot selfwerksaamheid geprikkel moet word. Sy toekoms hang in 'n groot mate van homself af, en as hy nie gewillig is om geaktiveer te word tot selfontwikkeling nie,

en as hy die poginge van die owerheid in hierdie verband altyd dwarsboom of slegs passief aanvaar, sal hy nooit tot 'n beskaafde Christelike peil kan uitstyg nie.

Met die oog op die huidige algemene strewe van die naturelle van Afrika om so gou moontlik volledige selfbeskikking te verkry moet die voog hulle oornam van verantwoordelikheid vir selfontwikkeling so veel moontlik bespoedig. En dit geld selfs miskien in sterker mate vir die ander nie-blankes van Afrika.

VI. OPSOMMENDE KONKLUSIES

(Alleen die gewysigde konklusies met die motivering van die Aanvullende Rapport is geplaas — vgl. I. 3. bo. Depte. Acta).

1. Die Skrif en die Christendom wat daarop berus, is, hoewel afkomstig uit die Ooste in die oudheid, en in die moderne tye veral oor die Weste versprei, nie self Oosters of Westers nie maar afkomstig van God self en bestem vir die hele mensheid sonder onderskeid.

Motivering: Vgl. Ned. Gel. Bel. III-V. Die boeke wat saam die Bybel uitmaak, is geskryf deur Moses, die profete en apostels — almal mense van die Ooste en van hulle besondere tyd, met die beelde en kultuuragtergrond van die Ooste, deur die geskiedenis van Israel heen, hoewel in die geval van die apostels ook deur die Weste beïnvloed. Maar dit is terselfdertyd en in die eerste plek die *Woord van God*, gegee vir alle tye, vir alle volke, om vertaal te word in alle tale. Die evangelie, die blye boodskap van die ewige en volkome versoeningswerk van Jesus Christus moet op Sy bevel aan alle volke verkondig word (Matth. 28 : 19) en is reeds op die Pinksterdag in die onderskeie tale van die byeenvergaderdes gehoor (Hand. 2 : 8).

2. Dit erken die eenheid van die mensheid in skepping en herskepping oor die Pinksterwonder heen tot by die voleinding van alle dinge, maar verwerp die valse eenheidstrewe van die mensheid vanaf Babel en sy Babiloniese nalatenskap.

Motivering:

(a) Die mensheid is één op grond van:

(i) die skepping van die mens na die beeld van God (vgl. bl. 51 e.v.);

(ii) die afstamming van alle mense van Adam en Eva en na die sondvloed van Noag en sy seuns (bl. 52, 54, 67, 76);

(iii) die deurwerking van die sonde van ons aller voorvader Adam (bl. 67 v.).

(b) Die *verloste* mensheid is één op grond van:

(i) die soendood van Jesus Christus, die nuwe Adam, vir *almal* wat in Hom sou glo (bl. 67 e.v.);

(ii) die Vaderskap van God en die kindschap van alle gelowiges uit alle volke en nasies en tale;

(iii) die koms van die Heilige Gees op die Pinksterdag tot die versamelde, verteenwoordigend van die hele bekende volkerewêreld van daardie tyd (bl. 74 e.v.);

(iv) die vergadering van die volk van God, die gemeente van Jesus Christus, uit alle volke en nasies en tale soos aan Johannes geopenbaar: ingaande, met hulle heerlikhede, in die nuwe Jerusalem (bl. 83).

Hierdie eenheid wat 'n innerlike geestelike eenheid is, word deur die Skrif nie geleer as 'n eendersheid nie, maar in sy sondelose toestand reeds as 'n harmonie van verskeidenhede: die kulturgebod (Gen. 1 : 28) en die goddelike opdrag om oor die aarde te versprei, behels die beginsel van verskeidenheid; die gebeure by Babel bring dit kragdadig te weeg; dit bly bestaan tot die voleinding en herskepping (bl. 53 e.v., 82 e.v.). 253 e.v.).

Daarteenoor staan die Babelse strewe wat sal kulmineer in die optrede van die Antichris: 'n gedwonge, uitwendige eendersheid sonder innerlike geestelike samehang. Die middele hiertoe is dwang, mag geweld, organisasie. (bl. 62 e.v., 82 e.v.).

3. God self bewerk die verdeling van die mensheid in verskeidenhede, d.w.s. in rasse, kultuurkringe, volke e.d.m. deur sy oorspronklike kultuuropdrag en die Babelse verwarring en die verdere historiese verloop, en bepaal vir alle nasies hulle roeping, tye en woonplekke tot aan die voleinding.

Motivering: Vgl. vorige konklusie en motivering. God gee die opdrag tot vermenigvuldiging en verspreiding oor die aarde. So 'n verspreidheid hou die moontlikheid en waarskynlikheid in van verskeidenheid en differensiasie (bl. 53 e.v.). God bewerk self die verspreiding en daaruit voortvloeiende verskeidenheid deur die spraakverwarring by Babel (bl. 54 e.v.). God gee ook aan elke nasie sy woonplek en tyd (bl. 76 e.v., Hand. 17 : 26). Daarby glo ons dat die geskiedenis verloop onder die bestiering van die alwyse God wat aan elke mens en volk sy taak en rol in die wêreldgeskiedenis toewys. (Vgl. ook Jes. 41 : 1-6).

4. Die volke moet egter saamwerk om hulle gesamentlike roeping te vervul, elk op eie tyd en wyse en moet dus ook met mekaar verkeer en *mag* selfs in 'n mate vermeng, terwyl sekere van tyd tot tyd oor ander gesag *mag* voer sodat die meer ontwikkelde

en beskaafde volke die minder ontwikkelde tot voller kultuurontplooiing kan stimuleer, maar met behoud van elkeen se nasionale identiteit in die internasionale wisselwerking en historiese ontwikkeling.

Motivering: Hierdie verskeidenheid (pt. 3) word alleen as gevolg van die sonde 'n verbrokenheid; die harmonie 'n disharmonie, die liefde word vervang deur vyandskap. God wil dat ook volke onder die groot gebod van die liefde in vrede en geregtigheid met mekaar moet leef. (Selfs die vyand word onder die liefdesgebod gebring):

Waar volke in ongehoorsaamheid aan die kultuurgebod in hulle kultuurontwikkeling verstar, gebruik God ook ander volke om hulle te stimuleer tot gehoorsaamheid. Maar die meer ontwikkelde mag nie die ander se identiteit vernietig nie maar hy moet hom help en lei tot verryking, bevrugting en ontwikkeling van sy tradisionele kultuur en ontplooiing van die volkspersoonlikheid en kulturele prestasies.

5. Geeneen is in sigself meerderwaardig of minderwaardig nie, hoewel elkeen 'n besondere roeping het volgens aanleg, omstandighede en ontwikkelingspeil. Almal is egter geroepe tot uiteindelijke selfbeskikking en selfverwesenliking in vryheid.

Motivering: Alle volke staan onder die vloek van die sonde. Israel is nie op verdienste uitverkies nie. (bl. 62/63). God gebruik elkeen na die talente wat Hy hom gegee en die omstandighede waaronder Hy hom geplaas het. Daar is 'n tyd vir elkeen. (Hand. : 26; bl. 76/77). Vir almal bly die kultuurgebod geldig: en die verantwoordelikheid daarvan vereis ook vryheid.

6. Ook die Goddelike verkiesing en die verbreiding van die evangelie volg die lyn van die geslagte en word oorgedra van volk tot volk in die sending, hoewel dit in wese ekumenies van omvang is.

Motivering: Die Goddelike verkiesing is uit *alle* volke (bl. 74 e.v.). Maar dit gaan van volk tot volk; deur volke en geslagte — van die Jode na Samaritane en die nasies. In die geskiedenis van Israel loop die verlossing oor Abraham, Isak en Jakob en hulle geslagte. (Vgl. die geslagsregister van Jesus); Paulus veral dra die Evangelie oor aan die „nasies” (nie-Joodse volke) waar dit dan ook binne die onderskeie volke dieselfde gang volg as in Israel totdat die volk van God aan die einde van die tyd volledig sal wees, deur die Seun van God uitverkies uit die ganse menslike geslag (vgl. 12 art. en vr. 54 H.K., N.G.B. art XXVII.) Doopsform.: ons en *ons kinders*.

7. Die kerklike eenheid — wat in die eerste plek gesien moet

word as 'n geestelike eenheid en nie primêr as 'n organisatoriese of institutêre eenheid nie — kom organisatories tot verwesenliking in sy ekumeniese verband (op die internasionale vlak en met internasionale omvang) volgens die fundamentele eenheid van leer, diens en tug maar met nasionale differensiasie om aan elke volk se besondere behoeftes te voldoen.

Motivering: Vgl. N.G.B. art. XXVII: Die kerk is 'n heilige vergadering d.w.s. byeenversameling van almal wat waarlik in Christus glo. „Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe... Bowendien is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of tot sekere persone nie, maar dit is verspreid en verstrooid oor die hele wêreld; *nogtans is dit verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof*”. Die onderstreepte sin beklemtoon die geestelike eenheid van die kerk. (Vgl. bl. 85 e.v.).

Die kerk kom egter ook tot institutêre openbaring met plaaslike verskeidenheid volgens leefwyse, taal ens. van plek tot plek, min of meer ooreenkomstig die verskeidenheid van volkskulture sodat die kerkgeheel alleen sigbaar kan word in sy bo-nasionale verband wat impliseer dat die onderskeie kerke — fundamenteel een in diens, leer en tug maar verskeie volgens nasionale kulture — uit die verskeie lande en onder die onderskeie volke mekaar moet ken en met mekaar moet saamwerk, op die voorbeeld van die presbiteriale of gereformeerde kerkregeringstelsel.

8. In Suid-Afrika is verskillende nasionaliteite gevestig binne dieselfde staatsverband en op dieselfde grondgebied, terwyl 'n eie grondgebied en 'n eie staatsgesag die beste voorwaardes vir 'n vreedsame bestaan naas mekaar is. Elkeen is geregtig op sy eie nasionaal by hom passende en deur homself bestuurde kerklike institusie in ekumeniese verband, maar oor die geheel en voorlopig moet die blanke kerke as sendende kerke ten opsigte van die institusie van die nie-blanke kerke die leiding neem.

Motivering: Die volkere- en kulturele verskeidenheid ener syds, en die menslike sondigheid en swaakteit andersyds, bring teweeg dat minder wrywing en meer geleentheid vir onderlinge vrede bestaan waar elke volk sy eie grondgebied bewoon en, indien hy sover ontwikkel is, sy eie staatsgesag vorm. (Vgl. bl. 76 e.v.; Hand. 17 : 26).

In Suid-Afrika is dit vandag anders. Beskawings- en kulturele verskille, leefwyse en taal, verskil in historiese en geestelike agtergrond is so groot, die menslike verhoudinge as gevolg van die ervarings van die verlede is nog sodanig, dat ook op grond van die motivering van pt. 7, afsonderlike kerke na die aard

van die verskeidenhede noodsaaklik is met soortgelyke ekumeniese verband bo die nasionale kerklike verskeidenheid.

9. In Suid-Afrika is kerklike vermenging tussen blank en nie-blank o.a. in die vorm van opname van die nie-blanke lidmate in die kerk van die blankes en omgekeerd nie wenslik nie.

Motivering: Onder die bestaande verhoudinge sal dit die gevaar behels van ondermyning van die nasionale identiteit en roeping, veral van die getal-swakkere blankes, en van die Christelike roepingsvervulling van albei groepe.

Dit is feitlik vanselfsprekend dat die grootskaalse opname van „verwesterde”, beskaafde nie-blankes wat nie groot moeilikheid met die taal en kultuuragtergrond van die kerk onder die blankes sal ondervind nie, twee resultate sal hê. Hierdie lidmate sal in die „blanke” kerk in die bestaande situasie grootliks „passiewe” lede wees sonder ’n verteenwoordigende deelname in die kerkregering, dienste e.d.m.; belangriker nog is die feit dat die kerk onder die nie-blankes op dié wyse voortdurend gedreineer word van sy lidmate wat normalitêr die leiding in kerklike sake moet neem. Die gevolg sal wees dat die kerke onder die nie-blankes altyd „swak” sal bly en dus normaalweg nie in staat sal wees om hul taak as kerk te volvoer nie; ook sal dié kerke sodoende nie werklik selfstandig kan word nie, maar in feite aanhanklik aan die kerk onder die blankes bly. Om werklik so gou as moontlik selfstandige kerk te word, moet die kerk ook sy ontwikkelde lidmate behou.

10. Omdat die genade die natuur nie ophef nie maar heilig, moet die kerke in Suid-Afrika rekening hou met nasionale, maatskaplike en staatkundige instellinge en skeidslyne maar moet hulle ook voortdurend ten opsigte daarvan die Christelike liefdes- en vryheidseis profeties verkondig, wat dan ook insluit die roeping van die owerhede om die verbreiding van die evangelie en die nasionale selfontwikkeling in eie grondgebied te bevorder deur en tot internasionale samewerking ook ten opsigte van die nie-blankes.

Motivering: Die kerk gaan nie rewolusionêr te werk nie — vgl. die optrede van Jesus, Paulus e.a. t.o.v. slawerny, Romeinse owerheid, Jood en Samaritaan ens. — maar werk reformerend, met die wapen van die Christelike liefde en liefdesgesindheid en die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het. Die kerk mag hieroor nie swyg nie, ook nie teenoor die owerheid en lg. se taak nie. Ook die owerheid moet op die bevel van die Koning van die Konings, geregtigheid beoefen, niemand onderdruk nie; in ’n land soos Suid-Afrika die minder ontwikkelde geleentheid bied tot mondigheid en selfstandigheid; die gang van die evangelie nie verhinder nie.

Die groei en ontwikkeling van die sendingkerk moet nie gekoppel word aan die probleem van die vermenging tussen blank en nie-blank nie maar as ’n aangeleentheid verhef word bo die strydvrage om die rasseverhoudingsvraagstuk in Suid-Afrika. Dit gaan hier om die eiesoortige ontwikkeling van die sendingkerk wat te veel en te lank gestrem is deur ’n gebrek aan onderskeiding tussen eiesoortige sendingkerke en afsonderlike sendingkerke.

11. Met die oog hierop moet rassediskriminasie opgehef word namate die ontwikkeling van die nie-blankes ook onder die inwerking van simpatieke blanke leiding vorder maar sonder ondermyning van die nasionale verskeidenhede. In besonder behoort ook voorsiening gemaak te word vir plekke en geleenthede waar die onderskeie groepe mekaar kan ontmoet vir sover dit nodig is ter wille van die behartiging van gesamentlike belange en vir onderlinge hulpbetoon.

Motivering: In die staatkundige, sosiale en ekonomiese lewe moes daar ter wille van goeie orde, vrede en welvaart, ter beskerming van albei betrokke groepe wetgewende en administratiewe maatreëls getref word wat wesenlik diskriminerend is, wesenlik op grond van beskawings- en kultuurverskil, maar in praktiese toepassing op gehele rassegroepe. Toenemende beskawing, en te meer nog kerstening, werklike vryheid en selfstandigheid vereis die progressiewe opheffing van sodanige maatreëls. Wyse staatsbeleid vereis geleentheid vir ontwikkeling beginnende by die groeiende op die bestaande volkskultuur, nie deur doelbewuste vernietiging daarvan nie — enting op die tradisionele kultuurstam, nie worteling daarvan nie. Die kerstening, verryking, bevrugting van die in Suid-Afrika heidense, onbeskaafde nie-blanke kultuur, kan nie geskied deur afsluiting van alle kontak nie; mag ook nie oorgelaat word aan modernheidense invloede nie. Die besondere sendingtaak, sowel as die algemene beskawingstaak vereis gedurige kontak — ter bevordering daarvan moet ook deur die owerheid moontlikhede toegelaat en deur die kerklike en partikuliere instansies benut word.

12. Die besondere roeping van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is om, met die ruims moontlike internasionale skakeling tot ekumeniese omvang binne en buite Suid-Afrika, ’n selfstandige nasionale gereformeerde kerkverband te help ontwikkel vir die verskillende nie-blanke nasionale groepe in Suidelike Afrika, wat Skriftuurlik-gereformeerd moet wees maar geen slaafse nabootsing van die blanke kerkinrigting *hoef in te hou nie (moet inhou nie)*, omdat dit dan nie aan die besondere behoeftes van die nie-blankes sal voldoen nie.

Motivering: Dit hang saam met pte. 8 en 9. Die Gereformeerde Kerk is, as kerk van Christus geroepe tot sending. Deur die sending ontstaan nuwe kerke. Die ontstaan van nuwe kerke onder volke, onderskeie in beskawing, kultuur, leefwyse ens. van die sendende kerk, volg in aspekte buite die fundamentele eenheid van diens, leer en tug, 'n ontwikkeling wat by die kultuur en volkslewe aansluit. Die sendingtaak van die Gereformeerde Kerk lei dus of behoort te lei tot die totstandkoming van kerke onder die nie-blankes wat wesenlik Skriftuurlik en gereformeerd moet wees, maar wat moet aansluit by emosionele, kulturele en ander behoeftes van die volk onder wie die kerk tot stand gebring is. Hulp en samewerking van kerke van ooreenkomstige leer, diens en tug is ten volle geoorloof in die uitvoering van hierdie taak.

13. By sodanige ekumeniese skakeling moet ons egter teenoor ander gereformeerdes in die binne- en buiteland altyd handhaaf as skriftuurlik en gereformeerd in ons omstandighede, o.a. die volgende fundamentele beginsels wat in die voorgaande reeds vervat en ook voldoende gemotiveer is:

a. nasionale verskeidenhede moet in internasionale samewerking gehandhaaf word, ook deur 'n nasionale stempeling van die kerkformasie en -verbande tot op nasionale omvang soos vanselfsprekend is waar volke territoriaal geskei is maar ook waar verskillende volke binne dieselfde staatsgrense woon;

b. hieruit volg dat nasionale vermenging, hetsy dat die betrokke nasionaliteite op 'n rasgrondslag of andersins geskei is, in die kerkformasie en -verband vermy moet word en dat internasionale verband oor die algemeen eers bo die nasionale vlak gesoek moet word;

c. desnieteenstaande bring die roeping van die blankes as hoër ontwikkelde groep op hierdie stadium nog mee dat hulle in elke aspek van die vrymakingsproses wat so spoedig moontlik voltrek moet word, hetsy in die vrye ontplooiing van die kerk of in die bereiking van nasionale selfstandigheid, leidend moet optree in noue samewerking en kontak met die nie-blankes in kerk sowel as staat, terwyl die betrokke blanke en nie-blanke owerhede die noodsaaklikheid van sodanige onderlinge samewerking moet erken en eweens die proses van vrymaking moet bevorder.

VII. AANBEVELINGS

U deputate beveel by die eerw. Sinode aan dat in aansluiting by en ter aanvulling van hul rapport

1. 'n eksegetiese studie gemaak word van die idee van voogdyskap;

2. verder studie gemaak word van die verband tussen die bestaande rasse en die seuns van Noag;

3. ondersoek ingestel word na ons landsbeleid en praktyke met betrekking tot rasse-aangeleenthede in die lig van die bevindinge van hierdie rapport;

4. ook die besluite en praktyk van die Gereformeerde Kerk met betrekking tot rasse-aangeleenthede getoets word aan die beginsels soos in hierdie rapport geformuleer;

5. deputate benoem word om die ekumeniese sinode se verslag oor rasseverhoudinge te beantwoord.

AANVULLENDE RAPPORT — AANBEVELINGS

U deputate beveel verder aan dat die Sinode ernstig oorweeg om:

6. na aanleiding van die Rapport 'n sterk oproep te laat uitgaan tot sy lidmate en tot alle gelowiges van alle rasse om deur gebed en daad in liefde tot God en die naaste mee te werk aan die koms van God se Koninkryk en deur vermaning en voorbeeld mekaar aan te spoor daartoe, mekaar in liefde te verdra en as beelddraers van God mekaar te respekteer;

7. die rapport in albei landstale te publiseer vir algemene verspreiding.

B. Besluit: 'n Kommissie van preadvies word aangewys om oor hierdie saak verslag te doen. Die lede is: di. *G. C. P. van der Vyver*, S. J. van der Walt, J. Helberg, J. Postma, P. J. Opperman, D. C. S. van der Merwe, A. A. Venter, oudll. F. F. Graphorn, N. G. S. van der Walt. Later (art. 116) is ds. Venter deur ds. A. Duvenage vervang en oudll. A. Malan en G. Botha toegevoeg.

C. Art. 116. Die Kommissie ad hoc lewer verslag, met toelating deur ds. J. L. Helberg.

Besluit: Die Verslag word terugverwys na die kommissie om saam met die deputate ad hoc te vergader om weer 'n verslag aan die vergadering voor te lê.

(Hierdie eerste Verslag word nie geplaas nie — Depte. Acta).

D. Art. 171. 1. Die Verslag van die kommissie en deputate word deur ds. Helberg toegelig.

Besluit: Dit word, met wysigings, soos volg aanvaar:

Die Sinode neem kennis van die deeglike en insiggewende rapport sonder om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar en wil sy dank uitspreek teenoor die broeders deputate vir die groot werk.

Die Sinode voel hom geroepe om n.a.v. die grondlyne van die rapport sy prinsipiële bevinding soos volg te stel:

Die koms van die koninkryk van God en die verheerliking van sy Naam is die doel van die geskiedenis van die wêreld. In die lig van hierdie doel moet dan ook alle menslike verhoudinge gesien word, van individu teenoor individu en van volke teenoor volke.

In die besef hiervan stel ons dan die volgende:

a. *Persoonlike verhoudinge.*

(i) Sentraal staan hier die gebod van die *liefde teenoor die naaste*, die tweede groot gebod wat aan die eerste (die liefde tot God) gelyk is (Matth. 22 : 37—39): „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”.

(ii) Op grond van die feit dat God „al die nasies van die mensdom uit een bloed gemaak het” (Hand. 17 : 26), waardeur die mensheid ’n eenheid vorm, en aangesien elke mens na die beeld van God geskape is (Gen. 1 : 26, 5 : 1), het die gebod van die naasteliefde betrekking op *alle mense*, selfs vyande (Rom. 12 : 20). In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan maak Christus dit duidelik sonder enige moontlikheid om aan die klem van sy woorde te ontkom. Die groot vraag is: Wie se naaste is ek? En die antwoord: *van enigiemand wat my hulp nodig het, al is hy ook van ’n ander ras of volk.*

(iii) Naas die beginsel van die liefde moet ook dié van die *geregtigheid* gehandhaaf word. Die regverdige is hy wie se sondes ter wille van die soenverdienste van Christus vergewe is en wat nou, aangevuur deur dankbaarheid en liefde ook geregtigheid beoefen in sy handel en wandel, sy naaste *regverdig* behandel, van watter ras of kleur hy ook mag wees. As liefde en geregtigheid saamgaan, sal die liefde nie ontaard in sieklike sentimentaliteit wat alle grense wil uitwis nie, en geregtigheid sal nie hard en koud wees nie.

(iv) Die geregtigheid hou enersyds daarmee rekening dat daar velerlei ongelykheid onder mense bestaan t.o.v. gawes, posisie, ontwikkeling ens., maar andersyds ook met die beginsel dat alle mense as beelddraers van God ook voor God gelyk is in status en dat daar by Hom geen aansien van die persoon is nie. Uit die eerste (d.w.s. die ongelykheid) vloei voort dat elkeen behandel moet word ooreenkomstig die regte en pligte wat voortvloei uit sy verhouding tot die gemeenskap waarin hy lewe, sodat die bediende byvoorbeeld wel geregtig is op regverdige behandeling maar nie op behandeling soos ’n kind van die huis nie.

(v) Die naasteliefde is nie in stryd met die handhawing van die eie bestaan nie. Dit is volkome in ooreenstemming met die Skrif dat die mens hom moet handhaaf ter wille van sy Godgegewe roeping. Wie self niks is nie, kan ook vir ander niks wees nie. In elke besondere geval moet geoordeel word of selfopoffering ter wille van die naaste gebiedend is of selfhandhawing.

(vi) Ook die verlore mensheid is ’n eenheid en wel — in Christus. Hierdeur word die natuurlike onderskeidings egter nie opgehef nie. ’n Griek bly ’n Griek, ’n man bly ’n man, ens. In Gal. 3 : 28 en Kol. 3 : 11 leer Paulus nie dat die onderskeidings uitgewis word nie maar dat hierdie onderskeidings geen verskil maak by die inlywing in die liggaam van Christus nie. Daaruit vloei voort dat ander gelowiges een met ons in die Here is en dat hulle as sodanig aanvaar moet word, van watter ras of kleur hulle ook mag wees.

b. *Maatskaplik-staatkundige verhoudinge.*

(i) Hoewel die menslike geslag ’n eenheid is, wil God geen eendersheid nie (vgl. Gen. 1). Hy roep volke, nasies en tale in aansyn, elk met ’n eie identiteit en aard en stel die grense van hulle woonplekke vas (Gen. 10 en 11, Hand. 17 : 26). Differensiasie volg vanself as die goddelike opdrag om die aarde te vul uitgevoer word.

(ii) Die differensiasie in volke en rasse met die daarmee gepaard gaande gawes, ontwikkeling, beskawing of getalsterkte gee geen volk en ras die reg om hom in hoogmoed te verhef oor ander volke en rasse en om sy mag in die verband te misbruik nie. Soos individue is ook volke en rasse almal in gelyke staat voor God niteenstaande die velerlei verskil in aanleg, ontwikkelingspeil e.d.m.

(iii) As gevolg van die sonde is of die onderskeidings gelykgeskaaf tot die eendersheid van Babel (Gen. 11) of dit is verskerp tot vyandskap. „Eiesoortigheid” en „andersoortigheid” is nie statiese begrippe nie, maar op grond van Gods Woord moet onderskei word tussen uitwissing van grense *as beginsel* en ’n vermenging waardeur nuwe vorme ontstaan. Daarom moet alle valse eenheidstrewes, massalising en uitwissing van grense, soos deur Liberalisme en Kommunisme verkondig, as onskriftuurlik verwerp word. Dit loop uit op die ryk van die Antichris.

(iv) Die verbreiding van die evangelie veronderstel *die bestaan van nasies* (vgl. die doopsbevel, Matth. 28 : 19 en Luk. 24 : 47). So kom daar gekerstende nasies naas heidense nasies, en vermenging van hierdie twee kan ’n bedreiging vir die Christendom inhou. In hierdie sin behou die verbod op vermenging wat in die Ou Testamentiese bedeling gegee is, sy krag, ook vir die Nieu Testamentiese bedeling. Vermenging is sonde as daardeur die Christelike of histories-waardevolle kultuur bedreig word. Vermenging kan rampspoedige gevolge hê. Hiermee hou verband dat op grond van die Skrif die huweliksmaat iemand moet wees wat by jou pas.

(v) Uit wat bo gesê is, volg dat elke volk geroepe is om sy volkseie te bewaar, dit positief te ontwikkel en so ooreenkomstig sy eie aard sy Godgegewe kultuurtaak behoort te volbring, tot eer van God en tot seën vir dié hele wêreld.

(vi) Die Skrif leer duidelik dat *oordrewe* nasionalisme (d.w.s. verafgoding van die volk) sowel as kosmopolitisme of wêreldburger-skap (geringskating van die volk) in stryd is met die ordinansie van God. Ewe onskriftuurlik is die genasionaliseerde godsdiens wat wesentlik ook volksverafgoding is.

(vii) Ook die verhoudinge van rasse en volke staan onder die gebod van die liefde en die eis van geregtigheid. Volke wat deur die genadige beskikking van God verder ontwikkel is as andere, is geroepe om die minder ontwikkeldes te stimuleer tot gehoorsaamheid aan die kultuuropdrag van God, sodat lg. se vermoëns en roeping volgens eie aard tot volle ontplooiing kan kom. Waar 'n volk in die situasie gestel word om gesag te voer oor ander ter wille van reg en orde, bring dit vir die gesagvoerende 'n geweldige verantwoordelikheid en 'n positiewe plig mee om in gehoorsaamheid aan die gebooe van God die bevoogde in alle regverdigheid en met liefde en ywer te lei tot volle selfstandigheid.

(viii) Uit die feit dat God aan elke volk sy plek gee (Hand. 17 : 26) volg dat as twee volke of rasse op dieselfde grondgebied woon en elkeen sy eie identiteit wil bewaar, daar onnoemlike spanninge ontstaan. Gebiedskeiding tussen volke is een van die wesenlike faktore om ongewenste vermenging en bedreiging van die volksbestaan teë te werk. Waar dit nie verwesenlik kan word nie, lei die toestand tot versweling van die een deur die ander deur vermenging of gewelddadige vernietiging van die nasionale identiteit. Hieruit volg dat 'n volk wat sy identiteit wil bewaar, die offers wat gevra word vir verkryging en behoud van 'n eie vaderland moet bring, ook deur erkenning van geregverdigde aansprake van ander volke op 'n eie vaderland. Die idee van 'n „veelrassige volk op een grondgebied” moet op Skriftuurlike gronde verwerp word.

c. Kerklike verhoudinge.

(i) Christus het aan sy kerk die opdrag gegee om die evangelie te verkondig aan alle volke tot verlossing van sy uitverkorenes wat in Hom deur die werking van die Heilige Gees saamgebind is in 'n diepere geestelike eenheid.

(ii) Dit gaan in die Nieu-Testamentiese bedeling nie bloot om die redding van die individu nie maar om die volk Israel en om die nasies (alle nasies) wat in hulle gelowiges gered word (Luk. 24 : 46; Rom. 9-11; Openb. 21 : 24, 26; vgl. ook Gen. 22 : 18; Jes. 66 : 12; Dan. 12 : 1).

(iii) Die geestelike eenheid van die kerk van die Here lê op 'n dieper vlak as die natuurlike en organisatoriese. Die gemeenskap van die gelowiges is ondanks velerlei gedeeldheid in sy diepste wese een en wêreldwyd.

(iv) Tog moet dit ook institutêr tot uiting kom en wel in ekumeniese verband volgens die fundamentele eenheid van leer,

diens en tug. Die verskillende taal- en volksgroepe moet plaaslik hul eie kerke institueer asook hul eie kerkverband tot op die nasionale vlak. Aparte instituering is nie alleen wenslik nie maar ook noodsaaklik ter bevordering van die saak van Christus. Dit dien o.a. tot stimulering van die jonger kerke en tot verryking van die kerklike lewe. Die ekumeniese verband is ewe noodsaaklik om die geestelike eenheid tot openbaring te bring.

(v) Hieruit volg dat ras- en volksvermenging as *beginsel en reël* op kerklike gebied, verwerp moet word. Dit is nie vir die kerk tot voordeel nie. Dit het die Here behaag dat op die Pinksterdag elkeen in sy eie taal oor die groot daad van God hoor spreek het (Hand. 2 : 11).

(vi) Die Nagmaal as sakrament is 'n saak van die *plaaslike kerk*, waar die kerkraad toesig hou oor die toegang daartoe. Die Nagmaal mag dus nie misbruik word as 'n demonstrasie van ekumeniese eenheid nie.

D. 2. Die volgende minderheidsrapport van oudl. prof. A. Malan en ds. J. L. Helberg word nie deur die Sinode aanvaar nie.

Ondergetekendes stel voor dat duidelikheidshalwe die volgende konklusie tot die voorgestelde verklaring oor rasseverhoudinge toegevoeg word:

„d. *Konklusie.*

Op grond van voorgaande bevindinge en met die oog op Suid-Afrikaanse omstandighede staan die Sinode 'n rassebeleid van parallelle ontwikkeling voor.”

D. 3. Insake die aanbevelings van die deputate (vii) word op voordrag van die kommissie besluit:

Besluit: 1. (Eksegetiese studie oor voogdyskap). Dit word nie aanvaar nie, aangesien dit nie op die weg van die Sinode lê nie.

2. (Eksegetiese studie verband van rasse). Soos by 1.

3. (Landsbeleid en rasse-aangeleenthede). Soos by 1.

4. (Besluite Geref. Kerk en rasse-aangeleenthede). Dit word nie aanvaar nie, aangesien die Sinode se bevindinge in D.l.c. (kerklike verhoudinge) voldoende geag word.

5. (Antwoord verslag Ekumeniese Sinode). Dit word nie aanvaar nie. Daar word van die Ekumeniese Sinode se besluite aangaande rasseverhoudinge slegs kennis geneem en die Sinode stel as antwoord daarop die bevindings soos in D.l. (hierbo) vervat.

6. (Oproep i.s. koms van koninkryk van God). Hierdie saak is reeds vervat in D.l.a. (hierbo).

7. (Publikasie van rapport). Aangesien die Sinode nie verantwoordelikheid vir die rapport en sy konklusies aanvaar nie, kan hy dit ook nie publiseer nie maar verleen die reg aan die skrywers om dit op eie verantwoordelikheid te doen en beveel dit vir studie in die kerkverband aan.

By eventuele publikasie moet dit in 'n voorwoord duidelik gestel word dat die Sinode nie verantwoordelikheid vir die rapport aanvaar het nie.

D. 4. Die Rapport word met hartlike dank aan die deputate en kommissie aanvaar, en daarmee word die konklusies van 1958 herroep.

ARTIKEL 37. (114).

Tug oor dooplidmate.

Die Rapport van die deputate (prof. J. P. Jooste, di. G. H. J. Kruger, G. P. Scheepers, M. J. Booyens, met ds. D. N. Kotze as sekundus vir ds. J. L. van der Merwe) word toegelig deur ds. Booyens.

'n Kommissie ad hoc word benoem (di. B. Duvenage, J. H. Venter, L. Stavast, F. W. Buitendach, oudl. L. S. Buys) om oor die rapport, asook die rapport wat gedien het op die Sinode van 1958 (Acta, bl. 128 e.v.), verslag te doen, en toeligtig word deur ds. L. H. Stavast gegee.

1. Rapport.

U Deputaatskap het die eer om soos volg te rapporteer:

a. Historiese agtergrond.

In die opdrag (Acta, p. 133) word verwys na die Sinodebesluit van 1904, artikel 47 sien verder Kerkenordeningboekie uitgegee 1916 (rooi boekie). Gevolglik is dit nodig dat ons hierdie verwysing histories aandui.

Die besluit waarna verwys word, is egter 'n eienaardige samevoeging van besluite van Sinodes van twee apart bestaande Kerke, te wete die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken in Nederland.

In die sogenaamde rooi boekie wat deur ons Kerk in 1916 uitgegee is, lees ons op bladsy 43 die volgende:

„Met de uitdrukking ‚de zondaar‘ is hier bedoeld de zondaar die belydend lid der Gemeente is. Toch moet ook over de doopleden tucht worden geoefend. Ter dezer zake werden op de Generale Synode van Middelburg (Nederland) 1896 door proff. Rutgers en Bavinck de volgende konklusien voorgesteld:

1ste: De gedoopte kinderen zijn leden van de Kerk, in welke zij gedoopt zijn, zij het ook dat zij nog inkomplete leden zijn. Als

leden der Kerk zijn zij ook vanself objekten der kerkelijke tucht. Maar in overeenstemming met hun toestand kan die kerkelijke tucht ook slechts ‚incompleet‘ zijn, en alleen door vermaning, berisping en dergelijke middelen worden uitgeoefend.

2de: De sub 1ste bedoelde geloovigen, die op volwassen leeftijd door eigen schuld niet tot kerkelijke belijdenis en verbintenis komen, moeten door de Kerk ernstiglijk en bij herhaling daartoe vermaand worden, en wanneer zij die vermaning niet opvolgen moeten zij geacht worden 't lidmaatschap der Kerk te verliezen, waarbij wenselijk is, dat de kerkeraad dit ook uitspreke, uiterlijk met hun dertigste levensjaar. Ophoudende lid te zijn van de Kerk, houden zij dus ook op objekten te zijn van de kerkelijke tucht.

3de: Met het sub 2de gestelde moet noodzakelijk ook samengaan, dat de aldaar bedoelde gedoopten, niet alleen ten aanzien van de kerkelijke tucht, maar ook in ieder ander opzicht, niet meer als leden der Kerk beschouwd en behandeld worden, zodat bv. hunne kinderen ook niet als ‚kinderen der geloovigen‘ ten doop worden toegelaten.

Aan het slot van het advies alleen voorgesteld: „De Generale Synode, de deputaten voor advies inzake kerkelijke opzicht en tucht over zogenaamde ‚Doopleden‘ dechargerende, verklaart, dat zij met de hoofdstrekking van hun advies zich verenigt en acht wenselijk dat de kerkraden zoveel mogelijk in die geest handelen.”

Hierdie stuk het in die sogenaamde rooi boekie verskyn, maar die inhoud van hierdie boekie is deur deputate in opdrag van die Sinodes van 1910 en 1913 aan die Sinode van 1916 voorgelê, en dit is goedgekeur.

Nou tref dit dat boeaangehaalde stuk geneem is uit 'n stuk wat onder artikel 71 Kerkorde afgedruk is en wat gehandel het oor die verskil tussen kerklike tug en burgerlike straf.

Die stuk begin so: „Het advies van de Synode van 1904, Artikel 47, luidde aldus”, en dan volg die stuk waaruit bogenoemde advies van die Nederlandse professore geneem is.

Die Algemene Sinode van 1904 het egter, blykens die Acta, ook 'n besluit geneem oor die tug oor dooplede. Hierdie besluit verskyn egter nie in die ‚rooi boekie‘ nie en lui soos volg: „De vraag van de Algemene Vergadering der Oranje Rivier-kolonie over de behandeling van doopleden, die hardnekkig volharden in zondigen wandel en de kerkelijke tucht minachten, wordt overwogen en beantwoord met het voorstel: „De Synode antwoordt dat ook doop-lidmaten onderworpen zijn aan de toepassing van censuur en afsnijding” (Sinode 1904, artikel 102).

Ons vind dus hierdie toedrag van sake: In 1904 het die Algemene Sinode besluit dat dooplede wat hardnekkig volhard in sondige wandel, ook onderworpe is aan die toepassing van sensuur en

afsnýding. Terwyl hierdie Sinodebesluit nie in die kerkordeboekie opgeneem word saam met die ander besluite nie, keur die Sinode goed dat 'n advies wat vir die Nederlandse Gereformeerde Kerke aanbeveel was, in die gemelde „rooi boekie” verskyn as leidraad vir die kerkrade om tug toe te pas oor dooplidmate.

In gemelde advies word ook melding gemaak van tug oor dooplidmate, maar daar word uitdruklik verklaar dat „dooplidmate” nog inkomplete lidmate van die kerk is, en dus moet die tugaksie ook inkompleet wees, naamlik vermaning, berisping en dergelike middele. Die Sinodebesluit spreek van afsnyding — maar in gemelde advies word gespreek van verlies van lidmaatskap wat deur die kerkraad ook uitgespreek moet word „uiterlik met hun dertigste levensjaar”.

Ten einde hierdie teëspraak wat in genoemde stukke voorkom, te verstaan sal dit nodig wees om die geskiedenis van die tug oor dooplidmate kortliks na te gaan.

1. *Genève*: In die bepaling wat in 1541 te Genève ingevoer is, is insake die kinders bepaal dat hulle nie tot die heilige Nagmaal mag toegelaat word voordat hulle genoegsame onderwys in die Kategismus ontvang het nie. Nadat hulle kennis van die stukke geblyk het, kon hulle belydenis van hulle geloof gedoen het in teenwoordigheid van die gemeente. Vir die doel om onderrig te ontvang moes die ouers (en die onderwysers) sorg dat hulle op Sondagmiddae na die kategismusdiens gestuur word. Verder is strafbepalings vir die oortreders aangekondig wat die Raad self moes uitvoer.

Vir ons doel is dit dus net nodig om vas te stel dat volgens die reëling van Calvyn en die Raad van Genève belydenis van die geloof afgelê moes word voordat toetrede tot die nagmaal veroorloof was en as daar versuim voorgekom het, kon getugtig word.

2. *Nederland*.

a. As ons die behandeling van die tug oor dooplede hier kortliks nader moet aandui, vind ons dat eers die Nasionale Sinode van Dordrecht (1578) aandag geskenk het daaraan deurdat 'n partikuliere vraag daaroor behandel is. Dit lui: Of die kinders wat in Gereformeerde Gemeentes gedoop is en tot hulle jare gekom het, aan die kerklike straf onderworpe sal wees en as hulle vermaan is en hardnekkig bly weier, of hulle afgesny sal word terwyl hulle hul geloof nog nie bely het en tot die nagmaal van die Here toegelaat was nie.

Hierop is geantwoord: „De wijle de doop een alghemeyne ghetuyghenisse is des verbondts Gods het welke den kinderen der Christenen toebehoort soo langhe sy door openbare afval het selfde niet en verwerpen, soo sullen de openbare en de alghemeyne vermaninge ghelyck de propheten tot het Israelitische volck ghebruyckt hebben in den openbaren ende vrijen ghemeynten ghenoech wesen.

Maar dewyle de belijdenisse des gheloofs ende ghemeynschap des Heilige Avontmaals een bysondere ghetuyghenisse is die der Kercke Godts door het welke de ghene die tegen het verbondt Godts ghesondicht hadden weder opghenomen wordt (ghelyck eertyts de afvallighe Israelieten niet door een nieuwe besnijdenisse maar door de ghemeynschap des paaschlams tot de ware Kercke Israels weder ghebracht worden) soo sal men gheen afsnydinghe ghebruicken dan teghen de ghene in den welchen door het Avontmael des Heeren het verbondt Godts op een nieu verseghelt is”.

Volgens hierdie antwoord moet kragtens die verbond van die Genade, wat in die doop beteken en verseël is, aan alle kinders van die gelowiges die gedooptes dus gereken word tot die kerk van Christus.

As hulle hul misgaan, moet hulle vermaan word; en as hulle die vermaning verwerp en sodoende tot openlike afval kom, sal hulle hul daardeur buite die verbond van God en sy gemeente plaas. As hulle tot inkeer kom, moet hulle nie weer gedoop word nie maar moet belydenis van die geloof doen en sodoende tot die sakrament toegelaat word. En eers as hulle só tot belydenis gekom het en hulle dan weer miskien sou ontgaan, kan die uiterste tugmiddel, die afsnyding deur ekskommunikasie, op hulle van toepassing gemaak word.

b. *Die periode 1587 tot 1816*.

Nie een van die Sinodes van 1581, 1586 en 1618/19 het aandag geskenk aan die tug op dooplidmate nie. So word byvoorbeeld in die Dordtse Kerkorde van 1618/19 geen bepaling in hierdie verband gevind nie. Al die bepalinge insake die tug geld net vir diegene wat tot die nagmaal toegelaat is.

Vanaf 1619 tot 1816 het daar geen Algemene Sinodes in Nederland byeengekom nie en kon die Kerk as geheel ook nie aandag geskenk het aan die vraagstuk van tug op dooplidmate nie.

Uit die geskrifte van destyds blyk egter duidelik dat daar veral tweërlei rigtings was waarin die gedagtes oor hierdie saak gegaan het.

Gisbertus Voetius, die erkende kerkregkundige van sy tyd, het byvoorbeeld van die gedagte uitgegaan dat dooplidmate „inkomplete” of onvolkome lidmate van die kerk is, omdat hulle nog nie langs die weg van belydenis van die geloof tot die nagmaal toegelaat is nie. Sulke inkomplete lidmate was wel ook onderworpe aan die tug, maar dit kon nie in sy komplette vorm op hulle toegepas word nie.

Sy leerling, Jacobus Koelman, daarenteen, het in sy geskrif *’t Ampt en pligten van ouderlingen en diakenen* in 1694 die saak van tug oor volwasse dooplidmate duidelik gestel en daarin verskil van sy leermeester deurdat hy van mening was dat hulle as dooplidmate onderhewig was aan die tug in gewone sin, dus insluitende afsnyding.

c. *Die periode 1816 tot 1896.*

(1) Die Reglement van 1816 het nie in hierdie opsig verbetering in die kerklike organisasie gebring nie, sodat die toestande wat gedurende die 17e en 18e eeue in die Staatskerk geheers het, hoofsaaklik voortgeduur het.

(2) *Die Afskeiding van 1834.*

Na die totstandkoming van die Christelik Afsgekeie Gereformeerde Kerk is weer ernstige aandag geskenk aan die toepassing van die kerklike tug. Maar onder hulle was daar ten opsigte van hierdie saak groot verskil. Scholte wou alleen diegene wat belydenis van die geloof afgelê het, met hulle kinders, erken as lede van die Gemeente. De Cock, daarenteen, het 'n veel ruimer opvatting gehuldig deurdat hy aan volwasse dooplidmate wat nog nie belydenis van die geloof afgelê het nie, sekere regte in die gemeente wou toeken, onder andere selfs om as ouers te antwoord op die vrae by die doop van hulle kinders.

Die Sinodes van die Kerk het meer en meer die rigting wat De Cock aangedui het, gevolg en byvoorbeeld in 1857 besluit om dit aan die kerkrade oor te laat op welke wyse die tug op kinders van die Gemeente wat nie tot belydenis van die geloof gekom het nie, toegepas sou word. Die ander Sinodes wat gevra is om daaroor te handel, het geen verandering aangebring nie, behalwe dat die van 1879 bepaal het dat die reëling van hierdie soort tug aan die kerkraad en klassis oorgelaat word.

(3) *Die Doleansie (1886).*

Op die Sinodes van die kerkegroep wat tot stand gekom het as gevolg van die sogenaamde Doleansie, het die saak van tug oor dooplidmate spoedig reeds ter sprake gekom, maar eers in 1890 is 'n besluit daaroor geneem waarin duidelik gestel word dat ook die dooplidmate aan die kerklike tug onderhewig is. Op hulle kon weliswaar nie alle tugmiddels toegepas word nie, maar dat kerklike vermaninge natuurlik kan geskied en in sekere gevalle selfs afsnyding — hoewel met groot versigtigheid opgetree moet word, veral in gevalle waar gemoedsbeswaar die oorsaak is van versuim van die belydenisaflegging. Kerkrade word ook herinner aan artikel 76 Kerkorde, waar die uiterste middel toegepas moet word, te wete afsnyding.

(4) *De Gereformeerde Kerken in Nederland.*

Kort nadat die Christelik Gereformeerde Kerke en die Nederlands Gereformeerde Kerke (Doleansie) tot vereniging gekom het, is die saak van tug oor dooplede op die Sinode ter sprake gebring (1893). Hierdie Sinode het 'n deputaatskap benoem wat in 1896 rapport uitgebring het, en die resultaat hiervan was die besluit wat aan die begin van hierdie stuk aangehaal is, soos dit in die sogee-

naamde rooi boekie opgeneem en in ons Kerk in werking gestel is.

As ons nou terugkeer na die toestand soos dit aan die begin hiervan gestel is, kan ons dit soos volg saamvat:

1. Die Sinode van ons Kerk het in 1904 besluit dat dooplede wat hardnekkig volhard in sondige wandel en die kerklike tug minag, onderworpe is aan die toepassing van sensuur en afsnyding.

2. In 1916 is bogenoemde besluit van die Nederlandse Kerk as reëling vir ons kerkrade aanbeveel, en daarvolgens moes volwasse dooplidmate wat nie tot belydenis wou kom nie, kerklik vermaan word, en as hulle nie tot inkeer kom nie, moes hulle dooplidmaatskap deur die kerkraad as vervalle verklaar word as hulle 30 jaar oud was.

Uit hierdie historiese oorsig blyk dus dat dit van die begin af duidelik was dat gedooptes kragtens hulle doop lidmate van die kerk was; dat van hulle verwag is om vrywillig tot die daad van belydenis te kom; dat hulle as dooplidmate onderworpe was aan die kerklike tug maar dat daar verskil was ten opsigte van die vorm wat hierdie tug moes aanneem.

b. *Aanbevelings.*

As aanbevelings aan die eerwaarde Sinode wil ons graag die volgende stel:

1. Dat die tug oor onvolwasse gedooptes nie in hierdie rapport ter sake is nie. Dit gaan hier om volwasse gedooptes wat nog nie tot belydenis van geloof gekom het nie.

2. Dat dit nie die taak van die Sinode is om wat die tug-handeling betref, te onderskei tussen „afkeriges en nalatiges” nie. (Sien Hand. 1958, p. 132, a en b.) Nalatigheid is immers net so sondaig as afkerigheid indien daarin volhard word.

3. Dat dit nie die taak van die Sinode is om 'n bepaalde maksimum ouderdom te stel waarby belydenis van geloof afgelê moet word nie. By volharding in die weiering om belydenis af te lê of in ander openbare sondes, moet die kerkraad bepaal wanneer so 'n dooplidmaat nie meer as lidmaat van die kerk beskou kan word nie.

4. Omdat die dooplidmate nog nie vrywillig tot die daad van belydenis gekom het nie, moet die tug oor hulle noodwendig inkompleet wees. Dit bestaan dan in vermaninge en, indien volhard word in die kwaad, word in die gemeente afgekondig dat so 'n persoon nie meer as 'n lidmaat van die kerk beskou word nie.

U Deputate wil aanbeveel dat by die afkondiging die volgende formule gebruik word: „Dit is met diepe leedwese dat die kerkraad aan die gemeente moet meedeel dat N.N., wat as gevolg van die heilige doop dooplidmaat is, na herhaalde vermaninge en tereg-

wysinge, wat ampshalwe in alle liefde geskied het, versuim het om belydenis van sy geloof te doen en dat sy dooplidmaatskap van die Gereformeerde Kerk gevolglik verval”.

2. **Besluit:** a. Die kommissie het verslag gedoen soos volg en dit is deur die Sinode aanvaar:
Na breedvoerige bespreking van die twee rapporte word die volgende bevindings gestel:

- (1) Uit die rapport blyk duidelik dat dooplidmate beskou moet word as lidmate van die kerk kragtens die genadeverbond.
- (2) Hulle is egter inkomplete lidmate, en daarom kan die tug ook slegs inkompleet wees.
- (3) Daar bestaan egter geen wesensverskil tussen tug oor belydende lidmate en die oor dooplidmate nie maar wel 'n verskil in graad.

b. (1) Die Sinodebesluit van 1916, wat die bepaling bevat dat dooplidmate wat nie tot aflegging van belydenis van die geloof kom nie, „uiterlik met hulle dertigste lewensjaar” hulle lidmaatskap verloor, word herroep en daarmee word die besluit van die Sinode van 1904 gehandhaaf.

(2) Kerkrade sal die gewone prosedure van tug soos dit volgens Kerkorde op belydende lidmate toegepas word, ook toepas op dooplidmate met inagneming van die inkompleetheit van hulle lidmaatskap.

ARTIKEL 38.

Verandering van doopregisters.

A. Die Rapport van die deputate (proff. W. J. Snyman, J. P. Jooste en adv. J. van Wyk de Vries) word toegelig deur prof. Jooste.

U Deputate benoem deur die vorige Sinode (Acta 1958, art. 235, p. 521) om ondersoek in te stel na die moontlikheid van verandering van die doopregisters in geval van aanneming van kinders, het die eer om die volgende rapport aan u voor te lê.

1. *Die opdrag van die Deputate.*

Aan u Deputate is opgedra om die probleem wat in die volgende beskrywingspunt vervat is, in studie te neem en op die volgende Sinode te rapporteer. Die beskrywingspunt lui soos volg:

Die eerw. Sinode oorweeg die moontlikheid om aan 'n versoek van pleegouers, nl. dat die naam en van van hul aangenome kinders verander moet word in die doopregister van die kerk, te voldoen, en, indien dit onmoontlik blyk, of die tyd nie aangebreek het dat

die kerk die hele aangeleentheid moet ondersoek met die oog op die oplossing van die teenstrydigheid tussen die doopregister en die praktyk onder art. 78 van die Kinderwet no. 31 van 1937 (Art. 78 lui: „*Wysiging van geboorteregister*: Nadat 'n order uitgevaardig is vir die aanneming van 'n kind wie se geboorte in die Unie geregistreer is, moet die registrateur van geboortes, huwelike en sterfgevalle van die provinsie waarin die geboorte geregistreer is, op aansoek van die pleegouer en na voorlegging van die order van aanneming of van 'n gewaarmerkte afskrif daarvan en na betaling van die voorgeskrewe fooi, die feit van aanneming en tewens 'n verklaring of die naam van die pleegouer, al dan nie, kragtens die aanneming van die kind toegeken is, laat inskryf op die oorspronklike formulier van geboorte-aangifte wat in sy kantoor bewaar word, en teenoor die inskrywing van die geboorte in die geboorteregister van die distriksregistrateur van geboortes en sterfgevalle, waarin die geboorte aangeteken is.”) — Part. Sinode Suid-Transvaal.

2. *'n Paar opmerkinge insake die opdrag.*

a. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die bewoording van die beskrywingspunt nie suiwer gestel is nie, want daar word uitdruklik gesê dat die *naam* en *van* verander moet kan word soos die Landsreg dit moontlik maak. Artikel 78 van die Kinderwet is egter duidelik — dit is net die *van* van die aangenome kind wat verander kan word tot die van die pleegouers. Die voorname van die kind kan nie onder hierdie artikel gewysig word nie.

Daar is 'n belangrike juridiese verskil tussen van of familienaam en voornaam. 'n Persoon ontvang sy familienaam of van kragtens die werking van die reg — dit is die van van die vader, behalwe by 'n buite-egtelike kind, waar dit die van van die moeder is. Die reg bepaal dit. 'n Voornaam of voorname word nie aan 'n persoon geheg deur die werking van die reg nie maar deur die handeling van 'n persoon of persone — meestal die ouer of ouers van 'n kind.

Artikel 3 van die Interpretasiewet no. 5/1910 definieer „voornaam” soos volg: „...beteken elke naam, al dan nie 'n doopnaam, gevoer vóór die familienaam”. As die ouers 'n kind nie 'n voornaam gee nie, kan die kind self later 'n voornaam kies en die geboorteregister so laat verander. Ook die ouers kan te eniger tyd die geboorteregister so laat verander deur nuwe of ander name aan 'n kind toe te ken (Geboortes-, Huwelike- en Sterfgevalle-registrasiewet No. 17/1923 soos gewysig).

'n *Familienaam daarteenoor kan alleen verander word op 'n besondere voorgeskrewe manier met toestemming van die Goewerneur-Generaal.*

Dit is duidelik dat die Kinderwet 'n verandering van die familienaam van 'n aangenome kind toelaat. Die pleegouers kan ook onder

die Geboortes-, Huwelike- en Sterfgevälle-registrasiewet aansoek doen om die verandering van die register ten opsigte van die voorname van die kind.

As u Deputate nou volgens die letter van die beskrywingspunt sou rapporteer, sou dit beteken dat slegs aandag geskenk moes word aan die familienaam. U Deputate het egter die vryheid geneem om die opdrag te besien in die lig van die hele wetsposisie waarin die kind hom bevind.

b. Hoewel die beskrywingspunt dit nie met soveel woorde sê nie, wek dit die indruk dat sodanige verandering van naam en van van die aangenome kind daarop bereken is om die feite van die omstandighede van die geboorte van 'n aangenome kind heeltemal te kan uitwis, sodat as daar dan die een of ander stigma aan die omstandighede van die geboorte sou kleef, dit moontlik sou wees dat later nóg die kind nóg ander persone uit die geboortesertifikaat of doopseel, daardie omstandighede of stigma kan aflei. Anders gestel: so 'n geboortesertifikaat en doopseel moet niks meer aandui nie as die name van die ouers en kind asof dit 'n natuurlike kind was. As dit by implikasie in die beskrywingspunt sou lê, is dit nodig om die volgende daaroor duidelik te stel.

Artikel 40 van die Geboortes-, Huwelike- en Sterfgevalleregistrasiewet bepaal dat enige persoon teen betaling van die voorgeskrewe fooi geregtig is op 'n sertifikaat ten aansien van enige inskrywing in daardie register (geboorte). Die feite van enige naamsverandering moet in die register opgeteken word. Dit ly dus geen twyfel nie dat enige persoon al hierdie feite in die vorm van 'n sertifikaat kan opvra, en die Registrateur is verplig om dit te verskaf; behalwe dat dit skyn of vanaf 1948 pogings in die werk gestel is om sekere omstandighede tog te beskerm soos netnou nader sal blyk.

Dit kan aangeneem word dat die Registrateur wanneer dit gaan om 'n geboortedatum, die sg. verkorte sertifikaat sal uitreik waarin geen besonderhede van 'n naamsverandering verskyn nie. Maar as hy 'n volledige sertifikaat moet uitreik, dan is hy verplig om alle besonderhede te verskaf. Maar uit informasie deur die Registrateur aan een van die lede van die Deputaatskap verskaf, blyk dit dat die praktyk vandag is dat 'n „vol” sertifikaat nie meer aan die publiek uitgereik word nie maar dat dit na die Staatsdepartement of Hof of ander instansie wat dit vir 'n wettige doel nodig het, gestuur word. En hieruit kan ons sekerlik aflei dat dit 'n poging is van die Registrateur om die verlede van sodanige kind te beskerm sover dit moontlik is.

U Deputate moes by die oorweging van die probleem in die beskrywingspunt vervat, met hierdie toedrag van sake rekening hou; vandaar hierdie uiteensetting.

3. Die waarde van doopregisters.

Ten einde die moontlikheid van wysiging van doopregisters soos

vervat in die beskrywingspunt, behoorlik te oorweeg, is dit nodig dat ons hier een en ander sal aandui aangaande die waarde van doopregisters. Eers die waarde daarvan vir die kerk en daarna vir die owerheid.

a. Die waarde van doopregisters vir die kerk.

Die Konvent van Wesel het reeds in 1568 die doel van die registrasie van gedooptes soos volg aangedui:

Vir die kerk om later bewys te hê dat die kinders gedoop is en om beter toesig te kan uitoefen op sowel die gedooptes as op die ouers en getuies wat die doop aangevra het.

Vir die gemenebes omdat daar toe nog geen burgerlike stand bestaan het nie en die kerklike optekening van die besonderhede by die doop ook vir die owerheid van krag was, veral om later die grade van bloedverwantskap makliker te kan vasstel.

Aangesien verpligte geboorteregistrasie vandag in swang is, het die noodsaaklikheid daarvan ter wille van die „gemenebes” verval. Maar die noodsaaklikheid ter wille van die kerk is egter nog aktueel en kan soos volg aangedui word:

- (1) Om sekerheid te hê of die kind gedoop is;
- (2) om beter toesig te hou sowel oor gedooptes as oor die ouers of voogde, en
- (3) om presies te weet wie die stipulasies tydens die bediening van die doop aangegaan het.

b. Die waarde van doopregisters vir die owerheid.

Die vraag of doopregisters van betekenis is vir die landsreg, is hier van belang ten einde vas te stel of die landsreg die wysiging van 'n doopregister kan toelaat?

In die reeds aangehaalde artikel van die Interpretasiewet word die uitdrukking *doopnaam* gebruik. Die Engelse teks praat van 'n naam gegee by die doop. Ons moet dus eerstens stel dat die reg die doop sien as 'n geleentheid waarby 'n naam deur ouers aan 'n kind gegee word. Maar dit is natuurlik slegs 'n voornaam, want, soos reeds gesê, die van van 'n kind kom deur die werking van die reg.

Daar is verder geen verwysing na die doop in enige statuut nie maar wel in sekere regulasies kragtens statute uitgevaardig. Hulle het te doen met net één punt, nl. die bewys van die geboortedatum. Hulle slaan ook ooreen met die gemene reg ten opsigte van die bewys van ouderdom. Volgens die bewysleer is 'n persoon se eie getuienis oor sy geboortedatum ontoelaatbare hoorsê-getuienis. 'n Geboortesertifikaat is bewys en hy ontstentenis daarvan 'n doopseel of inskrywing in 'n doopregister gemaak kort na die geboortedatum. As dit te lank daarna ingeskryf is, geld dit ook nie as getuienis van 'n geboortedatum nie. Die normale doopseel of doopsertifikaat geld dus as bewys van die geboortedatum van 'n persoon en verder ook as

bewys dat 'n persoon sekere voorname voer. Maar laasgenoemde kan nooit meer as prima facie-bewys wees nie, omdat 'n persoon se voorname in 'n geboortesertifikaat anders mag wees as gevolg van wysiging van die geboorteregister.

Die reg sal verder die doopregister beskou as 'n register wat aangelê is en aangehou word deur 'n gemeente of kerkraad of kerk vir sy eie doeleindes. Dit is 'n interne saak van die kerk waarmee die landsreg hom nie sal bemoei nie. Die doel waarvoor die kerk die register aanhou, gaan die landsreg nie aan nie. Die enigste gevalle waar die landsreg iets met die doopregister te doen het, is die twee gevalle hierbo genoem.

Hieruit kan ons dus aflei dat wat die kerk ook al in verband met veranderinge van die register doen of nie doen nie, dit die landsreg nie aantast nie. Die doopregister kan, maar hoef nie, 'n rol in die bewys van wat die voorname van 'n persoon is of van die geboortedatum van 'n persoon te speel nie.

Wat die landsreg betref, kan daar dus geen beswaar bestaan teen enige prosedure ter verandering van 'n doopregister nie.

4. *Oorweging van die moontlikheid van wysiging soos vervat in die beskrywingspunt.*

In verband met die versoek vervat in die beskrywingspunt, is dit noodsaaklik om aandag te skenk aan die vraag of daar in die huidige stand van sake, waar daar verskil bestaan tussen die geboorteregister en die doopregister ten aansien van wysigingsmoontlikheid, konflikte bestaan waaruit moeilikhede kan voorkom?

Uit wat gesê is aangaande die waarde van die doopregister vir die landsreg, kan ons hier net weer beklemtoon dat dit vir die landsreg onverskillig is of daar 'n doopregister bestaan aldan nie. Hoewel in die praktyk 'n doopsertifikaat dikwels aanvaar word as die ekwivalent van 'n geboortesertifikaat, is hulle, juridies gesien, heeltemal verskillende dinge. Die doopsertifikaat is uiters 'n nuttige hulpmiddel om voorname en geboortedatums te bewys. Meer as dit is dit nie.

Die doopsertifikaat kan dus as hulpmiddel diens doen om sake soos identiteit, geboorteplek, vader- of moederskap, die feit dat die doop bedien is en in watter kerk dit gedoen is, te bewys, maar dit is in die oog van die landsreg nooit op sigself afdoende bewys nie, soos dit wel is in die geval van 'n geboortesertifikaat.

Sou dit dus voorkom dat 'n persoon as AB in 'n doopsertifikaat beskryf word en as CD in die geboortesertifikaat, dan is sy name CD. So sal die geboortesertifikaat altyd oorheers ten opsigte van die ander feite daarin vermeld. In geval van twyfel sal 'n gewone beëdigde verklaring feitlik altyd genoeg wees om 'n bepaalde feit te bewys.

Daar kan dus geen konflikte bestaan nie, alleenlik 'n bietjie

ongerief. En hierdie ongerief kan uitgeskakel word as doopregisters ook verander kan word om ooreen te stem met geboorteregisters.

Die huidige posisie van 'n aangenome kind sal dus na adopsie soos volg wees:

Die doopregister sal hom aantoon as AB, seun of kind van C en D (of net van moeder D as dit buite-egtelik is).

Sy doopsertifikaat sal dieselfde aantoon, sodat as daar 'n stigma aan verbonde is, dit oop en bloot aangetoon sal wees.

Die geboorteregister, daarenteen, sal aantoon dat dit AB is, kind van C en D (of net van D alleen), maar dat die naam kragtens aannemingsbevel verander is tot AX. Die ouers sal maar nog aangeteken staan as C en D, maar die name van die pleegouers sal ook vermeld word.

In die volledige geboortesertifikaat sal dieselfde feite of ver wysinge daarna vermeld staan. Die verkorte geboortesertifikaat sal moontlik nie al die feite vermeld nie.

Van die kant van die owerheid sal daar dus geen poging aangewend word om die kerke te versoek om hulle doopregisters te verander of by die geboorteregisters aan te pas nie.

Die vraag is nou of dit wenslik is vir die kerk om sodanige aanpassing moontlik te maak en hoe dit kan geskied.

5. *Advies van die Deputate aan die Sinode.*

Uit die voorgaande het u Deputate duidelik laat blyk wat die huidige posisie is waarmee die kerk rekening moet hou.

U Deputate het na sorgvuldige oorweging van die moontlikheid van verandering van doopregisters ooreengekom om die volgende aanbeveling te doen:

a. Aangesien die kerk by die oorweging van die versoek nie enige botsing met die owerheid hoef te vrees nie en dus slegs sy eie belange hier in aanmerking hoef te neem, sal dit gerade wees om die volgende oorweginge na vore te laat kom:

(1) Is die ouers wat die kind aangeneem het, gelowiges?

(2) Is hulle gewillig om die volle verantwoordelikheid wat die doop aan die ouers of voogde opleë, op hulle te neem.

Hierdie waarborge moet die kerk hê, aangesien die groot waarde van die doopregister vir die kerk daarin bestaan dat dit die name bevat van die persone wat die verantwoordelikheid by die bediening van die doop aanvaar het.

b. Ingeval 'n kerkraad by wie sodanige versoek tot amendering van die doopregister gerig is, hom van die voorgaande vergewis het, kan die volgende prosedure aangewend word ter uitvoering van 'n besluit om aan die versoek te voldoen:

(1) *Ten opsigte van die familienaam van die kind.*

Aan die kerkraad moet die oorspronklike aannemingsbevel onder

wet no. 31 van 1937 of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan voorgelê word, en op grond daarvan moet besluit word om in die doopregister 'n byvoeging te plaas, waarin die nommer en datum van die aan-nemingsbevel, tesame met die datum van die besluit van die kerkraad, vermeld word asook die name van die nuwe ouers van die kind.

(2) *Ten opsigte van die voorname van die kind.*

Ingeval die versoek, bogemeld, ook sou inhou dat die name wat die kind ten tyde van die doopbediening gedra het, verander moet word, moet die kerkraad sorg dat 'n behoorlike sertifikaat, of 'n gewaarmerkte afskrif, van die stuk van die goewermentskantoor waarin die name volgens wet behoorlik verander is, voorgelê word. Daarna moet besluit word om in die doopregister 'n byvoeging aan te bring ten effekte dat kragtens bogenoemde goewermentstuk, waarvan nommer en datum vermeld moet word, saam met die datum van die besluit van die kerkraad asook die nuwe name van die kind geskrywe word, 'n byvoeging in die doopregister aangebring is.

(3) Dat by die uitreiking van 'n doopsertifikaat slegs die gewysigde besonderhede uit die doopregister vermeld sal word, tensy die aansoek uitdruklik vermeld dat volle besonderhede verstrekkend moet word, maar dat in die laaste geval slegs aan die versoek voldoen kan word nadat die kerkraad dit oorweeg het en hom vergewis het van die doel waarvoor die volle besonderhede benodig word.

B. Besluit: Die Rapport, soos gewysig, word met dank aan die deputate aanvaar.

(Die wysiging is reeds aangebring, nl. dat by punt 5 is (2) en (3) met huidige (2) vervang — Depte. Acta).

ARTIKEL 39.

Voorligtingstuk oor onnodige vertraging van die doop.

A. Die rapport van die deputate word deur ds. Postma toegelig.

U Deputaatskap, bestaande uit prof. dr. J. H. Kroeze, ds. J. J. van der Walt en ds. J. Postma, wat benoem is om 'n voorligtingstuk oor die onnodige vertraging van die doop op te stel (vgl. Sinodale Handeling 1958, art. 69.), het die eer om die volgende stuk aan u voor te lê met die versoek dat die eerwaarde Sinode dit ook in pamfletvorm moet versprei.

Voorligting oor doop.

Ons glo en bely in artikel XXXIV van die Nederlandse Geloofs-belydenis en in die Heidelbergse Kategismus dat Jesus Christus die sakrament van die doop verorden het waardeur ons in die kerk van God ontvang word en van alle ander volke en vreemde gods-

dienste afgesonder word om geheel en al sy eiendom te wees en sy merk en vaandel te dra; en dit is vir ons 'n getuigenis dat Hy tot in ewigheid onse God en ons genadige Vader sal wees. So het Hy dan bevel gegee om almal wat sy eiendom is, in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop, om daarmee te kenne te gee dat, net soos die water die vuilheid van die liggaam afwas wanneer ons daarmee begiet word, die bloed van Christus dieselfde inwendig in die siel deur die Heilige Gees ook so doen.

Ons glo dat ook die kindertjies van die gelowiges gedoop en met die teken van die verbond verseël moet word, want Christus het sy bloed nie minder vergiet om die kindertjies van die gelowiges as om die volwassenes te reinig nie. Daarom behoort hulle die teken te ontvang en die sakrament van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die Wet beveel het om aan hulle die sakrament van die lyde en sterwe van Christus mee te deel *kort nadat hulle gebore is* (Nederlandse Geloofsbelydenis).

Ons glo en bely dat die jong kinders net so goed as die volwassenes in die verbond van God en in sy gemeente ingesluit is en aan hulle nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk; daarom moet hulle ook deur die doop as deur die teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word.

Wat die tyd betref waarop die doop aan die kindertjies van die gelowiges bedien moet word, spreek die geloofsbelydenis deur 'n vergelyking te trek tussen die doop en die besnydenis (wat die sakrament van die lyde en sterwe van Christus genoem word) en te sê dat die laasgenoemde aan die kindertjies meegedeel is *kort nadat hulle gebore is*. In die antwoord op die eerste doopvraag erken die ouers dat hulle kinders as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees; hier word nie gesê: gedoop te word nie maar gedoop te wees. Dit moet dus so spoedig moontlik gebeur!

Die Kerkorde sê dan ook in artikel 56: Die verbond van God moet aan die kinders van die Christene met die doop verseël word *so spoedig as wat die bediening kan plaasvind* en dit in die openbare samekoms, wanneer die Woord van God gepreek word. Daar moet dus wel gewag word op 'n erediens, hetsy op 'n Sondag of in die week. Dit is die enigste rede om te wag wat in die Kerkorde genoem word. Natuurlik kan daar ook ander redes wees, soos bv. siekte van die kind of van die ouers. Siekte van een van die ouers behoef nie as wettige rede om te wag aangemerkt te word nie. Die manier waarop die derde doopvraag gestel is, laat dit blyk. Daarom moet ernstig gewaarsku word teen praktyke wat dikwels voorkom, nl. om met die doop te wag vir besondere klere of persone, veral groot-ouers. Die beswaar gaan nie teen die aanwesigheid van die groot-ouers nie, maar hierdie aanwesigheid en ander bykomstighede moet

tydig gereël word, sodat die bediening van die doop nie daardeur vertraag word nie.

Waarom moet die doop dan so spoedig moontlik bedien word? Omdat dit die beseëling is van die verbond van genade, d.w.s. van die heil wat God in Christus aan ons en ons kinders skenk. Hoewel dit die kind is wat gedoop word, is dit tog die ouers, met name die vader, wat die kind vir die doop moet aanbied. Dit is die eerste stap om tot bediening van die doop te kom. En die vader moet dit so spoedig moontlik doen. God word tog daardeur verheerlik dat ons sy weldade graag wil ontvang. Ons kan tog nie sê: Ons sal eers later die weldaad kom haal nie. As iemand op aarde iets aan ons gee, maak ons nie eens so nie.

Waarom moet die vader dit so spoedig moontlik doen? Omdat hy erken dat sy kind in Christus geheilig is. Die doop, wat as uitwendige waterbad die onreinheid van ons siele aandui, betuig en verseël ten tweede aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus.

Dit is die belangrikste saak van ons lewe en bestaan op aarde! Is ons wat kinders van die toorn is, ook gewas deur die bloed van Christus? Ons glo dat dit so is. Dit is die inhoud van ons geloof. Dit het ons bely toe ons belydenis van die geloof gedoen het. Dit was die aanvaarding van God se verbondsbelofte.

Maar as 'n ouer aangaande homself glo en bely dat sy sonde gewas is deur die bloed van Christus, dan vra hy met groot erns: En wat van my kind? Sê God dan: Wat Ek met jou kinders sal doen, sal Ek nog sien? Nee, dan sê God: Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte tot 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou (Gen. 17 : 7).

By die geboorte van 'n kind is daar in die ouerhart die vraag: Wat sal van hierdie kindjie word? Hierdie vraag kan gedoen word met betrekking tot baie aspekte van die lewe: gesondheid en lewensduur, stoflike goedere en maatskaplike posisie, eer en aansien in die samelewing en baie meer. Maar die belangrikste is die vraag ten aansien van die ewige toekoms. En juis in hierdie opsig kry ons die duidelikste antwoord: Ons almagtige barmhartige God en Vader het ons en ons kinders deur die bloed van sy liewe Seun Jesus Christus al ons sondes vergewe en ons deur sy Heilige Gees tot lidmate van sy eniggebore Seun en daardeur tot sy kinders aange- neem. Dit beseël en bekragtighy aan ons met die Heilige Doop.

Die heilige erns van die vraag: „Wat sal van hierdie kindjie word?” en die gelowige blydschap wat die ouer ondervind oor die antwoord van die verbond wat beseël word met die doop, sal die ouers daartoe noop om ook so spoedig moontlik hulle geloof in die antwoord van die genadeverbond te betoon en die seël daarvan te neem.

As nou vanweë allerlei bykomstige redes die doop maar uitgestel word, moet die vertraging aangemerkt word as 'n bewys daarvan dat die ouer nie so ernstig bekommerd is oor die vraag wat van sy kindjie ten opsigte van die koninkryk van God sal word nie en daarom ook nie so innig verheug is met die antwoord wat God in sy genadeverbond gee en met die doop beseël nie. En is die oorsaak daarvan nie miskien dat ook by die ouers die ewige dinge verdring is deur allerlei wêreldse belange en tydelik-stoflike node sodat die ewige heil nie meer die hoofsaak van hart en lewe is nie?

Ons huiwer om hierdie vrae te stel. En ons stel dit nie om te beskuldig nie maar om die lede van die gemeente te roep tot die grootste van alle dinge: die koninkryk van God, soos Jesus dit ook gedoen het met die woorde: Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word (Matth. 6 : 33; Luk. 12 : 31).

Maar kan die heil verlore gaan deurdat die sakrament nie gebruik word nie? Kan 'n kindjie verlore gaan omdat dit nie gedoop is nie? Nee, die uiterlike waterbad is nie self die afwassing van die sondes nie. Alleen die bloed van Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes. Met die aandrang om spoedig te doop huldig ons nie Roomse beskouings nie maar wêk ons slegs op tot volle beleving van die heil.

Nalatigheid in die aanbieding van 'n kind vir die doop kan egter wel ouers wat treur oor die dood van 'n ongedoopte kindjie, van 'n pleitgrond beroof! Ons bely dat godsalige ouers nie moet twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hul jeug uit hierdie lewe wegneem nie. Ook hierdie belydenis berus op die genadeverbond (Die Dordtse Leerreëls, I, 17). Maar om hierop te kan pleit in dae van droefheid en getroos te word deur die belofte van die genadeverbond mag die ouers hulle vantevore nie agteloos teenoor dieselfde belofte van genade gedra nie.

So is dit ook met die nagmaal. Ook dit is nie onmisbaar vir die saligheid nie. Maar wanneer 'n gelowige op 'n Sondag ter wille van bykomstighede die nagmaal versuim en dan daarna siek word en voor die poorte van die dood lê en bid om die genade van God, sal dit dan sy stryd en angste nie swaarder maak omdat hy, toe hy die antwoord kon kry in die tekens van brood en wyn, dit nie geneem het nie?

Ons geloof is „JA” sê op God se belofte, sonder uitstel, vandag, as julle sy stem hoor! (Ps. 95 : 7; Hebr. 3 : 7).

Laat ons daarom erns maak met die belofte van die heil, met die verbond en met die doop. En erns maak met die doop beteken haas maak met die doop.

In die eerste plek dra die ouers verantwoordelikheid. En as die ouers nalatig is, moet hulle deur die kerkraad vermaan word. By kerkvisitasie moet hierna ook ondersoek ingestel word.

Sodra die ouers hulle kind vir die doop aanbied, moet die kerkraad die bediening van die doop laat plaasvind. Ander verrigtings wat in 'n ereidiens kan voorkom, maak dit nog nie ongewens of ongeskik vir doopbediening nie. In elk geval is dit met bogewee toelating in stryd om spesiale Sondae vir doopbediening vas te stel. Dan maak die kerkraad homself skuldig aan sondige vertraging van die doop.

B. **Besluit:** Die Sinode neem met waardering kennis van hierdie stuk en beveel dit by die kerkrade aan vir hulle aandag.

ARTIKEL 40.

Sake wat na die Moderamen verwys is.

A. *Notule art. 5, B. en C.*

1. (a) Punt B. 2. (i.s. kommissie aangevra vir kerkorde).

(b) **Besluit:** Die saak is reeds afgehandel — art. 18.A.5.

2. (a) Punt C. 2. (i.s. rapporte van deputate vir kerkisasie en Kuratorium.

(b) **Besluit:** Die saak geniet die aandag van die Orde-kommissie.

B. *Notule art. 5, D.*

1. (i.s. aanvullende rapport) — Dit word aanbeveel dat die Aanvullende Rapport in ontvangs geneem word, terwyl sake wat daarin voorkom, waaraan die Moderamen aandag moet gee, later gestel sal word.

2. **Besluit:** Dit word goedgekeur (vgl. by art. 18. B.).

C. *Notule art. 18, A. 1. (i.s. aanvaarbaarheid van stukke).*
Kyk by art. 18. A. 1.

Dagsluiting.

Ten einde die onderskeie kommissies geleentheid te bied om te vergader, word die werksaamhede voor 9 uur afgesluit. Die hulp-skriba laat sing Ps. 25 : 2 en gaan voor in gebed.

SATERDAG 28 JANUARIE

ARTIKEL 41.

Opening.

Die Voorsitter open die werksaamhede vir die dag deur te lees Joh. 17 : 14-21. Daarna laat oudl. P. M. van der Linde sing Ps. 84 : 3, en hy gaan voor in gebed.

Art. 42 (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

ARTIKEL 43. (76).

Appèlsaak.

A. Die Regskommissie (vgl. art. 15. B.) beveel aan dat die appèl van br. D. J. Prinsloo teen die bevinding van die Part. Sinode Oos-Transvaal ontvanklik verklaar word en dat die broeder kennis kry om Dinsdag 31 Januarie teenwoordig te wees vir verdere behandeling van die saak.

B. **Besluit:** Die vergadering aanvaar die aanbeveling en benoem die Regskommissie as Appèlkommissie.

C. (Art. 76) Namens die Appèlkommissie rapporteer ds. G. P. L. van der Linde:

1. a. Nadat die Kommissie nader op die stukke i.v.m. die appèl ingegaan het, het dit geblyk dat die Addendum deur die appèllant ingedien (brief onder datum 22 Des. 1960) nuwe materie bevat wat nie voor die Part. Sinode Oos-Transvaal gedien het nie. Derhalwe beveel die Kommissie aan dat die stuk onontvanklik verklaar word.

b. **Besluit:** Die aanbeveling word aanvaar.

D. 1. Die Rapport van die Appèlkommissie lui soos volg:

Die Kommissie het noukeurige kennis geneem van die volgende stukke:

a. (1) Van die Appèllant:

(a) kennisgewing van appèl aan die deputate van Korrespondensie, 22 Desember 1960;

(b) appèl volgens skrywe van 22.12.1960 aan die eerwaarde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in sitting te Potchefstroom, Januarie 1961;

(c) afskrif besluite van Part. Sinode Oos-Transvaal in sitting byeen te Nelspruit op 6 en 7 Desember 1960 insake appèl van broeder D. J. Prinsloo de dato 10 Desember 1960;

(d) afskrif appèl aan Part. Sinode Oos-Transvaal teen die uitspraak van Klassis Lydenburg in sitting te Groblersdal op 27 September 1960 de dato 1 November 1960;

(e) afskrif appèl aan Klassis Lydenburg teen besluite van Kerkraad Bronkhorstspuit de dato 20 September 1960;

(f) afskrif besluit Klassis Lydenburg, soos vervat in Rapport van Appèlkommissie (bylaag I, art. 1-6);

(g) afskrifte van briewe nr. 1-10;

(h) afskrif van artikels uit notule van die Gereformeerde Kerk Bronkhorstspuit: (i) art. 15 van 19.9.1959; (ii) art. 16 van 19.9.1959; (iii) art. 4 van 17.10.1959; (iv) art. 7(e) en (f) 16.4.1960; (v) art. 8 van 16.4.1960.

(2) Van die Part. Sinode Oos-Transvaal:

- (a) notuleboek;
- (b) rapport van die Appèlkommissie i.s. appèl van br. D. J. Prinsloo teen Klassis Lydenburg (bylaag M).

By hierdie stukke het die Kommissie breedvoerige toeligtig gehoor van die Appèllant, br. D. J. Prinsloo, en die deputate van Oos-Transvaal: di. L. J. Buys, N. Malan en N. Grobler.

b. Opsomming van die materie:

Hoewel die appèlskrif 5 punte het, kom dit saaklik neer op:

- (1) toepassing van art. 79 K.O.;
- (2) staat van beskuldiging en ontheffing van blaam;
- (3) ander formele punte wat met a) en b) saamhang.

Die uitspraak van die Part. Sinode Oos-Transvaal wat die klassisuitspraak handhaaf, kom weer hoofsaaklik neer op die volgende: (1) Dat die terugtrekking van klagbriewe teen die appèllant, op die kerkraadsvergadering van Bronkhorstspuit, 'n vergadering volgens art. 79 K.O. onnodig gemaak het;

(2) dat die aanvaarding deur die Appèllant van die besluit van die Kerkraad op 16 April 1960 en die eervolle ontslag deur die Kerkraad aan die Appèllant bewys dat hy van alle blaam onthef was;

(3) dat die prosedure met betrekking tot die ander formele sake, bv. insae in sekere stukke, korrek was.

c. Agtergrond:

(1) Ten einde die saak te begryp moet die volgende historiese agtergrond geskets word:

Tussen 19 September 1959 en 16 April 1960 is daar drie afsonderlike sake t.o.v. art. 79 K.O. op die Kerkraad van Bronkhorstspuit aanhangig gemaak. Die eerste is vir die saak voor die Sinode nie van direkte belang nie.

Die tweede saak is 'n beswaar op 7 Januarie 1960 teen die ampsbediening van die predikant deur die Appèllant en sy broer.

Blykens art. 7 (e) en (f) van die notule van 16.4.1960 het ondertussen klagbriewe van twee partye bestaande uit drie en twee persone onderskeidelik, teen die appèllant en sy broer gediën waarin sekere bewerings teen die persone en ampsbediening van die twee broeders gemaak sou wees.

Die eerste klagbrief teen die Appèllant word op die vergadering van 16.4.1960 teruggetrek en die tweede „laat rus”, wat die Kerkraad ook vertolk as terugtrekking.

Die appèl voor die Sinode het slegs te doen met die twee klagbriewe teen die Appèllant.

(2) Die vergadering 16.4.1960.

Met die klagtes in die tweede en derde sake hierbo genoem was daar na 7 Januarie 1960 twee sake wat volgens besluit van die Kerkraad ooreenkomstig art. 79 K.O. afgehandel moes word. Af-

skrifte van die notule sowel as die klagbriewe in die derde saak ontbreek onder die stukke voor u Kommissie. Di. L. J. Buys en N. J. Malan sowel as 'n skrywe van die Kerkraad aan die Appèllant op 17.8.1960, getuig dat die naburige kerkrade en konsulent reeds opgeroep was om in die twee laasgenoemde sake te handel. Volgens art. 8 van die kerkraadsnotule van 16.4.1960 en toeligtig deur die deputate van Part. Sinode Oos-Transvaal is die vergadering nie gehou nie.

Die Kerkraad besluit dan op 16.4.1960: „Goedkeuring word toegestaan dat geen spesiale vergadering gehou is nie”. Die besluit word geneem nadat die klagbriewe teen die Appèllant en sy broer van die tafel geneem is. Volgens dieselfde notule word die vergadering 'n versoeningsvergadering waarop die eenheid in die gemeente van Bronkhorstspuit herstel sou wees.

Die Appèllant getuig dat hy nie op hierdie vergadering teenwoordig was nie. Hy het dus nie deel gehad in die verrigtinge nie. Hy word op 19 April 1960 deur die skriba in kennis gestel: „dat albei klagbriewe teen u en u broer skriftelik deur hulle skrywers teruggetrek is”. Die Appèllant skryf op 22 April aan die Kerkraad: „Ek aanvaar die kerkraadsbesluit maar hoewel ek van opinie is dat die sake volgens art. 79 K.O. moes behandel word”.

Op 18 Mei 1960 vra die Appèllant van die kerkraad inligting i.v.m. die regsgeldigheid van die beskuldigings en klagbriewe teen ampsdraers wanneer die briewe teruggeneem word.

Op 17 Augustus 1960 antwoord die skriba die Appèllant dat „daar van verskillende kante klagbriewe teen ampsdraers op die tafel van die kerkraad was, en dat die kerkraad besluit het om art. 79 K.O. in werking te stel. Intussen is egter al die klagbriewe teruggetrek. Op die materie is en kan dus nie ingegaan word nie. Gevolglik kan die kerkraad u nie op genoemde vrae afdoende antwoord nie”.

Op 3 September 1960 volg die appèl na die Klassis Lydenburg wat die optrede van Kerkraad Bronkhorstspuit handhaaf, waarna die Appèllant hom op die Part. Sinode Oos-Transvaal beroep. Die Part. Sinode handhaaf die klassisuitspraak, gevolglik dien die appèl nou voor hierdie Sinode.

d. Ontleding van die appèl.

(1) *Prosedure van Kerkraad Bronkhorstspuit* (sien Appèlskrif, pt. 2).

Die Kerkraad van Bronkhorstspuit het 'n vergadering volgens art. 79 K.O. opgeroep, omdat die Kerkraad klagbriewe met aanklagte teen ampsdraers in ontvangs geneem het. Ondertussen het briewe ingekom wat terugtrekking van die klagtes versoek het.

Sonder 'n kerkraadsbesluit is die bepaalde vergadering met die konsulent en naburige kerkrade afgeelas. Eers nadat die Kerkraad die klagbriewe en hulle terugtrekking afgehandel het, is die aflassing

van die vergadering met die naburige kerkraade (art. 79 K.O.) goedgekeur.

(2) *Appèl m.b.t. die toepassing van art. 79 K.O.* (sien Appèlskrif pt. 8, 9, 4).

Die Kommissie is van mening dat die kerkraadsvergadering van Bronkhorstspuit 16.4.1960 nie kerkregtelik in orde was nie en wel om redes:

(a) Die deputate vir die vergadering onder art. 79 K.O. om die materie van die beskuldigings in die sake teen die broers ouderlinge Prinsloo te behandel was reeds opgeroep, en dus was die materie sub judice.

(b) Die aflassing van die vergadering met die naburige kerkraade, wat die Kerkraad opgeroep het, het sonder 'n kerkraadsbesluit geskied. Eers na die behandeling van die materie is die aflassing van die vergadering saam met die naburige kerkraade goedgekeur op 'n kerkraadsvergadering waarop die plaaslike predikant presideer.

(c) Wanneer die kerkraad 'n aanklag teen 'n ampsdraer in ontvangs geneem het volgens art. 79 K.O., verkeer die aangeklaagde in 'n staat van beskuldiging, of van „voorlopige schorsing” (Joh. Jansen: *De kerkelijke tucht*, p. 354).

(d) Die Kerkraad kan nie sonder die naburige kerkraade die terugtrekkings behandel nie. Jansen sê dat die voorlopige schorsing moet „opgeheven en door rehabilitatie van den aangeklaagde, waarover ook de gekombineerde kerkeraden te oordelen hebben, gevolgd worden”.

Die Part. Sinode het uitgegaan van die veronderstelling dat die terugtrekking van die klagtes ordelik geskied het en die beswaar van die Appèllant m.b.t. die toepassing van art. 79 K.O. afgewys deur dit 'n „abstrakte vraag” te noem, sonder om die opset en verband van die vraag in die appèlskrif in ag te neem (Part. Sinodebesluit, art. 54). Hierdie besluit het die Part. Sinode geneem teen die aanbeveling van sy appèlkommissie dat die appèl op die punt moet slaag (Rapport Appèlkommissie, Part. Sinode, punt 4).

Die Kommissie meen dus dat die Appèllant reg het om te beweer dat die Part. Sinode sy beswaar „ontduik” het (Appèlskrif, punt 4).

(3) *Die staat van beskuldiging en onthefing van blaam* (sien Appèlskrif voor Sinode, punt 5, 6, 7, punt 8, punt 9, punt 4).

Die Kommissie is van mening dat: „as die prosedure van die terugtrekkings van die aanklagte kerkregtelik nie in orde is nie, kan die beskuldigings nie as teruggetrek beskou word nie” (Appèlskrif, pt. 5, 6, 7).

Maar al was die prosedure m.b.t. die vergadering van 16.4.1960 in orde, is die Appèllant buitendien nie in ere herstel nie. Deur die eervolle ontslag is die Appèllant nie van die blaam onthef nie,

omdat nie die Kerkraad nie maar ander partye die beskuldiging ingedien het.

Die ontvange beskuldigings teen 'n ampsdraer kan alleen van 'n kerkraadstafel onttrek word indien die indieners erken dat dit ongegrond of onwaar is, in welke geval die ligvaardig beskuldigde in ere herstel moet word (vgl. „rehabilitatie” by Joh. Jansen: t.a.p.). As die kerkraad toelaat dat gegronde beskuldigings teruggetrek word, sou hy die sonde by 'n ampsdraer duld.

Die Appèlkommissie het by die Part. Sinode aanbeveel dat die appèl hier slaag (Rapport Appèlkommissie, punte 5, 6, 7). Die Part. Sinode het hierdie aanbeveling egter verwerp en die uitspraak van die Klassis Lydenburg gehandhaaf „dat albei beskuldigings teruggetrek is en dus „as uit die wêreld” beskou is”. (Part. Sinode art. 54 punt 5).

Die Kommissie kan hom met hierdie uitspraak nie verenig nie, omdat die terugtrekking van 'n klagskrif nog nie die beskuldigde van blaam onthef en in ere herstel nie.

(4) *Ander punte in die appèl.*

(a) Punt 2: Die Appèllant voel hom ook veronreg omdat insae in die aanklagte en hulle latere terugtrekkings aan hom deur die Kerkraad en Klassis geweier is, wat deur die Part. Sinode gehandhaaf is, op grond daarvan dat dit teruggetrek is.

U Kommissie meen dat waar die Appèllant in 'n staat van beskuldiging gestel was en die klagtes aangehoor het op die Kerkraad en dit op die Klassis ter tafel was, hy geregtig was om vir sy appèl insae in die stukke te kry. Waar sy eer op die spel was en hy afwesig was op die vergadering van 16.4.1960 was hy ook geregtig om in die terugtrekkingsbriewe insae te hê. Sy reg is deur die weerhouding van die stukke deur die Kerkraad en Klassis gekrenk.

(b) Punt 9: Die Appèllant voel hom veronreg omdat die Part. Sinode sy klag dat die Klassis sy broer en homself „onverhoord veroordeel” het, ontduik het.

Die Part. Sinode besluit: „dat die besluit van die Klassis reg is in soverre dit die aanvaarding van die kerkraadsbesluit deur die Appèllant, aanbetref, maar dat die aanvaarding nie die volmondige instemming met die prosedure beteken nie, en daarom nie as „saamstem” en „saambesluit” gereken kan word nie. Die appèl moet egter nie slaag nie” (Appèlkommissierapport, p. 9, soos aanvaar in art. 54 Part. Sinodebesluit).

(c) *Bevinding.*

(i) Die Kommissie meen dus dat die besluit van Part. Sinode Oos-Transvaal dat die appèl nie slaag nie, in stryd is met sy eie bevinding t.o.v. die prosedure.

(ii) Die Kommissie moet verder daarop wys dat hoewel br. P. G. Prinsloo nie 'n party in die saak was nie maar 'n getuie

van die Appèllant, die Klassis Lydenburg geoordeel het oor br. P. G. Prinsloo. Ons haal die Klassis aan: „die Klassis bevind dat brs. D. J. en P. G. Prinsloo hulle as enkelinge nie kan vereenselwig nie, hoewel hulle eens op 'n tyd saamgestem het”.

(iii) Die Appèllant is self van klaer tot beskuldigde gemaak in die uitspraak van Klassis Lydenburg.

e. *Samevattende bevinding.*

Op grond van die samevattende ontleding hierbo bevind die Kommissie dat die Appèllant reg het om hom veronreg te voel deur die uitspraak van die eerwaarde Part. Sinode Oos-Transvaal. Derhalwe slaag die appèl op al die punte.

Besluit: D. 2. Die Sinode aanvaar die Verslag van die Appèlkommissie en spreek sy dank uit vir die werk deur hulle gedoen.

ARTIKEL 44. *Notule*

Die Notule word vasgestel tot by art. 30.

ARTIKEL 45.

Sake wat na die Moderamen verwys is.

A. 1. 'n Versoek van deputate vir die B.B.B. Genootskap dat ds. J. T. M. de J. van Arckel geleentheid gegee word om die vergadering toe te spreek, word voorgelê.

2. Daar word besluit om ds. Van Arckel die geleentheid te gee en dat dit sal gebeur in verbinding met die rapport van die deputate ad hoc (vgl. art. 95).

- B. (Losies- en verversingsgelde). Kyk by art. 10. 7.
- C. (Laatgekome rapporte). Kyk by art. 18. A. 3. b.
- D. (Brief — dr. Van Wyk de Vries). Kyk by art. 18. A. 3. C.
- E. (Deputate C.N.O. uit Kaapland). Kyk by art. 18. A. 4.
- F. (Groete binnelandse kerke). Kyk by art. 16.
- G. (Verteenwoordiger diakens). Kyk by art. 18. A. 8.
- H. (Deputate vir uitgee van Handeling). Kyk by art. 31. E.

ARTIKEL 46 (126, 187)

Ekumeniese Sinode, Potchefstroom, 6-13 Aug. 1958.

Die Rapport van die deputate (prof. dr. S. P. van der Walt en dr. S. J. van der Walt) na die Ekumeniese Sinode word deur prof. S. P. van der Walt toegelig.

'n Kommissie ad hoc word verkies (as lede: di. T. T. Spoelstra, J. C. Krüger, P. G. Geertsema, proff. S. P. van der Walt, W. J. Snyman, oudl. L. J. van der Walt) en hulle verslag word deur ds. Krüger toegelig.

Eerw. Voorsitter en Broeders,

Ondergetekendes was deur Gods genade in staat om die vergadering by te woon as u afgevaardigdes. Dit was 'n heuglike geleentheid om al die deputate van die verskillende kerke, ook die uit die buiteland, in ons eie midde te mag ontvang. Hoewel nie soveel lande waarin die Gereformeerde Kerke tot openbaring gekom het, verteenwoordig was nie, was die aantal afgevaardigdes min of meer dieselfde as op die vorige twee sinodes. Dertien kerke het gedeputeer, waarvan sewe uit die buiteland. Saam met die afgevaardigdes is die vergaderings gereeld bygewoon deur twee gaste, agt waarnemers en sewe adviseurs. Onder hierdie laaste groep was ook ons vier teologiese professore. Die totale aantal lede was dus sewe-en-veertig.

Ons wil die Acta van die Vierde Gereformeerde Ekumeniese Sinode ter tafel lê en u aandag vra vir verskillende van die beslissinge, waaroor hierdie Sinode ook moet besluit. — **kennis geneem.**

Daar word *verder kennis geneem* dat daar geen verandering aan die naam van die eerw. vergadering aangebring is nie.

I. Die Ekumeniese Sinode het betreffende sy samekoms, konstituering, werkwyse en uitbring van stemme sekere ordebepalings vasgestel (pp. 14 tot 16 Acta). Kennisneming hiervan en aanvaarding word aanbeveel.

Besluit: Van die hele Rapport word goedkeurend kennis geneem, met dien verstande dat van terme soos „Moderator” (punt 19 Acta) en „Moderator het die reg om 'n beslissende stem te gee” (punt 24 Acta) afkeurend kennis geneem word, en dat by punt 12 Acta bygevoeg moet word „en gesluit word met danksegging”.

II. *Die Rapport insake MIGRASIE* (pp. 17-22) is van besondere belang ook vir ons kerke in Suid-Afrika.

Nadat enkele Skrifgronde vir die saak van migrasie aangegee is en dit ook histories belig is, is die roeping van die kerke betrokke by die migrasiebeweging aangestip. Ons het hier te doen met die moederland waaruit geëmigreer word, en die nuwe vaderland waarheen geëmigreer word. Die geweldige omvang wat migrasie die afgelope twee dekades aangeneem het, benadruk die roeping van die kerke. Veral is die nadruk gelê op die versuim van die moederkerk om vertrekkendes te help en kontak te bly behou. Vandag gaan dit al heelwat beter, en die moederkerk behou voeling met die kerke in die buiteland waarheen sy lidmate geëmigreer het. In verskillende lande het die nuwe Gereformeerde Kerke tot stand gekom, omdat lid-

mate van hierdie kerke nie aansluiting kon vind by bestaande kerke nie.

Die vyftal besluite wat by ons sinode aanbeveel word, lui soos volg:

1. Elke kerk in sowel die land van emigrasie as die land van immigrasie stel deputate of 'n sinodale kommissie aan om spesiale aandag aan alle immigrasie-aangeleenthede te gee.

2. Die kommissies van die kerke in die lande van emigrasie stel hulle spesiaal ten doel om hulle vertrekkende lidmate op die mees noukeurige wyse te adviseer aangaande die verkieslikste kerk-affiliasie in die land van hul bestemming. Hulle sien toe dat 'n emigrant met 'n behoorlike attestasie vertrek en dat die kerke in die land van ontvangs na behore in kennis gestel word van die aankoms van sodanige lidmate.

3. Die kommissies van die kerke in die lande van immigrasie doen alles in hulle vermoë om die nuwe immigrante wat na hulle land kom, te help, geestelik en maatskaplik. Hulle sien toe dat 'n rapport gestuur word aan die kerk in die tuisland wanneer 'n immigrant aangekom het en behoorlik in die kerk ontvang is.

4. Alle kommissies moet so nou moontlik saamwerk. Om behoorlik ingelig te wees is dit essensieel dat hierdie kommissies elke jaar die jaarboeke van al die meewerkende kerke ontvang.

5. Die Sinode benadruk die noodsaaklikheid dat Gereformeerde kerke in die lande wat immigrante ontvang, 'n verantwoordelike het jeens inkomelinge wat aan geen kerk verbonde is nie.

Besluite:

1. Goedgekeur.
2. Kennis geneem.
3. Hieraan word gevolg gegee en die saak word weer sterk onder die aandag van kerkrade gebring.
4. Dit word sterk aanbeveel.
5. Kennis geneem en die wenslikheid wat hierin benadruk word, word beklemtoon.

III. Rapport oor die kerk se houding teenoor moderne wapentuig in oorlogvoering.

'n Besonder indringende rapport is ontvang vanuit Nederland, 'n stuk wat ook op die Gereformeerde Kerke aldaar se Sinode van Assen 1957 ter tafel was. Alleen 'n samevatting daarvan is opgeneem in die Acta van die Ekumeniese Sinode (pp. 26-29).

Die besluite in hierdie verband gee ons hier weer, ook vanweë

die aktualiteit daarvan vir ons Gereformeerde Kerk alhier. Die Ekumeniese Sinode besluit:

1. Dat die uiters gevaarlike internasionale spanninge en die totaal vernietigende mag van moderne bewapening die kerk van Christus tot 'n besondere taak in ons dag roep. Die roeping vereis sowel diepe verootmoediging voor God as 'n heldere verkondiging van die Woord van God te midde van 'n verwarde en verslae mensdom. Daarom is dit die taak van die kerk om voor alles gelowig te luister wat God deur sy Gees en Woord aan 'n dag soos hierdie wil sê.

— **Goedgekeur.**

2. Dat dit die amp en die bevoegdheid van die owerheid in die menslike samelewing as 'n deur Godgewilde instelling erken. Die owerheid moet gesien word as die middel waardeur die Almagtige die verwoestende deurwerking van die sonde tot algehele chaos wil betuel en afweer. En dat die Christelike kerk geensins die moderne tegniese ontwikkeling as sodanig veroordeel nie. Nogtans sien die kerk in die huidige kernwapens 'n verontrustende openbaring van die noodlottige gevolge waartoe 'n tegniek moet lei as dit deur 'n mensheid gehanteer word wat nie meer onder die tug van die Woord van God buig nie.

— **Goedgekeur.**

3. Dat gebruik van wapengeweld wel volgens die Woord van God tot die handhawing en verwesenliking van reg en geregtigheid toelaatbaar kan wees. Hoewel so 'n gebruik egter nie in Bybelse sin as sonde bestempel kan word nie, behoort oorlog tog in elk geval tot die sonde-orde en gaan daar gewoonlik veel sonde mee gepaard. Daarom mag geen poging gespaar word om dit te verhoed nie. Ook moet ons in diepe verootmoediging daaraan herinner word dat dit selfs as tugroede van God oor volkere kan kom.

— **Goedgekeur.**

4. Dat die kerk van Christus nie 'n gees van afsydigheid in geval van geregverdigde wapengeweld voorstaan nie maar inteeendeel die plig tot gehoorsaamheid aan die aardse owerheid in so 'n geval erken. Waar die staat langs die weg van geregtigheid tot die uiterste middel van wapengeweld gedwing mag word, beskou die kerk die onderdane geroepe tot gehoorsame diens. Maar selfs dan moet die Gees van Christus heers i.p.v. demoniese gesteldhede van bitterheid, wraak en vergelding.

— **Goedgekeur.**

5. Dat die moderne oorlog vanweë die uiters gekompliseerde karakter van internasionale politieke verhoudinge en vanweë die verderwende intensiteit van moderne bewapening owerhede meer as ooit voor 'n hoogsernstige verantwoordelike stel. Daarom is dit die dringende taak van owerhede vandag om alles in werking te stel om oorloë deur die opbou van 'n internasionale regsorde te probeer

afweer. Hierin het die Christelike kerke soos nooit tevore nie die roeping om deur gelowige voorbidding voortdurend mee te werk.

6. Dat die kerk hom daarbenewens met die Goddelike opdrag belas sien enersyds om alles te doen om oorloë te probeer voorkom, andersyds om nie kritiekloos teenoor die beslissinge en handelwyse van owerhede te staan nie maar immer weer die oorlogsbeslissing en -voering aan die Woord van God te toets. Ja, en dat dit selfs sover kan kom dat die sondeopenbaring op dié gebied so 'n omvang kan aanneem en in so 'n apokaliptiese gestalte (Openb. 13) hom kan openbaar dat die kerk en volgelinge van Christus op generlei wyse meer enige medeverantwoordelikheid daarvoor mag en kan aanvaar nie. Dan sal hulle roeping wees om, eerder as om 'n gedemoniseerde owerheid te bly gehoorsaam, *alle* medewerking op te sê, al moet dit dan beteken dat hulle die weg van 'n martelaarsgemeente moet gaan.

7. Dat die kerke oor die wêreld hulle moet verenig in gemeenskaplike getuienis teen alle individuele, nasionale en internasionale onreg en verdrukking. Sonder om revolusionêr te wees het die kerk in ons dag, op voetspoor van die vroeë kerk, die dringende roeping om die mensdom met Jesus Christus te konfronteer in die oortuiging dat in Sy beginsels en deur Sy verlossing alleen reg en geregtigheid gehandhaaf en demoniese magte van oorlog oorwin en afgeweer kan word.

8. Dat die kerke in hierdie tyd geroep is tot 'n meer intensiewe taak en arbeid as blote openbare uitsprake i.v.m. oorlog. In elke kring moet daar bewustelik, planmatig en voortdurend pastoraal aan mense gearbei word om so elke geslag op te voed in 'n deeglike Bybelse siening van alle aspekte van die oorlogsvraagstuk. Daarby is nodig die aankweking van 'n Christelike ywer vir vrede en die handhawing en beoefening van reg en geregtigheid op alle lewensterreine.

Besluite: Van al die besluite i.v.m. moderne wapentuig in oorlogvoering is goedkeurend kennis genoem, met byvoeging: by punt 5: met weglating van die term „deur die opbou van 'n internasionale regsorde”, omdat die term baie rekbaar is; by punt 7: behalwe dat vanaf „mensdom” gelees word: „met die Drieënige God te konfronteer in die oortuiging dat in die leer van die Skrif en deur Christus se verlossing...”

IV. Rapport oor Skrifinspirasie (pp. 33-59).

'n Kommissie van die Amerikaanse Kerke het 'n mooi rapport gelewer, wat eksegeties en dogmaties goed verantwoord is. Teenoor die opstuwende Barthianisme is die suiwer Gereformeerde klank laat hoor. Die Ekumeniese Sinode het hieroor die volgende besluite geneem, wat ons aan u voorlê vir oorweging:

1. Die leerstuk van die inspirasie wat in die voorgaande rapport uiteengesit is, kom daarop neer dat die Heilige Skrif alleen en die Heilige Skrif in sy geheel die geskrewe Woord van God is, gegee deur die inspirasie van God om die reël van leer en lewe te wees, 'n inspirasie wat 'n organiese karakter dra, hom nie alleen tot die gedagtes nie maar ook tot die woorde van die Heilige Skrif uitstrek en so uniek in sy uitwerking is dat die Skrif en die Skrif alleen die Woord van God is.

2. Hierdie leerstuk van die inspirasie leer wel aan die een kant dat die menslike outeurs van die Skrif deur die Heilige Gees gedryf is om te verseker dat wat hulle skrywe, op onfeilbare wyse die selfopenbaring van God meedeel, maar handhaaf aan die ander kant ook dat die Heilige Gees nie hulle persoonlikhede onderdruk het nie maar veeleer dat Hy hulle vrymagtig voorberei, beheer en gerig het op so 'n wyse dat Hy hulle gawes en ondervindings, hulle navorsing en nadenke, hulle taal en styl in sy diens geneem het. Hierdie menslike kant van die Skrif laat egter geen ruimte vir die afleiding dat die Skrif as 'n feilbare menslike getuienis aangaande die openbaring beskou mag word nie, want so 'n beskouing beteken 'n aanval op die heerlike soewereine werk van die Heilige Gees in die inspirasie.

3. Hierdie leer aangaande die Skrif is die eis wat voortspruit uit die getuienis wat die Skrif self gee met betrekking tot sy Goddelike oorsprong, aard en gesag. In besonder word dit geëis deur die getuienis van ons Here en sy apostels, en om 'n ander opvatting daar op na te hou beteken om die getuienis van Jesus en die apostels te verwerp.

4. Hierdie leerstuk aangaande die Skrif moet nie beskou word as 'n oorbodige byvoegsel nie, veel minder nog as 'n bloot menslike toevoegsel by ons Christelike geloof. Die Heilige Skrif is die enigste bestaande vorm van die heilsopenbaring. Die belydenis dat die Skrif die deur God ingegewe Openbaringswoord is, hang wesenlik saam met die belydenis aangaande die goddelike aard van die verlossing self.

5. Hierdie oorwegings dat die Skrif baie duidelik getuienis lewer wat betref sy eie Goddelike oorsprong en aard en dat dit as heilsopenbaring noodwendig gekenmerk word deur die Goddelikheid, wat by die verlossing hoort, is die verklaring van die volgehoue geloof van die historiese Christelike kerk dat die Skrif in sy hele omvang en in al sy dele die onfeilbare Woord van God is.

6. Vir hierdie geloof soos dit duidelik uitgedruk is in die belydenisskrifte van die Geref. Kerke wil ons op die grondslag van hierdie leerstuk in verband met die Skrif in die eenheid van die

Gees en in die band van die vrede belydenis doen aangaande die hele Raad van God.

Besluit: Kennis geneem, met byvoeging dat ons volstaan met art. 5 N.G.B.

V. Rapport insake skepping en ewolusie (pp. 59-65).

Hierdie rapport gaan grotendeels oor besware wat die Christian Reformed Church van die V.S.A. op die Sinode van Edinburgh (1953) ingebring het teen 'n rapport wat behandel is op die Sinode van Amsterdam (1949). Die besware kan kortliks só weergegee word dat die Amerikaanse kerke meen dat die Rapport oor ewolusie op die Ekumeniese Sinode van Amsterdam nie genoegsaam en duidelik onderskei tussen die sg. teistiese ewolusie en die Barthiaanse standpunt nie. Nadat die betrokke kommissie sy standpunt verduidelik het, het hy 'n paar stelling neergelê, wat die Ekumeniese Sinode onderskryf het: 1. In die algemeen moet die kerk uiters versigtig wees met allerlei uitsprake op natuurwetenskaplike gebied, omdat die kerk alleen die Woord van God moet bring, en hierdie Woord is geen natuurwetenskaplike handboek nie en mag nie met een bepaalde eksegeese vereenselwig word nie. 2. Daarom besluit die Sinode om aan te dring dat die International Association for Reformed Faith and Action oorweging skenk aan die moontlikheid om boeke en vlugskrifte uit te gee wat inligting en leiding kan gee, veral aan lede van Gereformeerde kerke wat nadink oor die vrae wat in ons tyd na vore gebring word aangaande die leer van die Skrif in verband met die moderne wetenskaplike navorsing in die algemeen en meer in die besonder oor die onderwerp skepping en ontwikkeling.

Besluit: Goedkeurend kennis geneem.

VI. Rapport oor huweliksprobleme (pp. 72-102).

Hierdie veelomstrede probleem kom in alle kerke en elke maatskappy voor, en die optrede van staat en kerk was nog nooit dieselfde nie. Dit is juis die agtergrond van die probleem, omdat die kerk geroep word om tughandelinge te doen en dit nie altyd duidelik is waar dit begin of moet eindig nie. Vanweë die belang van die saak is sekere beslissings op die Ekumeniese Sinode geneem, maar die rapport is na ledekerke verwys vir verdere studie. Die beslissing moet teen die agtergrond van enkele positiewe gegewens gegee word, anders kan dit lig misverstaan word. Ons gee dit hier weer:

1. Kragtens Gods verordening, soos geopenbaar in sy onfeilbare Woord, is die huwelik bedoel om te wees 'n lewenslange geslags- en liefdegemeenskap tussen één man en één vrou (Gen. 1 : 27; 2 : 18-25).

2. Omdat die huwelik kragtens Gods ordinansie en daarmee ooreenkomstig sy wese en bedoeling alleen deur die dood verbreek

kan word, is *alle* egskieding wesenlik teen die wil en verordening van God.

Selfs wanneer die huwelik deur egskieding ook formeel verbreek is, het die verbroke huwelik omdat dit na sy wese so 'n totale lewensverbinding was, vir elke geskeie persoon, 'n blywende, stremende nawerking.

3. Lewende in hierdie sondige werklikheid wat selfs in die gelowige en in die Christelike kerk nie geheel verbreek is nie, word ons geroep tot 'n gelowige en Skriftuurlik prinsipiële besinning oor huweliksontbinding en egskieding.

Oral en onder alle omstandighede moet as gevolg van die sonde van watter party ook al, die verbreking van die huwelik as iets abnormaals gesien en bejeën word, want van die begin af — d.w.s. voor die sondeval — was dit nie so nie (vgl. Matth. 19 : 8).

4. Intussen het onder Gods voorsienige bestel, en na sy wil, met die oog op die sondige verharding van die hart, 'n burgerlike regsorde ontstaan. Al is dit slegs 'n menslike regsorde, moet dit op grond van sy goddelike verordening, sover moontlik deur die Christen en die kerk geëerbiedig word.

In die steer van die burgerlike regsorde, nou, pas die terminologie „egskiedingsgrond”. In ooreenstemming met Bybelse getuienis, egter, is dit juister om te spreek van sodanige radikaal ontwrigte situasies dat na Bybelse getuienis (vgl. Matth. 19 : 8) egskieding wel as uiterste noodmaatregel en as deur God toegelaat beskou mag word.

Hierby het nie alleen die kerk nie maar ook die burgerlike owerheid 'n roeping wat prinsipiël soos volg omskryf kan word. Saaklik in ooreenstemming met die Handelinge van die Raad van die N.G. Kerke, 1957, p. 61, formuleer ons dit soos volg:

a. Dat die owerheid as dienaar van God gebonde is aan die ordinansies van God ook vir die huwelikslewe en daarom verplig is om hierdie ordinansies by sy wetgewing soveel moontlik tot rigsgnoer te neem;

b. dat die taak van die owerheid in hierdie opsig egter anders is as die van die kerk, omdat terwyl die kerk die absolute eis van die wet van God vir die gewete moet handhaaf, die owerheid met die bestaande toestande onder die volk rekening moet hou;

c. dat die owerheid, al moet hy soms noodgedwonge die kwaad duld, dit nooit deur sy wetgewing in die hand mag werk nie en daarom sal sondig wanneer hy deur sy wetgewing die Christelike grondslag van die huwelik sou ondermyn deur volkome willekeurige egskiedinge toe te staan of te sanksioneer;

d. dat diegene wat van hierdie wetgewing van die owerheid gebruik (misbruik) maak om op ander gronde as wat die Skrif

veroorloof, sy huwelik te ontbind, volgens die wet van God en in foro conscientiae skuldig sal bly aan egbreuk.

5. Tot dusver is onder wat genoem word „Bybelse egskedingsgronde”, deurgaans twee moontlikhede aanvaar, nl. van owerspel en deur sommige daarnaas kwaadwillige verlating.

Daarom sal dit nou ons taak wees om ten aansien van hierdie beide ons standpunt te bepaal.

a. (1) Insake *owerspel* kom dit vir ons gewens voor dat die Sinode uitspreek dat hoe seer elke daad van owerspel 'n inbreuk op die heilige karakter van die huwelik beteken, nie elke insidentele owerspel noodwendig hoof gesien te word as iets wat in feite die huweliksband ophef het en as sodanig offisiële egskeding outomaties met sig meebring nie.

Dit is en bly dan ook die roeping van die kerk om hier met erns, vanuit die evangelie, op versoening aan te dring.

(2) Dat wanneer hierdie owerspel tot 'n *blywende owerspelige verhouding* gelei het, dit die betrokke veronregte party nie verbode is om stappe tot 'n offisiële ontbinding van die huwelik te doen nie.

Verder dat by sodanig onthonde huwelik die aangaan van 'n tweede huwelik, vir hierdie veronregte party, nie verbode is nie.

b. Wat betref die sogenaamde kwaadwillige verlating kom dit u Kommissie voor dat ons, soos deur die Amerikaanse rapport in die Agenda gekonstateer, in 1 Kor. 7 : 15 te doen het met 'n baie spesiale geval. Hier het ons 'n verlating *religionis causa*. Ons moet hier let op die hele verband van die hoofstuk, wat 'n by uitstek pastorale karakter dra. Paulus gee hier as apostel insidentele raadgevinge vir spesifieke situasies van gelowiges in sy dae. Aan gelowiges laat hy baie nadruklik ingevolge die gebod van Christus nie toe om die huwelik te verbreek en daarna 'n tweede aan te gaan nie (1 Kor. 7 : 10-11). Daarnaas onderskei hy 'n ander tipe huwelik soos die tussen gelowige en ongelowige. Dit kom voor of ons hier huwelike van heidene het, waarvan een van die partye dan gelowig geword het. Die vraag het dan ontstaan in geval van die verlating van die ongelowige party of die gelowige volhardend op die herstel van die huwelik moet bly aandring. Dit is al deur sommige so aangeneem dat Paulus se antwoord op dié vraag die karakter van 'n sogenaamde tweede egskedingsgrond raak. Volgens die oordeel van u Kommissie is dit besluit nie die geval nie. Dit is insonderheid in hierdie geval onjuis om van 'n „Bybelse egskedingsgrond” te spreek. Volgens die duidelike verband blyk die volgende: Die man het die vrou verlaat uit godsdienstige wrywing of haat, en Paulus meen dat dit vir die Christenvrou nodig is om haar by die werklikheid neer te lê. Die vraag in hoeverre Paulus met die uitdrukking van 7 : 15 („In sulke gevalle is die broeder of suster nie gebonde nie”) nie verklaar dat die huwelik hier wettig onthonde is, is op

eksegetiese gronde nie te beantwoord nie. Ook is dit hier nie duidelik of hy in dergelike gevalle 'n tweede huwelik toestaan nie.

6. Dit kom u Kommissie voor dat gewaarsku moet word dat in die kerke die moeilikhede met betrekking tot die huwelik nie te oorhaastig en eensydig in die sfeer van die kerklike tug getrek moet word nie. Kerklike tug — van hoeveel belang ook — as dit gaan om duidelike hardnekkige oortreding van goddelike gebooie, sal dan alleen die regte resultaat oplewer wanneer daaraan 'n ernstige pastorale bearbeiding voorafgegaan het. Indien êrens dan geld dit hier dat voorkoming beter is as genesing. Daarby is dit van die allergrootste belang om toe te sien dat die pastorale sorg nie in legalistiese gees plaasvind nie maar wel uit die evangelie beoefen word. Daar kan dusdanige noodsituasies ook in die lewe van Christene voorkom dat die volbring van die goddelike gebod menslik gesproke onmoontlik blyk. Juis in sulke gevalle egter is dit van die grootste betekenis om die *betrokkenes* twee dinge op die hart te bind: (a) dat Gods gebooie nie swaar is nie (1 Joh. 5 : 3) maar die karakter van 'n lewenswet dra. Daarom is die lewe en die lewensgeluk gewaarsborg alleen in die bewaar van sy gebooie; (b) dat ook in dié sfeer geld dat vir geloof in Gods genade geen ding — selfs nie die skynbaar mees onmoontlike, soos 'n versoening na selfs 'n radikale ontwrigting — onmoontlik hoef te wees nie.

7. Dit kom u Kommissie voor dat daarteen gewaarsku moet word dat ons kerke nie self die huweliksmoraal moet ondermyn nie. Dit gebeur beslis wanneer op ligvaardige wyse kerklike bevestiging toegestaan word in gevalle van huwelike waarvan die regmatigheid in Bybelse lig ontken moet word.

Besluit: Daar word verwys na die Rapport van die deputate i.s. egskedingsgronde. (vgl. art. 156).

VII. Rapport oor rasseverhoudinge (pp. 102-150).

Drie rapporte was ter tafel, een van Suid-Afrika, een van Nederland en een van 'n lid van 'n Britse kommissie oor rasseverhoudinge. Van hierdie rapporte was die van die Suid-Afrikaanse kommissie uitstaande vanweë sy Skriftuurlik-eksegetiese benadering, die van Nederland insiggewend maar te veel konstruerend, en die van die lid uit Engeland het weinig om die lyf gehad. Tipies van hierdie laaste is die woorde: „'n Beleid mag egter reg wees in teorie en verkeerd in praktyk”. Hierop volg dan hartlike wense om meer wysheid en geduld — iets wat ons werklik nodig het, veral teenoor persone wat sulke dinge kwytraak.

Vanselfsprekend het hierdie saak besonder veel tyd en ernstige bespreking in beslag geneem. Daar was geen gekoördineerde rapport uit die drie wat voorgelê is nie, en die Sinode se kommissie moes staande die Sinode sy konsepbesluite voorlê. 'n Deputaatskap vir

voortgesette studie van die rassevraagstuk is benoem, en hulle wag ook op ons Kerk se beslissing.

Die besluit van die Ekumeniese Sinode lui: „U Kommissie (a) besef dat daar ander probleme i.v.m. rasseverhoudinge is wat aandag vereis, bv. dié in die Verenigde State, Oos-Indië en Nigerië;

(b) is daarvan bewus dat die Suid-Afrikaanse kerke opbouend krities staan teenoor toestande in Suid-Afrika en dat hulle dit werklik erns maak met die kerstening en ontwikkeling van die nie-blanke rasse;

(c) moedig die Suid-Afrikaanse kerke aan om met ware Christelike liefde en belangstelling met hulle probleem te worstel en beveel by die ledekerke van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode aan om hierdie aktiwiteite met Christelike welwillendheid, geduld en liefde te bejeën;

(d) verstrek die onderstaande besluite — met die verwagting dat hulle sal aantoon dat die Suid-Afrikaanse kerke saamstem met die Skriftuurlike beginsels wat vir alle christene in hul rasseverhoudings moet geld.

Aanbevelings:

A. U Kommissie beveel aan dat die Sinode sy dank uitspreek teenoor die interimkommissies wat hierdie vraagstuk bestudeer en die breedvoerige en insiggewende verslae opgetrek het.

B. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode spreek hom soos volg uit:

(i) Die feit dat God „uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak het” (Hand. 17 : 26) beteken dat die fundamentele eenheid of solidariteit van die menslike geslag ten minste net so belangrik is as enige verskille van ras en kleur.

(ii) Die feit dat in Adam die hele menslike geslag aan die sonde onderworpe is en „dit hulle ontbreek aan die heerlikheid van God” (Rom. 3 : 23) beteken dat, wat die verhouding tot God aangaan, geen enkele ras mag beskou dat hy ’n uitsonderingsposisie inneem en homself meerderwaardig teenoor ander rasse mag ag nie.

(iii) Vir die gelowige geld, in sy verhouding tot lede van ’n ander ras, die reël wat God Self vir alle menslike verhoudinge neergelê het, naamlik dat ons ons naaste moet liefhê soos onself.

(iv) Die feit dat die verlossing deur Jesus Christus vir die sondes „van die hele wêreld” (1 Joh. 2 : 2) versoening bied, beteken dat alle rasse in sy verlossingsplan betrokke is en tot die ewige lewe geroep word (Gen. 12 : 3, Matth. 28 : 19).

(v) Hieruit volg dat ’n gelowige die lede van die ander ras in die eerste plek as medesondaars moet sien, aan wie hy die boodskap van die evangelie moet bring. Indien die lede van die ander ras ook gelowiges is, moet hy hulle as sy broeders en susters in Jesus Christus

aanneem (Filem. : 12; Ef. 4 : 3-6). In so ’n verhouding sal alle menslike verskille, afgesien van hoeveel gewig hulle in die sosiale lewe dra, oorwegings van sekondêre belang word.

(vi) Die vorige paragraaf ontken nie en loën ook nie die feit van die veelvuldigheid van die nasies nie. In hierdie veelvuldigheid moet die ontwyfelbare gelykheid van alle rasse, mense en openbaringe van die ware kerk erken word volgens die Skrifte.

(vii) Aangesien die probleem van rasseverhoudings in die teenwoordige wêreldsituasie baie ingewikkeld geword het en gedurige spanning veroorsaak, is dit die plig van die kerk om selfs die skyn van ’n verhouding te vermy wat verwydering kan veroorsaak, en om alles in die werk te stel om die reeds gespanne verhoudings te verbeter.

(viii) Die kerk het ’n drievoudige verantwoordelikheid t.o.v. rasseverhoudings. Hierdie verantwoordelikheid bestaan:

(a) t.o.v. sy eie gesindheid in sy verhouding teenoor kerke en enkele gelowiges van ander rasse, soos bv. die verhouding tussen ouer en jonger kerke;

(b) t.o.v. sy prediking en voorligting, waardeur die kerk leiding gee aan sy eie lidmate i.v.m. die suiwer gesindheid in die gewone sosiale omgang met lede van die ander ras (Gal. 5 : 22-3);

(c) t.o.v. die beleid van die sentrale regering en ander publieke instansies, ’n beleid wat deur die kerk in die lig van Gods Woord getoets moet word.

(ix) Die praktiese gedraglyne vir die kerk met betrekking tot gemeenskaplike gemeentelike samekomste en die toelating van lede van die ander ras na sy eie byeenkomste moet so wees dat ons waak teen enige skyn van diskriminasie wat die minderwaardigheid van die ander ras insinueer; ons moet die lede van die ander ras laat voel dat hulle beskou word as medeledes van die liggaam van Christus, met wie ons deur die nouste bande gebind word.

(x) Ten einde die eenheid van gelowiges te bevorder moet die strewe van die jonger kerke om volle kerklike gelykwaardigheid met ouer kerke te bereik, aangemoedig word; nouer samewerking op die terrein van kerklike vergaderings en besprekings moet gesoek word, en die kerk moet deur sy lering en voorbeeld sy lede opvoed en voorberei vir die beoefening van Christelike gemeenskap met gelowiges uit ander rasse, terwyl deurgaans met die grootste versigtigheid, liefde en verantwoordelikheid teenoor sy eie lidmate opgetree word.

(xi) Geen direkte Skriftuurlike bewys kan vir of teen die vermenging van rasse deur huwelike as beginseluitspraak aangevoer word nie. Die welsyn van die Christelike gemeenskap asook pastorale verantwoordelikheid vereis dat deeglike aandag aan wetlike, sosiale en kulturele faktore gegee moet word, omdat hulle sodanige huwelike bepaal.

(xii) In alles wat hy in verband met rasseaangeleenthede leer of doen, moet die kerk elke poging aanwend om ondubbelsinnig te verklaar dat hy nie deur algemene leuses, soos dié in die algemeen gehuldig word, gelei word nie; maar dat die kerk sal trag om telkemale wanneer dit deur 'n moeilike situasie gekonfronteer word, met nederigheid en in gehoorsaamheid aan die wil van sy Verlosser en Koning op te tree. Dit beteken dat die kerk sulke begrippe soos voorgdyskap, rasseeiesoortigheid e.a. wat in die bespreking van rasseaangeleenthede aan die orde kom, krities in die lig van Gods Woord sal ondersoek, sodat hierdie begrippe van alle bybedoelinge wat daarin mag skuil, gesuiwer kan word.

Besluit: (a) Die aanbeveling van die Kommissie, nl. dat deputate aangewys word om op hierdie besluite te antwoord, word oorgehou tot by die behandeling van die Kommissieverlag i.s. rasseverhoudinge.

(b) *Art. 171:* Hierdie aanbeveling word nie aanvaar nie. Daar word slegs kennis geneem van die besluite van die Ekumeniese Sinode aangaande rasseverhoudinge en die Sinode stel as antwoord daarop sy eie konklusies. (Vgl. art. 36. D., bl. 115 e.v.).

C. U Kommissie beveel aan dat hierdie besluite (a) vir onmiddellike publikasie beskikbaar gestel word en (b) aan ledekerke vir oorweging, moontlike optrede en rapport aan die kommissie in D geneem, gestuur word.

— kennis geneem.

D. U Kommissie beveel aan dat 'n permanente kommissie van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode aangestel word en dat aan hierdie kommissie die verslae van rasseverhoudings wat deur hierdie Sinode bespreek is, saam met die besluite van die Sinode in hierdie verband en die toekomstige rapporte van ledekerke, in hul geheel gestuur word. Hierdie kommissie sal al die verslae en hul toepassing op nuwe toestande wat tot stand mag kom, oorweeg en aan die volgende Ekumeniese Sinode verslag doen. Hierdie kommissie sal ook die Skriftuurlike grondslag in die verslae aangegee, ondersoek en trag om toekomstige sinodes van advies te dien met betrekking tot sulke vrae soos:

- (a) nasionale en kulturele identiteit;
- (b) inheemse kerke;
- (c) die posisie van jonger kerke;
- (d) huwelike tussen rassegroepe;
- (e) separatisme;
- (f) afsonderlike ontwikkeling van rasse;
- (g) Babel en sy implikasies;
- (h) voorgdyskap;
- (i) die „roeping” van die kerk;
- (j) die betekenis van die terme „nasies”, „rasse”, „volke”, „state”.

— Afkeurend kennis geneem.

VIII. Rapport oor die geestelike noodtoestand in Afrika.

Hierdie rapport komende van 'n kommissie uit Suid-Afrika, was 'n noodkreet in 'n geestelike stormnag. Die Sinode het diep onder die indruk daarvan gekom en het aangevoel dat optrede onmiddellik moet plaasvind. Sy besluit was soos volg:

Die Sinode aanvaar hierdie aanbevelings:

Die Sinode is diep onder die indruk van die gegewens in hierdie Rapport van die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Hy benoem 'n deputaatskap vir verdere studie.

Die mandaat aan die te benoeme Deputaatskap word voorgedra:

(a) Dat 'n deputaatskap benoem word met die volgende mandaat:

(i) Om verdere navorsing te doen en 'n diepgaande studie te maak van die geestelike noodtoestand in Afrika;

(ii) om 'n plan van gesamentlike aksie uit te werk vir die ledekerke van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode;

(iii) om aan die ledekerke hierdie plan voor te lê sodat hulle deur onderlinge reëling dit kan aanvul met so weinig tydverspilling as moontlik;

(iv) om moontlike vorme van kontak te vind met Protestantse kerke in Afrika en hulle tot selfreformasie te stimuleer.

(b) Dat die Ekumeniese Sinode in sy begroting voorsiening moet maak vir die uitgawes van so 'n Deputaatskap.

Besluit: Kennis geneem, waar met dié byvoeging (na Deputaatskap in (b)): „maar dat sodanige begroting eers vir goedkeuring voorgelê word aan ledekerke”.

IX. Beskrywingspunte.

(i) Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het die Ekumeniese Sinode versoek om weer die besluit van die Sinode van Edinburgh rakende lidmaatskap by die Wêreldraad van Kerke te bekragtig (71). Die Sinode het hierop besluit:

Gesien die baie ander belangrike sake op hierdie Sinodale tafel waaraan nog op geen vorige Ekumeniese Sinode aandag gegee is nie, en gesien die feit dat twee sinodes, Amsterdam en Edinburgh, alreeds besluite oor hierdie saak geneem het en dit daarom nie noodsaaklik is dat hierdie Sinode op die oomblik hom weer moet uitspreek oor lidmaatskap in die Wêreldraad van Kerke nie, en gesien die feit dat selfs na die verklaring van die Sinode van Edinburgh daar nog binne die kring van die kerke wat deelneem aan die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, verskil van mening bestaan oor die wenslikheid en toelaatbaarheid van lidmaatskap in die Wêreldraad van Kerke, verwys die Sinode hierdie vraagstuk asook die breëre vraagstukke van ekumeniese bewegings van vandag en van ekumeniese verbintenisse na die volgende Ekumeniese Sinode met die oogmerk om aan die kerke in hierdie sake leiding te gee. Die Sinode benoem 'n deputaat-

skap om 'n deeglike studie te maak van hierdie hele saak en verslag te doen aan die volgende Sinode.

Besluit: Kennis geneem dat die Ekumeniese Sinode hom nie weer uitgespreek het oor die saak nie en weer deputate benoem het.

(ii) Die Christian Reformed Church van die V.S.A. het sekere aanbevelings gedoen vir aktivering van die Ekumeniese Sinodes (p. 31, 32).

Die Sinode besluit:

Dit het vir die Sinode duidelik geword dat die teenswoordige organisasie van die Ekumeniese Sinode ondoeltreffend is om met ons behoeftes doeltreffend te handel. Die aktiwiteite van die Sinode word veral gekortwiek in die interim omrede die tekort aan:

(a) 'n sentrale kantoor om al die aktiwiteite van die Sinode doeltreffend te koördineer;

(b) 'n tydskrif waarin die werksaamhede van die Ekumeniese Sinode en sy ledekerke gepubliseer word. Dit kan as 'n wêreldwye getuienis vir die gereformeerde geloof dien.

Voorstelle:

(i) 'n Sinodale Komitee word deur die Sinode verkies om in die periode tussen sinodes te ageer in alle dringende sake.

(ii) Aan hierdie Sinodale Komitee sal bevoegdheid verleen word om, nadat die toestemming van die Kerke verkry is en omstandighede gunstig is,

(a) 'n uitvoerende sekretaris aan te stel;

(b) voorsiening te maak vir 'n sentrale kantoor vir die uitvoerende sekretaris. Daardeur word voorsiening gemaak vir die koördinasie van al ons werk.

As sinodale kommissie word benoem die lede van die huidige Moderamen en prof. N. B. Stonehouse.

— **Dit word nie goedgekeur nie.**

(iii) Twee beskrywingspunte van die Gereformeerde Kerke in Nederland is na studiekommissies verwys. Dit gaan oor „die grense van die kerk” en „die funksie van die amp in die gemeente”. 'n Derde wat van aktuele belang is, is na 'n internasionale studiekommissie verwys, maar sekere riglyne word reeds aan die hand gedoen. Die beskrywingspunt lui:

„De eventuele noodzakelijkheid om zich op maatschappelijk gebied afzonderlijk te organiseren. Bij dit onderwerp heeft de Synode in het bijzonder gedacht aan Gereformeerden uit Nederland, die zich elders in de wereld hebben gevestigd en zich daar tegenover andere verhoudingen zien geplaatst dan zij in Nederland gewend waren. Men wil allermint de gedachte suggereren, dat overal hetzelfde patroon van georganiseerd zijn op maatschappelijk gebied

moet worden nagevolgd. Maar het wordt wenselijk geacht de bedoelde kwestie opzettelijk vanuit een principieel gezichtspunt te onderzoeken en te beantwoorden.”

Die riglyne is interessant genoeg:

(a) Die Ekumeniese Sinode stel dit duidelik dat dit nie onder alle omstandighede noodsaaklik is vir Christene, en met name vir emigrante, wat in die land van herkoms afsonderlik georganiseer was, om in hul nuwe en dikwels geheel en al verskillende omgewing, steeds so te organiseer nie.

(b) Die wenslikheid, al dan nie, van sodanige organisering hang saam met die toestand van die maatskappy as geheel en/of van plaaslike omstandighede. Is die antitese tussen die ryk van die lig en die van die duisternis in enige maatskappy of deel daarvan egter reeds onmiskenbaar of word hy aan bande gelê deur die positivistiese sg. neutraliteitsbeskouing, dan is hy wel geroepe om, ter wille van die instandhouding van die grondslae van die Christelike maatskappy as sodanig en die uitbouing daarvan, afsonderlik te organiseer. Dit moet ewenwel steeds geskied in die wete dat isolement nooit doel op sigself is nie maar altyd ten doel moet hê om God en die medemens te dien.

— **kennis geneem.**

X. *Varia.*

1. Die Ekumeniese Sinode het hangende sekerheid omtrent hul konfessie lidmaatskap toegeken aan die „Kerk van Christus in die Sudan tussen die Tiv-volk”.

2. Die Ekumeniese Sinode het 'n deputaatskap benoem om studie te maak van die sending, veral vanweë die geestelike noodtoestand in Afrika.

3. Gevoel is dat daar 'n behoefte bestaan aan leesstof van prinsipiële aard, veral by die jonger en kleiner kerke en by immigrante in 'n nuwe land. Sekere Calvinistiese bewegings word gevra deur sekere persone om hiervoor te probeer instaan.

— **kennis geneem van 1—3.**

4. Die Ekumeniese Sinode het, gesien die feit dat jonger en kleiner kerke aanvoer dat hulle om finansiële redes nie kon afvaardig nie, versoek dat ledekerke jaarliks in hulle begroting 'n som geld beraam om hierdie kerke behulpsaam te wees.

Besluit: Gesien die groot koste wat onself het met die bywoning van die vergadering kan ons nie hieraan voldoen nie.

5. Die Teologiese Skool in Frankryk van die ledekerk aldaar verkeer in voortdurende geldelike nood, en die Ekumeniese Sinode het gevra of ledekerke nie jaarliks hulp sal wil verleen nie.

Besluit: Die deputate vir die Evangeliese Beweging in België sal hulle beywer om ook hierdie saak finansiël te steun. (Mo-

tivering: Gesien dat hier ook 'n stryd gevoer word teen die mag van die Roomse kerk).

6. Die volgende Sinode sal D.V. in die V.S.A. vergader in 1963, en die Christian Reformed Church is die roepende kerk. Ons maak u daarop attent dat hierdie Sinode deputate sal moet benoem en in sy begroting daarvoor sal moet beraam.

Besluit: Die kommissie stel: Dat onder die aandag van die eerw. Sinode gebring word dat m.b.t. die volgende Ekumeniese vergadering wat staan gehou te word in Amerika gedurende 1963:

- i. ten minste twee afgevaardigdes gekies word.
- ii. dat die beraming vir koste aan die afvaardiging verbonde na die Finansiële kommissie verwys word.

— **Aanvaar.** (Vgl. art. 175. B. 1. (b)).

Art. 187. Die Sinode verkies as deputate van die Ekumeniese Sinode: 'n Professor (as primus) wat aangewys sal word deur die Teologiese Senaat, en sy sekundus. Dr. G. C. P. van der Vyver (primus); ds. A. A. Venter (sekundus).

Ondergetekendes wil u hartlik bedank dat hulle ons Kerk kon verteenwoordig op die afgelope sitting van die Ekumeniese Sinode. Ons is oortuig dat dit 'n baie vrugbare vergadering was, soos u, na ons hoop, uit ons verslag kennis kon neem. Mag die HERE sy seën skenk op hierdie werk wat in sy Naam gedoen is.

Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar en 'n besondere woord van dank word gerig aan die adres van die deputate vir die groot werk wat hulle gedoen het en vir die deeglike rapport wat hulle opgestel het.

Art. 47 (Seënwense). Kyk by art. 14.

ARTIKEL 48.

Ekumeniese sake.

A. Die rapport van die deputate word deur dr. Coetzee toegelig:

Hiermee wil ons soos volg rapporteer:

1. *Konstituering.* Die Algemene Sinode van 1958 het die Deputaatskap soos volg saamgestel: dr. S. J. van der Walt, prof. W. J. Snyman, dr. P. J. Coetzee, proff. S. P. van der Walt en A. P. Malan. Op die eerste vergadering is dr. S. J. van der Walt as voorsitter aangewys en dr. P. J. Coetzee as skriba.

2. *Mandaat.* U vind ons mandaat op bl. 74, Handeling van Algemene Sinode 1958. Die Deputaatskap het naamlik die opdrag ontvang om 'n studie te maak van die hele vraagstuk t.o.v. interkerklike verhoudinge, sowel binne- as buitelandse, sodat in die lig van die bevinding beslissinge geneem kan word i.s. aansluiting by

spesifieke ekumeniese bewegings. Die mandaat behels verder dat ons Kerk op hoogte gehou moet word van alles wat op die ekumeniese terrein plaasvind en wat vir ons van belang mag wees.

3. *Uitvoering van die mandaat.*

a. U Deputaatskap is nog nie in staat om te rapporteer i.v.m. die uiters gekompliseerde vraagstuk van „interkerklike verhoudinge” nie, behalwe om te verwys na die rapport i.v.m. interkerklike same-spreking wat deur die Algemene Sinode van 1958 aanvaar is.

b. Die lede van die Deputaatskap het hulle voortdurend ver-gewis van verwickelinge op die ekumeniese vlak. Lektuur is in studie geneem. 'n Samespreking is gevoer met ds. J. C. Maris, organiserende sekretaris van die I.C.C.C. Lede van die Deputaatskap het ook oor hierdie vraagstukke saamgespreek met proff. K. Dijk en S. U. Zuidema e.a.

c. Artikels oor ekumeniese bewegings en strominge het van tyd tot tyd in *Die Kerkblad* verskyn.

4. Ons wil aanbeveel dat weer 'n deputaatskap benoem moet word met dieselfde mandaat, wat uit die aard van die saak ook in die toekoms vir die Gereformeerde Kerk van aktuele belang sal bly.

B. Die beskrywingspunt van Totiusdal word aan die orde gestel:

„Die eerw. Sinode word versoek om 'n finale uitspraak te gee in verband met aansluiting by die I.C.C.C.” — Kerkraad Totiusdal.

Besluit: 1. Gesien die feit dat die deputate nie hulle opdrag uitgevoer het nie, word die rapport nie aangeneem nie en word weer deputate benoem vir hierdie saak.

2. Aangesien die Sinode besluit het om weer deputate i.v.m. ekumeniese sake te benoem met dieselfde opdrag van die Sinode van 1958 (vgl. A. 2.) besluit die Sinode verder om nie nou 'n uitspraak te gee oor die al of nie aansluiting by die I.C.C.C. maar om te wag op die rapport van die deputate ad hoc.

ARTIKEL 49

Samesprekings met ander kerke.

A. Die Rapport van die deputate word toegelig deur dr. P. J. Coetzee.

Hiermee wil u Deputate soos volg rapporteer:

1. *Die opdrag* aan hierdie Deputate is behels in die rapport wat u vind op bladsye 78 tot 80, Handeling, Algemene Sinode 1958.

2. *Die lede* wat die sinode van 1958 benoem het, is die volgende: Prof. W. J. Snyman, drs. B. R. Krüger, J. A. Schutte, P. J. Coetzee, prof. dr. S. P. van der Walt en ds. T. T. Spoelstra. Op die

eerste vergadering is prof. W. J. Snyman as voorsitter gekies en dr. P. J. Coetzee as skriba.

3. Die Deputate het *drie keer vergader* en wil graag die volgende i.v.m. die uitvoering van ons opdrag aan u voorlê:

a. Op 6 Augustus 1958 het 'n vergadering te Potchefstroom plaasgevind saam met verteenwoordigers van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika en die N.G. Kerk. In die verband wys ons op die volgende:

(1) Die besluit van ons Algemene Sinode van 1958 i.v.m. samespreking met ander kerke is as basis aanvaar (vgl. Acta, Alg. Sinode 1958, p. 78 e.v.).

(2) Daar is ook besluit dat die *metode van benadering* soos deur ons Sinode aanbeveel, aangewend sal word (Acta 1958, p. 80).

(3) Verder sal die *samestelling* van wat nou in die plek gekom het van die eertydse Tussenkerklike Kommissie soos volg wees: Die lede van die moderature van die Raad van die N.G. Kerke, die 5 Gefedereerde N.G. Kerke en 6 lede elk van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk in S.A.

(4) Die *naam* sal wees die Tussenkerklike Kommissie van die drie Afrikaanse Kerke.

(5) Wat *vergaderings* betref, is besluit dat die hele kommissie minstens om die drie jaar sal byeenkom. Enige twee van die Kerke sal wanneer nodig geag aparte vergaderings oor spesifieke sake van gemeenskaplike belang hou. Enige Kerk kan die voorsitter versoek om ook tussenin 'n vergadering van die hele kommissie byeen te roep.

(6) Die reëling i.v.m. *funksionarisse* is soos volg: Die voorsitter en skriba sal per toerbeurt deur die verskillende Kerke se afgevaardigdes benoem word. Die N.G. Kerk van die O.V.S. is benoem om die eerste vergadering te lei.

Die bogenoemde aanbevelings sal, volgens besluit van die vergadering, aan die verskillende sinodes (of sinodale kommissies) vir bekragting voorgelê word.

b. Onder datum 22 Mei 1959 is deur die skriba van die Raad van die N.G. Kerke 'n besluit van hierdie Raad aan die Deputaatskap vir Korrespondensie van die Algemene Sinode gestuur en aan ons oorhandig, omdat dit op die terrein van ons mandaat val. U vind die besluit as bylae by hierdie rapport.

Dit is deur die Deputaatskap vir *Die Kerkblad* onder die aandag van u Deputate gebring dat hierdie besluit van die Raad van die N.G. Kerke deur die Skriba ook aan *Die Kerkblad* gestuur is en dat die redaksiekommissie van *Die Kerkblad* 'n verklaring uitgereik het, terwyl verder 'n afwagende houding ingeneem word.

U Deputate het die ontvangs van die besluit van die Raad van die N.G. Kerke erken en het verder gemeld dat ons in uitvoering van die besluit van die Tussenkerklike Kommissie van die Drie

Afrikaanse Kerke op 6 Augustus 1958 insake die metode van benadering wag op die N.G. Kerk se memorandum met die oog op die samespreking wat deur die Raad van die N.G. Kerke in die vooruitsig gestel is. Ondertussen het u Deputate hul gereed gehou om, volgens die vasgestelde metode van benadering, sodra die N.G. Kerk se memorandum ontvang is, ook 'n memorandum op te stel. Die Skriba van die Raad van die N.G. Kerke het die ontvangs van ons brief erken en meegedeel dat hul memorandum opgestel word. Verder is nog niks weer verneem nie. Ons wys egter daarop dat die besluit aanvanklik aan die pers oorhandig en ook uitgesaai is en dat na die besluit verwys is in die *Monthly Newsletter* van die N.G. Kerke in die Tvl. en O.V.S. (uitgawe Julie 1959), terwyl dit ook in *Die Volksblad* sowel as *The Friend* van 28 April 1960 gepubliseer is.

c. U Deputate het ondertussen besluit om voort te gaan met 'n memorandum oor ekumenisiteit wat eventueel die basis kan vorm vir samesprekings met die ander Kerke. Hierdie samesprekings kon nog nie plaasvind nie.

U Deputate moet dus met spyt en teleurstelling rapporteer dat die vordering om te kom tot samesprekings met ander Kerke nie so goed was as wat ons dit graag wou sien nie. In die lig van die verloop van sake soos in hierdie rapport geflekteer meen ons dat die eerw. Sinode die posisie sal verstaan en dat ons dus ook met vrymoedigheid hierdie rapport aan u kan voorlê veral ook waar daar tog belangrike aanvoerwerk gedoen is.

BYLAE

VOORSTEL I.S. OPTREDE VAN GEREFORMEERDE KERK.

Die Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke van S.A. het met diepe leedwese, bittere teleurstelling en sterke afkeuring kennis geneem van die skerp en onbillike aanvalle wat in die jongste tyd deur die Gereformeerde Kerk hier te lande by verskillende geleenthede, en by name deur sy Kerklike orgaan, teen die Nederduitse Gereformeerde Kerk geloods is, en wat die indruk wek van 'n stelselmatige en volgehoute aanval op en verkleinerings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sy leer, sy instellings, sy werksaamhede en werkmodes, asof die Gereformeerde Kerk die enigste kerk van Gereformeerde belydenis in ons land is.

Die Raad is voorts van oortuiging dat die vyandige gees wat uit die gewraakte optrede straal, die broederlike betrekkinge en goeie verhouding tussen die betrokke Kerke uitermate vertroebel, en verdinkinge teen die Nederduitse Gereformeerde Kerk skep wat sowel ongegrond as onverdiend is.

Daarom betreur die Raad hierdie handelwyse ten seerste, en doen hy 'n dringende beroep op die Gereformeerde Kerk en sy hoogste instansies om nie deur sulke onverantwoordelike optrede die

begeerde toenadering tussen die Kerke te bemoeilik of onmoontlik te maak nie, maar om te alle tye op te tres in die gees van broederlikheid en liefde — ook by verskil van insigte en optrede by die verskillende Kerke — en so die saak van Christus onder ons Afrikaanse volk op positiewe wyse te dien.

Die Raad versoek derhalwe die verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde Kerke op die Interkerklike Kommissie om so vroeg moontlik 'n samespreking met die Gereformeerde Kerk aan te vra oor laasgenoemde se openlike beskuldigings teen die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos dit in die jongste tyd aan die lig gekom het — en daaroor later aan die Raad te rapporteer.

Die besluit moet deurgestuurd word aan die dagpers, die deputaatskap van die Geref. Kerk en die redaksie van Die Kerkblad.

B. Ook die *Aanvullende Rapport* word deur dr. Coetzee toegelig:

Aanvullend by ons rapport wil ons graag verder meld dat in Desember 1960 'n memorandum van die Skriba van die Raad van die N.G. Kerke ontvang is met die oog op 'n interkerklike samespreking. As datum vir die samespreking is D.V. 1 Maart 1961 aan die hand gedoen.

U Deputate het op 25 Januarie 1961 vergader om in die lig van hierdie verwikkeling die saak te oorweeg en het besluit om die Raad van die N.G. Kerke mee te deel dat 1 Maart 1961 ons nie sal pas as datum vir die samespreking nie, en wel om die volgende redes.

1. Die memorandum van die N.G. Kerk is eers in Desember 1960 ontvang, nadat reeds in Mei 1959 deur hulle Raad aangekondig is dat 'n samespreking met die Gereformeerde Kerke gereël sal word. Vanweë die vakansie kon die deputate nie onmiddellik aandag aan die saak gee nie.

2. Terwyl dit, wat die Transvaal betref, op die oomblik nog vakansietyd is en sommige broeders nêr pas weer tuis gekom het, het die Algemene Sinode reeds sy sitting begin en is daar gevolglik nie geleentheid om die saak behoorlik af te handel nie.

3. Hierdie Sinode moet weer deputate benoem. Die deputate wat gedurende die afgelope drie jaar die saak moes hanteer, is dus nie in 'n posisie om hierdie taak af te handel nie.

U Deputate het die Raad van die N.G. Kerke gevra om met die oog op die bepaling van 'n datum vir die samespreking te wag op nadere berig van die deputate wat die Algemene Sinode hopelik nou sal benoem.

Ondertussen kan ons ook meld dat voorbereidingswerk met die oog op die eventuele samespreking gedoen is en dat 'n konsepmemorandum aan die volgende deputate oorhandig sal word.

C. (Groete van binnelandse kerke). Kyk by art. 16.

Besluit: Van die Rapporte word kennis geneem, met weglating van die laaste paragraaf in die eerste Rapport. (Reeds gedoen — Depte. Acta).

ARTIKEL 50. — *Dagsluiting.*

Die werksaamhede van die dag en die week word afgesluit deur ds. Jacs. van Rooy, wat Ps. 105 : 1 laat sing en voorgaan in gebed.

MAANDAG 30 JANUARIE 1961

ARTIKEL 51. — *Opening.*

Die Voorsitter open deur Ps. 8 te lees en dan laat prof. S. du Toit Ps. 123 : 1 sing, en hy gaan voor in gebed.

Art. 52 (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Art. 53. (Groete binnelandse kerke). Kyk by art. 16.

ARTIKEL 54. (58, 60B, 65, 83, 128).

Sending.

Die rapporte van die deputate word deur ds. D. C. S. van der Merwe toegelig.

'n Kommissie ad hoc word verkies (di. J. F. du Plooy, P. W. van der Walt, J. A. Jooste, H. A. Louw, P. C. Rule, N. J. Grobler; oudll. P. J. de Bruyn en W. P. Andersen — art. 60. B.) en hulle verslag word deur ds. Jooste toegelig.

Eerwaarde Voorsitter en Broeders,

In hierdie verslag van u Deputaatskap vir Sending volg ons die indeling wat aangegee is in die opdrag aan die Deputaatskap volgens art. 15 van die S.O.

1. *Die Deputaatskap self (Administratief).*

a. (1) *Samestelling en vergaderings:*

Op die Sinode van 1958 is die volgende deputate benoem:

Primi: Dr. J. A. Schutte, di. G. C. P. van der Vyver, G. P. L. van der Linde, dr. B. Duvenage, di. V. E. d'Assonville, D. C. S. van der Merwe, G. H. J. Kruger, dr. J. H. Coetzee, br. Jacob Toxopeus, di. P. J. de Klerk, P. G. Geertsema, Jacs van Rooy.

Secundi: Di. L. S. van der Vyver, Z. C. Grobler, E. J. G. Norval, L. J. Botha, dr. N. van der Walt, ds. H. A. Louw, ds. P. J. Opperman, oudl. T. C. Buys.

Adviseurs: Ds. (later prof.) Hugo du Plessis, proff. W. J. Snyman, P. J. S. de Klerk; later ook ds. L. J. Botha.

Behalwe enkele uitsonderings het al die primi al die vergaderings bygewoon. In enkele gevalle is die volgende broeders as secundi

opgeroep: Di. Z. C. Grobler, E. J. G. Norval en L. J. Botha. Ampshalwe het ds. Botha, opvolger as dosent van prof. Du Plessis, later vanself as adviseur bygekom. Die Deputaatskap het 5 keer vergader, nl. 19 Maart 1958, 5 en 6 Augustus 1958, 27 Maart 1959, 16 en 17 September 1959 en 21 en 22 Junie 1960 en sal noodgedwonge nog 'n keer moet vergader op 24 Jan. 1961 om sekere sake af te rond vir voorlegging aan die eerwaarde Sinode. Met die oog hierop wil ons dan nou al verlos vra om dan 'n aanvullende rapport in te dien oor die sake wat in hierdie verband genoem sal word in hierdie rapport.

As voorsitter is verkies dr. J. A. Schutte, as vise-voorsitter eers ds. Jacs van Rooy en later, toe hy ontslag gevra het, dr. G. C. P. van der Vyver — lg. is aanvanklik gekies as skriba maar toe opgevolg deur ds. D. C. S. van der Merwe. Ds. G. P. L. van der Linde het steeds gedien as adjunk-Skriba. — kennis geneem.

(2) Reiskoste.

Die Deputaatskap het groot moeilikheid ondervind omdat heeltemal te min geld vir reiskoste begroot was. Toe die begroting aan die Sinode voorgelê is, was die gedagte dat daar slegs 7 deputate sal wees, maar later is dit vermeerder na 12 sonder om die begroting pro rata te verander. Dit blyk egter moontlik te wees om die tekort aan reiskoste wel nog te verreken binne die raamwerk van die begroting (vgl. aanvullende rapport hieroor).

In die geval van een broeder moes die vergadering noodgedwonge afwyk van die gewone Sinodale tarief vir reiskoste en hom vir 'n deel van die reis waar daar geen spoor is nie, per myl vergoed. Die Sinode se goedkeuring word hiervoor gevra.

Besluit: Die voordrag word goedgekeur vir die verlede, en vir die toekoms word dit na die Finansiële Kommissie verwys. (Art. 175. B. 5. **Besluit:** Waar geen treinvervoer moontlik is nie, word aan deputate 7½ sent per myl betaal, sonder enige verblyfkoste).

b. Dagbestuur.

As Dagbestuur is verkies dr. J. A. Schutte (Voorsitter), ds. G. P. L. van der Linde (eers skriba en later as adjunk-skriba), ds. D. C. S. van der Merwe en dr. B. Duvenage en br. J. Toxopeus; later is ds. Van der Merwe gekies as Skriba ook van die Dagbestuur. In 1958 moes die Dagbestuur 8 keer vergader, maar namate sake op dreef gekom het en die werkwyse beter gereël kon word, kon die vergaderings in 1959 verminder word tot 2 en in 1960 ook tot 2. Dit het moontlik geword omdat die werk van die Deputaatskap onder meer kommissies verdeel is, wat dan direk aan die deputate verslag gegee het, sodat die Dagbestuur net noodsaaklik was vir onvoorsiene noodgevälle. — kennis geneem.

c. Skribaat.

(1) Kantoor.

U Deputate het volgens opdrag van die Sinode 'n ooreenkoms aangegaan met die Kerkraad van Potchefstroom-Noord dat ongeveer 'n kwart van die tyd van hulle Sendingleraar beskikbaar gestel is vir die Deputate as skriba. Aan die skriba is die nodige hulp vir klerk- en tikwerk gegee en wel binne die finansiële perke gestel deur die Sinode. Met dankbaarheid moet gemeld word die skenking van 'n goeie afrolmasjien deur die Part. Sinodes van Wes- en Oos-Transvaal en die gratis gebruik van 'n kamer (as stoorplek) by die ou Teologiese Skool, beskikbaar gestel deur die Senaat. Verder is gebruik gemaak van die studeerkamer van die sendingleraar wat van Mei 1958 as skriba van die Deputate en Dagbestuur opgetree het. — met dank kennis geneem.

(2) Arbeidsverdeling en werkmodes.

Die Dagbestuur en die volle Deputaatskap het ernstig aandag gegee aan die moontlikheid van werkverdeling. Dit kon egter nie gebeur deur die Deputaatskap in 2 of meer dele te verdeel nie, aangesien alle sake gewoonlik in 'n sekere sin die hele veld dek. Wat goeie resultate gelewer het, is die benoeming van kommissies vir lopende sake (bv. die Senaat Teologiese Skool Dube, studiekommissie insake beleid en toekomstige opleiding, redaksie *Die Oes* en redaksie *Rugama*, administrasie *Die Oes* en administrasie *Rugama*, kommissie vir handboeke en lektuur en vaste sendingfonds) en dan kommissies wat sake moes bestudeer en die Deputate adviseer. Op een stadium was daar nie minder as 31 kommissies aan die werk nie. Hierby moet met waardering gemeld word die hulp van verskeie broeders wat nie lede van die Deputaatskap was nie maar tog baie waardevolle advies en hulp gegee het; ook die werk en hulp van sendingleraars wat nie deputate was nie maar op onkoste van hulle sendingkommissies die vergaderings bygewoon het en van advies gedien het.

Omdat daar so baie sake opgeduik het wat grondig bestudeer moes word, is gebruik gemaak van die uitstuur van omsendbriewe, sodat alle deputate altyd van alles op hoogte kan wees en alle sake grondig oorweeg kan word met 'n minimum aantal vergaderings en 'n minimum tyd op die vergaderings. Sedert Mei 1958 tot Junie 1960 is 120 omsendbriewe uitgestuur wat altesaam 287 paginas beslaan het.

Hiermee kon gesorg word dat opdragte wat deur die Sinode aan die Deputaatskap as geheel opgedra is, tog altyd deur die vergadering as geheel behartig is, hoewel die voorbereidende werk verdeel is. Waar onderhandelings gevoer is, is altyd die ou Gereformeerde beginsel gehandhaaf dat een mens nie alleen die Kerk kan verteenwoordig nie en is altyd deputasies van 'n paar lede gestuur. Dit het

ook die reiskoste verhoog maar was prinsipieel noodsaaklik.

— **Goedgekeur.**

d. *Toekomstige skribaats en samestelling van die deputate.*

(1) *Skribaats.*

U Deputate sien af van sy vorige versoeke om 'n voltydse organiseerder en beveel by die Sinode aan dat voortgegaan word op die huidige stelsel soos besluit deur die Sinode van 1958 en wel met die volgende aanbevelings:

(a) Dit word aanbeveel dat van sinode tot sinode elke 3 jaar oor die saak beslis word; dit moet nie aan 'n bepaalde persoon of aan 'n bepaalde plek gebind wees nie. Ons meen dat die Sinode so 'n opdrag kan gee op grond waarvan die Deputate dan kan beslis na gelang van omstandighede en die beskikbare personeel. Daar is baie voordele aan Potchefstroom verbonde, maar omstandighede mag verander.

(b) Die ooreenkoms moet so gewysig word dat die Sinode vir die helfte van die basiese traktement van die betrokke predikant verantwoordelik is.

(c) Dit sluit dan in dat daar geen aparte kamer gehuur word vir 'n kantoor nie maar dat gebruik gemaak word van die studeer-kamer en telefoon van die skriba, soos nou reeds in swang is. Die tikster/klerk word ook per uur betaal, omdat die hoeveelheid werk geweldig wissel.

(d) 'n Tikmasjien sal aangeskaf moet word, aangesien tot dusver van 'n geleende masjien gebruik gemaak is.

(e) Die Deputate beveel aan dat die Sinode goedkeur dat aan die skriba vir sy reise 10 pennies per myl betaal word (sonder daggeld) in gevalle waar dit onmoontlik of nadelig is om per trein te reis (waar moontlik moet met die trein gereis word teen die gewone Sinodale tarief).

Besluit: Afhandeling hiervan staan oor tot behandeling van sake i.v.m. Opleidingskool. Vgl. art. 128. B. 1. b.

Die voorstel van die Kommissie is dat die Sinode die aanbevelings van die deputate (punte (a)–(e)) aanvaar, en dat die Sinode dit aan die Sendingdeputate opdra om weer 'n deeltydse skriba te benoem en die nodige ooreenkoms met sy kerkraad te sluit.

Daar is besluit om hierdie saak te behandel saam met die moontlike aanstelling van 'n derde dosent, en hierby (art. 128. B. 11) word **besluit:** Die Sinode keur die voorstel goed, met dien verstande dat by eventuele benoeming van 'n derde dosent die Sinode dit wenslik ag dat die Kuratorium saam met die Sendingdeputate die skribaats van die Sendingdeputate aan die derde dosent sal opdra.

(2) *Samestelling van die Deputaatskap.*

U Deputate meen dat hieraan nogmaals ernstige aandag gegee moet word en het 'n kommissie benoem om die saak in studie te neem. In die aanvullende rapport sal dan hieroor 'n aanbeveling gemaak word asook i.v.m. die verskillende sake uit die S.O. wat aan u Deputate opgedra is.

Hierby is Aanvullende Rapport:

(a) Verskillende kleinere sake i.v.m. die S.O. nl. Arts. 15. e., 15. f. en 15. (i) (Acta 1958 p. 192., punt 6. d.) wat deur die vorige Sinode na die deputate verwys is, is nie afgehandel nie. Die Sinode word gevra om dit weer aan die nuwe deputate op te dra.

Besluit: Dit word opgedra aan die nuwe deputate.

(b) Ons beveel aan dat daar nie weer een groot Sendingdeputaatskap sal wees nie, maar meer kleinere deputaatskappe. Waar die saak van die sending 'n eenheid is, meen ons dat die eenheid gehandhaaf kan word deur die Prof. in Sendingwetenskap en een van die dosente by die nie-blanke skool as adviseur vir al die deputaatskappe te benoem. Waar nodig kan hier en daar enkele persone op meer as een deputaatskap dien. Op dié wyse meen ons dat die Gereformeerde beginsel meer tot sy reg kom deur die deputaatskap se werk sover moontlik versprei word en nie alles in 'n paar persone gekonsentreer word nie. Verder word ook die onwenslike prosedure uitgesny wat ons die afgelope drie jaar noodgedwonge moes volg, nl. om kommissies te benoem wat dan weer aan die deputate moet rapporteer. Waar sulke kommissies eintlik elkeen 'n deputaatskap se werk gedoen het, is dit suiwerder dat elkeen direk aan die Sinode verantwoordelik is i.p.v. aan 'n groot deputaatskap wat onmoontlik met al die werk op hoogte kan bly.

(i) Ons beveel aan dat daar dan 'n Sendingdeputaatskap van 7 lede benoem word wat die werk van die huidige Sinodale Deputaatskap sal behartig t.o.v. trusteeskap van eiendomme, beleid en verteenwoordiging ens. — soos in die S.O. bepaal.

(ii) Ons beveel aan dat daar dan 'n Kuratorium van 5 lede benoem word vir die nie-blanke opleiding, d.w.s. wat betref die skool. Die huidige Senaat was eintlik 'n Kuratorium en daar sal dan 'n nuwe Senaat saamgestel word wat hoofsaaklik uit dosente sal bestaan analoog met die Senaat van ons blanke skool.

(iii) Daar kom 'n spesiale deputaatskap van 3 lede vir lektuurvoorsiening, vertalings ens. Hieronder val dan Rugama en Die Oes ook. Hierdie werk is nie op die oomblik so baie nie, maar tog genoeg om 'n deputaatskap te regverdig — dit maak dan die werk van die Sendingdeputate ligter.

(iv) Ons beveel dan aan dat die Skriba van die Sendingdeputate weer deeltids sal wees met goeie klerikale hulp. Die Skriba kan ook dien as skriba vir die deputaatskap vir Lektuur. As daar 'n

tweede dosent by die skool kom, sou ons aanbeveel dat een van die dosente ook deelyds as Skriba van die Senaat en Kuratorium optree met die nodige goeie klerikale hulp.

(v) Wanneer 'n dosent benoem mag word, dan tree die Kuratorium plus die Sendingdeputate op as kieskollege.

Besluit: (art. 128. B. 1. a.): Die Sinode besluit om nie weer een groot groep deputate te benoem nie maar om die werk te verdeel tussen twee groepe deputate t.w. die Kuratorium van die Teologiese Skool vir nie-blankes en die Sendingdeputate.

(1) *Kuratorium:* Die Kuratorium van die Teologiese Skool vir nie-blankes bestaan uit vyf lede wat met hulle sekundi deur die Sinode aangewys word.

Aan die Kuratorium is opgedra:

(a) die beheer oor die fondse en eiendomme van die Teologiese Skool vir nie-blankes;

(b) om saam met die Sendingdeputate van die Algemene Sinode 'n *Kieskollege* te vorm — die *Kieskollege* word deur hulle opgeroep vir die opvulling van eventuele vakatures wat aan bg. Teologiese Skool mag ontstaan;

(c) die reëling van behoorlike besoldiging van die personeel van bg. Teologiese Skool;

(d) die behartiging van alle belange van bg. Teol. Skool;

(e) die afneem van eksamens van die teologiese studente, ingeslote die preparatoir, ooreenkomstig die reglemente in verband daarmee;

(f) die reg om 'n dosent weens 'n beskuldiging van wangedrag of van valse leer tydelik die gee van kolleges te ontse, met behoud van salaris, tot tyd en wyl die Algemene Sinode daaroor beslis;

(g) die toekenning van beurse uit die Kas vir Hulpbehoewende nie-blanke teologiese studente in ooreenstemming met die reglement daarvoor.

Van alles moet by die Sinode behoorlik rapport en indien nodig verantwoording gedoen word. Die Kuratorium het die reg om 'n eie huishoudelike reglement op te stel onderworpe aan die goedkeuring van die Sinode.

Die *Kieskollege* van die nie-blanke Teologiese Skool, wat uit die Kuratore van genoemde Skool en die Sendingdeputate bestaan, het as deputaatskap die opdrag om die dosente van genoemde Skool ooreenkomstig die Sinodale bepalinge te benoem en word deur die Kuratorium van genoemde Skool opgeroep en vergader onder voorsitterskap van die voorsitter (of vise-voorsitter) van genoemde Kuratorium.

Die *Senaat* van die nie-blanke Teologiese Skool, wat die nadere beheer oor genoemde Skool moet uitoefen, word deur die Kuratorium van genoemde Teologiese Skool aangestel. Aan die

Kuratorium van genoemde Skool word nou opgedra om die samestelling van genoemde Senaat nader uit te werk en ook die bestaande reglement vir die beheer van die nie-blanke Teologiese Skool in ooreenstemming met bostaande bepalinge te bring.

(2) *Sendingdeputate.*

Die Sendingdeputate bestaan uit 8 lede, en aan hulle word alle ander sake i.v.m. die sending volgens art. 15 S.O. opgedra.

2. *Art. 15a en k Sendingorde:*

Sendingbeleid en verteenwoordiging by ander kerke en Sendinggenootskappe.

a. *Verhouding tot die staat.*

Volgens opdrag van die Sinode (vgl. Acta 1958, p. 183, punt 3 a.) het u Deputate baie ernstig aandag gegee aan die beginsels wat ten grondslag lê aan die huidige staatsbeleid. Met waardering kan ons noem dat die owerheid by monde van verskillende ministers ons steeds baie simpatiek ontvang het maar dat nog geen klaarheid gevind kan word oor die getalsvereiste wat die staat vereis vir die toekenning van persele vir sendingwerk in ons Kerk nie. Vertoë is gerig tot die owerheid dat die getalsvereiste vervang moet word deur 'n prinsipiële reëling. Hieroor sal volledig gerapporteer word in die aanvallende rapport.

'n Kort samevatting van ons S.O. en sendingbeleid, soos bepaal deur die verskillende Sinodes, is opgestel en gedruk en aan die betrokke staatsdepartemente en ministers oorhandig en ook mondeling verduidelik.

Aanv. Rapp.: Die betrokke Minister, mnr. M. D. C. de Wet Nel, is ontmoet en hy het ons verseker dat dit geensins die bedoeling is of was om teen die Gereformeerde Kerk te diskrimineer nie. Hy erken dat die huidige stelsel sy gebreke het en sal graag weer met ons oorleg pleeg om die saak bevredigend op te los. Ons beveel aan dat die Sinode die saak weer aan die nuwe deputate opdra.

Besluit: (Art. 128. B. 2.): Die Sinode neem met waardering kennis van die optrede van die deputate in hierdie verband en dra die saak weer aan die te benoeme deputate op.

b. *Bantoe-universiteitskolleges.*

U Deputate het ook die owerheid ontmoet i.v.m. die prinsipiële grondslag van die universiteitskolleges, wat vir die Bantoes in die tussentyd opgerig is, en kan met dankbaarheid meld dat die sg. gewetenskousule nie hier van toepassing is nie en dat die inrigtings Christelik kan wees. Die owerheid het dit ook uitgespreek as 'n beleid dat die inrigtings vir die Bantoes Christelik moet wees, maar sal dit nie met wetgewing vaslê nie. Met dankbaarheid kan gemeld word dat by die benoeming van raadslede en dosente van die inrigtings

baie sterk rekening gehou is met die ideaal om die inrigtings Christelik te maak.

'n Vertroulike samespreking is met die lede van ons Kerk wat op hierdie rade dien, gehou; en die bevinding waartoe u Deputate gekom het, is dat alle lidmate van ons Kerk hulle uiterste krag moet inspan waar moontlik om die inrigtings Christelik te laat ontwikkel maar dat ons ons Kerk geensins amptelik op enige wyse aan die inrigtings kan verbind nie.

Besluit: (Art. 128. B. 3): Die Sinode neem met waardering kennis van die werk van die deputate en hoop dat die inrigtings waarlik 'n Christelike karakter sal dra.

c. *Verhouding tot die ander twee Afrikaanse Kerke* (vgl. *Acta* 1958, p. 182, 3 b).

(1) *Besetting van terreine.*

Verskillende samesprekings is met die ander Afrikaanse Kerke gehou deur middel van die Interkerklike Advieskomitee vir Sending (I.A.K.S.), veral met die oog op samewerking en sameskakeling soos verlang deur die owerheid. Met die oog op toekenning van persele word die drie Afrikaanse Kerke as 'n eenheid beskou, sodat ons Kerk saam met die ander kerke gereken word en dan nie aan die getalsvereiste van 100 lidmate hoef te voldoen nie. Aangesien u Deputate altyd op die standpunt gestaan het van die selfstandigheid van die Gereformeerde Kerk en die beginsel dat 'n kerk 'n geestes-eenheid en nie 'n geografiese of volkseenheid is nie, en aangesien ons vorige Sinode die ideaal van een Gereformeerde Bantoekeerk nie aanvaar het nie, kon met hierdie samesprekings nie veel gevorder word nie. Op 9 September 1959 is die volgende as ooreenkoms tussen die Kerke aanvaar deur die I.A.K.S.: „Waar ook al 'n nuwe sendingonderneming van een van die Afrikaanse kerke binne die gebied of in die nabyheid van 'n bestaande werk van een van hulle beplan word, sal vooraf geraadpleeg word met die kerk wat eerste daar was. Word geen ooreenkoms bereik nie, sal I.A.K.S. 'n aanbeveling by die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling maak en die finale beslissing aan die Minister oorlaat. Magtiging van hierdie optrede van I.A.K.S. sal van die onderskeie kerke gevra word en in elk geval sal elke kerk die reg bly behou om na aanbeveling van I.A.K.S. by die Minister sy saak te stel. Hierdie besluit sal ook aan die Minister meegedeel word.

Aangaande onbesette gebiede beveel I.A.K.S. by die verskillende kerke aan dat by die beplanning van sending in onbesette gebiede en natuureldorpe die kerke met mekaar oorleg sal pleeg om sodoende wrywing en ongesonde kompetisie uit te sluit. Die kerke word versoek om aangaande sulke plaaslike ooreenkomste aan I.A.K.S. te rapporteer.

Oor die algemeen sal die status quo gehandhaaf word — waar

kerke reeds is, sal hulle bly. Vir die huidige reken I.A.K.S. nie dat verdere geografiese verdeling deur I.A.K.S. onderneem moet word nie.

I.A.K.S. beveel baie sterk by die onderskeie kerke aan dat in die sendinggebied mekaar se tug erken word en dat proselitering vermy word.

U Deputate het gemeen dat ons dit tydelik so moet aanvaar en het daarvan so kennis gegee aan al ons gemeentes. Van I.A.K.S. is nog nie berig ontvang of al die kerke wat verteenwoordig was, dit so aanvaar het nie.

In Natal is wel deur die drie Kerke daarin geslaag om 'n beplande gebiedsverdeling te kry met die oog op besetting van sendingterreine, maar in Noord-Transvaal en Noord-Kaapland kan dit nie gebeur nie, omdat die verskillende kerke se sendingterreine reeds te veel deurmekaar gestrengel was, omdat nie vooraf beplan en geraadpleeg is nie. In albei lg. gevalle het die N.G. Kerk en ons Kerk (by monde van deputate van die Part. Sinodes) 'n gesamentlike voorstel aan die regering voorgelê dat elke Kerk voortgaan met die werk waar hy mee aan die gang is, dat hulle mekaar raadpleeg i.v.m. verdere uitbreiding en dat die staat versoek word om nie aan die Gereformeerde Kerk daar die getalsvereiste van 100 lidmate per perseel te stel nie. Hierdie voorstel is nie aanvaar deur die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling nie.

Aanv. Rapp.: In antwoord op 'n brief van die Federale Sendingraad van die N.G. Kerk oor die al of nie voortbestaan van I.A.K.S. word aanbeveel dat I.A.K.S. as aparte liggaam verdwyn en dat die kontak met die ander kerke waar nodig deur ons Sending-deputaatskap gehandhaaf word.

(2) Die ideaal van een Bantoekeerk deur I.A.K.S. is aanvaar dat dit 'n saak van studie is, en waar dit aanvanklik gedien het as grondslag van samewerking, is dit as sodanig mettertyd weggelaat.

Van die ander kerke en uit ons eie Kerk is verskeie stukke in dié verband ontvang. Aangesien dié saak aan 'n ander Deputaatskap opgedra is deur die Sinode, is al die stukke na die saamroeper van daardie deputaatskap gestuur.

Besluit: By (1) Aanbeveling i.v.m. I.A.K.S. goedgekeur.

(2) Kennis geneem.

(3) *Vertaling van Belydenisskrifte ens.*

(a) Die gedagte om 'n gesamentlike kerkisasieboek uit te gee het misluk, o.a. omdat elke kerk administratief selfstandig aangegaan het.

— **kennis geneem.**

(b) Die gedagte van 'n inleiding tot die Bybel is deur die I.A.K.S. aanvaar, en aan dr. Schutte is opgedra om soiets op te stel. Dit is gedoen, en die stuk word tans gekeur. In ons aanvullende rapport sal ons verder hieroor rapporteer.

Aanv. Rapp.: Aangesien die stuk nie in alle opsigte bevredig

nie, word aanbeveel dat dit verwys word na die deputate vir Lektuur.

Besluit: Dit word na die nuwe deputate verwys.

(c) *Die vertaling van Belydenisskrifte.*

U Deputate lê die volgende aanbeveling van 'n studiekommissie aan u voor vir goedkeuring:

„Die kommissie beveel by die Deputate aan dat 'n getroue vertaling van ons Belydenisskrifte sou gou moontlik in die volgende Bantoetale gereed gemaak sal word: Sotho, Zulu en Venda.

Met die oog op die vertaling doen die kommissie aan die hand dat die ander twee Afrikaanse Kerke in die verband genader word.

Motivering:

1. Die Gereformeerde Bantoekeke moet kennis neem van die Geref. belydenisskrifte in onverkorte vorm, aangesien vereenvoudigde of verwerkte belydenisskrifte moontlik 'n onsuiver beeld van ons belydenis sal gee.

2. Vir Kategetiese doeleindes kan egter van verkorte of verwerkte uiteensettings gebruik gemaak word”.

'n Kommissie is benoem om met die I.A.K.S. en die ander kerke te skakel i.v.m. samewerking op die grondslag. Hieroor sal later volledig gerapporteer word.

Aanv. Rapp.: i. Hieroor is op 20 Oktober 1960 te Pretoria 'n vergadering gehou, in aansluiting by 'n vergadering van die Kommissie vir Liturgie van die Raad van N.G. Sendingkerke. Daar was verteenwoordigers van die N.G. en Gereformeerde Kerk. Daar is besluit om te begin werk aan die vertaling van ons belydenisskrifte in Xhosa, Zulu, Suid-Sotho, Tswana, Pedi, Venda en Tsonga. Daar is besluit om die huidige Afrikaanse vertaling as basis te gebruik en daaruit in die Bantoetaal te vertaal, met dié verstandhouding dat die eindproduk duidelik en helder sal wees, in egte Bantoetaalvorm wat woordgebruik en sinsbou betref. Daar sal begin word met die Drie Formuliere van Enigheid in die volgorde: Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls en daarna moet ook die Geloofsbelydenis van Athanasius, dié van Nicea en die Apostolicum vertaal word. Om hierdie taak ten uitvoer te bring, is vertalingskommissies vir die verskillende tale aangewys, waarop uit die geleedere van die Gereformeerde Kerk ook persone benoem is op die kommissie vir Zulu, Noord-Sotho, Tswana, Suid-Sotho, Venda en Tsonga, d.w.s. alle tale behalwe Xhosa.

ii. Beveel aan dat die Sinode aan deputate vir Lektuur opdra om ook Formuliere te laat vertaal.

Besluit: Goedgekeur, nl. opdrag aan nuwe deputate.

(Vgl. ook 4. Art. 15 c. S.O., g. bl. 199).

(d) *Die Christelike lektuurfonds van die N.G. Kerk.*

Daar was sprake dat ons genooi sal word om hierin saam te

werk. 'n Kommissie van ons kant is benoem om die saak te ondersoek. Dit het egter doodgeloop.

— kennis geneem.

(4) 'n Samespreking is met die federale Sendingraad van die N.G. Kerk gehou oor al die haakplekke, veral administratief, i.v.m. samewerking met die N.G. Kerk; hierna het die saak administratief verbeter.

— kennis geneem.

(5) *Toekomstige opleiding van nie-blanke predikante.*

(a) Aangesien die huidige staatsbeleid vereis dat opleidingsinrigtings van nie-blankes in reservate moet wees, het ons ook van die staat kennis ontvang dat ons opleidingskool te Dube verskuif moet word. U Deputate beveel aan dat dit wel gedoen word, o.a. ook omdat deelydse opleiding nie meer voldoende is nie en voltydse opleiding onmoontlik is by Dube. In verband hiermee het hulle 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel na die moontlikheid om die geboue daar te verkoop, liefs aan ons eie kerkverband, en verder is by die staat aansoek gedoen dat ons minstens nog 1961 en 1962 daar mag voortgaan, aangesien die beslissing deur u vergadering geneem moet word.

(b) Aanvanklik was dit die gedagte dat die Afrikaanse Kerke hulle teologiese skole elk by een of ander Bantoe-universiteitskollege sal plaas, soos tans by die blankes die teologiese skole by die verskillende universiteite is. Hierdie gedagte is egter omvergegooi deur die beleid van die regering, wat vereis dat die opleiding etnies ingedeel moet word en daar 'n persoonlike versoek deur die vorige Minister van Naturellesake was dat die Afrikaanse Kerke gesamentlike opleidingskole moet oprig by die verskillende kolleges. Op grond hiervan het die N.G. Kerk aangebied dat slegs skole opgerig word waarby dan die N.G. Kerk 3 dosente benoem en die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk elk een. Hierop het u Deputate geantwoord dat dit kerksamesmelting insluit en dat dit bots met die bestaande beleid van die Gereformeerde Kerk, nl. van eie selfstandige kerklike opleiding van die Gereformeerde Kerk (vgl. Acta 1958, p. 184, e.).

In 'n onderhoud het die huidige Minister van Bantoe-onderwys te kenne gegee dat die staat samesmelting van opleiding nie as noodsaaklike vereiste vir samewerking van die kerke op die gebied stel nie; ook die N.G. Kerk het te kenne gegee dat samesmelting nie sy bedoeling is nie.

(c) Omdat dit in sekere opsigte baie wenslik sou wees om 'n teologiese skool by een van die universiteitskolleges te hê en die aangebode samewerking nie lig van die hand gewys mag word nie, het u Deputate 'n kommissie benoem wat 'n baie grondige studie van die saak gemaak het en ook met die staat en ander kerke onderhandel het op bg. grondslag.

(d) U Deputate beveel aan dat die volgende sal dien as grondslag van u vergadering se besluit oor hierdie saak:

„Met volle erkenning en aanvaarding van die beginsel dat elke kerk (ook die onder die Bantoe-volke) die reg het op 'n eie teologiese skool, besluit die Deputate:

(i) dat aanvanklik gewerk word vir die daarstelling van een volwaardige selfstandige teologiese skool vir die voltydse opleiding van predikante en teoloë uit die Gereformeerde Kerk onder die Bantoes;

(ii) dat die verwesenliking van die ideaal van meerdere teologiese skole vir die onderskeie etniese eenhede, grootliks sal afhang van die ontwikkeling van die sending en die selfstandigwording van die Gereformeerde Kerke onder die verskillende Bantoevolke waarvoor die sendende kerke die medeverantwoordelikheid sal dra waar nodig;

(iii) dat ondersoek deur die kommissie ingestel moet word na die moontlikheid vir plaaslike opleiding deur sendingleraars of ander Gereformeerde predikante onder leiding van en i.v.m. die teologiese skool;

(iv) dat die kommissie ondersoek moet instel na die plek en koste van die oprigting van so 'n skool, hetsy weg van die Bantoe-kolleges of op die terrein van een van hulle;

(v) dat teologiese opleiding met 1 jaar verleng word, sodat o.a. 'n kursus in die grondtale van die Bybel voorbereidend geneem kan word. Die toepassing hiervan word na die Senaat verwys.

'n Finale aanbeveling op grond van die ondersoek wat nog ingestel moet word deur genoemde kommissie, sal deur u Deputate in die aanvullende rapport gegee word.

Aanv. Rapp.: a. Daar is nie geslaag om tot 'n ooreenkoms wat ons selfstandigheid handhaaf, te kom met die N.G. Kerk nie. Derhalwe beveel ons aan dat die skool na Hammanskraal verskuif word. Hierteen het die Departement van Bantoe-Onderwys geen beswaar nie, ook is verlot gegee om voorlopig alle etniese groepe saam op te lei. Drie moontlike persele is deur die Bantoe-kommissaris aanbeveel by sy departement. Ons het verlot om tot aan die einde van 1962 op Dube te bly. Intussen is geskakel met sendende kerke wat op Hammanskraal werk met die oog op samewerking veral in verband met geboue. By die ondersoek het die broeders en di. T. T. Spoelstra en I. J. Lessing en J. H. van der Walt waardevolle hulp gelever.

b. 'n Versoek vir 'n deeltydse skool te Inanda van die Klassis Natal is ontvang. Volgens ons mening is dit voorlopig nie moontlik om daaraan gevolg te gee nie.

c. In verband met die verskuiwing lê ons die volgende ter ooreweging aan die Sinode voor:

(i) *Die gebou te Dube:* Konserwatief bereken, kan vir die gebou R6,000 verwag word. Dit sluit nie die meublement in nie.

(ii) *Die Skoolgebou te Hammanskraal:* Hierdie gebou moet die volgende insluit: Drie Klaskamers, Biblioteek, Administratiewe

Kantoor, Personeelkantoor, Pakkamer, Die vloerruimte wat die gebou sal beslaan, is volgens berekening omtrent 2,000 vk. vt. As dit bereken word teen R3 per vk. vt., kom die bedrag op R6,000 te staan, maar daar moet ruimte gelaat word vir die addisionele uitgawes. Voorlopig kan die bedrag op R6,000 tot R8,000 gestel word.

(iii) *Woonplek vir studente:*

(a) Dit is die voordeligste om 20 huise van ongeveer R500 elk op te rig vir die studente en hulle gesinne. Die ongetroude studente kan dan ook van die woonhuise gebruik maak, deurdat dit opgedeel word in kamers. Die totale onkoste is ongeveer R10,000.

(b) Die huise moet aan studente verhuur word teen ongeveer R6 per maand.

(iv) Die totale bedrag wat benodig word, is R18,000 — R20,000. Die bate van R6,000 van Dube kan afgetrek word, om dit op R14,000 te staan te bring. Hierdie bedrag word geleen oor 'n tydperk van 10 jaar. Die begroting vir die geboue sal sodoende baie laag wees, ook as in aanmerking geneem word dat die verhuur van huise die bedrag wat jaarliks betaal moet word, tot 'n groot mate verminder.

(v) *Kombinasie van Skool- en Kerkgebou:* Die gesamentlike sendingkommissie van Pretoria-Noord e.a. het aangebied om verantwoordelikheid te aanvaar vir die kerkgedeelte van 'n gesamentlike gebou indien dit opgerig kan word.

d. Die verskuiwing word opgedra aan die Kuratorium in samewerking met die plaaslike kerke.

e. Deeltydse opleiding per korrespondensie word afgekeur.

f. Van die Departement van Bantoe-Onderwys het ons 'n versoek ontvang om ook ons opvatting te gee oor die moontlike teologiese kursusse vir nie-blankes. Aan die Sinode word die volgende konsep-memorandum voorgelê vir goedkeuring en voorlegging aan die betrokke instansies.

MEMORANDUM INSAKE TEOLOGIESE GRADE EN KURSUSSE VIR NIE-BLANKE STUDENTE.

I. ALGEMEEN:

1. 'n Kursus vir *predikante* aan 'n staatsinrigting, waaroor die staat alleen die volle beheer het, moet op beginselgronde afgekeur word;

2. wel kan bloot akademiese teologiese kursusse ingestel word;

3. wat die aanstelling van dosente vir sulke kursusse betref, moet die Christelike karakter van die inrigtings in ag geneem word;

4. diplomakursusse vir aanstaande predikante moet afgekeur

word, want (a) sulke kursusse beantwoord nie aan die universitêre standaard nie en (b) hulle is meer professioneel gerig.

II. DIE KURSUSSE EN GRADE:

1. *Vir die Baccalaureus-grad.*

(a) *As Hoofvakke* (i) 'n Tweejarige kursus in *Sistematiese Teologie* wat die volgende insluit: Twee vraestelle in Geloofsleer, een vraestel in Teologiese Etiek, een vraestel in Apologetiek, een vraestel in Godsdienswetenskap en Sendingleer. (ii) 'n Driejarige kursus in *Bybelstudie* wat insluit: Drie vraestelle in die geskiedenis van die N.T. Godsopenbaring, drie vraestelle in die geskiedenis van die O.T. Godsopenbaring, twee vraestelle in die Besondere Inleiding tot die boeke van die Bybel, twee vraestelle in die Algemene Inleiding tot die Bybel, een vraestel in Bybelse Argeologie en Aardrykskunde, twee vraestelle in die Kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel.

(b) *As Eenjarige vak: Kerkgeskiedenis en Sendinggeskiedenis.* wat insluit: een vraestel oor die Kerkgeskiedenis tot 461 n.C., een vraestel oor die Kerkgeskiedenis vanaf 461 tot die Reformasie in verskillende lande, een vraestel oor die algemene Sendinggeskiedenis, een vraestel oor die Sendinggeskiedenis in Afrika.

2. *Nagraadse studie.*

(a) Dit is nie wenslik om die kwalifikasies vir die toelating tot die nagraadse teologiese studie of die standaard van die nagraadse grade in die geval van nie-blanke studente te verlaag nie.

(b) Die volgende grade kan behaal word: Th.B., Th.M., Th.D.

3. (a) Die bogenoemde kursusse moet geleidelik ingestel word. So kan vir eers volstaan word i.s. die B.A.-graad met net een van die voornoemdes as hoofvak.

(b) Die metode wat aan Fort Hare gevolg word en wat daarop neerkom dat 'n kursus van eenjaar in twee jare deurgewerk kan word, verdien oorweging.

Hierby word die volgende beskrywingspunte geneem, en oor hierdie sake spreek ds. L. J. Botha die vergadering toe.

1. Gesien die feit dat as vrug op die sendingarbeid van die kerke steeds meer Gereformeerde Kerke onder die heidene tot openbaring kom, wat 'n steeds dringender behoefte tot 'n eie selfstandige kerkverband laat toeneem, dring die Partikuliere Sinode O.V.S. en Natal by die eerw. Algemene Sinode aan om aandag te gee aan:

a. 'n *hoër standaard by die opleiding van nie-blanke predikante*, waarmee bedoel word dat vir eers alleen gematrikuleerde kandidate

tot die teologiese studie toegelaat word en dat 'n kennis van die grondtale van die Heilige Skrif ook as vereiste gestel moet word vir toelating tot die heilige diens;

b. *die voorsiening van 'n voltydse teologiese opleiding vir nie-blanke studente.* — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeligtig dr. G. C. P. van der Vyver.)

2. *Opleidingskool in Inanda*

Die eerw. Part. Sinode dring aan by die eerw. Algemene Sinode vir die oprigting van 'n opleidingskool in die reservaat Inanda, geleë aan die lokasie Kwa Mashu, waar 'n Sendingkerk van die Gereformeerde Kerk is. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeligtig ds. P. J. de Klerk.)

3. Die Kerkraad van Silverton versoek die Klassis om via die Part. Sinode die Algemene Sinode te versoek om ernstig aandag te skenk aan die wenslikheid om die nie-blankes wat bedienaars van die Woord wil word, aan dieselfde vereistes te laat voldoen as die blanke bedienaars van die Woord en dat in gevalle waar dit nie geskied nie, sodanige persone hoogstens as evangelis of 'n helper beskou word. — Part. Sinode Noord-Transvaal. (Di. T. T. Spoelstra en P. J. de Bruyn sal toelig).

Besluit: Die hele aangeleentheid van opleiding word na die kommissie ad hoc verwys en op voorstel van die kommissie besluit die Sinode:

1. *Verskuiwing* van Teologiese Skool by Dube. Die Sinode gee opdrag aan die Kuratorium van die Teologiese Skool vir nie-blankes om die skool te verskuif.

2. *Toekomstige beleid met die opleiding van nie-blanke predikante.*

Die Sinode aanvaar die aanbeveling van die deputate en besluit soos volg:

Met volle erkenning en aanvaarding van die beginsel dat elke kerk (ook onder die Bantoevolke) die reg het op 'n eie teologiese skool besluit die Sinode:

(a) dat aanvanklik gewerk word vir die daarstelling van een volwaardige selfstandige teologiese skool vir die voltydse opleiding van predikante en teoloë uit die Gereformeerde Kerk onder die nie-blankes;

(b) dat die verwesenliking van die ideaal van meerdere teologiese skole vir die onderskeie etniese eenhede grootliks sal afhang van die ontwikkeling van die sending en die selfstandigwording van die Gereformeerde Kerke onder die verskillende nie-blanke bevolkingsgroepe waarvoor die sendende kerke die medeverantwoordelikheid sal dra waar nodig;

(c) dat teologiese opleiding met een jaar verleng word sodat o.a. 'n kursus in die gróndtale van die Bybel voorbereidend geneem kan word — die toepassing hiervan word na die Senaat van die Teologiese Skool vir nie-blankes verwys;

(d) dat die toelatingsvereistes tot die teologiese studie vanaf die begin van 1962 na Senior Sertifikaat verhoog word, behoudens uitsonderings wat die Kuratorium mag nodig ag;

(e) dat deeltydse opleiding per korrespondensie afgekeur word.

3. Toekomstige plek van die Teologiese Skool vir nie-blankes.

Die Sinode keur dit goed dat die Teologiese Skool vir nie-blankes na Hammanskraal verskuif word, en indien daar nie plek beskikbaar is nie, moet die Sendingdeputate in oorleg met die Kuratorium 'n ander geskikte plek soek.

4. Geboue.

(a) *Gebou te Dube.* Die Sinode dra aan die Kuratorium op om die Skoolgebou te Dube te verkoop.

(b) *Skoolgebou te Hammanskraal.* Die Sinode aanvaar die aanbeveling van die deputate as leidraad vir die Kuratorium en voeg daarby dat toekomstige uitbreiding in gedagte gehou moet word met die opstelling van die plan.

(c) *Woonplek vir studente.* Die Sinode aanvaar die aanbeveling van die deputate as leidraad vir die Kuratorium.

(d) *Koste.* Die Sinode wysig die begroting en bereken dat R12,000 benodig sal wees wat as lening oor ongeveer 12 jaar opgeneem kan word.

(e) *Kombinasie van Skool- en kerkgebou.* Die Sinode neem hiervan met dank kennis.

5. *Memorandum insake Teologiese grade en kursusse vir nie-blanke studente aan die Departement van Bantoeonderwys.* Die Sinode neem hiervan goedkeurend kennis.

6. Beskrywingspunte.

1. *Partikuliere Sinode O.V.S. en Natal insake hoër standaard by opleiding en voltydse opleiding vir nie-blanke studente.* Aan hierdie versoek word uitvoering gegee deur Besluit 2 (c) en (d).

2. *Partikuliere Sinode O.V.S. en Natal insake 'n Opleidingskool in Inanda.*

Die aanbeveling van die deputate hieroor word aanvaar en aan hierdie beskrywingspunt nie gevolg gegee nie (vgl. Besluit 2 inleiding en (a)).

3. *Part. Sinode Noord-Transvaal insake vereistes vir nie-blanke bedienaars van die Woord.* Aan hierdie beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie (vgl. Besluit 2 (c) en (d)).

(6) Op uitnodiging het prof. H. du Plessis ons sending verteenwoordig op die N.G. Sendingsinode wat in Maart 1960 te Potchefstroom vergader het.

d. *Verhouding tot ander behoudende kerke* (vgl. Acta 1958, p. 183, 2).

'n Studiekommissie is in dié verband benoem, en u Deputate beveel aan dat slegs met die Free Church of Scotland en die Church of England moontlik kontak gemaak moet word. Aan hulle sal ons S.O. en beleid gestuur word en soortgelyke stukke van hulle gevra word. U Deputate hoop om sy bevinding hieroor in die aanvullende rapport te kan gee.

Aanv. Rapp.: Slegs van die Free Church is antwoord ontvang op die briewe wat volgens opdrag geskryf is.

— Die opdrag van 1958 word hernieu.

e. Buitelandse kerke.

(1) *Gereformeerde Kerk onderhoudende art. 31, Kampen.*

Op versoek van die Kerkraad van Pietermaritzburg het u Deputate ondersoek ingestel na die moontlikheid en wenslikheid om een van Pietermaritzburg se sendingsterreine beskikbaar te stel aan ds. J. Vonkeman. Hieroor is soos volg besluit:

„Die Deputate staan in vir ds. Vonkeman of sy opvolger by die regering en laat hom toe om op een van die Gereformeerde Kerk se sendingsterreine, deur die regering aan ons toegesê, te arbeid. Hierdie vergunning geskied onder die volgende voorwaardes:

1. In sy sendingbeleid en -metodes mag ds. Vonkeman of sy opvolger nie in stryd handel met die van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika soos neergelê in sinodale besluite en sendingorde nie.

2. Die vergunning geld alleen solank ds. Vonkeman se arbeid in Suid-Afrika nie afbreuk doen aan die sendingwerk of kerklike lewe van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

3. Hierdie vergunning geld alleen vir die Gereformeerde Kerk onderhoudende art. 31, Kampen.

Die deputate ag dit wenslik dat daar die nouste kontak sal wees tussen ds. Vonkeman of sy opvolger en die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pietermaritzburg.”

Met dankbaarheid kan ons meld dat die sendende kerk van Kampen en ds. Vonkeman hierdie voorwaardes aanvaar het en dat hy reeds met vrug arbeid in oorleg met die Kerkraad van Pietermaritzburg.

— Dit word goedgekeur.

(2) *Die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland.*

Die Kerkraad van Krokodilrivier het kontak gemaak met ds. Maris van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland i.v.m. die moontlikheid van besetting van een van ons sendingsterreine in Noord-Transvaal. U Deputate het soos volg geadviseer:

„(i) Ons is gebind deur 'n besluit van ons jongste Algemene Sinode, nl. in verband met die rapport oor 'Die geestelike noodtoestand in Afrika' (Acta 1958, pp. 139-157): 'Die Gereformeerde Kerk van S.A. verklaar uitdruklik aan die Ekumeniese Sinode dat die sendingwerk in Suid-Afrika vir rekening gelaat moet word van die Suid-Afrikaanse ledekerke' (p. 157).

(ii) Ons meen dat dit nie die moontlikheid uitsluit van die ontvangs van donasies van enige buitelandse kerke vir ons sending nie.

(iii) Onses insiens sluit dit die moontlikheid uit dat die buitelandse kerke hier *naas* ons sendingwerk kan doen. (Hierby moet ons voeg dat dit tans ook sekerlik nie van owerheidsweë toegelaat sal word nie).

(iv) Dit laat onses insiens egter nog die volgende weë oop:

(aa) 'n Ander kerk stel 'n persoon(persone) beskikbaar, wat deur ons beroep word, moontlik met ondersteuning van hulle, mits die saak van korrespondensie tussen die twee kerke gereël kan word.

(bb) 'n Buitelandse kerk stuur iemand uit op sy eie onkoste, wat dan hier werk onder toesig van 'n plaaslike kerkraad van ons kerk."

Wat die prosedure betref, beveel die kommissie soos volg aan:

„(1) Aangesien daar tans geen offisiële aansoek is van die Chr. Geref. Kerk aan ons vir samewerking in Suid-Afrika nie, ag ons dit veiligste en korrekste, ter wille van die saak wat uiteindelik in elk geval op die sinodes beide Kerke moet dien, om nie nou direk met hulle in verbinding te tree nie maar om hierdie punte aan ds. Maris voor te lê, sodat hy dit aan die Chr. Geref. Kerk kan voorlê.

(2) Indien daar enige vorm van samewerking tot stand sou kom, sou die saak van korrespondensie van die twee Kerke dadelik, of so gou moontlik, gereël moet word."

Hierdie advies is ook aan die Part. Sinode Noord-Transvaal deurgegee. Onlangs is 'n brief van die Sendingdeputate van die Chr. Geref. Kerk uit Nederland ontvang om mee te deel dat die moontlikheid bestaan dat hulle eventueel 'n sendingterrein in Suid-Afrika in samewerking met ons oorweeg.

Aanv. Rapp.:

Aan die einde van verlede jaar is 'n brief ontvang van die Chr. Geref. Kerk en het 3 deputate ons land besoek i.v.m. moontlike samewerking op die sendingveld in Noord-Transvaal en ook i.v.m. opleiding van nie-blanke predikante. I.v.m. die sendingveld in Noord-Transvaal is 'n ooreenkoms aangegaan tussen hulle en kerkraade van Pretoria-Oos en Pretoria-Brooklyn. Kennisgewing hiervan is gedoen aan u Sendingdeputate. In verband hiermee het u deputate soos volg besluit:

Met waardering word kennis geneem van die aanbod van Chr.

Geref. Kerk om te help met die sending. Die samewerking word in beginsel goedgekeur hangende die besluit van die Sinode oor korrespondensie met die Chr. Geref. Kerk en dat die ooreenkoms in die lig daarvan suiwer gestel sal word veral met die oog op die kwessie van oordrag van sendingterreine, en dat dit gestel word dat hulle op een van die terreine, wat deur die Regering aan ons toegewys is, mag arbeid.

Die genoemde deputate van die Chr. Geref. Kerk is ook deur 'n sub-kommissie van die deputate ontmoet i.v.m. hulle aanbod om 'n dosent aan ons skool aan te stel. Skriftelik is dan later ook die aanbod bevestig. In verband hiermee beveel u deputate aan dat soos volg besluit moet word:

Die Sinode neem met dank kennis van die aanbod, maar kan hom nie vooraf verbind tot benoeming van 'n bepaalde persoon as dosent nie, hangende die besluit insake korrespondensie. (Vgl. art. 197).

Besluit: Die Sinode keur die optrede, aanbevelings en besluite van die deputate op hierdie punt goed, asook die wysigings van die Kommissie in die Aanv. Rapp. (Wysigings reeds aangebring. — Depte. Acta).

(3) *Gereformeerde Kerke in Nederland.*

'n Brief is ontvang van die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland wat meedeel dat daar ook oorweging gegee word aan die moontlikheid om op een of ander manier behulpzaam te wees met die sending van ons Kerk en die van die N.G. Kerk in Suid-Afrika.

Aanv. Rapp.:

'n Brief is ontvang van die Sendingdeputate van die Geref. Kerk in Nederland, i.v.m. die oproep van die kerkraad van Benoni aan die gemeentes van daardie kerk. Hierdie brief word aan die Sinode vir oorweging voorgelê.

Besluit: Van die eerste is kennis geneem en by die tweede is die Kommissie-voorstel aanvaar:

U Kommissie het kennis geneem van bogenoemde brief i.v.m. 'n oproep van die Kerkraad van Benoni aan al die kerkraade van die Gereformeerde Kerke in Nederland insake geldelike hulp vir die sending in Suid-Afrika en het verder insae gehad in die korrespondensie van die Kerkraad van Benoni oor genoemde saak. U Kommissie beveel aan dat die Sinode soos volg besluit: Die Sinode bevind dat die Kerkraad van Benoni indertyd onder die besondere omstandighede te goeder trou gehandel het, maar aangesien hulle ook die saak van hulp vir die opleiding van nie-blanke predikante gestel het, hulle nie die oordelike weg (vgl. „Geldelike hulp uit die buiteland") gevolg het nie.

Die Sendingdeputate word opgedra om in die lig van bogenoemde die Sendingdeputate van Nederland van 'n antwoord te dien.

(4) *Geldelike hulp uit die buiteland.*

'n Kommissie is benoem om in te gaan op hierdie saak ook i.v.m. bg. buitelandse kerke se moontlike hulp. Hieroor rapporteer ons later volledig.

Aanv. Rapp.:

I.v.m. die opdrag van die vorige Sinode is hierdie saak aan u deputate opgedra (Art. 24. 4. c. pag. 191 Acta 1958) en wens aan te beveel dat soos volg besluit word:

1. *Prinsipiël:*

(a) (i) Op grond van art. 11 K.O. en art. 1 S.O. is die plaaslike kerkraad verantwoordelik vir die verkondiging van die Evangelie in die geïnstitueerde kerk en aan die heidendom, sowel as vir die onderhoud van die bedienaars van die Woord.

(ii) Indien die plaaslike kerkraad nie in staat is om aan bg. opdrag te voldoen nie, lê die weg oop om hulp te verkry van die kerkverband deur middel van meerdere vergaderings, hetsy deur kombinasievorming of andersins.

(iii) Indien hierdie weg gevolg is tot by die Sinode en die Sinode is nie in staat om o.a. by wyse van sustentasie hulp te verleen nie, is daar geen prinsipiële beswaar daarin dat ter wille van die goeie orde die Sinode hulp vra van die kerke met wie ons in engere korrespondensie staan nie.

(b) Wat onder art. 30 K.O. i.v.m. die sending by die Sinode tuisshoort, is dit vir die Sinode om te oordeel of die kerkverband in staat is om sy roeping te vervul. Indien nie, is daar geen beswaar dat op dieselfde wyse as hierbo genoem, van buitelandse kerke met wie ons in engere korrespondensie is, hulp gevra word nie.

(c) Indien daar na die oortuiging van die Sinode groot onbeurdeerde terreine, wat deur die Regering aan die Gereformeerde Kerk toegesê is, lê, waarvan die bearbeiding buite die vermoë van die Gereformeerde Kerk is, is dit die Sinode se roeping om dit onder die aandag van die kerke te bring met wie ons in engere korrespondensie staan.

Met verwysing na die Sinodebesluit van 1958 bls. 157 (wat soos volg lui: „Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verklaar uitdruklik aan die Ekumeniese Sinode dat die sendingwerk in Suid-Afrika vir die rekening gelaat moet word van die Suid-Afrikaanse ledekerke) verklaar die Sinode dat hierdie besluit so vertolk moet word dat dit die voorgaande uitspraak nie uitsluit nie.

2. *Prakties:*

In die lig van die prinsipiële grondslag onder 1 moet gehandel word met alle praktiese gevalle, ook wat reeds deur die korrespondensie onder die aandag gekom het.

Besluit: Die Rapporte van die deputate en die Kommissie word soos gewysig goedgekeur. (Wysigings reeds aangebring. — Depte. Acta).

f. *Ander ekumeniese sendingvergaderings:*

U Deputate het enkele broeders as waarnemers afgevaardig na 'n Bantoeskrywerskonferensie wat deur verskillende kerke in Julie 1959 in Pretoria gehou is, en na 'n ekumeniese sendingkonferensie wat in Desember 1959 in Johannesburg gehou is. U Deputate beveel aan dat daar altyd na sulke vergaderings broeders as waarnemers afgevaardig word, sodat ons op hoogte kan bly met die verwikkelings in die sending in breëre verband.

— kennis geneem.

g. *Studiekommissies:*

Die volgende studiekommissies is deur die Deputate benoem i.v.m. sake wat opgedra is deur die Sinode of wat vanself uit die drang van omstandighede na vore gekom het:

(1) *Gebruik van hospitale en klinieke as hulpdienste.*

'n Breedvoerige rapport hieroor is deur die kommissie opgestel en deur die Deputate aanvaar met die volgende aanbeveling: „Daar moet op alreë die sendingsterreine (in Noord-Transvaal, Natal en Wes-Transvaal) gepoog word om so gou moontlik al die moontlikhede wat daar bestaan, ten volle te benut. Waar enigsnis moontlik moet probeer word om toekomstige sendingstasies aan bestaande of nuwe klinieke te verbind.

Dit is ons oortuiging dat ons op die oomblik nie moet probeer om in ons sendingwerk nog meer hospitale op te rig nie, veral aangesien die verhouding van die kapitaal wat aan die uitbreidings aan die hospitale bestee word, na ons mening nog te hoog is in vergelyking met dit wat aan die res van ons sendingwerk bestee word. Ons kan egter 'n uitsondering maak in die geval van afsonderingshospitale, waarvan die kapitaaluitgawes alleen vir een-agste deel deur die kerk gedra hoef te word en wat uitmuntende geleenthede skenk vir langdurige arbeid aan die toring- en ander pasiënte wat daarin opgeneem word, en waarvan die mediese personeel dan ook buitopasiënte en kraamgevalle kan bedien.

Ons moet by alle moontlike plekke waar daar nog behoefte aan is, afsonderingshospitale probeer oprig! Vir 'n hospitaal van £24,000 sal die Kerk slegs £3,000 hoef by te dra.”

— kennis geneem.

(2) *Die posisie en taak van die sendingleraars.*

Hiervan is ook 'n studie gemaak, en in die aanvullende rapport sal daarvoor nader gerapporteer word. (Vgl. (5) Aanv. Rapp. (d) hieronder).

(3) *Die gebruik en aanleer van Bantoetale deur sendingleraars.*

Die saak is grondig bestudeer, en die Deputate wens aan te beveel dat die Sinode soos volg besluit:

„(a) Die beginsel word aanvaar dat 'n sendeling 'n Bantoetaal magtig moet wees.

(b) Met die oog hierop word by die S.O., art. 19(4) bepaal dat voornemende sendelinge 'n tweejarige akademiese kursus in 'n Bantoetaal plus twee jaar praktiese preekoefeninge gedurende die teologiese studie voltooi.

Met die oog hierop word die Universiteit genader om 'n Bantoe-proefhulp vir praktiese onderrig aan studente in Bantoetaale aan te stel.

(c) Met die oog hierop, en ook vir gebruik deur sendingleraars, vra die Deputate die dosente in Bantoetaale aan die P.U. vir C.H.O. en van ons sendingleraars om praktiese handleidings in alle Bantoetaale wat deur ons sending gebruik word, op te stel, uitgaande van 'n veronderstelde tweede jaar akademiese standaard in die tale. Met die oog hierop moet ook met die N.G. Kerk geskakel word.

(d) By artikel 7 S.O. word die woorde „in die reël” geskrap.

(e) Na bevestiging is dit noodsaaklik dat aan 'n sendingleraar minstens 6 maande studieverlof gegee word ter bestudering van die taal en gewoontes van die volk waaronder hy arbei, en vir praktiese ondervinding van die sendingwerk.

(f) I.v.m. punt (e): Hierdie besluit sal dan die besluit van 'n vorige Sinode moet vervang.

(g) Visitatore word opgewek om spesiaal hieraan aandag te gee.

(h) 'n Eksemplaar van die studiestuk wat oor die hele saak handel, word aan alle kerkrade gestuur.”

Besluit: Die Sinode aanvaar die aanbevelings hieroor, behoudens die volgende wysigings:

(b) Voeg by: „Dit word opgedra aan die Sendingdeputate om met die Kuratorium van die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O. hieroor te onderhandel”.

(c) Word na die Sendingdeputate verwys.

(e) Voeg in na „minstens ses maande” die woorde „deur die Kerkraad”.

(h) Verval en in plaas daarvan die volgende: „Die studiestuk wat oor die hele saak handel, word bygevoeg in die Brosjyre”. [Vgl. 6. (Art. 15. e. S.O.) pt. b) bl. 202]

(4) Insake Bantoe-owerhede, skoolrade en gebruike.

Op grond van die rapport van 'n Studiekommissie beveel u Deputaatskap aan dat die Sinode soos volg besluit:

(a) „i.v.m. Skoolrade:

Die Sendingdeputate word opdrag gegee om die ander Kerke

te nader om 'n gesamentlike studiekommissie te benoem met as opdrag om

(i) 'n studie te maak van die benoeming van personeel by gemeenskapskole wat vroeër sendingskole was, en na te gaan hoe die kerke se invloed in sulke skole gehandhaaf kan word en

(ii) 'n studie te maak van hoe kerke invloed kan verkry by suiwer gemeenskapskole”.

(b) „*Insake Bantoe-owerhede:*

Dit word onder die regering se aandag gebring dat meer verligte en gekerstende elemente meer in aanmerking geneem moet word by die samestelling van stamowerhede”.

(c) U Deputaatskap is nog besig met 'n studie i.v.m. die kapteinstelsel; hieroor meer in die aanvullende rapport.

Aanv. Rapp.:

Die betrokke studiekommissie het nog nie verslag gedoen nie, dit word aanbeveel dat die Sinode opdrag gee dat die saak verder bestudeer word.

(d) 'n studie word tans nog gemaak van die moontlikheid van oprigting van inrigtings vir opleiding en voorbereiding van Bantoe-huismoeders.

(e) U Deputate beveel aan dat daar verdere studie van die sake en aanverwante sake gemaak word.

Besluite: By (a) Die Sendingdeputate word opdrag gegee om 'n studiekommissie hieroor te benoem.

By (b) Die Sendingdeputate kry opdrag om die Regering te versoek om veral Christene in aanmerking te neem by die samestelling van stamowerhede.

By (c) Goedgekeur, met wysiging. (Reeds aangebring).

By (d) Dit word weer na die deputate verwys.

By (e) Goedgekeur.

(5) „*Sendingklassis*”, *eeufees en selfstandige kerkverband onder nie-blankes.*

U Deputaatskap kan meld dat die sg. sendingklassis elke jaar vergader het: in 1958 op Lichtenburg; in 1959 op Siloam en D.V. 1960 op Benoni. Op Siloam was reeds 25 kerke verteenwoordig en is tegelykertyd die eeufees van ons blanke kerk feestelik herdenk. U Deputate het verskillende briewe ontvang i.v.m. die stigting van 'n aparte kleurlingklassis en so meer en het 'n studiekommissie benoem om in te gaan op die daarstelling van 'n kerkverband onder ons nie-blanke gemeentes (vgl. aanvullende rapport).

Aanv. Rapp.:

a. Met dankbaarheid kan gemeld word dat 'n geslaagde sendingklassis op Daveyton, Benoni, op 2 en 3 September 1960 gehou is. 34 Bantoe- en Kleurlingkerke was verteenwoordig deur afgevaardig-

des van wie die geloofsbriewe in orde was, altesaam was meer as 100 aanwesig, behalwe die groot aantal vroue wat apart gekonfereer het. Vir die eerste keer was die hele moderamen nie-blankes.

b. Op versoek van hierdie vergadering beveel u deputate aan dat die nuwe deputate opdrag ontvang om reisattestasiervorms te laat druk en dat aan die deputate vir Lektuur opgedra word om die moontlikheid van 'n blad vir die Kleurlinge te ondersoek.

c. I.v.m. 'n selfstandige kerkverband vir nie-blankes wens u deputate aan te beveel dat soos volg besluit word:

In aansluiting by Art. 51 van die Kerkorde van Dordt 1618/19 wat soos volg lui: „Alsoo inde Nederlanden tweederley sprake gesproken wort, is voor goet gehouden, dat de Kerchen der Duytscher ende Walscher Tale, op haer selven haren kerchenraet, Classicale vergaderinghen ende Particulieren Synoden hebben sullen”, dra die Eerw. Sinode dit op aan die sendingdeputate om in oorleg met die missionêre predikante die nie-blanke kerkverband te reël.

Besluit: Die Sinode neem met waardering kennis van die sogenaamde Sendingklassis en hulle deelname aan ons eeufees. Verder aanvaar die Sinode die aanbeveling van die deputate, soos gewysig, hieroor. (Wysigings aangebring. — Depte. Acta).

d. Op grond van voorgaande studie is twee keer 'n kommissie benoem om 'n studie te maak van die posisie van die sendingleraars. Hierop het twee rapporte voor die deputate gedien: dit word aanbeveel dat die Sinode opdrag gee dat die saak verder bestudeer word.

— **Goedgekeur.** (Vgl. g. (2) bo).

Hierby word die volgende beskrywingspunt behandel:

Die eerwaarde Partikuliere Sinode Kaapland en S.W.A. bring die behoefte aan 'n afsonderlike kerkverband vir die kleurlingkerke onder die aandag van die eerwaarde Algemene Sinode en vra dat die leemtes in die Sendingorde reggemaak word sodat die korrespondensie met die genoemde kerkverband gereël kan word. (Ds. P. G. Geertsema sal toelig).

Besluit: In die lig van bostaande besluit en die rapport „insake een Bantoekekerk en art. 9 S.O.” verwys die Sinode die saak soos gestel na die deputate.

3. Art. 15b S.O.

Opleiding van nie-blanke bedienaars van die Woord ens.

a. Verslag van die Senaat.

'n Volledige verslag is van die Senaat met dank ontvang en word namens die Deputate aan die eerwaarde Sinode voorgelê:

„1. Senaat.

Aan die begin van 1958 het die Senaat uit die volgende lede bestaan: Di. J. F. du Plooy, P. G. Geertsema, H. du Plessis en dr.

J. A. Schutte. Ds. Du Plooy is tot voorsitter gekies en ds. H. du Plessis tot sekretaris.

Gedurende 1958 het ds. Du Plooy na Stilfontein vertrek, en dr. B. Duvenage het sy plek op die Senaat ingeneem.

Na ds. J. F. du Plooy se vertrek is dr. J. A. Schutte tot voorsitter verkies. Verder is br. Jacob Toxopeus ook op die Senaat benoem. Sy benoeming is later teruggetrek.

Na die vertrek van ds. H. du Plessis en ds. P. G. Geertsema gedurende die eerste helfte van 1959 na Potchefstroom en Kaapstad onderskeidelik is ds. L. J. Botha en ds. J. H. van der Walt in hulle plek op die Senaat benoem. Die Sendingdeputate het prof. H. du Plessis ook weer op die Senaat benoem.

Die Senaat het soos volg vergader:

1958	5 keer.
1959	11 keer.
Tot Mei 1960	3 keer.

2. Studente.

Inskrywing.

Die studentetal neem nog steeds van jaar tot jaar toe. Gedurende die onderskeie jare waarvoor hierdie verslag handel, was die inskrywings van studente soos volg:

1958	23
1959	26
1960	31

Hierby moet in ag geneem word dat daar elke jaar heelwat meer aansoeke ontvang word as wat toegelaat word. Een student is gedurende 1959 oorlede. Meegevoel is met sy familie betuig.

Eksamens en vakke.

Volgens besluit van die Sendingdeputate word die vierdejaarstudente deur die Senaat in die vakke Eksegese, Pastoraal, Liturgiek, Kategetiek en Homiletiek geëksamineer, terwyl in die vakke Dogmatiek en Kerkreg voor 'n eksamenkommissie van die Deputate eksamen gedoen word. By hierdie geleentheid word daar ook proefpreke deur die onderskeie kandidate gelewer.

Die tweedejaarstudente word deur die Senaat in die vakke Dogmatiek en Eksegese geëksamineer, terwyl in die ander vakke slegs skriftelike eksamen gedoen word.

In 1958 is daar 4 studente wat hulle studie voltooi het, beroepbaar gestel; in 1959 was daar 2 en in 1960 sal daar D.V. 6 wees, indien hulle slaag.

Op versoek van die Deputate word Sendingwetenskap ook vanaf 1960 as eksamenvak gedoseer. Ook is 'n begin gemaak met 'n

elementêre kursus in Grieks. Dit blyk dat sommige van die studente nogal goeie taalaanleg het.

Skorsing.

Vanaf 1958 is daar altesaam 4 studente uit die skool geskors.

Plasing.

Dit word al hoe moeiliker om studente op die gebruikelike wyse binne bekombare afstand van die Skool te Dube geplaas te kry. Die belangrikste rede is blykbaar gebrek aan finansies en in sommige gevalle gebrek aan terreine. Ook gaan dit besonder moeilik, en in sommige gevalle is dit onmoontlik, om nie-blankes van elders binne die gebied van die Rand se lokasies geregistreer te kry. Dikwels is huisvesting ook 'n onoorkombare probleem. Waar studente in plaasgebiede geplaas kan word, het die Senaat spoedig ondervind dat vervoer heelwat moeilikhede oplewer.

Verenigingslewe.

Die studente het ook 'n T.S.V. gestig, wat heelwat belangstelling in hul geleedere uitgelok het. Hierdie vereniging het reeds twee konferensies gereël, waar aktuele studieonderwerpe behandel is.

Op 8 Junie 1959 het die teologiese studente van Potchefstroom 'n besoek aan die studente van Dube gebring. Van beide kante is onderwerpe ingelei en bespreek.

Algemeen.

Daar heers 'n goeie gees onder die studente. Oor die algemeen kan getuig word dat hulle hard studeer en met die nodige erns vervul is.

Dit is jammer dat hulle nie voltyds kan studeer nie, aangesien daar dan heelwat meer uitgerig sal kan word.

3. Doserende personeel.

Die doserende personeel bestaan uit: een blanke dosent en een nie-blanke dosent. Gedurende April 1959 moes die Senaat afskeid neem van dosent ds. H. du Plessis, wat as professor aan die Teologiese Skool te Potchefstroom benoem is. Graag wil die Senaat sy opregte dank en waardering aan prof. Du Plessis betuig vir die onbaatsugtige en bekwame wyse waarop hy sy kragte aan die oprigting en opbou van die Teologiese Skool te Dube gewy het. Ons bid hom die rykste seën van die Here toe in sy nuwe amp wat hy beklee.

In sy plek is ds. L. J. Botha as dosent benoem. Hy het vanaf 11 Mei 1959 in die hoedanigheid diens aanvaar.

Die Senaat wil ook met besondere dank daarvan melding maak dat ds. J. H. van der Walt, sendingleraar te Johannesburg, ook behulpsaam is met die klasse. Hy doseer vanaf begin 1959 die vak Openbaringsgeskiedenis en neem die preekkolleges waar. Ds. Van

der Walt se hulp word in besonder gewaardeer, veral waar hy dit geheel en al gratis doen. Hieroor word later weer gerapporteer.

Aanv. Rapp.:

Die saak word daar gelaat, aangesien ds. Van der Walt nie meer help nie.

Volgens besluit van die Deputate word die helpersopleiding in 1961 gestaak. Dosent Khoza was tot dusver vir die opleiding van die helpers verantwoordelik. Die Deputate sal moet besluit of die dienste van dosent Khoza daarna nog benodig sal word. Vanaf 1959 was hy ook behulpsaam met die administratiewe werksaamhede aan die skool.

4. Gebou en administrasie.

Brandstigting.

Die Senaat moet met leedwese meld dat die skool- en kerkgebou te Dube op die aand van 28 Maart 1960 vry ernstig deur brandstigting gedurende die onluste in die lokasie beskadig is. Die skade word op ongeveer £800 gestel. Aangesien die gebou met meublement ook teen skade, gedurende onluste veroorsaak, verseker is, word die gebou op die oomblik deur die assuransiemaatskappy herstel.

Ook kan nie nagelaat word nie om melding te maak van die troue en ywerige hulp van dosent Khoza, die studente en lidmate van die nie-blanke gemeente om van die meublement en boeke uit die gebou te verwyder en op 'n veilige plek te besorg. Deur hulle bemoeienis is beslis groot skade verhoed.

Op 'n spesiale vergadering van die Senaat saam met die Dagbestuur van die Deputate is besluit om die klasse vir twee weke te skors. Daarna is die klasse hervat in die motorhuis van die dosent. Sodra die herstelwerk aan die skoolgebou voltooi is, sal weer met die klasse daar begin word.

Die polisie is nog besig om ondersoek in te stel na die brandstigting.

Opsigter.

Op 1 April 1958 is 'n student, H. Mothoa, as opsigter by die skoolgebou aangestel. Hy is op 1 Julie 1959 deur student J. Masia vervang. Die gebou en terrein word in netjiese orde gehou.

Administrasie.

Die groei van die skool bring 'n vermenigvuldiging van administratiewe werk mee. Ons het te doen met 'n vinnig uitbreidende biblioteek asook 'n uitbreidende studentetal. Ook is daar 'n verskeidenheid van beurse wat toegeken word. Die vraag ontstaan of dit nie tyd geword het om te dink aan 'n kantoor wat aan die Skool verbind moet word nie. Dit is veral die oortuiging van die dosent, wat al hierdie aangeleenthede in 'n groot mate self moet

behartig, dat vir behoorlike administrasie daar metterdaad 'n opgeleide persoon benodig sal word.

Die werk van kassier het reeds vir die dosent te veel geword, sodat iemand anders gevind moes word in die persoon van br. A. van der Walt van Floridagemeente. Weens menigvuldige werksaamhede kan die broeder ook maar net die boekhouding behartig. Ons waardering en dank ook aan gemelde broeder.

Na die vertrek van mev. Du Plessis is geen nuwe tikster aangestel nie maar is van deeltydse tiksters gebruik gemaak, wat per wasvel vergoed is.

Aansoekvorms om toelating, registrasie en beurse is in gebruik gestel. Om dit ordelik te behartig is 'n stelsel van lêers aangelê.

Wat die finansies betref wat die Senaat administreer, word 'n afsonderlike verslagstaat en ook 'n begroting aan die Deputate voorgelê.

5. *Algemeen.*

Die Senaat betuig sy nederige dank aan die Here onse God vir kennelike seëninge gedurende die afgelope jare wat die opleiding betref. Ook en veral in tye van donkerheid en krisis het Hy ons nie begewe of verlaat nie.

Hiermee meen die Senaat dat hy tot op datum aan sy opdrag voldoen het en bid u eerwaarde Vergadering die seën van die Here toe."

Die volgende aanvullende rapport is van die Senaat ontvang:

Aanv. Rapp.:

1. *Senaat:* Die Senaat het op 24 Augustus vergader en daarna weer gedurende November, ook met die oog op die eksamen van studente.

2. *Studente:* Gedurende 1960 was daar 31 ingeskrewe studente aan die skool. Een van hulle is geskors, een het sonder kennisgewing vertrek, en 'n ander het hom gedurende die tweede semester tydelik van die klasse en eksamen onttrek.

3. *Eksamen:* (a) Van die 7 eerstejaarstudente het 4 met lof geslaag en een gedruip; (b) Van die 10 tweedejaarstudente het 9 eksamen geskryf. 2 studente slaag met lof en een druipt. (c) Van die 6 derdejaarstudente slaag een met hoogste lof, een met lof, terwyl geeneen gedruip het nie. (d) die vierdejaarstudente het almal geslaag, een met lof. (e) *Helperstudente:* Daar het altesaam vier studente eksamen afgelê. Twee studente het hulle helpersertifikaat ontvang, terwyl die ander twee volgende jaar hulle finale eksamen sal aflê. Laasgenoemde twee het ook geslaag.

4. *Beroepbaarstelling:* Die ses vierdejaarstudente is deur die eksamenkommissie van die Sendingdeputaatskap saam met die Senaat

ondersoek en almal beroepbaar gestel op 30 November 1960, gedurende die Promosieplegtigheid.

5. *Nuwe Aansoeke:* Daar het 10 aansoeke van voornemende studente voor die Senaat gediën. Verder is daar briewe van nog 8 ontvang wat daarin belangstel om te studeer. Ses is voorlopig toegelaat.

6. *Kleurbaadjie:* Die Studente het 'n versoek gerig aan die Senaat om 'n offisiële kleurbaadjie van die Skool. Die Senaat wil graag dié saak van die studente voor die vergadering van die Deputaatskap lê om daaroor na goeddunke te handel.

(Deputate beveel aan dat hierdie saak na die Kuratorium verwys word).

7. *Merietebeurse:* Van verskeie kante in die kerkverband is donasies ontvang om te gebruik as merietebeurse. Sodoende kon daar toekennings aan studente, wat goed presteer het, gedoen word tot 'n bedrag van £110. Dit word in die vorm van boeke toegeken.

8. *Biblioteek:* 'n Donasie van boeke ter waarde van 300 dollar is ontvang van die „Theological Education Fund", England. Verder is daar boeke ontvang van die Ferdinand Postmabiblioteek, P.U. vir C.H.O. en die biblioteek van die Teologiese Skool, Potchefstroom.

9. *Skeiding van die Skool se werksaamhede van die Sending van die Kerk.* Die Senaat wil vra om by die Sinode aan te beveel dat die sake wat betrekking het op die Skool as sodanig, nie meer sal ressorteer onder die algemene sendingsake nie, maar dat daar 'n kuratorium benoem sal word wat net die sake van die skool sal behartig.

10. *Ontmoeting met die Bantoe-Adviesraad van Dube.* Die Senaat van die Teologiese Opleiding vir Nie-blankes te Dube het 'n geruime tyd gelede reeds besluit dat daar behoorlike ondersoek ingestel moes word om die werklike redes vir die brandskade aan die gebou by Dube onder die oë te sien.

Aan ons hulpdosent, C. Khoza, is opgedra om 'n samespreking te reël met die Bantoe-Adviesraad van Dube, wat om verskeie redes eers op 23 November ll. kon plaasvind.

Dosent Khoza het die saak van die Kerk en Skool aan die Adviesraad gestel, en onder andere gevra wat die rede sou wees waarom ons kerkgebou die enigste is wat beskadig is. Verder het hy dit ook genoem dat daar nog van verskeie groepe teenkanting is en smalende aanmerkings oor die Geref. Kerk gehoor word, o.a. „ons wil nie die Kerk hier hê nie, dit is die Kerk wat die apartheid aanmoedig en ondersteun."

Die Adviesraad het dit betreur dat daar skade aan die gebou aangerig is, en die volgende redes genoem:

(a) Die mense se harte was verbitterd in daardie dae, sodat hulle nie gedink het wat hulle doen nie. (b) As die mense teen die regering en sy beleid in opstand kom, wil hulle alles verniel wat in noue verband staan met die regering. (c) Die mense van Dube het nie 'n gevoel van wrok of haat teen die *Geref. Kerk* as sodanig nie. Die kerkgebou is in daardie tyd uitgesonder omdat dit op 'n slegte plek staan. Dit is by die Spoorwegstasie, wat die meeste mense van die lokasie gebruik. Dit is ook dig by die grootste en vernaamste straat van die lokasie. (d) Baie van die onlusstokers het gemeen dat dit die Ned. Geref. Kerk is, wat, volgens hulle, apartheid sou ondersteun en aanmoedig. (e) Die algemene gesindheid van die mense teenoor die Christelike Kerk is nie meer so goed nie, vanweë die invloed van die heidendom en die Mohammedaanse geloof.

Verder het die Adviesraad sy hulp en samewerking vir die toekoms beloof, en sy dankbaarheid uitgespreek dat die Senaat gevra het vir sodanige ontmoeting.

11. *Slotopmerking:* Met dank aan die HERE kan getuig word van besondere seëninge gedurende die afgelope jaar. Nieteenstaande krisistye, kon die werk nog na wense voortgaan.

Besluit: Van die verslae word kennis geneem.

b. 'n Geouditeerde finansiële verslag van die Senaat sal by die aanvullende rapport ingesluit word. 'n Begroting vir die Teologiese Skool, afgesien van moontlike verskuiwing of nie, word ingesluit by die algemene begroting wat later in hierdie verslag volg.

Aanv. Rapp.:

SENAAT TEOLOGIESE OPLEIDING

INKOMSTE- EN UITGAWEREKENING VIR DIE TYDPERK

1 SEPT. 1958 — 30 JUNIE 1960

UITGAWES				INKOMSTE			
BEURSE:				DONASIES:			
Reis en losies	433	12	6	Ontvang van			
Boeke	230	12	7	Adm. Buro	604	7	6
Helperstoelae	90	16	0	Om oorgedra			
Reiskoste				te word aan			
Senaat en Dosente	42	18	0	Adm. Buro	65	5	0
Heffingsfoole	14	11	0		669	12	6

DIVERSE UITGAWES:

Tjekboeke en bankkoste	1	17	6
Instandhouding gebou	80	14	4
Reiskoste			
C. Khoza	2	0	0
Skryfbehoeftes	25	17	9
Studentefunksie	2	0	0
Toesig gebou	4	10	0
Water	3	7	11
Tuingereedskap	1	12	9
Vervoerkoste			
meubels	6	10	0
Telefoon	3	0	0
Oorskot			

2031 12 6

ADM. BURO:

7 kwartaal-likse bydraes			
150 elk	350	0	0
T.o.v. voorskot aan Khoza	250	0	0
Deur Senaat aangevra	700	0	0
	1300	0	0

GEBOU HUUR:

Huur ontvang (tot Mrt. '59)	32	0	0
Huur verskuldig tot Jun. '60	30	0	0
	62	0	0

2031 12 6

SENAAT TEOLOGIESE OPLEIDING

BALANSSTAAT SOOS OP 30 JUNIE 1960

Oorskot op Inkomste en Uitgawerekening	1087	12	2
Kontant in bank	740	0	8
Lenings toegestaan:			
C. Khoza	229	12	4
Min terugbet.	30	0	0
Stanley	5	0	0
Min terugbet.	—	—	—
P. Moshapo	50	0	0
Min terugbet.	4	0	0
W. Ramatsu	25	0	0
Min terugbet.	3	0	0
Biblioteek	44	19	2
Huur verskuldig	30	0	0
	1087	12	2
			1087 12 2

Onderteken deur Ouditeurs — handskrif onleesbaar.

c. *Algemeen.*(1) *Geskenk.*

Met hartlike dank moet gemeld word van die skenking van £1000 aan die Skool. £700 daarvan is bestem en gebruik vir die aankoop van 'n motor vir die gebruik van die skool; £300 is bestem en gebruik i.v.m. 'n benoeming van 'n professor in die Sendingwetenskap. Met groot waardering moet ook gewag gemaak word van die vriendelike bemiddeling van dr. F. J. du Toit in hierdie saak. (Die motor is tans nog in gebruik.)

(2) U Deputate wil met dank en waardering ook noem die hulp van drr. J. A. Schutte en B. Duvenage en di. P. G. Geertsema en D. du Plessis met die gee van klasse in die tydperk tussen die diensaanvaarding van ds. Botha en die eervolle ontslag van prof. Du Plessis.

(3) *Huis vir nie-blanke dosent:*

Die bedrag deur die Sinode hiervoor gestem, is aan hom geleen om self 'n huis te koop, aangesien geen blanke eiendom in die nie-blanke gebied mag besit nie. 'n Ooreenkoms met hom is opgestel deur die Senaat.

(4) U Deputate het intussen ook gereël dat daar by Dube nie meer uitsonderings gemaak sal word wat studietyd betref nie. Twee naturelle, Betuel Dingaka van Ventersdorp en Oniël Motsoane, is los van die skool opgelei en toegelaat tot die bediening deur die Deputate na aanleiding van art. 8 K.O. In dié verband wil u Deputate aanbeveel dat die Sinode besluit dat in die toekoms nie-blankes nog onder art. 8 K.O. toegelaat mag word maar dat hulle dan nie via die opleidingskool toegelaat word nie maar dat hulle eers deur die betrokke klassissendingdeputate ondersoek word en, indien geskik, aanbeveel word vir eksaminasie en beroepbaarstelling deur die Algemene Sinodale sendingdeputate.

(5) *Helpers.*

U Deputate beveel aan dat die term *helper* gehandhaaf word maar dat die opleiding van helpers nie gestandaardiseer word nie, omdat dit geen amp is nie maar plaaslik gedoen word (vgl. Acta 1958, p. 184, e 2).

(6) *Huweliksbevestigers.*

U Deputate het klagtes ontvang dat daar gevalle voorgekom het van nie-blanke predikante wat nie in staat was om as huweliksbevestigers op te tree nie. Die Senaat is versoek om hieraan aandag te gee en in die toekoms by beroepbaarstelling van 'n proponent te adviseer of hy moontlik as huweliksbevestigter aangestel kan word of nie.

(7) *Donasies.*

Met groot dankbaarheid moet gemeld word dat daar steeds donasies ontvang is vir die opleiding; nogtans sou daar vanweë die uitbreiding van die Skool 'n baie groot tekort ontstaan het indien

die Deputate nie gebruik kon maak van 'n bedrag van ongeveer £700 wat vroeër vir opleiding gekollekteer is en ten bate van die Skool nog oorgestaan het.

Besluit: Van hierdie sewe punte word kennis geneem.

d. *Verdere aanbevelings.*

Die volgende aanbevelings en bepalings van die Senaat is deur u Deputate aanvaar en word by die Sinode aanbeveel of vir kennisname meegedeel:

(1) Toelatingsvereistes tot teologiese studie word vanaf begin 1962 verhoog na Senior Sertifikaat, behoudens uitsonderings wat die Sinode nodig mag ag.

(2) Studente ouer as 40 jaar sal nie toegelaat word tot die skool nie, behalwe in heeltemal uitsonderlike gevalle.

(3) In die reël sal slegs aansoeke van voornemende studente wat minstens 1 jaar belydende lidmate van die Gereformeerde Kerk is, oorweeg word — alleen in uitsonderlike gevalle kan die Sinode 'n uitsondering maak.

(4) Studente sal in die vervolg jaarliks £1 registrasiegeld betaal, wat gelyktydig met die inskrywing sal geskied.

(5) Vereistes vir eksamen word soos volg bepaal:

(a) om te slaag moet 'n kandidaat minstens 40% behaal;

(b) hereksamen word toegelaat in nie meer as twee vakke nie, en indien 'n kandidaat in meer as twee vakke sak, druipt hy in die hele eksamen.

(6) Die dienste van dosent Khoza sal voortgaan na 1961 as die opleiding van helpers gestaak word, aangesien hy nie bepaald vir helpersopleiding aangestel is nie.

(7) Die professor in Sendingwetenskap ampshalwe is lid van die Senaat van die nie-blanke Teologiese Skool. (Hierop sal weer moet ingegaan word wanneer besluit is waarheen ons Skool verskuif sal word.)

Besluit: Kennis geneem van bogenoemde sewe punte.

(8) *Onderhoud van helpers.*

Die aantal studente wat as helpers op die Rand deur die plaaslike gemeentes onderhou is, het so toegeneem dat dit nie meer kan gebeur nie. U Deputate het, 'n kommissie benoem om op die saak in te gaan, en in die aanvullende rapport sal 'n aanbeveling gemaak word.

Aanv. Rapp.:

Hieroor is geen rapport ontvang van die betrokke kommissie nie, maar die Sinode word gevra om die saak te verwys na die Kuratore.

— kennis geneem.

(9) U Deputate beveel by die Sinode baie ernstig aan dat ten minste nog een blanke dosent onmiddellik benoem moet word.

Besluit:

1. Die Sinode gee opdrag aan die Kieskollege van die Teolo-

giese Skool vir Nie-blankes om so gou moontlik 'n tweede blanke dosent te benoem, met inagneming van die deelydse skribaar van die Sendingdeputate.

2. Opdrag word gegee aan die kuratorium van die Teologiese Skool vir nie-blankes om ondersoek in te stel na die titel van die blanke dosent(e) en by die volgende Sinode daaroor 'n aanbeveling te maak.

3. I.s. derde dosent en skribaar — vgl. notule 1. d. (oor skribaar) bl. 166).

(10) 'n Kommissie is benoem om 'n studie te maak van die skale van vergoeding aan blanke en nie-blanke dosente van die toekoms; hieroor meer in die aanvullende rapport.

— kennis geneem.

(11) Die Senaat het by die Deputate aansoek gedoen om 'n administratiewe kantoor by die skool — hieroor sal gerapporteer word saam met ons aanbevelings oor die toekomstige opleiding.

— kennis geneem.

(12) U Deputate wil met dank en waardering nogmaals noem die werk van prof. en mev. H. du Plessis en ook die Kerkraad van Florida, wat namens die Deputate 'n afskeidsgeselligheid vir hulle gereël het. U Deputate het ook namens die Kerk aan hulle 'n geringe tasbare blyk van waardering oorhandig.

Besluit: Met waardering word in die vergadering melding gemaak van die toegewyde arbeid van prof. en mev. H. du Plessis.

e. *Vaste sendingfonds.*

Met die oog op die groot nood i.v.m. opleiding, waaronder ook onkoste i.v.m. uitbreiding en verskuiwing van die skool, beveel u Deputate baie ernstig aan dat die fonds uitsluitlik 'n opleidingsfonds word (vgl. hierdie verslag later insake die fonds self).

Besluit: Dit word behandel saam met die saak van „Uitbouing van Duvenagefonds” (vgl. 10. Art. 15 i. S.O., g. bl. 210).

4. Art. 15 c S.O.

Voorsiening Christelike lektuur in Bantoetale:

a. *Dagboek — Tumelo ea Bakreste* (vgl. Acta 1958, p. 161).

(1) Met groot dankbaarheid kan gemeld word dat die boek vroeg in 1958 verskyn het — 5000 eksemplare is gedruk, en byna 2000 eksemplare is reeds verkoop. Aan die skrywer is 'n klein bonus as blyk van waardering gegee.

(2) Die verkoop van die boek is eers behartig deur ons eie kantoor maar op 1 Junie 1959 oorgedra aan *Die Kerkblad* om dit teen 'n billike kommissie te verkoop.

(3) Die publikasie van die werk in meer tale het aandag geniet, maar daar word aanbeveel dat dit eers wag totdat hierdie opslag (in Suid-Sotho) verkoop is.

(4) Onderhandelings is aangeknoop met die Departement van Bantoe-onderwys om te probeer om die werk te plaas op die lysie van aanbevole boeke van die Departement.

— Met hartlike dank goedgekeur.

b. *Rugama.*

(1) Na die daarstelling van 'n eie kantoor is die administrasie van *Rugama* daarheen oorgeplaas. U Deputate wil sy hartlikste dank uitspreek vir die werk wat al die jare in dié verband gedoen is deur die sendingkommissie van Johannesburg-Noord. Van 1 Junie 1959 is die administrasie oorgeplaas na *Die Kerkblad* kantoor teen 'n billike vergoeding. U Deputate wil aanbeveel dat dit so voortgaan.

(2) Dit het moontlik geblyk dat die blad homself in stand kan hou, en die rente van die Duvenagefonds is nie meer hiervoor gebruik nie (vgl. Acta 1958, p. 161, b). Hoewel van die fonds vir Christelike lektuur onder die Bantoe nog steeds beskikbaar was ook vir *Rugama*, is hiervan ook nie gebruik gemaak nie. Die sirkulasie is tans 6,400 in Sotho, Zulu en Xhosa, terwyl 600 in Venda gedruk word. Deur die Venda (en Tsonga) en Afrikaans uit *Rugama* te haal was dit moontlik om Xhosa in te sluit en nie 'n aparte Xhosablad uit te gee nie. U Deputate beveel aan dat die intekengeld per jaar na 3/- verhoog word, sodat die blad finansiële selfstandig kan bly.

(3) As hoofredakteur het nog steeds prof. H. du Plessis gedien, bygestaan deur di. P. G. Geertsema, L. J. Botha, J. A. van Rooy en brs. J. Breed en C. Kruger; later is op eie versoek eervolle ontslag gegee aan di. Geertsema en Botha en is br. H. B. van der Walt benoem as sekretaris, en is di. J. A. van Rooy en J. L. Aucamp benoem as subredaksie vir die Venda-Tsonga-afdeling. Moruti C. Khoza is ook benoem as nie-blanke medewerker. U Deputate wil dank uitspreek aan almal vir die toegewyde arbeid, in besonder aan brs. Breed en Kruger van die Universiteit, Potchefstroom.

(4) Aan die redaksie is opgedra om 'n pasliker Bantoenaam vir die blad te vind. Dit het onmoontlik geblyk vanweë die verskeidenheid van Bantoetale, en 'aanbeveel word dat die huidige naam behou word, aangesien dit reeds 'n tradisie en eie geskiedenis het. *Aanv. Rapp.:* Insake versoek van Klassis Natal dat 'n aparte Zoeloeblad uitgegee moet word, word besluit om nie daaraan gevolg te gee nie, aangesien alle Zoeloe-materiaal in *Rugama* opgeneem word. Dit word by die Sinode aanbeveel om deputate vir Lektuur opdrag te gee om aandag te gee aan die uitgawe van *Rugama* in verskillende bantoetale.

Besluit: Met dankbaarheid word hiervan kennis geneem.

c. *Vendakategismus.*

'n Nuwe vertaling van die „Rooiboekie” is in Venda gemaak

en sal eersdaags verskyn. Die Deputate wil hulle hartlike dank uitspreek aan die vertaler (meneer Giesseke), wat nie lid van ons Kerk is nie, en ds. J. A. van Rooy en prof. H. du Plessis, wat die saak behartig het.

— **Met dank goedgekeur.**

d. *Handboeke vir Bantoe-onderwysers en skole.*

Die betrokke kommissie van die Deputate het daarin geslaag om 'n bevredigende ooreenkoms met die Afrikaanse Pers aan te gaan vir die uitgee van handboeke oor godsdiensonderwys in die verskillende Bantoetale. As redaksie is benoem: Meneer J. H. van Dyk as hoofredakteur en di. T. T. Spoelstra en G. P. L. van der Linde; as adviseurs: proff. H. du Plessis en H. J. J. Bingle. Die volgende skrywers het aan die werk gespring:

(1) Dr. Johann Bekker en meneer J. H. van Dyk het reeds die inleidende werk oor die metodiek voltooi; dit is reeds ter perse. Ons dank aan dr. Johann Bekker vir die donasie van sy deel van die outeursfooi aan die fonds.

(2) Ds. L. J. Botha het reeds die Ou-Testamentiese deel van deel I (laer primêre klasse) voltooi.

(3) Dr. J. Spoelstra vorder goed met deel II (hoër primêre klasse).

(4) Ds. J. A. van Rooy is verantwoordelik vir deel III (st. 6. klasse).

(5) Ds. P. G. Geertsema is besig met deel IV vir die Hoërskool.

U Deputate wil hulle besondere dank betuig aan die hoofredakteur, wat geweldig baie tyd aan die werk bestee het en op eie onkoste ook die reise vir vergaderings onderneem het.

Besluit: By (4) sal dr. J. Spoelstra optree in die plek van ds. J. A. van Rooy, wat ongelukkig dit nie kon doen nie. 'n Brief van waardering sal aan mnr. J. H. van Dyk gerig word. Verder met dank goedgekeur.

e. *Almanak vir nie-blankes.*

Die susters van Florida en Linden het onder leiding van mev. H. du Plessis enkele jare onderneem om so 'n almanak uit te gee. Aan die begin van 1960 het hulle dit aan die Deputate oorgedra saam met 'n geskenk van £250, waarvoor ons hartlike dank. U Deputate het 'n kommissie benoem wat vanjaar die almanak sal uitgee. Dit is 'n onderneming wat self sy onkoste dra. In die verlede is tot 5000 per jaar versprei. Ons dank aan mevv. (prof.) H. du Plessis en P. J. S. de Klerk en meneer H. B. van der Walt vir hulle dienste in dié verband.

Aanv. Rapp.: 4,860 kalenders is verkoop teen 1/- stuk vir £243. Die onkoste hieraan verbonde bedra £145.9.2 wat dus 'n wins gee van £97.10.10 waarvan nog £40.14.0 uitstaande is.

Besluit: Met dank kennis geneem en verder goedgekeur dat die wins gestort word in 'n fonds vir verdere publikasies.

f. *Vertaling van Psalms in Bantoetale.*

Ernstige aandag is aan die saak gegee. 'n Lys van Psalms reeds in die verskillende Bantoetale in gebruik, sal onder ons gemeentes gesirkuleer word. Die redaksie van *Rugama* het met vrug 'n oproep gedoen om moontlike vertalings. Hierdie saak moet baie ernstige aandag geniet.

Besluit: Dit word aan die nuwe deputate opgedra vir verdere uitvoering.

g. *Vertaling van Belydenisskrifte in Bantoetale.*

Soos reeds gemeld in art. 2 c (3) (c) van hierdie verslag, het die Deputate ook ernstig aandag aan die saak gegee. 'n Naturellehelper van Swarttruggens is besig met 'n vertaling van die Kategismus — moontlik kan daarvan gebruik gemaak word. Dit word aanbeveel dat die saak ook ernstig ter hand geneem word, indien moontlik in samewerking met die ander Afrikaanse Kerke. Ten aansien van Zulu is die samewerking gevra van ds. J. Vonkeman.

— **Met dank kennis geneem.** (Vgl. bl. 172).

h. *Pamfletpreke.*

'n Kommissie is benoem om aandag aan die saak te gee. 'n Aantal Zulupreke is reeds gereed. (Sien verder aanvullende rapport.)

Aanv. Rapp.: 'n Aantal preke in Zulu is gereed vir druk. Die Sinode word gevra om verdere uitvoering van die saak op te dra aan die deputate vir Lektuur.

Wat die preke in Sesuto, Tswana, Sewenda ens. betref, asook verdere preke in Zulu, wil ons by u aanbeveel dat van die preke wat in *Rugama* verskyn het en nog sal verskyn en waarvan die setsels bewaar is, in pamfletvorm uitgegee sal word. Dit sal die koste baie verminder en ook dadelik 'n voorraad daar stel vir die verskillende kerke om te kan gebruik in die groot behoefte.

Besluit: Met dank kennis geneem en verder opgedra aan die nuwe deputate.

i. *Doopseels ens.*

Belydeniskaarte en hydraekaarte in Zulu, Suid-Sotho, Venda en Afrikaans is gedruk en word deur die Skribaats verkoop. U Deputate het opdrag gegee aan die skribaats dat al die nodige kerklike vorms in die verskillende Bantoetale beskikbaar gestel moet word vir gebruik van die nie-blanke kerk. By bg. tale is reeds Tswana en Tsonga gevoeg.

Aanv. Rapp.: Die nuwe drukwerk is nog nie uitgevoer nie, gedeeltelik met die oog op waarskynlike totstandkoming van die nie-blanke

kerkverband. Die Sinode word gevra om die saak op te dra aan die volgende Sendingdeputate.

— **Goedgekeur.**

5. *Sendingorde art. 15 d.*

Opwek van sendingywer en so meer.

a. *Sendingblad.*

(1) Die vereniging Sendinghulp het by sy ontbinding sy blad *Die Oes* oorgemaak aan die Deputate saam met 'n geskenk van £325, waarvoor ons hier ons allerhartlikste dank betuig. Die administrasie van die blad is ook eers behartig deur ons kantoor maar op 1 Junie 1959 oorgedra aan *Die Kerkblad*-administrasie. Die sirkulasie het gestyg van 280 tot ongeveer 1100. Met behulp van die fonds deur die Sinode gestem en bg. geskenk kan die blad homself finansiële nog handhaaf.

(2) Uit verskillende gemeentes is die versoek ontvang of dit nie moontlik is om die blad by *Die Kerkblad* in te lyf nie. 'n Kommissie is benoem om met die Deputaatskap vir *Die Kerkblad* te onderhandel. U Deputaatskap sal sy bevinding in die aanvullende rapport gee.

(3) As hoofredakteur het prof. H. du Plessis steeds opgetree, eers bygestaan deur ds. Geertsema as skriba en dr. B. Duvenage en later (na ds. Geertsema se vertrek na die Kaap) deur ds. J. L. Vorster en meneer H. B. van der Walt. Ons dank aan die broeders.

Besluit:

1. Met dank kennis geneem.

2. Vgl. by art. 23 C. waar besluit is: Die inlywing van „Die Oes” by „Die Kerkblad” word terug verwys na die Sendingdeputate met opdrag om sover moontlik „Die Oes” as selfstandige publikasie te behou. Indien dit onmoontlik is, word goedkeuring gegee vir die beoogde inlywing by „Die Kerkblad”. (Motivering — Kyk art. 23 C.).

b. *Sendingkonferensies.*

U Deputate het die deputate van die betrokke part. sinodes gevra om elkeen in sy ressort 'n sendingkonferensie te hou. Geslaagde blanke sendingkonferensies is gehou in Wes-Transvaal (Augustus 1959 op Ventersdorp), in Noord-Transvaal (30 September 1959 te Pretoria), in Kaapland en S.W.A. (op Burgersdorp, 2 Desember 1959). 'n Nie-blanke konferensie is in Wes-Transvaal gehou (Lichtenburg, 18 Junie 1960), en O.V.S. en Natal is van voorneme om nog hierdie jaar 'n nie-blanke konferensie te hou.

— **kennis geneem.**

c. *Sendingfilm.*

U Deputate het 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel i.v.m. die maak van 'n film met die oog op bevordering van ons

sendingwerk. Hieroor sal in die aanvullende rapport volledig gerapporteer word.

Aanv. Rapp.: Daar is nog nie gevorder i.v.m. die film en samewerking met *Die Kerkblad* nie. Die ander film se werk vorder goed. Die Sinode word gevra om die saak verder op te dra aan die sendingdeputate.

Besluit: Dit word aan die nuwe deputate opgedra.

d. *Benoeming van professor in Sendingwetenskap.*

(1) Seker die grootste en mooiste ontwikkeling in ons sending was die benoeming van 'n professor in Sendingwetenskap. U Deputate wil prof. H. du Plessis nogmaals gelukwens met sy verkiesing op 11 Februarie 1959, presies 100 jaar na die stigting van ons Kerk, en hom Gods rykste seën toebid op sy nuwe werk. Ons meen dat sy akademiese werk, wat nou al die teologiese studente raak en ons hele kerk bevoordeel, seker die grootste enkele faktor is tot bevordering van die sendingywer in ons Kerk.

(2) In besonder moet hier met dank genoem word die donasies van verskillende persone (wat altesaam £1,800 bygedra het) wat dit moontlik gemaak het om die benoeming te laat geskied sonder dat die vorige Sinode daarvoor die nodige geld bewillig het. Die Kerkraad van Johannesburg-Noord, wat hierin leiding geneem het, verdien ook besondere dank. Ons dank ook aan die eerw. Kuratorium van die Teologiese Skool vir hulle moedige optrede in dié verband. Bo alles ons dank aan God die Here.

Besluit: Met dank kennis geneem van sake soos in rapport gestel. Verder word hartlike gelukwense uitgespreek aan prof. H. du Plessis en hartlike dank vir die optrede van Kuratorium van die Teologiese Skool en Kerkraad van Johannesburg-Noord vir inisiatief wat hulle geneem het.

6. *Art. 15 e. S.O.*

Advies en so meer aan sendende gemeentes.

a. U Deputate het verskillende omsendbriewe aan die gemeentes van ons Kerk uitgestuur i.v.m. die sake wat almal geraak het.

— **met dank kennis geneem.**

b. Die opdrag van die Sinode (Acta, p. 194, 28) kon ongelukkig nog nie uitgevoer word nie, behalwe dat 'n samevatting gepubliseer is van ons S.O. en Sendingbeleid (vgl. art. 2 a van hierdie verslag), wat ook aan al ons gemeentes gestuur is en in veelvoud versprei is as omsendbrief nr. 11 van 1958/59. 'n Kommissie is benoem om ondersoek in te stel na die wenslikheid en moontlikheid om 'n brosjure op te stel wat o.a. kan dien as leidraad vir die gemeentes wat met sending wil begin of besig is. Dit sluit die volgende in:

(1) Sendingorde;

(2) sendingbeleid;

(3) sendingbeplanning;

(4) sendinghandboekie vir die praktiese handleiding. Hieroor sal volledig in die aanvullende rapport gehandel word.

Aanv. Rapp.: Dit word aanbeveel dat so 'n brosjure uitgegee word deur die deputate vir Lektuur. Dit moet die volgende gee: Sendingorde, sendingbeleid, sendingbeplanning, 'n kort oorsig van die geskiedenis van ons sending en belangrike rapporte wat aanvaar is i.v.m. die sending.

Besluit: In die plek van (4) sal kom: 'n Kort oorsig van die geskiedenis van die sending en verder belangrike uittreksels uit rapporte van tyd tot tyd. Verder goedkeurend kennis geneem. (Vgl. 2 (art. 15 a. en k. S.O.) g. (3) (h), bl. 184).

c. Waar gevra, het Deputate of/en adviseurs gemeentes besoek en van advies bedien. Daar het verskeie navrae om geldelike steun by ons gekom uit die *blanke gebiede*. Hierop kon ons alleen antwoord dat slegs sustentasie vir bediening in die reservate deur die Sinode begroot is.

— kennis geneem.

d. Per omsendbriewe aan gemeentes is die geleentheid vir godsdiensonderwys by nie-blanke skole onder die aandag gebring. By ondersoek het geblyk dat daar vir die hele land slegs een inspekteur vir godsdiensonderwys is, en in dié verband het die Deputate die saak vir meer inspekteurs by die I.A.K.S. aanhangig gemaak.

— Goedkeurend kennis geneem.

7. *I.v.m. art. 15 f S.O.:*

Sendingterreine.

a. Soos reeds onder punt 2 van hierdie verslag genoem, het u Deputate verskeie gevalle op versoek van meerdere vergaderings of/en gemeentes probeer help met die verkryging van terreine en persele.

b. 'n Versoek van die gemeente van die kerkraad Krokodilrivier dat hulle mag toegelaat word om in Noord-Transvaal te help, terwyl hulle in Wes-Transvaal ressorteer, is deur die Deputate by die Part. Sinode Wes-Transvaal gunstig aanbeveel met gunstige resultate.

c. Die Kerkraad van Pietermaritzburg is ook van advies bedien i.v.m. samewerking van ds. J. Vonkeman van Kampen (vgl. 2 e (1) van hierdie verslag).

d. Pogings is deur die Deputate aangewend om te help met die besetting van die gebied Ramabuda, noord van Siloam. Die Christelike Gereformeerde Kerk van Nederland het hierin belang gestel, en die susters van Alberton het die sendingkommissie van Pretoria-Oos finansiële hiermee gehelp.

e. 'n Lidmaat van Florida het 'n geskenk van 25 morg in die Pedigebied aan u Deputate aangebied. Dit is verwys na die Kerkraad van Groblersdal, wat van voorneme is om daar met sending te begin.

— Goedkeurend kennis geneem.

8. *Insake S.O. art. 15 g.:*

Sustentasie.

a. Die £6,000 wat deur die Sinode gestem is vir sustentasie in die reservate, is soos volg verdeel:

(1) Aan die Klassis Natal £2,500;

(2) aan die Part. Sinode Noord-Transvaal £2,250;

(3) aan sendingkommissie Mafeking £1,250.

Van Natal is verslag ontvang dat 'n kerk gebou is, 'n naturrellepredikant beroep is aan die begin van 1959 en 'n blanke sendingleraar begin 1960. Die werk word gekonsentreer in die Bantoe-woonbuurt Kwa Mashu by die reservaat Inanda. Verder word ds. P. C. Kruger van Vryheid deelyds as sendingleraar gebruik in die Nqutureservaat. In Noord-Transvaal het Laeveld 'n eie sendingleraar (ds. J. L. Aucamp) beroep met behulp van die Klassis Waterberg vir die Tsongagebied naby Bend-Store. By Mafeking is gepoog om 'n toringhospitaal op te rig, waartoe die Part. Sinode Wes-Transvaal sy steun gegee het, maar 'n terrein is nog nie gevind nie.

b. U Deputate het bedoel dat aansoeke vir die volgende 3 jaar moet geskied langs dieselfde weg as gewone sustentasie, nl. met aanbeveling van klassis en part. sinode. 'n Aansoek vir £2,400 is op die wyse van Natal ontvang, met die nodige verslag van die werk wat reeds gedoen is. Kennis is ontvang dat Mafeking weer aansoek sal doen om hulp. Van Noord-Transvaal is nog geen berig ontvang nie. Die aansoeke met verslae en aanbeveling van u Deputate sal volledig ingesluit word in die aanvullende rapport wat opgestel word nadat die Part. Sinode aan die einde van die jaar vergader het.

c. Sustentasie in Kaapstad en Pretoria-Oos, soos deur die Sinode toegestaan, is gedeeltelik uitbetaal. Hieroor sal egter volledig gerapporteer word in die aanvullende rapport.

Aanv. Rapp.: Die Sinode word gevra om alle gelde wat vir bepaalde doeleindes bestem is en nie ten volle gebruik is nie, oor te dra na die volgende 3 jaar vir dieselfde sake, afgesien van die bedrae wat in die nuwe begroting gevra word.

Besluit: 1. Die versoek dat gelde wat bestem en nie ten volle gebruik is nie, moet ontstaan, word goedgekeur.

2. Verder neem die Sinode kennis van die rapport i.s. sustentasie en behandel die nuwe sustentasie-aansoeke by die begroting. (Vgl. 10. d. onder).

9. *Art. 15 h. S.O.*

Trustees van sendingeiendom.

a. Aansoek is ontvang van die sendingkommissies De Hoop en Pretoria-Oos om grond waarop Bantoeskole opgerig is, aan Bantoeskoolrade af te staan. U Deputate het dit goedgekeur.

b. Aangesien die terrein by Groot Spelonken, wat eers bedoel

is vir 'n opleidingskool, op die oomblik nie gebruik word nie, is aan die sendingkommissie De Hoop die reg gegee om dit met bome te beplant op hulle eie onkoste en tot hulle eie voordeel.

Besluit: Hierdie saak word aan die nuwe deputeate opgedra.

10. *Insake S.O. art. 15 i.*

Rapport insake werksaamhede en fondse.

a. Met hierdie verslag en die aanvullende rapport meen u Deputeate aan die opdrag voldoen te hê. — **kennis geneem.**

b. Die finansiële verslae sal deur die Administratiewe Buro gelewer word, behalwe die verslag van die Senaat, wat in die aanvullende rapport ingesluit sal word. (Vgl. 3 (art. 15 b. S.O.). Aanv. Rapp., bl. 192-3). — **kennis geneem.**

c. Rekenings is uitgestuur aan alle nie-blanke gemeentes i.v.m. die nie-blanke E.P.P.W. en W.-fonds. Die meeste gemeentes het betaal. Die Sinode sal hierdie reëlings moet bevestig, nl. dat die Sendingdeputate in dié verband rekenings uitstuur en nie die Buro nie. 'n Kommissie is benoem om 'n konsepglement op te stel i.v.m. die fonds, wat dan in die aanvullende rapport voor u gelê sal word.

Aanv. Rapp.:

1. Van die £236.6.6 wat vir die fonds moes inkom, is reeds £171.2.6 ontvang. Die Sinode se aandag word gevestig op die kerkraade wat nog nie betaal het nie.

Besluit: Kennis geneem; die deputeate gee weer aandag aan die saak, en hulle moet ook verantwoordelik wees vir rekenings.

2. Die volgende verslag van 'n studiekommissie word by die Sinode aanbeveel om ook aandag te gee aan suggesties in die naskrif:

a. (1) Daar is tans ongeveer £700 in die fonds; £500 is deur die Sinode gegee en £200 deur die Nie-blanke gemeentes betaal; teen 5% per jaar is daar dus nou £35 per jaar beskikbaar.

— **kennis geneem.**

(2) U Kommissie beveel aan dat baie duidelik gestel moet word dat hierdie fonds slegs moet dien as sustentasie van plaaslike kerkrade en sendingkommissies. Ons moet die beginsel baie duidelik vooropstel dat dit elke kerkraad se plig is om te sorg vir sy emerituspredikante en weduwees. Ons moet hier onthou dat die Sinodale Sendingdeputate by die vorige Sinode gevra het vir £500 met die uitdruklike belofte dat dit 'n eenmalige aansoek sal wees.

— **kennis geneem.**

(3) Ons beveel aan dat in die toekoms die saak met die nie-blanke kerk se samewerking gereël sal word. Waar hulle gemeentes geraam moet word, is dit noodsaaklik dat hulle hierin geken moet word en by die toekennings is dit netso noodsaaklik dat hulle geraadpleeg word.

— **Aangeneem.**

(4) Die volgende feite moet ons in aanmerking neem:

(a) Daar is tans byna 20 nie-blanke predikante waarvan normaalweg binne die eerste 5 jaar 3 kan wegval.

(b) Nie-blankes wat in die Staatsdiens werk, wat met die predikante vergelyk kan word, verdien maklik tweemaal soveel as ons predikante en ontvang pensioene van £15—£25 per maand.

(c) As ons in aanmerking neem dat hierdie fonds 'n sustentasiefonds is, wat dien as aanvulling van plaaslike hulp, wil ons aanbeveel dat £6 per maand toegeken word aan emerituspredikant met sy vrou en £3 per maand vir een persoon. Dan het ons £216 per jaar nodig en na 5 jaar £216 plus £36 d.w.s. £252.

— **kennis geneem.**

(5) Ons beveel aan dat toekennings op die basis gemaak word en dat die nie-blanke lidmate 1/- per lidmaat geraam moet word, wat die fonds in 5 jaar dan op ongeveer £1500 sal bring.

Besluit: Punte (4) en (5) sal as leidraad dien.

(6) Ons beveel aan dat die reëling na 6 jaar hersien word.

Besluit: Dit kan met die volgende Sinode hersien word.

(7) Ons beveel aan dat die nie-blanke gemeentes in samewerking met hulle sendingkommissies baie sterk aangemoedig word om hulle eie fondse op te bou.

— **Goedgekeur.**

b. (1) 'n Aansoek om hulp is van die kerkraad Stilfontein vir die weduwee van Moruti Otniël Motsokane ontvang.

(2) Ons beveel aan dat die weduwee Motsokane £3 per maand moet ontvang vanaf Januarie 1961.

— **Goedgekeur.**

NASKRIF:

'n Lid het nog die volgende suggesties:

1. Kan ons nie aanbeveel nie dat die naam van die fonds verander word, nl. op so 'n wyse dat dit beklemtoon word dat dit 'n sustentasiefonds is?

2. Onder punt 5 moet dit duidelik gestel word of die voorgestelde raming voldoende is om ons verwagte verpligtinge vir die volgende 5 tot 6 jaar na te kom. Vir my lyk dit nie so nie.

3. Ek meen ek vertolk die gevoel van die Kommissie dat die aanbevole sustentasie 'n minimum is. Wanneer die reëling na 6 jaar hersien word, behoort dit 'n de novo ondersoek te wees wat nie gekniehalter kan word deur 'n eenmalige toekenning van £500 nie. Miskien moet ons nou al onder punt 6 die weg voorberei om hierdie „belofte” herroep te kry.

Besluit: By (1): Aan die nuwe deputeate word opgedra om toe te sien dat dit 'n hulpfonds vir kerkrade is en dat dit duidelik so bepaal word, o.a. in die naam.

By 3: Hiervan word afgestap en die hoop uitgespreek dat kerkrade sal help waar nodig.

3. Die Sinode word gevra om die moontlikheid van 'n assu-ransieskema te laat ondersoek.

— **Hierdie weg word nie opgegaan nie.**

(d) *Begroting*: (1) (Die begroting van Aanvullende Rap-port is hier geplaas, in die plek van dié wat in die Agenda was, omdat die verskuiwing van die Skool hierby in ag geneem is. — Dep'te. Acta).

I. a. *Teologiese Opleiding nie-blankes*:

(1) Onderhoud, administrasie van en toesig oor gebou:	
Versekering	£20
Opsigtersloon	150
Benodigdhede vir opsigter	40
Instandhouding en verbeterings	100
Drukwerk en skryfbehoeftes	120
Telefoon	60
Water en elektrisiteit	60
Diverse	60
per jaar	£610

(2) *Hulp aan studente*:

Boekbeurse	£350
Reisbeurse	360
Losiesbeurse	1200
Leningsbeurse	50

per jaar £1960

(3) *Biblioteek* per jaar £150

(4) *Reis- en verblyfskoste*:

Personeel en Senaat	per jaar £60
---------------------------	--------------

(5) *Salarisse doserende personeel*:

2 blanke dosente 2 x £1950	£3900
1 nie-blanke hulpdosent	480

per jaar £4380

(6) *E.P.P.W. en W.-Fonds*:

2 blanke dosente	per jaar £210
------------------------	---------------

(7) *Kantooruitgawe*:

Salarisse	per jaar £480
Toerusting	vir drie jaar £100

Totaal per jaar £7950
d.w.s. £23550 + £100
vir drie jaar £23650

b. *Verskuiwing teologiese skool*:

Aflossing kapitaal en rente op 'n lening van
£7000 vir 10 jaar:

per jaar £860
d.w.s. in drie jaar £2580

c. *Sendingkantoor*:

(1) *Salarisse*:

Deeltydse skriba	£600
Tikster-klerk	240

p.a. £840

(2) *Toerusting en lopende uitgawes*:

Tikmasjien	£90
Staal-kassie	15
Skryfbehoeftes	£60 p.a.
Telefoon	60 p.a.
Kantoorhuur	25 p.a.
Reiskoste skriba	240 p.a.

£385 p.a. plus £105

Totaal £3780 vir drie jaar

d. Administratiewe Buro £240 p.a. £720

e. Reiskoste deputate en kuratore £350 p.a. £1050

I. Groot-totaal Skool en Sendingdeputate £31,780 vir 3 jaar.

II. *Sustentatie*:

a. *Sustentatie reserwate*:

- (1) Aansoek Natal £800 p.a. — aanbeveel.
 - (2) Aansoek N.-Tvl. £2500 p.a. plus £2600 kapitaal.
 - (3) Wes-Tvl. vra dat £625 oorgedra word van vorige begroting ten gunste van Mafeking — aanbeveel.
- Totaal vir drie jaar £12,500.

b. *Sustentatie blanke gebiede*:

Aansoek Oos-Tvl. £1550 p.a. d.w.s. £4650.

c. Sustentatie: Totaal vir drie jaar £17,150.

III. Totale bedrag I en II: £48,930 vir drie jaar.

IV. *Opmerkings*:

Die deputate vra die Sinode om ernstig te besin of in die toekoms verdere sustentatie gegee moet word.

Besluit: Die Sinode keur die begroting goed behoudens die volgende wysiginge:

1. Onderstaande punte (a), (b) en (c) word vir kennisgewing aangeneem, onderworpe aan die aanbevelings van die Finansiële Kommissie.

(a) In I a (6) moet die bedrag van „£210 per jaar” vervang word met „£334 per jaar”;

(b) I b moet lees „Afhlossing kapitaal en rente op 'n lening van £6000 vir 12 jaar... £670 per jaar”;

(c) I d moet die bedrag wees „£400 per jaar”.

2. By IV (Opmerkings): Aan die nuwe Sendingdeputate word opgedra om in oorleg met die sendingdeputate van die part. sinodes die volgende Sinode te adviseer hoe om geleidelik die sustentasie te verminder of eventueel te staak.

3. Verder dra die Sinode aan die Kuratorium van die Teologiese Skool vir nie-blankes op om vir die opleiding van nie-blanke predikante sowel binne- as buitelandse te kollekteer, aangesien hierdie saak op hierdie stadium baie meer geld verg as wat die Sinode daarvoor kan begroot.

(2) *Opmerkings:*

U Deputate bring verder die volgende onder die aandag van die Sinode in verband met die begroting:

(a) Dit is gebaseer op die huidige omstandighede en hou byvoorbeeld nie rekening met 'n moontlike verskuiwing van die Opleidingsentrum na 'n reservaat nie. As ons die bostaande begroting vir die skool vir 3 jaar bereken (d.w.s. afgesien van die verskuiwing en nuwe boukoste) dan kom die totaal van hierdie begroting tot £31,780 te staan. Die begroting wat deur die vorige Sinode aanvaar is vir dieselfde besonderhede, bedra vir die 3 jaar £11,425.

(b) Dit oorskry die van die vorige 3 jaar met ongeveer £20,000. Hierdie feit moet toegeskryf word aan die grootskaalse uitbreiding wat op die terrein van die opleiding en die sending in die algemeen plaasgevind het.

(c) Volgens hierdie begroting moet daar eintlik met drie kantore rekening gehou word, nl. die Administratiewe Buro, 'n kantoor vir die Deputate en 'n kantoor by die Opleidingskool.

(d) Sustentasie vir die reservate moet dan nog bykom. Die vorige Sinode het £6,000 hiervoor gestem plus £1,000 vir Kaapstad en £1,500 vir Pretoria-Oos vir 3 jaar.

Besluit: Kennis geneem van (a) tot (d).

Bedrae in (a) en (b) is gewysig volgens begroting van die Aanvullende Rapport, waar verskuiwing reeds in ag geneem is — Depte. Acta).

e. Met groot waardering moet melding gemaak word dat 'n

broeder uit Noord-Transvaal 'n plaas wat minstens £20,000 werd was vir u Deputate te koop aangebied het teen ongeveer die helfte van die waarde. Baie deeglik is ondersoek ingestel met behulp van die here E. J. Smit van Tzaneen en J. van der Goot van Louis Trichardt en di. T. T. Spoelstra en P. Pelser. Ongelukkig het u Deputate nie kans gesien om die eiendom te koop en te bewerk ten bate van die sending nie. Ons hartlike dank aan die broeder wat aangebied het, en diegene wat gehelp het met die saak om dit deeglik te ondersoek. Ons het verneem dat die broeder tog 'n groot skenking op 'n ander wyse gemaak het ten bate van ons sending in Noord-Transvaal — ons meen direk aan die betrokke sending-kommissie.

— met dank kennis geneem.

f. U Deputate wil graag sy groot waardering uitspreek vir die getroue hulp en advies van ds. Lessing i.v.m. finansies en die opstel van die begroting.

— met dank kennis geneem.

g. *Uitbouing Duvenagefonds* (vgl. Acta 1958, p. 193, punt 16).

Aan die opdrag is uitvoering gegee in die eerste plek deur 'n kommissie te benoem op grond van wie se verslag die volgende deur u Deputate besluit is en/of aanbeveel word:

(1) Dit is 'n dure plig wat op die Gereformeerde Kerk rus om die fonds uit te bou op die grondslag van die besluit van die Sinode van 1936.

(2) Dit moet so gedoen word dat daar geen skade berokken word aan die invordering van plaaslike sendingfonds en fondse van ander meerdere vergaderings nie.

(3) Die fonds moet in alle opsigte ten voordele van die sending benut word — die kapitaal as lenings vir nodige geboue en die rentes vir bediening.

(4) Die naam van die fonds moet wees „Vaste Sendingfonds”.

(5) Met die uitbou moes begin word sodra die Eeufesbedieningsfonds afgesluit is.

(6) Allereers sal 'n oproep gedoen word om 'n organisasiefonds, nl. £500.

(7) 'n Bedrag van £50 sal voorlopig uit die huidige rente van die fonds geleen word om die organisasiefonds te begin.

Die opdrag van die Sinode om die saak in *Die Kerkblad* bekend te maak is uitgevoer, en omsendbriewe is ook in hier voege aan alle kerkrade gestuur.

(8) As ideaal word gestel 'n kapitaalbedrag van minstens £25,000 binne die eersvolgende 5 jaar, d.w.s. voor die Sinode van 1964.

(9) Dr. J. A. Schutte word benoem as organiseerder, met di. P. J. de Klerk, L. J. Botha en dr. G. van der Vyver as kommissie-lede saam met hom. Aan hulle is opgedra om met die Sendingdeputate van die verskillende meerdere vergaderings te skakel.

(10) As konsepglement is die volgende gestel:

(a) Die Duvenagefonds is 'n algemene sendingfonds van die Gereformeerde Kerk ooreenkomstig die oorspronklike skenkingsvoorwaardes.

(b) Die fonds sal in sy geheel as 'n opleidingsfonds gebruik word.

(c) Die fonds word beheer deur die Sinodale Sendingdeputate.

(11) Die saak van die rentekoers word ter oorwëging na die Algemene Sinode verwys.

(12) Met dankbaarheid kan gemeld word dat bg. kommissie-ledes flink gewerk het en dat verskeie bydraes reeds ontvang is, hoewel die reaksie tot dusver betreklik teleurstellend was.

(13) Moontlik sal hieroor nog meer gerapporteer word in die aanvullende rapport.

Hierby word in behandeling geneem die volgende:

(i) Beskrywingspunt deur dr. Schutte toegelig:

Die Klassis versoek dat via die Part. Sinode by die Algemene Sinode aangedring sal word vir die omskepping van die Vaste Sendingfonds (Duvenagefonds) tot 'n fonds uitsluitlik vir die opleiding van nie-blanke bedienare van die Woord met dien verstande dat a. die naam van die fonds voortaan sal wees „Die opleidingsfonds vir nie-blanke leraars” of „Nie-blanke Teologiese Skoofonds”; b. ingekome bydraes vir die saak nie langer op 'n vaste kapitaal-fonds sal belê word nie maar gebruik sal word vir noodsaaklike uitgawes wat van tyd tot tyd mag voorkom. Voorts word die Algemene Sinode gevra om 'n dringende beroep op alle kerke te doen om vir hierdie saak ruim te offer. — Part. Sinode Oos-Transvaal. (Toeligting deur ds. L. S. van der Walt, sek. dr. J. A. Schutte.)

(ii) Ook word die saak van die „Vaste Sendingfonds” hierby behandel (vgl. 3 (art. 15. b. S.O.) e., bl. 196).

(iii) Daar is verder 'n *beskrywingspunt* ontvang van die Klassis Oostelike Kaapland (vgl. art. 18. B. 2. (c): „Die eerw. Sinode word versoek om die bydraes vir die Vaste Sendingfonds op dieselfde grondslag te organiseer as die Eeufesbedieningsfonds”).

Besluit: 1. Op voordrag van die Moderamen word besluit dat die tweede beskrywingspunt (iii) nie ontvanklik is nie, omdat dit deur die vorige Sinode (Acta 1958, bl. 193, pt. 16) reeds afgewys is.

2. Die Sinode besluit dat aan die aanbeveling van die deputate en aan die beskrywingspunt nie gevolg gegee word nie maar dat die Duvenagefonds bly soos dit oorspronklik bedoel is (Handelinge Alg. Sinode 1936, bl. 153) en dat die naam „Vaste Sendingfonds” verkeerdlik gebruik is vir die Duvenagefonds.

11. Art. 15 j. S.O.

Koördinasie van sendingwerk.

a. Skakeling met ander meerdere vergaderings is reeds in die voorgaande genoem. Dit het veral gegaan om die toekenning en besteding van die sustentasie in die reservate.

b. 'n Vraelys is weer uitgestuur aan alle gemeentes en meerdere vergaderings om 'n oorsig te kry van die feitelike toestand van sake in die sending van ons Kerk. Die gegewens hieruit verkry, sal in die aanvullende rapport gegee word. Groot stof tot dankbaarheid is die feit dat dit blyk dat om en by die 100 gemeentes van ons Kerk nou besig is met sendingwerk, terwyl die getal in 1957 slegs 49 was. Die beginsel dat elke plaaslike kerk sendende kerk is, werk dus pragtig in ons Kerk.

Ann. Rapp.: Op grond van genoemde vraelys en die almanak van 1958 en 1961 verstrekk ons die volgende gegewens (finansiële gegewens alleen by grofste benadering):

	1957	1960
a. Aantal sendende kerke	49	102
b. Aantal nie-blanke kerke	11	32
c. Aantal belydende lidmate nie-blanke kerke	2345	5081
(d.w.s. vermeerdering ongeveer 112%, idem vermeerdering blanke kerk ongeveer 5.3% belydende lidmate.)		
d. Aantal nie-blanke predikante in diens	6	14
(vermeerdering 133%, idem blanke kerk 23%)		
e. Bedrag bestee vir sending in 1957 £30,000, d.w.s. 13/8 per belydende lidmaat, in 1960 £40,770, d.w.s. 15/- per belydende lidmaat. Hiervan kom uit ramings eie gemeente £11,742, uit vrye bydraes £7,276, van die klassis £4,060, van die part. sinode £10,122, van die Alg. Sinode £3,570. Die Alg. Sinode self bestee £4,000.		
f. 98 sendende gemeentes doen sending onder naturelle, 18 sendende gemeentes doen sending onder kleurlinge, 2 sendende gemeentes doen onder Indiërs sending.		
g. Deur 54 kerke word op plase sending gedoen, deur 64 kerke word in dorpslokasies sending gedoen, deur 21 kerke word in naturelle-reserwes sending gedoen, deur 11 kerke word in myn- en ander kampongs sending gedoen.		
h. Sending word deur 54 kerke self (d.w.s. deur die gemeente alleen) gedoen.		
Sending word deur 52 kerke in kombinasie met naburige gemeentes gedoen.		
Sending word deur 24 kerke met behulp van die klassis gedoen.		
Sending word deur 19 kerke met behulp van die part. sinode gedoen.		
Sending word deur 15 kerke met behulp van die alg. sinode gedoen.		
i. Kerke gebruik die onderstaande werkkragte om sending te doen: 58 kerke gebruik die plaaslike predikant, 20 'n blanke sending-		

leraar, 16 'n blanke oefenaar, 42 'n natuurleeraar, 62 kerke gebruik natuurelhelers. *Aantal sendingleraars*: 1957 5, 1960 7 (en 1 deelyds).

- j. Kapitaalbesteding in jongste tyd: £29,584. Jaarlikse lopende uitgawes: £200,014, plus sinodaal: £4,000.
- k. Binne die ressort van die gemeentes is daar die volgende moontlikhede vir verdere sendingaksie: Op plase 83, in bestaande dorpslokasies 70, in nuwe of op te rigte dorpslokasies 43, in natuurelreservate 48, in myn- en ander kampongs 42. 23 gemeentes kan die moontlikhede ontgin, 72 gemeentes het die hulp nodig van naburige gemeentes, 56 van die klassis, 45 van die part. sinode, 41 van die algemene sinode.
- l. In 41 gemeentes is daar plaaslik (of wyer) enige samewerking of/en ooreenkoms met ander kerke. In 6 gemeentes is al probeer om so iets te verkry.
- m. 66 kerkrade is ingeteken op *Die Oes*. 118 kerkrade versprei *Rugama*. 47 kerkrade het eksemplare van die Geloofsleer (*Tumelo ea Bakreste*) bestel.

Besluit: Hiervan word kennis geneem.

12. Slot.

Daar is nog enkele sake wat u Deputate besig is om te ondersoek en wat in die aanvullende rapport aan u voorgelê sal word.

Aanv. Rapp.:

(i) Die Sinode word gevra dat ds. L. J. Botha die vergadering bywoon as adviseur.

— **Reeds afgehandel** (vgl. art. 19 by art. 2 B).

(ii) 'n Versoek is van die Potchefstroomse Sendingkommissie ontvang dat die saak van Bantoe-vroueverenigings of hulpaksie deur die deputate weer oorweeg word. U deputate vra die Sinode om hom hieroor uit te spreek.

— **Dit hoort nie tuis op die tafel van die Sinode nie.**

(iii) Aangesien u deputate in sy werksaamhede in aanraking gekom het met moeilikhede waar dit skyn asof die Staatsbeleid of/en sy toepassing die sendingwerk benadeel, is 'n studiekommissie benoem om op die saak in te gaan. Aangesien die tyd egter ontbreek het, om behoorlik op die saak in te gaan, word dit aan die Sinode voorgelê vir verdere studie of, en indien wel, in hoeverre staatsbeleid sending benadeel.

— **Die vergadering neem kennis van hierdie sake.**

(iv) Dit word by die Sinode aanbeveel dat Deputate 9 pennies per myl reiskoste sal ontvang sonder daggeld wanneer hulle reis waar daar geen trein is nie.

— **Goedgekeur, na verwysing na Finansiële Kommissie** (vgl. 1. a. (2) en art. 175. B. 5).

(v) 'n Studiekommissie is benoem oor die kursus vir missionêre leraars. Ongelukkig is dit per abuis nie behandel op die Deputate-vergadering nie. Aangesien die saak egter dringend is, versoek onderget. namens diegene aan wie dit opgedra is, om die verslag in orde te bring dat die Sinode dit in behandeling neem en daaroor besluit. Die verslag lui soos volg:

Ondergetekendes beveel aan dat Art. 19 van die S.O. as volg geformuleer word:

Die teologiese kursus vir die opleiding van missionêre leraars aan die Teologiese Skool op Potchefstroom is dieselfde as van alle bedienaars van die Woord met dien verstande dat i.s. Etiek-Apologiek en Kerkgeskiedenis die B.-kursusse gevolg word en i.s. Sendingleer-Elenktiek en Sendinggeskiedenis die A.-kursusse.

Die propedeutiese kursus is dieselfde as die vir alle voornemende teologiese studente met dien verstande dat die volgende in die leerang ingesluit word: Volkekunde I en 'n Bantoetaal I.

Verder moet nog 'n kursus in die eerste beginsels van mediese hulp gevolg word.

Get. W. J. Snyman en H. du Plessis.

Besluit: Die Sinode keur die gewysigde formulering van art. 19 Sendingorde goed, en verwys dit na die Kuratorium van die Teologiese Skool (Potchefstroom).

B. Hierby word in behandeling geneem die beskrywingspunt:

Die Eerw. Klassis vra om die volgende saak via die Part. Sinode na die Algemene Sinode deur te stuur. Die Sinode ondersoek die moontlikheid vir geestelike bearbeiding van nie-blanke bediendes wat onder ons woon. — Part. Sinode Oos-Transvaal. (Toeligtig deur dr. J. A. Schutte.)

Besluit: Die Sinode dra dit aan die Sendingdeputate op om oor hierdie saak met die Owerhede te onderhandel en die kerkrade van inligting en advies te dien.

Besluit: 1. (Art. 65) — Die Voorsitter spreek gelukwense uit aan die adres van ds. L. J. Botha, wat benoem is as dosent van Dube.

2. (Art. 65) — Die vergadering aanvaar met dank die Rapport, behoudens die punte wat na die kommissie ad hoc verwys is. Ook word besonderlik dank uitgespreek vir die onvermoeide arbeid van ds. D. C. S. van der Merwe en ook aan die Kerkraad van Potchefstroom-Noord en ander kerkrade in Potchefstroom dat hulle hom geleentheid gegee het om dié werk te doen.

3. (Art. 128) — Die Rapport word met dank aanvaar, met besondere vermelding van die groot werk wat deur die deputate verrig is.

Art. 55 — POUSE.

Die vergadering verdaag vir tee.

Art. 56 (Seënwense). Kyk by art. 14.

Art. 57 (92. A.; 124; 130)

Diakonale sake.

A. 1. Die rapport van die deputate (t.w. prof. S. P. van der Walt, di. J. Postma, A. L. Aucamp, J. J. S. Venter en brs. diak. Alwyn Marx, Nico Venter, S. J. P. Bosua, H. S. van der Walt, met P. Buizer (sek.)) word toegelig deur br. Van der Walt.

2.(a) 'n Kommissie ad hoc word verkies (met lede: di. H. F. V. Kruger, P. J. de Klerk, J. Visser, A. S. L. Minnaar; oudll. B. J. van der Walt en G. Botha) en ds. Visser gee toeligtig.

(b) Die opdrag van die kommissie is:

„Die rapport van die deputate word verwys na 'n kommissie vir preadvies, om ook in te gaan op die opdrag van die te benoeme deputate. Ook op die feit dat verteenwoordigers van die diakonale konferensie ter Sinode kom en die vergadering toespreek, sal hierdie kommissie ingaan”.

B. *Rapport.*

U Deputate is dankbaar om hierdie rapport aan die eerwaarde Sinode voor te lê:

1. *Sake rakende die Deputaatskap.*

Sedert die sitting van die vorige eerwaarde Sinode is br. H. S. van der Walt aangestel as hoofamptenaar van die diakonale inrigtings in die plek van wyle br. Frans van der Walt, wat deur die dood weggeneem is nadat hy deur die genade van God meer as 25 jaar lank verbonde was aan die oprigting en bestuur van die tehuise en die organisasiewerk daaraan verbonde.

Met dankbaarheid kan u Deputaatskap getuig van die groot werk deur die oorlede broeder gedoen en die besondere ywer waarmee hy in die diens van barmhartigheid gearbei het. Sedert sy afsterwe gedurende November 1958 is die beheer van die Deputaatskap se sake tot einde Augustus 1959 tydelik waargeneem deur br. H. S. van der Walt, wat daarna in voltydse diens getree het, soos reeds vermeld. Die broeder se plek op die Deputaatskap is sedert hierdie datum gevul deur sy sekundus, br. P. Buizer.

Soos later uit hierdie rapport sal blyk, brei die werksaamhede van die Deputaatskap aansienlik uit met die oprigting van 'n derde kindertehuis te Reddersburg en 'n tweede Ouethuis te Nylstroom. As gevolg hiervan word aanbeveel ooreenkomstig art. 3 (e) van die statute van u Deputaatskap dat die ledetal daarvan vermeerder word tot 12, waaronder die volgende:

a. Drie predikante uit die provinsie Transvaal (een elk in Johannesburg, Pretoria en Nylstroom, of so naby moontlik aan hierdie plekke);

b. een predikant uit Kaapland;

c. een predikant uit die O.V.S.;

d. vier diakens uit die Transvaal (twee in Johannesburg en een elk in Pretoria en Nylstroom of so naby moontlik aan hierdie plekke);

e. een diaken uit die O.V.S.;

f. een diaken uit Kaapland.

Verder kan u Deputate dankbaar vermeld dat hulle deur Gods genade gereeld kon vergader, soms as volle Deputaatskap en andersins as Dagbestuur. Ook kan getuig word dat die volle samewerking van die Plaaslike Besture van die inrigtings sowel as die personeel altyd verkry is.

Besluit: Dit word goedgekeur en die Sinode bring in dankbare herinnering die groot en toegewyde arbeid wat gedoen is deur wyle br. Frans van der Walt; ook word die aanstelling van br. H. S. van der Walt deur die Sinode verwelkom.

2. *Finansies.*

U Deputate is van mening dat die finansiële toestand van die inrigtings gesond is, danksy die ruime hydraes wat uit die kerkverband ontvang is, t.w. ongeveer £88,000 gedurende die afgelope drie boekjare. Die gesënde barmhartigheidsdiens in die Gereformeerde Kerk is hoofsaaklik verantwoordelik vir die ondersteuning uit die kerkverband en vir die gunstige omstandighede wat betref die stoflike versorging van die inrigtings.

Ons verstrek hier 'n opsomming van die inkomste en uitgawes vir die afgelope drie boekjare:

	1957/8	1958/9	1959/60
Inkomste	£28,636	£29,189	Ongeveer 30,000
Uitgawes	£26,798	£26,177	Ongeveer 27,000

(insluitende waardeverminderinge)

Verder is die geskatte waarde van voedselware en ander geskenke ontvang ongeveer £6,000.

Ook is op die persele groente en melk geproduseer ter waarde van ongeveer £4,000. Hierdie opbrengste is feitlik ten volle deur die tehuise verbruik.

Skenkings ontvang uit boedels bedra £700, en die totaal ontvang as erflatings sedert 1947 beloop nou £4,110.

Van hierdie bedrag is £1,514 ontvang uit die boedel van wyle br. en sr. Van Tilburgh en aangewend vir die spesifieke doel om 'n ekstra slaaplokaal aan te bou by die Pretoria-inrigting. Die saldo van £2,596 is op lang termyn belê, en slegs die rente daarop word as inkomste beskou.

Die Deputaatskap wil hiermee sy besondere en innige dank betuig aan ons gemeentes, diakonieë, sustersorganisasies, lidmate en ander instansies vir hul volgehoue ondersteuning. Bowenal die dankbaarheid van ons Kerk aan die getroue Verbondsgod vir sy seënende hand oor ons inrigtings.

Besluit: Dit word goedgekeur, en die Sinode neem met dankbaarheid kennis van die wyse waarop die inrigtings in stand gehou word deur middel van hydraes uit die kerkverband.

3. Die President Kruger-tehuis, Pretoria en Johannesburg.

a. Die diakonieë sowel as die Sustersorganisasies stel in hoofsaak die Plaaslike Besture van die tehuise saam volgens die konstitusie, en onder toesig van hierdie besture word die werksaamhede gereeld en met welslaë voortgesit in oorleg en samewerking met die huisouers.

Gedurende die afgelope drie jaar is 115 kinders opgeneem in die inrigtings en 91 uitgelaat. Sedert totstandkoming is 'n totaal van 496 opgeneem en 349 uitgelaat, sodat daar op 1 April 1960 'n getal van 147 inwoners was, 96 te Johannesburg en 51 te Pretoria.

Met groot dankbaarheid kan gemeld word dat nog nie 'n enkele kind deur die dood ons ontnem is sedert die oprigting in 1939 van die eerste tehuis op Pretoria nie. Ook is die algemene gesondheid van die kinders heeltemal bevredigend, en as gevolg van gratis mediese dienste in die Transvaalse provinsiale hospitale wat naby die inrigtings geleë is, is die uitgawes in hierdie verband minimaal.

Deur die goeie gesindheid en hulp van lidmate oor die hele land sowel as van familieleden en ander belangstellendes, was dit nog altyd moontlik om die kinders gedurende die twee lang vakansies uit te plaas by gesinne, sodat familie- en vriendskapsbande ook op hierdie wyse gevorm en versterk kan word. Die plan bestaan om D.V. aan die einde van 1960 'n groep van 60 kinders met vakansie na die Glenmorestrandoord van die *Vaderland* se Strandfonds te neem. Gratis vervoer is aangebied deur 'n goëdgesinde vriend van 'n susterkerk, en die gemelde Strandfonds neem die versorging waar teen 'n nominale fooi van £4.10.6 per kind per maand. Deur ondersteuning van diakonieë en ander was dit ook moontlik vir al die kinders om die eeufees te Rustenburg by te woon. — **Kennis geneem.**

b. *Opvoeding en onderwys:* Die kerk en kerkisasie word gereeld deur die kinders besoek, en jaarliks word belydenis van geloof afgelê deur 'n aantal kinders. By die tehuise is die huisouers en personeel behulpsaam met die voorbereiding van kerkisasielesse. Die I.V. word gereeld bygewoon deur die groter kinders.

Die skoolpligtige kinders besoek die Afrikaansmediumhoër- en laerskole in die omgewing van die tehuise, terwyl sommige ook handelskole bywoon. Ongelukkig moet daar van tyd tot tyd ook sommige die spesiale klasse of skole vir vertraagdes bywoon. Gedurende

die tydperk onder bespreking het 10 kinders hulle studie voltooi aan die P.U. vir C.H.O. en die Heidelbergse Onderwyserskollege en beklee hulle almal goeie betrekkinge. Tans is nog drie studente besig met studie aan gemelde inrigtings. Met dankbaarheid kan getuig word dat hydraes vir die studiefonds van die Deputaatskap heelwat gestyg het in vergelyking met die vorige tydperk. Die meeste studente maak egter ook ruimskoots gebruik van ander studieleenings en -beurse.

Die geestelike vorming van die kinders is en bly 'n moeilike taak wat steeds die aandag van die Plaaslike Besture en van die Deputaatskap geniet. Die proses van rehabilitasie van sorgbehoevende kinders is besonder ingewikkeld. 'n Suster met akademiese opleiding in sosiale wetenskappe is aangestel op die personeel te Johannesburg, om o.a. waar moontlik ook aan die assistentes leiding te gee insake gedragsafwykende en ander probleemkinders.

— **kennis geneem.**

c. *Personeel:* Die Deputaatskap ondervind van tyd tot tyd moeilikheid om die geskikte personeel vir die inrigtings te bekom en skryf die rede hiervoor hoofsaaklik toe aan die hoë lone en salarisse wat deur staatsinrigtings aangebied word. Dit het dan ook veroorsaak dat verhogings in die skale oorweeg moes word. Die werk deur die personeel verrig, en in besonder die van die huisouers, word besonder hoog gewaardeer. Dit is veeleisend in alle opsigte. Dit is ook nie altyd moontlik om Gereformeerde lidmate te bekom wat hulle aanbied as assistentes in die tehuis nie. Die toestand is egter tans redelik bevredigend, danksy die hulp wat broeders predikante uit die platteland in hierdie verband gelewer het. 'n Beroep word gedoen op afgevaardigdes om in hierdie opsig behulpsaam te wees deur die Deputaatskapskantoor in kennis te stel van enige lidmate wat hulle vir werk in die tehuise aanbied.

— **Goedgekeur, asook die res van die Rapport.**

Nasorghostel en boerdery: 'n Hele aantal kinders het reeds in die hostel ingewoon nadat hulle die skool verlaat het. Sodoende is hulle gehelp om eers in 'n mate selfstandig te word, maar omdat geen hoë losiesgeld gevorder word nie, word aansienlik verliese gely op hierdie inrigting. Die opbrengs van melk en groente word gebruik in albei die inrigtings en bereken teen markwaardes maar is nie voldoende om die tekort op losiesgeld uit te wis nie. Op die oomblik woon 8 jongmense in die hostel, en sommige kan miskien 'n hoër losiesgeld bekostig, maar weens ontoereikende geriewe in die gebou voel die Deputaatskap hom nie geregtig om sodanige losiesgeld te vorder nie. Die seuns en dogters in die hostel is almal belydende lidmate van die Gereformeerde Kerk en woon gereeld die eredienste by. Nogtans is die leiding en voorligting van die huisouers 'n noodsaaklike vereiste vir die verdere opvoeding van kinders wat in 'n inrigting opgegroeï het.

Terreine en geboue: Gedurende die tydperk onder behandeling is meer as £2,000 bestee om die geboue van binne en buite te laat verf, en tans vertoon albei pragtig. Ook is een van die slaapkloke van die Johannesburgse tehuis onlangs vergroot teen 'n koste van ongeveer £500.

Op die Johannesburgse terrein is 'n ou en vervalde woonhuis afgebreek. 'n Korfbalbaan is op die plek aangelê en aangrensend 'n afdak as speelterrein en ontspanningslokaal. 'n Soortgelyke afdak is ook op die Pretoriase terrein opgerig, en in albei gevalle het goedgesinde organisasies, die vriendekringe, ongeveer die helfte van die oprigtingskoste, wat die totaal van £1200 oorskry het, gedra. Ook het 'n Engelse organisasie in Johannesburg meer as £400 bestee om 'n aantal beddens, binneveermatrassé, 'n radiogram en luidsprekerstelsel, tappte en skilderye te verskaf. In Pretoria is ook 'n radiogram met luidsprekersverbinding na die slaapkloke deur die plaaslike vriendekring geïnstalleer.

Uitbreiding: U Deputate mag dankbaar vermeld dat die oprigting te Reddersburg van 'n derde kindertehuis vinnig vorder. 'n Boulening is toegestaan deur die Nasionale Behuisingskommissie vir ongeveer £27,000 — teen $\frac{3}{4}$ % rente, en geld vir die koste van ameublement word reeds ingesamel deur die Sustersorganisasies. Diakoniek dra ook reeds hiertoe by.

Die nuwe tehuis sal voorsiening maak vir 65 kinders en die kwessie oplos van ruimte vir die groter aantal dogters wat gehuisves moet word. Ook sal in hierdie nuwe inrigting 'n meer huislike atmosfeer heers, daar geen groot slaapsale gebou word nie.

Grond wat grens aan die dorpsgronde van Reddersburg, is aangekoop om te voorsien in die waterbehoefte. Ook is ons van voorneme om hier produkte te lewer ten behoeve van die inrigting.

Dirk Posma-ouetehuis, Burgersdorp:

Met dankbaarheid teenoor die Here kan u Deputate berig dat die 27-tal oues van dae wat tans hier inwoon, goed versorg word en gelukkig en tevrede is. Vir meeste van hulle verskaf die inrigting 'n rustige lewensaand. Gedurende die afgelope drie jaar is 3 persone oorlede, 11 opgeneem en het 4 weer die tehuis verlaat. Die gebou is in goeie toestand, en ekstra akkomodasie in die vorm van 'n woonstel is aangebou teen 'n koste van bykans £1500. Ook die terrein is verbeter, danksy ekstra bydraes van Kaapland se diakonieë, en 'n bykomstige stuk grond is deur die spoorweë aan die tehuis geskenk. Ook hier word melk en groente geproduseer, en die ou broeders is behulpzaam in hierdie werk.

Die behoefte aan 'n afdeling vir verswakke oues van dae is baie groot, en u Deputate gee hieraan die nodige aandag. Daar word gehoop om eerlang in hierdie opsig die nodige stappe te doen.

Uitbreiding: Weens die groot behoefte aan 'n tehuis vir oues van dae in die noorde het u Deputate besluit om sodanige tehuis op

te rig te Nylstroom op grond wat deur die plaaslike eerw. Kerkraad vir die doel geskenk is. Voorsiening word gemaak vir 40 inwoners, van wie 5 in 'n afdeling vir verswaktes sal kan inwoon. 'n Opname het getoon dat daar reeds heelwat meer as 50 ou broeders en susters is wat begerig is om opgeneem te word, maar dit is duidelik dat nie almal gehuisves sal kan word nie.

Algemeen: U Deputate is dankbaar om te meld dat kerkrade in wie se ressort die diakonale inrigtings geleë is, besondere belangstelling toon en die inwoners gereeld besoek. Baie lidmate en ander belangstellendes lê van tyd tot tyd besoek af. Sustersorganisasies, vriendekringe en ander goedgesinde persone trakteer dikwels die inwoners op verskillende maniere.

Van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene word die allerbeste samewerking verkry, en omvattende inspeksierapporte oor die kindertehuse toon dat die werk wat hier gedoen word, hoog aangeskryf staan. Onlangs is 'n spesiale toelaag van £1500 van die Departement ontvang en is hoofsaaklik aangewend vir skoonmaak-koste, die vergroting van 'n slaapklokaal en die aankoop van etlike artikels vir toerusting.

Daar kan spesiaal vermeld word dat die Departement nie in die minste inmeng met die bestuur van ons inrigtings nie en alles laat in die hande van die Plaaslike Bestuur en die Deputaatskap.

Met innige dank teenoor God vir die baie seëninge op die terrein van die barmhartigheidsdiens van ons Kerk meen die Deputate dat hulle voldoen het aan hulle opdrag.

C. Besluit:

1. Daar word weer deputate vir diakonale sake benoem.
2. Mandaat van die te benoemde deputate:

a. *Historiese verloop:*

Deur die Sinode van 1924 (Acta, p. 16, art. 47) is die beginsel van hierdie saak in 'n groot mate suiwer gestel. Die Sinode besluit naamlik: „Om uit te spreek die wenslikheid dat, waar sodanige behoefte bestaan gesinsverpleging die mees wenslike is, maar waar dit onmoontlik is, 'n begin met sulke inrigtings gemaak moet word en beveel aan dat die diakonieë van Rustenburg, Reddersburg en Burgersdorp met mekaar hieroor sal onderhandel”.

Hierin kom egter 'n wysiging deur die Sinodebesluit van 1933 (Acta, p. 132, art. 109) waar die oprigting van 'n weeshuis gelaat word aan die inisiatief van die diakonieë van Transvaal; ook moet die diakonieë van Transvaal die nodige stappe doen om die terrein vir die weeshuis op die naam van 'n regs persoonlikheid volgens bepalings van die K.O. getranspoteer te kry. Hierdie bogenoemde besluit is egter deur die Sinode van 1945 herroep (Acta, p. 15—20, art. 15, 148, 154 en 194): „Hiermee word herroep die volmag wat kragtens art. 109 van die Acta van

die Sinode van Pretoria 1933 gegee is aan 'n kerkregtelik-onbekende liggaam, genoem „Diakonieë van Transvaal”, om 'n weeshuis te beheer en hierdie mandaat word verstrekk aan die Sinodale Deputaatskap vir Diakonale Sake”.

Ook is deur hierdie Sinode besluit dat die diakonale konferensies, soos by die vorige Sinode, gevra sal word om hul verteenwoordigers op hierdie deputaatskap te benoem (p. 20). Ook moes die deputate, alvorens hulle tot 'n finansiële transaksie van buitengewone aard besluit, eers die goedkeuring kry van die betrokke Part. Sinode.

Ten einde hierdie mandaat wat aan hulle verstrekk is, te kan uitvoer het die Sinode van 1945 aan die deputate opgedra om as regspersoon geregistreer te word, maar aan die Sinode van 1949 is gerapporteer dat dit onmoontlik was om hierdie bepaalde opdrag uit te voer met handhawing van die beginsels van die K.O., en daarom het die deputaatskap pro forma die karakter van 'n utiliteitsmaatskappy aangeneem.

Die deputate het tot op datum steeds opgetree kragtens die besluite van die Sinode van 1945 en 1949.

b. *Opdrag.* Aan die te benoeme deputate word die volgende opdrag gegee:

(1) Om met die Regering te onderhandel ten einde die bestuur en beheer van die barmhartigheidsinrigtings in ooreenstemming met die K.O. te kan bring;

(2) om plaaslike besture vir die inrigtings saam te stel in ag nemende dat minstens twee lede van elke plaaslike bestuur lede moet wees van die plaaslike kerkraad in wie se gebied die betrokke inrigting ressorteer;

(3) om trustees te wees van alle eiendomme wat verkry word kragtens sy opdrag, en in regte op te tree vir daardie belange;

(4) om 'n kantoor in stand te hou met 'n voltydse amptenaar;

(5) om die ingesamelde geld vir die barmhartigheidsdienste onder sy opdrag te administreer;

(6) om 'n studie te maak van die aspekte van die barmhartigheidsdiens onder sy opdrag en die skakel te wees met die Regering en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsverenigings volgens art. 26 K.O.

c. Die Sinodebesluit van 1945, bl. 19, die voorlaaste paragraaf, die woorde: „U deputate wil...” tot en met „... daaraan sy goedkeuring moet heg”, op bl. 20, die laaste paragraaf, word herroep.

D. *Beskrywingspunte.*

Ook word in behandeling geneem die beskrywingspunte:

a. Die Partikuliere Sinode versoek die eerw. Algemene Sinode om hom uit te spreek oor die verteenwoordiging van diakens op

die meerdere vergaderings. Ter inligting word 'n studiestuk saamgestuur sonder dat dit die offisiële standpunt van die Sinode verteenwoordig. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Vgl. hierby art. 18. D. 3. (j)).

b. Die Klassis versoek die eerw. Algemene Sinode om hom uit te spreek oor die moontlikheid dat diakens toegelaat word om meerdere vergaderings in 'n adviserende hoedanigheid by te woon wanneer diakonale sake behandel word. — Klassis Krugersdorp.

c. Die eerw. Algemene Sinode gee aandag aan die afvaardiging van diakens na meerdere vergaderings. — Part. Sinode Wes-Transvaal.

Besluit: Aan hierdie drie beskrywingspunte word nie gevolg gegee nie.

d. Die eerw. Algemene Sinode spreek hom uit oor die wenslikheid van gereelde en stelselmatige diakonale besoek. — Klassis Krugersdorp.

Besluit: Die Sinode verwys Klassis Krugersdorp na art. 25 K.O. en die Formulier vir die bevestiging van diakens, waar duidelik genoeg gespreek word oor die ampswerk van die diakens.

E. *Verteenwoordiger van diakens.* (Vgl. art. 18. D. 3. (e)).

1. Die Voorsitter verwelkom br. diaken J. P. Vermeulen, wat namens die Diakonale Konferensie van Transvaal gekom het, en br. H. S. van der Walt, organiseerder van die inrigtings vir wese en bejaardes van die Gereformeerde Kerk.

2. Br. J. P. Vermeulen spreek die vergadering toe.

3. Die kommissie ad hoc rapporteer (art. 124. 5) en die vergadering

Besluit: Hierdie praktyk word gestaak.

Art. 58. (Sending). Kyk by art. 54.

Art. 59. (Groete Ned. Herv. Kerk). Kyk by art. 16.

Art. 60. *Kommissies:*

(A) (I.s. aanwysing deputate). Kyk by art. 15. D.

(B) (I.s. sending). Kyk by art. 54. A.

Art. 61. *Sluiting.*

Met die oog op vergaderings van kommissies in die aand verdaag die Sinode met sy werksaamhede voor die aandete. Oudl. J. M. Lessing laat Ps. 86 : 6 sing en gaan voor in gebed.

DINSDAG 31 JANUARIE 1961.

Art. 62. *Opening.*

Die Voorsitter open die vergadering deur te lees 1 Kor. 1 : 1-9. Daarna laat dr. S. J. van der Walt sing Ps. 84 : 6, en hy gaan voor in gebed.

Art. 63. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Art. 64. — *Notule*.

Die notule word vasgestel tot art. 44.

Art. 65. (Sending). Kyk by art. 54.

Art. 66. *Mosies*.

Die kommissie benoem i.s. mosies (vgl. art. 15. A.) lewer verslag aan die vergadering. Die verslag word gelees en die vergadering betuig sy meegevoel deur vir 'n wyle op te staan.

Eerwaarde Voorsitter en Broeders,

Die Kommissie het onderstaande mosies in ontvangs geneem en wil dit aan die eerw. Vergadering voorlê:

a. Mosies van roubeklag met die afsterwe van die volgende predikante:

- i) wyle ds. G. B. S. Pasch van Potgietersrus.
- ii) wyle ds. B. J. de Klerk, emeritus predikant van Boksborg.
- iii) wyle ds. T. N. Venter, emeritus predikant van Piet Retief.

Die Kommissie wil aanbeveel dat briewe van meegevoel aan die naasbestaandes van die oorlede broeders gerig sal word.

b. Mosies van roubeklag met die afsterwe van die volgende ouderlinge wat in lewe algemeen bekend was en/of op die Sinode as deputate gedien het:

- i) wyle oudl. C. A. van der Linde van Bloemfontein;
- ii) wyle oudl. G. A. Coetzee van Ficksburg;
- iii) wyle oudl. J. Jooste Henning van Burgersdorp;
- iv) wyle oudl. J. F. Venter van Dordrecht;
- v) wyle br. C. G. van der Walt, 24 jaar lank ouderling te Odendaalsrus;
- vi) wyle oudl. H. van Biljon van Aliwal-Noord;
- vii) wyle br. Willem Steyn van Venterstad;
- viii) wyle oudl. J. Koelewyn van Linden;
- ix) wyle oudl. H. C. Kruger van Bloemfontein-Wes;
- x) wyle br. Tjaart Steyn van Viljoenskroon;
- xi) wyle oudl. P. C. J. R. Coetzer, eers van Paulpietersburg en daarna van Vryheid;
- xii) wyle oudl. G. N. du Plessis van Clanwilliam (vader van ds. A. J. du Plessis van Steynburg);
- xiii) wyle br. Willie Venter, jare lank ouderling te Postmasburg, wat vanoggend oorlede is.
- xiv) wyle br. H. Graphorn (vader van oudl. F. F. Graphorn).

Die Kommissie beveel aan dat briewe van meegevoel aan die naasbestaandes van die oorlede broeders gerig word.

c. Mosies van roubeklag met die heengaan van die volgende sone en die betuiging van ons meegevoel met die betrokke deputate hier teenwoordig:

- i) die moeder en twee broers van dr. G. C. P. van der Vyver;

ii) die eggenote van oudl. P. W. Buys, deputaat op hierdie Sinode;

iii) die eggenote van oudl. D. J. Coetsee, deputaat op hierdie Sinode;

iv) die vader van dr. S. J. van der Walt;

v) die moeder van ds. L. F. Schulze;

vi) die skoonvader van ds. M. J. Booyens;

vii) sr. A. du Plessis, eggenote van wyle prof. J. A. du Plessis en vader van prof. H. du Plessis;

viii) sr. M. du Plessis, eggenote van wyle ds. D. P. du Plessis;

ix) sr. M. Postma, eggenote van wyle ds. D. Postma;

x) br. Frans van der Walt, ouderling van Johannesburg-Oos, en organiseerder van ons Barmhartigheidsinrigtings;

xi) wyle oudl. H. B. Kruger van Vereeniging wat ongetroud was (wyle br. Kruger het in sy Testament £4,000 aan ons Barmhartigheidsinrigtings bemaak);

xii) wyle br. E. F. J. Snyman;

xiii) wyle br. J. P. Malan, vader van ds. C. J. Malan;

xiv) wyle br. D. J. du Plessis, vader van dr. S. J. du Plessis.

d. Die Kommissie wil aan die hand doen dat briewe van groete en bemoediging gerig word aan al ons emeritus predikante wat nie meer in aktiewe diens staan nie, asook aan ds. B. J. Lombard in sy siekte.

Art. 67. (161, 164).

E.P.P.W. en W.-Fonds.

A. Die Rapport en Aanvullende Rapport van die deputate (t.w. di. T. T. Spoelstra, I. J. Lessing, A. A. Venter, prof. J. M. de Wet (P.U.), prof. D. J. van Rooy en br. G. P. Schoeman) word deur ds. Lessing toegelig.

'n Kommissie ad hoc word verkies (as lede: di. D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte), C. E. Malan, L. S. Kruger, A. A. Venter, oudl. F. F. Graphorn, H. B. Kruger, J. H. van der Merwe, F. F. Deysel, M. C. E. Moodie, J. A. Venter, J. A. L. Taljaard, J. C. Venter, W. P. Andersen, L. J. van der Schyff, C. A. Buys) en hulle verslag word toegelig deur ds. D. J. van der Walt.

B. *Rapport (en dele van Aanvullende Rapport).*

U Deputate wens die volgende rapport aan u voor te lê:

1. *Emeritering*: Sinds die vorige Sinode is die volgende broeders geëmeriteer: di. B. J. de Klerk, A. S. E. Yssel, D. G. Venter, J. C. van der Walt en H. J. Venter. — **kennis geneem.**

2. *Oorlede*: Met leedwese moet vermeld word dat gedurende hierdie periode oorlede is emeritus-predikante di. T. N. Venter en

B. J. de Klerk en predikantsweduwees susters A. du Plessis, M. Postma en M. du Plessis en een diensdoende predikant, ds. G. B. S. Pasch. — **In die mosie (art. 66) reeds hieroor gehandel.**

3. *Uitkerings*: Daar word aan 27 gevalle uitkerings gedoen, en binnekort sal daar nog 'n geval bykom. Die maandelikse bedrae sal dan £885 wees. — **Goedkeurend kennis geneem.**

4. *Aktuariële waardering* van die Fonds sal na die opstelling van die finansiële state na 30 Junie 1960 aangevra word. Ongelukkig sal die bevindinge van die verslag van die aktuaris nie in die rapport opgeneem kan word nie, aangesien die rapporte vir die Agenda van die Sinode tot 30 Junie ingedien kan word. Daarom vra u Deputate beleef verlof om die bevinding tydens die sitting van die Sinode aan u voor te lê.

Aanvullende Rapport: 'n Rapport oor die fonds is verkry van 'n onafhanklike konsulerende aktuariële firma. Die verslag sal beskikbaar wees om ter tafel gelê te word, indien dit verlang word. Die verslag stel die grondslag van bydraes op £162 per diensdoende predikant.

Komm.-verslag: Hierdie verslag was ter beskikking van u Kommissie gestel. Die verslag stel die grondslag van bydraes op £162 per diensdoende predikant per jaar tot op die ouderdom van 65 jaar. Om voorsiening hiervoor te maak, sal die raming per 100 lidmate moet styg tot £40.

U Kommissie beveel aan dat die eerw. Sinode met groot waardering kennis neem van die werk van u Deputate in die verband en dat die verhoging van die raming in beginsel goedgekeur word.

Besluit: In beginsel goedgekeur, hangende die aanbeveling van die Finansiële Kommissie (vgl. art. 175. B. I. d. — Goedgekeur).

5. *Registrasie van die Fonds as pensioenfonds*. U Deputate is nog besig met onderhandelinge met die Registrateur van Pensioene dat hierdie Fonds nie volgens die Pensioenwet van 1956 as pensioenfonds geregistreer moet word nie, aangesien art. 13 van die Kerkorde bepaal dat emerituspredikante (en predikantsweduwees en -wese) deur die kerk wat hulle gedien het, versorg moet word en hierdie Fonds deur die saamwerkende kerke tot stand gebring is om hulle in staat te stel om hierdie verpligting na te kom. Tydens die opstelling van hierdie rapport is die uitslag van die onderhandelinge nog nie bekend nie. Daarom wil u Deputate u vriendelik versoek om ook hieroor nader aan die Sinode te rapporteer, indien dit nodig blyk.

Aanvullende Rapport: Hieroor kan nog niks verder gerapporteer word nie, aangesien daar nog niks van die Registrateur van Pensioene verneem is nie.

Besluit: Gesien die selfstandigheid van die kerk, dra die Sinode aan die te benoeme deputate op om voort te gaan daarmee om vrystelling by die Owerheid te verkry vir die registrasie van hierdie fonds as pensioenfonds.

6. *Verbetering van uitkerings uit die Fonds*: Hieraan word nog aandag gegee. Hieroor sal later gerapporteer word.

Aanvullende Rapport: 1. Na aanleiding van die besluit van die Sinode van 1958 bl. 201 dat die huidige versorging van emeriti predikante, predikantsweduwees en -wese as nie voldoende beskou word nie, het die Deputate ook aandag aan moontlike verbetering van uitkerings gegee.

Na grondige oorweging wil u Deputate die volgende aan u voorlê:

Op grond van die aktuariële rapport sal die bydraes per lidmaat aansienlik verhoog moet word om die huidige toelaes te dek. Om die toelaes te verhoog, sal bo en behalwe die verhoging wat nodig is om die huidige toelaes te handhaaf, nog 'n verdere verhoging van bydraes nodig wees. Uit die aktuariële verslag blyk bv. dat nog £64 per predikant per jaar nodig sal wees om die toelaes met £15 per maand te verhoog.

U Deputate beveel nie 'n verhoging langs hierdie weg aan nie.

4. *Beter versorging deur Kerkrade*. U Deputate wil die volgende aan u voorlê ter verbetering van die versorging van ons emeriti predikante, predikantsweduwees en -wese:

a. Die doel van die E.P.P.W. en W.-Fonds moet wees dat dit 'n *hulpfonds* is wat kerkrade help om hulle verpligtinge teenoor hul emeriti-predikante, predikantsweduwees en -wese na te kom, soos art. 13 van die Kerkorde dit vereis. Die E.P.P.W. en W.-Fonds moet nie die enigste bron van versorging vir die emeriti predikante, predikantsweduwees en -wese wees nie, soos wat dit nou in die praktyk geword het nie.

b. Elke Kerkraad moet ook 'n eie voorsiening vir sy predikant maak. Dit kan bv. in die vorm van 'n vaste bedrag wees wat aan die predikant uitgekeer word. Dit kan verkry word deur jaarliks 'n bykomende bedrag by wat vir die E.P.P.W. en W.-Fonds bygedra word, te belê. Die bedrag wat opgebou word deur die jaarlikse beleggings tesame met die rente daarop kan dan aan die predikant uitgekeer word by aftreding of aan sy afhanklikes as hy eerder te sterwe kom. Hierdie beleggings mag vir geen ander doel aangewend word nie. Om 'n voorbeeld te noem: 'n Belegging van £36 per jaar kan na 35 jaar £3,500 bedra. By beroeping van 'n predikant na 'n ander gemeente kan die een kerkraad die verpligting van die vorige kerkraad ten opsigte van die betrokke predikant oorneem. Verdere besonderhede oor so 'n skema kan verstrek word.

c. Die Sinode behoort dit aan die klassis op te dra om die

saak van die verpligting van die kerkrade weer by die kerkrade tuis te bring.

3. As die Sinode punt (2) a-c bo aanvaar, moet aandag aan die volgende sake gegee word om:

a. deputate te benoem om die hele reglement vir die E.P.P.W. en W.-Fonds grondig te hersien asook die bepaling aangaande emeritaatsgelde in die byvoegsel by die beroepsbrief en die konsep vir kombinasieberoep;

b. deputate te benoem om kerkrade te adviseer in verband met 'n eie fonds.

Besluit: Die Kommissieverslag, soos gewysig deur die vergadering, laat die besluite i.s. verbetering van uitkerings so lui:

1. Goedgekeur dat ramings nie verhoog word nie (6. (1)).

2. (a) die Sinode *herbeklemtoon* die *doel* van die E.P.P.W. en W.-Fonds, nl. *dit is 'n hulpfonds* wat kerkrade help om hulle verpligtinge teenoor hulle emeritus predikante, predikantsweduwees en -wese na te kom soos art. 13 K.O. dit vereis. Die E.P.P.W. en W.-Fonds moet nie die enigste bron van versorging wees soos dit nou in die praktyk geword het nie. Elke kerkraad moet ook self voorsiening vir sy predikant maak. — **Goedgekeur.**

(b) (i) Waar die Sinode oordeel dat die huidige versorging nie genoegsaam is nie, word die saak van verbeterde versorging nou pertinent onder die aandag van die kerkrade gebring.

(ii) Die eerw. Sinode wil dit aan kerkrade vir ernstige oorgeweging stel dat hulle tot beter versorging van emeritus predikante, predikantsweduwees en -wese soos in art. 13 K.O. vereis, 'n bepaalde bedrag (maandeliks of jaarliks) ten behoeve van die predikant en sy afhanklikes op langtermyndeposito teen saamgestelde rente belê by 'n gevestigde finansiële instelling.

(iii) As leidraad word aan die hand gedoen 'n bedrag gelykstaande aan ses persent van die traktement van die predikant. Dit geld ook vir predikante in spesiale diens, soos professore aan die Teologiese Skool en andere.

(iv) Hierdie belegging word so gedoen dat dit aan die predikant met sy emeritering, of by sy afsterwe aan sy afhanklikes uitgekeer word.

(v) Indien dit so aanvaar word, sal in die byvoegsel tot die Beroepsbrief 'n stipulasie ingevoeg moet word wat vermeld hoe groot die bedrag is wat maandeliks of jaarliks ten behoeve van die predikant belê word.

(vi) Hierdie globale uitkering is onderworpe aan dieselfde voorwaardes as wat geld vir uitkering uit die bestaande E.P.P.W. en W.-Fonds. — **Punte (b) (i)–(vi) goedgekeur.**

(vii) Die Sinode beveel verder aan dat, wanneer 'n predikant

'n beroep na 'n ander gemeente opvolg, die betrokke kerkraad die verpligting ten opsigte van die maandelikse of jaarlikse belegging van die vorige kerkraad sal oorneem. (Hierdie punt word verwys na die nuwe deputate om studie hiervan te maak en aan die volgende Sinode te rapporteer). (Vgl. ook art. 175. C.).

(c) Die Sinode versoek die klassisse om die verpligting van kerkrade ten opsigte van E.P.P.W. en W.-Fonds volgens art. 13 K.O. weer by kerkrade in te skerp en toe te sien dat uitvoering aan die aanbevelings van die eerw. Sinode gegee word. — **Goedgekeur.**

3. U Kommissie beveel verder aan:

(a) Indien die eerw. Sinode die voorafgaande punte aanvaar, word aan die te benoeme deputate opgedra om die hele reglement van die E.P.P.W. en W.-Fonds grondig te hersien in die lig van bostaande besluit. — **Goedgekeur.**

(b) Dat 3 kollekties per jaar by eredienste wat die beste bygevoeg word, vir die E.P.P.W. en W.-Fonds afgesonderd word. — **Goedgekeur.**

(c) Die Sinode neem met besorgdheid kennis van die feit dat party kerkrade agterstallig is met ramings en kollekties vir die fonds. Dit veroorsaak 'n verlies aan renteverdienste. Waar die fonds elke bron van inkomste werklik nodig het, versoek die Sinode klassisse om toe te sien dat kerkrade die ramings so gou moontlik na ontvangs van die rekening van die Adm. Buro en kollekties so gou moontlik na opneming daarvan, sal aanstuur. Daar word ook 'n ernstige beroep gedoen op ons lidmate om donasies te skenk tot opbouing van die E.P.P.W. en W.-Fonds. — **Goedgekeur.**

(d) Gesien die groter inkomste wat verdien kan word, besluit die eerw. Sinode dat die belegging van hierdie fonds veilig en teen die hoogs moontlike rentekoers sal geskied. — Dit word teruggehou tot na behandeling van die Verslag van die Finansiële Kommissie. (Vgl. art. 175 B. 7 by art. 74, C. 1., bl. 282, waarby punt a. lees: „Die Sinode dra die vasstelling van rentekoers op aan die deputate vir Beheer van die Administratiewe Buro”; en verder b. en c.).

(e) In die lig van die aktuariële berekening (Rapport punt 4) en ook waar art. 13 K.O. melding maak van ouderdom, word die „ouderdom” deur die eerw. Sinode nader verklaar *as synde 65 jaar en ouer te wees*. Vergelyk ook die besluit van die Sinode i.s. Kuratorerapport (art. 73, punt 2. e., bl. 238). — **Goedgekeur.**

7. *Finansiële state.* Hiervoor word u verwys na die finansiële state wat deur die Administratiewe Buro voorgelê word.

8. *Begroting.* Hier word ook versoek om nader op die Sinode te rapporteer, aangesien by die begroting rekening gehou moet word met rapport van die aktuaris. **Na Finansiële Kommissie verwys.**

(Vgl. art. 175, B. 1. d. — benodigde bedrag is £162 per

diensdoende predikant en raming is £40 per 100 lidmate; ook punt 4 bo).

9. 'n Aanvullende rapport sal ingedien word.

C. *Aanvullende Rapport* (resterende dele).

6. Hiermee word die volgende sake onder die aandag van die Sinode gebring:

a. Om die huidige uitkerings te kan dek en toekomstige uitkerings op dieselfde peil te hou moet die hydraes verhoog word soos blyk uit die begroting.

b. Daar word beleefd gevra om twee kollektes per jaar vir die doel af te sonder.

c. Daar is party kerkrade wat agterstallig is met hydraes en kollektes vir die Fonds. Dit veroorsaak 'n verlies aan renteverdienste. Die Fonds het werklik elke inkomste broodnodig.

d. Met 'n verhoogde rentekoers op die belegging kan jaarliks 'n groter inkomste verdien word. Die aktuariële verslag wys ook daarop dat 'n hoër rentekoers op die Fonds verdien kan word.

e. Begroting. (Sal opgestel word).

Besluite:

By a. Kyk by punt B. 8.

b. Kyk by punt 3. 6., besluit 3. (b).

c. Kyk by punt B. 6., besluit 2 (c), 3. (c) (ook art. 74. B. 9.).

d. Kyk by punt B. 6., besluit 3. (d).

e. Kyk by punt B. 8.

7. Indien daar heelwat meer gevalle voorkom as die waarmee in hierdie skema rekening gehou is in verband met emeritaatsgelde, kan die Deputaatskap vir die E.P.P.W. en W.-Fonds hom tot die kerke wend om die nodige gelde te vind. — **Goedgekeur.**

8. Van 'n klassis is die volgende beskrywingspunt ontvang: Die Klassis beveel aan dat die Sinode besluit:

a. dat art. 13 van die Kerkorde so uitgelê word dat die versorging van emeritus-predikante, predikanteweduwees en -wese, die plig ook is van die hele kerkverband en nie net van besondere gemeentes (Kerke) nie;

b. om deputate te benoem om 'n skema vir 'n gesamentlike pensioenfonds vir gemeentes vir emeritus-predikante en predikanteweduwees op te stel en aan die eersvolgende Sinode voor te lê;

c. dat die deputate in die uitvoering van sy opdrag die beginsel in ag moet neem dat alle gemeentes (kerke) en diensdoende predikante tot die fonds moet bydra;

d. dat die deputate hul deur 'n aktuaris van advies moet laat dien.

Die Deputate is van oordeel dat beskrywingspunte na die betrokke meerdere vergaderings gestuur moet word, aangesien die Deputate geen opdrag het om beskrywingspunte van kerklike vergaderings te ontvang en te behandel nie. Graag word die oordeel van die Sinode hieroor verneem.

— **Die Sinode bevestig die oordeel van die deputate.**

D. *Beskrywingspunte.*

1. *Verandering van reglement.*

Die Algemene Sinode word gevra om in die reglement E.P. P.W. en W.-fonds onder art. 3, pt. B te skrap; onder art. 6, pt. B die nodige verandering aan te bring in ooreenstemming met besluite van die vorige Sinode en ook sy besluite so te wysig dat pensioen-uitkerings op gelyke voet en vanaf die dag van uittreding bereken word — behalwe waar 'n ander beroep aanvaar word of waar 'n weduwee by hertroue in staat gestel word om vir haar kinders te sorg; onder art. 12 die magte van die deputate in hersiening te neem; die seggenskap van die Part. Sinode te bepaal. — Part. Sinode Oos-Transvaal (ds. C. E. Malan sal toelig.)

Besluit: In die lig van besluit 3. (a) (by punt B. 6.) en op grond van art. 46 K.O. besluit die Sinode om nie gevolg hieraan te gee nie.

2. *Globale uitkering aan predikante of hul weduwees.*

Die Part. Sinode versoek die eerwaarde Sinode om ondersoek in te stel na die moontlikhede van 'n globale uitkering aan predikante of weduwees by emeritering of afsterwe. (Toeligtig oudl. F. F. Graphorn).

3. *Ontoereikende uitkerings.*

Die eerw. Part. Sinode word gevra om aandag te gee aan 'n saak van besondere belang, nl. ontoereikende uitkerings soos tans nog deur die E.P.P.W. en W.-Fonds gedoen, en om die aangeleentheid deur te stuur na die Algemene Sinode. — Part. Sinode West-Transvaal.

Besluit: Met die aanvaarding van die skema (vgl. by B. 6., besluite 2. (a), (b), (c)) word meteen gevolg gegee aan hierdie beskrywingspunte, en die nuwe deputate moet besondere aandag skenk aan 3.

Art. 68. *Sluiting.*

Die vergadering sluit sy werksaamhede om 5-uur af, om 'n plegtige onthulling van die monument by die Teologiese Skool by te woon, terwyl die kommissies in die aand sal vergader.

Ds. J. Ligthelm laat sing Ps. 33 : 11 en gaan voor in gebed.

WOENSDAG 1 FEBRUARIE 1961

Art. 69. *Opening.*

Die Voorsitter open deur te lees Filipp. 4 : 4-9. Daarna laat ds. J. L. van der Merwe sing Ps. 43 : 3, en hy gaan voor in gebed.

Art. 70. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Art. 71.

Uitnodiging Stadsraad Potchefstroom.

Die Stadsraad van Potchefstroom het 'n uitnodiging gerig aan die eerw. Sinode na 'n vleisbraaifunksie op Woensdag 8 Februarie. Die Sinode neem met hartlike dank kennis van die uitnodiging, maar dit sal op daardie stadium nie vir die Sinode geleë of gepas wees om dit te aanvaar nie.

Art. 72A.

Een Bantoekekerk en art. 9 Sendingorde.

Die Rapport van die deputate (di. A. Duvenage, D. N. Kotze, J. J. H. Booysen, J. L. Helberg, L. J. Botha, Ign. J. van der Walt en prof. W. J. Snyman) word deur ds. Van der Walt toegelig.

Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar, buiten 'n verandering in punt 3. b. (4) — (Reeds aangebring. — Depte. Acta).

Eerwaarde Voorsitter en Broeders,

U Deputate benoem vir die bestudering van die saak van „Een Bantoekekerk en artikel 9 Sendingorde het die eer om soos volg te rapporteer:

1. Die mandaat aan die Deputaatskap behels tweërlei:
 - a. *Een Bantoekekerk in Suid-Afrika.*

In die verslag van die Sendingdeputate op die Sinode van 1958 is gerapporteer dat die volgende aanbeveling t.o.v. „beleid en optrede” aangeneem is „deur 'n gesamentlike vergadering van die sendinginstansies van die drie Afrikaanse kerke”: „ons stel in vooruitsig so gou moontlik een Bantoekekerk, gereformeerd in leer, liturgie en kerkregering. Wat die teenwoordige betref bly ons by die status quo en beveel gebiedsbesetting aan” (Acta 1958, bl. 186, 6b), waaromtrent die Sinode besluit dat „die hele saak na 'n studie-deputaatskap verwys word” (bl. 195, II 8 (2)).

b. *Art. 9 S.O.*

Die Subkommissie vir behandeling van bogenoemde Sending-rapport het die volgende aanbeveling voor die Sinode gelê:

„Die Sinode benoem 'n afsonderlike deputaatskap om, in same-

werking met die Sendingdeputate, 'n studie te maak van die verhouding van die sendende kerk tot die sendingkerk in al sy konsekwensies in die lig van art. 9 S.O.” (Acta 1958, bl. 194, 30 b). Klaarblyklik het hierdie saak nie weer aan die orde gekom nie (Acta 1958, bl. 195, II a).

U Deputate neem egter hierdie saak in studie, omdat art. 9 S.O. vir die onderhawige vraagstuk van een Bantoekekerk van grondleggende betekenis is en as uitgangspunt in die bepaling van die strewe tot een Bantoekekerk moet dien. Vergelyk verder Acta 1958, bl. 539, 3.

2. *Die verhouding van die sendende tot die sendingkerk, art. 9 S.O.*a. *Die Selfstandige bestaan van die sendingkerk.*

Wanneer eenmaal 'n sendinggemeente (-kerk) geïnstitueer is, is dit volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde 'n selfstandige gemeente. Hiermee is in beginsel die gedagte verwerp dat jong sendingkerke (gemeentes) gaandeweg en mettertyd tot selfstandigheid gebring moet word. In die sendingteorie en -geskiedenis was dit vir baie dekades die heersende beskouing dat die sendingkerk sy selfstandigheid nader en verkry namate dit in meerdere mate selfonderhoudend, selfregerend en selfuitbreidend word. Dit is prinsipiële verkeerd. Al is die sendingkerke finansiële hoe swak en hoe afhanklik vir stoflike middelle, dit hef die selfstandigheid van daardie sendingkerke nie op nie. Trouens, dit gebeur dikwels dat armoede 'n kerk oorval en dit aangewys maak op hulp. Daarmee is die selfstandigheid van so 'n kerk in geen opsig ingeboet nie.

Ewe min hef gebrekkige selfregering van die sendingkerke hul selfstandigheid op. Al sou die jong sendingkerke nog nie oor sodanige leiers beskik om self alle leiding te neem nie, of al sou daar nog so 'n mate van onmondigheid en onvolwassenheid by die sendingkerke wees dat hulle die advies en hulp van die sendende kerke nie durf ontbeer nie, is hulle nog as sendingkerke prinsipiële selfstandig. Net so maak die feit dat die interne omstandighede van die jong kerke (gebrek aan finansies, gebrek aan werkkragte, ongeorganiseerdheid, gebrek aan ondervinding) selfuitbreiding van die jong kerk verlam of selfs verhinder, daardie jong sendingkerke nog nie onselfstandig nie.

Die sendinggemeentes is by hul instituering kerk van Christus, hoe swak, gebrekkig, onvermoënd ens. dit ook al mag wees. En as dit kerk is, is dit prinsipiële 'n selfstandige kerk. Van hier uit moet die hele verhouding van die sendende tot die sendingkerke gesien word.

b. Dit beteken voorts dat volgens Skrif, Belydenis en S.O. die een kerk nie oor die ander mag regeer nie. Elke kerk is selfstandig en aan die Koning van die kerk verantwoording verskuldig. Die

sendende kerke mag in geen opsig oor die sendingkerke neers nie. Veral op die Suid-Afrikaanse sendingveld, in die lig van die aard van die Bantoe, sy stoflike en geestelike afhanklikheid van die blanke, die eenvoud en naïwiteit, is dit 'n groot gevaar dat die selfstandigheid oor die hoof gesien word. Dit is net tot nadeel van die sendingkerke as daar, in watter vorm of mate ook al, oor hulle geregeer word. Die sendingkerke is nie 'n aanhangsel van die sendende kerke nie maar selfstandige kerke. Ewe min is die sendingkerk 'n Bantoeafdeling van die sendende kerk waar die kerkraad of predikant of gedeputeerde van die sendende kerk toesig hou. So 'n voogdyskap oor die sendingkerke is prinsipiële verkeerd, omdat dit botsing bring met die selfstandigheid van die jong kerke.

c. Die verhouding van die sendende tot die sendingkerke kan dus nie anders wees nie as dat eersgenoemde tot laasgenoemde in adviserende hoedanigheid staan. Sodanige advies of leiding beteken „liefdevolle, dienende, geestelike vaderskap, wat vanself ontsag wek en daarmee die pad oopstel vir 'n vrye vra en gee van advies waar nodig”. (Acta 1958, bl. 187, (1)).

Die verteenwoordiger(s) van die sendende kerke adviseer dus die pas geïnstitueerde en groeiende kerke. Hy hou voortdurend die selfstandigheid van die sendingkerke voor oë. Hy respekteer die sendingkerk as 'n selfstandige kerk wat hy hoogstens van advies mag dien. Hy adviseer en lei hulle tot positiewe eie ontwikkeling en bloei op die grondslag van die onfeilbare Woord van God, die Belydenisskrifte en die kerkorde van die sendende kerk. Terselfdertyd sal die sendingkerke dankbaar en gewillig die advies aanvaar in die besef van hulle onvolwassenheid en sal daar kerkvorming plaasvind onder die leiding en advies van die missionêre dienaar, wat enersyds stewig gegrondves is op die Skrif en op die Belydenis en kerkorde van die sendende Kerk, maar andersyds selfstandig en op eie wyse sal ontwikkel en weerklink sal vind in die siel van die Bantoe.

d. Dit is bepaald 'n leemte by ons sendingkerke dat so weinig selfstandigheid bereik is. Dit vind enersyds sy oorsaak in die aard van die Bantoe, wat byna in alles grootliks op die hulp van die blanke ingestel is, maar andersyds ook in die vrees by die sendende kerke dat sake by hulle verkeerd sal loop. Op daardie wyse bly die sendingkerke altyd onbekwaam om self te beslis. Ons vergeet hierin dat niemand ooit leer loop het sonder om te val nie. Hoe kan die sendingkerke hulle selfstandigheid besef as hulle nie die geleentheid het om hulle selfstandigheid te beoefen nie?

e. Hieruit vloei die verhouding van die sendende kerke in kerkverband tot die eventuele kerkverband van die sendingkerk voort. Hierby kom die volgende in aanmerking:

(1) Die sendingkerke in Kerkverband is nie 'n „tak” of „departement” van die sendende kerk nie maar selfstandige kerke wat in eie kerkverband moet groei en ontwikkel. Hoe moeilik ook al binne

die raamwerk van die Suid-Afrikaanse rassegemeenskap en watter probleme in die praktiese uitwerking daarvan verbonde mag wees, van hierdie uitgangspunt moet nie afgewyk word nie.

(2) Ewe min mag die daarstelling van die kerkverband van die sendingkerke vertraag of vermy word. Dit is die Skriftuurlike reg van kerke dat 'n kerkverband tussen sodanige kerk gelê sal word. Probleme rondom sodanige kerkverband mag in geen geval die reg tot 'n kerkverband in die weg staan nie. Vertraging hiervan beteken slegs vertraging in die selfstandigheid, groei en eiesoortige ontwikkeling van die sendingkerk.

(3) Die sendingkerke in hulle eie kerkverband moet gesien word as die openbaring van die liggaam van Christus met 'n ander voorkoms op grond van natuurlike verskille (taal, denkwyse, lewensgewoontes ens.), afskoon hulle op een en dieselfde belydenisgrondslag staan en kragtens dieselfde Kerkorde geregeer word.

(4) Aangesien ons by die sendende kerke en die deur die sending ontstane kerke te doen het met kerke van dieselfde belydenis en kerkregering onder verskillende volkere, sal die eenheid van die kerk tot uitdrukking moet kom in kerkverband, hetsy dat die kerke saamkom in 'n algemene sinode ho en behalwe die nasionale sinodes van die verskillende kerkgroepe in aansluiting by art. 29 K.O. en soos neergelê in die Rapport oor Rasseverhoudings in Suid-Afrika (opsommende konklusies 7 en 8, pp. 265 en 268, Sin. Hand. 1958), of ingeval dit nie uitvoerbaar mag wees nie, deur middel van kerklike korrespondensie ooreenkomstig art. 48 K.O. en in aansluiting by art. 153, c 5, p. 163 en 2 (b) Sin. Hand. 1955.

(5) Nadat die kerkverband van die sendingkerk eenmaal werklikheid geword het en meerdere vergaderings funksioneer, vervul die tweede gedeelte van art. 9 S.O. (die kerkraad van ... tot by ... sendende gemeente.”).

(6) Solank dit nodig bly, sal die missionêre dienaar advies bly verleen aan die sendingkerk. Hy doen dit op aanvraag van die sendingkerk, wat nie sy hand en die van die sendende kerk wil loslaat nie. Hy is nie lidmaat van die sendingkerk nie maar van die sendende kerk en keer, wanneer die sendingkerk sy selfstandigheid ten volle kan en wil beoefen, terug na die sendende kerk. Dan het die vrug van die sendende kerk ten volle ryp geword.

3. Een Bantoeerk.

a. Die argumente na vore gebring ten gunste van die daarstelling van een Bantoeerk is die volgende:

(1) Konsolidering van die sendingkerk „sal 'n geweldige demonstrasie daarstel, wat op 'n breër grondslag weerklink en navolging sal vind”. (Aanvullende Tomlinsonverslag oor kerklike en maatskaplike ontwikkeling, bl. 49, pt. 256). Die gedagte is dus om

deur middel van eenwording 'n demonstrasie te bied, blykbaar van die grootte, omvang, krag en invloed van die Bantoekekerk.

(2) Konsolidering is nodig omdat die verdeelde sendingaksie van die Afrikaanse Kerke verwarrend werk op die gemoed en begripsvermoë van die dikwels swak en onontwikkelde sendingobjek. Laasgenoemde kan nie verstaan waarom uit meer as een mond tot hulle gesprek word nie. Dit werk skeptisisme t.o.v. die sendingwerk in die hand.

(3) Dit is verkeerd en sondig om die kerklike verdeeldheid oor te dra op die sendingveld. Derhalwe moet die *sendende* kerke die sendingkerke konsolideer ten einde slegs een Bantoekekerk daar te stel.

(4) Die sendingkerk het niks te doen met die stryd van die ou kerk en die oorsake en faktore wat gelei het tot die verskeurdheid en verdeeldheid van die ou kerk nie. Dit is dinge wat hulle nie aangaan en vir hulle van geen betekenis is nie.

(5) Op die sendingveld binne en buite Suid-Afrika is talle voorbeelde van eenwording van sendingkerke. Die bekendste voorbeeld is die Church of South India, waar nie net konfessionele verskille nie maar ook kerkregtelike verskille oorbrug is in die eenwording van die Kongregasionalistiese, Metodistiese, Anglikaanse en Presbiteriaanse sending. 'n Verdere voorbeeld is die eenwording van alle Luthers georiënteerde kerke (met uitsondering van die Hermannsburgers) onder die Natalse Zoeloes.

b. *Beskouing van bg. argumente.*

(1) Die draagwydte van die begrip, „demonstrasie” is enigszins onbepaald. By eenwording mag dit geen bepalende faktor en selfs geen argument wees om eenheid te vind nie. Dit gaan by eenwording om *innerlike* eenheid en wel op die grondslag van die waarheid. Elke eenheidstrewer waar fundamentele vraagstukke oor die waarheid verswyg en omseil word, sal 'n uitwendige eenheid sonder innerlike krag bly.

(2) Die Gereformeerde sendende kerke verkeer onder die diepe besef van die donker skadu wat op die sendingakker val as gevolg van die verdeeldheid van die sendende Afrikaanse kerke. Ons oë is nie gesluit vir die nadeel verbonde aan die langs en soms teenoor mekaar staande sendingkerke nie. Tog mag ons ons nie blindelings laat meevoer deur 'n bekoorlike eenheidsideaal nie. 'n Uitwendige eenheid sal groter skade beteken as 'n veelheid van sendende kerke.

(3) Die jong kerke mag nie onverskillig staan jeens die kerklike verdeeldheid van die sendende kerke nie. Sodanige verdeeldheid by laasgenoemde kerk is tog gebore uit die stryd om die waarheid en suiwerheid van die evangelie. Die verskille gaan derhalwe die jong kerke deeglik aan, en lg. moet leer uit die geskiedenis van die sendende kerk.

(4) Die Gereformeerde Kerk neem met belangstelling kennis van die eenheidswording van die jong kerke. Dit is egter ons vaste oortuiging dat eenheidsvorming sonder die vraag na waarheid verwerp moet word.

(5) Dit is prinsipieel verkeerd dat die sendende kerke die sendingkerke wil konsolideer. So 'n ingrypende beslissing van die kant van die sendende kerke doen tekort aan die selfstandigheid van die sendingkerke.

c. Saamvattende besware teen bg. gedagtes van een Bantoekekerk.

(1) Die eenheid word beklemtoon ten koste van die waarheid (3 b (1), (2), (3), (4)).

(2) Dit doen tekort aan die selfstandigheid van sendingkerke wat die wyse van totstandkoming betref (3 (5)).

(3) Die verband tussen sendende en sendingkerk, soos uiteengesit onder 2 (veral 2 c) kom hierby in gedrang.

d. Advies.

Op grond van bostaande oorwegings adviseer u Deputate dat

(1) die Gereformeerde Kerk voortgaan met sy eie sending en kerkstigting, in die geval onder bespreking onder die Bantoe;

(2) die sendingwerk geskied in noue samewerking sover en soveel moontlik met die ander (twee) Afrikaanse Kerke, soos tot dusver, en ook met ander kerke, soos die eerwaarde Sinode mag besluit.

Art. 72B.

Aanstelling van 'n sekretaris vir Sending.

Die Rapport van die deputate (prof. J. P. Jooste, di. G. P. L. van der Linde, D. F. Malan, J. J. van der Walt, D. C. S. van der Merwe, N. J. Grobler, P. J. Venter, J. L. Steyn) word deur ds. Van der Linde toegelê.

Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar.

Eerw. Voorsitter en Broeders,

Die opdrag aan ondergetekende deputate lui: „... om die kerkregtelike beginsel te bestudeer insake die aanstelling of beroeping van 'n sekretaris, — hetsy 'n predikant, hetsy 'n ander persoon — vir so 'n deputaatskap en volgende Sinode rapport te lewer (Acta 1958, bl. 196).

Vooraf moet opgemerk word dat in bostaande die nadruk gelê is op die beginsels soos dit alle deputate en sake in belang van die kerkverband raak. Dit sluit vanself die sending in. Ons meen nie dat dit deel was van ons opdrag om in te gaan op die praktiese noodsaaklikheid vir die afsondering van 'n persoon met die oog op

sendingaangeleenthede nie. Dit is uit die aard van die saak ook nie moontlik vir ondergetekendes om daaroor uitsluitel te gee nie. Die eerw. vergadering self sal oor die noodsaaklikheid al dan nie van so 'n aanstelling moet beslis.

Ter oorweging word nou aan u voorgelê:

Uitgaande van art. 49 K.O. moet die volgende beginsels, wat die benoeming van deputate beheers, onderstreep word:

1. Deputate mag alleen benoem word vir die uitvoering van besluite wat deur die vergadering in sitting nie self uitgevoer kon word nie.

2. Deputate is gebonde aan welomskrewe opdragte. Aan deputate mag nie opgedra word wat deur mindere vergaderings afgehandel kan word nie.

3. Vir die onderskeie belange moet soveel moontlik afsonderlike groepe van deputate benoem word. (Klaarblyklik word hier gewaak teen hiërargie).

4. Deputate mag nie tot hulle eie getal toevoeg of self die getal verminder nie.

5. Die benoeming van deputate geld alleen vir 'n bepaalde tyd, in die reël tot met die volgende vergadering, wanneer hulle volledig oor die uitvoering van hulle opdragte moet rapporteer.

6. Deputate het geen gesag oor kerkrade, individuele ampsdraers of lidmate nie.

Voortvloeiende uit bostaande volg:

a. Aangesien deputate volgens art. 49 K.O. altyd net vir 'n tyd benoem word om spesifieke opdragte uit te voer, kan dit kerkregtelik nie verantwoord word dat 'n permanente sekretaris *vir deputate* benoem word nie.

b. Dit sluit egter nie uit dat die eerw. Sinode vir arbeid in belang van die kerkverband 'n persoon in permanente hoedanigheid kan benoem nie. Die arbeid is dan van so 'n aard dat dit vir die kerkverband onontbeerlik is om 'n persoon permanent te benoem omdat nóg die vergadering nóg tydelike deputate by magte is om dit te behartig.

Of so 'n persoon 'n bedienaar van die Woord moet wees, hang af van die karakter van die arbeid, en dan oordeel *die Sinode* of dit *noodsaaklik* is dat so 'n persoon bedienaar van die Woord moet wees. Die behoud van sy status al dan nie word volgens Kerkorde gereël.

Indien die karakter van die arbeid so is dat iemand benoem word wat nie 'n predikant is nie, dan is hy 'n blote amptenaar wat die besondere taak moet behartig onder nadere bepalinge van die meerdere vergadering wat hom benoem.

Ons merk nog op dat die benaming *sektetaris* liefs vermy moet word: gesien die betekenis wat reeds in die kerklike praktyk in Suid-Afrika daaraan kleef, kan dit misverstand wek. Indien die eerw. vergadering besluit op die aanstelling van 'n persoon sal die aard van u opdrag aan hom aandui welke benaming gebruik moet word.

Art. 73 (184)

Kuratorium — Teologiese Skool.

Die Rapport en Aanvullende Rapport van die Kuratorium word deur di. W. F. Venter en I. J. Lessing toegelig.

Dit is vir die Kuratorium van die Teologiese Skool 'n eer en voorreg om die volgende rapport aangaande sy werksaamhede gedurende die jare 1958 en 1959 aan u voor te lê:

1. Kuratore.

Met groot dankbaarheid kan ons vermeld dat die Here die Kuratore genadiglik in die lewe gespaar het. Kuratore A. L. Aucamp, M. Postma en A. Duvenage was baie ernstig siek, maar die Here het genadiglik aan die broeders 'n groot mate van beterskap geskenk, sodat hulle weer met hulle arbeid kon voortgaan.

Besluit: Hiervan kennis geneem, met dankbaarheid en met meegevoel met die kuratore wat siek was en nog nie volkome herstel het nie.

2. Professore.

a. Met groot dankbaarheid teenoor die Here kan ons vermeld dat al die professore in die lewe gespaar is en met hulle arbeid kon voortgaan.

b. Prof. W. J. Snyman moes 'n operasie ondergaan maar het gou weer herstel, sodat hy sy werk kon hervat.

c. Prof. P. J. S. de Klerk was gedurende 1959 met langverlof en prof. S. P. van der Walt gedurende 1960.

d. (Aanv. Rapp. 1. a. *Ontslag van prof. P. J. S. de Klerk*. Dit is reeds aan u gerapporteer dat aan prof. De Klerk op sy versoek ontslag toegestaan is (vgl. art. 24).

Besluit: Die Sinode neem met leedwese kennis van die ontslaanvraag van prof. P. J. S. de Klerk en aanvaar die rapport van die Kuratorium dat ontslag aan hom gegee word en wil hom vir die toekoms Gods rykste seën toewens.

Die Voorsitter verwelkom prof. dr. P. J. S. de Klerk op die Sinode.

Prof. De Klerk spreek die vergadering toe en spreek sy dank uit teenoor verskillende kerklike instansies, o.a. die Kuratorium, Sendingdeputate.

Die Voorsitter rig woorde van waardering aan prof. De Klerk vir sy ywer en arbeid in die kerk.

Ds. A. Duvenage gaan voor in gebed en dra prof. De Klerk met gesin en familie op voor die troon van God. Dan sing die vergadering hom Ps. 134 : 3 toe.

e. (Aanv. Rapp. 1. b.) *Aftreeleeftyd*. Die Kuratorium beveel by die eerw. Sinode aan dat die aftreeleeftyd van teologiese professore op 65 jaar gestel word, met dien verstande dat die dienstyd in elke individuele geval daarna jaarliks deur die Kuratorium verleng kan word tot op 70-jarige leeftyd, waarna die dienstyd beëindig word.

— **Dit word in beginsel aanvaar.**

3. *Instelling van 'n leerstoel in Sendingwetenskap.*

Op die vergadering van November 1958 is besluit om 'n leerstoel in Sendingwetenskap aan die Teologiese Skool in te stel.

Voordat hierdie gewichtige besluit geneem is, is daar baie ernstige aandag aan die volgende sake geskenk:

a. Die besluit van die Sinode van 1958: „Die Sinode besef die belangrikheid van die instelling van 'n leerstoel in Sendingwetenskap aan die Teologiese Skool en keur dit in beginsel goed. Die praktiese uitvoering daarvan word in die hande van die Kuratorium gelaat” (Handeling 1958, bl. 391, D I).

Die Sinode het hierdie beginselbesluit slegs nader gekwalifiseer met die woorde: „Daar word nie nou geraam nie” (Handelinge 1958, bl. 537, punt 18).

b. 'n Memorandum van die Teologiese Senaat in verband met leerstoel en leergange waaruit geblyk het dat dit 'n volwaardige leerstoel sal wees en dat die teologiese kursus die studente nie sal oorlaai nie. Die Kuratorium het hierdie advies aanvaar.

c. Die versoek van die Sinodale Sendingdeputate om die Kuratorium te ontmoet waar meegedeel is dat vrywillige skenkinge vir die professoraat in Sendingwetenskap 'n bedrag van £1800 beloop. Finansiël word dit dus moontlik gemaak om die leerstoel te vul. Die Kuratorium het besluit om hierdie bedrag te ontvang en het versoek dat dit dadelik in die Kas van die Teologiese Skool gestort word.

d. 'n Onderhoud is met die Rektor van die P.U. vir C.H.O. gevoer met die oog op die kontraktuele verband tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Universiteit. Hieruit het geblyk dat daar geen verhinderings by die Universiteit en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap kan wees in verband met die benoeming van 'n sesde professor nie. Punt 6 van die gemelde ooreenkoms lui: „Die Universiteit onderneem om aan elke teologiese professor, onderhewig aan artikel 5 en tot 'n maksimum van ses professore die salaris per jaar te betaal vir die werk aan die Universiteit gedoen, soos van tyd tot tyd ooreengekom mag word

deur die eerw. Kuratorium van die Gereformeerde Kerk en die Raad van die Universiteit”.

Op 11 Februarie 1959, die historiese datum van die herstigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, het die Kieskollege ds. H. du Plessis benoem as professor in Sendingwetenskap. Ds. Du Plessis het die beroep aanvaar en is op 11 April 1959 bevestig.

— **Met hartlike dank kennis geneem.**

4. *Lesings.*

a. Gedurende 1959 het proff. K. Dijk, S. U. Zuidema en J. Waterink elkeen 'n paar lesings aan die Teologiese Skool gegee. Daar was groot belangstelling vir die lesings, ook van die kant van broeders predikante.

b. In 1959 het die P.U. vir C.H.O. begin met interfakultêre lesings, waarvoor die klasse vir die dag opgeskort word. Aan die Teologiese Senaat is toestemming verleen om die klasse aan die Teologiese Skool ook vir die bepaalde dag op te skort sodat die professore en die studente die lesings kan bywoon.

— **kennis geneem.**

5. *Studente.*

a. Met dankbaarheid teenoor die Here kan vermeld word dat die studente in lewe en gesondheid gespaar is. Een student het ernstig siek geword en moes 'n geruime tyd lank geneeskundige behandeling ontvang. Deur die genade van die Here het hy sodanig herstel dat hy sy studie die volgende jaar kon hervat.

b. In 1958 en 1959 is dertig jong broeders beroepbaar gestel. Van hulle is broeders J. L. Aucamp, en D. C. Coetsee werksaam as sendingleraars, terwyl broeders T. van der Walt en E. J. Smit die kerke vriendelik versoek het om vir eers nie beroepe op hulle uit te bring nie aangesien hulle verder wil studeer.

c. In 1960 was daar 39 studente aan die Teologiese Skool ingeskrywe, terwyl ongeveer 39 studente met die propedeutiese studie besig is.

d. Die reëling met die Kerkrade van Ventersdorp, Klerksdorp, Parys en Carletonville om voorsiening te maak dat studente van die derde jaar ook daar kan optree met preekoefeninge, word nog voortgesit. Dit bring groot verligting vir die drie Gereformeerde Kerke in Potchefstroom. Elke keer as 'n student buite Potchefstroom optree, gaan 'n professor ook saam. Aan die professore wat die studente vergesel sowel as aan die verskillende kerkrade wat hulp verleen, wil die Kuratorium sy opregte dank en waardering betuig.

e. Die Kuratorium wil ook 'n woord van hartlike dank laat toekom aan die kerkrade en broeders predikante wat studente aan die einde van die derde jaar geneem het vir leiding en praktiese ondervinding, asook vir die rapporte en wenke wat ontvang is.

— **kennis geneem.**

6. *Studiekursusse.*a. *Propedeutiese studie:*(1) *Verandering in kursus.*

(a) In die kursusse vir die propedeutiese studie is daar sekere veranderinge aangebring waardeur studente voortaan 'n wyer keuse van hoofvakke het.

(b) Die verpligte vakke bly soos in die verlede: Hebr. II, Grieks II, Latyn I, Wysbegeerte II (N.B. As die Departement Grieks eventueel weer die A.-kursus invoer, word Grieks I verpligtend).

(c) Enige een of twee kursusse (en nie meer as twee nie) van die verpligte vakke mag vir nie-graaddoeleindes geneem word.

(d) Afrikaans-Nederlands I word nie verpligtend gestel vir die propedeutiese kursus nie.

(2) *Voordele van die verandering.*

(a) Moontlikhede vir differensiasie en moontlike latere spesialisasie word geskep. Die Fakulteit vir Teologie kan sekere eise stel in verband met verdere studie, bv. minstens drie kursusse in Wysbegeerte vir iemand wat in Apologetiek spesialiseer, ens.

(b) Studente kan enige ander beroep volg as hulle onverhoop nie die teologiese studie bereik nie.

(c) Dit gee opening vir studente in die Sendingwetenskap om 'n Bantoetaal en/of Volkekunde as vakke te neem. In sulke gevalle is dit verpligtend dat 'n Bantoetaal geneem word en een of twee kursusse in Volkekunde as dit nie hoofvak is nie. — **Goedgekeur.**

b. *Teologiese kursusse.*

(1) By die oorweging van die instelling van 'n leerstoel in Sendingwetenskap het die Kuratorium hom deeglik vergewis van die huidige reëling in verband met leergange. Volgens 'n memorandum wat deur die Teologiese Senaat voorgelê en deur die Kuratorium aanvaar is, het die volgende vooraf vasgestaan:

(a) Met vyf leerstoel en die huidige reëling in verband met leergange is die studente reeds tot die maksimum belaa, sodat daar van 'n vermeerdering van eksamenvakke geen sprake kan wees nie. Veel liever moet daar verligting kom.

(b) Met die instelling van 'n sesde leerstoel breek dus 'n nuwe fase aan, waarin alle studente nie meer verplig kan word om alle vakke van alle professore in hul leergange in te sluit nie, m.a.w. daar moet differensiasie kom.

(c) Hieruit volg dat leerstoel en leergange duidelik onderskei moet word, m.a.w. die werk van 'n professor word nie beoordeel na die aantal studente wat sy vakke as verpligte vakke in hul leergange insluit nie, ook nie na die aantal periodes waarin hy doseer nie, maar na die vakke wat aan hom toegewys is en die verantwoordelikheid ten opsigte daarvan.

(d) Sekere vakke sal as basiese vakke aangemerkt moet word,

soos bv. die vakke wat in direkte verband met die Bybel staan, asook amptelike vakke, Dogmatiek, Kerkreg. In ander gevalle soos in die van Apologetiek — Etiek en Sendingwetenskap — Elenktiek sal 'n keuse gelaat word.

(e) By die opstelling van die leergange moet sorg gedra word dat differensiasie nie diskriminasie beteken nie en dat alle leergange gelyke status het.

(2) *Leerstoel.*(a) *Ou Testament.*

Eksegese.

Openbaringsgeskiedenis (ingeslote kultuurhistoriese agtergrond).

Kanoniek (ingeslote Tekskritiek).

Hermeneutiek.

Bybelstudie III, 2 (Kult. Hist. agtergrond O.T.).

(b) *Nuwe Testament.*

Eksegese.

Openbaringsgeskiedenis (ingeslote kultuurhistoriese agtergrond).

Kanoniek (ingeslote Tekskritiek).

Hermeneutiek.

Bybelstudie III, 4 (Kultuurhistoriese agtergrond N.T.).

(c) *Dogmatologiese vakke.*

Dogmatiek (ingeslote Dogmageskiedenis en moderne dogmatiese strominge).

Simboliek.

Ensiklopedie.

Bybelstudie II, 2 (Bes. Inl. N.T.).

Bybelstudie II, 4 Geloofsleer.

(d) *Kerkreg — Kerkgeskiedenis.*

Kerkreg (ingeslote kerkregering-kubernetiek).

Kerkgeskiedenis.

Pastoraal.

Kategetiek.

Bybelstudie II, 3 (Kerkgeskiedenis).

(e) *Apologetiek — Etiek.*

Apologetiek (ingeslote Evangelistiek).

Etiek, Homiletiek, Liturgië, Bybelstudie III, 1 (Alg. Inl. O.T.).

Bybelstudie III, 3 (Alg. Inl. N.T.).

(f) *Sendingwetenskap.*

Sendingsleer.

Sendingsgeskiedenis.

Elenktiek.

Bybelstudie I, 2 (Openb. Gesk. O.T.).

Bybelstudie II, 1 (Bes. Inl. O.T.).

N.B. Eventueel sal nog voorsiening vir Bybelstudie I, 3 (Op. Gesk. N.T.) gemaak moet word.

(3) *Leergange vir Kandidaats en Th.B.*

Vierjarige vakke.

- (a) Openbaringsgeskiedenis O.T.
- (b) Openbaringsgeskiedenis N.T.
- (c) Dogmatiek.
- (d) Kerkreg.
- (e) Apologetiek — Etiek (plus Sendingsleer B) of Sendingswetenskap — Elenktiek (plus Etiek B).

Driejarige vakke.

- (a) Eksegese O.T.
- (b) Eksegese N.T.
- (c) Kanoniek O.T.
- (d) Kanoniek N.T.
- (e) Kerkgeskiedenis A plus Sendinggeskiedenis B of Sendinggeskiedenis A plus Kerkgeskiedenis B.

Eenjarige vakke.

- (a) Bybelse Argeologie.
- (b) Homiletiek.
- (c) Hermeneutiek.
- (d) Kategetiek.
- (e) Liturgiek.
- (f) Pastoraal.
- (g) Simboliek.
- (h) Bybelgeskiedenis O.T. en N.T.

OPMERKINGE:

i. Die vierjarige vakke word met twee verminder omdat Eksegese O.T. en N.T. driejarige in plaas van vierjarige vakke word. Dit bring by die driejarige vakke geen vermeerdering van eksamenwerk nie, aangesien volgens huidige reëling die eksamen in detail-eksegese aan die einde van die derde jaar afgeneem is. Die homiletiese eksegese wat tans in die vierde jaar geneem word, sal deur die professore in die loop van die drie jaar in aansluiting by die detaileksegese behartig word maar nie vir eksamendoeleindes nie.

ii. Ensiklopedie is nie meer eksamenvak nie, maar die betrokke professor sal elke jaar aan die eerstejaars 'n aantal lesings gee om hulle te oriënteer in verband met die organisme van die teologiese wetenskap.

iii. Bywoning van lesings in nie-verpligte vakke is opsioneel.

Besluit: Goedgekeur, met byvoeging dat die Kuratore opdrag kry om toe te sien dat Homiletiek meer aandag kry.

Hierby word in behandeling geneem:

c. (*Aanv. Rapp. 2) Preparatoir eksamen.* By u word aanbeveel dat die preparatoir eksamen voortaan deur die klassis afgeneem word volgens die bepaling van die Kerkorde.

d. Beskrywingspunt van kerkraad Potchefstroom-Noord, wat deur dr. P. J. Coetzee toegelig word:

„Die eerw. Sinode wysig punte (b) in Bylae A, Sinodale besluite i.v.m. die K.O., by art. 4 K.O., soos volg: Die proponent- (peremptoir)-eksamen word afgeneem deur die klassis waaruit die kandidaat afkomstig is, of waarin sy ouers woon, met medewerking van deputate van die part. sinode. In punt (c) word die woorde „partikuliere sinode” met „klassis” vervang. Punt (d) word soos volg gewysig:

1) Daar sal streng gelet word op die eintlike bedoeling van die peremptoir-eksamen, d.w.s. dat dit 'n eksaminasie of ondersoek van die leer sowel as van die lewe, dus 'n toets van regsinnigheid moet wees.

2) Met hierdie opset voor oë word 'n mondelinge eksamen afgeneem oor die hele veld van die teologiese wetenskap.

3) Aan die eksaminasie van elke kandidaat word minstens 1 uur bestee.

4) Na afloop van die ondervraging besluit die vergadering of dit nodig geag word om die kandidaat ook 'n preek te laat lewer en/of ook 'n aantal uitgeskrewe preke deur 'n kommissie te laat ondersoek om later aan die vergadering te rapporteer voordat tot 'n besluit oorgegaan word.

Die Sinode adviseer die eerw. klassis om met die oog op eenvormigheid in hierdie saak volgens die volgende riglyne te handel: Die klassis benoem deputate ad examina, wat voordat die eksaminasie plaasvind, saam met die deputate van die part. sinode vergader om die volgende reëlings te tref: (1) Daar word ooreengekom op watter kardinale punte, om mee te begin, die nadruk gelê sal word by die eksaminering sonder om in die akademiese trant van die kandidaatseksamen te verval. Die gang van die intensiewe „ondersoek van die leer sowel as die lewe” sal vanself later uitwys in watter rigting desgewens verder beweeg moet word om tot duidelikheid en sekerheid te kom of daar by die kandidaat inderdaad regsinnigheid in leer en lewe bestaan.

(2) Daar word gereël watter persone die voortou sal neem om vrae aan die kandidaat te stel, sodat dit kan blyk wat sy ware oortuiging en opvattinge sowel as sy lewensopvatting en rigting is. Die eksaminering neem dan meer die vorm van 'n colloquium aan waarby die kollege van eksaminatore die leiding het.

(3) Voordat die eksaminering 'n aanvang neem, kry die klassis in geslote vergadering eers 'n kort rapport ter tafel van die reëlinge wat beoog word.

(4) Na afloop van die colloquium besluit die eerw. vergadering in camera of daar volle vrymoedigheid is om tot die heilige bediening toe te laat en of verdere ondersoek nodig geag word, bv. deur 'n aantal preke van die kandidaat onder oë te sien of te laat lewer.

c. Beskrywingspunt van Part. Sinode O.V.S.-Natal, wat toegelig word deur ds. J. Postma.

Gesien die bepaling van die K.O. (art. 4) dat die peremptoir-eksamen in wese moet wees 'n ondersoek van sowel die leer as die lewe, word die eerwaarde Sinode gevra om hom oor die toepassing hiervan nader te besin aan die hand van meegaande toelating wat deur die Part. Sinode as modus operandi aanvaar is:

Besluit: Die hele saak van eksaminering word na 'n kommissie verwys om aan die Sinode te rapporteer, en lede van die kommissie is di. B. R. Kruger, H. L. M. du Plessis, A. J. Pelser, J. M. Opperman, F. N. Lion-Cachet, oudl. G. Pretorius en J. Schutte.

Art. 184. Die Kommissie lewer verslag en ds. Lion-Cachet lig toe, en daar word besluit:

By c. In verband met die aanbeveling van die Kuratorium i.s. die afneem van die preparatoir eksamen ag die Sinode die tyd nog nie ryp om daaraan gevolg te gee nie en bly dit soos dit tans afgeneem word.

By d. Die aanbeveling van die Kommissie (dat gevolg gegee word aan die beskrywingspunt van Potchefstroom-Noord, soos gewysig) word nie aanvaar nie, maar die Sinode besluit dat die peremptoir eksamen nog deur die Part. Sinodes afgeneem sal word.

By e. Die aanbeveling van die Kommissie (om gevolg te gee aan die beskrywingspunt van Part. Sinode O.V.S.-Natal) word nie aanvaar nie.

f. (Aanv. Rapp. 3.) *Optrede van studente voor gemeentes.* U word gevra om 'n beginseluitspraak te gee oor die optrede van studente voor gemeentes met die oog op die oefening van hulle preekgawes.

Dieselfde Kommissie (genoem by c.—e.) lewer hieroor verslag en **die besluit van die Sinode lui: (art. 184)**

Die Sinode besluit dat die optrede van studente voor gemeentes om hulle preekgawes te oefen is die spreek van 'n stigtelike woord.

7. *Toelating van Blindes.*

Op die Sinode van 1958 (Hand., bl. 391) is die vraag van toelating van blindes tot die Teologiese Skool op versoek van die Kuratorium na hom terugverwys. Nou word die volgende aan u voorgelê:

Op die Algemene Sinode van 1955 het die eerw. Sinode in verband met die toelating van blinde student W. J. J. du Plessis die volgende besluit geneem:

„Die Sinode van 1888 het klaarblyklik nie die bedoeling gehad om hom in die algemeen oor die toelating van blinde *studente* tot

die Teologiese Skool uit te spreek nie. Die geval wat voor die Sinode gedien het, was die van 'n blinde wat ooreenkomstig Art. 8 K.O. predikant wou word. Verder was dit seker nie die bedoeling van die Sinode om met verbygaan van die Kuratorium, aan kerkrade en partikuliere sinodes die bevoegdheid te gee om *blinde studente* tot die Teologiese Skool toe te laat nie. Wat studente in die Teologie betref, is die geval heeltemal anders as in die van voornemende Art. 8-predikante. *Hier is die Kuratorium finaliter die liggaam wat besluit oor toelating tot die Teologiese Skool al dan nie.*

Mutatis mutandis kan die besluit van 1888 egter op blinde *studente* van toepassing gemaak word. Hierdie besluit het voorgeskryf dat daar 'n baie sterk aanbeveling van kerkraad en algemene vergadering (resp. part. sinode) moes wees voordat oor toelating besluit kon word.

In die geval van teologiese studente kan die Sinode dus nou bepaal dat die besluit van 1888 gehandhaaf word en dat dit sal beteken dat 'n blinde student wat toelating tot die Teologiese Skool verlang met die oog op die bediening van die Woord, 'n baie sterk aanbeveling van sy Kerkraad en Part. Sinode moet voorlê aan die Kuratorium, by wie die finale beslissing rus...

By die toepassing van hierdie besluit van die Sinode van 1955 het die Kuratorium moeite ondervind veral met die deel wat begin met „Mutatis mutandis...” en wel soos volg:

a. Omdat die besluit van die Sinode in 1888 volgens die verklaring daarvan in 1955 nie die toelating van blinde studente tot die Teologiese Skool op die oog gehad het nie, kan dit moeilik met die nodige verandering (*mutatis mutandis*) daarvoor van toepassing gemaak word en wel om die volgende redes:

Art. 8 Kerkorde bepaal juis die toelating van nie-gestudeerdes tot die bediening en bied daarvoor die volgende modus operandi: As sulke persone hulle aanbied vir die diens, moet die klassis as die partikuliere sinode dit goëvind, hulle eers eksamineer en al nadat hulle in die eksamen bevind is, hulle 'n tyd lank private preekproewe laat lewer om dan met hulle te handel soos hy stigtelik sal oordeel.

Uit hierdie bepaling is dit dus duidelik dat die Kuratorium van die Teologiese Skool geen opdrag insake nie-gestudeerdes het nie, behalwe om hulle na toelating deur die betrokke meerdere vergaderings beroepbaar te stel as proponente ooreenkomstig die besluit van die Sinode wat hierdie bevoegdheid aan die Kuratorium gegee het.

b. Die Sinodebesluit van 1888, art. 85, en herbekragtig deur die Sinode van 1952, art. 228, 262, het insake blindes wat aansoek doen om tot die bediening toegelaat te word, nog weer 'n eie modus operandi vasgestel al...

(1) Deur die vraag: „Of het raadsaam is eenen persoon,

gansch blind sijnde, in dienst des Woords te stellen...? Antwoord: Neen; ten ware dat uitnemende geleerdheid en gaven by hen waren, en dan nog niet ligtelyk..." (Acta Synode van Middelburg 1581).

(2) Deur die beoordeling van sodanige gevalle te verwys na die kerkraad en die algemene vergadering respektiewelik met inagneming van die hierbo aangehaalde woorde het die Sinode van 1581 en met die opmerking, „dat het in onzen toestanden in deze landen, zooniet geheel onmogelyk, dan toch allerbezwaarlykst moet geacht worden". Sodat kragtens bogenoemde Sinodebesluit die Kuratorium ook weer slegs met die gestudeerde blindes te doen sou kry as hulle beroepbaar gestel moet word, kragtens voornoemde opdrag van die Algemene Sinode aan die Kuratorium.

c. In geval van persone wat langs die weg van studie tot die amp van predikant wil kom, het kragtens besluit van verskillende Sinodes *slegs die Kuratorium* opdrag om finaal te besluit oor toelating tot die Teologiese Skool al dan nie.

As hierdie studente dus tot die skool toegelaat moet word, kan moeilik gebruik gemaak word van die besluit van 1888, wat kragtens die verklaring van die Sinode van 1955 self sien op nie-gestudeerde blindes.

Die Kuratorium kan ook moeilik by die toelating van studente tot die Teologiese Skool gebruik maak van 'n dubbele maatstaf, nl. een vir persone wat kan sien, en een vir persone wat blind is.

Op grond van die voorgaande wil die Kuratorium aan die hand doen dat die besluit van 1955 soos volg gewysig sal word:

(1) dat die eerste deel vanaf „Die Sinode van 1888" tot „al dan nie" ongewysig bly;

(2) dat dit dan verder soos volg sal lees: Wat die toekoms betref, volstaan die eerw. Sinode met die besluit van die Sinode van 1888 waarin verklaar word (met die Sinode van Middelburg 1581) i.s. die toelating van blindes tot die diens van die Woord dat dit selfs met uitnemende geleerdheid en gawes nie ligtelik sal geskied nie, en daaraan toegevoeg dat dit in ons toestand in hierdie land indien nie geheel en al onmoontlik nie dan tog allerbeswaarliks geag moet word.

Besluit: Die aanbeveling van die Kuratorium word aangenem, met weglating van die verklarende toeligtig aan die einde. (Reeds gedoen — Depte. Acta).

8. *Lenings aan studente.*

a. *Terugbetaling van beurse.* Die eerw. Kuratorium het ook kennis geneem van 'n reglement vir die terugbetaling van lenings aan studente wat die Deputaatskap van Beheer aan u sal voorlê. By u word aanbeveel om die volgende reëling goed te keur in verband met die terugbetaling van beurse wat omgeskep word tot lenings aan studente volgens art. 8 van die Reglement vir beurse:

(1) Op beurse uit die Kas vir Behoeftige Studente wat omgeskep word in lenings aan studente, sal 6% rente per jaar bereken word van die datum waarop die studente van studierigting verander.

(2) Die rente is sesmaandeliks op 30 Junie en 31 Desember van elke jaar betaalbaar. Die betaling van die rente kan uitgestel word solank die studente nog aan die P.U. vir C.H.O. studeer.

(3) Enige betaling sal eerstens aangewend word vir betaling van enige verskuldigde rente en daarna vir delging van die kapitaal.

(4) Die geleende bedrag moet hoogstens in ses gelyke jaarlikse paalemente (elke paalement is in gelyke maandelikse paalemente betaalbaar) terugbetaal word na voltooiing of onderbreking van studie of verlating van die P.U. vir C.H.O. of die Teologiese Skool.

b. *Verhoging van lenings.* By u word aanbeveel om lenings uit die J. L. M.-beurs van £50 tot £100 per jaar per student te verhoog in oorleg met die skenker van die beurs.

— Beide a. en b. goedgekeur.

9. *Verandering in reglement.*

a. *Reglement vir die Kuratorium.*

(1) Die Kuratorium wil by u aanbeveel dat die besluit van die Sinode van 1952 ten opsigte van 'n primus kurator herroep en deur die volgende vervang word: Wanneer 'n primus kurator vertrek uit die ressort van die part. sinode wat hom gekies het, bly hy lid totdat die part. sinode op sy eersvolgende vergadering sy opvolger aangewys het.

(2) Die aandag van die Sinode word daarop gevestig dat daar geen bepaling is in verband met die vertrek van 'n secundus kurator uit die ressort van die part. sinode wat hom gekies het nie. U word versoek om hier dieselfde reëling te tref as in die geval van 'n primus kurator.

Besluit: Die hele saak staan oor tot na afhandeling van die kommissieverslag i.s. afskaffing van part. sinodes. (Vgl. art. 96 by art. 26 — Saak is nie behandel nie — Depte. Acta).

Hierby word in behandeling geneem:

(3) (Anv. Rapp. 5). *Wisseling van leerstoel aan die Teologiese Skool.*

a. Die Kuratorium vra dat die volgende punt bygevoeg word by sy mandaat: Die Kuratorium het die reg om sekere byvakke aan die professore toe te wys en te eniger tyd 'n herrangskikking van leerstoel en professore te bewerkstellig na raadpleging van die Senaat van die Teologiese Skool — selfs al is daar geen vakature nie — wanneer dit in belang van die Skool geag word.

Motivering: Hierdie toevoeging tot die mandaat van die Kuratorium word gevra omdat ons in 'n tyd van spesialisasie lewe en van die Kieskollege verwag word om vakmanne te kies. Normaalweg sal dit slegs in uitsonderlike gevalle gebeur dat 'n professor

in die vakke van 'n ander leerstoel net so gespesialiseer is as in dié waarvoor hy benoem is. Tog kan dit gebeur, veral waar departemente aan mekaar verwant is.

Hierby moet rekening gehou word met die moontlikheid dat met die wisseling van die tye die vereistes ook kan verander word, bv. dat 'n bestaande leerstoel nie meer so noodsaaklik geag word nie en dat meer nadruk op ander vakke gelê word. As die Kieskollege net moet benoem vir die oopgevalle vakature, word 'n herrangskikking van leerstoel onmoontlik, want dit lê nie in die mag van die Kieskollege om dit te doen nie.

— **Goedgekeur.**

b. *Konstituering van die Kuratorium*: By u word aanbeveel om die Skriba van die Kuratorium aan te wys as saamroeper van die Kuratore vir konstituering nadat die deputate vir die Kuratorium benoem is.

— **Goedgekeur.**

c. Punt g. van die mandaat van die Kuratorium moet soos volg lui: „die reg om professore weens 'n beskuldiging van wangedrag of... beslis” (Acta Sinode 1936, p. 102; vgl. ook Reglement vir professore en Reglement vir die Senaat punte 10 b, c en 11 b.).

— **kennis geneem.**

(4) (*Aanv. Rapp. 6. Verandering van die reglement vir die Kieskollege*). As Aanv. Rapp. punt 5. (vgl. 9. a. (3) hierbo aanvaar word, moet die besluit ook in die Reglement van die Kieskollege ingevoeg word. Die verandering sal dan soos volg wees: Teologiese Skoolboekie, bl. 9, punt III. 3. word punt 3. a., en die byvoeging in punt 5 hierbo word 3. b.

Hierdie punt moet ook in die toekoms in die beroepsbrief van 'n verkose professor vermeld word.

— **Goedgekeur.**

(5) (*Aanv. Rapp. 7. Verandering van reglement vir professore*. Art. 1. word geskrap en met die volgende vervang: Professore aan die Teologiese Skool word gekies deur die Kieskollege volgens die reglement van hierdie liggaam.

— **Goedgekeur.**

b. *Reglement vir die Senaat.*

(1) Die Sinode word versoek om sy besluit van 1958 insake een van die plaaslike predikante as lid van die Senaat nader te kwalifiseer. Nou lui die bepaling „...en een van die plaaslike predikante vir twee jaar volgens toerbeurt, wat begin by die oudste van die predikante in die bediening”. U word versoek om dit so te omskrywe: „een van die Potchefstroomse predikante wat nie vir 'n besondere diens afgesonder is nie”.

(2) By u word aanbeveel dat die samestelling van die komitee vir terreine en geboue sodanig gewysig word dat dit voortaan slegs 'n komitee van die Teologiese Skool sal wees. Die Kerkraad van Potchefstroom-Noord en die Deputate van Beheer het geen beswaar teen die verandering nie.

— **Punte (1) en (2) goedgekeur.**

(6) (*Aanv. Rapp. 8. Verandering van die reglement vir die*

Senaat. Dit word aanbeveel dat punte 10, 11 en 12 van die Reglement soos volg sal lui:

10. „Aan die Senaat is toevertrou:

a. Die uitvoering van besluite van die Kuratorium wat aan hom opgedra is;

b. reëling van die werksaamhede van die professore onder nadere goedkeuring van die Kuratorium;

c. toesig oor die leer en lewe van professore en onmiddellike rapport aan die Kuratorium in verband met enige saak wat na die oordeel van die Senaat die aandag van hierdie liggaam verdien;

d. algemene toesig oor die Teologiese Skool, o.m. die biblioteek, geboue en terreine, administrasie van die argief;

e. algemene toesig oor en skorsing van studente tot op die naaste vergadering van die Kuratorium, soos bepaal onder 12;

f. reëling van preekbeurte van studente om voor gemeentes op te tree in oorleg met kerkrade;

g. reëling in verband met ampsjubileum van professore;

h. jaarlikse rapport aan die Kuratorium van sy werksaamhede, van die eksamens en van wat hy verder nodig ag om onder die aandag van die Kuratorium te bring.”

— **Goedgekeur.**

11. „Die Rektor sal, behalwe sy pligte as voorsitter van die Senaat, die volgende sake behartig:

a. Die jaarlikse rapport oor die Skool opstel en aan die Senaat voorlê;

b. in geval van prima facie valse leer of wangedrag van professore onmiddellik die Senaat vir 'n vergadering oproep in terme van punt 5 van die Senaatsreglement.

N.B. As die Rektor self betrokke is, moet die Vise-Voorsitter van die Senaat optree.

c. tydelik tot op die eersvolgende Senaatsvergadering studente weens prima facie wangedrag die kolleges ontsê;

d. optree in enige saak wat die welvaart van die Skool aangaan, met onmiddellike rapport aan die U.K.”

— **Goedgekeur.**

12. „Soos bepaal onder 10. e. en 11. b. kan die Rektor of, in sy afwesigheid, die Vise-Voorsitter van die Senaat te eniger tyd 'n student of studente bywoning van die lesings ontsê wanneer hy om gewichtige redes dit in belang van die Teologiese Skool ag. So spoedig moontlik daarna moet hy rapport hiervan doen aan die Senaat, wat dan verder sal handel. Geen student sal egter sonder toestemming van die Kuratorium van die register geskrap word nie.”

— **Goedgekeur.**

Vise-Voorsitter van die Senaat. Die volgende word by u aanbeveel: Daar word 'n vise-voorsitter van die Senaat benoem,

wat sal optree as waarnemende Rektor wanneer die Rektor om een of ander rede verhinder word. — **Goedgekeur.**

Komitees van die Senaat.

Die samestelling van die Uitvoerende Komitee.

Die Uitvoerende Komitee bestaan uit: Die Rektor, die Vise-voorsitter van die Senaat en nog 'n lid van die Senaat (benoem deur die Senaat) met die Sekretaris van die Teologiese Skool as notulehouer. — **kennis geneem.**

10. REGLEMENT VAN DIE ONDERSTEUNINGSFONDS VIR TEOLOGIESE PUBLIKASIES

1. *Naam.* Die naam van die fonds sal wees: *Die ondersteuningsfonds vir teologiese publikasies.*
2. *Middele.* Die fonds verkry sy middele deur:
 - a. toekennings deur die Algemene Sinode,
 - b. aandeel in en winste op publikasies,
 - c. vrywillige skenkinge.
3. *Doel.* Doel van die fonds is: Die bevordering van die Gereformeerde teologiese wetenskap in Suid-Afrika deur subsidiëring van wetenskaplike publikasies.
4. *Applikante.* In aanmerking kom:
 - a. lidmate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,
 - b. goedgekeurde organisasies,
 - c. in buitengewone gevalle ook lidmate van ander kerke.
5. *Toekenning.* Toekennings word gedoen deur die Kuratorium van die Teologiese Skool of sy Dagbestuur na advies van die kollege van teologiese professore. Aansoeke word by die Rektor van die Teologiese Skool ingehandig. Geen redes hoef aangegee te word vir die afwysing van 'n aansoek nie.
6. *Keuring.* Vir elke manuskrip benoem die kollege van professore 'n keurkomitee van twee lede (van wie een saamroeper is). Die rapport van die komitee word oorhandig aan die kollege van professore, wat in sy advies aan die kuratorium hiermee rekening hou. Geen vergoeding word aan die lede van die keurkomitee gegee nie.
7. *Vorm van manuskripte.* Manuskripte moet persklaar aangebied word.
8. *Bedrag van toekenning.*
 - a. In die geval van tydskrifartikels of -bylaes word, as die bydrae goedgekeur word, die volle drukkoste betaal.
 - b. In die geval van boeke en brosjures word in elke geval oor die bedrag besluit. In verdienstelike gevalle kan die volle bedrag van publikasiekoste toegeken word.

9. *Uitbetaling.* Uitbetaling van goedgekeurde toelaes sal nie geskied voordat 'n werk in druk verskyn het nie.

10. *Verdeling van wins.*

a. In die geval van tydskrifartikels en -bylaes word geen terugbetaling verwag nie.

b. In die geval van boeke en brosjures geld die volgende reëling:

i. Wanneer die toelae uit hierdie fonds slegs gedeeltelik die publikasiekoste dek, het die outeur(s) eerste aanspraak op inkomste wat verkry word nadat die druk- en hanteringskoste van die uitgawe gedek is, tot op die bedrag werklik deur die outeur(s) bygedra. Daarna gaan die inkomste na die fonds tot op die bedrag van steun toegeken. Hierna ontvang die fonds 20% van die netto wins.

ii. Wanneer die fonds die volle bedrag van publikasie voorskiet, word die netto wins om die helfte verdeel tussen die fonds en die outeur.

11. *State.* Van die uitgawe van 'n gesubsidieerde publikasie word van tyd tot tyd gewaarmerkte afskrifte van die state verlang. Hierdie state moet by die sekretaris van die Kuratorium ingehandig word.

12. *Oplaag.* Die Kuratorium of sy Dagbestuur bepaal die oplaag in oorleg met die skrywer.

13. *Gratis eksemplare.* Aan elk van die biblioteke van die Teologiese Skool en P.U. vir C.H.O. moet die uitgawe of drukker twee eksemplare gratis skenk. In die geval van tydskrifartikels moet die administrasie van die tydskrif onderneem om die skenking te doen. Verder moet die deur die wet vereiste eksemplare na die voorgeskrewe inrigtings gaan.

14. *Verantwoordelikheid.* In geen geval dra die Kuratorium verantwoordelikheid vir die inhoud van ondersteunde publikasies nie.

15. *Erkenning.* In elke geval waar ondersteuning uit hierdie fonds ontvang is, moet dit in die publikasie erken word volgens 'n voorgeskrewe bewoording.

16. *Wysiging.* Die Kuratorium kan van tyd tot tyd wysiginge in hierdie Reglement aanbring, wat nie van terugwerkende krag sal wees nie.

— **kennis geneem.**

11. *Verteenwoordigers op die Raad van die P.U. vir C.H.O.*

Van die verteenwoordigers op die P.U.-Raad is gereelde verslae ontvang. Met dankbaarheid kan vermeld word dat die goeie verhouding tussen die Raad van die P.U. vir C.H.O. en die Gereformeerde Kerk bly voortduur. Die gees en gesindheid van die Universiteit is nog steeds gesond, en die Christelike beginsel word gehandhaaf by die onderrig.

— **Met dank aan verteenwoordigers op die Raad kennis geneem.**

12. *T.S.U.-dae.*

Daar word nog jaarliks reëlins getref om T.S.U.-dae te hou. Die gedagte is dat daar jaarliks sover moontlik 'n T.S.U.-dag in elke klassis gehou moet word. Omstandighede bring dit egter mee dat die voorneme nie altyd uitgevoer kan word nie. Waar die T.S.U.-dae gehou word, word gunstig daarvoor gerapporteer.

(Aanv. Rapp. 13). *T.S.U.-dae.* Uit die verslae wat oor die T.S.U.-dae ontvang is, blyk dat dit in die meeste gemeentes nog nie 'n jaarlikse instelling is nie. Die pogings wat gedurende die afgelope paar jaar aangewend is dat verteenwoordigers van die Teologiese Skool een gemeente per jaar in elke klassis in die Unie besoek, was nie heeltemal geslaagd nie. Met dankbaarheid kan gemeld word van 'n klein aantal gevalle waar sulke dae met groot welslae georganiseer is. Daar is egter ook gevalle (en dit is die meerderheid) waar geen T.S.U.-dae georganiseer kan word nie. Op sy vergadering van November 1960 het die Kuratorium besluit dat daar afgesien word van enige geldinsamelings met sulke geleenthede, omdat die versterking van die band tussen die kerk aan die een kant en die Teologiese Skool en Universiteit aan die ander kant die hoofdoel van die T.S.U.-dae is. U word gevra om u aandag aan die saak te gee of daar verder voortgegaan moet word met die organisering van sulke dae.

— **Goedgekeur.**

13. *Reserwe vir traktement in geval van oorlye van teologiese professore.*

Die Sinode het hom in 1955 verantwoordelik gestel om gedurende ses maande na die dood van 'n ontslape professor aan sy weduwee ook die deel uit te betaal wat normaalweg van die Universiteit ontvang sou word as salaris en lewensduurtetoelae. Terselfdertyd is daar in die begroting ook voorsiening gemaak vir 'n reserwe waaruit die traktement geneem kan word. Hierdie geld is nog steeds in die lopende rekening van die Teologiese Skool-kas verantwoord. Die Kuratorium het nou besluit dat die geld wat vir die doel bestem is, in die vervolg afsonderlik verantwoord sal word as: Reserwe vir traktement; verder dat die rente wat op hierdie geld verdien word, by die kapitaal gevoeg word en dat die volle bedrag wat aan die weduwee van 'n ontslape professor uitbetaal word, uit dié kas betaal word. — **Goedkeurend kennis geneem.**

14. *Teologiese Skool.*

In verband met die Teologiese Skool is die volgende reëlins getref:

a. 'n Komitee vir beleid en ontwikkeling is in die lewe geroep, waarvan die lede die Dagbestuur van die Kuratorium en die lede van die Uitvoerende Komitee van die Senaat is.

— **Goedkeurend kennis geneem.**

b. (1) Die Kuratorium benoem een van die professore van

die Teologiese Skool tot Rektor en een tot Vise-Voorsitter van die Senaat vir 'n tydperk van drie jaar.

(2) Aan elkeen van die teologiese professore word deur die Senaat op voordrag van die Uitvoerende Komitee van die Senaat een of meer take toegewys. By die wisseling van die rektorat word die take in hersiening geneem. — **Goedkeurend kennis geneem.**

c. Die Teologiese Skoolboekie word in die vervolg jaarliks uitgegee.

— **Goedkeurend kennis geneem.**

d. *Reiskoste van professore na wetenskaplike vergaderinge.*

Op versoek van die Senaat het die Kuratorium bewillig om 'n bedrag vir reiskoste van teologiese professore na wetenskaplike vergaderinge beskikbaar te stel.

Elke aansoek word volgens meriete behandel deur die Komitee vir beleid en ontwikkeling, en u word gevra om in u begroting hiervoor voorsiening te maak. Ondertussen word die koste uit die Senaatskas betaal.

— **Goedgekeur (vgl. art. 175. B. 1. a. (3) (b)).**

e. *Vervoer van besoekers uit die buiteland.*

Dit gebeur van tyd tot tyd dat hier besoekers uit die buiteland kom wat ons land graag wil besigtig. In die verlede het individuele professore en ander belangstellendes sulke besoekers op eie koste vervoer. Op versoek van die Senaat word by u aanbeveel om £50 per jaar hiervoor te bewillig. Die gedeelte wat in die betrokke jaar nie gebruik word nie, val terug aan die Teologiese Skool-kas.

— **Goedgekeur (vgl. art. 175. B. 1. a. (3) (b)).**

(Aanv. Rapp. 4.). *Eupees van die Teologiese Skool in 1969.* Hierdie saak word onder die aandag van die Sinode gebring om tydig suggesties uit die kerkverband in verband met die feesviering te ontvang.

Besluit: Dit word na die Kuratore verwys, en die kerke word besonderlik versoek om wenke te stuur.

15. *Terreine.*

a. 'n Opsigter vir die terreine is benoem en sy diensvoorwaardes is gereël.

b. Om die gebou van die nuwe Teologiese Skool is gras aangeplant.

c. Daar is onderhandelings met die Stadsraad van Potchefstroom aan die gang insake die ruil van 'n gedeelte van die terrein van die nuwe Teologiese Skool vir 'n ander gedeelte sodat die terrein reghoekig sal wees. Daar word ook onderhandelinge met die Stadsraad gevoer om 'n stuk grond wat aan die terrein van die Teologiese Skool geleë is, aan te koop. Ons meen om vollediger in die aanvullende rapport te rapporteer.

d. (Aanv. Rapp. 9. b. en c.). *Ruiling van 'n stuk grond van die Stadsraad van Potchefstroom.*

Die Kuratorium het besluit om 'n gedeelte van die grond wat

aan Molenstraat geleë is aan die noordekant van die Teologiese Skool nr. 3, op versoek van die Stadsraad van Potchefstroom te ver-
ruil vir 'n gedeelte van ongeveer dieselfde grootte wat aan Van der
Hoffweg geleë is om die perseel van die Teologiese Skool reghoekig
te maak. Die voorwaarde vir die ruiling is dat die Stadsraad alle
onkoste dra wat daaraan verbonde is. — **Goedgekeur.**

ii. *Aankoop van 'n stuk grond.* Die Kuratorium wil by u
aanbeveel dat 'n stuk grond groot 59,566 vierkante voet wat aan
die noordekant grens aan die terrein van Teologiese Skool nr. 3
tot by Meyerstraat, van die Stadsraad van Potchefstroom aangekoop
word teen die prys van die geswore waardasie van £3000.

Die redes vir die aanbeveling is dat die stuk grond aan die
terrein van die Teologiese Skool geleë is en geskik geleë is vir
moontlike uitbreiding in die toekoms. Dit is die enigste onbehoude
stuk grond in die onmiddellike omgewing van die Teologiese Skool.

Die Stadsraad wil hierdie terrein proklameer as woongebied.
Dit bring mee dat ander geboue vlak langs die Teologiese Skool
opgerig kan word, en niemand kan voorsien watter soort geboue
daar opgerig kan word nie. — **Goedgekeur.**

16. *Geboue.*

a. Daar is reparasiewerk aan die geboue gedoen.
b. Van 1960 af word die Teologiese Skool nr. I en ander
geboue nie meer deur die Konservatorium vir musiek van die P.U.
vir C.H.O. gebruik nie.

Op versoek van die P.U. vir C.H.O. is die gebruik van die ou
koshuis toegestaan om studente van Augustus 1960 af te huisves.
Die koshuis sal vir 18 maande of langer so gebruik word.

c. (Aanv. Rapp. 9. a.). *Herbeplanning van die gebruik van
die geboue.*

a. Die bestaande kantoorruimte is nie meer toereikend nie.
Daar moet voorsiening gemaak word vir kantore vir die professore
en kantoorruimte vir die *Kerkblad*kantoor. Hiervoor word 'n bedrag
op die begroting geplaas. — **Goedgekeur.**

d. (Aanv. Rapp. 11.). *Opsigter.*

Daar word aanbeveel dat daar liever voorsiening gemaak
word vir die besoldiging van die opsigter, soos in die begroting
gestel word, en dat daar ook vir 'n derde naturellebediende voor-
siening gemaak word. — **Goedgekeur.**

17. *Meubels.*

Op versoek van die Sendingkommissie van Potchefstroom is
120 ou stoele van die saal aan die Sendingkerk van Potchefstroom
geskenk en 40 aan die Sendingkerk van Stilfontein.

18. *Monument.*

Daar is besluit om die monument wat voor Teologiese Skool

nr. 2 staan, te verplaas na die terrein van die nuwe Teologiese Skool.
— **kennis geneem (vgl. art. 68).**

19. *Buffeldoorns.*

Met die onthinding van die Gereformeerde Kerk Buffeldoorns
het die eerw. Kerkraad besluit dat die bates van die genoemde
Kerk, wat bestaan uit 'n erf op Fochville, aandeel ter waarde van
£15 in Pro Rege-Pers Bpk. en kontant ter waarde van £1325 in
trust aan die Kuratorium van die Teologiese Skool te skenk om
dit later weer terug te gee aan 'n kerk wat daar mag ontstaan.

— **Goedkeurend kennis geneem.**

20. *Erflatings.*

Met groot dankbaarheid word bekend gemaak dat die volgende
bemakings ontvang is: Uit die boedel van wyle suster C. M. A. van
der Walt £40 vir die Teologiese Skool-Jubileumfonds; uit die
boedel van wyle suster L. Stoker £500 vir die Kas vir Hulpbehoe-
wende Studente en uit die boedel van wyle broeder J. Last £250.
Hierdie laasgenoemde twee bedrae is in die kapitaalfonds van die
Kas vir Hulpbehoewende Studente gestort, sodat die renteopbrengs
daarvan as beurse aan teologiese studente gebruik kan word, volgens
die wens van die testateurs.

(Aanv. Rapp. 16). Met hartlike dank word van die volgende
erflatings melding gemaak: Vir die Teologiese Skool-Jubileumfonds:
£40 uit die boedel van wyle suster C. M. A. van der Walt en £100
uit die boedel van wyle br. F. P. Viljoen; vir die Kas vir Behoefti-
ge Studente: £100 uit die boedel van wyle suster D. J. L. Viljoen.

— **Met hartlike dank kennis geneem.**

21. *Skenkings.*

Met dankbaarheid kan ook melding gemaak word van geldelike
skenkings vir die biblioteek van die Teologiese Skool.

— **Met hartlike dank kennis geneem.**

22. 'n Aanvullende rapport en 'n begroting sal ingedien word.

(a) (Aanv. Rapp. 14). *Biblioteek.* Die Kuratorium het besluit
om elke jaar 'n omsendbrief aan elke kerkraad te stuur om bydraes
te vra vir die biblioteek, sodat daar jaarliks 'n groter bedrag
beskikbaar is vir die aankoop van boeke. — **Goedgekeur.**

(b) (Aanv. Rapp. 15). *Kas vir Behoeftige Studente.*

(1) By die finansiële state sal u aandag gevestig word op
kerkrade wat agterstallig is met die aanstuur van die kollekties.

(2) Die Kuratorium het besluit om waar dit moontlik is volgens
die voorwaardes wat aan die skenkings vir die Kas vir Behoeftige
Studente gedoen is, alle skenkings saam te voeg tot een fonds,
in plaas daarvan dat die skenkings afsonderlik onder die een fonds
geadministreer word.

(3) Hier moet ook gemeld word van verskillende skenkinge
wat ontvang is, o.a. dat een broeder in die afgelope paar jaar
£1100 geskenk het.

Besluite: (1) kennis geneem; (2) goedgekeur; (3) met hartlike dank kennis geneem.

(c) (Aanv. Rapp. 10.). *Sekretaris*. By 'n toekomstige benoeming van 'n sekretaris vir die Teologiese Skool sal rekening gehou moet word met die feit dat dit iemand moet wees wat kennis het van biblioteekwese. Dit sal groter uitgawe meebring. Hierby kom ook nog dat die dienste van 'n tikster in deelytse hoedanigheid nodig sal wees. Hiervoor word in die begroting voorsiening gemaak. — **Goedgekeur.**

(d) (Aanv. Rapp. 12.). *C.H.O.-Leningsfonds*. Met groot dankbaarheid kan meegedeel word dat die fonds op 31 Oktober 1960 £24,660 beloop het. Dit sluit in die bydraes wat ontvang is en die rente wat op lenings verdien is. Hierdie bedrag is in ongeveer 8 jaar bymekaar gebring deur Kerkrade, meerdere vergaderings, die Gereformeerde Sustersorganisasies in die verskillende provinsies, die katkisasiekinders en sekere lidmate.

Elke jaar word daar omsendbriewe vir verdere bydraes aan al ons kerkrade gestuur. Jaarliks is daar 'n aansienlike aantal kerkrade wat op die omsendbriewe reageer. In sommige gevalle is maar klein bedraggies ontvang, en in ander gevalle is groot bedrae ontvang. Alles saamgereken is 'n aansienlike bedrag.

Met spyt moet egter ook meegedeel word dat daar heelwat kerkrade is wat niks tot die fonds bygedra het nie.

Met hierdie fonds was dit moontlik om 'n groot aantal Gereformeerde jong broeders en susters te help om hulle studie aan die P.U. vir C.H.O. af te lê.

Verder word aanbeveel dat die volgende byvoeging tot die reglement van die C.H.O.-leningsfonds gedoen word: Die jaarlikse rente op die C.H.O.-leningsbeursfonds kan aangewend word vir beurse aan Gereformeerde studente wat begerig is om met nagraadse studie aan Suid-Afrikaanse of buitelandse universiteite voort te gaan, met dien verstande dat 'n positief-Christelike studie beoog word. Hierdie beurse is nie terugbetaalbaar nie.

Besluit:

(i) Met dank word kennis geneem van die ruim bydraes wat reeds gegee is.

(ii) Kerke word aangemoedig om gereeld en ruim by te dra.

(iii) Kerke wat nog niks gegee het nie, moet tog toesien dat hierdie lofwaardige saak nie verwaarloos word nie.

(iv) Die toekenning van nie-terugbetaalbare beurse uit die rente van C.H.O.-leningsfonds aan studente word goedgekeur.

(e) (Aanv. Rapp. 17). *Museum*. Die Sinode van 1958 het in beginsel goedgekeur dat Teologiese Skool nr. 1 as museum vir die Gereformeerde Kerk en Potchefstroomse Universiteit sal dien. Vanweë die hoë finansiële uitgawes verbonde aan die inrigting, en instandhouding van 'n museum wil die Kuratorium nou aanbeveel dat

die Stadsraad van Potchefstroom genader word met die versoek om vir 'n sekere tydperk 'n afdeling in die dorpsmuseum in te rig vir die versameling van die Gereformeerde Kerk en daarby 'n afdeling vir 'n Totiusversameling. — **Goedgekeur.**

(f) (Aanv. Rapp. 18). *Begroting van uitgawes per jaar:*

(1) Traktement van professore	£5400	—	—
Jubileumfondsbeurse	250	—	—
Reiskoste Kuratore	300	—	—
Reiskoste Kieskollege	60	—	—
Assist. Bibliotekaris-Sekretaris en tikster	1000	—	—
Opsigter	724	—	—
Bediendes	360	—	—
Bydrae vir E.P.P.W. en W.-fonds	972	—	—
Onderhoud van geboue	300	—	—
Reserwe vir traktement	250	—	—
Biblioteek	600	—	—
Huisvesting	120	—	—
Subsidie Teol. publikasies	50	—	—
Voorsiening vir kantoorruimte	150	—	—
Vervoer buitelandse besoeker	50	—	—
Reiskoste bywoning wetenskaplike konferensies	25	—	—
Teologiese Skool-boekie	60	—	—
Rektorstoelae	50	—	—
Burokoste en kleinkontant	550	—	—
Onvoorsiene uitgawe	150	—	—

£11,421 — —
R22,842

(2) Aankoop van grond van Stadsraad. Dit word aanbeveel dat daar nie hiervoor geraam word nie, maar dat die opgehoopte saldo van die Teologiese Skoolkas hiervoor aangewend word.

Met heilwense, u broeders in Christus,

W. F. Venter (Voorsitter). I. J. Lessing (Skriba).

Besluit: Dit word na die Finansiële Kommissie verwys. (Vgl. art. 175. B. 1. a. — Wysigings is aangebring t.o.v. die Biblioteek, sekere uitgawes uit Senaatskas verhaal word, en die metode van (2) goedgekeur word. — Depte. Acta). Die hele Rapport word met hartlike dank aan die Kuratorium aangeneem.

Art. 74 (81, 175)

Beheer oor die Administratiewe Buro.

A. Die Rapport van die deputate word deur ds. I. J. Lessing toegelig, terwyl prof. H. Venter by punt 7 toelig.

Die Rapport word na die Finansiële Kommissie (vgl. art. 15. C.) verwys, en so ook die beskrywingspunte.

B. Dit is vir die Deputaatskap van Beheer 'n eer en voorreg om die volgende rapport aan u voor te lê:

1. *Samestelling.*

a. Die lede van die Deputaatskap is ds. A. A. Venter (Voor-sitter), dr. S. C. W. Duvenage (Vise-Voors.), ds. T. T. Spoelstra, ds. C. E. Malan, dr. H. Venter, prof. J. M. de Wet en br. G. J. Kempff.

b. Die Dagbestuur bestaan uit ds. A. A. Venter, dr. S. C. W. Duvenage en prof. J. M. de Wet met dr. H. Venter as secundus vir enige van die ander lede. — **Kennis geneem (ook 2).**

2. *Personeel.*

Die personeel bestaan uit: Ds. I. J. Lessing (Sekretaris-Penningmeester) en mej. M. C. van der Walt (tikster).

3. *Die Deputaatskap vir Katkisasie.*

In uitvoering van die besluit van die Sinode 1958 (bl. 356, V b) is die finansies en administrasie van die Deputaatskap vir Katkisasie op 7 Maart 1958 oorgedra aan die administrasie van die Deputaatskap van Beheer. Op versoek van die Deputaatskap vir Katkisasie is die intekening op *Slingervel* onder sy beheer gelaat sodat die Deputaatskap op hoogte van alle besonderhede kan wees.

In Oktober 1959 het die Deputaatskap vir Katkisasie hierdie Deputaatskap verwittig dat die intekening op *Slingervel* deur *Die Kerkblad* behartig sal word.

Volgens onderlinge reëling sal die Deputaatskap vir Katkisasie 'n finansiële staat tot 7 Maart 1958 aan u voorlê, terwyl die Deputaatskap van Beheer state van daardie datum af aan u sal voorlê.

— **kennis geneem.**

4. *Die Eeufesbedieningsfonds.*

Met dankbaarheid kan u Deputaatskap as trustees van die Eeufesbedieningsfonds meld dat behalwe skenkinge in kontant ook die volgende ten bate van die Fonds ontvang is:

a. Die opbrengs van 'n klein plasie wat br. D. J. Erasmus van Oogies vir £600 verkoop het;

b. die volgende erflatings aan die Eeufesbedieningsfonds:
(1) £1000 uit die boedel van wyle H. S. Coetzee van Durban;
(2) 'n klein hoewe by Bloemfontein uit die boedel van wyle suster A. S. van den Berg van Bloemfontein (eiendom wat onder huurkoopkontrak verkoop is vir £1350);

(3) 'n Onverdeelde helfte van die plaas Weltevrede van 257 morges in die distrik Standerton uit die boedel van wyle suster A. C. Penning van Heidelberg. (Tot nog toe is daar nog nie 'n afskrif van die huurkontrak ontvang nie).

— **Met hartlike dank kennis geneem (vgl. ook art. 82).**

5. *Beleid in verband met belegging van geld.*

Die Sinode van 1958 het die volgende opdrag aan u Deputate

gegee: „Die te benoeme deputate kry opdrag om 'n deeglik gemotiveerde rapport oor die beleid i.v.m. die belegging van gelde aan die volgende Sinode voor te lê”. (Sin. Hand. 1958, bl. 467, C 2 b).

Hieroor wens ons die volgende te rapporteer en as beleid aan te beveel:

I. DIE BELEID

1. Die uitgangspunt is om die kerklike fondse op so 'n veilig moontlike manier te belê.

2. a. Kerkrade kry voorkeur vir lenings wanneer geld vir belegging beskikbaar is.

b. Lenings word aan kerkrade toegestaan vir die aankoop van grond en vir die aankoop of oprigting van 'n kerkgebou, kerk-saal waar geen kerkgeboue is nie en pastorie.

c. Lenings vir 'n kerksaal waar 'n kerkgebou is, word toegestaan indien geld beskikbaar is.

d. Lenings vir kerkgeboue tot 'n bedrag van £20,000 (twintig-duisend pond) kan toegestaan word onder heersende omstandighede.

3. Die P.U. vir C.H.O. kan lenings tot £100,000 verkry. Vir die eerste £50,000 dien die bates van die Universiteit as sekuriteit en vir die verdere £50,000 word 'n regeringswaarborg verskaf.

4. Predikante wat geroep word tot besondere dienste in die kerkverband (en nie kerkrade het wat vir hulle verantwoordelik is nie), kan lenings verkry op dieselfde voorwaardes as kerkrade.

5. Aansoeke van individue word op meriete behandel.

6. a. Korttermynbeleggings kan by goedgekeurde finansiële instellings gedoen word waar die beste rentekoers verkry kan word.

b. Langtermynbeleggings kan by goedgekeurde finansiële instellings oorweeg word as daar geen goedgekeurde aansoeke vir lenings is nie.

c. 'n Tydperk van ses maande word beskou as 'n genoegsame tydperk om beleggings by finansiële instellings te doen as in die tydperk geen goedgekeurde aansoeke ontvang is nie.

Besluit: Al die punte goedgekeur, met wysiging by 2. b. C. Reeds aangebring. (Depte.).

II. VOORWAARDES VIR LENINGS.

Lenings word op die volgende voorwaardes toegesê:

1. a. Lenings word op eerste verband gegee.

b. Geen lenings word op tweede verband gegee nie.

c. Lenings word tot twee-derdes van die werklike koopprys of boukoste of geswore waardasie van die eiendom(me) verleen.

d. Lenings aan kerkrade kan op eerste verband wees of lenings op aanvraag met oorhandiging van kaart en transportakte vir veilige bewaring.

c. Lenings aan die P.U. vir C.H.O. moet vir die helfte van die bedrag gedek word deur die sekuriteit van eie bates, en die ander helfte moet deur 'n regeringswaarborg gedek word.

f. Individue kan 'n lening tot £50 op bewys ontvang as twee goedgekeurde borge gegee word of 'n goedgekeurde versekeringspolis aan die betrokke fonds gesedeer word.

2. a. Tydperk van terugbetaling is hoogstens 20 jaar, gewoonlik 15 jaar.

b. Terugbetaling geskied in gelyke halfjaarlikse paaieimente (wat ook in maandelikse paaieimente verdeel kan word), wat kapitaal-delging en rente van die begin af insluit.

3. Die rentekoers is 5% per jaar totdat die Deputaatskap van Beheer of die Sinode besluit om dit te verander.

4. a. Geboue waarvoor lenings verkry is, moet by 'n goedgekeurde versekeringsmaatskappy teen brand- en stormskade verseker word vir die volle waarde van die gebou en meubels, en die polis moet aan die fonds waaruit die geld geleen is, gesedeer word.

b. (1) Geboue wat in aanbou is, moet teen brand- en stormskade gedek wees deur 'n dekkingsertifikaat van 'n goedgekeurde versekeringsmaatskappy voordat enige uitbetalings gedoen word.

(2) Bewyse en/of sertifikate van hoever die bouery gevorder het, moet verstrek word voordat enige uitbetalings van die lenings gedoen sal word.

c. Kwitansies dat die brand- en stormversekering betaal is, moet gereeld aan die Administratiewe Buro gestuur word.

Besluit: Al hierdie punte word goedgekeur, met uitsondering van 3. wat na die Finansiële Kommissie verwys word (vgl. besluit by C. 1. bl. 282).

III. VEREISTES VIR AANSOEKE.

Aansoeke moet vergesel wees van:

1. staat van Inkomste en Uitgawe vir minstens die afgelope 6 maande of langer;
2. begroting vir huidige finansiële jaar;
3. balansstaat;
4. vermelding van die doel waarvoor lening nodig is;
5. geswore waardasie van eiendomme, indien verlang;
6. enige verdere inligting, indien verlang. — **Goedgekeur.**

IV. MOTIVERING.

1. Kerkfondse is trustgeld. Vandaar die eis dat beleggings so veilig moontlik moet wees.

2. a. Kerkfondse is in die kerkverband ingesamel en verkry. Vandaar dat kerkrade ook voorkeur by lenings mag ontvang.

b. Die P.U. vir C.H.O. is uit die Gereformeerde Kerk gebore en is vir sy bestaan en voortbestaan in 'n baie groot mate afhanklik van die morele en finansiële steun van die Gereformeerde Kerk. Ook wat betref leningskapitaal by die Regering het die Tesourie die Universiteit in 1957 versoek om private lenings te verkry vir die oprigting van geboue.

3. Rentekoers is 5% per jaar, soos deur die Sinode besluit.

4. Beskikbare leningskapitaal uit die verskillende fondse behoort as 'n eenheid behandel te word t.o.v. die vasstelling van 'n rentekoers.

5. Predikante wat deur die kerkverband vir besondere dienste geroep word, het geen kerkraad tot wie hulle hulle kan wend in verband met die voorsiening van 'n woning nie, en meestal is sulke broeders finansiële nog nie in die vermoë om die vereiste deposito aan 'n bougenootskap te verskaf nie. Daarom ag die Deputaatskap dit noodsaaklik dat sulke broeders, met die nodige bykomstige sekuriteite, aan lenings uit die fondse van die kerkverband gehelp kan word om 'n woning te bekom.

Besluit: Van al die punte kennis geneem, terwyl vir punt 3. (Rentekoers) verwys word na die besluit by C. 1, bl. 282.

6. *Studielenings aan teologiese en/of voornemende teologiese studente.*

In die verlede was studielenings aan studente hoofsaaklik beperk tot die terugbetaling van beurse aan studente, wat outomaties studielenings geword het weens verandering van studierigting of staking van die studie. Hierdie terugbetaling van lenings word gereël deur 'n besluit van die eerw. Kuratorium in 1938. In die afgelope tien jare is daar verskeie skenkings vir leningsbeurse aan teologiese en/of voornemende teologiese studente ontvang. Vir die soort lenings is daar nie voorsiening gemaak nie. Daarom wil die Deputaatskap die volgende reglement ten opsigte van sulke lenings by u aanbeveel. Hierdie reglement is ook aan die eerw. Kuratorium voorgelê en goedgekeur vir voorlegging aan u.

Reglement vir studielenings.

a. Die doel van die lenings is om studente in staat te stel om hulle aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom te bekwaam as predikante van die Gereformeerde Kerk.

b. Lenings aan dieselfde student kan van jaar tot jaar oorweeg word nadat bewys gelewer is van goeie vordering met die studie.

c. Die jaarlikse lening aan 'n student sal £100 per jaar nie te bowe gaan nie en kan in een of meer paaieimente uitbetaal word.

d. Rente op lenings word soos volg bepaal:

(1) Van die datum waarop 'n student 'n lening ontvang, word rente op die geleende bedrag soos volg bereken:

(a) Lenings uit die Seringboomfonds en die P. W. Vorster-beurs is rentelose lenings.

(b) Lenings uit die J.L.M.-beurs dra rente teen 2% per jaar solank die student aan die Teologiese Skool studeer; daarna word rente teen 4% per jaar bereken.

(c) Op ander lenings word rente teen 5% per jaar bereken.

(d) Beurse uit die Kas vir Behoeftige Studente wat omgeskep word in lenings aan studente, sal 6% per jaar beloop van die datum af waarop die student van studierigting verander.

(2) Rente is sesmaandeliks op 30 Junie en 31 Desember van elke jaar betaalbaar. Die betaling van die rente kan egter uitgestel word solank die studente nog aan die Teologiese Skool studeer.

(3) Enige betaling sal eerstens aangewend word vir betaling van enige verskuldigde rente en daarna vir delging van die kapitaal.

e. Die geleende bedrag moet hoogstens in ses gelyke jaarlikse paalemente (elke paalement is in gelyke maandelikse paalemente betaalbaar) terugbetaal word na voltooiing of onderbreking van die studie aan of verlating van die Teologiese Skool, behalwe in die gevalle van lenings uit die Seringboomfonds, wat binne twee jaar na voltooiing van die studie of verlating van die Teologiese Skool terugbetaal moet word, en van lenings uit die P. W. Vorster-beurs, wat in dieselfde aantal jare terugbetaal moet word as waarin die ondersteuning ontvang is.

f. Ingeval 'n student ophou om lidmaat van die Gereformeerde Kerk te wees geld art. e. van hierdie Reglement nie; maar die hele geleende bedrag met alle verskuldigde rente daarop is binne 30 dae betaalbaar nadat die lener skriftelik deur die Sekretaris-penningmeester van die Administratiewe Buro in kennis gestel is om dit te doen.

g. Die lener moet een of meer goedgekeurde borge voorsien wat medeaanspreeklik is vir die terugbetaling van die lening met alle verskuldigde rente.

h. Die lener moet 'n versekeringspolis by 'n goedgekeurde versekeringsmaatskappy uitneem en sodeer aan die fonds waaruit die lening verkry is. Tydens die studiejare kan die Administratiewe Buro die premies op die polis betaal. Alle betalings van premies deur die Administratiewe Buro word 'n gedeelte van die lening, en hierop is rente teen 5% per jaar betaalbaar.

i. Ingeval die lener in gebreke bly om die vereiste terugbetalings te doen, is die borg(e) afsonderlik en gesamentlik dadelik aanspreeklik en kan selfs die volle verskuldigde bedrag opgeëis word.

j. Ingeval die lener in gebreke bly om uitvoering te gee aan die vereistes t.o.v. terugbetaling, sal hy aanspreeklik wees vir alle onkoste wat aangegaan word om die verskuldigde bedrag te laat invorder.

k. Lenings aan studente wat minderjarig is, moet ook deur hulle ouers of voogde goedgekeur word.

1. 'n Behoorlike ooreenkoms vir elke lening sal aangegaan word.
— **Goedgekeur.**

7. Die Herout-Drukpers.

Die Sinode van 1958 het hieroor o.a. besluit „dat aan die Sinode as aandeelhouer gereeld met sinodesittings finansiële verslag gelewer sal word”.

Aangesien die finansiële state vir die afgelope finansiële jaar nog nie beskikbaar is toe hierdie rapport opgestel is nie, versoek die Deputaatskap om aan u 'n aanvullende rapport voor te lê.

Aanvullende Rapport:

Kragtens die ooreenkoms met die Herout-drukpers Beperk (vgl. Acta 1958, bl. 445, art. 186, 6 e) is prof. H. Venter deur die Deputate van Beheer benoem om in die direksie van die maatskappy te dien.

Daar kan soos volg gerapporteer word:

1. In ooreenstemming met die besluit van die Sinode van 1958 (Acta, bl. 466, art. 277, 1 b) is £2,000 aan die maatskappy geleen, en hierop word rente ontvang teen 5% per jaar.

2. Die maatskappy worstel nog steeds met opgehoopte verliese en hoë rentelaste, maar die afgelope boekjaar (geëindig 30 Junie 1960) kon sy filiaal, die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk. tog 'n beduidende wins toon.

3. Uit die geldelike state vir die genoemde boekjaar van die Herout-drukpers en die Potchefstroom Herald blyk dat eindelik daarin geslaag is om 'n gesonder ewewig tussen salarisse en lone aan die een kant en die omset aan die ander kant te bewerkstellig. Dit is die belangrikste afsonderlike faktor wat tot die verbeterde toestand aanleiding gegee het.

4. Daar word elke maand ruim afgelos aan skuld op masjinerie, sodat die rentelas vinnig verlig word.

5. Die werk wat deur die drukkerij gelewer word, is van goeie gehalte.

Besluit: Hierdie Rapport word met dank aanvaar.

8. Aansoeke om lenings.

Van na die vorige Sinode tot die einde van Maart 1960, d.w.s. in ongeveer twee jaar, is aansoeke vir lenings ontvang vir 'n bedrag van £195,000; dit is behalwe die navrae oor die moontlikheid van lenings. Van hierdie bedrag kon lenings vir £100,000 toegesê word, waaryn maar £85,000 aanvaar is. Van die ander lenings is die aansoeke of teruggetrek of nog nie afgehandel nie of die bedrag vermin-

3. KAS VIR BEHOEFTIGE STUDENTE

a. Algemene Rekening

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	172 15 6	Beurse	9428 15 0
Kollektes	12854 17 10	Praktiesewerk Stud.	23 13 0
Beurse	599 16 4	Beleggings	31381 17 4
Kapitaal	25117 19 4	Donasie oorbetaal	37 10 0
Rente	3573 19 11	Aandeel Huisvesting	70 0 0
Donasies	377 12 0	„ Ouditkoste	61 0 0
		„ Burokoste	540 0 0
		Saldo 30.6.1960	954 5 7
	<u>£42497 0 11</u>		<u>£42497 0 11</u>

b. Leningsbeurse

Ontvangste		Uitbetalings	
Leningsbeursfonds.		Leningsbeursfonds.	
Saldo 1.7.57	108 14 3	Beleggings	404 0 0
Kapitaal	304 17 0	Assuransiepremies	58 17 9
Donasies	195 1 9		
J.L.M. Beurs.		J.L.M. Beurs.	
Saldo 1.7.57	51 2 0	Beleggings	2280 0 0
Kapitaal	1233 4 4		
Rente	191 1 2	Seringboomfonds.	
Donasies	1100 0 0	Belegging	90 0 0
Seringboomfonds.		D. Postma-Studiefonds.	
Saldo 1.7.1957	125 0 0	Belegging	50 0 0
Kapitaal	73 10 0	G.S.O.-Theunissenbeurs.	
D. Postma-Studiefonds.		Belegging	6 0 0
Saldo 1.7.57	15 7 0	P. W. Vorsterbeurs.	
Rente	37 10 0	Belegging	150 0 0
G.S.O.-Theunissenbeurs.		G.S.O.-Johannesburg-Suid-beurs.	
Donasie	14 17 6	Belegging	40 0 0
P. W. Vorsterbeurs.		D. J. J. Viljoenbeurs.	
Donasie	150 0 0	Belegging	250 0 0
D. J. du Plessisbeurs.		Saldo's 30.6.1960:	
Saldo 1.7.1957	3 9	Leningsbeursfonds	145 15 3
G.S.O.-Johannesburg-Suid-beurs.		J.L.M.-beurs	295 7 6
Saldo 1.7.57	25 0 0	Seringboomfonds	108 10 0
Donasie	15 0 0	G.S.O.-Theunissenbeurs	8 17 6
D. J. J. Viljoenbeurs.		D. Postma-studiefonds	2 17 0
Saldo 1.7.57	250 0 0	D. J. du Plessisbeurs	3 9
Erflating	100 0 0	Erflating	100 0 0
	<u>£3990 8 9</u>		<u>£3990 8 9</u>

4. RESERVE VIR TRAKTEMENT

Ontvangste		Uitbetalings	
Bydrae	1375 0 0	Beleggings	1405 0 0
Rente	31 5 0	Saldo 30.6.1960	1 5 0
	<u>£1406 5 0</u>		<u>£1406 5 0</u>

c. Kapitaalfonds

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.57	3 3	Belegging	2430 0 0
Erflatings	1250 0 0	Saldo 30.6.1960	1 17 3
Oorplasing uit T.S.J.F.	1181 14 0		
	<u>£2431 17 3</u>		<u>£2431 17 3</u>

5. SENAATSKAS

a. Algemene Rekening

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	543 16 3	Water, Lig en Sanitêredienste	253 2 8
Klasgeld	988 10 0	Reparasies	18 19 3
Eksamengeld	132 0 0	Reiskoste	104 0 0
Huur van meubels	48 0 0	Onthaal en Geselligheid	146 15 1
Terugbetaling	4 4 3	Telefoon	23 17 6
Deposito's	8 0 0	Affiliasiegeld	4 15 0
Diverse	4 6	Toerusting	29 18 8
Donasie vir saal	2 0 0	Donasie en Honoraria	35 0 0
Rektorstoelae	33 12 1	Voorrade	14 0 4
Posgeld	1 13 0	Operateurs bandmasjien	4 10 0
Dep. vir water ens.		Bandopnamemasjien	84 2 3
terugbetaal	1 2 6	Fietsrakke	18 0 0
Wasvelle	10 0	Diefwering	65 0 0
		Benodigdhede	22 13 4
		Blomme	3 6 0
		Notuleboek	5 0 0
		Diverse	37 7 5
		Tikmasjiendiens	3 0 0
		Gas	16 13 0
		Aandeel: Kleinkontant	80 1 8
		„ Burokoste	60 0 0
		Saldo 30.6.1960	633 7 5
	<u>£1663 15 7</u>		<u>£1663 15 7</u>

b. Boekerekening

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.57	476 4 3	Boeke	855 12 3
Toelae	600 0 0	Tydskrifte	54 16 9
Donasies	244 10 5	Boeke herbind	12 15 6
Boeke	16 3 9	Saldo 30.6.1960	413 13 11
	<u>£1336 18 5</u>		<u>£1336 18 5</u>

c. Cachet-Biblioteek-Rentekas

Rente	70 0 0	Boeke	70 0 0
-------	--------	-------	--------

6. SINODALE KAS

Ontvangste			Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	149 13 6	Druk- en Versendingskoste	8655 14 8	
Bydrae	11182 6 2	Voorrade	470 5 10	
Boeke	10831 15 6	Spoorvrag	13 16 9	
Advertensies	867 9 8	Honoraria	197 10 0	
Kapitaal	22728 0 0	Reiskoste V.S.A.	26 0 0	
Rente	1101 11 8	Deputate	2450 16 4	
Losies Sinode	41 5 0	Reis- en Verblyfkoste Sinode	4497 13 3	
		Ekumeniese Sinode	189 17 10	
		Diverse Sinodeonkoste	128 2 6	
		Orknaal Sinode	30 0 0	
		Radionuus	20 0 0	
		Tussen kerklikekommissie	7 10 0	
		Advertensie komm.	78 15 7	
		Boufonds:		
		Aandeel Raming	3883 12 3	
		Almanak	1619 4 0	
		Beleggings	22553 0 0	
		Diverse	57 17 6	
		Boustowwe	58 9 8	
		Aandeel: Huisvesting	150 0 0	
		Ouditkoste	61 0 0	
		Kleinkontant	107 18 11	
		Burokoste	1050 0 0	
		Saldo 30.6.1960	594 16 5	
	<u>446902 1 6</u>		<u>446902 1 6</u>	

7. ADMIN. BURO

Ontvangste			Uitbetalings	
Lone	199 19 4	Salarisse en Lone	10439 16 3	
Diverse	89 16 8	Kleinkontant	650 0 0	
Invorderingskoste	2 6 6	Voorrade	218 11 5	
Kleinkontant	650 0 0	Brandversekering	11 11 1	
Aandeel verskillende		Waarborgpolis	5 14 0	
kaske	10863 13 0	E.P.P.W. & W.F.	315 0 0	
Saldo 30.6.1960	72 2 1	Reiskoste	69 5 4	
		Reparasies	11 9 2	
		Tikmasjendiens	12 0 0	
		Ongevallekommissaris	11 19 11	
		Toerusting	2 14 9	
		Invorderingskoste	2 6 6	
		Telefoon en Posbus	19 17 6	
		Tjek en seëls vir tjekboeke	12 11 1	
		Optelmasjien	87 5 0	
		Bankkoste	7 15 7	
	<u>111877 17 7</u>		<u>111877 17 7</u>	

8. SINODALE SENDINGFONDS

a. Algemene Rekening

Ontvangste			Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	1385 4 2	Salarisse	7077 14 5	
Bydrae	20201 0 11	Dubeversekering	27 15 0	
Kapitaal	4327 19 7	Lektuurfonds	262 1 4	
Rente	902 11 7	Sendingblad	122 7 3	
Huur	123 0 0	Sustentatie	1000 0 0	
Verkope	28 1 8	Bediening Reservate	4718 15 0	
Dagboek	247 17 0	Kantoor	1420 18 9	
Kollektes	35 5 3	Aandeel E.P.P.W. & W.F.	315 0 0	
Kantoor Verkope	6 6 6	" (nie-blank)	216 0 0	
" Donasie	10 0 0	Reiskoste	1084 0 3	
Praktiesewerk Studente	8 3 0	Duvenage Org.fonds	128 18 1	
Woning Asst. terug	60 0 0	Hospitaal Siloam	45 10 9	
Donasies:		Voorrade	36 2 6	
Algemeen	507 18 11	Kleinkas Teol. Skool	100 0 0	
Opl. Sentrum	194 0 5	Beleggings	5506 16 10	
Teol. Skool	143 13 6	Hulp aan studente	560 3 0	
Reisbeurse	110 10 0	Tik- en afrolwerk	191 14 11	
Lektuurfonds	252 2 0	Donasies vir Beurse	117 18 6	
Duvenagefonds	1165 5 8	Donasies Reisbeurse	5 0 0	
" Org. fonds	122 0 0	Onderwys	200 0 0	
Siloam Hospitaal	122 9 4	Voortsettingskongres	22 12 0	
Biblioteek	100 0 0	Erosielening	13 10 9	
Studente	117 18 0	Rente Duvenagefonds	69 12 0	
Film	173 0 0	Trekkoste	45 0 0	
Professoraat	1800 0 0	Diverse	112 0 7	
Motor	700 0 0	Telefoon	26 17 6	
		Winkelhuur (oorplasing)	360 0 0	
		Woning Assistent	250 0 0	
		Meubels (tafel en leer)	35 0 0	
		Afrolmasjien	87 0 0	
		Organisasie	136 14 1	
		Dagboek	717 3 0	
		" Spoorvrag	14 16 8	
		" Bonus	25 0 0	
		Ander donasies aangewend vir:		
		Boekbeurse	150 0 0	
		Reisbeurse	100 0 0	
		Sustentatie	200 0 0	
		Reiskoste	30 0 0	
		Onvoorsien	20 0 0	
		Biblioteek Bydrae	392 11 2	
		Donasies vir Teol. Skool	432 9 0	
		" Professoraat	1800 0 0	
		" Algemeen	23 2 7	
		" Bybels	202 10 0	
		" Opl. Sentrum	200 0 0	
		" Siloam Hospitaal	694 11 8	
		" J. A. du Plessis		
		Biblioteek	150 0 0	
		Motor	700 0 0	
		Aandeel Burokoste	482 0 0	
		" Huisvesting	74 0 0	
		" Ouditkoste	46 0 0	
		" Kleinkontant	8 0 0	
		Saldo 30.6.1960	1876 19 11	
	<u>432844 7 6</u>		<u>432844 7 6</u>	

b. Nie-blanke E.P.P.W. en W.-Fonds

Ontvangste		Uitbetalings	
Aandeel Raming	416 9 0	Beleggings	700 0 0
Bydrae	163 9 3	Saldo 30.6.1960	5 11 3
Kapitaal	100 0 0		
Rente	22 15 4		
Donasies	3 13 0		
	<u>£705 17 7</u>		<u>£705 17 7</u>

9. E.P.P.W. EN W.-FONDS

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	326 4 9	Toelae	26552 13 11
Bydrae	43043 2 5	Beleggings	77800 0 0
Kapitaal	38594 1 3	Terugbetaling	57 12 9
Rente	8206 3 8	Reiskoste	20 15 8
Donasies	2956 17 11	Aandeel Huisvesting	90 0 0
Kollektes	2640 11 9	Ouditkoste	60 0 0
Assuransie vooruit bereken	9100 0 0	Kleinkontant	21 7 0
Assuransie	1440 0 0	Burokoste	980 0 0
	<u>£106307 1 9</u>	Saldo 30.6.1960	524 12 5
			<u>£106307 1 9</u>

10. SINODALE BOUFGONDSKAS

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	4 16 8	Uitle van Terrein	664 7 8
Aandeel Raming	3883 12 3	Rente	2751 15 10
" Almanak	1619 4 0	Kapitaal	4210 0 0
" Huisvesting	1200 0 0	Houtpaneel	200 7 0
" Teer van pad	275 0 0	Saldo 30.6.1960	9 17 0
T.S.U.-dae en Donasies	548 1 6		
Lening	205 0 0		
	<u>£7836 7 7</u>		<u>£7836 7 7</u>

11. P.U. VIR C.H.O.

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	94 17 6	Toelae	13400 0 0
Bydrae	12640 13 0	Aandeel Burokoste	148 0 0
		" Ouditkoste	16 0 0
		Saldo 30.6.1960	371 11 3
	<u>£13935 11 3</u>		<u>£13935 11 3</u>

12. EEUFEESEVIERING

Ontvangste		Uitbetalings	
Bydrae	1208 9 3	Feesviering:	
Gedenkboek	8523 11 3	Organiseerder	500 0 0
Euufesredes	1144 6 3	Diverse Uitgawes	1447 14 2
Deposito terug	9 10 0	Huur van stoele	434 17 6
Rente	11 14 3	Deposito	30 0 0
Lening	6388 0 0	Koorstukke	8 1 6
		Verfilming	169 9 5
		Bandopnames	92 14 0
		Reiskoste ds. en mev.	
		Hoeksema	65 5 0
		Rente	97 17 9
			<u>2845 19 4</u>
		Gedenkboek	8262 14 8
		" Rente	21 3 7
		Feesredes	3500 0 0
		" Rente	67 14 11
		Aflossing lening	2553 0 0
		Aandeel Burokoste	32 0 0
		" Ouditkoste	1 0 0
		Saldo 30.6.1960	1 18 5
	<u>£17285 10 11</u>		<u>£17285 10 11</u>

13. KATKISASIEKAS

Ontvangste		Uitbetalings	
Bydrae	1124 15 5	Traktement	333 10 0
Saldo Donasies	50 9 10	Huistoelae	83 6 8
Donasie	18 3	Reiskoste	213 14 5
Kapitaal	200 0 0	Belegging	600 0 0
Rente	14 7 10	Aandeel E.P.P.W. & W.F.	52 10 0
		" Burokoste	32 0 0
		" Kleinkontant	2 14 10
		" Ouditkoste	2 5 0
		Saldo 30.6.1960	70 10 5
	<u>£1390 11 4</u>		<u>£1390 11 4</u>

14. EEUFEESEBEDIENINGSFONDS

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	55 18 4	Beleggings	140535 11 8
Kapitaal	85820 17 3	Saldo 30.6.1960	315 2 11
Donasies & Erflatings	54662 8 11		
Saldo Reiskoste Pred. na Argentinië	311 10 1		
	<u>£140850 14 7</u>		<u>£140850 14 7</u>

b. Organisasiefonds

Ontvangste			Uitbetalings		
Saldo 1.7.1957	51	5 9	Reiskoste	240	1 2
Kapitaal	100	0 0	Diverse	8	9 0
Rente	5	0 0			
Rentefonds	92	4 5			
	<u>£248</u>	<u>10 2</u>		<u>£248</u>	<u>10 2</u>

c. Rentefonds

Ontvangste			Uitbetalings		
Saldo 1.7.1957	356	1 2	Toelae	17626	19 8
Kapitaal	17900	0 0	Beleggings	17808	1 2
Rente	21672	3 3	Reiskoste	661	15 9
Huur	23	17 0	Organisasiefonds	92	4 5
			Diverse	150	19 8
			Drukkoste	172	2 10
			Kommissie	65	0 0
			Transportkoste	82	5 3
			Aandeel Huisvesting	99	0 0
			„ Ouditkoste	61	0 0
			„ Kleinkontant	13	8 4
			„ Burokoste	1125	0 0
			Kontant op hande	1	0 0
			Saldo 30.6.1960	1993	4 4
	<u>£39952</u>	<u>1 5</u>		<u>£39952</u>	<u>1 5</u>

15. K.J.B.F.

Ontvangste			Uitbetalings		
Saldo 1.7.1957	16	10 7	Drukkoste	3165	6 8
Boeke	2453	12 7	Bybels	10502	10 0
Bybels	9965	3 4	Spoorvrag	182	19 7
Kapitaal	13500	0 0	Honoraria	208	17 0
Rente	724	15 7	Reiskoste	19	8 2
Kollektes	10	14 3	Beleggings	11750	0 0
Spoorvrag terug	6	4	Kom. op Bybels	27	14 3
			Advertensie	1	0 0
			Aandeel Huisvesting	69	0 0
			„ Ouditkoste	22	0 0
			„ Kleinkontant	53	9 2
			„ „ (boeke)	31	0 1
			„ „ (bybels)	61	7 1
			„ Burokoste	375	0 0
			Saldo 30.6.1960	200	10 8
	<u>£26671</u>	<u>2 8</u>		<u>£26671</u>	<u>2 8</u>

16. TOTIUSFONDS

Ontvangste			Uitbetalings		
Saldo 1.7.1957	1	13 4	Drukkoste	8811	5 7
Boeke	8770	1 11	Spoorvrag	89	11 6
Kapitaal	13550	0 0	Beleggings	12701	0 0
Rente	570	0 10	Aandeel Huisvesting	74	0 0
Kas	3	0 0	„ Ouditkoste	34	0 0
			„ Kleinkontant	126	9 7
			„ Burokoste	325	0 0
			Kontant op hande	4	5 3
			Saldo 30.6.1960	726	7 2
	<u>£22891</u>	<u>19 1</u>		<u>£22891</u>	<u>19 1</u>

17. KATKISANTKAS

Ontvangste			Uitbetalings		
Katkisant			Katkisant		
Saldo 8.3.1958	1163	3 3	Drukkoste	453	6 5
Intekengeld	2092	1 9	Kerkgeskiedenis		
Lesblad			Drukkoste	44	10 0
Saldo 8.3.1958	22	15 3	Slingervel		
Ontvangste	162	10 0	Druk- en verzendingskoste	7652	6 3
Kerkgeskiedenis			Belegging	1500	0 0
Saldo 8.3.1958	1	10 3	Lëers	10	1 8
Ontvangste	50	8 0	Honoraria Redaksie	842	5 6
Bybelkenniseksamen			Admin. en Telefoon	316	4 7
Vraestelle	211	1 2	Boeke	6	15 9
Lëers	2	7 10	Aandeel Kleinkontant	6	0 8
Slingervel	6381	16 2	„ Katkisant	1	14 6
Kapitaal	1000	0 0	„ Lesblad	1	0 0
Rente	26	2 2	„ Burokoste	120	0 0
			„ Ouditkoste	7	10 0
			„ Huisvesting	8	0 0
			Saldo 30.6.1960	144	9 6
	<u>£11114</u>	<u>4 10</u>		<u>£11114</u>	<u>4 10</u>

18. EVANGELISASIEFONDS

Ontvangste			Uitbetalings		
Saldo 1.7.1957	257	10 4	Toelae	1477	10 0
Bydrae	799	6 5	Pamflette	688	3 4
Kapitaal	1100	0 0	Organisasie	216	6 8
Rente	306	3 0	Reiskoste	67	2 9
Donasies	993	15 5	Reiskoste Radiodiens	6	15 6
Erflating	300	0 0	Radionuus	82	10 0
Lektuur	3	0 6	Beleggings	600	0 0
			Aandeel Huisvesting	50	0 0
			„ Ouditkoste	23	15 0
			„ Kleinkontant	1	0 0
			„ Burokoste	200	0 0
			Saldo 30.6.1960	346	12 5
	<u>£3759</u>	<u>15 8</u>		<u>£3759</u>	<u>15 8</u>

19. B. EN B. BYBELGENOOTSKAP

Ontvangste		Uitbetalings	
Donasies	3216 19 11	B. & B. Bybelgenootskap	3151 6 11
Seëls	10 10 0	Aandeel Burokoste	76 3 0
	<u>£3227 9 11</u>		<u>£3227 9 11</u>

20. REISKOSTE PRED. NA ARGENTINIE

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	11 10 1	Eupeesbedieningsfonds	311 10 1
Kapitaal	300 0 0	Aandeel Burokoste	13 10 0
Rente	13 10 0		
	<u>£325 0 1</u>		<u>£325 0 1</u>

21. IMMIGRASIE

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	107 1 8	Toelae	680 0 0
Bydrae	473 2 5	Belegging	3000 0 0
Saldo Hulp Hongarye	1552 8 1	Reiskoste	59 17 0
Kollekte	4 10 10	Affiliatiegeld	5 0 0
Donasies	110 2 2	Aandeel Ouditkoste	6 0 0
Rente	149 10 11	„ Burokoste	65 0 0
Kapitaal	1500 0 0	„ Kleinkontant	1 0 0
		Saldo 30.6.1960	80 6 5
	<u>£3897 4 1</u>		<u>£3897 4 1</u>

22. E.A.B.

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	99 1 9	Toelae België	200 7 0
Donasies	876 6 2	Belegging	1500 0 0
Kapitaal	1300 0 0	Reisk. ds. Hegger	100 0 0
Rente	59 3 4	Pred. Frankryk	151 0 0
Don. Reiskoste ds. Hegger	245 1 8	Hongaarse Vlucht.	151 0 0
„ Kruisbanier	36 10 0	Kruisbanier	29 0 0
„ Pred. Frankryk	45 13 9	Diverse	3 16 11
„ Franse Protest.	52 2 7	Aandeel Burokoste	25 0 0
„ „ Teol. Skool	10 0 0	„ Kleinkontant	2 4 6
Hongaarse Vlucht.	203 19 3	Saldo 30.6.1960	808 14 5
Eks Priesterfonds	10 10 0		
Protest. in Roomse Lande	32 14 4		
	<u>£2971 2 10</u>		<u>£2971 2 10</u>

23. HULP AAN HONGARYE

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	1512 18 7	Belegging	1500 0 0
Donasies	39 9 6	Immigrasiekas	1552 8 1
Kapitaal	1500 0 0		
	<u>£3052 8 1</u>		<u>£3052 8 1</u>

24. JOPIE ERASMUSKINDER-FONDS

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	7 15 2	Belegging	60 0 0
Rente	55 16 0	Saldo 30.6.1960	3 11 2
	<u>£63 11 2</u>		<u>£63 11 2</u>

25. VANWYKSFONDS

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	69 0 0	Beurs	130 0 0
Rente	105 0 0	Aandeel Burokoste	5 0 0
		Saldo 30.6.1960	39 0 0
	<u>£174 0 0</u>		<u>£174 0 0</u>

26. STEYNSBURGLEENINGSBEURSFONDS

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957	84 17 6	Beurs	40 0 0
Rente	150 0 0	Aandeel Burokoste	5 10 0
		Saldo 30.6.1960	189 7 6
	<u>£234 17 6</u>		<u>£234 17 6</u>

27. BOEDEL WYLE H. J. DU PLESSIS

Ontvangste		Uitbetalings	
Saldo 1.7.1957:		Oorplasing Rente	603 15 3
Rente	103 17 8	Beleggings	1120 0 0
Kapitaal	4 17 3	Saldo 30.6.1960	2 15 2
Rente	1012 9 4		
	<u>£1726 10 5</u>		<u>£1726 10 5</u>

28. BUFFELDOORNS-TRUSTFONDS

Ontvangste		Uitbetalings	
Oorgedra:		Beleggings	2900 0 0
Kontant	1318 12 2	Aandeel	15 0 0
Aandeel	15 0 0	Belasting	6 10 0
Belegging	100 0 0	Aandeel Burokoste	10 0 0
Rente	61 4 0	Saldo 30.6.1960	63 6 2
Kapitaal	1500 0 0		
	<u>£2994 16 2</u>		<u>£2994 16 2</u>

29. VAN RIEBEECKSKOOL

Ontvangste		Uitbetalings	
Donasies	484 6 4	Oorplasing	470 19 0
		Saldo 30.6.1960	13 6 8
	<u>£484 6 4</u>		<u>£484 6 4</u>

30. C.N.O.

Ontvangste		Uitbetalings	
Donasies	193 18 0	Saldo 30.6.1960	193 18 0
	<u>£193 18 0</u>		<u>£193 18 0</u>

31. OORPLASINGSREKENING

Ontvangste		Uitbetalings	
Katkisantkas	5 7 0	Katkisantkas	5 7 0
Katkisasiekas	6 1 0	Katkisasiekas	6 1 0
Pinksterkollekte	9 0 8	Pinksterkollekte	9 0 6
C.H.O.-leningsfonds	1786 18 1	C.H.O.-leningsfonds	1606 6 4
" (Katkisasie)	164 0 9	" (Katkisasie)	164 0 9
Kerkblad	148 7 8	Kerkblad	148 7 8
Eldoret	55 14 8	Eldoret	55 14 8
Kas Beh. Stud. leningsbeurs	68 15 0	Kas Beh. Stud. leningsbeurs	68 15 0
Kreupeles	5 0 0	Kreupeles	5 0 0
Transoranjeskool	5 10 0	Transoranjeskool	5 10 0
Blindes en Doofstommes	24 8 3	Blindes en Doofstommes	24 8 3
Weeshuis	144 15 7	Weeshuis	144 15 7
" Studiefonds	10 12 6	" Studiefonds	10 12 6
Quetehuis	26 0 0	Quetehuis	26 0 0
Melaatse	19 0 0	Melaatse	19 0 0
P.U. vir C.H.O.	59 15 4	P.U. vir C.H.O.	56 4 10
Studente	120 0 0	Studente	120 0 0
Betryding Kommunisme	31 2 4	Betryding Kommunisme	31 2 4
" Sos. Euwels	31 7 10	" Sos. Euwels	31 7 10
Hulpbehoewende gemeentes	4 1 1	Hulpbehoewende gemeentes	4 1 1
Losies Ekum. Sinode	4 7 6	Losies Ekum. Sinode	4 7 6
Johannesburg-Sentraal	20 10 10	Johannesburg-Sentraal	20 10 10
Gedenkboek	29 8 0	Gedenkboek	29 8 0
Van Jaarsveld	6 13 8	Van Jaarsveld	6 13 8
Boksburg	14 3 3	Boksburg	14 3 3
		C.H.O.-leningsfonds	180 11 9
		P.U. vir C.H.O.	3 10 6
		Boksburg	14 3 3
	<u>£2001 0 10</u>		<u>£2001 0 10</u>

32. EKUMENIESE SINODE

Ontvangste		Uitbetalings	
Bydrae en Acta	1250 8 6	Druk Agenda en	
Saldo 30.6.1960	34 13 8	versendingskoste	234 13 4
		Druk Eng. Acta, vertaling	
		en versendingskoste	312 16 4
		Druk Afr. Acta, vertaling	
		en versendingskoste	506 14 10
		Inligting en vertaling	93 10 0
		Skryfbehoeftte	11 13 5
		Klerklike Hulp en Honoraria	98 5 0
		Posgeld	5 1 3
		Diverse	20 0 2
		Bankkoste	2 3 1
		Kleinkas	4 9
	<u>£1285 2 2</u>		<u>£1285 2 2</u>

STAAT VAN BATES EN LASTE VAN DIE GEREEF. KERK
GEADMINISTREER DEUR DIE ADMIN. BURE
SOOS OP 30 JUNIE 1960

(Saldo's gebruik soos op 1 Julie 1957)

Teologiese Skool-kas		54240	Lening uit eie fondse	15640
Terreine, geboue en			Fonds	38600
verbeterings	33714	34568		
Toevoegings	854			
Meubels, Toerusting en				
gereedskap	5660	5318		
Toevoegings	307			
	5967			
Min waardevermindering	649			
Biblioteek	7800	8100		
Toevoegings	926			
	8726			
Min waardevermindering	626			
Beleggings		4050		
Ramings agterstallig	1018	1086		
Rente opgeloopt	79			
	1097			
Min vooruitbetaal	11			
Kontantsaldo		71		
Senaatskas				
Alg. Rek. Kontantsaldo	633	1047		
Boekerek. Kontantsaldo	414			
Reserwe vir Traktement		1406	Fondse	1406
Belegging	1405			
Kontantsaldo	1			
Teol. Skool-Jubileumfonds		20931	Fondse	20931
Beleggings	19900			
Kontantsaldo	1031			
Kas vir Behoeftige Studente				
a. Algemene Rekening		22640	Fonds	22640
Beleggings	21400			
Rente opgeloopt	286			
Kontantsaldo	954			
b. Leningsbeurskas		7751	Kapitaal	7751
Leningsbeurse	1891			
Beleggings	1745			
Kontantsaldo	146			
Seringboomfonds		250		
Beleggings	141			
Kontantsaldo	109			

D. Postmastudiefonds	303	
Beleggings	300	
Kontantsaldo	3	
J.L.M.-beurse	2618	
Beleggings	2311	
Rente opgelooop	12	
Kontantsaldo	295	
G.S.O.-Theunissenbeurs	148	
Belegging	139	
Kontantsaldo	9	
P. W. Vorsterbeurs	350	
Beleggings	350	
C. F. Erasmusbeurs	100	
Belegging	100	
D. J. du Plessisbeurs	1041	
Belegging	1041	
Mev. S. de Klerk-beurs	500	
Belegging	500	
G.S.O.-Johannesburg-Suid-beurs	40	
Belegging	40	
Th.D.-beurs	60	
Belegging	60	
L. P. V. Lessingbeurs	100	
Belegging	100	
D. J. J. Viljoenbeurs	250	
Belegging	250	
Erflating	100	
Kontantsaldo	100	
c. Kapitaalfonds	2932	
Belegging	2930	
Kontantsaldo	2	
Sinodale Kas	7835	
Beleggings	7835	
Raming en boeke agterstallig	1408	
Voorraad	264	
Rente opgelooop	90	
	1842	
Min vooruitbetaal	7	
Kontantsaldo	595	
Eeufesviering	77	
Raming agterstallig	75	
Kontantsaldo	2	
Ekumeniese Sinode.		
Sinodale Boufondskas	10	
Kontantsaldo		
Sinodale Sendingfondskas	9447	
Duvenagefonds	4067	

Beleggings	2333		
Ramings agterstallig	1115		
Rente opgelooop	55	7570	
Kontantsaldo	1877		
Nie-blanke E.P.P.W. & W.F.	806	Fondse	606
Belegging	600		
Kontantsaldo	6		
E.P.P.W. & W.F.	79569	Fondse Kapitaal	79589
Beleggings	66900		
Versekering uitstaande	9100		
Ramings agterstallig	2370		
Rente opgelooop	274		
Kontantsaldo	925		
P.U.-Kas	1076	Fondse	1076
Raming agterstallig	704		
Kontantsaldo	373		
Katkisasiekas	474	Fondse	474
Belegging	400		
Rente opgelooop	3		
Kontantsaldo	71		
Eeufesbedieningsfonds			
a. Kapitaalfonds	165255	Kapitaal	165255
Beleggings	164940		
Kontantsaldo	315		
b. Rentefonds	10949	Fonds	10949
Beleggings	7655		
Rente opgelooop	1301		
Kontantsaldo	1993		
Katkisantkas	3539	Fonds	3539
Belegging	500		
Intekengeld agterstallig	2904		
Rente opgelooop	4		
	2908		
Min vooruitbetaal	13	2895	
Kontantsaldo	144		
K.J.B.F.	8530	Kapitaal	8530
Beleggings	3200		
Boeke agterstallig	333		
Min vooruit	17	316	
Voorraad	4658		
Min voorraad verouderd	115		
	4743		
Rente opgelooop	70	4813	
Kontantsaldo	201		

Totiusfonds	13002	Kapitaal	13002
Beleggings	8491		
Agterstallig	939		
Min vooruit	21		918
Rente opgeloopt	171		
Voorraad	2696		2867
Kontantsaldo	726		
Evangelisasiefonds	2392	Fondse	2392
Beleggings	2000		
Kontantsaldo	347		
Rente opgeloopt	45		
Admin. Buro	522	Fondse	450
Meubels en Toerusting	444	Oortrekking	72
Toevoegings	116		
	560		
Min Waardevermindering	123		437
Voorraad			85
Immigrasiekas	1636	Fonds	1636
Belegging	1500		
Rente opgeloopt	56		
Kontantsaldo	80		
E.A.B.	1308	Fonds	1308
Belegging	500		
Kontantsaldo	809		
Jopie Erasmuskinderfonds	473	Fonds	473
Belegging	460		
Rente opgeloopt	10		
Kontantsaldo	3		
Steynsburgleningsbeursfonds	1189	Fonds	1189
Belegging	1000		
Kontantsaldo	189		
Buffeldoorns-Trustfonds	1510	Fonds	1510
Beleggings	1415		
Rente opgeloopt	32		
Kontantsaldo	63		
Boedel wyle H. J. du Plessis	1408	Fonds	1408
Belegging	1405		
Kontantsaldo	3		
Vanwyksfonds	739	Fonds	739
Belegging	700		
Kontantsaldo	39		
Van Riebeeckskool	13	Fonds	13
Kontantsaldo			
C.N.O.-Fonds	194	Fonds	194
Kontantsaldo			

Oorbetalingsrekening	198	Fonds	198
Kontantsaldo	198		
	424282		424282

SAMEVATTING VAN BOSTAANDE STAAT

Bates		Laste	
Geboue en verbeterings	34568	Lenings by eie fondse	19475
Meubels, toerusting en gereedskap	5755	Kapitaal en fondse	395971
Biblioteek	8100	Trustgelde:	
Voorraad	7788	Vanwyksfonds	739
Uitstaande bedrae min vooruit betalings	13365	Steynsburgleningsbeursfonds	1189
Beleggings (insluitende lenings soos per kontra)	332663	Jopie Erasmuskinderfonds	473
Versekering verskuldig	9100	Buffeldoorns-Trustfonds	1510
Kontantsaldo's	12943	Boedel wyle H. J. du Plessis	1408
		Immigrasiekas	1636
		E.A.B.	1309
		Van Riebeeckskool	13
		C.N.O.-fonds	194
		Oorbetalingsrekening	198
		Th.D.-beurs	60
		Nadelige saldo's	107
	424,282		424,282

Die Deputaatskap van Beheer,
Die Administratiewe Buro van die
Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Ons het die boeke, rekeninge en bewysstukke van die Buro nagegaan en die sekuriteite ondersoek. Ons het al die inligting en verduidelikings verkry wat, na die beste van ons wete en oortuiging, nodig was vir die doeleindes van ons audit. Volgens ons mening is behoorlike boeke gehou deur die Buro, vir sover dit blyk uit ons ondersoek van daardie boeke.

Die State van Bates en Laste, die Samevatting van die State van Bates en Laste en die Finansiële State is in ooreenstemming met die rekeningboeke, en, volgens ons mening en na die beste van ons wete en oortuiging en volgens die verduidelikings aan ons gegee, is die State van Bates en Laste en die Samevatting van die State van Bates en Laste 'n ware en redelike weergawe van die stand van die sake van die Buro op 30 Junie 1960 en is die Finansiële State 'n ware en redelike weergawe van die ontvangste en betalings van die Buro vir die jaar geëindig 30 Junie 1960 en vir die drie jaar geëindig 30 Junie 1960.

KEMPF, BOTHA EN KIE.
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

C. Die volgende beskrywingspunte kom aan die orde:

1. Van Part. Sinode Oos-Transvaal:

Gesien die steeds stygende behoefte aan finansiële steun aan kleiner gemeentes deur die kerkverband versoek die Klassis Germiston die eerwaarde partikuliere Sinode Oos-Transvaal om by die eerwaarde Algemene Sinode aan te dring op 'n verhoging van die rentekoers van die Eeufesbedieningsfond. — Part. Sinode Oos-Transvaal. (Ds. N. J. Grobler sal toelig, sek. ds. M. Venter).

Besluit: Die aanbeveling van die Finansiële Kommissie word goedgekeur (art. 175. B. 7.):

a. Die Sinode dra die vasstelling van rentekoers op aan die Deputate vir Beheer van die Administratiewe Buro.

b. By die vasstelling van rente moet die Deputate die heersende rentekoers van bougenootskappe in ag neem.

c. Indien enigins moontlik moet die rente op fondse wat alreeds belê is, aangepas word by 'n eventuele veranderde rentekoers.

2. Van Part. Sinode Oos-Transvaal, wat egter teruggetrek word op grond van die besluit onder 5. I. (bl. 259) hierbo.

a. Aangesien 'n groot deel van die gelde wat deur die Deputaatskap van Beheer, beheer word reeds aan nie-kerklike instansies en individuele persone uitgeleen is, en dringende aansoeke van kerke om lenings uit hierdie gelde geweier word, moet die betrokke deputate toesien dat die grootste deel, en indien die aanvraag groot genoeg is, al die kapitaal wat uitgeleen word, uitgeleen word aan kerke wat daarom aansoek doen. — Part. Sinode Oos-Transvaal.

b. Alle sinodale besluite wat met hierdie saak in stryd is, in sover dit hierdeur geraak word, moet herroep word. — Part. Sinode Oos-Transvaal. (Toeligting deur ds. C. E. Malan, sek. ds. J. C. Krüger.)

3. Van Part. Sinode O.V.S.-Natal, toegelig deur ds. J. J. van der Walt:

Die eerw. Part. Sinode versoek die eerw. Algemene Sinode om die administrasie van die Eeufesbedieningsfonds weer te reël. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeligting deur deputate op die Sinode.)

4. Van Part. Sinode Wes-Transvaal, toegelig deur dr. B. Duvenage:

Die Part. Sinode Wes-Transvaal versoek die eerw. Algemene Sinode om die reglement vir uitkering uit die rente van die Eeufesbedieningsfonds ter wille van doeltreffendheid te wysig. Nadere besonderhede sal ten tyde van die Sinode voorgelê word.

5. Van Part. Sinode Kaapland-S.W.A., toegelig voor Finansiële Kommissie.

Die eerwaarde Partikuliere Sinode Kaapland en S.W.A. versoek die eerwaarde Algemene Sinode om weer aandag te gee aan

die wyse waarop die rente van die Eeufesbedieningsfonds verdeel word. (sien Sinodale Acta 1958, pp. 379—380.)

Besluit: Beskrywingspunte 3—5 word na die Finansiële Kommissie verwys.

Die Verslag van die Kommissie dat die beskrywingspunte beantwoord is deur die Reglement vir advies i.s. toeseittings uit die rente van die Eeufesbedieningsfonds word goedgekeur (vgl. art. 82. 7. — uit art. 175. B. 10).

6. Van Part. Sinode O.V.S.-Natal:

Die Part. Sinode versoek die eerwaarde Sinode om oorweging te skenk aan 'n ander metode i.s. toekenning van sustentasie, t.w. dat sustentasie gegee word na indiening van geouditeerde state waaruit die tekorte blyk in plaas van soos nou die toekenning te doen met die oog op 'n beraamde tekort. (Toeligting dr. D. Kempff.)

Besluit: Op aanbeveling van die Finansiële Kommissie is besluit:

Aangesien die toekenning van sustentasie by die part. sinodes berus, besluit die Sinode om nie gevolg te gee aan hierdie beskrywingspunt nie (art. 175. B. 11).

7. Die Part. Sinode Wes-Transvaal beveel aan dat die eerw. Algemene Sinode die Kerkraad van Christiana toestemming sal verleen om in die hele kerkverband te kollekteer vir die oprigting van 'n nuwe kerkgebou te Christiana.

Hiermee saam gaar 'n afskrif van 'n brief van die Korresponderende Kerkraad van die Klassis Potchefstroom aan die Part. Sinode asook van die Kerkraad van Christiana oor hierdie saak. (Vgl. art. 92. A. by art. 18. B. 3. (c)).

Besluit: Die aanbeveling van Finansiële Kommissie word aanvaar: Aan hierdie versoek word gevolg gegee (art. 175. B. 6.).

Art. 75 — Verdaging.

Die vergadering verdaag vir aandete.

Art. 76 (Appelsaak). Kyk by art. 43.

Art. 77 — Dagsluiting

By die sluiting gaan oudl. F. R. P. de Bruyn voor, en nadat hy Ps. 46 : 1 laat sing het, doen hy 'n gebed.

DONDERDAG 2 FEBRUARIE 1961

Art. 78 — Opening.

Die Voorsitter open deur te lees 1 Petrus 3 : 8-11, en dan laat ds. P. J. de Klerk sing Ps. 119 : 7, en hy gaan voor in gebed.

Art. 79. (Groete van N. H. Kerk). Kyk by art. 16.

Art. 80 — Notule.

Die Notule word vasgestel tot art. 65.

Art. 81. (Rapport deputate van beheer). Kyk by art. 74.

Art. 82 (175. B. 9.)

Eupeesbedieningsfonds.

Die Rapport van die deputate (di. H. F. V. Krüger, C. E. Malan, J. A. Schutte, A. L. Aucamp, P. J. de Klerk; oudl. P. H. van der Linde) word toegelig deur ds. Krüger.

As kommissie ad hoc word die Finansiële Kommissie (vgl. art. 15. C.) aangewys en ds. I. J. Lessing gee toeligting.

U Deputate vir die Eupeesbedieningsfonds, benoem op die vorige sitting van die sinode, het die eer om soos volg te rapporteer:

1. *Stand van Fonds.*

Sedert 1 Julie 1957 en die oorhandiging van die Fonds met ons Eupeesviering te Rustenburg, Maart 1959, het die aangegroei van £110,281.0.0 tot £161,843.16.4 op 31 Maart 1960. Na die Eupeesviering is volgens Sinodale besluit die fonds deur u Deputate nie verder georganiseer nie maar word daar tog nog bedrae gestuur, onder andere erflatings, skenkings van gemeentes, vir die verdere opbouing daarvan. Die vorige Sinodale besluit vir die verdere opbouing van die Fonds word weer eens beklemtoon weens die nood.

2. *Hulp aan Sustentasiëkas van verskillende Partikuliere Sinodes.*

Op die vorige Sinode is meegedeel dat 'n verdere bedrag van ongeveer £13,000.0.0 met die rente van die Fonds aan die bostaande Sustentasiëkas toegeestaan was. Sedert die jongste sitting van die Sinode is 'n bedrag van plus-minus £22,230.0.0 toegeestaan aan die gemelde Sustentasiëkas, wat sowel meerdere bediening as stigting van nuwe kerke en kombinasies en bediening van verspreidwonende lidmate moontlik gemaak het. Toekennings is soos volg gemaak:—

Partikuliere Sinode Noord-Transvaal: £6,090—aantal kerke 25.
 Partikuliere Sinode Suid-Transvaal: £3,475 — aantal kerke 27.
 Partikuliere Sinode Oos-Transvaal: £1,575 — aantal kerke 10.
 Partikuliere Sinode Wes-Transvaal: £1,125 — aantal kerke 6.
 Partikuliere Sinode O.V.S en Natal: £2,490 — aantal kerke 21.
 Partikuliere Sinode Kaapland: £7,475 — aantal kerke 46.

3. *Oorhandiging van Fonds.*

Die mandaat van hierdie Deputate was onder andere „om die Bedieningsfonds te organiseer, uit te bou en te reglementeer” (Sinode 1949, bl. 271). Waar die georganiseerde insameling vir die Fonds met die Eupees op Rustenburg beëindig is, is die bedrag oorgedra aan die Deputate van Beheer, die Trustees van die Fonds, met die volgende bewoording:

„In dankbare erkentlikheid teenoor die God van die Verbond, wat ons kerk gedurende die afgelope eeu deur Sy genadige en Almagtige krag gedra het,

En met dankbare erkenning en waardering aan almal wat hulle hidraes, soos stene in 'n groot monument byeengebring het,

En in waarderende erkentlikheid teenoor al ons broeders deputate van die onderskeie klassies, partikuliere sinodes en generale sinode,

En in dankbare herinnering aan ons ontslapte broeder ouderling Izak Buys, aan wie die Here die gedagte van die Eupeesbedieningsfonds gegee het,

En met betuiging van waardering aan die Kerkraad van Petrusburg en die eerw. Algemene Vergadering van die O.V.S. wat hierdie gedagte hulle eie gemaak en bepleit het,

En met hoë waardering van almal wat hulle besonder beywer het vir hierdie saak, kan ons vandag met groot blydschap meedeel dat die Eupeesbedieningsfonds reeds die merk van £150,000 heelwat oorskry het.

Dit was vir die Deputate 'n besondere voorreg om die organisasie van die Fonds te behartig.

Die Deputaatskap oorhandig dan hiermee, as 'n ootmoedige blyk van dank aan die Here, hierdie Fonds aan die Kerk met die hoop en bede dat die rente van die Fonds aangewend sal word tot uitbouing van die Gereformeerde beginsels en belydenis deur betere bediening van kleiner kerke en verspreidwonende lidmate (soos die bepalinge en die doelstellings van die Fonds dit wil). Mag die Kerk nooit ophou om hierdie dankbaarheidsmonument uit te bou nie. Teweens word die lidmate hiermee gevra om voort te gaan om vir die doel te offer. Mag die ophrengs hiervan steeds net in diens staan van die Here onse God, wat Sy Woord en Sakramente wil laat bedien aan almal wat uit genade daaraan mag deel.

Ootmoediglik dank ons die Here onse troue God van die Verbond vir die wonderlike liefde waarmee hierdie monument gebou is. Mag dit steeds in dieselfde gees van die liefde van Christus bestee en ontvang word.

Ten slotte moet dit beklemtoon word dat alles gegaan het en moet gaan om die eer van God en Jesus Christus, die weg, die waarheid en die lewe, soos bely in ons Gereformeerde Religie, derhalwe mag die vrug van hierdie dankoffers slegs aangewend word vir die uitbreiding en handhawing van ons dierbare Gereformeerde Belydenis deur die vaders aan ons oorgelewer in die skriftuurlike gees van: dra mekaar se laste en vervul so die Wet van Christus. — (Gal. 6:2)”.

Besluit: Punt 1—3. Die Sinode neem hiervan met hartlike dank kennis aan die deputate en die kerkverband vir die milde hidrae wat in die Fonds gestort is.

4. *Naam van Deputaatskap.*

U Deputate beveel aan dat die naam van die Deputaatskap soos volg sal wees:

„Die Deputaatskap vir toesegging uit die rente van die Eeufesbedieningsfonds”.

Besluit: Die naam van die deputate sal voortaan wees: „Deputate vir Advies i.v.m. die toesegging van rente uit die Eeufesbedieningsfonds”.

5. Samestelling van Deputaatskap.

Met die oog op beter koördinerings en omdat dit noodsaaklik is dat die Deputate op hoogte moet wees van aanvrae en toekennings uit sustentasiefondse van elke part. sinode, word aanbeveel dat die Deputaatskap vir toeseggings uit die rente van die Eeufesbedieningsfonds soos volg saamgestel sal word:—

„’n Deputaat met sekondus benoem uit die ressort van elke part. sinode plus die Sekretaris-Penningmeester van die Adm. Buro en dan nog twee deputate benoem deur die Sinode met hulle sekundi”.

— **Aanbeveling word aanvaar.**

6. Mandaat.

U Deputate wil u beleefdelik versoek om aandag te skenk aan ’n wysiging van die mandaat van die Deputate vir die Eeufesbedieningsfonds wat op die Sinode van 1949, bl. 271, art. 138, punte a, b en c gegee is om die volgende redes:—

a. Punt a van die vorige mandaat is uitgevoer en afgehandel.

b. Punte b en c kan met ’n nuwe mandaat vervang word wat ooreen sal stem met die voorgestelde nuwe benaming van die Deputaatskap.

U Deputate wil aan die hand gee dat die mandaat soos volg sal lui: „Die Deputate sal toeseggings uit die rente van die Eeufesbedieningsfonds doen aan die verskillende part. sinodes, waar nodig”.

Besluit: Die mandaat van die deputate sal wees soos in die voorgestelde reglement, punt 7, 4. hieronder.

7. Reglement.

Die Sinode van 1958 (bl. 380, c aanbeveling (2) het besluit dat daar aandag geskenk word aan die formulering van punte 3 en 4 van die Reglement vir uitkerings uit die rente van die Eeufesbedieningsfonds. Nou wil u Deputate die volgende Reglement met wysigings in punte 1, 3 en 4 en met byvoeging van punt 5 in plaas van die opmerkings by die vorige Reglement aan u voorlê:

REGLEMENT VIR ADVIES I.S. TOESEGGINGE UIT DIE RENTE VAN DIE EEUFESBEDIENINGSFONDS.

1. Van die Administratiewe Buro word vooraf ’n staat van inkomste en uitgawes van rente uit die kapitaal van die eufesbedieningsfonds opgevra. Die Sekretaris-Penningmeester word ingevolgt Hand. Sinode 1949, bl. 271, punt c. uitgenooi om die

vergadering waarop advies i.s. toekennings gemaak word, persoonlik by te woon, as hy nie een van die deputate is nie.

2. Die klassisse moet behoorlik gemotiveerde aansoeke om finansiële steun deur die kerke in ontvangs neem en behandel.

3. Die behandelde en gekeurde aansoeke van die kerke word daarna deur die klassisse gemotiveer deurgestuurd aan die deputate vir sustentasie van die betrokke part. sinode.

4. (a) Nadat die deputate vir sustentasie van die part. sinodes die aansoeke onder punt 3 vermeld aan die einde van die jaar voorlopig behandel en gekeur het, word dit behoorlik gemotiveerd deurgestuurd na Deputate van die Algemene Sinode vir advies aan die toeseggings uit die rente van die Eeufesbedieningsfonds. Hierdie deputate beoordeel dan die aansoeke om vas te stel: (i) of dit antwoord aan die doelstellings waarvoor die Eeufesbedieningsfonds daargestel is en adviseer, indien hulle dit nodig ag, dienooreenkomstig; (ii) of die totale som van die aansoeke binne die perke val van die beskikbare rente.

(1) Indien die som van aansoeke binne die perke van die beskikbare rentesom val, doen die Deputate van die Algemene Sinode toeseggings in een som aan die Part. Sinodes, wat die finale toesegging maak.

(2) Indien die aansoeksom groter is as die rente beskikbaar, moet die Deputate faktore soos sustentasieramings en besondere omstandighede in aanmerking neem. Sover moontlik maak hulle dan ’n verdeling van die beskikbare rente volgens ’n formule waarin faktore soos sustentasieramings, aantal belydende lede per predikant, geteisterde dele, ens., in ag geneem word.

(3) Die part. sinodes maak dan die finale toeseggings uit hulle sustentasiekasse (die sustentasiefondse plus hulp uit die Bedieningsfonds) aan die kerke wat vir sustentasie, volgens besluit van die betrokke klassis, in aanmerking kom.

b. Die advies van die toeseggings word elke jaar volgens die aansoeke so gedoen.

c. Uitkerings aan die part. sinodes sal slegs gedoen word deur die Sekretaris-Penningmeester nadat:

(1) ’n lys met die toegesegde bedrae aan gemeentes wat uit die rente van die eufesbedieningsfonds hulp ontvang, aan hom verstrekk is;

(2) berig is deur die part. sinodes dat die gemeente of kombinasie van gemeentes waaraan toesegging gemaak is, ’n herder en leraar verkry het. By vertrek van ’n leraar sal betalings slegs geskied vir die tydperk waarin hy aan die gemeente of kombinasie verbonde was.

5. Die volgende dien as ’n leidraad vir kerkrade en meerdere

vergaderings van wat onder behoorlike motivering in punte 2, 3 en 4 verstaan word:

I. *Besonderhede verlang.*

1. Naam van Kerk.
2. Aantal belydende lidmate.
3. Besit u 'n kerkgebou en hoeveel is u nog daarop verskuldig?
4. Besit u 'n pastorie en hoeveel is u nog daarop verskuldig?
5. Wat is u basis van hydrae?
6. Wat was die gemiddelde hydrae per belydende lidmaat per maand vir die afgelope jaar?
7. Hoeveel is die traktement, insluitende ander toelaes?
8. Hoeveel is die toelaag vir reiskoste van die predikant?
9. Hoeveel het u gedurende die afgelope jaar uit die Sustentatiefonds ontvang?
10. Om hoeveel doen u nou aansoek?
11. 'n Rapport oor die besondere nood en/of die uitbreidingsmoontlikhede van die gemeente waarvoor aansoek om steun gedoen word.

II. *State verlang.*

1. 'n Geouditeerde staat van inkomste en uitgawe vir die afgelope finansiële jaar met 'n balansstaat. (Dit word aanbeveel dat die einde van die finansiële jaar so naby moontlik aan die datum van u aansoek gestel word.)

2. Begroting van inkomste en uitgawe vir die jaar waarvoor ondersteuning gevra word.

3. Indien u in kombinasie is met kerk(e) wat nie om hulp vra nie, moet u ook 'n uiteensetting gee van onderlinge finansiële verpligtinge ten opsigte van die kombinasie.

Besluit: Die Reglement, soos gewysig, word aanvaar. (Wysigings reeds aangebring — Dep'te. Acta).

Art. 83. (Sendingbegroting). Kyk by art. 54.

Art. 84. (117, 121, 159).

Katkisasie.

Die Rapport van die deputate word deur ds. M. J. Booyens toegelig. 'n Kommissie ad hoc word verkies (as lede: di. *W. J. van der Merwe*, J. L. de Bruin, C. H. Smit, P. J. Pelsner, oudll. C. T. Vermaak, P. J. J. S. Hamman, N. W. Vorster, H. B. van der Walt.

Dit is vir u Deputate 'n voorreg om die volgende rapport aan u voor te lê:

1. *Samestelling:* Die volgende broeders is deur die Sinode van 1958 aangewys as deputate: Di. G. B. S. Pasch, P. J. Venter, M. J. Booyens, dr. K. S. van Wyk de Vries, prof. H. J. J. Bingle, dr. J. F. E. Havinga, br. J. P. Bingle.

Secundi: Prof. B. C. Schutte en prof. J. J. Snyman.

Adviseurs: Proff. J. Chr. Coetzee en J. P. Jooste.

2. *Opdrag:* Die Sinodale Lesblad, Kinderblad, Handboeke, Bybelkenniseksamen, C.H.O.-Leningsfonds (Sinodale Handeling 1958, Artikels 126, 207, 208, 255, 256, 257, 296, 297, 316, 317).

3. *Algemene Opmerking:* Uit die rapport sal u merk dat daar 'n paar ongerymdhede in die opdragte van die Sinode aanwesig is. Ons wyt dit daaraan dat die rapport van die vorige deputaatskap eers aan die einde van die sinodesitting ter tafel gekom het. *Daarom wil ons u eerwaarde vergadering vriendelik versoek om die rapport so vroeg moontlik gedurende die sitting van die vergadering ter tafel te neem.* — (Vgl. art. 40. A. 2.).

4. *Mandaat van „Adviseurs”:* U Deputate wil die sinode versoek om 'n duidelike mandaat aan „adviseurs” van die Deputaatskap te gee.

Besluit: Die benaming adviserende lede, nie adviseurs nie, word gebruik.

5. *Die Lesblad* (Hand. 1958, p. 322(f) en 355(e: 1 en 2): Die Lesblad is uitgegee volgens die beginsels goedgekeur deur die Sinode. Vir 1959, 1960 en 1961 is 'n lesblad saamgestel in een boekie met nommers in plaas van datums. Aangesien hierteen egter heelwat besware ingekom het, het u Deputate besluit om vir 1961 weer 'n lesblad uit te gee met datums soos in die verlede, wat alleen oor een jaar strek.

— **Goedkeurend kennis geneem.**

6. *Die Kinderblad* (Hand. p. 356: 2:d):

a. Volgens opdrag van die Sinode het u Deputate besluit om *Die Gereformeerde Katkisant* om te skep tot 'n leesblad vir kinders, onder die naam *Stingervel*. U Deputate kan met vreugde meld dat hierdie blad met groot entoesiasme in ons kerkverband verwelkom is. Die oplaag vir Februarie 1960 was 7.450. Hoewel die oplaag van *Die Gereformeerde Katkisant* by staking van uitgawe 10,000 was, is hierdie vermindering te verklaar uit die feit dat die nuwe blad nie meer toeligting van katkisasielesse verskaf nie en sommige kerkrade nie meer verantwoordelikheid vir verspreiding daarvan aanvaar nie. Daar is in werklikheid tans 'n merkbare styging in die intekenaretaal.

— **Met dankbaarheid kennis geneem.**

b. Dr. K. S. van Wyk de Vries is aangewys as redakteur van die blad, en die Deputaatskap wil hul hoogste waardering uitspreek vir die wyse waarop hy sy taak uitgevoer het, saam met die vaste medewerkers. In besonder wil ons melding maak van die gewaardeerde hydraes van wyle ds. G. B. S. Pasch onder die naam „Oom Gert”. In verband met die toekomstige redaksie en uitgawe van die blad sal u Deputate 'n aanvullende rapport indien.

— **Die Sinode neem met hoë waardering kennis van die werk van dr. Van Wyk de Vries en wyle ds. Pasch.**

c. *Finansies en administrasie van Slingervel*: Hier het u Deputate met heelwat probleme te kampe gehad. Volgens besluit van die Sinode (Hand., p. 356.b.) is die finansies en administrasie onder die Deputaatskap vir Beheer gestel. Die Deputaatskap vir Beheer was egter nie geneë om alle administrasie te doen nie. Alleen administrasie wat voorheen deur die Buro in verband met *Die Gereformeerde Katkisant* gedoen is, was die Buro weer bereid om te doen. (Brief van die Administratiewe Buro, 17 Maart 1958.) Die Deputaatskap het daarop besluit om die verdere administrasie sover moontlik self te behartig teen betaling uit die verskillende kasse. Hierdie deel van die administrasie van die blad is agtereenvolgens behartig deur: Die kantoor van die Klassis Pretoria, mev. dr. Van Wyk de Vries en word tans gedoen deur die Kerkblad-kantoor. Die reëling met die Buro is soos volg:

(1) Die Deputaatskap vir Katkisasie sal die intekening op *Slingervel* behartig, en lyste met besonderhede vir rekenings aan kerkrade sal ten minste twee maal per jaar aan die Administratiewe Buro gestuur word voor 30 Junie en 31 Desember van elke jaar. Die intekengeld van die individuele intekenaars sal deur die Deputaatskap vir Katkisasie ingevorder en aan die Administratiewe Buro oorbetal word.

— **Goedgekeur.**

(2) Die Deputaatskap vir Katkisasie sal reël dat die rekenings vir die drukkoste eers aan die Deputaatskap vir Katkisasie gestuur word vir ondertekening en dan aan die Administratiewe Buro vir betaling.

U Deputate vra die goedkeuring van die Sinode vir hierdie reëling.

Besluit: Die besluit van die Sinode van 1958 (p. 356, art. 317. V. b.) word herroep. Sowel die finansies as die administrasie van „Slingervel” word aan „Die Kerkblad”-kantoor oorgedra.

d. *Finansiële Verslag*: 1 Julie 1957 — 28 Februarie 1958. Volgens die besluit van die Sinode 1958 is die finansies van die Deputaatskap op 28 Februarie 1958 aan die Administratiewe Buro oorgedra. Vir die tydperk hierbo aangedui dien ons nou ’n geouditeerde verslag by u in. Onder die uitgawes is ’n bedrag van £333.10.0 — vir verlofgelde. Dit is ’n bedrag wat aan dr. Van Wyk de Vries uitbetaal is vir die verlof van die vorige drie jaar wat hy nie kon neem nie. U Deputate vra hiervoor goedkeuring.

Besluit: Die optrede van die deputate i.v.m. die uitbetaling van verlofgelde word in die besondere geval goedgekeur.

7. *Handboeke*:

a. *Die Leer van ons Kerk*: Hierdie boek is vir die afgelope drie jaar alreeds in gebruik in ons kerkverband (Hand. p. 355, g.1).

b. *Kerkgeskiedenis* (Hand., p. 355, g.2 en Hand. 1955, p. 106, 11 en 109, 10).

Na ernstige oorweging het u Deputaatskap besluit om ’n oproep te doen om skrywers wat ’n geskikte handboek vir Kerkgeskiedenis kan skrywe. Twee manuskripte is ontvang, te wete van ds. B. Spoelstra en br. H. Scholtemeijer. U Deputate het besluit om nie self ’n kerkgeskiedenisboek uit te gee nie maar om ds. Spoelstra se boek voor te skrywe in die Lesblad indien hy dit sou uitgee. By br. Scholtemeijer is aanbeveel om sy boek uit te gee as ’n leesboek vir kleiner kinders oor kerkgeskiedenis.

— **Kennis geneem (a. en b.).**

c. *Handboek Gewyde Geskiedenis*: Van dr. S. C. W. Duvenage is ’n versoek ontvang om steun van die Deputaatskap met sy voorname om die Gewyde Geskiedenis van dr. P. J. S. de Klerk te verwerk. U deputate het ’n kommissie aangewys bestaande uit proff. H. J. J. Bingle, J. P. Jooste en B. C. Schutte om eventueel die manuskrip na te sien en die saak af te handel.

Besluit: Kennis geneem hiervan en van die feit dat dr. Duvenage nie meer voortgaan met hierdie verwerking nie.

d. *Handboeke vir kleiner kinders* (Hand. p. 326:4 en p. 355: g.4. Sien ook p. 323: (1)).

Hier het die Sinodebesluite u Deputate voor ’n probleem geplaas, omdat aan die een kant goedgekeur is dat die Kategismus deel I en II (die Rooi- en Bloubekies) uit die lesblad weggelaat word, maar die voorgestelde skemas vir nuwe boekies „weens die gebrek aan tyd” (volgens toeligting op die Sinode) nie gekeur kon word nie. U Deputate het velerlei versoeke ontvang om daartoe oor te gaan om die boekies vir kleiner kinders uit te gee maar het nie daarvoor kans gesien nie, omdat hulle nie opdrag van die Sinode gehad het nie. Die skemas vir die betrokke boekies word nou weer aan die Sinode voorgelê, met die versoek om dit te keur en aan u te benoeme u deputate ’n besliste opdrag te gee.

— **Goedgekeur (vgl. B. 1; 3.).**

e. *Aandenkingsboekie vir Katkisasiekinders* (Hand., p. 355:c. (2)).

In opdrag van die Sinode lê u Deputate weer eens die skema vir bostaande aan u voor, wat ook „weens gebrek aan tyd” nie op die vorige sinodesitting gekeur is nie.

— **Hiervan word afgestap.**

8. *Bybelkenniseksamen*: Soos in die verlede is jaarliks weer ’n Bybelkenniseksamen gereël, wat nog groot byval vind. U Deputate vra u advies in verband met die opgehoopte oorskot uit die opbrengs van die geld wat jaarliks vir Bybelkenniseksamen gevra word.

Besluit: Die opgehoopte oorskot uit die opbrengs van die Bybelkenniseksamen word in die C.H.O.-leningsfonds gestort.

9. *C.H.O.-Leningsfonds*: U Deputate het weer jaarliks oproepe gedoen om bydraes vir die Fonds deur katkisasiekinders. Vir 1958

10. *Ds. G. B. S. Pasch*: U Deputate wil in dankbare herinnering bring die kragtige en wyse leiding van ds. Pasch wat voorsitter van die Deputaatskap was sedert die vorige Sinode tot met sy skielike afsterwe. Ons het met die heengaan van ds. Pasch as deputaatskap 'n gevoelige verlies gely en wil ook aan sy weduwee en kindertjies die troos van die Here toebid.

Vgl. Handelingen 1958, bl. 356, eerste punt a :

Dr. K. S. van Wyk de Vries het die opdrag betreffende die handboek oor die Kategismus ten volle uitgevoer. Aan die handboek vir openbaringsgeskiedenis kon hy, weens veranderde omstandighede, geen aandag skenk nie.

Besluit: Die Sinode neem met leedwese kennis van die afsterwe van wyle ds. Pasch en bring die kragtige leiding wat in die verband van hom uitgegaan het, in dankbare herinnering.

ONTVANGSTE- EN BETALINGSREKENING VIR DIE PERIODE 1 JULIE 1957
28 FEBRUARIE 1958.

Saldo in Bank —				Drukkoste				\$1,026	14	9
1 Julie 1957				Traktement				889	6	8
Die Katkisasie				Verlofgeelde				333	10	0
Intekengelde £1,606	10	0		P.U. vir C.H.O.				206	1	0
Vooruitbetaling	6	15	8	Salaris				108	0	0
			-1,613	E.P.P.W. en W. Fonds				52	10	0
Katkisasie —				Huurgelde				32	0	0
Sinodale Raming			237	Ouditfelde tot 30 Junie 1957				25	0	0
C.H.O. — Leningsfonds			220	Administratiewe Uitgawes				22	14	0
Vraestelle			64	Administratiewe Buro van						
Lesblad			26	Die Gereformeerde Kerk						
Diverse			13	— Sinodale Kas				13	0	0
— Oorbetalings Gemeente				Telefoon				12	9	4
Noordoois-Handre				Bankvorderings				14	3	3
Vrywillige Bydraes			7	Reiskoste				4	1	11
Kerkgeskiedenis			1	Saldo in Bank —						
			10	28 Februarie 1959				1,394	4	7
			£4,120					£4,120	6	9

- 1) Op die 7de Maart 1958 was 'n tjek bedraende \$1,394.47 betaal aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk.
- 2) Bedrag van \$34.5 en 2/4 was op die 3de November 1958 en die 8ste Januarie 1959 respektiewelik inbetaal op die Bankrekening. Bankrente het 'n bedrag van 2/4 sent en \$5.0 was op die 25ste Oktober 1958 oorbetal aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk. Op die 8ste Januarie 1959 het die Bankstaat 'n nul saldo aangetoon.
- 3) 'n Bedrag van \$6.15.8 (Kwitantas Nr. 308) ten opsigte van Die Katkisasie van vooruitbetaal deur die Petrusburg Gemeente op 27 Desember 1957.
- 4) 'n Bedrag van \$450.5.9 was verskuldig aan die Deputaatskap vir Katkisasie op die 26ste Februarie 1958 deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk.
- 5) 'n Gedeelte van die Telefoonhuurgelde n.l. \$4.0.0 vir die jaar 1958 is terugvorderbaar aangesien die telefoon slegs tot ongeveer April 1958 in gebruik was.

H. J. J. BINGLE, M. J. BOOYENS.

Ons het die boeke en bewysstukke van die Deputaatskap vir Katkisasie, vir

die periode geëindig die 28ste Februarie 1950, nagegaan en het alle inligting en verduidelikings wat ons beskou vir die doel van ons ouditering nodig was, verkry.

Ons het onself tevrede gestel dat daar behoorlike boeke gehou is. Die notuleboek was nie aan ons voorgelê nie.

notuleboek was nie aan ons voorgeleë nie.

Underhewig aan die voorafgaande, sertifiseer ons dat, na die beste van ons oortuiging en wete en volgens die inligting en verduidelikings aan ons verstreë, toon bostaande Staat van Ontvangste en Betalings, 'n getroue en juiste weergawe van die ontvangste en betalings van die Deputaatskap vir Katkisasie oor die periode geëindig die 28ste Februarie 1950.

SLUITER, VAN ROOYEN, BEUKES EN KIE.
per S. M. SLUITER,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.),
Ouditeurs

Rustenburg.
10 Maart 1960.

B. Beskrywingspunte.

1. (a) Van Klassis Krugersdorp, toeligting deur dr. W. J. van der Merwe:

By die Sinode word aangedring op die heringebruikneming van die bestaande Kategismusboekies (deel I en deel II) vir klasse 2 en 3. Daar word ook aangedring om die datums voor die lesse in die lesblad weer aan te gee en om die lesrooster aan 'n grondige revisie te onderwerp. — Klassis Krugersdorp.

Besluit: Hieraan is reeds uitvoering gegee (vgl. B. 4, en 7. d.).

2. (a) Van Part. Sinode O.V.S.-Natal, toegelig deur ds.
J. J. van der Walt:

Die Part. Sinode vra die eerwaarde Algemene Sinode om hom nader te besin oor die kerkisasiewese aan die hand van meegaande toeligtinstuk.

Besluit: Dit word verwys na die deputate vir Kátkisie.

3. (a) Van Part. Sinode Wes-Transvaal:

Die Part. Sinode word gevra om die eerw. Algemene Sinode te vra om hom uit te spreek oor die vraag of die publikasies wat moet dien as handboeke by die katekisasie, kerklike (sinodale) gesag dra? — Part. Sinode Wes-Transvaal. (Toeligting: dr. S. C. W. Duvenage).

Besluit: Publikasies wat as handboeke by die katkisasie dien, word uitgegee op verantwoordelikheid van die skrywer.

4. (a) Toeligting deur ds. J. L. Vorster:

Die Klassis vra die Part. Sinode om die aandag van die Sinode te vestig op die behoefte aan 'n handboek wat 'n kort sistematiese behandeling bevat van die geloofsleer vir gebruik by die leerstellige onderrig in die kerkisasie. — Part. Sinode Wes-Transvaal.

Besluit: Die Sinode neem kennis van die behoefte aan sôdanige handboeke.

5. (a) Toeligting deur ds. J. L. Vorster.

Die Klassis vra die Part. Sinode om die Vraeboekie oor die feite van die Bybelgeskiedenis vir gebruik by die kleiner kinders (Klas I) by die Algemene Sinode aan te beveel. Hierdie boekie is opgestel in opdrag van die Klassis. Die saak sal wel onder die

aandag van die Sinode gebring word maar sonder aanbeveling, omdat die Part. Sinode geen eksemplaar van die boekie ter tafel gehad het nie. — Part. Sinode Wes-Transvaal.

Besluit: Die Sinode neem kennis van die verskyning van die Vraeboekie en bring dit onder die aandag van die deputate vir Katkisasie (vgl. B. 3, bo).

6. (a) I.s. diplomas vir katkisasie.
Die eerw. Klassis Westelike Kaapland versoek die eerw. Algemene Sinode om aandag te gee aan oënskynlike onduidelikhede en teenstrydighede in die besluit van die Sinode van 1958 (Acta, bl. 322, art. 126, 1 en 2).

Besluit: Die eerste deel van die besluit van die Sinode van 1958 (Acta, bl. 322, d. (1)) bly soos volg:
„Prinsipiël: die deputate meen dat die betrokke rapport die saak prinsipiël reg gestel het en dat met reg aanbeveel is om die uitgee en gebruik van alle diplomas en pryse en belonings te staak”.

Die res van punt d. (1), Acta 1958, p. 322 word herroep en vervang met: „Omdat die kind nie in die praktyk kan onderskei tussen aanmoediging en beloning nie en omdat die kerk as instituut uitdeler is van die geestelike genade van God, word die amptelike uitdeling van materiële geskenke aan katkisasiekinders nie aanbeveel nie”.

C. Daar sal weer deputate benoem word met die volgende opdrag:

- (1) die Lesblad uit te gee;
- (2) die uitgawe van „Slingervel” behartig en daarin ook voorligting vir Katkisasie te gee, indien moontlik;
- (3) afneem van die Bybelkenniseksamen;
- (4) die uitbouing van die C.H.O.-leningsfonds by die katkisasiëkinders.

Art. 85 (175. B. 3.).

Kerkblad.

Die Rapport van die deputate word toegelig deur dr. P. J. Coetzee.

A. Die Deputaatskap vir *Die Kerkblad* het die genoeë om hiermee soos volg te rapporteer:

1. *Samestelling van Deputaatskap.*

Die Algemene Sinode van 1958 het die volgende deputate benoem:

Primi: Di. A. A. Venter, J. F. du Plooy, dr. G. C. P. van der Vyver, prof. S. du Toit, prof. G. Dekker, ds. L. S. Kruger, br. J. Arnold.

Secundi: Dr. W. J. van der Merwe, ds. P. W. Buys, dr. S. C.

W. Duvenage, prof. S. P. van der Walt, drs. P. J. Coetzee en H. Venter. (Acta, bl. 543).

Op die eerste vergadering is ds. A. A. Venter as voorsitter gekies en ds. J. F. du Plooy as ondervoorsitter. Die redakteur is die sekretaris. As Dagbestuur en Redaksiekommissie is aangewys ds. A. A. Venter, proff. S. du Toit en G. Dekker en ds. J. F. du Plooy.

— kennis geneem.

2. *Vergaderings.*

Tot Junie 1960 (die datum van die opstelling van hierdie rapport) is 9 vergaderings van die volle Deputaatskap gehou en 5 van die Dagbestuur.

— kennis geneem.

3. *Verwisseling van redakteur.*

In 'n brief, gedateer 29 April 1958, het ds. D. G. Venter ontslag as Redakteur aangevra. Op sy vergadering van 19 Mei 1958 het die Deputaatskap hieroor soos volg besluit: „Die Deputate het met leedwese kennis geneem van die ontslagaanvraag van ons hooggeagte Redakteur, ds. D. G. Venter. Die Deputate is egter ook bewus van die feit dat die gesondheid van die geagte broeder gedurende die afgelope jare verswak het, en aangesien hierdie feit onder andere genoem word as rede vir die ontslagaanvraag, het die vergadering na 'n rype bespreking besluit om aan sy weleerwaarde eervolle ontslag te gee.

„Die vergadering wens verder in herinnering te roep die baanbrekerswerk wat ds. Venter meer as vyf jaar lank gedoen het. Ons het gedurig onder die indruk gekom van die pligsgetrouheid waarmee die Redakteur sy werk verrig het; ook die welwillendheid wat altyd geopenbaar is teenoor die Deputate. Daarvoor word hartlike dank en waardering betuig.

„Die vergadering wil ds. Venter en sy eggenote verder die rykste seëninge van die Here toebid waar hy nou uit die aktiewe diens tree”.

Die ontslag van ds. D. G. Venter het op 31 Julie 1958 in werking getree. Prof. dr. S. du Toit het gedurende 'n verloftyd van ds. Venter wat hieraan voorafgegaan het, en met die oorskakeling na 'n nuwe Redakteur 'n paar uitgawes van die blad versorg en as sekretaris van die Deputaatskap gedien.

Op die vergadering van 19 Mei 1958 is dr. P. J. Coetzee van Bloemfontein as Redakteur benoem. Die benoeming is aanvaar, en die nuwe Redakteur se dienstermyn het op 1 Augustus 1958 begin. 'n Funkisie is gereël om afskeid te neem van ds. en mev. Venter en om die nuwe Redakteur en sy eggenote te verwelkom. 'n Blyk van waardering is aan ds. Venter oorhandig.

Besluit: Hiervan word kennis geneem, met byvoeging dat 'n mosie van dank aangeneem word vir die werk van ds. D. G. Venter, en dit sal by wyse van brief aan hom oorgedra word.

4. *Verantwoordelikheid van Redakteur en Tegniese Bestuurder.*

Die reëling i.v.m. hierdie saak soos aan die Algemene Sinode van 1958 gerapporteer (Acta, bl. 306, punt (1) (a), en bl. 307, punt (2) (a)) is in hersiening geneem, soos blyk uit die volgende besluit van die Deputaatskap: Die Redakteur is hoof van die redaksionele afdeling. Tot tyd en wyl hy beskik oor die dienste van 'n eie tikster sal al die tikwerk wat hy nodig ag, deur die administratiewe personeel behartig word. Die Tegniese Bestuurder is hoof van die administratief-tegniese afdeling. Albei is verantwoordelik aan die Dagbestuur wat die koördinerende beleid neerlê, met rapport aan die volle Deputaatskap. Origens geld die bepalinge wat reeds neergelê is.

— **Goedkeurend kennis geneem.**

5. *Die Kerkblad en die eeufees van die Geref. Kerk in S.A.*

Behalwe dat *Die Kerkblad* gedurende die maande wat die sentrale eeufeesviering te Rustenburg voorafgegaan het, en die tyd daarna die aandag toegespits het op die groot betekenis van hierdie feesgety vir die Gereformeerde Kerk, het daar op 18 Maart 1959, volgens die riglyne aan die Sinode van 1958 voorgelê (Acta, bl. 308, 309), 'n spesiale eeufeesuitgawe verskyn, waarvan meer as 18,000 eksemplare versprei is.

— **Met besondere dank kennis geneem.**

6. *Pogings om intekenaretaal te verhoog.*

a. Briewe is aan kerkrade en meerdere vergaderings gerig.
b. Die Redakteur en die Tegniese Bestuurder het so ver moontlik meerdere vergaderings besoek en het die vriendelike vergunning ontvang om oor die belange van die blad die eerw. vergaderings toe te spreek.

c. In gemeentes waar die Redakteur eredienste waargeneem het, is ook die geleentheid te baat geneem om die saak by vernuwing onder die aandag te bring.

d. Die Redakteur en die Tegniese Bestuurder het in verskeie gevalle spesiale reise gemaak om met predikante so ver moontlik samesprekinge te gaan hou oor sake rakende *Die Kerkblad*.

e. Op bogenoemde maniere en langs alle ander moontlike kanale, veral ook deur persoonlike kontakte, is gepoog om op hoogte te bly met wat die menings is i.v.m. *Die Kerkblad* onder die lesers in die hele kerkverband, ten einde die blad al meer te laat beantwoord.

— **Goedkeurend kennis geneem.**

7. *Onderskrif by die naam van Die Kerkblad.*

Hierdie aangeleentheid is deur die Algemene Sinode van 1958 na die Deputaatskap verwys (Acta, bl. 314, C d). Die Deputaatskap het die volgende riglyne in hierdie verband vasgelê:
Insake naam van Die Kerkblad.

„1. Op die Sinode van 1891 (bl. 39 art. 113) het 'n beskry-

wingspunt van wyle ds. L. P. Vorster gedien insake *De Maandbode*, en sy eerw. het in sy toeligting (volgens die Acta) o.a. gesê dat die blad 'n „private onderneming“ is van wyle prof. Postma. Na die toeligting het die Sinode die twee predikante van Steynsburg en Burgersdorp gevra om die blad uit te gee. Hiervolgens lê dit voor die hand dat die Sinode die blad vir sy rekening geneem het, en het dit ook sedert dié tyd as sy eiendom behartig.

2. Die benaming „offisiële orgaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika“ verskyn vir die eerste maal op die voorblad van *Die Kerkblad* in die uitgawe van 17 April 1928. Op die eerste blad binne die omslag staan net „Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika“. In gemelde uitgawe is geen verwysing na die verandering op die voorblad van die omslag nie.

In die Handeling van die Sinode van 1927 is daar ook geen aanduiding van enige verandering nie. Op die volgende Sinode is daaroor ook nie gehandel nie. Die verandering moet dus op die verantwoordelikheid van redaksie gestel word, en die Sinode het dit stilswygend goedgekeur.

3. U Kommissie beveel aan dat daar teruggekeer word na die oorspronklike benaming, nl. „Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika“, en wel om die volgende redes:

a. As daar staan *offisiële of amptelike orgaan* mag die opgevat word as betekenende dat alles wat in die blad staan, die stempel van goedkeuring van die Sinode het — wat juis aanleiding gegee het tot die opdrag insake die naam van *Die Kerkblad*.

b. *As die benaming, Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* aanvaar en gebruik word, beteken dit dat die Kerk 'n blad uitgee, daarin sy amptelike stukke publiseer maar dat die skrywers daarin, so lank as hul stukke nie in stryd is met die Kerk se belydenis nie, op hul verantwoordelikheid opgeneem en gepubliseer word. Dit geld ook van die Redakteur.”

— **Goedgekeur.**

8. *Gemeentelike nuusbriewe.*

'n Versoek is aan kerkrade gerig om gemeentelike nuusbriewe aan die Redakteur te stuur sodat ook op hierdie manier voeling gehou kan word met gebeurtenisse in die kerklike lewe.

— **kennis geneem.**

9. *Uitgawes wat op groter skaal versprei word.*

Die Deputaatskap het dit aan die Redakteur en die Tegniese Bestuurder opgedra om die weg te beproef om van tyd tot tyd 'n uitgawe van *Die Kerkblad* op 'n besondere saak toe te spits, vooraf bestellings van kerkrade te vra en sodanige uitgawes op 'n groot skaal te versprei.

Met die gewaardeerde medewerking van die eerw. kerkrade

kon, behalwe die eeufesuitgawe, ook in 'n paar ander gevalle aanmerkbare welslae behaal word.

— Met waardering kennis geneem.

10. *Reklamerolprent.*

Op inisiatief van u Deputaatskap is samesprekings met enkele ander instansies in die Kerk gevoer met die oog op die vervaardiging van 'n film wat 'n beeld sal gee van ons kerklike publikasies en inrigtings. In hierdie saak is nog nie finaliteit bereik nie.

— kennis geneem.

11. *Die Kerkblad en die Raad van die N.G. Kerke.*

Die Raad van die N.G. Kerke van Suid-Afrika het op 22 Mei 1959 'n besluit geneem waarin onder andere beswaar gemaak is teen wat genoem is „skerp en onbillike aanvalle” deur *Die Kerkblad* op die N.G. Kerk. Daar is gesprek van 'n „vyandige gees” en van „verdenkings teen die Nederduitse Gereformeerde Kerk... wat sowel ongegrond as onverdiend is.”

Daar is verder besluit om 'n samespreking met die Gereformeerde Kerk aan te vra.

Die hele besluit is ook aan die redaksie van *Die Kerkblad* gestuur.

In hierdie verband wys ons op die volgende:

a. Die Redaksiekommissie het op 25 Mei 1959 die volgende verklaring uitgereik, waaraan die volle Deputaatskap op 3 Augustus 1959 sy eenparige goedkeuring geheg het:

Verklaring deur die Redaksiekommissie van Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 25 Mei 1959.

Noodgedwonge wend die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hom met hierdie antwoord na pers en radio in verband met 'n verklaring wat sowel aan die pers as aan die radio (onder gewone nuusberigte) oorhandig is deur die Raad van die N.G. Kerke en waarin sekere ernstige beskuldigings o.m. teen genoemde blad ingebring word.

1. Dit word diep betreur dat die Raad van die N.G. Kerke met hierdie beskuldiging na die openbare pers en radio gegaan het. In die eerste plek omdat dit blykens die ervaring van die verlede nie die beleid van pers en radio is om ruimte vir diskussie tussen kerke te bied nie — waarin hulle volkome gelyk het, aangesien hulle op ander terreine beweeg. In die tweede plek is dit onbillik omdat net in die algemeen sekere bewerings gemaak word en die publiek in die duister bly oor die werklike punte van verskil. Die resultaat kan alleen maar wees dat 'n verkeerde gesindheid ontstaan en wantroue tussen die lidmate van die twee betrokke kerke gewek word, sonder dat hulle presies weet waarom dit gaan.

2. Vergun ons om kortliks die saak van die ander kant te laat sien. Dan moet daarop gewys word dat gedurende honderd jaar van

tyd tot tyd uit die kringe van die N.G. Kerk skerp aanvalle op die Gereformeerde Kerk gedoen is waarin onder meer die bestaansreg van hierdie kerk in twyfel getrek en selfs ontken is. Kort voor die eeufesviering het aanvalle van hierdie aard weer sterk na vore gekom. As vanselfsprekend hierteenoor van die Gereformeerde Kerk se kant verweer kom en die lidmate ingelig word oor die redes van die afsonderlike bestaan van die Gereformeerde Kerk moet dit nie as vyandiggesindheid en onuitgelokte aanvalle op die N.G. Kerk beskou word nie.

3. As *Die Kerkblad* hom skuldig gemaak het aan „skerp en onbillike aanvalle”... „in 'n vyandige gees” sal die Redaksiekommissie en die Deputaatskap vir *Die Kerkblad* graag aandag aan die saak wil gee sodra hulle weet waarteen presies ekspesie geneem word. Dit spyt ons daarom te meer dat beskuldigings van ernstige aard, en dit ongemotiveerd, aan pers en radio oorhandig is terwyl tog 'n samespreking in vooruitsig gestel is.

4. Saam met ander betreur ons die barste in die mure van Sion maar dit is ons vaste oortuiging dat hierdie barste nie met los kalk toegepleister mag word nie. „Broederlikheid” en „liefde” is ongetwyfeld basiese vereistes in ons verhouding en onderhandelinge, wat onder meer insluit die roeping om vir mekaar „tot oë en voete” te wees en mekaar onderling te vermaan. Die liefdesywer vir die huis van die Here moet ook roep tot besinning oor die punte van verskil en waar nodig tot reformasie. Op hierdie wyse kan ons almal „die saak van Christus op positiewe wyse dien”.

b. Dit het geblyk dat die S.A.U.K. in sy gewone nuusdiens berigte uitgesaai het i.v.m. uitlatings op die vergaderings van die Raad van die N.G. Kerke oor *Die Kerkblad* en die Gereformeerde Kerk. Daar is egter niks uitgesaai i.v.m. die bogenoemde verklaring van die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* nie.

Nadat met die S.A.U.K. in verbinding getree is is 'n uitsending gedoen. Daar was — so ver kon vasgestel word — geen offisiële bybedoeling met hierdie versuim nie.

c. Die Deputaatskap het hom voorts rekenskap gegee van die optrede van *Die Kerkblad* waarteen deur die Raad van die N.G. Kerke beswaar aangeteken is, en het tot die volgende bevinding gekom:

Wat die konfrontasie met ander Kerke betref, word verwys na:

(1) Die beskrywingspunt van die Part. Sinode O.V.S. en Natal wat deur die Sinode van 1955 aanvaar is (Acta Alg. Sinode 1955, bl. 95, punt 13c, 1 b met die opskrif: Leiding deur middel van *Die Kerkblad*; vgl. ook bl. 96, punt 3, 1, b).

(2) 'n Besluit van die Deputaatskap op 5 Februarie 1957 (Art. 3 van die notule) waaruit blyk dat die Sinodebesluit deur die Redaksiekommissie in positiewe sin geïnterpreteer word; dit word

so verstaan dat die Gereformeerde standpunt duidelik gestel moet word sonder dat ons in eindelose polemieë met ander Kerke vervel.

(3) Die besluit van die Algemene Sinode 1958 (Acta, bl. 310 en 314, punte 7c en C6 waarin die interpretasie van die Deputaatskap vir *Die Kerkblad* van die Sinodale besluit van 1955 onderskrywe word.

Die Deputaatskap se standpunt is dat *Die Kerkblad* in die konfrontasie met ander Kerke, soos ook in hierdie geval waarteen die Raad van die N.G. Kerke beswaar gemaak het, dekking het vir sy optrede in die Sinodale besluit van 1955 en verder ook in die Sinodale goedkeuring van sy interpretasie van 1955 se besluit deur die Algemene Sinode van 1958.

Die Deputaatskap het vervolgens besluit dat, indien dit nodig mag blyk, 'n memorandum opgestel sal word met die oog op die samespreking wat die Raad van die N.G. Kerke in die vooruitsig gestel het.

Inmiddels is in hierdie verband nog niks weer van die Raad van die N.G. Kerke verneem nie.

Besluit: Goedkeurend kennis geneem.

12. Die administrasie van *Die Kerkblad*.

Die administrasie van *Die Kerkblad* het met die seën van die Here vlot verloop. Van die finansies sal 'n volledige verslag en balansstaat kort voor die aanvang van die Sinode opgestel en voorgelê word, aangesien die finansiële jaar van 1 Januarie tot 31 Desember strek. Die staat vir 1958 en 1959 word hierby aangeheg.

a. *Drukkers*. Die kontrak vir die druk van *Die Kerkblad* is hernuwe met Herout-Drukkers Bpk. Die samewerking van die personeel van die Drukkers was goed, en die blad kon stip op tyd verskyn. Die druk en afwerking het sedert die vorige Sinode aansienlik verbeter.

b. *Ander Publikasies*.

(1) *Die Oes en Rugama*. Die Deputaatskap vir Sending het die Deputaatskap vir *Die Kerkblad* genader om hulp met die administrasie van *Die Oes en Rugama* te verleen. Die Deputaatskap het daartoe ingestem en ontvang £15 per maand om die koste te dek.

(2) *Slingsvel*. Die Deputaatskap vir *Die Kerkblad* gerig wat gelyke versoek aan die Deputaatskap vir *Die Kerkblad* gerig wat ook toegestaan is en waarvoor £12.10.0 per maand ontvang word.

Omdat *Die Kerkblad* se kantoor toegerus is met 'n doeltreffende adresmasjien en die personeel goed vertrouwd is met die hantering van die soort werk, verloop dit vlot en is die samewerking vir die verskillende Deputaatskappe tot voordeel.

(3) *Almanak en Vroueblad*. Daar is voortgegaan met die werwing van advertensies vir hierdie publikasies.

c. *Kerklike berigte oor die radio*.

Met die versorging van die kerklike berigte vir die radio is voortgegaan deur br. H. B. van der Walt, wat as Radionuusredakteur optree. Daar word breedvoeriger in die verband deur die radio-deputaatskap gerapporteer, maar dit moet tog genoem word dat weens die swak bydraes wat deur die kerkrade gelewer word, dit heelwat moeite kos om die tyd wat deur die S.A.U.K. aan ons Kerk toegestaan is, te vul. Die £30 per jaar is nie 'n voldoende vergoeding vir *Die Kerkblad* vir die tyd wat hieraan gewy word nie.

d. *Boeke*.

Daar is voortgegaan met die adverteer van boeke deur middel van *Die Kerkblad* en by rekenings van intekenare. Dit het nie alleen 'n mooi inkomste aan die blad besorg nie, maar 'n groot hoeveelheid goeie boeke is ook op dié wyse onder ons lidmate versprei.

e. *Eupeesgedenkboek*.

Meer as 5,500 Eupeesgedenkboeke is deur die kantoor versprei teen 'n vergoeding.

f. *Eupees te Rustenburg*.

Die kantoor van *Die Kerkblad* het onderneem om ook hierdie boek te versprei.

g. *Sirkulasie van Die Kerkblad*.

Daar kon nog nie in geslaag word om die 13,000-merk te oorskry nie. — kennis geneem.

13. *Voorstel i.v.m. 'n Sinodale raming vir Die Kerkblad*.

In verband met intekening op *Die Kerkblad* wil die Deputaatskap die volgende vir ernstige oorweging aan u voorlê:

a. (1) Die Algemene Sinode van 1958 het dit as sy wens uitgespreek dat die intekenaretal aansienlik opgeskuiwe moet word (Acta, bl. 314, punt C. 8). 'n Leidraad aan kerkrade is ook goedgekeur. Hieruit is dit duidelik dat die eerw. Sinode die aktiewe medewerking van en die aanvaarding van finansiële verantwoordelikheid i.v.m. intekening op *Die Kerkblad* deur die kerkrade as gewens en aanbevelenswaardig gesanksioneer het. Dit was niks anders nie as 'n konsekwente voortbouing op wat deur die Algemene Sinodes sedert 1873 gedoen is in belang van die blad wat bykans 88 jaar lank reeds deur God se genade uitnemende diens in belang van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kon lewer en as mondstuk ook steeds intiemer verstrengel geraak het met die belange van die Kerk.

(2) Die Algemene Sinode het die weg duidelik aangewys waarlangs 'n groter getal intekenare verkry moet word. Die eerw. kerkrade het ook in die verlede nie op hulle laat wag nie: seker die oorgrote meerderheid gee in mindere of meerdere mate gereeld aandag aan die verspreiding van *Die Kerkblad*, in baie gevalle met uitnemende resultate. Die kragte word in heelwat gevalle so intensief ingespan dat die intekenaretal in die betrokke gemeentes die hoogte ingeskiet het.

In die geval van 69 gemeentes is op hierdie manier daarin geslaag om alle huisgesinne te laat inteken. Deur die besielende aksie en voortdurende bemoeïing van die kerkrade is die mylpaal dus bereik dat bykans een-derde van die kerke reeds deur die bank *Die Kerkblad* ontvang.

b. Die Deputaatskap vra nou beleefd of die eerw. Sinode nie wil oorweeg om van die blad wat die Algemene Sinode sedert 1894 ten volle vir sy rekening geneem het, daartoe oor te gaan om 'n raming vir *Die Kerkblad* aan die gemeentes op te lê nie.

Dit sal beteken dat individuele intekening, behalwe in die geval van intekenaars wat nie lidmate van die Gereformeerde Kerk is nie, heeltemal sal verval en dat al die huisgesinne en individue wie se adresse die kerkrade aan die kantoor van die blad verstrek, voortaan *Die Kerkblad* sal ontvang.

Vergun ons om u in die verband op die volgende te wys:

(1) *Die voordele aan so 'n stap verbonde.*

(a) As *Die Kerkblad* weekliks ons hele kerkverband, prakties al die lidmate van elke gemeente, kan bereik, spreek dit vanself dat die blad 'n faktor van nog groter betekenis in die kerklike lewe kan wees as tans. Dit sal die meelewing van die lidmate met kerklike sake soos dit in die blad aandag geniet en weerspieëling vind, grootliks kan help bevorder en stimuleer. Die blad sal in veel groter mate as wat nou die geval is, as bondgenoot kan dien in die geestelike vorming en opbouing van die lidmate.

Naas die gesproke woord word die geskrewe woord in die moderne wêreld al meer met groot welslae op alle fronte aangewend. *Die Kerkblad* is 'n wapen wat in die hande van die Gereformeerde Kerk gegee is, en ons voorstel kom daarop neer dat hierdie wapen effektiewer gebruik moet word. Dit volg vanself dat as die blad weekliks sy plek kan vind in al die Gereformeerde gesinskringe, dit die Kerk ten goede sal kom. Ons vra die eerw. Sinode om oorweging aan hierdie moontlikheid te skenk en desgewens hierdie moedige en versierende stap te doen, omdat ons glo dat met die seën van die Here dit ryke vrug vir die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en vir God se koninkryk sal afwerp.

(b) Deur die blad by wyse van raming deur die Kerk te laat dra sal dit 'n aansienlike besparing beteken. *Die Kerkblad* behoort aan die Gereformeerde Kerk; wat die blad dus met 'n meer bevreëdigende basis van intekening bespaar, beteken vir die Kerk 'n besparing. Na berekening sal die besparing soos volg wees:

1. a. Besparing op drukkoste (5.8%)	£886	5	0
b. Besparing op administratiewe koste	505	6	8
c. Besparing op onverhaalbare skulde (gemiddeld)	400	0	0
	£1,791	0	0

2. Deurdat die sirkulasie aansienlik sal styg, sal die advertensie-inkomste vanself hoër kan wees. Dit sal volgens raming 'n addisionele jaarlikse inkomste van £900 beteken.

Die totale jaarlikse finansiële voordeel van so 'n reëling sal dus nagenoeg £2,691.11.8 wees.

(2) *Die Deputaatskap meen dat die raming soos volg sal kan geskied.*

(a) Die Sinode stel die raming op £1 per eenheid van intekening (huisgesinne plus individuele intekenaars) per jaar. Die gedagte is dat die kerkrade volgens eie huishoudelike reëling vir hulle eie kas die bedrag wat hulle by wyse van raming vir *Die Kerkblad* moet afdra, weer verhaal deur invordering by die lidmate en so meer.

Vir plaaslike koste en die getal vlottende intekenaars word 'n afslag toegestaan van 10% op die getal intekenare.

(b) Die kerkrade voorsien, soos een-derde dit trouens reeds doen, die adresse en stuur gereeld adresveranderings aan die kantoor van *Die Kerkblad*.

c. *Slotopmerking.* Die Deputaatskap vra beleefd die Algemene Sinode om hierdie voorstel te oorweeg. Die Algemene Sinode het gedurende bykans 88 jaar getoon dat die belange van die blad hul erns was. Daar is geen rede om te vermoed dat die Algemene Sinode van 1961 sal terugdeins om te doen wat bevorderlik sal wees vir die verdere aanwending en uitbouing van *Die Kerkblad* in belang van die Gereformeerde Kerk en die koninkryk van God nie. Ons vra u ook nie om 'n weg met u blad op te gaan wat nog nie beproef is nie. In die praktyk kom dit daarop neer dat een-derde van die gemeentes die weg reeds bewandel. Dit is gemeentes wat met allerlei moontlike struikelblokke te doen het vanweë plattelandse of stedelike omstandighede, en so meer. Hulle het getoon dat waar 'n wil is, is 'n weg. Ons herinner verder daaraan dat sekere gemeentes 'n weg volg met hulle eie gemeentebld wat presies op dieselfde neerkom en wat bewys dat dit heeltemal uitvoerbaar is en die bevreëdigendste resultate oplewer.

Besluit: Die Sinode spreek hom uit teen 'n raming op die gemeentes vir 'n kerklike blad.

14. *Konklusie.*

Die Deputaatskap kan met groot dankbaarheid getuig van die ryke seëninge van die Here in die arbeid van die afgelope tydperk in belang van die orgaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. In volkome harmonie kon die taak aan ons opgedra, deur God se genade verrig word, omdat dit ons erns was om die blad 'n steeds groter krag in die kerklike lewe te laat wees.

Aan almal wat in een of ander vorm hul medewerking verleen het, betuig ons ons opregte dank en waardering.

Waar ons in dankbaarheid mag terug sien op die pad wat agter

ons lê, wil ons in die woorde van een van die voormalige Redakteurs, prof. D. Postma, verklaar dat *Die Kerkblad* graag steeds getrou in die diens van die Kerk wou staan as „tijdschrift gewijd aan de belangen der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika”, en, „mocht het ons echter nie altoos zoo gunstig gelukken, dit was dan een uitkomst geheel tegen onze goede bedoeling”.

B. 1. STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWES VIR DIE JARE 1958 EN 1959.

(1960 se state sal tydens die Sinode versprei word)

Drukkoste	19,815 15 2	Intekengelde	23,726 13 0
Salarisse	8,937 15 7	Advertensiegelde	13,795 15 4
Versendingskoste	1,306 19 0	Boeke verkoop	407 8 6
Advertensiewerwings-		Eupeesgedenkbouke	1,135 13 2
kommissie	2,269 1 3	Versorging radionuus	60 0 0
Onverhaalbare skulde		Rente ontvang	768 4 7
Afgeskrywe	627 3 2	Oninbare Skulde verhaal	3 4 6
Posgeld en telefoon	510 19 9	Kommissie ontvang	86 11 1
Komm. aan nasionale		Diverse inkomste	1 5 11
agente	799 11 5	Die Oes en Rugama	105 0 0
Reiskoste	362 12 6		
E.P.P.W. en W.F. en			
assuransie	393 9 0		
Skryfbehoeftes en adres-			
omslae	252 16 10		
Skrywersgelde	245 6 6		
Huur	217 10 0		
Kantoorkoste	100 0 3		
Daggelde	99 0 0		
Lone	117 18 10		
Ouditeursfoole	75 12 0		
Kantoorskoonmaak	60 0 0		
Ledegelde	13 6 0		
Invorderingskoste	9 14 6		
Spoorvrag	7 13 6		
Bankrente	11 8 7		
Bankkoste	11 2 10		
Voorstening vir skulde	1,350 0 0		
Waardevermindering	127 14 0		
Surplus vir 2 jare			
oorgegdra	2,367 5 5		
	<u>£40,089 16 1</u>		<u>£40,089 16 1</u>
		Surplus oorgebring	<u>2,367 5 5</u>

BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1959

Krediteure	2082 6 4	Meubels ens.	681 0 10
Opgehoopde Fondse	11,144 10 4	Lenings op 1e verband	5000 0 0
		Bedryfsbates	6275 15 8
		Deposito, spaarbank	1270 0 2
		en kontant	
	<u>£13,226 16 8</u>		<u>£13,226 16 8</u>

Besluit: (Die state word na die Finansiële Kommissie verwys, en op aanbeveling van dié Kommissie word besluit (art. 175. B. 3).)

Van die rapport word met hartlike dank kennis geneem, met die versoek dat 'n finansiële rapport wat oor drie jaar strek, in die toekoms aan die Sinode voorgelê moet word.

Waar die Sinode opdrag gee om aanstellings in die personeel van *Die Kerkblad* te maak sonder om uitdruklik die salaris te bepaal, moet die Deputate dit self doen, solank hulle binne die perke van hulle opdrag bly.

C. Die vergadering neem met hartlike dank en waardering aan die deputate goedkeurend kennis van die rapport. 'n Mosie van dank aan die Redakteur en die Tegnieuse Bestuurder word aangeneem.

D. I.s. bykomende mandaat aan deputate vir *Die Kerkblad*. Kyk by art. 23. D. (bl. 31).

Art. 86. (91, 175. B. 4., 183.).

Almanak.

Die Rapporte van die deputate word deur dr. Kempff toegelig. 'n Kommissie ad hoc word verkies (as lede: oudll. A. P. Malan, M. C. Erasmus, J. T. Riekert, di. C. J. Malan, H. J. Kruger, D. J. van der Walt (Warmbad)) en hulle verslag word deur ds. Malan toegelig.

A. Onder die seënende hand van die Here kon die werk van u Deputate in die afgelope drie jaar voortgesit word en die Almanak elke jaar verskyn. Ons rapporteer hieroor:

1. Konstituering.

a. As lede van die Deputaatskap is in 1958 aangewys: di. A. A. Venter en I. J. Lessing; drr. K. S. van Wyk de Vries en D. Kempff. Ds. Venter is as voorsitter en dr. Kempff as sekretaris van die Redaksie verkies.

b. In die begin van 1959 het dr. Van Wyk de Vries berig dat hy nie meer die vergaderings sal bywoon nie, veral omdat die Eupeesuitgawe (waarvan hy veel beplan het) reeds verskyn het. Die Deputaatskap het hiervan kennis geneem asook daarvan dat dr. Van Wyk de Vries desgevraag voor die Sinode self sy saak sal stel. Verder is ook besluit om ds. J. W. J. van Rijssen, wie se naam eerste as sekundus verskyn, op te roep om die vergaderings verder by te woon.

2. Vergaderings.

Tot in Junie 1960 is daar 8 vergaderings gehou, waardeur die Redaksie sy werksaamhede vlot en betyds kon afhandel.

3. Verskyning.

a. Eupeesuitgawe.

(1) Die opdrag van die eerw. Sinode is uitgevoer met 'n mooi uitgawe.

(2) Die oplaag was 21,700.

(3) Met die opgehoopde 6d. ekstra vir die vorige drie uitgawes kon hierdie Almanak nog teen 2/6 stuk verkoop word.

(4) Die goeie band en beter papier het 'n goeie ontvangs geniet.
b. 1960-uitgawe.

(1) Die Redaksie het gepoog om beter band en papier aan te bied vir die uitgawe van 1960, omdat daar al baie ontevredenheid oor die gehalte van beide in die Kerk was. Die produk is aan u bekend.

(2) Die Statistiekgegewens (Kerk en Sending) het geweldig vermeerder, sodat daar omtrent geen bladsye vir die mengewerk oorhly nie.

(3) As gevolg van hoër uitgawes (papier en band) en om tog nie net statistieke aan te bied nie (ook artikels dus) het die koste van hierdie uitgawe baie gestyg.

(4) Die oplaag was 21,800.

c. 1961-uitgawe.

(1) Beplanning vir die volgende uitgawe het reeds in Februarie 1960 begin, en ons hoop dat dit D.V. reeds verskyn het wanneer die eerw. Sinode vergader.

(2) Die oplaag sal weer sowat 22,000 wees.

d. Tyd van verskynning.

(1) Die Eeufeesuitgawe het in Januarie 1959 verskyn.

Die 1960-uitgawe is einde November 1959 reeds aan alle kerke gestuur.

Alle pogings word aangewend om die 1961-uitgawes weer voor die einde van November 1960 uitgestuur te kry.

(2) As gevolg van 'n versoek deur 'n eerw. klassis en in 'n poging om die Almanak vroeër te laat verskyn, is besluit om die datum vir indiening van die statistiekgegewens te vervroeg van 31 Julie na 30 Junie (van staat op 31 Mei).

4. Statistieke.

a. Sendingstatistieke word nog steeds eenkant geplaas. Hierby is nou 'n lys van blanke sendingleraars gevoeg.

b. Die name van emeritusleraars word ook by dié kerk waaruit hulle geëmeriteer het, geplaas.

c. Die redaksie ondervind, ten spyte van die vervroeging van inleweringdatum, nog steeds moeilikhede om die gegewens betyds in die hande te kry. Kerke was dikwels ontevrede oor die laatverskyning van die Almanak, maar die werk van samestelling van die statistiek word vertraag deur dié kerke wat nie ordelik saamwerk nie. So was byvoorbeeld op 29 Julie 1959 (reeds 'n maand laat) van vier kerke nog niks beskikbaar nie — en dis dikwels dieselfde kerk wat elke jaar agter is!

d. Daarom is pogings aangewend om die gegewens betyds te kry, waarby o.a. aan die klassisse die volgende berig is: „Van kerke wat hul statistiekvorms nie betyds inlewer nie, sal alleen die naam gepubliseer word en verder geen name of adresse nie”.

e. Die eerw. Sinode se aandag word daarop gevestig dat baie kerke hul vorms heeltemal onvolledig invul, veral t.o.v. name en adresse. Daar is besluit om alleen te publiseer wat verskaf word — hoe onvolledig ook al — aangesien die Admin. Buro nie telkens ou gegewens kan opsoek nie.

f. Die verwerking van gegewens is nog steeds deur die Admin. Buro behartig.

5. Drukkers.

Al die uitgawes is deur die Potchefstroom Herald-drukkery onderneem. Goeie samewerking is ondervind.

6. Dankbetuiging.

Aan almal wat bygedra het om die Almanak goed en betyds aigelewer te kry, moet 'n woord van dank gerig word.

— Van 1—6 kennis geneem.

7. Aanbevelings.

Die eerw. Sinode moet aan die volgende sake aandag skenk en daaroor aan die depute wat weer benoem moet word, leiding gee:

a. Kerkrade moet weer eens aangespoor word om toe te sien dat die statistiekvorms volledig ingevul en betyds gestuur word.

Besluit: Met die uitstuur van die vorms sal die saak onder die aandag van kerkrade gebring word.

b. Die sendingstatistiek toon soveel uitbreiding, en in die toekoms mag dit selfs nog meer word; en daarom moet hierdie hele aangeleentheid die aandag van die vergadering geniet.

Besluit: In oorleg met die depute vir Sending sal die depute vir die Almanak die moontlikheid ondersoek om 'n aparte Almanak vir die nie-blanke gemeentes uit te gee.

c. Die moontlikheid om 'n opsomming te bied van publikasies deur die kerk, soos *Die Kerkblad* ens., saam met aanverwante uitgawes, word voorgelê.

— Dit word oorgelaat aan diskresie van die depute.

d. Advies word gevra oor publikasie van die lys van deputaatskappe van Partikuliere Sinodes, naamlik oor die omvang daarvan en oor dié feit dat onmiddellik na die verskyning van die Almanak hierdie gegewens reeds verouderd is deurdat dan reeds nuwe depute vir die volgende jaar aangewys is.

Besluit:

i) Hierdie lys word nie meer geplaas nie.

ii) Die lys van groepe depute van die Algemene Sinode moet wel geplaas word.

e. Daar moet vasgestel word in watter historiese (of ander) orde die name van die kerke geplaas moet word (vgl. bv. Almanak van 1960 en 1961). Moet die volgorde van meerdere vergaderings wees volgens historiese wording van kerke of van meerdere vergaderings (in hierdie geval dus part. sinodes en klassisse daarin)?

Besluit: Die rangskikking sal chronologies wees soos volg:

(1) die part. sinodes word provinsiaal bymekaar gegroepeer;
(2) die provinsies word in die volgorde van die oudste gemeente in elke provinsie geneem;

(3) die klassisse binne 'n part. sinode word in die volgorde van die oudste gemeente in die betrokke klassis gegee;

(4) die volgorde van die gemeentes in 'n klassis word chronologies gegee.

f. Kan die bladsye met maandkalenders nie liever weggelaat word met alleen 'n jaarkalender op een bladsy om dié ekstra bladsye vir leesstof aan te wend nie (vgl. Almanak 1960, pp. 16-27)?

Besluit: Omdat hierdie bladsye nie veel verskil aan die prys van die Almanak behoort te maak nie en tog by baie lidmate 'n nuttige praktiese doel dien, moet hierdie kalenders behou word.

g. Daar kom nog gedurig in die loop van die jaar baie adreswysigings, en die vraag is of die Sinode nie 'n vorige besluit, nl. dat elke kerk moet probeer om 'n vaste posbusadres te verkry, kan herbeklemtoon nie?

— **'n Vaste posbusadres word vir elke gemeente aanbeveel.**

h. Met die oog op die omvang van die Almanak (waarby rekening gehou moet word met steeds groeiende statistiekgegevens en gevolglik steeds krimpende omvang van mengewerk), beter papier en stewiger band moet aan 'n prysverhoging oorweging geskenk word, of die ekstra 6d. vir die geboue van die Teologiese Skool moet op 'n ander wyse gevind word.

Besluit: (Art. 175. B. 4.). — Die 6d. van die prys van die Almanak moet nog by die Boufonds van die Teologiese Skool gevoeg word.

B. Wat die opdrag uit die vergadering aan die Kommissie betref i.v.m. adresse van kerke waarmee ons in engere korrespondensie staan, word aanbeveel.

Besluit: Die plasing van hierdie adresse kan 'n nuttige doel dien.

C. U Deputate wens om naas ons rapport nog aanvullend te rapporteer. Dit gaan besonderlik oor 'n opdrag van die Sinode van 1958 (Acta 1958, bl. 528), toe na aanleiding van 'n beskrywingspunt soos volg besluit is: „Aan die Deputate vir die Almanak word opgedra om 'n behoorlike studie te maak van die groei van ons Kerk op grond van betroubare statistiese gegevens wat vir die Almanak versamel word”.

1. Om aan hierdie opdrag te voldoen, was dit eers nodig om te bepaal wat alles nodig is vir betroubare statistiek. Hierdie saak is opgedra aan 'n kommissie, bestaande uit drr. K. S. van Wyk de Vries en H. S. Steyn, en hulle rapport is ontvang nadat die stukke vir die Agenda reeds ingedien moes gewees het. Ons is dankbaar vir die arbeid deur hulle gelewer.

2. 'n Waardevolle rapport is van dié kommissie ontvang, maar dit het vir u Deputate juis beklemtoon dat ons hier met probleme te doen het waarvoor dit nodig is dat die Sinode uitspraak moet doen. Anders kan dit maklik gebeur dat die statistiek vir die Almanak te omvattend word en naderhand ook nie meer aan sy doel beantwoord vir 'n jaarlikse uitgawe soos die Almanak nie.

3. Daarom beveel u Deputate aan dat die eerw. Sinode hom sal uitspreek oor die volgende:

a. Wat presies behoort in beginsel vervat te word in die *kerklike* statistiek (van die Almanak) — d.i. kan byvoorbeeld huisgesinne weggelaat word; is dit nodig om die getalle van manlike en vroulike belydende lidmate apart aan te dui ens.?

(Om hierdie saak te bevorder vra ons intussen die advies van verskeie ter sake kundige mense en hoop ons om dit tot die beskikking van die Sinode te stel.)

b. Die moontlikheid moet oorweeg word om by gereelde tussenposes (sê om die 5 of 7 of 10 jaar) 'n kerklike sensus te hou. Dan kan die gegewens wat vir die Almanak gevra word, die noodsaaklike minimum bevat en kan aan die bogenoemde opdrag van die Sinode voldoen word deurdat meer volledige gegewens beskikbaar kom (vgl. bv. die omvattende vorms vir bevolkingsensus), en hierdie sake kan deur 'n deputaatskap verwerk word. Vir ons lyk dit of dit die aangewese weg is om die probleem wat in die genoemde beskrywingspunt gestel is, op te los.

Besluit: Die hele aangeleentheid word na die nuwe deputate vir studie en aanbeveling verwys.

Art. 87. — Sluiting.

Die werksaamhede van die Sinode word om 5.30 nm. gestaak ten einde kommissies geleentheid te gee om met hul werk aan te gaan.

Ds. D. J. van der Walt (Warmbad) laat sing Ps. 46 : 1 en gaan voor in gebed.

VRYPDAG 3 FEBRUARIE 1961.

Art. 88. — Opening.

Die Vise-Voorsitter open deur te lees 1 Tim. 4 : 6-11.

Ds. J. J. H. Booysen laat dan sing Ps. 89 : 1, en gaan voor in gebed.

Art. 89. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Art. 90. — Notule.

Die notule word vasgestel tot art. 72.

Art. 91. (Almanak). Kyk by art. 86.

Art. 92.

Sake wat na die Moderamen verwys is.

A. *Aanvullende Rapport van deputate vir Korrespondensie.* Kyk by art. 18. B.

B. *Brief van Tafelberg-Uitgewers (Edms.) Bpk.*

1. Dit word na 'n Kommissie verwys, met lede: di. M. Postma, T. T. Spoelstra, I. J. Lessing, proff. S. P. van der Walt, S. du Toit, oudl. F. F. Deysel, L. J. van der Schyff.

2. Die Verslag van die Kommissie, toegelig deur ds. Lessing, is:

1. *Opdrag.* 'n Brief van Tafelberg-Uitgewers (Edms.) Bpk. waarin versoek word dat die kopiereg op die Afrikaanse Psalmberyming verleen word om 'n hersiene geleentheidspalmbundel ter huldiging van die 400-jarige verskyning van die eerste Geneefse Psalmbundel in 1962 te mag publiseer. Die gedagte is dat hierdie werk vierstemmig sal wees gebaseer op verwerkings deur Rosa Nepgen.

2. *Aanbeveling:* U Kommissie beveel aan dat die versoek nie bewillig word nie om die volgende redes:

a. In die brief word nie voldoende inligting verstrek in verband met die beoogde uitgawe nie, o.a. die opplaag.

b. Ons Kerk het 'n kontrak aangegaan om die psalmboek uit te gee. Daar moet baie deeglik ondersoek ingestel word of so 'n vergunning soos in die brief aangevra nie as kontrakbreuk beskou kan word nie.

c. Die N.G. Kerk het die kopiereg op die melodieë van die psalmboek. Ons het niks van die N.G. Kerk verneem omtrent 'n uitgawe van die psalmboek met ander melodieë nie. Dit is noodsaaklik dat die nodige oorlegpleging met mekaar in sulke gevalle sal plaasvind.

d. Indien die vergunning verleen sou word, sou dit beteken dat ons Kerk toestemming verleen dat 'n psalmboek op die mark gebring word waarin net die 150 psalms opgeneem is, sonder die Skrifberyminge en die formuliere, en waarin melodieë opgeneem is, wat nie deur die Afrikaanse Kerke goedgekeur is vir gebruik in die eredienste nie.

Besluit: Die Verslag word goedgekeur (art. 133).

C. Rapport i.s. uitgee van Handeling. — Kyk by art. 31. D.

D. *Rapport i.s. vereenvoudigde formuliere.*

Hierdie rapport, wat laat ingekom het, word verwys na die deputate vir Korrespondensie, sodat dit in die agenda van die volgende Sinode opgeneem kan word.

E. *Naam van Bantoekekerk.*

Dit word verwys na die deputate vir Korrespondensie in oorleg met die Sendingdeputate.

Art. 93 (i.s. afskaffing van part. sinodes). Kyk by art. 26. B.

Art. 94. — Die vergadering verdaag vir teepouse.

Art. 95. (45. A., 160.).

B.B.Bybelgenootskap.

A. 1. Die Voorsitter verwelkom ds. J. T. M. de Jongh van Arckel, Algemene Sekretaris van die B.B.B.-genootskap, op die vergadering en stel hom aan die woord (vgl. art. 45. A.). Hy spreek onder andere soos volg:

Hy spreek sy dank uit vir die geleentheid om die vergadering toe te spreek. Hy wys op die kleinheid van die wêreld juis as gevolg van uitmuntende kommunikasie-middels. 'n Ander verskynsel van ons tyd is die opkoms van die nie-blanke volke. In sulke omstandighede is daar een taak waartoe alle Christelike kerke geroep word, want ten spyte van die baie tale waarin dit verskyn het, is dit een Boek. In hierdie taak is dit die ondervinding dat mense met uiteenlopende beskouings hulle met oorgawe aan hierdie saak wy.

Hy is dankbaar dat die Gereformeerde Kerk hom hiermee besig gehou het, en vantevore is reeds die moontlikheid genoem om 'n leraar uit die Gereformeerde Kerk te vind om besonderlik die belange van Bybelverspreiding in hierdie kerk te bevorder.

2. Dr. B. R. Krüger spreek namens die vergadering 'n woord van hartlike dank aan ds. Van Arckel.

B. 1. Die Rapport van die deputate (di. L. S. van der Walt, B. Spoelstra en oudl. J. M. Malan) word toegelig deur ds. Spoelstra.

2. 'n Kommissie ad hoc i.v.m. punt 5. (e) word gekies (as lede: di. G. P. L. van der Linde, N. J. Grobler, P. J. Venter, B. Spoelstra, oudl. J. C. Olivier, P. C. Opperman, B. J. du Plessis) en hulle verslag word toegelig deur ds. Grobler.

C. *Rapport.*

Die Deputate benoem om te rapporteer oor die medewerking van die kerke met die B. en B. Bybelgenootskap, het die eer om die volgende voor u te lê:

1. *Werkwyse:* Die Deputate het hoofsaaklik deur korrespondensie met mekaar in voeling gebly en eenmaal vergader vir die opstelling van hierdie rapport. Deur middel van die kantoor van die Genootskap is gedurende Oktober 1959 'n omsendbrief, veral i.v.m. die Jubileumfees van die Afrikaanse Bybel, uitgestuur. Daar is in die bewoording 'n verskil gemaak tussen kerke wat wel en die wat nie tot hierdie fondse bygedra het nie. 'n Konsepsomsendbrief vir 1960 is reeds voorberei. In *Die Kerkblad* het van tyd tot tyd artikels oor die saak verskyn.

Die Adviserende Komitee van die noordelike streek het ds. L. S. van der Walt en die Komitee in die suide ds. B. Spoelstra as lede gekoöpteer. So het u Deputate in noue voeling gekom met die werk van hierdie Genootskap. — **kennis geneem.**

2. *Resultate*: Die bydraes (van 1 November tot 31 Oktober) uit die kerke van ons kerkverband was vir 1958 £1,595.12.4 en vir 1959 (Jubileumfees) £2,102.14.0. Van 1 November 1959 tot 29 Februarie 1960 is nog slegs £567.3.2 geën. Vir bogenoemde twee volle jare het onderskeidelik 90 en 87 kerke hoegenaamd geen bydrae tot die Genootskap gedoen nie.

Dit skyn dus asof die sinodale besluite van 1910 en 1958 weinig uitvoering geniet en asof daar nie algemeen op die Sondag naaste aan Hervormingsdag vir die doel gekollekteer word nie. Dit is ook gewoonlik dieselfde kerke wat in gebreke bly, en hierdie betreurenswaardige verskynsel word onder die aandag van byna elke Sinode gebring. Alhoewel die Genootskap nuusbriewe uitstuur waarin bydraes vermeld word, is die reaksie gering. U Deputate is van mening dat daar in ons kerkverband in 'n groot mate onverskilligheid, gebrek aan belangstelling of onkunde heers oor die groot werk wat hierdie Genootskap onderneem. Hierdie verskynsel strem en benadeel die verspreiding en vertaling van die geskrewe Woord van God onder Christendom en heidendom. — **kennis geneem.**

3. *Die Werk van die Genootskap*: U Deputate neem aan dat die lofwaardige werk van die Genootskap goed bekend is. Bykans elke Bybel in elke huis is teen bekombare pryse op die mark, omdat die Genootskap die verliese wat daarop gely word, met sy fondse dek. Daarby word die Bybel gedurig in meer tale vertaal.

Wat ons eie land betref, het die Genootskap so pas 'n veldtog op tou gesit om die hele Bybel aan Bantoeskoliere teen 1/6 beskikbaar te stel. Die Genootskap moet self 1/6 bydra, terwyl die betrokke onderwysdepartemente elke Bybel met 3/6 subsideer. Hierdie geld moet gevind word om Bybels aan die minderbevoordeelde Bantoele kinders te verskaf.

Daarby trag die Genootskap om met 'n georganiseerde veldtog 1,000,000 eksemplare van die evangelie besuide die Sahara te versprei. Elke eksemplaar van 'n evangelie kos 6.3 pennies, en dit sal teen ongeveer 1 pennie verkoop word. Hierdie verliese moet die Genootskap uit bydraes dek. Die belangrikheid van so 'n offensief om die Woord van God in Afrika met sy geestelike probleme te versprei spreek vir homself. Alhoewel daar besware geopper word, meen die Genootskap om eers belangstelling met 'n enkele Evangelie te wek, dan ontstaan die vraag na die hele Bybel.

Ons meen dat die Genootskap werklik 'n groot taak verrig en nog steeds op die gebede en offers van die kerke moet reken.

— **Met hartlike dank kennis geneem.**

4. *'n Versoek van die Genootskap*. Dit is deur ds. J. F. Naude,

Organiserende Sekretaris van die Genootskap, onder die aandag van u Deputate gebring dat die Genootskap oorweeg om ook die Gereformeerde kerkverband intensiewer te bereik. Aan u Deputate is dit gestel dat daar gedink word om die dienste van 'n predikant vir die doel te verkry. Ons haal aan uit 'n skrywe van 29 Maart 1960: „Waar dit op die huidige stadium nie moontlik is om 'n permanente aanstelling van die aard te maak nie word die Sinode versoek om die volgende te oorweeg:—

(a) Goedkeuring van die prinsiep om 'n leraar vir een jaar beskikbaar te stel wat gemeentes sal besoek om die werk van die Bybelgenootskap meer pertinent onder die aandag te bring.

(b) Reëling om dan vir 'n jaar so 'n predikant van sy gemeentelike pligte te onthef deur bv. 'n proponent te kry om daar waar te neem.

(c) Die Genootskap ontvang graag van die Sinode 'n aanduiding van wat die traktement, huis- en motortoelaag in so 'n geval moet wees, asook die naam of name van predikante wat dan genader mag word”.

— **Kennis geneem om by aanbevelings te behandel.**

5. *Aanbevelings by u cerw. vergadering.*

a. Die Sinode benoem weer deputate om te skakel met die kerke, die B. en B. Bybelgenootskap en om sover moontlik die werk van Bybelverspreiding aan te help. — **Goedgekeur.**

b. Ten opsigte van die bydraes van die kerke dra die Sinode dit op aan die Administratiewe Buro om in die jaarlikse finansiële verslae aan die klassisse ook die bydraes vir die B. en B. Bybelgenootskap te verstrek. Aan die deputate word opgedra om die name van die kerke wat nie bydra nie, desnoods onder die aandag van die klassisse te bring, sodat die versuim ondersoek kan word.

— **Goedgekeur.**

c. Die Sinode spreek hom opnuut uit dat die Sinodale besluite van 1910 en 1958 van elke kerk ten minste een kollekte verwag op die Sondag naaste aan Hervormingsdag. Die gedagte asof dit opsioneel is, moet met alle mag deur die kerke bekamp word, omdat die geskrewe Woord van God nie anders as op so 'n koöperatiewe wyse deur Christelike kerke versprei kan word nie.

Besluit: 'n Sterk weskroep gaan van die Sinode uit tot ons kerkgrade om gereeld en getrou bydraes af te sonder vir die B.B.B.-genootskap, hetsy by wyse van kollektes of van insameling deur koeverte.

d. Die Sinode beklemtoon, naas die offisiële kerklike kollektes, die dienste wat deur individuele lidmate gelewer kan word. (Die laaste ondergetekende het met 'n kollekteboekie van die Genootskap in nege maande £40 gekollekteer). Die bewustheid van Bybelverspreiding en die noodsaaklikheid om daarvoor te offer moet by die lidmate van die kerke tuis gebring word. — **Goedgekeur.**

e. Wat die versoek van ds. Naude betref, adviseer u Deputate dat dit nie op die weg van die Sinode lê om te doen wat in punt 4 (b) en (c) voorgestel word nie, omdat dit 'n saak van die betrokke predikant en sy kerkraad is. Wat punt 4 (a) betref, meen u Deputate dat dit slegs op die weg van die Sinode lê: (1) Om hom uit te spreek oor die behoefte aan georganiseerde voorligting in die kerkverband oor die werk van die Genootskap. (2) Indien dit positief bejeën word, kan die Sinode verder verklaar of daar enige beswaar daarteen bestaan dat die werk deur 'n predikant onderneem word.

Hierdie uitspraak kan kerklike vergaderinge by eventuele aansoeke om verlof adviseer en sal die kontak van die kerke, indien dit toegestem word, bevorder.

Besluit: Die onderstaande verslag van die Kommissie word deur die vergadering goedgekeur (art. 160):

1. Op grond van ongereelde hydraes deur die kerke vir die belangrike saak van Bybelverspreiding is dit duidelik dat georganiseerde voorligting in die kerkverband die saak sal bevorder. Daar is dus behoefte om 'n keer die kerkverband deeglik voor te lig.

2. Volgens inligting is ds. L. S. van der Walt en die Kerkraad Johannesburg-Wes reeds hieromtrent genader en gewillig om die taak te onderneem. Die aangeleentheid kan onder art. 14 K.O. gereel word. Derhalwe is daar geen beswaar om aan die versoek te voldoen nie.

Hiermee meen u Deputate dat hulle aan hulle opdrag voldoen het en bid u die sêen van die Here toe by die besluit oor die bevordering van die verspreiding van die geskrewe Woord van God onder alle volke, tale en nasies.

Art. 96. (i.s. afskaffing van part. sinodes). Kyk by art. 26. B.

Art. 97. (103, 186).

Hersiening van die Kerkorde.

Die Rapport van die deputate word deur prof. Jooste toegelig. 'n Kommissie ad hoc (i.v.m. die formulering van die opdrag van die nuwe deputate en die beskrywingspunt) word aangewys (as lede: di. *Jacs van Rooy*, G. C. P. van der Vyver, H. G. Kruger, Z. C. Grobler (sek. G. H. Buys), oudll. C. Buys, J. M. Malan, J. C. du Plessis, prof. W. J. Snyman) en hulle verslag word deur ds. Kruger toegelig.

A. 1. *Rapport.*

Die deputate benoem vir die hersiening van die kerkorde het die eer om soos volg te rapporteer:

1. *Konstituering.*

Die Sinode van 1958 het die volgende deputate benoem: prof. J. P. Jooste (s), di. A. Duvenage, W. F. Venter, J. L. de Bruin, J.

M. de Wet, G. P. L. van der Linde, S. J. du Plessis, K. S. van Wyk de Vries en ouderling P. J. de Bruyn. Die deputate het op 9 Februarie 1960 gekonstitueer met prof. Jooste as voorsitter en dr. K. S. van Wyk de Vries as sekretaris.

2. *Die opdrag.*

Vir die opdrag verwys die Deputate u na die Handeling Sinode 1958, bl. 108, (2) a, b en c.

3. *Uitvoering van die opdrag.*

a. *Uitgee van voorlopig goedgekeurde revisie van die kerkorde.*

U Deputate het dit aan prof. Jooste, dr. Du Plessis en Van Wyk de Vries opgedra om hierdie opdrag (Hand., bl. 108, (2) a) ten uitvoer te bring. Die betrokke publikasie het in Augustus 1958 verskyn. 'n Eksemplaar van die publikasie word hiermee aan u oorhandig. Vir die oplaag en koste vergelyk rapport van die Admin. Buro.

b. *Wenke van vergaderinge en lidmate.*

Van die verskyning van bogemelde publikasie is behoorlik kennis gegee aan die gemeentes en die korresponderende kerkrade van die vergaderinge. In die kennisgewing en in die uitgawe self is die vergaderinge en die lidmate versoek om hulle opmerkinge voor 31 Desember 1959 aan die voorsitter of sekretaris van die Deputate te laat toekom. Op hierdie versoek is oor die algemeen goed gereageer.

Van die volgende lidmate en vergaderinge is opmerkinge ontvang: ds. H. J. Venter (Nylstroom); J. S. M. Venter (Vanderbylpark); C. van der Mark (Krugersdorp); ds. P. J. Venter (Rustenburg); Klassis Vryburg; E. B. Gevers (Kaapstad); Kerkraad Florida; Klassis Germiston; br. Van Wyk (Petrusburg); L. S. van der Walt (Bulgerivier); Klassis Krugersdorp; Kerkraad Sasolburg; prof. S. du Toit (Potchefstroom); Part. Sinode Noord-Transvaal en Klassis Pretoria; Klassis Westelike Kaapland; Klassis Waterberg; Kerkraad Noordbrug, Potchefstroom (opmerkinge nie deur die kerkraad goedgekeur nie); Part. Sinode Kaapland; Klassis Piet Retief; Klassis Johannesburg; Kerkraad Bloemfontein-Wes; Klassis Ventersburg.

Die stukke word almal hiermee aan u oorhandig.

U Deputate wil daarop wys dat sommige van hierdie opmerkinge 'n kommentaar gelewer het op die werk en opdrag van die deputate wat deur die Sinode van 1955 benoem is. Oor daardie deputate se werk het die Sinode van 1958 reeds gehandel en tot sekere besluite gekom. Waaroor dié persone en vergaderinge moes oordeel, was die werk van die Sinode van 1958 en nie dié van die deputate van 1955 nie.

c. *Die voorlopig goedgekeurde revisie van die Kerkorde grondig nagegaan en gefinaliseer.*

Nadat die opmerkinge ontvang is en deur al die deputate deeglik bestudeer is, het u Deputate die revisie van die Kerkorde grondig deurgegaan op sy vergaderinge van 9 en 10 Februarie en 24 en 25 Maart 1960. (Op die vergadering van 24 en 25 Maart was di. A. Duvenage en J. M. de Wet weens siekte nie teenwoordig nie. In die plek van dr. De Wet het dr. D. Kempff die vergadering bygewoon, terwyl die sekundus van ds. Duvenage die vergadering nie kon bywoon nie).

Graag wens u Deputate die volgende resultaat van hulle arbeid aan u voor te lê:

1. *'n Indeks van die bestaande K.O. en van die voorgestelde hersiene Kerkorde.*

Die indeks word gegee om die Sinode in 'n oogopslag te laat sien hoedanig die sisteem en opeenvolging van artikels in die hersiene Kerkorde vergelyk met dié van die bestaande Kerkorde. Deels motiveer dit ook die herrangskikking van die artikels. (N.B. Wat die inleiding bo artikel 1 betref: dit kan eers gegee word as die Sinode die hersiening finaal goedgekeur het.)

2. *Die voorgestelde hersiene kerkorde tesame met motivering.*

N.B. a. Die opeenvolging van die artikels word gegee soos u Deputate meen dat hulle in 'n goedgekeurde hersiening moet wees.

b. Na die voorlopig hersiene Kerkorde word verwys as die H.K.O., terwyl na die bestaande Kerkorde verwys word as die K.O.

c. Die nommers tussen die hakies het betrekking op die nommering van die bestaande K.O.

d. Motiverings word na elke artikel gegee.

e. Soos in die H.K.O. word ook hier weer die hoofde en subhoofde gegee.

INDEKS VAN DIE KERKORDE.

1. Inleiding.

Stelling van die vier hoofstukke: dienste, samekomste, leer, sakramente en seremonies en Christelike straf.

OOOR DIE DIENSTE.

2. Vier soorte dienste.
3. Toelating tot die diens van Woord deur wettige beroeping.
4. Wettige beroep van proponente.
5. Wettige beroep van een kerk na die ander.
6. Toestemming vir spesiale diens.
7. Bedienaar aan plaaslike kerk verbonde.
8. Buitengewone gawes vir toelating tot die diens van die Woord.
9. Toelating van nuwelinge ens. tot diens van Woord.

10. Opvolging van beroep met losmaking.
11. Onderhoud en ontslag uit die diens van bedienare van die Woord.
12. Verandering van lewenstaat van bedienare van die Woord.
13. Emeritering.
14. Tydelike onderbreking van diens.
15. Geen los predikante nie.
Geen rondprekery nie.
16. Die ampswerk van die bedienaar van die Woord.
17. Gelyke verdeling van werk by ampsdraers.
18. Die ampswerk van die professore.
19. Studente in die Teologie.
20. Preekoefeninge ooreenkomstig art. 8.
21. Goeie onderwysers.
22. Verkiesing van ouderlinge.
23. Ampswerk van ouderlinge.
24. Verkiesing van diakens.
25. Ampswerk van diakens.
26. Ander armebesture.
27. Dienstyd van ouderlinge en diakens.
28. Plig van owerheid teenoor die kerk en van ampsdraers teenoor die owerheid en korrespondensie met die owerheid.

OOOR DIE KERKLIKE SAMEKOMSTE.

29. Vier soorte samekomste.
30. Wyse van behandeling van sake en die sakelys.
31. Appél teen 'n besluit.
32. Opening en afsluiting van die handeling.
33. Afgevaardigdes, geloofsbriewe en keurstem.
34. Die taak van die skriba.
35. Die taak van die praeses.
36. Gesagsverhouding tussen die vergaderinge.
37. Samestelling van kerkraad, vergadertyd en voorsitterskap.
38. Instelling vir eerste keer of opnuut van kerkraad.
Samestelling van klein kerkraad.
39. Plekke waar geen kerkraad kan wees nie.
40. Diakenvergadering.
41. Samestelling van die klassis, sy taak en voorsitterskap.
42. Adviserende stem op die klassis.
43. Sensuur aan einde van meerdere vergadering.
44. Visitatore en visitasie.
45. Roepende kerkraad en handeling van meerdere vergadering.
46. Instruksies oor sake op die sakelys.
47. Samestelling en vergadertyd van part. sinodes.
48. Korrespondensie tussen part. sinodes.
49. Deputate van part. sinodes.

50. Vergadertyd van algemene sinode.
Samestelling van algemene sinode en spesiale sinode.
51. Verband met buitelandse blanke kerke.
52. Sending en sendingorde.

LEER, SAKRAMENTE EN ANDER SEREMONIES.

53. Ondertekening van formuliere deur bedienare en professore.
54. Ondertekening deur ouderlinge, diakens, proponente.
55. Wering van valse leer in die gemeente.
56. Die doop, so gou moontlik, in diens.
57. Vader bied kind vir doop aan.
58. Gebruik van doopsformulier.
59. Doop van volwassenes.
60. Doopregister.
61. Toelating tot die nagmaal.
62. Wyse van bediening van die nagmaal.
63. Tyd van die nagmaal.
64. Toesig by die nagmaal, en nagmaal in erediens.
65. Begrafnisse.
66. Biddae.
67. Sondag en Christelike feesdae.
68. Kategismusprediking.
69. Wat in die erediens gesing word.
70. Huwelike.

OOOR DIE SENSUUR EN KERKLIKE VERMANINGE.

71. Aard en doel van straf.
72. Heimlike sondes en Matth. 18.
73. Berou oor heimlike sondes.
74. Geen berou oor heimlike sondes en openbare sondes.
75. Versoening na berou.
76. Afhouding en afsnyding.
77. Wyse van afsnyding.
78. Versoening na berou.
79. Openbare sondes by ampsdraers.
80. Voorbeelde van sware sondes.
81. Onderlinge sensuur by ampsdraers.
82. Attestate.
83. Vertrekkende armes.
84. Geen heerskappy.
85. Middelmatige dinge.
86. Verandering van kerkorde.

INDEKS VAN VOORGESTELDE HERSIENE KERKORDE.

Artikel 1. Inleiding.

Stelling van die vier hoofstukke: dienste, samekomste, leer en sakramente en seremonies en die tug.

AFDELING I: OOR DIE DIENSTE.

A. Algemene bepalinge.

Artikel 2. a. Drie soorte dienste.

- b. Gelykwaardigheid van dienste en onderskeid in werk.
- c. Gelyke verdeling van die werk.

B. Die diens van die bedienaar van die Woord.

- Artikel 3. Uitoefening van die diens alleen deur wettige beroeping.
- Artikel 4. Wettige beroep en toelating tot die diens van proponente.
- Artikel 5. Wettige beroep van een kerk na 'n ander.
- Artikel 6. 'n Bedienaar van die Woord aan 'n plaaslike kerk verbonde.
Spesiale diens van 'n bedienaar van die Woord.
- Artikel 7. Wettige beroep van 'n bedienaar tot professor in die Teologie.
- Artikel 8. Toelating tot die diens vereis studie.
Uitsondering as iemand besondere gawes het.
- Artikel 9. Toelating tot die diens van geestelike arbeiders uit ander kerke of sektes.
- Artikel 10. Losmaking by vertrek uit 'n kerk.
Bewys van losmaking by ontvangs in 'n ander kerk.
- Artikel 11. Onderhoud van bedienare van die Woord.
Ontslag van bedienare van die Woord.
- Artikel 12. Verandering van lewenstaat.
- Artikel 13. Emeritering en onderhoud van geëmeriteerdes.
- Artikel 14. Tydelike onderbreking van diens.
- Artikel 15. Geen los predikante nie.
Geen ongemagtigde rondprekery nie.
- Artikel 16. Die ampswerk van 'n bedienaar van die Woord.
- Artikel 17. Voorsiening van studente in die Teologie.

C. Die diens van die ouderling en die diaken.

- Artikel 18. Wettige beroep en toelating tot die ampte.
- Artikel 19. Die diens.
- Artikel 20. Die ampswerk van ouderlinge.
- Artikel 21. Die ampswerk van die diakens.
Rapport van diakens aan die kerkraad.
- Artikel 22. Die diakenvergadering.
- Artikel 23. Oorleg met ander liggame vir armeversorging.
- Artikel 24. Die ampsdraers en die owerhede.

AFDELING II. OOR DIE SAMEKOMSTE.

A. Algemene bepalinge.

- Artikel 25. Daar is vier kerklike samekomste.
- Artikel 26. Die gesagsverhouding tussen die vier samekomste.

Artikel 27. Die wyse van behandeling van sake.
Die sakelys.

Artikel 28. Opening en afsluiting van handelinge.

Artikel 29. Die besluite van samekomste is bindend.

Artikel 30. Gravamina.

Artikel 31. Appèl teen besluite.

Artikel 32. Die taak van die praeses.

Artikel 33. Die taak van die skriba.

Artikel 34. Stoflike aangeleenthede van samekomste.

B. *Die kerkraad.*

Artikel 35. Samestelling van die kerkraad.

Vergadertyd en voorsitterskap.

Artikel 36. Instelling vir eerste keer of opnuut.

Plekke waar geen kerkraad kan wees nie.

Artikel 37. Die taak van die kerkraad.

Die taak van die kerkraad met die diakens.

Artikel 38. Vergadering van kerkraad met die gemeente.

Artikel 39. Die kerkraad en die skole.

C. *Algemene bepalinge vir meerdere vergaderinge.*

Artikel 40. Die samestelling van meerdere vergaderinge.

Geloofsbriewe.

Artikel 41. Keurstem op vergaderinge.

Artikel 42. Die roepende kerkraad en sy taak.

Die korresponderende kerkraad en sy taak.

Die werkwyse van die vergaderinge.

Artikel 43. Deputate: opdrag, dienstyl, status.

Artikel 44. Sakelys van mindere vergaderinge afkomstig.

Artikel 45. Sensuur aan die einde van vergaderinge.

Artikel 46. Korrespondensie: tussen vergaderinge;
met ander gereformeerde kerke; met ander kerke
en die owerhede.

D. *Die klassis.*

Artikel 47. Die samestelling van die klassis.

Die vergadertyd en -plek.

Voorsitterskap.

Artikel 48. Die taak van die klassis:

Onderlinge toesig; raad en hulp aan kerke; advies
insake bedienare van die Woord; deputeer na die
partikuliere sinode.

Artikel 49. Visitatore en visitasie.

E. *Die partikuliere sinode.*

Artikel 50. Die samestelling.

Die vergadertyd.

Artikel 51. Die taak van die partikuliere sinode:

Hulp en advies aan klassis; advies insake bedienare van
die Woord; deputeer na die algemene sinode.

F. *Die algemene sinode.*

Artikel 52. Die samestelling van die algemene sinode.

Die vergadertyd.

Buitengewone vergadering.

Artikel 53. Verband met buitelandse blanke kerke.

Artikel 54. Die sending en sendingorde.

AFDELING III: DIE TOESIG OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN SEREMONIES.

A. *Die handhawing van die leer.*

Artikel 55. By bedienare van die Woord.

Artikel 56. By ouderlinge, diakens en proponente.

Artikel 57. By die gemeente.

B. *Die erediens.*

Artikel 58. Sondag en Christelike feesdac.

Wat gebruik word in die erediens.

C. *Die bediening van die Woord.*

Artikel 59. Verklaring en toepassing van die heilige Skrif.
Kategismusprediking.

D. *Die bediening van die sakramente.*

Artikel 60. Die doop so spoedig moontlik.

Aanvraag vir die doop.

Artikel 61. Doop van volwassenes.

Artikel 62. Die doopregister.

Artikel 63. Die tyd en wyse van die nagmaal.

Toesig oor nagmaal.

Artikel 64. Toelating tot die nagmaal:

Belydenis van geloof; goeie getuienis; goeie getuienis
van ander kerke.

E. *Die diens van barmhartigheid.*

Artikel 65. Insameling by eredienste.

F. *Die kategetiese onderrig.*

Artikel 66. Verbondsonderrig.

G. *Algemene sake.*

Artikel 67. Begrafnisse.

Artikel 68. Biddae.

Artikel 69. Huwelike.

Artikel 1.

Om goeie orde in die gemeente van Christus te onderhou is daarin nodig die dienste, die samekomste, die toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die Christelike tug.

Oor hierdie sake word agtereenvolgens in die Kerkorde gehandel.

Art. 1 van die H.K.O. word sodanig gewysig dat teruggekeer word tot art. 1 K.O. Art. 84 K.O. kan hier nie bygevoeg word nie, al is dit so dat in die loop van die geskiedenis die artikel dikwels van plek verander het en soms ook by art. 1 geïnkorporeer is (Emden 1571). Hoewel dit nie 'n suiwer tugartikel is nie, voel u Deputate tog dat dit beter tuis hoort in die vierde afdeling.

Die verwysing na en aanhaling van die Skrif word ook wegge-
laat, omdat dit vanselfsprekend is dat die Kerkorde op die Skrif gefundeer is en omdat anders meer as een Skriftuurplek genoem sou moes word en dit meer tuis hoort in 'n verklaring van die Kerkorde.

Die vier dele van die Kerkorde bly hulle name behou uitgesonderd die laaste, wat verander word na Christelike tug.

AFDELING I. OOR DIE DIENSTE.

A. Algemene bepalinge.

Artikel 2 (2, 17):

Daar is drie soorte dienste: dié van die bedienare van die Woord, dié van die ouderlinge en dié van die diakens.

Hierdie dienste is gelykwaardig, maar hulle word tog in opdrag en werk onderskei.

Die werk verbonde aan die onderskeie dienste word volgens die oordeel van die kerkraad en, indien nodig, van die klassis soveel moontlik eweredig onder die verskillende ampsdraers verdeel.

Par. 1 is duidelik. Dit stel die aantal dienste en die onderskeiding.

Par. 2 wil naas die onderskeiding prinsipieel ook die gelykwaardigheid van die dienste stel. Dit kan wel afgelei word van die art. 84 K.O. en miskien ook van art. 17, maar die noodsaaklikheid word gevoel om dit hier, op die regte plek, eksplisiet te stel.

Par. 3 is art. 17 K.O. Die art. handel oor die drie dienste en kan met reg beskou word as 'n algemene bepaling betreffende die dienste, maar dan is sy plek hier reg. Die bewoording word verander om dieselfde saak te gee, ook wat die oordeel van die klassis betref, maar ook om die algemene beter na vore te laat kom; die bewoording van art. 17 K.O. is sodanig dat die ouderlinge en diakens as 'n nagedagte bygehaal word.

B. Die diens van die bedienaar van die Woord.

Artikel 3.

Dit is vir niemand geoorloof om die diens van die Woord en die sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep is nie. As iemand hierteen handel en dit, nadat hy meermale vermaan is, nie nalaat nie, oordeel die klassis of hy as 'n skeurmaker verklaar of op 'n ander manier getug behoort te word.

Hierdie artikel hoort nie onder die opskrif „algemene bepalinge” tuis nie, soos in die H.K.O., maar wel onder B. Dit stel dat die diens van die Woord alleen uitgeoefen kan word as dit volg op wettige beroep. Die wettige beroep word dan in die volgende artikels behandel.

In hoofsaak word ook teruggekeer na K.O., art. 3. Terwyl die „niemand” die „al is hy ouderling of diakon” insluit, word laasgenoemde ook weggelaat.

Artikel 4 (4).

Vir die wettige beroeping en toelating tot die diens van die Woord van hulle wat voorheen nog nie in hierdie diens gestaan het nie en wat ooreenkomstig die bepalinge van die algemene sinode geëksamineer en beroepbaar gestel is, word vereis:

1. die verkiesing deur die kerkraad en die diakens onder leiding of met advies van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is, na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor deur die kerkraad vasgestel is;

2. die eksaminering of ondersoek na die leer en die lewe (peremptoir) van die beroepene deur die klassis in teenwoordigheid van die deputate van die partikuliere sinode;

3. die goedkeuring van die lidmate van die kerk wat beroep het en wat gegee word nadat die naam van die beroepene drie agtereenvolgende Sondae in die kerk afgekondig is en daar geen wettige beswaar ingedien is nie;

4. die goedkeuring van die klassis deur sy deputate aan wie voorgelê moet word goeie kerklike attestasie van die leer en die lewe van die beroepene asook getuienis van voorafgaande eksaminering;

5. die openlike bevestiging voor die gemeente met behoorlike stipulasie en vrae, vermaninge, gebed en oplegging van die hande van die bedienaar wat die bevestiging waarneem volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is en in teenwoordigheid van die deputate van die klassis.

In art. 4 H.K.O. is deur punt 1 en 2 die aksent effens verskuiwe (nl. die aksent wat in art. 4 K.O. op die verkiesing val) en is die preparatoir en peremptoir nie goed onderskei nie. Die formulering word nou so gewysig dat die beroepbaarstelling en die preparatoir in die inleiding van die artikel gegee word as 'n nadere kwalifikasie van sulkes wat vir die eerste keer beroep word. Soos in art. 4 K.O.

val nou die aksent op die verkiesing, en origens word min of meer dieselfde bewoording gebruik. Die tweede lid van K.O. art. 4 het ingehou die peremptoir en die goedkeuring. Hierdie twee word uitmekaar gehou in punt 2 en 4 — dit is soos ons dit in die praktyk het, behalwe dat die praktyk die peremptoir momenteel die werk van die partikuliere sinode maak, die partikuliere sinode waar die beroepene woon.

(Alternatief: 2. die eksaminering na die leer en die lewe van die beroepene en die goedkeuring van die beroeping deur die klassis met die depute van die partikuliere sinode; 3 en 4 is dan die goedkeuring van die lidmate en die bevestiging.

Die peremptoir en die goedkeuring van die klassis moet gelyktydig plaasvind en nie geskei word nie. Vir die doel is dit nodig of sal dit meestal nodig wees dat die klassis in buitengewone sitting byeenkom, of die klassis kan 'n reëling in sy orde opneem dat die vergadering op vaste tye opgeroep word met die oog op hierdie werksaamheid. Ons praktyk i.s. die peremptoir en die goedkeuring is op die verkeerde spoor en bevredig nie meer nie; hier kan met groot vrug gereformeer word. Die toestand van byna al ons klassisse is sodanig dat spesiaal vir hierdie sake byengekom kan word, en waar dit nie kan nie, kan immers die normale vergadertyd van die klassis verskuiwe word of die proponent kan met die gemeente reëlings tref vir uitstel of 'n klassis kan by wyse van deputeate die werk doen of kan 'n naburige klassis vra om die werk te doen).

Artikel 5.

Vir die wettige beroeping van 'n bedienaar van die Woord wat van een kerk na 'n ander beroep word, word vereis:

1. die verkiesing deur die kerkraad en die diakens onder leiding of met advies van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is, na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor deur die kerkraad vasgestel is;

2. die goedkeuring van die lidmate van die kerk wat beroep het en wat gegee word nadat die naam van die beroepene drie agterevolgende Sondae in die kerk afgekondig is en daar geen wettige beswaar ingedien is nie;

3. die goedkeuring van die klassis deur sy deputeate, aan wie voorgelê moet word goeie kerklike attestasie van die leer en die lewe van die beroepene asook 'n akte van behoorlike losmaking uit die gemeente waar die beroepene voorheen gedien het;

4. die openlike bevestiging voor die gemeente met voorafgaande stipulasies en gebede volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is, en in teenwoordigheid van die deputeate van die klassis.

In die H.K.O., art. 5 word in par. 1 „vasgestel word” gewysig na vasgestel „is”: dit is in lyn met art. 4 en art. 5 K.O. Ingevoeg word

„met advies” van die konsulent om dieselfde rede. Verder word in par. 4 die bewoording van art. 5 K.O., nl. „stipulasies en gebede”, teruggebring. Vgl. ook motivering by H.K.O. art. 5.

Artikel 6 (6 en 7).

Niemand mag tot die diens van die Woord beroep word nie of hy moet op 'n bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om hier of daar gemeentes te vergader.

Ook mag geen bedienaar van die Woord diens aanvaar onder 'n beskermheer of in gestigte of op 'n ander wyse nie, tensy hy vooraf daarvoor toestemming verkry het van sy kerkraad en klassis en toegelaat is volgens die voorgaande artikels; en hy is ook net soos die ander aan die Kerkorde onderworpe.

Art. 6 en 7 K.O. word in een artikel saamgevoeg. Dit geld die bepaling van verbonde wees aan 'n plaaslike kerk en van wettig beroep en toegelaat te wees. Art. 6 H.K.O. bevredig nie, en gewag moet word op meerdere lig wat moontlik deur deputeate vir studie oor die onderhawige saak gegee kan word. In die voorgestelde artikel word die beginsel eerste gestel, soos in K.O., art. 7, en dan die twee uitsonderinge.

Artikel 7 (18).

Vir die verkiesing en taak van 'n bedienaar van die Woord wat tot professor in die Teologie beroep word, geld:

1. Die verkiesing, bevestiging, onderhouding, emeritering en ontslag van 'n professor in die Teologie vind plaas ooreenkomstig die bepalinge van die algemene sinode.

2. Die bedienaar van die Woord wat tot professor verkies word, word van sy diens in die gemeente losgemaak in teenwoordigheid en met goedkeuring van die deputeate van die klassis.

3. Die taak van die professor in die Teologie is die opleiding van studente tot bedienaars van die Woord ooreenkomstig die vereistes deur die algemene sinode bepaal, en verder is dit die taak om die heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen ketterye en dwalinge te verdedig.

Vgl. motivering H.K.O., art. 7. Die opeenvolging van die paragrawe word egter verander. Verder word weggelaat die laaste drie reëls van par. 2, art. 7 H.K.O.; dit is implisiet in die ander dele van die artikel gegee.

Artikel 8 (8, 20 en nuut).

Vir die toelating tot die diens van die Woord word vereis 'n deeglike opleiding in die Teologie, wat onder toesig en sorg van die algemene sinode staan.

Van hierdie bepaling kan alleen afgewyk word indien daar sekerheid is dat iemand in so 'n mate besondere gawes besit wat

vir 'n bedienaar van die Woord onmisbaar is — veral gewes van godsaligheid, ootmoed, ingetoënheid, goeie verstand en geestelike onderskeidingsvermoë en ook die gawe om op duidelike en opbouwende wyse die evangelie te verkondig, — dat hy sonder die genoemde opleiding in die Teologie die kerk met stigting kan dien.

As so iemand hom vir hierdie diens by die kerkraad of die klassis aanmeld, word hy deur die klassis met goedkeuring van die deputate van die partikuliere sinode eers geëksamineer en na die gemelde gawes goed ondersoek; indien die eksamen gunstig afloop, laat die klassis hom nog 'n tyd lank private preekproewe lewer.

Beroepbaarstelling geskied deur die klassis en die deputate van die partikuliere sinode.

Art. 8 en 9 H.K.O. word in een artikel saamgevoeg, en die nuwe deel van die artikel word in een sin saamgetrek.

Die nuwe deel van die artikel is noodsaaklik en kan geen reglementering genoem word nie. Dit stel eksplisiet dat daar opleiding moet wees sodat die hele saak van die Teologiese Skool dekking deur die K.O. het. Die res van die artikel is dan art. 9 H.K.O. en art. 8 K.O. Laasgenoemde gaan ook van die stelling uit dat dit hier gaan om mense wat nie „gestudeer” het nie.

Artikel 9 (9).

Geestelike arbeiders wat nie lidmate van die Gereformeerde Kerk is nie en wat om grondige redes begeer om in die Gereformeerde Kerk as bedienaar van die Woord te dien, mag alleen met groot sorgvuldigheid en versigtigheid tot die diens van die Woord toegelaat word en ook nadat hulle eers vir 'n sekere tyd goed beproef is.

Met hierdie formulering word hoofsaaklik art. 9 K.O. gestel. Aanwys van prosedure soos in art. 9 H.K.O. word nie wenslik geag nie; dit kan trouens genoegsaam afgelei word uit die voorgaande artikels. In art. 9 K.O. is sprake van „kerkdienst”, maar dit is duidelik dat slegs die diens van die Woord bedoel word.

Artikel 10 (10).

'n Bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep en aan 'n kerk verbonde is, mag die kerk nie sonder bewilling van die kerkraad met die diakens en die goedkeuring van die klassis verlaat om op 'n ander plek 'n beroep op te volg nie.

Geen ander kerk mag 'n bedienaar van die Woord ontvang en bevestig voordat hy getuigenis van sy wettige losmaking van die kerk en klassis waar hy gedien het, vertoon het nie.

Die derde paragraaf van art. 11 H.K.O. word by die volgende artikel geplaas waar dit hoort. Verder word in par. 1 bygevoeg „met die diakens” soos in art. 10 K.O. Dit word goed geag om die artikel origins in twee paragrawe te verdeel, sodat die twee sye van die saak duidelik na vore kom.

Artikel 11 (11).

Aan die ander kant is die kerkraad wat die gemeente verteenwoordig, ook verplig om sy bedienaar(s) van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en hom nie uit sy diens te ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis en partikuliere sinode nie.

Hoewel hierdie artikel in die praktyk baie moeilikhede oplewer, word dit tog beter geag om die art. 11 K.O. te handhaaf. Die Sinode van 1955 (Hand., bl. 177, (iv)) het wel opdrag gegee tot duideliker stelling van die artikel, veral wat die laaste deel betref, maar ons is van mening dat 'n duidelike verklaring en wyse van toepassing van die artikel by wyse van 'n sinodebesluit die regte weg is en dat hier alleen die ordebepaling gestel behoort te word.

Artikel 12 (12).

Omdat 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdienst verbonde is, is dit hom nie geoorloof om tot 'n ander staat van die lewe oor te gaan nie, behalwe om groot en gewichtige redes wat deur die kerkraad goedgekeur moet word en waarvan die klassis met die deputate van die partikuliere sinode kennis moet neem om daaroor te oordeel.

Par. 2 van art. 13 H.K.O. word geskrap, omdat dit hier nie ter sake is nie en omdat dit uit die voorgaande artikels duidelik genoeg blyk hoe iemand (weer) tot die amp toegelaat word. Hier word egter bygevoeg „wat deur die kerkraad goedgekeur moet word” of as alternatief „op voordrag van die kerkraad”. Dit gaan hier nog steeds om die verhouding predikant—kerkraad, en daarom hoort *kerkraad* hierby om daarteen te waak dat die saak sonder die kerkraad sou plaasvind.

Artikel 13 (13).

Indien 'n bedienaar van die Woord deur ouderdom of siekte of andersins onbekwaam word vir die uitoefening van sy diens, behou hy tog nog met medewete van die klassis en die deputate van die partikuliere sinode die eer en die naam van bedienaar van die Woord. Die kerk wat hy gedien het, bly in sy onderhoud voorsien en, na sy afsterwe, ook in die onderhoud van sy weduwee en wese. So word ook die weduwee en wese van 'n bedienaar van die Woord wat voor emeritering te sterwe kom, versorg.

Art. 14 H.K.O., reglementeer enigsins en wys onnodiglik op die prosedure. Daar word teruggekeer na art. 13 K.O. met in die eerste paragraaf die noodsaaklike byvoeging van die belang wat die klassis en partikuliere sinode by die saak het, en in die tweede paragraaf van die versorging van die weduwee en wese van 'n nie-geëmeriteerde predikant.

Artikel 14 (14).

'n Bedienaar van die Woord wat deur siekte of om enige ander

rede sy diens slegs 'n tyd lank moet onderbreek, wat nie sonder die goedkeuring van die kerkraad en die klassis mag geskied nie, bly te eniger tyd onderworpe aan die beroeping van die kerk.

Die noodsaaklike goedkeuring van die klassis word hier bygevoeg.

Artikel 15 (15).

'n Bedienaar van die Woord wat die diens van sy kerk verlaat het of wat nie in 'n vaste diens staan nie, mag nie die Woord en sakramente bedien sonder die toestemming en magtiging van die klassis en partikuliere sinode nie.

Ook mag geen bedienaar van die Woord in 'n ander kerk die Woord en sakramente bedien sonder bewilliging van die kerkraad van daardie kerk nie.

„Uitnodiging en goedkeuring” in art. 16 H.K.O. word verander na „bewilliging” soos in art. 15 K.O.

Artikel 16 (16).

Die ampswerk van die bedienaar van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente uit te reik, sowel op die medebroeders, die ouderlinge en die diakens, as op die gemeente goed ag te gee en ook om saam met die ouderlinge die kerklike tug uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik toegaan.

Redaksionele wysiginge op art. 16 K.O. geld: *ampswerk*, die enkelvoud *bedienaar*, *tug en toegaan*. Art. 17 H.K.O. word afgekeur.

Artikel 17 (19).

Die kerke moet, soveel as wat nodig is, sorg dat daar studente in die Teologie is, wat deur hulle onderhou word.

Art. 18 H.K.O. is minder geslaagd. Teruggekeer word na die art. 19 K.O. N.B. Wat hier betref art. 20 K.O.: vir sover hierdie artikel nie onder art. 8 van hierdie konsep ingebring is nie, moet dit verval. Die deputate voel daar nie voor om hierdie artikel van toepassing te maak op die studente van die derde en vierde jaar nie. Vir dié saak behoort 'n reëling van die algemene sinode onder art. 8 genoegsaam te wees.

Art. 21 K.O.: dit word baie duidelik as 'n taak van die kerkraad gestel, en dit hou min of geen verband met die artikels oor die bedienaar van die Woord nie. Daarom word hierdie artikel geplaas by die artikels wat oor die kerkraad handel.

C. Die diens van die ouderling en diaken.

Artikel 18 (22, 24).

Vir die wettige beroeping en toelating tot die diens van ouderling of diaken word vereis:

1. Die verkiesing deur die oordeel van die kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor deur die kerkraad vasgestel is. By hierdie reëling staan dit elke kerk vry om, ooreenkomstig die behoeftes en omstandighede, een of meer van die volgende weë te volg:

a. om die lidmate voor die verkiesing die geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig;

b. om soveel ouderlinge en diakens as wat nodig is, vir goedkeuring aan die gemeente voor te hou;

c. om 'n dubbeltal(le) of 'n dubbelgetal aan die gemeente voor te lê vir verkiesing.

2. Die goedkeuring van die lidmate van die kerk, wat gegee word nadat die name van die verkose ouderlinge en diakens drie agtereenvolgende Sondae in die kerk afgekondig is en geen wettige beswaar ingedien is nie.

3. Die openlike bevestiging voor die gemeente volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Alternatief: Art. 22 en 24 K.O. word apart gehou.

Die inleiding van die artikel soos hierbo word weggelaat en die artikel begin: „Die ouderlinge moet deur...”

Verwys word na die motivering H.K.O., art. 19. Art. 24 K.O. bepaal of reël slegs iets in sover dit verwys na art. 22 K.O., daarom word dit hier in een artikel saamgevoeg.

In hierdie formulering word, soos in K.O. 22, die diakens weer by die kerkraad gevoeg i.s. die oordeel en word die dubbelgetal gestel.

Artikel 19 (27).

Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël.

Die woord „vasgestel” van art. 20 H.K.O. word met „gereël” vervang. K.O. art. 27 is hier as art. 19 op sy regte plek. Dit volg immers logies uit die verkiesing. Verder word slegs die bepaling gestel dat kerkrade die saak reël. K.O., art. 27 het die saak te veel gereguleer en die sinodebesluit 1907 stel juis dat die Skrif geen aanduiding oor die dienstyd gee nie en sanksioneer ook 'n ander gebruik naas dié van art. 27 K.O. Elke kerkraad behoort die saak self te reël in die lig van die gemelde sinodebesluit.

Artikel 20 (23).

Die ampswerk van die ouderlinge is om saam met die bedienaar(s) van die Woord die herderlike sorg oor die gemeente uit te oefen, oor die ampsbediening van die bedienaar(s) van die Woord, die medeouderlinge en die diakens toesig te hou, die tug te handhaaf en toe te sien dat alles in die gemeente ordelik toegaan; voorts is dit die taak van die ouderlinge om voor en na die nagmaal huis-

besoek te doen, om die lidmate te vertroos en te onderrig en om ook ander tot die Christelike godsdienst op te wek en gereeld verslag te lewer.

Art. 21 H.K.O. word soos volg gewysig: die toesig gaan oor predikante, ouderlinge en diakens; „en die gemeente” word geskrap omdat dit in die eerste sin gegee is; „so getrou moontlik” word geskrap omdat dit moontlik willekeur in die hand kan werk; „gereeld verslag te lewer” word na die einde van die artikel verskuiwe om dit meer te laat insluit.

Artikel 21 (25).

Die ampswerk van die diakens is om aan behoeftige lede van die gemeente en ander behoeftiges wat in nood verkeer, Christelike barmhartigheid te bewys.

Vir die uitoefening van hierdie diens versamel die diakens nougeset aalmoese en ander gawes van barmhartigheid en deel dit uit, na gesamentlike oorleg, volgens die nood van die behoeftiges. Verder besoek en vertroos die diakens die behoeftiges wat in nood is, en sien toe dat die gawes van barmhartigheid nie misbruik word nie.

Van hulle werk doen die diakens rapport in die kerkraad en ook voor die gemeente volgens die bepaling van die kerkraad.

Die eerste paragraaf van H.K.O., art. 22 word aansienlik verkort om slegs die bepaling te gee dat die diakens behoeftiges versorg. In par. 2 word die woord „beheer” geskrap. Origens word verwys na die motivering H.K.O., art. 22.

Artikel 22 (40).

Vir die uitoefening van hulle ampswerk kom die diakens voorts gereeld saam, en die bedienaar van die Woord hou oor die samekoms goed toesig en woon dit, indien nodig, by.

Art. 40 K.O. of par. 2, art. 35 H.K.O. word hier geplaas omdat dit slegs op die ampswerk van die diakens betrekking het, ’n vergadering is wat net oor daardie ampswerk spreek en origens nie tuis hoort by die hoofstuk oor die samekomste nie en daarvan, soos Jansen tereg opmerk, in die K.O. net ’n aanhangsel vorm. Verder word so ook verwarring voorkom, nl. dat die diakenvergadering tog by die samekomste genoem word en daarom dikwels as ’n kerklike samekoms in die sin van die tweede hoofstuk van die K.O. beskou word.

Artikel 23 (26).

Die diakens pleeg, indien nodig, oorleg met liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder dié, ook van die eie gemeente, wat die meeste gebrek het.

Art. 23 H.K.O. se „vir maatskaplike hulpverlening” gewysig na „wat aan behoeftiges hulp verleen”. Dit word gedoen omdat die woord *maatskaplike* eksklusief is en om die woord *behoefdiges* terug te kry. Verder spreek dit vanself onder ons omstandighede dat die inisiatief in hierdie oorlegpleging van die diakens moet uitgaan.

Artikel 24 (28).

Die ampsdraers is verplig om by die hele gemeente die gehoorsaamheid, liefde en eerbied wat hulle aan die wettige owerhede verskuldig is, getrou en ywerig in te skerp en om getrou vir die owerhede voorbidding te doen. Die ampsdraers moet deur hulle voorbeeld die gemeente hierin voorgaan.

Vgl. motivering art. 24 H.K.O. Die artikel word gehou soos in die H.K.O.: in die kerkorde kan tog geen voorskrifte vir die owerheid vervat word nie, en verder lê amptelike korrespondensie met die owerhede tog seker nie op die weg van die ampsdraers nie. Laasgenoemde behoort dus elders te verskyn en wel as art. 46 van die konsep.

AFDELING II. OOR DIE SAMEKOMSTE.

A. Algemene bepalinge.

Artikel 25 (29).

Vier kerklike samekomste word onderhou: Die kerkraad, die klassis, die partikuliere sinode en die algemene sinode.

In art. 29 K.O. word die „soorte” geskrap. Onderskeid word aangetoon deur die name en „soorte” kan maklik lei tot misverstand, nl. „andersoortig” of „baie verskillend van mekaar”.

Artikel 26 (36).

Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad as wat die partikuliere sinode oor die klassis en die algemene sinode oor die partikuliere sinode het.

Art. 36 K.O. word hier gehandhaaf. H.K.O., art. 26 kan aanleiding gee tot ’n verkeerde opvatting van die gesagsverhouding.

Artikel 27 (30).

Hierdie samekomste behandel alleen kerklike sake en sodanige sake slegs op kerklike wyse. Op meerdere vergaderinge word alleen sake behandel wat in mindere vergaderinge nie afgehandel kan word nie, of sake wat by die meerdere vergaderinge tuis hoort.

Die bepaling in die laaste sin van art. 30 K.O. word verander na wat dit oorspronklik was, omdat die nuwe formulering van die Sinode van nl. „of wat die belange van al die gemeentes van die meerdere vergadering raak”, reglementêr en limitatief is en noodsaaklike werk van die tafel kan reël as dit nie juis al die kerke raak nie.

Artikel 28 (32).

Die handeling van alle samekomste moet met aanroeping van die Naam van God geopen en met danksegging gesluit word.

Art. 32 K.O. word ongewysig gehandhaaf.

Artikel 29 (31).

Die besluite van vergaderinge word steeds geneem na gemeenskaplike oorleg, en wat met meerderheid van stem besluit word, word as vas en bindend beskou.

Art. 29 H.K.O. word in drie artikels verdeel, omdat elke deel op sigself van groot belang is. Art. 31 K.O. het trouens aan die drie sake, sy dit by implikasie, dekking gegee.

'n Artikel om aan te dui hoe 'n vergadering tot 'n besluit kom en hoe die besluit beskou moet word, is noodsaaklik. Dit het altyd slegs gerus op 'n sinsnede uit art. 31 K.O. en dit by implikasie. Dit word hier gestel as 'n bepaling en nie as 'n prosedurereëling nie. Vgl. verder motivering H.K.O.

(Alternatief: Die besluite van vergaderinge, wat steeds na gemeenskaplike oorleg en met meerderheid van stem geneem word, word as vas en bindend beskou).

Artikel 30 (31).

As iemand op grond van die Woord van God en die Kerkorde deur die besluit van 'n vergadering beswaard is (of: „as hy meen dat 'n besluit in stryd is met die Woord van God en die Kerkorde”), kan hy van sy beswaar aan die vergadering kennis gee en, ooreenkomstig die bepalinge van die vergadering, 'n beswaarskrif indien.

Die noodsaaklikheid van hierdie aparte artikel oor gravamen en 'n aanduiding van die prosedure is duidelik. Vgl. motivering art. 29 H.K.O.

Artikel 31 (31).

As iemand 'n klag het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep; wat op daardie vergadering egter met meerderheid van stem besluit word, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys kan word dat dit in stryd is met die Woord van God of die Kerkorde.

Hier word weer art. 31 K.O. gestel met enkele redaksionele veranderinge en die weglating van die vanselfsprekende in die laaste sin.

Artikel 32 (35).

Die taak van die praeses van 'n vergadering is om alle sake wat behandel moet word, voor te dra en te verduidelik; toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek; die wat redetwis en al te heftig spreek, die swye op te lê en die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen

as hulle geen gehoor gee nie en om origins alles ordelik te laat verloop.

Die taak van die praeses van 'n meerdere vergadering is egter afgedaan as die vergadering verby is, en hy is op die eersvolgende vergadering nie as praeses verkiesbaar nie.

Vgl. motivering H.K.O., art. 30. Die laaste sin van par. 1 van art. 30 H.K.O. word geskrap — dit is reglementering.

Artikel 33 (34).

In alle samekomste moet by die praeses 'n skriba gevoeg word, wat noukeurig moet opskrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word.

Skrap laaste deel van sin van art. 31 H.K.O.

Artikel 34 (nuut).

Elke vergadering maak die nodige bepalinge vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede wat op daardie vergadering betrekking het.

Vgl. motivering H.K.O., art. 32. Hierdie artikel word as noodsaaklik beskou met die oog op koop, besit, verkoop ens. van vaste eiendomme en die beheer van finansiële aangeleenthede. Die term „stoflike” is duidelik.

B. Die kerkraad.

Artikel 35 (37, 38 gedeeltelik).

In al die kerke is daar 'n kerkraad wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge. As die getal van die ouderlinge klein is, kan die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad bygevoeg word; dit moet altyd gebeur waar die aantal ouderlinge minder as drie is.

Die kerkraad vergader gereeld op bepaalde tye onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of van die bedienaars om die beurt as daar meer as een is.

Die laaste deel van par. 1 is die laaste deel van art. 38 K.O. Dit bepaal naamlik iets oor die samestelling van die kerkraad en nie noodwendig iets oor die weer of nuut instelling van die kerkraad nie.

Dan is dit hier op die regte plek.

Artikel 36 (38 deels, 39).

Waar die kerkraad vir die eerste keer of opnuut ingestel word, kan dit alleen geskied met advies van die klassis. Die plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, word deur die klassis onder sorg van 'n naburige kerkraad gestel.

Art. 34 H.K.O. se paragrafe word omgeruil sodat die volgorde van die K.O., nl. art. 38 en 39, gehandhaaf bly. Vir die laaste deel van art. 38 K.O. vergelyk art. 35 hierbo.

Artikel 37 (nuut).

Die besondere taak van die kerkraad is die toesig en tug oor die gemeente.

Die kerkraad vergader gereeld op vasgestelde tye met die diakens vir die behartiging van die sake wat aan hulle opgedra is in die Kerkorde, en vir die algemene leiding en bestuur van die gemeente.

U Deputate beskou dit as 'n leemte in die K.O. dat daar nie iets gesê word oor die taak van die kerkraad nie. Die taak van die dienste word gegee, eweneens die taak van die meerdere vergaderinge — daarom is dit wenslik dat die taak van die kerkraad ook gestel word. Aan die kerkraad met die diakens word in die K.O. sekere opdragte gegee; daarom is dit wenslik dat dit ook hier as 'n taak gestel word. Die taal van die K.O. word behou deur te spreek van „die kerkraad met die diakens”, soos in die volgende artikel „die kerkraad met die gemeente”.

Artikel 38 (nuut).

Vir sake waarvoor die kerkraad dit nodig oordeel, vergader die kerkraad saam met die gemeente.

Vgl. motivering art. 36 H.K.O.

Artikel 39 (21).

Die kerkraad sien toe dat die ouers hulle kinders laat onderrig in skole en deur onderwysers wat dit doen ooreenkomstig die doopbelofte.

K.O., art. 21 is hier op sy regte plek. Die bepaling is dat dit 'n werk van die kerkraad is. Dit is die plig van die ouers om skole te stig, toesig te hou, te beheer, ens., en dit is die roeping van die kerk om die ouers daartoe op te wek.

C. *Algemene bepalinge vir meerdere vergaderinge.*

Artikel 40 (33).

Die meerdere vergaderinge word saamgestel uit bedienaars van die Woord en ouderlinge wat, ooreenkomstig die bepalinge van die algemene sinode, afgevaardig is.

Die vergadering wat afvaardig, voorsien sy afgevaardigdes van behoorlik ondertekende geloofsbriewe.

Art. 37 H.K.O. word soos volg gewysig: „word saamgestel” i.p.v. „bestaan uit”. Laasgenoemde sou meer 'n vergadering aandui wat bly voortbestaan na samestelling.

Die vergadering word saamgestel uit gedeputeerdes. Geloofsbriewe word net gestel as bepaling, en die laaste reëls van H.K.O. 37 verval, omdat dit enigsins reglementêr is.

Artikel 41 (33).

Alleen die wettig afgevaardigdes het op meerdere vergaderinge

keurstem in alle sake, behalwe in sake wat hulle eie persoon of gemeente in die besonder aangaan.

Die saak van keurstem word in hierdie artikel teties gestel. Art. 38 H.K.O. verval hier. Dit is 'n saak wat elke vergadering kan reël ooreenkomstig die Kerkorde. Die adviserende stem van sekere bedienaars van die Woord word egter as bepaling behou by die artikel wat die samestelling van die klassis behandel.

Artikel 42 (45).

Elke meerdere vergadering benoem 'n roepende kerkraad wat die volgende vergadering oproep en ontvang.

Eweneens benoem elke meerdere vergadering 'n korresponderende kerkraad of deputate vir korrespondensie, wat belas is met die ontvangs en bewaring van alle stukke en dokumente van die vergadering en besorging van die handelinge van die vorige vergadering op die volgende.

Elke meerdere vergadering reël sy eie werkwyse ooreenkomstig die bepalinge van die Kerkorde.

Uit art. 39 H.K.O. word geskrap die sinsnedes wat die taak en opdrag van die roepende en korresponderende kerkraad nader wil bepaal. Dit kan gevoeglik deur die vergaderinge self gereël word. Die laaste paragraaf word nog as 'n noodsaaklike bepaling behou.

Artikel 43 (deels 49).

Die meerdere vergaderinge benoem, indien nodig, verskillende groepe deputate om volgens opdrag uit te voer wat besluit is. Die deputate bly in hulle diens totdat hulle aan die eersvolgende vergadering van die uitvoering van hulle opdrag verantwoording gedoen het. Die vergadering dra egter geen gesag aan die deputate oor nie, en byeenkomste van die deputate is ook geen kerklike vergaderinge nie.

Vgl. motivering art. 40 H.K.O.

Byvoeging: „verskillende groepe” om aan te dui dat die werk verdeel moet word om verskillende gegronde redes.

Artikel 44 (46).

Die lys van sake wat deur mindere vergaderinge op meerdere vergaderinge ter tafel gebring word, moet nie opgestel word voordat die besluite van die vorige vergaderinge oor die betreffende sake nagegaan is nie, sodat dit wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie, tensy verandering nodig geag word.

Die term *instruksies* lewer moeilikhede op. Die agenda of sakelyst van 'n meerdere vergadering bestaan uit twee dele: dit wat van mindere vergaderinge kom, en dit wat via deputate kom. Daarom spreek ons liever van *sakelyst* as van *instruksies*, omdat dit hier om die eerste deel gaan.

Artikel 45 (43).

Aan die einde van die meerdere vergadering moet sensuur uitgeoefen word oor diegene wat iets bestraffenswaardigs in die vergadering gedoen het of die vermaning van die mindere vergadering veronagsaam het.

Geen verandering

Artikel 46 (48) (28).

Die klassisse of partikuliere sinodes kan met naburige of ander klassisse of partikuliere sinodes korrespondensie hou soos dit vir die algemene welsyn die beste geag word.

Met ander kerke van gereformeerde belydenis en kerkregering word deur die algemene sinode soveel moontlik Christelike gemeenskap geoeft deur middel van korrespondensie. Met ander kerke en met die owerhede word korrespondensie onderhou ooreenkomstig bepalinge van die algemene sinode.

Vgl. motivering H.K.O., art. 43.

D. Die klassis.

Artikel 47 (41) (42).

Die klassisvergadering word saamgestel uit naburige kerke, wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, in geval van kerke wat nie 'n bedienaar van die Woord het nie, twee ouderlinge afvaardig. As die kerk meer as een bedienaar van die Woord het, kan ook dié wat nie afvaardig is nie, op die klassisvergadering teenwoordig wees met adviserende stem.

Die klassis vergader gereeld op die tyd en plek wat elke vergadering in sy handelinge bepaal.

Die bedienaars van die Woord presideer om die beurt oor die vergadering, of die vergadering kies, indien nodig, 'n bedienaar van die Woord as praeses.

Ook hierdie vergadering „bestaan” nie maar word „saamgestel”. In die eerste paragraaf word art. 42 K.O. ingevoeg, sodat die hele saak van deputering saamgevat word: kerke met een, geen en meer predikante.

Uit art. 44 H.K.O. word in par. 2 geskrap die woorde so en moontlik. Dit gee opening vir verflouing.

Artikel 48 (41).

In besonder hoort tot die taak van die klassis:

1. Die klassis sien toe dat die kerke hulle roeping en taak, soos dit in die Kerkorde omskrywe is, nakom. Vir hierdie doel rig die praeses aan die afgevaardigdes vroe oor die bestuur en die regering van die kerk en/of sodanige vroe wat die vergadering van dringende en algemene belang ag.

2. Die klassis dien die kerke op versoek van raad en hulp

in enigiets betreffende die regte bestuur en regering van die gemeentes.

3. Die klassis doen die nodige by die beroeping, bevestiging, losmaking, emeritering en ontslag van bedienaars van die Woord ooreenkomstig die bepalinge van die Kerkorde.

4. Die klassis kies op die laaste vergadering voor die sitting van die partikuliere sinode afgevaardigdes na hierdie sinode.

Uit art. 45 H.K.O. word die laaste sin geskrap. Dit is reglementering. Verder word 'n punt 4 bygevoeg, soos dit ook voorkom in art. 41 K.O.

Artikel 49 (44).

Die klassis benoem ook minstens twee van sy oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord — visitatore genoem — om in al die kerke elke jaar visitasie te doen.

Die visitatore moet ondersoek of die ampsdraers en onderwysers getrou hulle taak verrig; in die suiwere leer volhard; die bepalinge van die Kerkorde nakom en die besluite van meerdere vergaderinge onderhou en in alles na hulle vermoë arbei om die gemeente te bou en te stig.

Voorts moet die visitatore diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik vermaan en almal met raad en daad bystaan tot bevordering van die vrede en die belange van die kerke en die skole.

Die visitatore gee van hulle arbeid verslag aan die klassis, en die klassis kan die visitatore in hulle diens kontinueer so lank hy dit goedvind, tensy die visitatore self, om redes waaroor die klassis moet oordeel, ontslag aanvra.

Vgl. motivering art. 46 H.K.O.

In par. 1 word bygevoeg by art. 46 H.K.O. *minstens en oudstes*.

In par. 2 word *onderwysers* bygevoeg.

Par. 3 *diegene wat nalatig ... bevind word i.p.v. nalatiges*.

E. Die partikuliere sinode.

Artikel 50 (47).

Die partikuliere sinode word saamgestel uit naburige klassisse, wat elkeen soveel bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig as wat deur die partikuliere sinode self bepaal word. Die partikuliere sinode vergader in die reël een maal in die jaar.

Ook hierdie vergadering word „saamgestel” i.p.v. „bestaan”. Verder word die bepaling van die aantal deputate 'n saak van die part. sinode self (besluit Sinode 1958).

'n Paragraaf word bygevoeg oor vergadertyd, vgl. K.O., art. 47.

Artikel 51 (49).

Die partikuliere sinode dien die klassisse, indien verlang, van

raad en hulp in voorkomende moeilikhede en doen wat volgens die bepaling van die Kerkorde nodig is by die eksaminering van propo-nente, ontslag uit die diens, verandering van lewenstaat, emeritering en afsetting van bedienaars van die Woord.

Op sy laaste vergadering voor die sitting van die algemene sinode kies die partikuliere sinode afgevaardigdes na die algemene sinode.

I.p.v. die drie paragrawe in art. 48 H.K.O. word die artikel nou teties saamgevat in een sin en *deputate* word geskrap — daarna word verwys in verskillende artikels en dit word gegee in art. 43 van die konsep.

F. Die algemene sinode.

Artikel 52.

Die algemene sinode word saamgestel uit partikuliere sinodes, wat elkeen soveel bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig as wat deur die algemene sinode bepaal word. Die algemene sinode vergader in die reël om die drie jaar. Die algemene sinode kan, indien daar dringende noodsaaklikheid voor is, vir 'n buitengewone vergadering opgeroep word met goedkeuring van ten minste twee partikuliere sinodes. In so 'n geval besluit ook die roepende kerkraad in oorleg met die deputate vir korrespondensie en met goedkeuring van sy partikuliere sinode oor die tyd en plek van die vergadering.

Vgl. art. 49 H.K.O. In par. 1 word die sinode ook „saamgestel”.

Par. 2, die tydsbepaling: Dit word so gehou om die algemene sinode nie te dikwels te laat vergader nie; dit hou die gevaar in dat die algemene sinode die werk van die ander vergaderinge gaan doen en 'n te groot aksent gaan kry.

Par. 3: Soos in K.O., art. 50 moet die roepende kerkraad ook van sy part. sinode goedkeuring kry vir oproeping van die vergadering.

Artikel 53 (51).

Die algemene sinode reël hoe die Gereformeerde kerke van blankes buite die Unie van Suid-Afrika met die kerke binne die Unie in verband staan.

Die Sinode van 1958 het hierdie artikel geskrap. Die Deputate meen juis dat dit, veral met toestande soos dit vandag ontwikkel, noodsaaklik is om die artikel te behou.

Artikel 54 (52).

Die algemene sinode reël in 'n sendingorde die arbeid van die sending, vir sover daar algemene bepalinge voor nodig is.

AFDELING III: DIE TOESIG OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN SEREMONIES.

A. Die handhawing van die leer.

Artikel 55 (53).

Die drie Formuliere van Eenheid, soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht, 1618/19, word, om volledige instemming met die leer van die kerk te bewys, onderteken deur die bedienaars van die Woord en die bedienaars van die Woord wat tot professor in die Teologie heroep word.

Bedienaars van die Woord wat weier om dit te doen, word direk in hulle diens deur die kerkraad of die klassis geskors totdat hulle hulle daaroor ten volle verantwoord het; en, indien hulle hardnekkig bly weier, word hulle heeltemal van hulle diens afgesit.

Art. 51 H.K.O. is in velerlei opsig nie geslaagd nie. Dit word weer verdeel in die drie artikels 53-55 K.O.

Hier word die beter en duideliker formulering van art. 51 H.K.O. behou.

Artikel 56 (54).

Die ouderlinge en diakens en diegene wat as proponent toege-laat word, onderteken eweneens die drie Formuliere van Eenheid, soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht, 1618/19, om volledige instemming met die leer van die kerk te bewys.

Artikel 57 (55).

Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en dwalinge te weer wend die bedienaars van die Woord en die ouderlinge by die diens van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek die middele van lering, wederlegging, waarskuwing en vermaning aan.

Die positiewe in hierdie artikel word eksplisiet gegee, nl. die handhawing van die suiwere leer.

Christelike onderwys word verander na kategetiese onderrig of verbondsonderrig omdat dit hierom gaan, en nie om die onderwys van die skole nie.

B. Die crediens.

Artikel 58 (67, 69).

Die gemeentes moet die Sondag onderhou en daarbenewens ook die Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelsvaartsdag.

In die crediens word gebruik gemaak van die Bybelvertaling en verder van die Psalm- en Skrifberyming soos deur die algemene sinode goedgekeur.

U Deputate is van oordeel dat die artikels in hierdie afdeling vanaf art. 56-70 aansienlik anders gerangskik behoort te word, soos gestel in H.K.O., art. 52-67. In volgorde word onder die aparte hoofde behandel: die crediens (67 en 69); bediening van die Woord (68); bediening van die sakramente (56-64); diens van barmhartigheid (nuut); kategetiese onderrig (nuut) en algemene sake (65-67).

Die eerste paragraaf van art. 58 is K.O., art. 67. Die aksent is egter verander sodat dit op die Sondag val.

In die tweede paragraaf word van die Bybelvertaling melding gemaak; om voor die hand liggende redes is dit noodsaaklik, terwyl dit wat gesing word, saamgevat word in die twee berymings. Daarmee word niks meer gesê as in art. 69 K.O. nie, en dit word beter gesê.

C. *Die bediening van die Woord.*

Artikel 59 (68).

By die bediening van die Woord word die heilige Skrif verklaar en toegepas.

In een van die eredienste op Sondag verkondig die bedienaar van die Woord die hoofinhoud van die Christelike leer soos dit uit die heilige Skrif in die Heidelbergse Kategismus saamgevat is, sodat die leer soveel moontlik jaarliks, volgens die afdelinge van die Kategismus, behandel word.

Vgl. art. 53 H.K.O. en motivering.

Hier word in die par. 1 gesê wat die diens van die Woord behels, nl. verklaring en toepassing van die heilige Skrif. Dan volg in die tweede paragraaf die Kategismusprediking, wat volgens hierdie artikel duidelik gestel word as verkondiging van die Woord, om te voorkom dat dit iets anders word.

D. *Die bediening van die sakramente.*

Artikel 60 (56, 57, 58).

Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die kinders van die Christene in die erediens met die heilige doop beseël word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Die kerkraad sien toe dat die ouers of voogde die doop vir hulle kinders aanvra.

Par. 3 van die H.K.O., art. 54 verval. Deur die byvoeging van *of voogde* in par. 2 word hierdie saak van K.O., art. 57 gestel. Vgl. motivering H.K.O., art. 54.

Wat die bestaande art. 58 K.O. betref: die doop vind plaas volgens die formulier. Daarom word dit hier en in die volgende artikel so gestel. Daar is werklik geen aparte artikel voor nodig nie. By die ampte sê ons tog ook nie in 'n aparte artikel dat dit volgens die formulier moet gaan nie, d.w.s. die bevestiging. By die nagmaal, huwelik, afsnyding en opneming kom dit ook nie in aparte artikels voor nie.

K.O., art. 56-58 kan dus met reg in een saamgevat word. Die volgorde is dan: die kinderdoop volgens die formulier, die plig van die ouers of voogde, die volwassenedoop volgens die formulier, die doopregister.

Artikel 61 (59).

Volwassenes wat nie as kind gedoop is nie en wat die doop vir hulleself aanvra, ontvang dit in die erediens volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is. So word hulle by die Christelike gemeente ingelyf en as lidmate aangeneem.

Vgl. motivering H.K.O., art. 55.

Wat die saak van die nagmaal betref: soos in art. 59 K.O.: dit word tog ook in die formulier gestel. Soos dit in art. 59 K.O. gestel word, het dit 'n historiese agtergrond wat nie meer van toepassing is nie.

Artikel 62 (60).

Die name van die gedooptes, van hulle ouers en van die gemelde voogde moet saam met die datum van die doop en die geboorte aangeteken word.

Hier word terugverwys na die voogde in art. 60 gemeld, en verder word ook die geboortedatum bygevoeg.

Artikel 63 (62, 63, 64).

Die heilige nagmaal word nie minder nie as om twee of drie maande in die erediens, na die prediking, op sodanige wyse bedien as wat die kerkraad tot die meeste stigting ag, maar met die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, met vermyding van alle bygeloof en met gebruikmaking van die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Die bediening van die nagmaal vind alleen plaas waar daar toegelig van die ouderlinge volgens kerklike orde is.

Vgl. motivering H.K.O., art. 57. Drie artikels word hier in een saamgevat.

In par. 1 word hoofsaaklik teruggekeer tot die bestaande K.O., art. 62. Daarin word reeds duidelik gesê dat dit in die erediens of openbare samekoms moet geskied. Daarom word dit in die tweede paragraaf weggelaat, terwyl dié paragraaf terugkeer na die bewoording van art. 64 K.O. dit sê iets anders as die vanselfsprekende toesig van art. 57 H.K.O.

Artikel 64 (61).

Tot die heilige nagmaal word alleen toegelaat lidmate wat openbare belydenis van die geloof afgelê het volgens die reëling wat daarvoor plaaslik deur die kerkraad vasgestel word.

Belydende lede van die gemeente word alleen toegelaat as hulle 'n getuigenis van gesonde leer en vroom lewenswandel besit, waarvan die ouderlinge voor die nagmaal verslag moet gee. Sonder sodanige getuigenis moet ook diegene wat uit ander Gereformeerde Kerke van dieselfde kerkverband kom, nie toegelaat word nie.

Na die stelling van die nagmaal as sodanig in art. 63, is die toelating daartoe hier in 64 gepas.

K.O., art. 61 word uitgebrei met par. 2 van hierdie artikel. Dit is noodsaaklik. Die par. 2 is redaksioneel op art. 58 H.K.O. verbeter, sodat dit nie sien op 'n aparte kategorie nie maar dat dit die belydende lidmate nader kwalifiseer. Par. 3 vervang *gemeentes* met *Gereformeerde Kerke* — dit onderskep moontlike verwarring.

E. Die diens van barmhartigheid.

Artikel 65 (nuut).

Vir die diens van die barmhartigheid word in die reël by elke erediens gawes ingesamel waarmee die barmhartigheidswerk van die kerk behartig word.

Ter wille van volledigheid in hierdie afdeling voel die Deputate die noodsaaklikheid van hierdie artikel. Vgl. ook die uiteensetting van die vierde gebod in die H. Kategismus.

Die laaste paragraaf van art. 59 H.K.O., die bestaande artikel 83, hoort hier egter nie tuis nie, en dit word na sy ou plek teruggebring.

(Alternatief: Vir die behartiging van die diens van die barmhartigheid van die kerk word deur die diakens by elke erediens gawes ingesamel.)

F. Die kategetiese onderrig.

Artikel 66 (nuut).

In opdrag en onder toesig van die kerkraad gee die bedienaar(s) van die Woord aan die kinders van die gemeente kategetiese onderrig om hulle voor te berei vir die aflegging van belydenis van die geloof en vir die vervulling van hulle taak en roeping as belydende lidmate in die kerk en die koninkryk van God.

Die laaste sin van art. 60 H.K.O. word geskrap. Dit is reglementêr. Vir hierdie artikel, soos vir die voorgaande, word die noodsaaklikheid gevoel. Dit is so dat die saak as sodanig reeds genoem word in die hoofstuk oor die ampte, maar dit geld van die meeste van die artikels in hierdie afdeling. In hierdie hoofstuk word juis die *hoe* van die saak verder aangedui.

G. Algemene sake.

Artikel 67 (65).

Lykepredikasies of lykdienste mag nie ingevoer word nie.

Artikel 68 (66).

In tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe en ander groot beproewinge waarvan die druk oral in die kerke gevoel word, moet 'n biddag vasgestel word ooreenkomstig die bepaling van die algemene sinode.

Artikel 69 (67).

Die huwelik moet kerklik bevestig word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Die probleme i.s. die bevestiging van die huwelike sentreer om die vraag of dit in 'n erediens moet plaasvind aldan nie. Art. 70 K.O. stel dit eintlik as 'n erediens. Die deputate voel, gesien die legio probleme, dat die Kerkorde slegs die eis van kerklike bevestiging moet stel. Dit lê op die weg van die kerkrade en klassisse om hierin 'n reëling te vind wat goed is, solank die bepaling dat dit kerklik moet geskied, onderhou word. (Vgl. opdrag Sinode 1958 in hierdie verband.)

N.B. Art. 61 H.K.O. vervel, omdat dit reeds gegee is in die hoofstuk oor die ampte en omdat dit ook geen dekking vind onder die opskef van hierdie hoofstuk nie.

Art. 62 H.K.O. is verskuiwe na die artikels oor die kerkraad.

Art. 63 en 64 H.K.O. word na hulle ou plekke verskuiwe.

Die opskef *herderlike sorg* vervel.

AFDELING IV: OOR DIE CHRISTELIKE TUG.

A. Inleiding.

Artikel 70 (71).

Kragtens die bevel van Christus is vir die handhawing van die suiwer leer en die vroom lewenswandel die kerklike tug noodsaaklik.

Die kerklike tug het 'n eie geestelike aard en het as doel die handhawing van die eer van God, die versoening van die sondaar met die kerk en sy naaste en om die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.

Hierdie tug word kragtens die kerklike gesag toegepas op grond van kerklike oorweginge onafhanklik van die regspleging deur die staatsowerheid of enige ander gesag.

Vgl. motivering H.K.O., art. 68.

N.B. Hierdie afdeling word, soos die ander, ook van opskrifte voorsien.

B. Tughandelinge oor die lidmate van die kerk.

Artikel 71 (72).

As iemand dan teen die suiwerheid van leer of die vroomheid van wandel sondig, moet, vir sover dit heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie, die reël onderhou word wat Christus duidelik voorskrywe in Mattheüs 18.

Artikel 72 (73).

Die heimlike sondes waarvan die sondaar berou het nadat hy deur een persoon afsonderlik of in teenwoordigheid van twee of drie getuies vermaan is, moet nie voor die kerkraad gebring word nie.

Artikel 73 (74).

As iemand, nadat hy deur twee of drie persone in liefde oor

'n heimlike sonde vermaan is, geen gehoor gee nie of andersins 'n openbare sonde bedryf het, moet dit by die kerkraad aanhangig gemaak word.

Artikel 74 (75).

Die versoening van al sulke sondes wat uit hulle aard of deur veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het, moet, as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is, in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind as wat elke kerkraad vir die stigting van sy kerk dit nodig oordeel. Verder moet in kerke met net een bedienaar van die Woord, as daar verskil is in die kerkraad, met advies van twee naburige kerkrade beslis word of die versoening in bepaalde gevalle in die openbaar moet plaasvind.

H.K.O., art. 72: *kerke* in die laaste sin verander na *kerkrade*.

Artikel 75 (76).

Diegene wat die vermaning van die kerkraad hardnekkig verwerp, en diegene wat 'n openbare of anders 'n sware sonde gedoen het wat by die kerkraad aangegee is, moet van die sakramente van die Here afgehou word.

Vgl. art. 73 H.K.O.: 'n word ingevoeg na *anders* in reël 2 en *nagmaal* in die laaste reël word verander na *sakramente*.

Artikel 76 (76 en 77).

Diegene wat na afhouding van die sakramente en na verskeie vermaninge geen teken van boetvaardigheid laat blyk nie en hardnekkig in die sonde volhard, moet eindelik, met advies van die klassis, met die laaste tugmiddel, die afsnyding, van die gemeenskap van die kerk afgesny word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Die afsnyding moet voorafgegaan word deur drie openbare afkondiginge daarvan aan die gemeente, waarin vermeld moet word wat die oortreding van die sondaar is, dat daar veel arbeid aan hom bestee is deur bestraffing, afhouding en menigvuldige vermaninge en dat hy hom nie bekeer het nie. In hierdie afkondiginge moet die gemeente opgewek word om met die sondaar te spreek en vir hom te bid.

By die eerste afkondiging moet die naam van die sondaar, om hom enigins te spaar, nie genoem word nie.

By die tweede moet met advies van die klassis ook sy naam genoem word.

By die derde moet aan die gemeente bekend gemaak word dat die sondaar, as hy hom nie bekeer nie, van die gemeenskap van die kerk afgesny sal word, sodat sy afsnyding met die stilswyende bewilling van die gemeente kan plaasvind as hy hardnekkig bly.

Die kerkraad bepaal die tyd wat vir elke afsonderlike geval tussen die drie afkondiginge moet verloop.

Vgl. art. 74 H.K.O.: Die eerste sin van par. 2 word geskrap en as 'n byvoeging ingevoeg in par. 1, nl. „met advies van die klassis”.

Artikel 77 (78).

As iemand wat afgesny is, hom weer deur boetvaardigheid met die gemeente wil versoen, moet dit — voor die viering van die nagmaal of anders wanneer dit geleë is — tevore aan die gemeente bekend gemaak word, sodat hy by die eersvolgende nagmaal, as niemand daarteen beswaar inbring nie, openlik met betuiging van sy bekering weer opgeneem kan word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

C. Tughandelinge oor die ampsdraers.

Artikel 78 (79).

As ampsdraers 'n openbare sware sonde bedryf wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad direk voorlopig in hul amp geskors word; ouderlinge en diakens moet dan deur die voorafgaande oordeel van die kerkraad en van die naburige kerkraad, of van twee naburige kerkrade deur middel van deputate, in hulle amp geskors of verder daaruit afgesit word. Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en die naburige kerkraad of twee naburige kerkrade deur middel van deputate egter net geskors word. Daarna moet die klassis en die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word.

Die woord *dadelik* in die eerste sin word *direk*.

Artikel 79 (80).

Onder die sware sondes wat skorsing in of afsetting uit die diens verdien, is die volgende die vernaamste: Valse leer of kettery, openbare skeurmakery, openbare godslastering, simonie, trouelose verlating van die amp of indringing in die amp van 'n ander, meened, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoontedronkenskap, vegtery, onregverdige winsbejag — kortom, al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld eerloos maak en, in die geval van 'n gewone lidmaat van die kerk, die afsnyding verdien.

Artikel 80 (nuut).

Die kerkraad oordeel of diegene wat uit die amp van ouderling en diaken afgesit is, weer tot die amp toegelaat mag word indien hulle die kerk deur hulle boetvaardigheid oortuig het van die opregtheid van hulle berou. In die geval van iemand wat uit die amp van bedienaar van die Woord afgesit is, oordeel egter die klassis met die deputate van die partikuliere sinode of hy weer beroepbaar gestel mag word.

Die deputate meen dat hierdie artikel noodsaaklik is, soos die

sinode trouens reeds besluit het, vandaar die opdrag in 1955 om sodanige nuwe artikel in die revisie van die Kerkorde in te bring. Die formulering soos gegee in die konsep wat op die Sinode 1958 gedien het, word hier weer as die beste gestel.

Vgl. vir hierdie artikel en die ander tugartikels die motivering H.K.O.

D. *Algemene sake.*

Artikel 81 (81).

Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan.

Artikel 82 (82).

Aan diegene wat uit die gemeente vertrek, moet 'n attestasie of getuienis van hulle belydenis en wandel deur die kerkraad saamgegee word en dit moet deur twee lede van die kerkraad onderteken word.

Vgl. K.O., art. 82. Die laaste sin, wat verwarring skep en 'n gebruik stel wat by ons nie meer van toepassing is nie, word geskrap.

Artikel 83 (83).

Aan armes wat om gegronde redes uit die gemeente vertrek, word deur die diakens soveel gawes van barmhartigheid meegegee as wat die diakens nodig oordeel, en met die diakens van die gemeente waarheen die armes vertrek het, word oor die verdere versorging oorleg gepleeg.

Vgl. formulering H.K.O., art. 59.

Artikel 84 (84).

Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling of diaken oor ander ouderlinge of diakens enige heerskappy voer nie.

Artikel 85 (85).

In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie.

Hierdie artikel het in die H.K.O. weggeval. Dit word weer gestel om verskillende redes wat voor die hand lê. Dit kan vir ons i.s. immigrasie ens. belangrik word.

WYSIGING VAN DIE KERKORDE.

Artikel 86 (86).

Hierdie artikels het almal betrekking op die goeie orde van die kerke en is so opgestel en met algemene stemme aangeneem dat hulle, indien die belang van die gesamentlike kerke dit vereis,

verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word. Geen besondere kerk, klassis of partikuliere sinode het egter die reg om die artikels te verander, te verminder of te vermeerder nie. Hulle moet hulle egter daarop toelê om die artikels te onderhou totdat deur die algemene sinode anders bepaal word.

Vgl. motivering H.K.O., art. 79.

Besluit: (Art. 103): Die Sinode besluit dat die Kerkorde weer in hersiening geneem sal word, en vir die formulering van die opdrag van die nuwe deputate word 'n kommissie aangewys.

Besluit:

B. Art. 186: Die Verslag van die kommissie word aanvaar:

1. Die Sinode herroep sy vorige besluit (Acta 1958, p. 108, 2. b. 1.): „Die Sinode aanvaar hierdie konsep as 'n voorlopig goedgekeurde revisie van die Kerkorde”;

2. en gee die volgende opdrag:

a. *Wat die omvang betref:*

(i) Redaksionele wysiging van verouderde uitdrukkings en uitdrukkings wat aanleiding tot misverstand kan gee;

(ii) byvoegings, weglatings of veranderings by artikels wat noodsaaklik behoort gedoen te word (vgl. art. 86 K.O.).

b. *Hoe die wysiging moet geskied:*

(i) Van die bestaande nommering van die Kerkorde moet nie afgewyk word nie.

(ii) Sover moontlik moet gehou word by die bestaande bevoording van die K.O.

c. Aan deputate word opgedra om 'n konsep van die hersiene Kerkorde ses maande voor die volgende Sinode by die kerkrade te sirkuleer vir kennisname.

C. Hierby word in behandeling geneem die beskrywingspunt:

Die Klassis versoek die eerw. Sinode om sy vorige besluit in verband met die hersiening van die Kerkorde (sien Acta 1958, bladsy 108 a. b. (1) as volg te wysig: Die Sinode neem kennis van hierdie konsep as 'n voorlopige konsep vir hersiening van die Kerkorde, asook (2) (a) en (b) en (3) dienooreenkomstig. — Klassis Pretoria-Oos.

(Deputate vir toeligtig: Di. J. L. de Bruin en H. F. V. Krüger).

Besluit: Hieraan is uitvoering gegee (vgl. B. 1.).

D. (I.s. uitgawe van K.O.-boekie). Kyk by art. 32. B.

Art. 98. Pouse.

Die vergadering verdaag vir die koffie-pouse.

Art. 99.

Onkoste deputate na Algemene Sinode 1961.

A. Die Rapport van die Finansiële Kommissie (vgl. art. 15.

C.) i.s. reiskoste na die Sinode word toegelig deur ds. M. J. Booyens.

B. Die aanbeveling van die Kommissie lui:

Aan deputate wat afgevaardig is na die huidige Sinode, word benewens die koste van 'n eerste klasretoerkonssiereiskaartjie ook 'n bedrag van £1-10-0 per dag betaal vir elke dag of gedeelte van 'n dag wat hulle per trein sou reis.

Hierdie reëling geld net vir elke afgevaardigde of vir een sekundus van 'n primus afgevaardigde.

Besluit: Die voordrag word goedgekeur, met dien verstande dat 'n dag gereken word as 'n tydperk van 24 uur. (vgl. ook art. 175. B. 8.).

Art. 100.

K.J.B.F.

Die Rapport van die deputate (dr. S. J. du Plessis, di. I. J. Lessing, J. C. Kruger, I. J. van der Walt, prof. S. P. van der Walt, dr. J. S. du Plessis) word deur prof. Van der Walt toegelig.

U Deputate het die eer om die volgende rapport aan u voor te lê:

1. *Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859—1959*, deur prof. dr. J. P. Jooste: 2000 eksemplare van hierdie werk het die lig gesien.

Die prys is vasgestel op 25/- per eksemplaar tot die Eeufeesviering, daarna op 27/6.

Aan prof. Jooste moet 'n woord van dank toekom vir die groot werk wat hy verrig het.

2. *Rapport insake Rasseverhoudinge*. Twee- tot drieduisend eksemplare sou gedruk word. Hiervoor sou gebruik gemaak word van die setsel van die Afrikaanse notule van die Ekumeniese Sinode van 1958. Aangesien daar egter geen aanvraag was nie, is die rapport nie uitgegee nie.

3. *Bybel met verklarende aantekeninge*.

Van die Verenigde Protestantse Uitgewers is aanvanklik 1800 stelle en later weer 700 stelle van hierdie Bybel aangekoop. Die oorspronklike prys van £6.6.0 per stel moes later in opdrag van die Uitgewers verhoog word tot £7.10.0.

4. Verkoop van publikasies van die K.J.B.F. deur die Deputaatskap vir *Die Kerkblad*.

Met hierdie Deputaatskap is ooreengekom dat hulle alle publikasies van die K.J.B.F. mag verkoop teen 'n kommissie van 20%, mits hulle dieselfde prys handhaaf as wat deur die K.J.B.F. vasgestel is.

5. *Psalmboek waarin die vrae vir die aflegging van belydenis van die geloof, opgeneem is* (Acta 1958, art. 266).

Aan hierdie saak is uitvoering gegee.

6. *Subsidiëring van teologiese publikasies* (Handelinge 1958, p. 535, punt 7).

Geen sodanige publikasies is aan u Deputaatskap voorgelê nie.

7. *Aanbevelings:*

U Deputate wil graag die volgende aanbevelings doen:

a. Dat publikasies behalwe Psalmboeke en katekisasieboeke wat ouer as vyf jaar is en wat nog op die rakke staan, teen kosprys verkoop word.

b. Dat die K.J.B.F. in die toekoms slegs publikasies sal hanteer wat van binnekerklike aard is, soos byvoorbeeld Psalmboeke, katekisasielektuur, en verder sodanige publikasies as wat van tyd tot tyd aan die Deputaatskap deur die Sinode opgedra word.

8. *Kontrak om Psalmboek te druk*. Die kontrak om die Psalmboek te druk verstryk in Junie 1961. U word beleëf versoek om aan die te benoeme deputate opdrag te gee om die bestaande kontrak te hernuwe of om 'n ander kontrak aan te gaan.

9. *Toeligting*. Prof. S. P. van der Walt sal waar nodig die rapport voor die Sinode toelig.

S. J. du Plessis, I. J. Lessing (met voorbehoud ten opsigte van punt 7).

Besluite: 1. Met hartlike dank kennis geneem. 2, 3, 6, 9 kennis geneem. 4. Goedgekeur. 5. Met dank kennis geneem. 7.

a. Dit word nie aanvaar nie. b. Goedgekeur. 8. Reeds na 'n kommissie verwys. (Geen verwysing in Notule gevind nie. — Depte Acta). Die hele Rapport word met dank aanvaar en daar word weer deputate benoem.

Art. 101.

Beskrywingspunte.

A. 1. *Goeie Afrikaanse boeke oor die leer van ons kerk*.

Die Generale Sinode spreek die wenslikheid uit dat daar goeie Afrikaanse boeke oor die leer van ons kerk gepubliseer word, en moedig dit aan. — Part. Sinode Noord-Transvaal. (Ds. P. J. Opperman sal toelig.)

Besluit: Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt en volstaan met die bespreking van die saak. (Vgl. art. 84. B. 4. en punt D. onder).

B. 1. *Psalmboek met vol note*.

Die eerwaarde Klassis Waterberg versoek die Part. Sinode om by die Algemene Sinode opnuut daarop aan te dring dat Psalmboeke met note by elke vers gedruk moet word. — Part. Sinode Noord-Transvaal. (Toeligting ds. F. N. Lion-Cachet).

Besluit: Daar word verwys na die besluit van die Sinode 1955 hieroor (Acta 1955, p. 288 e.v.).

C. 1. *Vierhonderdjarige bestaan Nederlandse Geloofsbelydenis en Kategismus.*

Gesien die feit dat die besit en die herdenking van die bestaan van hierdie vir ons so dierbare Gereformeerde erfenis, die Nederlandse Geloofsbelydenis en Kategismus, van algemene kerklike betekenis is, wil die Part. Sinode by die eerw. Algemene Sinode aanbeveel dat hierdie heuglike gebeurtenis feestelik deur die Kerk onder andere deur die uitgawe van 'n gedenkskrif herdenk sal word. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeligting ds. G. P. L. van der Linde).

2. *Vierhonderdjarige bestaan van die Kategismus.*

Die eerw. Klassis vra die Algemene Sinode om die 400-jarige bestaan van die Heidelbergse Kategismus op die een of ander wyse in gedagtenis te bring. — (Toeligting dr. B. R. Krüger) — Klassis Pretoria-Oos.

Besluit:

(a) Dit word verwys na die deputate vir *Die Kerkblad*, in oorleg met die deputate vir die K.J.B.F.

(b) Die opdrag hiervoor word na 'n kommissie verwys (as lede: di. W. Venter, P. J. de Wet, oudl. P. W. Buys).

(c) Hierdie kommissie lewer verslag (art. 190), met toeligting deur oudl. Buys, en die Verslag word goedgekeur.

(1) *Aanbeveling:* U Kommissie beveel aan dat die deputate vir *Die Kerkblad* opgedra word om by die betrokke geleentheid (of geleenthede, indien besluit word om die feesgeleenthede betreffende die twee onderskeie belydenisskrifte nie gelyktydig te laat plaasvind nie) 'n spesiale feesuitgawe (of uitgawes) te laat verskyn. Indien dit nodig geag word, word die deputate vir die K.J.B.F. se hulp gevra by die finansiering van die saak.

(2) *Motivering:* U Kommissie beveel nie 'n spesiale fees-brosjüre aan nie, aangesien die afset van sodanige publikasies gewoonlik onbevredigend is, terwyl *Die Kerkblad* 'n wye sirkulasie geniet.

D. 1. *Handleiding oor die Gereformeerde Kerk.*

Die eerw. Algemene Sinode word gevra om oorweging daaraan te skenk om 'n kort handleiding oor die Gereformeerde Kerk op te stel wat aan lidmate wat van ander kerke by ons aansluit, oorhandig kan word — word aanvaar met die wysiging dat die handleiding so opgestel moet word dat dit vir alle lidmate van ons Kerk vrugbaar sal wees. — Part. Sinode Wes-Transvaal.

Besluit: Daar word met die bespreking volstaan. (vgl. A. 10).

Art. 102 (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Art. 103 C (Hersiening Kerkorde): Kyk by art. 97.

D (Uitgawe K.O.-boekie): Kyk by art. 32. B.

Art. 104.

Boustowwe en Argief.

Die Rapport van die deputate (prof. J. P. Jooste, di. G. C. P. van der Vyver, B. Spoelstra en br. P. Naude) word toegelig.

A. Die Deputate vir Boustowwe en Argief het die eer om die volgende rapport aan u voor te lê:

1. *Vergaderings.*

Die Deputate het op 4 Desember 1959 te Bloemfontein en 17 Mei 1960 te Potchefstroom vergader. Dr. Jooste is as voorsitter, dr. G. C. P. van der Vyver as skriba en ds. B. Spoelstra deur omstandighede van die skriba as rapporteur aangewys.

2. *Die toestand van die argief.*

Op die eerste vergadering het geblyk dat die opdragte van die vorige Sinode insake boustowwe, verfilming ens. moeilik uitvoerbaar is vanweë die ongeordende toestand waarin die argiefreëse verkeer. Deur die goedgegunstige bemiddeling van die Hoofstaatsargivaris, dr. Kieser, is broeder J. H. Snyman, 'n staatsargivaris, beskikbaar gestel om van 14 tot 25 Maart 1960 'n ondersoek na die omvang en toestand van die argief te doen. Slegs reis- en verblyftekoste en 'n honorarium is deur u Deputate betaal.

Daar bestaan nie 'n inventaris van die argief nie. Daarom lê u Deputate die verslag in verwerkte vorm aan u voor. (Die oorspronklike word by die argief gedeponeer). Die opname hiervan in die Acta is reeds die eerste stap om boustowwe vir navorsing te publiseer.

Besluite: 1 en 2 — Kennis geneem.

3. *Die Snymanrapport van 7 April 1960.*

a. *Die omvang van die Argief.*

Die inhoud van die Argief moet in drie kategorieë verdeel word: (1) Dokumente-inhoud, (2) tydskrifte, koerante, publikasies en (3) foto's.

(1) *Dokumente-inhoud.*

(a) *Die Postmaversameling.*

Hierdie versameling bevat die dokumentêre nalatenskap van wyle ds. D. Postma, herstigter van die Kerk.

(i) Sy dagboek (1858-1890). (ii) Verskillende bande, met bundels persoonlike en amptelike korrespondensie. Dit bevat ook herinneringe aan Postma deur M. Postma en andere. Voorts bevat dit verslae, lesings, preke, notules van vergaderings, handelinge van die eerste Sinodes, 'n konsep kerkorde gedateer 10 Februarie 1859 ens.

(iii) 'n Bundel ongeordende korrespondensie, preke en pamflette van Postma uit Nederland voor 1859.

(iv) Onder die versameling is die handelinge van Sinodes

1863-1904, 1910, 1920-1927 en ander diverse korrespondensie saamgevat.

Dit is duidelik dat sommige stukke *misplaas* is onder die Postnaversameling en selfs tot na Postma se dood strek.

Baie waardevolle stukke het ten tyde van die verslag in kartondose, 'n linnesak en selfs los in die argief verkeer. (Hieraan is onder tussendeel aandaag gegee).

Opmerking: Hierdie belangrike versameling verg aandaag. Die inhoud van slegs sowat 4 bande is in 'n mate georden, waarop 'n onderwerpsindeks ingestel is. Die ander is merendeels in verweerde omslae met toutjies vasgemaak. Die stukke wat kennelik nie by die versameling tuis hoort nie, moet daaruit verwyder word.

(b) *Argief van die Algemene Sinode.*

Sowat 38 bande diverse stukke: agendas, notules, rapporte, manuskripte van gedrukte stukke ens. *Hierdie reeks is feitlik geheel en al ongeorden.*

1 Stel Handelinge 1862-1958; 1 kasboek 1910-1924; stukke van Ekumeniese Sinode 1958. (Oor deputaatskappe word afsonderlik gerapporteer.)

(c) *Argiewe van Partikuliere Sinodes (en Algemene Vergaderings).*

(i) *Partikuliere Sinode, Transvaal.*

(aa.) 6½ bande notules van Algemene Vergaderings 1893-25.

(bb.) 1 band uitgaande briewe 1909-1912.

(cc.) 2½ bande notules van Part. Sinode 1926-1945.

(dd.) 2 bande bylaes tot notule 1929-1945.

(ee.) 8 bande uitgaande briewe 1931-1945.

(ff.) 2 bande inkomende briewe 1930-1945.

(gg.) 1 kasboek 1914-1941.

(ii) *Partikuliere Sinode O.V.S.*

Notules van Algemene Vergadering, 1872-1946; bylaes tot notule, 1902-1946.

(iii) *Partikuliere Sinode Kaapland.*

(aa.) 3 bande notules 1866-1923 (Algemene Vergadering).

(bb.) 6 bande met stukke van algemene aard, Angola en Argentinië, 1869-1927.

(cc.) 4 kasboeke ens. 1875-1939.

(dd.) 2 bande van Part. Sinode i.s. S.W.A. en Angola 1928-1940.

(d.) *Argiewe van Klassisse.*

(i) *Klassis Wes-Transvaal.* 1 notuleboek, 1925-1943.

(ii) *Klassis Pretoria.* 5 notuleboeke, met bylaes, 1925-1943.

(iii) *Klassis Potchefstroom.* 1 band notules, 1926-1942, 14 bande bylaes, 1930-1944 (in een omslag saamgevoeg).

(iv) *Klassis Waterberg.* Korrespondensie en bylaes tot notules, 1951-1958 (met 'n toutjie vasgebind).

Opmerking: Klassikale stukke is eweneens minimaal in die Argief verteenwoordig.

(e) *Kerkraadsargiewe:*

Die volgende stukke berus in die argief:

(i) *Rustenburg:* 1 notuleboek 1859-1863; 1 kasboek 1860-1872; 1 band korrespondensie 1880-1895.

(ii) *Pretoria:* 3 notuleboeke 1863-1900; 1 band korrespondensie 1865-1901.

(iii) *Potchefstroom:* 7 notuleboeke 1872-1926; 1 band korrespondensie 1863-1933; 3 lidmaatregisters 1863-1912; 1 trouboek 1863-1873; 2 kasboeke 1885-1895.

(iv) *Colesberg:* 4 notuleboeke 1867-1923; 1 band uittreksels uit *Colesberg Advertiser*, 1861-1863.

(v) *Bethulie:* 4 notuleboeke, 1863-1918.

(vi) *Lydenburg:* 3 notuleboeke, 1863-1918.

(vii) *Ventersburg:* 5 notuleboeke, 1864-1936; 2 bundels korrespondensie en stukke in chaotiese toestand; 1 band korrespondensie 1903-1940; 3 kasboeke 1903-1940; 1 band *Kerkbladsake* (ds. Jacs. van Rooy); 1 bankdepositostrokies; 2 boekies met besonderhede van geskiedenis van die gemeente deur ds. Jacs. van Rooy; 1 fotoalbum.

(viii) *Fauresmith:* 4 notuleboeke, 1865-1931.

(ix) *Barkly-Oos:* 4 notuleboeke, 1871-1936.

(x) *Steynsburg:* 2 notuleboeke, 1872-1937.

(xi) *Ladybrand:* 2 notuleboeke, 1872-1937.

(xii) *Venterstad:* 3 notuleboeke, 1875-1894.

(xiii) *Humpata (Angola):* 1 notuleboek, 1903-1908; 1 notuleboek van Kommissie ter behartiging van de Geestelike belangen der Transvaalse Trekboeren in 1881 op nieuw georganiseerd door ? als de Gereformeerde Gemeente St. Januarie Humpata, 1882, 1882-1904; 1 band korrespondensie 1898-1905; 1 boekie, aantekeninge en briewe insake Kerkskeuring, 1953.

(xiv) *Burgersdorp:* 9 notuleboeke, 1860-1956; 6 bande uitgaande briewe, ds. D. Postma, 1906-1923; 1 notuleboek van die Venterkerk, 1883-1889; 4 bande korrespondensie, 1860-1943; 2 lidmateregisters, 1862-1906; 1 band ingekome attestasies, 1896-1940; 3 bande huweliksregisters, 1865-1923; 15 kasboeke en statistieke; 2 bande korrespondensie ten opsigte van onderwysaangeleenthede.

(xv) *Philippolis:* 3 notuleboeke, 1902-1947.

(xvi) *Vryburg:* 1 band uitgaande briewe; 1 afkondigingsboek, 1930-1933.

(xvii) *Sterkstroom:* 2 notuleboeke, 1889-1902.

(xviii) *Heidelberg, Tvl.:* 1 notuleboek, 1905; 1 notuleboek van die Diaconie, 1903-1921; 1 doopregister N.G. Kerk, 1905; 1 lidmateregister N.G. Kerk, 1905.

(Opmerking: Hoort laasgenoemde twee registers wel hier tuis?).

(xix) *Petrusburg*: 3 notuleboeke, 1902-1933; 2 bundels finansiële aangeleenthede en ander korrespondensie.

4 bande in chaotiese toestand, deels moontlik efemeries.

(xx) *Volksrust*: 1 notuleboek, 1903-1920.

(xxi) *Lichtenburg*: 1 notuleboek, 1893-1905.

(xxii) *Johannesburg*: 4 notuleboeke, 1896-1916.

(xxiii) *Christiana*: 2 notuleboeke, 1903-1943.

(xxiv) *Paulpietersburg*: 1 notuleboek, 1899-1937.

(xxv) *Bloemfontein*: 9 notuleboeke, 1903-1951; 2 bande korrespondensie, 1912-1943; 1 lidmateregister, 1903-1911.

Ander stukke: 1 notuleboek van die Diakonie, 1923-1932; 1 notuleboek van Finansiële Kommissie, 1935-1946; 3 notuleboeke van Gereformeerde Vereniging, 1909-1940; 1 notuleboek van Sangvereniging, 1930-1931; 3 notuleboeke van Dorkasvereniging, 1917-1939; 2 kasboeke van Dorkasvereniging, 1931-1942.

(xxvi) *Standerton*: 4 notuleboeke, 1905-1956; 1 band korrespondensie, 1928-1932; 1 kasboek, 1897-1910; 1 notuleboek van Boukommissie, 1904-1905.

(xxvii) *Schweizer-Reneke*: 2 notuleboeke, 1911-1942.

(xxviii) *Strydenburg*: 1 notuleboek, 1897-1956.

(xxix) *Hofmeyr*: 2 notuleboeke, 1914-1928.

(xxx) *Koffiefontein*: 2 notuleboeke, 1923-1950; 1 band korrespondensie.

(xxxi) *Cbever*: 1 notuleboek, 1931-1939.

(xxxii) *Reddersburg*: 9 notuleboeke, 1859-1899; 1902-1924; 1 boek vasstaande besluite; 1 bundel, kommissie-notule 28.1.1871 en varia; 1 lidmaatregister, aangelê 1873; 2 huweliksregisters 1859-1865 (met ontvangste 1861-62) en 1871-73 (beskadig in oorlog); 2 notule van Diakonie 1905-1912; 1916-1924; 1 nasionale Helpmekeer en Kultuurvereniging, Reddersburg 1917-1923.

(xxxiii) *Boshof*: 1 notuleboek 1872-1904; 1 lidmaatregister en 'n paar stukke varia.

(xxxiv) *Buffeldoorns*: 1 notuleboek, 1949-1958; 1 Doopregister; 1 kasboek; dooplederegister en korrespondensie.

(Opmerking: Uit die voorgaande kan gesien word dat daar nog baie kerkraadstukke ontbreek, afgesien van die feit dat daar stukke van slegs 34 kerke uit 'n totaal van 210 (volgens 1960 Almanak) in die Argief aanwesig is. Enkele kerkrade het hulle stukke teruggevra met die oog op Eeufesvierings).

(f) *Argief van die Administratiewe Buro*.

Stukke wat by die argief van die Administratiewe Buro tuis hoort, is op verskeie plekke in die argief aangetref, en sluit onder andere die volgende in:

(i) Kasboeke — 'n hele aantal.

(ii) *Notule, korrespondensie, kasboeke en ander diverse stukke ten opsigte van*: (aa.) die Kommissie van Beheer, (bb.) Eeufesbedieningsfonds, (cc.) Emerituspredikante-weduwee en -wesefonds, (dd.) Calvyn-Jubileumboekefonds, (ee.) Kas vir behoeftige Studente, (ff.) *Gereformeerde Kathisant*, (gg.) gedenkteken vir wyle prof. J. Lion Cachet, (hh.) Kommissie van Onderzoek na die Pers, (ii.) *Kat-kisasieblad*, (jj.) etlike verslae en koeverte met diverse korrespondensie en ander stukke — ongeorden, (kk.) korrespondensie aan en van Administratiewe Buro met kerkrade 1939-1945; 1949-1959.

(Opmerking: Die stukke is hoofsaaklik van roetine-aard, soos bestellings van boeke (Psalmboeke, Kategismusboeke, preekbundels ens.), asook briewe onder begeleiding waarvan kerkrade hulle bydraes ten opsigte van sekere sinodale ramings en ander kerklike verpligtinge aanstuur. Op getuienis van die bande wat wel gesien is, kom dit nie voor asof al hierdie stukke van genoeg belang is vir permanente bewaring nie.)

(g) *Argief van Die Kerkblad*.

(i) Ongeveer 25 bundels in bruin papier toegedraai bevattende allerlei korrespondensie aan en van die redaksie, bydraes en korrespondensie met die drukkers. Behalwe dat die stukke min of meer volgens jaartal saamgevoeg is, is dit ongeorden.

(ii) Naamlyste van bedankings, adresveranderinge en nuwe intekenare.

(iii) 'n Hele aantal kasboeke. (Die presiese getal kan nie vasgestel word nie, aangesien dit oor die hele argief versprei is.)

(h) *Argief van die Senaat van die Teologiese Skool*.

(i) Ses notuleboeke, 1920-1960. (Hierdie notuleboeke verkeer in 'n goeie toestand.)

(ii) 17 bundels bylaes, 1922-1959.

(iii) *Kasboeke van*: Teologiese Skool, 1920-1937, 1924-1934. Teologiese Skool-Jubileumfonds, 1940. Rentefonds der Teologiese Skool, 1892-1914. Cachetbiblioteek, 1916-1928.

(Opmerkings: Hierdie stukke word nie na wens gehou nie, te meer indien in gedagte gehou word dat dit belangrike beleidsbepalings en beslissings bevat ten opsigte van alle aangeleenthede waarmee die Teologiese Skool te doen kry. Die stukke is in bondels met toutjies vasgemaak en in bruin papier toegedraai. Dit is ook nie altyd in datumorde nie.)

(i) *Argief van die Kuratore van die Teologiese Skool*.

Hierdie groep bestaan uit veertien bande bevattende notules, agendas, verslae, korrespondensie en ander stukke. Die stukke is in 'n deurmekaar toestand en dateer vanaf ongeveer 1869.

(Opmerking: Sommige stukke is ten tyde van die verslag in die brandkluis van die Buro bewaar.)

(j) *Stukke ten opsigte van studente*.

(i) Proefpreke, 1894-1959. Ten opsigte van die vroeër jare

is hierdie reeks preke wat aan die Kuratore voorgedra is, *nie volledig nie*.

(ii) Vraestelle, antwoorde en puntelyste — dateer vanaf negentiger jare — *nie volledig nie*.

(iii) Aantekeningboeke van studente wat tydens die saak teen prof. De Wet gebruik is.

(iv) Een band bevattende naamlyste van teologiese studente, 1869-1911.

(v) Een band bevattende proefpreke van 'n paar studente.

(vi) Notuleboek van vergaderings van studente met dosente, 1869-1891.

(vii) Enkele stukke ten opsigte van die Hervormde Kerk.

(k) *Kas vir Behoeftige Studente*.

(i) Notuleboek, 1873-1899.

(ii) Beursrekening (kasboek), 1917-1927.

(l) *Stukke ten opsigte van die Bybelvertaling*.

17 bande manuskrip — min of meer in orde; 2 bande manuskrip — ongeord; 2 proefeksemplare van die Afrikaanse Bybel; 1 band bevattende eksemplare van vroeëre vertalings van gedeeltes van die Bybel; 1 band proewe — Genesis-Amos; 1 band proewe van die hersiening, 1951.

(m) *Stukke ten opsigte van die Psalmberyming in Afrikaans*.

11 bande manuskrip beryming, vertalings, korrespondensie, ens.; 1 band korrespondensie — ingebind; 1 band diverse los stukke.

(Opmerking: Hierdie reeks het aandag nodig, veral eersgenoemde elf, wat in geen noemenswaardige volgorde is nie.)

(n) *J. V. Coetzee-versameling*.

Drie bande diverse privaatsukke van ds. J. V. Coetzee ten opsigte van *Die Kerkblad*, psalmberyming en -vertaling, koerant-uitknipsels en foto's.

(Opmerking: Belangrike inligting is in hierdie stukke, wat geheel en al ongeord is, te vind.)

(o) *Argief van die Sinodale Immigrasiedeputaatskap*, 1955-57.

Hierdie stukke is in een band in bruin papier toegedraai en bevat die volgende:

(i) Korrespondensie in verband met diverse aangeleenthede, 1955-1957.

(ii) Finansiële state.

(iii) Kasboek.

(Opmerking: By hierdie stukke is 'n notuleboek van die Evangelisasiekommissie van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1952-1956.)

(p) *Kommissie vir die Bestryding van Sosiale Euwels*.

Een band bevattende korrespondensie wat deur die kommissie met die owerheid ten opsigte van die bestryding van sosiale euwels gevoer is — 1939 asook ontvangte briewe 1939. N.B. *Onvolledigheid*.

(q) *Stukke in bruin papier toegedraai*.

Hierdie stukke is geheel en al in ongeordende toestand, en is nog net soos dit was toe dit ontvang is:

(i) *Diakonale Stukke*.

(aa.) Uniale konferensies, 1938, 1941, 1944.

(bb.) Deputaatskap Algemene Sinode, 1944-1949.

(cc.) Deputaatskap Part. Sinode Transvaal, 1944-1948.

(dd.) Bankboek, kasboek, kwitansies.

(ee.) Manuskrip van *Die Diaken*, dele I-VI.

(ff.) Eksemplare van *Die Diaken*, 1935-1947.

(gg.) *Diagonaal Correspondentieblad*, 1930-1940.

(ii) *Stukke van ds. D. G. Venter*.

(aa.) Notuleboek van die Skoolkommissie, Steynsburg, 1925-1936.

(bb.) 2 notuleboeke van die Kommissie van Beheer oor Opleidingskollege, Steynsburg, 1907-1933.

(cc.) Enkele Jaarboeke van die Opleidingskollege en diverse ander publikasies, o.a. Handeling van die Sinode, Gedenkboek van die Gemeente Steynsburg.

(dd.) Aantal diverse korrespondensie — meestal in verband met die Opleidingskollege, Steynsburg.

(iii) *Stukke van prof. L. J. du Plessis*.

Band bevattende allerlei ongeordende stukke in verband met 'n Calvinistiese Kongres.

(iv) *Diakonale Konferensie, O.V.S.*, 1936.

Hierdie band bevat korrespondensie, bylaes tot notule, rapporte, verslae, brieweboeke en manuskrip van diakonale jaarboek.

(v) *Argief Sinodale Sendingdeputate*.

Notules, 1924-1929; Kasboek, 1927-1941; Diverse Stukke, 1947-1950. N.B. *Onvolledigheid*.

(s) *Argiewe Jongeliedeverenigings*.

Slegs van die J.V. Goeie Hoop, Potchefstroom, berus daar allerlei stukke, hoofsaaklik 1926-1941. (Gedeeltelik moontlik efermeries.)

(t) *Argief van Korps „Veritas Vincet”*.

(i) Notules, 1894-1925.

(ii) Notules van vergaderinge van Teologiese Studente 1892-1915.

(iii) Notules van „Studenten Letterkundige en Debatsvereniging”, 1889-1892; 1903-1913.

(iv) Plakboek met enkele artikels ten opsigte van die bedrywighede van die „Veritas Vincet”, 1895-1898.

(v) Korrespondensie ten opsigte van die uitgee van 'n Gesamentlike Teologiese Studenteblad, 1943-1944.

(u) *Argief van die Studentevereniging Societas, Studiosorium*. 1 band notule, 1914-1916.

(v) *Vervolgdes in Oekraïne.*

1 band korrespondensie, 1936-1939, hoofsaaklik deur wyle ds. P. G. W. Snyman gevoer.

(w) *Aanwinste.*(i) *S. J. du Toit-versameling.*

Hierdie stukke is in 'n deurmekaar toestand in 'n kartondoos saamgegooi. Weens die deurmekaartoestand waarin die stukke verkeer, was dit nie moontlik om dit stelselmatig na te gaan nie, maar dit blyk dat dit bestaan uit private korrespondensie en ander stukke van S. J. du Toit. Dit gaan terug na die dae van sy redakteurskap van „Di Patriot”. Die stukke blyk van hoë navorsingswaarde te wees en die ordening daarvan skyn 'n noodsaaklikheid te wees.

(ii) *Stukke van prof. J. D. du Toit.*(aa.) *Manuskrip van Passieblomme.*

(bb.) Diverse briewe en korrespondensie — ook van S. J. du Toit.

(cc.) *Brieweboeke van J. C. van Rooy*, dateer vanaf 1853.

(dd.) Stukke van die „Christelike Unie en Hoër Onderwys”, ses bande oor allerlei sake, geheel en al in 'n onversorgde toestand.

(ee.) Verskillende plakboeke, bv. teologiese artikels (waarskynlik van ds. I. D. Kruger), krygsgevangene Groenpunt 1900 (T. W. van der Walt), bande koerantuitknipsels (oor aktuele sake, dood van Postma en Cachet).

(ff.) *Postmafees*, 1944.(gg.) *Predikantekonferensie*, 1939.

(hh.) Krygsgevangenes, twee bande diverse stukke.

(ii.) *Kerkorde*, kopie en drukproewe in Latyn.(x) *Manuskripte.*

'n Aantal manuskripte van publikasies deur di. D. G. Venter, J. V. Coetzee en prof. De Wet, S. du Toit, J. P. Jooste, H. G. Stoker, vir preekbundels ens. asook tesis deur I. H. Eybers en *Leerredenen*, J. van Oosterzee, 1847.

(y) *Algemeen: Los Stukke.*

Etlike bundels en koeverte met los diverse stukke, wat weens die deurmekaar toestand waarin dit verkeer, nie moontlik was om te identifiseer nie.

3. a. (2) *Publikasies.*(a) *Tydskrifte en koerante.*

(i) *De Maandbode* 1872-1894; een waarskynlik volledige stel; een gebroke stel en los eksemplare.

(ii) *Die Kerkblad* 1894-1960; volledige stel, word tans ingebind.

(iii) *De Getuige* 1881-1903, gebind en redelik volledig.(iv) *Ons Klijntje*, 1896-1907, het versorging nodig.(v) *Elpis*, 1857-1879, min of meer volledig, oningebind.(vi) *De Honigbij*, 1839-1845.

(vii) *Het Nederlandsch Zuid-Afrika Tijdschrift*, 1824-1889, oningebind; onvolledig.

(viii) *The Cape monthly magazine*, 1858-1879, oningebind en onvolledig.

(ix) *Het Studentenblad* (later: *Fac et Spera*) 1903-1907, oningebind en onvolledig.

(x) *Stemmen des tijds*, 1905-1927.

(xi) *De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika*, 1848-1943, bykans volledig.

(xii) *De Hervormer*, 1905-1943, oningebind, onvolledig.(xiii) *De Stem* (Burgersdorp), 1903-1906.

Hierbenewens talle gebroke reekse van Nederlandse en Afrikaanse tydskrifte. (Volledige gegewens in die Snyman-verslag).

(b) *Publikasies.*

(i) Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, behalwe 1875, 1876, 1881, 1890.

(ii) *Handelinge van die Algemene Sinode* 1862-1958.

(iii) 25 dose diverse pamflette.

(iv) *Handelinge van die Sinode van Dordtrecht* 1618-1619 (2 eksemplare) gedruk 1621, 'n waardevolle besit wat goed versorg moet word.

(v) Hierbenewens Statebybel (1636), Kanselhybels, Psalmboeke, Publikasies van C.J.B.F. ens.

3. a. (3) *Foto's.*

In die Argief is 'n groot aantal foto's van kerkfigure gedeponeer. Die foto's is in drie bundels in bruin papier toegedraai, terwyl daar ook 'n hele aantal foto's los op een van die rakke van die Argief lê. Nodeloos om te sê: die versorging van hierdie foto's verg aandag.

Algemeen.

Weens die feit dat die stukke in feitlik geen orde is nie, mag dit wees dat enkele stukke nie hierbo beskryf is nie. Die omvang van die Argief soos hierbo uiteengesit, verteenwoordig bergingsruimte van ongeveer 200 lineêre voet. Die kapasiteit van die argief-lokaal is ongeveer 500 lineêre voet. Die inhoud van die Argief kan dus meer as verdubbel voordat ruimte 'n akute probleem sal word.

b. *Enige opmerkings oor die ordening.*

(1) Soos uit die voorgaande duidelik geblyk het, verkeer die inhoud van die Argief in 'n feitlik geheel en al ongeordende toestand. Al stukke wat wel in 'n mate georden is, is 'n gedeelte van die Postmaversameling en die Kerkraadstukke. Ten einde die stukke vir navorsers toeganklik te maak sal pogings in die werk gestel moet word om dit argivalies te versorg.

(2) Voordat tot enige interne ordening oorgegaan kan word, is dit noodsaaklik dat die dokumentereekse van die publikasies en

foto's geskei word. U Deputate het reeds hieraan probeer aandag gee en hoop om aanvullend te kan rapporteer.

(3) Die verslag adviseer dat die Argief georden moet word volgens art. 15 tot 18 van die werk: Muller, Feith en Fruin in *Handleiding voor het ordenen en beschrijven van archieven*, in Engels vertaal deur Arthur H. Leavitt, *Manual for the arrangement and description of archives*. Die argiewe van kerkgrade, sinodes, klassisse en deputaatskappe moet sistematies georden word, soos dit in die plek van oorsprong gehou is en moet die organisasie en funksionering van die betrokke liggaam weerspieël.

(4) Argiewe van Deputaatskappe ens. moet as aparte eenhede argivalies versorg word.

(5) Die stukke van die verskillende kerkgrade is bruikbaar georden, maar die sisteem is vatbaar vir verbetering. U Deputate gee hieraan aandag.

(6) Uit voorgaande vloei dit voort, dat na ordening 'n behoorlike inventaris van elke afdeling opgestel moet word wat 'n duidelike beeld van die inhoud moet verstrek. Dit is ook wenslik dat elke inventaris van 'n kort inleiding voorsien word waarin die tyd en omstandighede van die ontstaan van die betrokke liggaam of gemeente kortliks geskets word en 'n oorsig gegee word van die omvang en die algemene toestand van die betrokke rekords en ook, indien nodig, enige verduidelikings ten opsigte van die wyse waarop die ordening gedoen is.

(7) Die verslag gee ook 'n baie duidelike voorbeeld van hoe 'n inventaris beskryf moet word, wat aanvaar moet word.

(8) Die Snymanverslag toon dat veral die stukke van die Teologiese Senaat aandag verg en volgens 'n beter stelsel gehou moet word. U Deputate wil hier byvoeg dat dit waarskynlik vir meer deputaatskappe geld, waarvan die stukke nie in die argief berus nie. Hierdie toestand moet onder oë gesien word. (Vergelyk ons aanbevelings).

(9) Die verslag beklemtoon die noodsaaklikheid dat minstens die Postmaversameling *ingebind* moet word vanweë die belang daarvan ver buite die Gereformeerde Kerk. U Deputate bring egter onder u aandag dat die versameling heeltemal nuut georden moet word in die lig van vondste uit kartondose, linnesakke en los stukke. Talle stukke moet by kerkgrade ingedeel word. Die probleem is dat onder die status quo kerkgrade selfs hulle oudste stukke opvra. Dit beteken dat stukke wat deur ds. Postma bewaar is, dan aan risiko blootgestel word.

Die boustofafskrifte in tikskrif het relatief minderwaardig ge-word weens die behoefte aan ordening. Die publikasie van boustowwe kan nie onderneem word voordat die argief argivalies versorg is nie.

(10) Die verslag beklemtoon die noodsaaklikheid van mikro-verfilming van sekere stukke om die oorspronklike van navorsing

te onttrek. Hieroor hoop u Deputate ook aanvullend te rapporteer. Dit blyk dat daar slegs een doopregister in die argief berus. Ook die Staatsargief sou graag mikrofilms van doopregisters voor 1900 vir staatsregistrasie wou hê.

Dit word aanbeveel dat (a) kerke doopregisters van kleiner omvang gebruik sodat nie meer as 20 jaar se gegewens in een boek vervat word nie en (b) dat sodra die argief onder behoorlike beheer is, daar begin word om die doopregisters, beginnende by die oudste gemeentes, te vermikrofilm, waarna die oorspronklike terug-besorg kan word.

(11) Die verslag verwys na die wet vir die versorging van die Staatsargief. Met die nodige aanpassing doen ons in die lig daarvan aanbevelings.

(12) Die verslag adviseer dat kerkgrade, veral in kleiner gemeentes, wat nie dikwels vergader nie, boeke van kleiner omvang aanskaf, sodat notule nie twintig en meer jare in dieselfde boek vervat word nie.

(13) Enkele aanbevelings uit die verslag is na die Senaat van die Teologiese Skool verwys insake die inrigting van die argief-lokaal. Uitgawes is hiervoor gemagtig. Dit word onder u aandag gebring dat die verslag aanbeveel dat die bestaande houtdeur, agter die ystertraliede deur, deur 'n staaldeur vervang sal word. Hieroor mag u die Senaat 'n opdrag gee.

(14) Die verslag beveel aan dat die deputaatskap van die Argief sal optree as keurkomitee van efemeriese stukke en toon aan onder watter voorsorg dit moet geskied.

(15) Gevra na die tydperk wat die reorganisasie van die argief mag duur, meld die verslag: „Dit is moeilik om te sê hoe lank dit sal neem om die Argief te reorganiseer, maar ek meen dat dit 'n voltydse persoon omtrent 'n jaar, indien nie langer nie, sal besig hou. Dan het hy nog geen indeksering gedoen nie.”

Besluit: Met belangstelling kennis geneem van die Snyman-rapport, punt 3.

4. U Deputate rapporteer ook oor die volgende algemene sake:

a. Skrywes is gerig aan Klassis Trans-Limpopo en die Deputaatskap vir die Eeufees i.v.m. die verkryging van waardevolle stukke. Daar is nog nie antwoord ontvang nie. — **Kennis geneem.**

b. Deur middel van *Die Kerkblad* is 'n beroep gedoen op deputaatskappe wat streek- of gemeentelike feeste gereël het, vir waardevolle dokumente, publikasies en foto's. Tot sover is geen reaksie ontvang nie. — **Kennis geneem.**

c. Die Acta van die Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland 1869 en 1872 is goedgevestig deur die biblioteek van Kampen aan die argief geskenk. Op hulle versoek wil ons vriendelik aanbeveel dat dit aan die Deputaatskap vir Korrespondensie

opgedra word om gereeld Sinodale Handeling en Almanakke aan die Biblioteek, Oudestraat 6, Kampen te stuur.

Besluit: Met dank kennis geneem van skenkings, en verder word aan die deputate vir Korrespondensie opdrag gegee om aan die versoek van die deputate te voldoen, sowel vir die toekoms as die verlede (in soverre moontlik). Hierdie opdrag geld ook vir die biblioteek van die V.U. (Amsterdam).

d. Van die argief van die N.G. Kerk, Kaapstad is goedgunstig eksemplare van Sinodale Handeling van dié Kerk uit die vorige eeu verkry.

— **Met dank kennis geneem.**

5. *Aanbevelings van u Deputate.*

a. Die Sinode benoem weer deputate, voortaan bekend as die „*Deputaatskap vir Argiefwese*”.

b. Die Sinode neem met dank kennis van die tegemoetkoming van die Hoofstaataargivaris, dr. Kieser, en die bereidwilligheid van broeder J. H. Snyman om so 'n uitgebreide en deeglike verslag oor die omvang en toestand van die argief op te stel, en die moderamen rig 'n skrywe van dank aan die twee here.

c. Die Sinode dra dit op aan die Deputaatskap vir Argiefwese om sover moontlik op die basis van die verslag uitvoering te gee aan die reorganisasie van die argief.

d. In die lig van hierdie rapport besluit die Sinode om die reorganisasie van die argief op 'n vaste voet te plaas, soos volg: die argief van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bestaan uit die dokumentêre, gepubliseerde en fotoneerslae van:

(1) *Die meerdere vergaderinge* van die Gereformeerde Kerk, met hulle aanverwante organisasies, deputaatskappe en mandaathouers. Aan alle te benoemde deputaatskappe word opgedra om die argiewe in hulle besit onder oë te sien en sover moontlik te sentraliseer in die kerkargief. Die Deputate vir Argiefwese kan deputaatskappe direk skakel en sal by die volgende Sinode rapporteer.

(2) *Die Kerkrade van die Gereformeerde Kerke*, met hulle aanverwante organisasies, kommissies en mandaathouers.

(3) *Privaatfamilies of individue* wat bergingsruimte by die deputate vir Argiefwese verkry.

(4) *Aanwinste*, wat gekeur word deur die deputaatskap.

e. Die uitsluitlike beheer en toegang tot die argief word opgedra aan die Deputaatskap vir Argiefwese en die deur hom gemagtigde persone. Die deputaatskap pleeg oorleg met die Senaat oor die gebruik van die argief deur navorsers.

Besluit: Punte a—e: Goedgekeur.

f. Die Sinode besluit dat *alle stukke van meerdere vergaderinge* ouer as 10 jaar na die sentrale argief gestuur behoort te word, en daarna jaarliks behoort aangevul te word deur die stukke van die oudste jaartal. Part. sinodes en klassisse word gemaan om aandag

te gee aan die indeksering, liassering, bewaring en berging van hulle onderskeie argiefstukke.

— **Goedgekeur, soos gewysig. (Reeds gedoen — Depte. Acta).**

g. *Insake die argiewe van die onderskeie kerkrade*, waarvan die kerkrade die juridiese eienaars is maar die kerkverband die argivaliese versorging en veilige bewaring behartig, word besluit om te onderskei tussen 'n verouderde en nog lewende deel.

(1) Die verouderde deel sal, ooreenkomstig die staatsargiefwet, bestaan uit die kerkraadsnalatenskap ouer as 50 jaar.

(2) Die nog lewende deel bestaan uit die nalatenskap jonger as 50 jaar.

(a) Die verouderde deel, bestaande uit notule-, korrespondensie-, finansiële, kommissie-, organisatoriese en verwante neerslae, behoort alleen in die sentrale kerkargief gehuisves te word. Dit bly die eiendom van dié betrokke kerkraad. Omdat die kerkverband hoë koste en arbeid bestee aan die veilige en ordelike bewaring hiervan, word deur die kerke ooreengekom dat hierdie verouderde deel nie uit die kerkargief onttrek mag word sonder die toestemming van die volle Deputaatskap vir Argiefwese nie. Die aansoeke vir onttrekking sal vermeld: (a) presies watter stukke (op die indeks aangedui) benodig word; (b) watter periode dit buite die argief sal verkeer; (c) watter voorsorgmaatreëls getref word vir absolute veiligheid by vervoer en berging buite die argief. Met die verouderde argiewe mag deur geen enkele instansies enige risiko geneem word nie, omdat die waarde daarvan onberekenbaar en onherstelbaar is.

(b) Die nog lewende kerkraadsargiewe moet en kan ook in die argief geberg word. Verlof om dit uit te neem kan egter van die argivaris alleen verkry word, as aan die voorwaardes onder g. (1) voldoen is.

Die Sinode neem hierdie besluit sodat stukke van 1859 tot 1910 onmiddellik argivalies versorg kan word, sonder gevaar dat die argief deur onttrekking gedisorganeiseer word. Deur 'n stewiger beheer kan verlore stukke, wat uit ander versamelings teruggevind word, by die betrokke Kerkraadsargiewe gevoeg word, sonder gevaar dat dit buite die argief verlore raak.

h. *Familie- en/of persoonlike versamelings* is onderworpe aan die bepaling hierbo gestel vir verouderde kerkraadsargiewe.

i. *Aanwinste* word die uitsluitlike eiendom van die argief van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

j. Die raadpleging van dokumente geskied onder dieselfde reëls as wat in die Argiefwet neergelê is vir staatsargiewe. Aan die deputate word opgedra om 'n behoorlike reglement vir navorsers op te stel met betrekking tot toesig, besoekersboek, aansoekstrokie, inventaris ens.

k. Elke kerkraad behou die reg om spesiale voorwaardes te

stel vir die gebruik van sy argief; dit moet in die inventaris by die stukke opgeneem word, en navorsers is daaraan gebonde.

l. Waar kerkrade of ander dokumenteienaars geen spesiale voorwaardes gestel het nie, geld die volgende: Die nog lewende argief van 'n kerkraad mag alleen met skriftelike toestemming van daardie kerkraad geraadpleeg word.

Besluit: Punte g—l: Goedgekeur.

m. Die Sinode besluit in beginsel, in die lig van die *nood-toestand* waarin die argief verkeer, dat daar *ten minste* 'n gekwalifiseerde assistentargivaris in diens geneem sal moet word. Omdat dit geldelik saamhang met die beheer oor die Teologiese Skoolbiblioteek, historiese publikasies ens., dra die Sinode dit op aan die Senaat, die Kuratorium, die deputate vir *Die Kerkblad* en die deputate vir Argiefwese om gesamentlik oorleg te pleeg en die volgende Sinode te adviseer oor:

(1) die moontlikheid om die toesig en beheer van die biblioteek, argief en kerklike publikasies ekonomies te koördineer en te beheer;

(2) die moontlikheid om 'n voltydse persoon beskikbaar te hê om vir kerkrade navrae te beantwoord uit verouderde argiefstukke;

(3) die behoefte aan 'n persoon wat hom kan besig hou met

(a) die opstel van brosjures en geskiedenis by die feesgeleenthede van gemeentes en kerklike instansies;

(b) 'n doelmatige publikasie van boustowwe;

(c) die versameling van historiese dokumente vir ons kerkgeskiedenis;

(d) die behoefte van kerkrade en meerdere vergaderings aan eenvoudige, argivalies verantwoorde liasseerstelsel vir gebruik in lewende argiewe;

(e) die daarstelling van 'n praktiese handleiding vir die Teologiese Skool om teologiese studente en predikante argivalies toe te rus vir die beheer van dokumente by kerkrade, meerdere vergaderinge en deputaatskappe.

n. Die Sinode besluit om die ongebruikte saldo weer aan die deputate beskikbaar te stel. Verder word aan die deputate opgedra om vir ten minste 6 maande in die volgende drie jaar die dienste van 'n toegeruste persoon te verkry om die ordening van die argief te begin en stel daarvoor minstens £900 beskikbaar. **Ten behoewe** van materiaal benodig word £50, vir 'n tikster £60 en vir die inbind, restorasie en mikroverfilming £100 tot beskikking van die deputate gestel, ho en behalwe die ongebruikte saldo.

Besluit: Punte m en n: Dit word aanvaar en vir afhandeling verwys na die kuratore in samewerking met die deputate vir Argiefwese. (vgl. art. 175. B. 1. c.).

o. Aan die te benoeme deputate word opgedra om by die

volgende Sinode te rapporteer oor die aanvulling van ontbrekende argiefreëse.

— **Goedgekeur.**

p. Die Sinode neem kennis van die Stigting Simon van der Stel, wat met staatsteun beoog om plekke van historiese waarde in stand te hou en magtig die deputate, indien lewenslange lidmaatskap nog vir £10 verkry kan word, om namens die Sinode te affilieer.

— **Aanbeveling word nie aanvaar nie.**

Besluit: Buiten dié punte waaroor besonderlik besluit is, aanvaar die Sinode die Rapport met hartlike dank en waardering vir die uitnemende werk wat verrig is, en daar word weer deputate benoem.

Oproep stukke geskiedkundige belang. (Vgl. art. 200, B. 2.).

Besluit: Dit word opgedra aan die deputate vir Argiefwese.

Art. 105 (110, 132, 202).

Evangelisasie.

Die Rapport van die deputate word deur dr. B. R. Krüger toegelig. 'n Kommissie ad hoc word gekies (as lede: di. *V. E. d'Assonville*, W. J. de Klerk, C. J. Malan, oudll. A. van Tonder, S. W. Venter) en hulle Verslag word deur ds. Malan toegelig.

A. U Deputaatskap, bestaande uit dr. B. R. Krüger, ds. C. Hattingh, dr. B. Duvenage, ds. P. G. W. du Plessis, ds. J. H. Booyens en ouderling D. G. Venter wens soos volg van sy werksaamhede gedurende die afgelope twee en 'n half jaar (tot met die opstelling van die rapport) verslag te doen.

1. *Konstituering en vergaderings.*

Die eerste vergadering is gehou op 27 Februarie 1958 te Pretoria en het gekonstitueer met dr. B. R. Krüger as voorsitter en ds. C. Hattingh as skriba. Die volgende vergaderings is gehou op 15 Augustus 1958, 3 Maart 1959 en 10 September 1959 en 14 Junie 1960. Waar moontlik is sekere sake per korrespondensie afgehandel.

2. *Opdrag.*

Die mandaat van die Deputaatskap lui soos volg:

a. (1) Prinsipiële bestudering van en voorligting insake evangelisasie; (2) voorsiening van lektuur vir evangelisasiewerk.

b. Voortaan sal nie meer toekennings uit die Evangelisasiefondskas met die oog op sustentasie aan gemeentes gedoen word nie. Daar moet egter nog voorsiening gemaak word vir toekennings vir 1958, aangesien die betrokke gemeentes nie meer geleentheid sal hê om vir 1958 by die Partikuliere Sinodes om hulp aansoek te doen nie (vergelyk Sinodale Handeling 1958, p. 419); ook moet evangelisasielktuur in Engels beskikbaar gestel word (Sinodale Handeling 1958, p. 420).

Besluite:

- (a) Van punte 1 en 2 word kennis geneem.
- (b) Insake punt 3 (hieronder):
 - (i) Die Sinode neem met dank kennis van die riglyne i.v.m. evangelisasie soos vervat in die rapport, t.w.:
 - I. die subjek van evangelisasie;
 - II. die voorwerp van evangelisasie;
 - III. die metodes van benadering in die evangelisasiearbeid;
 - IV. aktivering vir die evangelisasie;
 - V. evangelisasielektuur.
 - (ii) Die Sinode neem nie alle uitsprake in hierdie studiestuk vir sy rekening nie.
 - (iii) Die Sinode beveel dié riglyne in die rapport by die kerk-rade aan vir kennisname.
 - (iv) Aan punt IV (o) word geen gevolg gegee nie.

3. Uitvoering van die opdrag.

Na langdurige bestudering van die beginsels kan die neerslag van die studie soos volg saamgevat word:

I. Die subjek van evangelisasie.

a. Wat is evangelisasie?

Volgens Gereformeerde opvatting is evangelisasie die arbeid om die geloofsvervreemde Christenheid weer tot die evangelie van Christus terug te bring. Dit is die prediking van die blye boodskap van die saligheid, wat hom rig tot hulle wat van God en sy Woord vervreemd is.

b. Die subjek van evangelisasie.

(1) *God self.* Die eintlike subjek van evangelisasie is God self. Dis God wat Homself in Jesus Christus diep neerbuig oor die verlorene en hom weer teruglei tot die gemeenskap van die gelowiges.

Wanneer ons evangelisasiewerk doen, is ons besig met God se werk — ons is sy medewerkers.

Agter hierdie werk staan God self. Dit gaan van Hom uit. Hy gee daartoe die opdrag: „En dit alles is uit God wat ons met Hom versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hulle misdade nie toe te reken nie, en die woord van versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus ontwil, asof God deur ons vermaan” (2 Kor. 5 : 18-20).

God het Hom in onuitspreeklike *liefde* neergebuig tot die verlorene: „Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê” (Joh. 3 : 16).

Dis hierdie liefde van God wat Hy nou laat verkondig aan alle mense.

Maar by hierdie verkondiging van Gods liefde aan alle mense moet ons ook vashou aan sy *vrimgtige welbehag*. Wie dit uit die oog verloor, gee baie gou moed op in evangelisasiewerk.

God doen die werk: Hy gee die liefde aan wie Hy wil, en onthou dit aan wie Hy wil. „Niemand kan tot My kom tensy die Vader hom trek nie” (Joh. 6 : 44). Wie dink dat hy bekeringswerk kan doen, sal gou voor sy eie onbekwaamheid te staan kom. God gee ons die plant- en die natgooiwerk — niks meer nie. Dis Hy wat laat groei (1 Kor. 3 : 7). Hy sê ook in die brief aan Filadelfia: „Ek het die sleutel van Dawid, Ek maak oop en niemand sluit nie, en Ek sluit en niemand maak oop nie”. Volgens my vrye welbehag doen Ek hierdie dinge. Julle moet maar getrou my Woord verkondig. Volgens my welbehag sal Ek sorg dat geen uitverkorene verlore gaan nie, spreek die Here.

God doen die werk ook gedagtig aan sy verbond. In die evangelisasieprediking roep Hy weer die afkerige *kinders* tot die kerk terug (Jer. 3 : 14 en 15). Hier openbaar God sy *trou* aan hulle wat Hom ontrou geword het.

God het *reg* op die mens, en in die evangelisasiewerk handhaaf Hy ook sy *reg*. Christus eis die hele wêreld vir Hom op, want aan Hom is gegee alle mag in hemel en op aarde, daarom ook die sendingbevel: „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het” (Matth. 28 : 19).

(2) Die kerk as subjek.

Vir die uitoefening van hierdie taak gebruik God die kerk. Dit is sy leer waarmee Hy sy koninkryk op die aarde uitbrei deur die werking van die Heilige Gees.

Hy stuur sy kerk in hierdie wêreld uit om sy evangelie aan alle skepsels te predik, volgens die sendingbevel (Matth. 28).

Evangelisasie is dus die taak van die kerk van Christus.

Ds. Lucas Lindenboom stel dit soos volg:

(a) Evangelisasie is die prediking van die Woord van God, en hierdie prediking is aan die apostels en daarin aan die kerk van die Here opgedra.

(b) Evangelisasie is ook die teruglei tot die kerk, immers tot die verbond en die sakrament: wie glo, moet hom ook laat doop en deel hê aan die nagmaal en hom laat opneem in die gemeenskap van die heiliges.

(c) Die hele kerk met al sy lidmate moet deel in die sorg en die seën van hierdie werksaamheid.

Dr. Willem van den Berg wil sending en evangelisasie ook sien as 'n vierde kenmerk van die ware kerk. Dr. Kuyper beklemtoon dit ook as die amptelike werk van die kerk.

In 1923 besluit die Sinode van Utrecht: „Deze arbeid aan de

afgedoolden behoort naar het Woord Gods tot de roeping van de Kerk van Christus. De opzettelijke evangelisasie dient uit te gaan van, voor het minst te staan onder de leiding van die kerkeraad".

In die Dordtse Kerkorde, artikel 23, word die evangelisasiewerk ook by die amp van die ouderling ingesluit.

Evangelisasiewerk moet deur die gemeente gedoen word, ongeorganiseerd ('n lig op die tafel, 'n stad op 'n berg) maar ook georganiseerd onder die leiding van die kerkraad.

Die hele gemeente moet deur die eerwaarde kerkraad geaktiveer word tot die uitoefening van hierdie taak.

Die Here wil nie net enkele evangelisasievriende hê wat deur die kerkraad op 'n kommissie geplaas is om hierdie werk te doen nie, maar 'n evangelisiegemeente (vergelyk Filadelfia). 'n Gemeente doen nie evangelisasie wanneer 'n kommissie alleen dit doen nie, en 'n kerkraad kwyd hom ook nie van sy taak wanneer hy toesien dat so 'n kommissie gestig is en werk nie, maar eers wanneer 'n kerkraad alles in sy vermoë doen om elke lid van die gemeente sover moontlik op die een of ander wyse in te skakel by hierdie werk, kan hy hom ook voor God verantwoord t.o.v. hierdie opdrag.

Die terrein is dus baie breed, en God het aan elke lidmaat gawes en talente gegee om op hierdie terrein aan te wend tot eer van sy naam.

II. Die voorwerp van evangelisasie.

a. Die volkskerkidee.

Evangelisasie is nie 'n soort inwendige Sending soos die „Inner Mission” in Duitsland en die „Home Mission” in Engeland nie. Hierdie praktyk gaan uit van 'n bepaalde kerkbegrip, nl. die idee van 'n volkskerk opgevat in die sin van 'n kerk „die de poorten zoo wijd mogelijk open set, die allen wil behouden, doopt al wat in de Doophuis komt, hoogstens tucht oefent over het leven, zeker niet over de leer. 'n Kerk die allen wil bevatten en dat mogelijk maakt door in plaas van op den belijdenis, of die reglemente de meesten nadruk te leggen” (*Handboek Geref. Ev.*, p. 3).

Hierdie kerk wat volkskerk wil wees, verval maklik in die toestand dat dit 'n lewende deel en 'n sterwende deel bevat. Die lewende deel dryf dan evangelisasie by die sterwende deel. Ons verwerp hierdie volkskerkidee.

b. Gereformeerde idee.

Ons gaan uit van die plaaslike kerk as die selfstandige, sigbare openbaring van die liggaam van Christus, wat 'n *vergadering van gelowiges* is, waar die ampte ingestel word vir die diens van die Woord en die sakramente en vir die kerklike regering. Dit is die plig van die belydende kerk om sy belydenis te handhaaf en om tug uit te oefen oor die leer en lewe van die lidmate.

Dwaal 'n lid nou af, dan moet hy vermaan word en by hard-

nekkigheid onder tugoefening geplaas word. *By diegene wat hulle in die boesem van die gemeente onchristelik gedra, word nie evangelisasiewerk gedoen nie, maar hulle word deur die sleutel van die hemelryk uitgesluit uit die kerk van Christus... totdat hulle waargtig verbetering beloof en bewys, wanneer hulle dan weer as lidmate van Christus en sy gemeente aangeneem word.* Die Gereformeerde evangelisasie rig hom dus nie tot die lidmate van die eie kerk nie. 'n Kerk wat sy eie lidmate evangeliseer, word daardeur in 'n staat van beskuldiging gestel dat dit as kerk sy roeping verzaak. Die Gereformeerde evangelisasie rig hom dus nie tot die lidmate van die gemeente nie maar *buite* die gemeente en *wel tot die afgedwaaldes* wat dikwels *sonder dat die kerklike dissipline of tug oor hulle uitgeoefen is, weggeraak het.* Hulle het van die pad van die verbond afgegly. Oor hierdie *afgedwaaldes* of *weggeraaktes* kan die kerklike tug uit die aard van die saak nie uitgeoefen word nie. Hulle kan kerkregtelik nie voorwerpe van kerklike dissipline wees nie: hulle staan prakties buite die kerk en is voorwerpe van evangelisasie.

c. Die probleem in Suid-Afrika.

Met die sogenaamde vierde mens, dit is met die seun en die kleinseun van die verlore seun, het ons hier in Suid-Afrika nog weinig te doen. Die probleem in Suid-Afrika is dat mense wat vyf of tien jaar nie meer in die kerk kom nie, nog altyd officieel lidmate van die kerk is. Ons tref hierdie ongerymde toestand aan dat baie wat tot die kerk behoort, ook tot die kerk wil behoort maar sonder enige geestelike erns en sonder geloof en bekering. So behoort daar baie mense tot sommige kerke, maar innerlik staan hulle vreemd teenoor die kerk en teenoor die evangelie. Hulle wil sogenaamd lid van die kerk wees sonder om die konsekwensies van die evangelie vir hulleself te aanvaar. Hierby kom nog dat daar nie 'n duidelike antitese is nie. Die skeidslyn tussen gelowiges en ongelowiges is baie swak. By hierdie mense bestaan die idee van 'n populêre Christen, wat vir die skyn en fatsoenlikheidshalwe nog tot die kerk wil behoort. *Buitekerklikheid* as sodanig is hier dus nie die grootste probleem nie. Hier is dit hoofsaaklik te doen met die verlore seun wat uiterlik lid is van 'n kerk en wat nog 'n skamele kennis van die evangelie en die Vaderhuis het. Ons het dus hier te doen met 'n kategorie mense wat ons die lusteloses en die louses kan noem. Offisieel het hulle nog nie met die kerk gebreek nie. Hulle sal byvoorbeeld van die een dorp na die ander verhuis, van die een stad na die ander, van die een gemeente na 'n ander gemeente sonder om 'n attestasie aan te vra of in te handig. Hulle het eenmaal belydenis van die geloof afgelê, en nou bly hulle vanselfsprekend lid van die kerk.

Dit is dus moontlik dat ons Gereformeerde evangelisasie in Suid-Afrika hom onder omstandighede kan rig tot mense wat nog

wel offisieel lede is van sommige kerke maar uit wie se lewensopenbaring dit duidelik blyk dat hulle Christus nie ken nie en in sy diens nie leef nie. Dit moet egter geskied na oorlegpleging met die betrokke kerk.

III. Die metodes van benadering in die evangelisasiearbeid.

a. Wat word verstaan onder 'Metodes van Benadering'?

Wanneer daar besin moet word oor die verskillende metodes van benadering ten opsigte van verskillende voorwerpe van evangelisasie, val dit dadelik op dat benadering in tweeërlei sin verstaan kan word.

Bedoel ons 'benadering' in die sin van soek na die verlorene, of beteken dit die verskillende metodes waarop die reeds gevonde afgedwaalde bearbei moet word nadat kontak met hom gemaak is?

Ons moet hier slegs gewag maak van die verskillende metodes wat aangewend moet word om behoorlik *kontak* met die afgedwaaldes van die kerk van Christus te maak.

Ons moet in die benadering van die afgedwaalde enkele primêre faktore nie uit die oog verloor nie. Hoewel ons baie van die buitelandse evangelisasiemetodes kan leer en ook beslis daarvan moet kennis neem, is dit tog ons oorwoë mening dat ons in hierdie land met 'n eiesoortige evangelisasienvoorwerp te doen het. Daarom moet ons ook 'n eiesoortige en besondere metode vind om die afgedwaaldes te benader. Ons moet nie buitelandse metodes blindelings navolg en ook nie die buitelandse resepte slaafs gebruik nie. „Onegte” benadering kan baie skade berokken aan die arbeid en ons doel heeltemal laat mis. Onder 'oneg' verstaan ons metodes wat nie strook met die eie aard en karakter van hulle wat moet arbeid of bearbei word nie.

b. Die probleem.

Soos reeds gemeld het ons in Suid-Afrika op die oomblik nog weinig te doen met die „seun van die verlore seun”. Hiermee moet ons terdê rekening hou. Hierdie afgedwaaldes is nog almal (die enkele uitsonderings daargelaat) verlore seuns wat willens en wetens die vaderhuis vaarwel toegeroep het, of verlore penninge wat as gevolg van die kerk se ontrouheid onder die stof van die wêreld soek geraak het. 'n Metode wat dus van die stelling uitgaan dat hierdie mense aggressief en uitgesproke vyandig teenoor die kerk staan, sal nie altyd inslag vind nie.

In hoofsaak kan ons tweeërlei metode van benadering onderskei:

- (1) Die ongeorganiseerde of spontane wyse van benadering;
- (2) die van kerkraadsweë georganiseerde metode.

(1) Die ongeorganiseerde of spontane metode.

Wanneer die gelowige die blydschap van die verlossing in Christus ervaar, dan kan en mag hy nie daarvan swyg nie. Dan moet hy daarvan getuig. Dit is seker een van die vrugbaarste metodes

waarop die weggedwaalde benader kan word. Eers as hierdie metode deur elke lewende lidmaat beproef word, is daar sprake dat die gelowige die sout van die aarde en die lig van die wêreld kan wees.

Ook op hierdie wyse kan die Evangelie van Christus tot in die diepste skuilhoeke van die menslike samelewing en soos 'n suurdeeg ons hele lewensterrein deursuur.

Daarom moet hulle wat die Woord van God verkondig, self met 'n gloeiende ywer vervul wees vir hierdie taak wat Christus sy kerk opgelê het om deur die prediking en huisbesoek die lidmate aan te vuur om te bely en te getuig van Jesus Christus.

Onnoembaar baie is die geleenthede wat lidmate het om op spontane wyse in hulle daaglikse arbeid, op die trein en bus, op kantoor of tydens vriendskaplike besoeke kontak te maak met hulle wat vervreemd is van die kerk.

Eers wanneer daders van die Woord dit belewe dat hulle hulle broers se wagters is en dat God elkeen wat hulle lewensweg kruis, se bloed van hulle hand sal eis, sal hierdie metode met vrug toegepas word. Die hele georganiseerde evangelisasiemetode moet dan ook daarop gerig wees om die gemeentes op te voed om tot die beoefening van die spontane metode te kom. Indien elke lidmaat spontaan en bewus kontak met onkerklikes maak, sal dit aan die ander kant die georganiseerde evangelisasie tot groot hulp wees in die verskaffing van adresse.

(2) Georganiseerde evangelisasie.

Die georganiseerde evangelisasie moet uitgaan van die kerkraad.

(a) Behoorlike en stelselmatige sensusopname.

'n Behoorlike en stelselmatige van huis tot huis sensusopname is die eerste en belangrikste stap om tot 'n aktiewe evangelisasiemerk te kom. Voordat ons nie eers die veld waarop ons moet arbeid, goed verken het nie, bly ons pogings in 'n groot mate slegs lapwerk. Die kerkraad kan vir hierdie deel van die arbeid die grootste gedeelte van die lidmate mobiliseer. 'n Vraelys word dan kortliks ingevul, terwyl uit die antwoorde 'n goeie (voorlopige) beeld van die opgespoorde afgedwaaldes verkry behoort te word. Hierdie antwoorde bied 'n goeie aanknopingspunt met die verdere besoeke.

Nadat 'n deeglike opname gemaak is, kan nou 'n aanvang gemaak word met gereelde lektuuraflewering, inskakeling by aktiewe lidmate, getroue 'pastorale sorg', uitnodiging na gemeentelike samekomste en veral na die bywoning van eredienste.

In stedelike gebiede met 'n snel wisselende gemeenskap sal dit noodsaaklik wees om eintlik gedurig met hierdie groot taak besig te bly.

(b) Intensiewe en gereelde hospitaalbesoek.

Die hospitaal is 'n besondere vrugbare veld vir georganiseerde evangelisasie. Hier tref ons dikwels die afgedwaalde mens aan in sy

grootste ontreding. In die hospitaal word dikwels bande gesmee met buitekerklikes wat tot laasgenoemde se terugkeer tot die kerk lei.

(c) *Spesiale sorg aan onkerklikes met besondere probleme.*

Dit is miskien nie vergesog nie om in stedelike gebiede te dink aan 'n sentrale kantoor waar by voorkeur 'n emeritus predikant of ander bekwame persone onkerklikes met besondere probleme behulpzaam kan wees.

(d) *Evangelisasie onder die massa.*

Daar moet ook kontak gemaak word met die massa. Dit kan op die volgende wyse geskied:

(i) Etensuurdienste by fabriek en ander werksplekke, waar groot getalle werkers saamgevoeg is.

(ii) Sondagskool aan kinders van onkerklikes. Dit is ongelukkig 'n terrein waarop ons nog baie min gedoen het. Indien ons egter wil voorkom dat ons met die seun van die verlore seun te doen kry, sal ons beslis hieraan aandag moet gee.

(iii) Dienste aan strand- en vakansieoorde.

(iv) Grootskaalse verspreiding van lektuur.

(v) Die rolprent: Met 'n goeie evangelisasierolprent kan mense bereik word met wie prakties gesproke nooit anders kontak gemaak sal kan word nie.

(vi) Jeugklubs: 'n Jeugklub kan 'n groot faktor wees in die bekamping van onkerklikheid onder kerklose jongmense. Indien die regte voorligting en leiding verskaf word, kan die arbeid onder hierdie jongmense veral in ons tyd tot groot seën wees.

(vii) Die radio: Predikante moet gevra word om indien hulle 'n diens oor die radio waarneem, dit so in te klee dat onkerklikes daardeur bearbei word.

IV. *Aktivering vir die evangelisasie.*

Die groter belangstelling wat daar in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vir die evangelisasiewerk moet kom, moet onder die volgende hoofde besien word:

a. Die gemeentede moet onder die diepe besef wees van *hulle eie doemwaardigheid* en verlorenheid voor God — sonder Jesus Christus. 'n Gemeente wat sy sonde nie ken nie, kan nie evangelisasiewerk doen nie, laat staan nog daaraan 'n behoefte hê.

b. Die predikant, die kerkraad en die gemeente *moet hulle steeds besin oor hoe en of hulle uit die bron Jesus Christus lewe*. Die afstand van jou geloofslawe van die Here bepaal in hoeverre jy jou geroepe voel vir hierdie opdrag en taak deur God aan sy kerk op aarde gegee.

c. *Die positiewe geloofslawe*, soos dit tot uiting kom in 'n lewenswandel, moet steeds in gedagte gehou word. Die dankbare gelowige is 'n wandelende preek op aarde.

d. *Die gebed in die erediens* moet daarop ingestel wees om die behoeftes van die verlore skape voor die troon van die Here te gedenk. As die herder bewoë is oor die afgedwaaldes, sal die kudde minder ongevoelig wees teenoor die afgedwaalde.

e. *Op die kerkraadsvergaderinge* moet gereeld gespreek en verslag gedoen word oor evangelisasie. Ons is gedug oor die suiwer bediening van Woord, sakrament en tug — en dit is reg, maar ons moet ook begaan wees oor die sending-evangelisasiebevel van Jesus Christus: „Gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel”.

f. Die prediker moet in die *bediening van die Woord* die evangelisasietaak stel, d.w.s. hy moet 'n studie maak van die evangelisasiemateriaal soos dit in die Skrif vaslê. Onbekend maak onbeminde — ook in hierdie opsig. En die kosbare pêrel moet voor die oog van die gemeente skitter tot eer van die Here.

g. Wat die *huisbesoek* aanbetref, moet ampsdraer en gemeentelid oor evangelisasie spreek — nie net oor die behoeftes en belange van die gemeente nie: dit maak mens soms nog armer as wat jy is. Die gelowige lewe van sy uitgawes — nie van sy inkomste nie. Ons bedoel dit hier nie net stoflik nie maar ook geestelik. Dink en bid en spreek oor die behoeftes van die voorwerpe van evangelisasie — dan vergeet jy jou eie behoeftes en is daar meer dankbaarheid.

h. (1) Die gemeentede moet also aangemoedig word tot *onopsetlike* evangelisasie op hulle weg en in hulle werk. En hulle moet die nodige stimulus ontvang van die herder en leraar en kerkraad maar ook as gemeentede van mekaar.

(2) *Katkinsante* moet onderlê word in die beginsels van evangelisasiewerk.

i. Die kerkraad moet 'n oop oog en 'n oop oor hê vir die *ontluikende gawes en kragte wat die Here aan die gemeente gegee het* met die oog op evangelisasie, en dan moet die belangstellende en bekwame broeders en susters benoem word op die kommissies wat die gemeentede help besoek en aktiveer vir evangelisasie onder leiding.

j. Die *name* en *adresse* moet versamel word, waarna besoeke afgelê word. Sondagskool (d.i. geestelike onderrig) van kerklose kinders moet onder leiding van die kerkraad behartig word.

k. *Evangelisasie-aande* kan plaaslik georganiseer en aangemoedig word. Op hierdie byeenkomste kan dit leersaam en gesellig daaraan toegaan. Buitekerklikes word ingeskakel en Sondae saam na die dienste geneem. Daar word 'n *band* gesmee, en die gemeente is ingeskakel, want elke lidmaat, soos vroeër aangehaal, het 'n plig en roeping tot evangelisasie.

l. *Lektuur* moet gereeld uitgedeel en besorg word sowel aan die betrokke adresse as aan die spreekkamers van dokters, tandartse ens.

m. *Wyksamekomste* kan gereël word waarheen evangelisasie-

voorwerpe uitgenooi word om hulle te ontvang, en langsamerhand word dit vir hulle makliker gemaak om ingeskakel te word.

n. *Die Sinodale deputaatskap* vir evangelisasie sorg vir lektuur.

o. U Deputaatskap beveel by die eerwaarde Kuratore en Sinode aan die dosering van die vak Evangelistiek of 'n *leerstool vir Evangelistiek*. Ons Kerk het 'n grootse taak, en vanuit die Teologiese Skool moet die vlam brandende gehou word. Indien 'n leerstoel ingestel word, kan die sowat *drie-en-twintig duisend huisgesinne* van ons Kerk gevra word om 9d. *per huisgesin per jaar* vir evangelisasie te gee, wat 'n bedrag lewer van meer as £800 per jaar vir die leerstoel.

Watter leiding en seën kan die Kerk nie hierdeur te beurt val nie!

Besluit: (Aan hierdie laaste punt word geen gevolg gegee nie — vgl. besluit voor 3.).

V. *Evangelisasielektuur.*

Die betekenis en invloed van geskikte lektuur vir evangelisasie-doeleindes is moeilik te oorskat. Maar die vraag kom weer telkens aan die orde: Wat is geskikte lektuur? Met die vooruitgang van die drukpers is dit sekerlik vandag moontlik om 'n groot verskeidenheid van lektuur daar te stel. Het ons as kerk al werklik getrag om die moontlikhede van die drukpers te benut in die diens van die koninkryk van God, of het die lektuur maar 'n klein sylentjie in ons evangelisasieaksie geword?

Op die vraag na die kenmerke van geskikte lektuur is dit noodsaaklik om die volgende punte kortliks te bespreek:

- a. Historiese oorsig.
- b. Omvang en grootte.
- c. Vorm.
- d. Aktualiteit.
- e. Metode van verspreiding.

a. *Historiese oorsig.*

Daar word gewoonlik onderskei in drie periodes naamlik:

(1) *Tyd van die Hervorming.* Die lektuur was toe meer onderwysend en verklarend. 'n Mens dink aan die magistrale werk van Calvyn, *Die Institusie*, maar ook aan sy kommentare. Die negatiewe het ook aandag ontvang, veral in die stryd teen Rome.

(2) In die *tyd van die Metodisme* val daar 'n duidelike kentering op te merk in die lektuursoort. Die persoonlike vroomheid kom sterk op die voorgrond te staan. Die vermaning tot persoonlike reinheid word sterk benadruk.

(3) Na die *Franse Revolusie* het daar 'n vloedgolf van ongelooftot openbaring gekom in die verwerping van tradisionele bindinge aan die kerk. Die ontkersteningsproses neem 'n vinniger tempo

aan. Die bstryding van ongeloofteorieë neem 'n breë plek in in die lektuur.

Maar daar het later nog belangriker wendinge gekom. Teenoor die ongelooft het daar veral van Protestantse kant 'n groot offensief gekom, wat ongelukkig ook uitloop het op 'n groot versplintering van die Protestantse waarhede.

In Suid-Afrika kry ons, veral na die Tweede Wêreldoorlog, die opkoms van 'n *moderne blanke heidendom*, wat hom openbaar in onkerklikheid; maar dan kry ons daarnaas, 'n sterk tussengroep, wat wel nog uiterlik lidmate van 'n kerk is maar prakties totaal daarmee gebreek het.

'n Derde groep wat deur die evangelisasielektuur bereik moet word, is die mense wat onder die *sekte* verval het.

b. *Omvang en grootte.*

Die lektuur vir evangelisasiedoeleindes kan van verskillende omvang wees, maar tog sal dit ook weer afhang van verskillende faktore. In ons volkslewe het dit al bekend geword dat die breë massas nie geïnteresseerd is in dik boeke nie, maar hulle wil eenvoudige en kort leesstof hê, geskik om te lees op die trein of bus. Die intellektuele sal miskien weer meer geïnteresseerd wees in 'n deeglike en taamlik omvangryke behandeling van 'n onderwerp.

Tog skyn dit ons die beste om die *pamflet* te gebruik of die *traktaat*, wat van geringe omvang is. Ook hier is verskillende moontlikhede: om die traktaat of pamflet net oor een onderwerp te laat handel of om verskillende onderwerpe daarin te behandel.

Laasgenoemde weg word gevolg deur die kwartaalblad van die deputaatskap *Quo Vadis*, wat die omvang van 'n taamlike traktaat het.

Die omvang word ook bepaal deur die inhoud. Wanneer byvoorbeeld die oppervlakkigheid bestry word, kan dit maklik die vorm aanneem van 'n pamflet. So is dit ook met die bstryding van byvoorbeeld Sondagsonthelwing. Wanneer egter 'n sekte bestry word, is 'n traktaat van groter omvang meer gewens. Maar dan nog moet ons 'n gerieflike grootte beoog, bv. 5" x 3½". In Suid-Afrika is die *vlugskrif* 'n uiters handige grootte, waarin die saak pittig en kort en duidelik maar tog pakkend gestel word.

Daarbenewens moet ons seker meer gebruik maak van illustrasie.

c. *Die vorm.*

Die vorm hang saam met die vraag wie die lesers is en wat die doel met die traktaat of vlugskrif is.

Hier word onderskei tussen verskillende soorte lektuur, hoewel ons dit nooit summier kan skei nie.

(1) *Die tetiese of stellende vorm.*

Hierdie vorm is vandag nog noodsaaklik. Die waarheid word positief gestel. Dis noodsaaklik om die ongelowige maar ook die

onverskillige en afgedwaalde direk voor die waarhede van die Woord van God te stel. Onder hierdie groep kan ons dan onderwerpe behandel soos die Verbond, die Uitverkiesing, die lewe na die dood, ens., maar dan geskrywe op 'n eenvoudige en boeiende wyse. Tog moet dit duidelik blyk dat ons met *Bybelse* waarhede te doen het.

In Suid-Afrika bestaan daar werklik 'n groot tekort aan hierdie soort leesstof. Lê dit nie op die weg om 'n eenvoudige dogmatiek in traktaatvorm uit te gee nie?

(2) *Die apologetiese of verdedigende vorm.*

Hierdie vorm kan gebruik word teenoor duidelik afwykende groepe, wat as gevare die waarheid van die Woord van God verdonker. Onder hierdie groep vat ons saam die *strydskrif* teen die verskillende sektes en teen die Roomse e.a.

d. *Die aktualiteit.*

Hieroor sal ons in Suid-Afrika byvoorbeeld anders dink as die mense in Nederland. Daar tree die ongelooft en humanisme sterk op die voorgrond, terwyl hier in ons land meer onkunde omtrent en onwil tot die kennis van die waarheid heers. 'n Groot deel van ons volk is nog lidmate van een of ander kerk. *Daarom is dit werklik noodsaaklik dat ons lektuur hierdie situasie die hoof bied.*

Die aktualiteit sal dan eerstens blyk uit die onderwerp of titel van die artikels of vlugskrifte. Die *titel* moet pakkend wees en dadelik die leser voor 'n probleem stel.

Moontlik sal dit goed wees om in *Quo Vadis?* ook 'n vraebus te oorweeg.

Verder moet die lektuur ook aktueel wees deurdat dit rekening hou met die *begripsvermoë* van die lesers.

e. *Metode van verspreiding.*

Hier is twee metodes wat ons aandag verdien, naamlik die massale wyse en die individuele wyse.

(1) *Die massale wyse.*

Dit spreek vanself dat dit nie op die weg van die deputate van die Sinode lê om die lektuur te besorg aan die adres van die evangelisasiegevalle afsonderlik nie, maar die vraag kan wel geopper word of die deputaatskap nie kerkrade moet stimuleer om lektuurverspreiding ook op 'n massale wyse aan te pak nie. Dan kan byvoorbeeld 'n sekere pamflet in 'n sekere gebied van huis tot huis versprei word, miskien ook deur die katkisasiekinders. Afgesien van die huis tot huis-verspreiding vorm die verskaffing van geskikte lektuur in die spreekkamers van geneeshere, hotelle ens. 'n belangrike afsetterrein.

Sou dit nie moontlik wees om op stasieperonne 'n lektuurstalletjie deur verskillende stadsgemeentes te onderhou nie, en moet ons skepties staan teen 'n poging om byvoorbeeld op die Randse Paastentoonstelling so 'n stalletjie te onderhou?

(2) *Die individuele wyse.*

Die massale metode kan maklik daartoe lei dat mens net daarop

uit is om soveel moontlik lektuur te versprei sonder meer. Dit mag sekerlik ook 'n goeie doel dien, maar die persoonlike bearbeiding moet voorkeur geniet. Dan soek die evangelisasiekommissies of gemeentelede of kerkrade die gevalle op en versprei terselfdertyd ook geskikte leesstof wat kan aansluit by hulle gesprek.

U Deputaatskap het op uitnodiging per korrespondensie en andersins die nodige voorligting en inligting gegee oor verskeie aspekte van die evangelisasiewerk en van die lede van die Deputaatskap het by verskeie geleenthede lesings en toesprake op uitnodiging gehou.

VI. *Voorsiening van lektuur vir evangelisasiewerk.*

Quo Vadis?, die kwartaalblad vir evangelisasie, wat in 1956 met 'n oplaag van 4,000 per jaar begin het, het nou 'n oplaag van 20,000 per jaar. Die blad, hoewel nog vol tekortkominge, voorsien in 'n groot behoefte en word deur kerkrade bestel of vanaf Posbus 2030, Pretoria, op inisiatief van die Deputaatskap aangestuur sonder dat daar 'n bestelling geplaas is. Nie alleen aan kerkrade en gemeentelede (wat daarom vra) word die blad gestuur nie, maar ook aan andere buite die Gereformeerde kerkverband.

Quo Vadis? word ook in hospitale versprei en lewer onder die seënende Hand van die Here hier ook goeie diens.

Van sommige artikels van die kwartaalblad word herdrukke gemaak, wat dan weer op aanvraag en andersins versprei word. 'n Herdruk van *Waarheid en dwaling* met enkele wysinge en aanvullings is deur u Deputaatskap as noodsaaklik beskou. 'n Antwoord op 'n skrywe aan die K.J.B.F. is ontvang, waarin gemeld word dat die K.J.B.F. besig is met 'n herdruk.

Behalwe die kwartaalblad *Quo Vadis?* is daar herdrukke gemaak oor verhandelings van aktuele onderwerpe. Hierbenewens is daar ook verskeie ander pamflette oor belangrike sake gedruk en versprei; ook hospitaal-lektuur is in voorraad.

U Deputaatskap het ook voorsiening gemaak vir Engelse lektuur, en daar is ook heelwat hiervan versprei, niesteenstaande die feit dat die aanvraag swak is.

Oor die algemeen kan daar nog groot verbetering kom t.o.v. die aanvraag van lektuur.

Besluit: Met dank kennis geneem van hierdie gedeelte (VI) van die Rapport.

4. In verband met die opdrag aan dr. B. R. Krüger om 'n handboek oor evangelisasie saam te stel kan nou gerapporteer word dat die manuskrip D.V. met die sitting van die Sinode gereed sal wees en dat dit dan aan die K.J.B.F. deputaatskap oorhandig sal word om te publiseer volgens besluit van Sinode 1958 (vgl. Handeling Sinode 1958, p.419).

Besluit:

- (a) Die Sinode onthef dr. Krüger van hierdie opdrag.
 (i) omdat die behoefte vir sodanige handboek nie groot genoeg is nie;
 (ii) omdat daar nog nie eenstemmigheid in die prinsipiële benadering van evangelisasie is nie.
 (b) Die dank van die Sinode word aan dr. Krüger toegebring vir die arbeid wat hy verrig het.

5. Aansoeke om steun vir 1958 uit die Evangelisasiefonds is behandel op die vergadering van 27 Februarie 1958, en uit die notule word die volgende uittreksel gemaak: „Die volgende aansoeke is behandel: (a) Johannesburg-Sentraal ontvang £200; Johannesburg-Mayfair £200; Lusaka £150; N'Kana £300; Keetmanshoop £120; Windhoek £50; Stegi £25.

„Ten opsigte van die aansoek van Windhoek word besluit om 'n skrywe te rig aan die kerkraad waarin gevra word of hulle aansoek om steun nog staan. Indien hulle dit nie nodig het nie, sal dit aan die gemeente Lusaka uitbetaal word. Ook die steun aan Stegi is voorlopig goedgekeur. Nadere besonderhede sal eers gevra word”.

Besluit: Aangesien hierdie sustentasieaansoek afgehandel is, word hiervan kennis geneem.

6. Aanbeveling: Die Deputaatskap beveel aan:

(a) (i) Die mandaat van die deputate vir evangelisasie is: die voorsiening van evangelisatielektuur.

(ii) Die naam van die deputate is: Deputate vir die voorsiening van evangelisatielektuur;

(b) Die eerw. Sinode laat weer 'n vrywillige kollekte vir Evangelisasie by die gemeentes toe, met dié verstandhouding dat die Sinode hom geensins verder verbind tot enige finansiële toekennings aan die bestaande fonds vir evangelisatielektuur nie.

Besluit: Aanbevelings, soos gewysig, aanvaar. (Die wysigings is reeds aangebring. — Depte. Acta).

B. Die volgende beskrywingspunte kom aan die orde (art. 110).

1. Van Klassis Krugersdorp, toegelig deur dr. B. Duvenage: Die Algemene Sinode spreek hom uit oor die metode van evangelisasie onder die Engelssprekendes en of gewerk moet word in die rigting van 'n eie kerkformasie onder die Engelssprekendes. In hierdie verband besin die Sinode hom om korrespondensie in enger sin met behoudende Engelssprekende Kerke te voer.

2. Van Part. Sinode Noord-Transvaal, toegelig deur ds. H. F. V. Kruger:

Die advies en daadwerklike steun van die Generale Sinode word versoek i.v.m. die uitdra van die Gereformeerde godsdiens onder die ander blanke bevolkingsgroepe.

Besluit: Die eerw. Sinode neem met dank kennis van die

evangelisasiepogings onder Engelssprekendes en ander blanke groepe en moedig die plaaslike kerke aan in hierdie werk.

Art. 106 — Sluiting.

Die werksaamhede van die dag word afgesluit deur oudl. C. T. Vermaak wat Ps. 8 : 4 laat sing en in gebed voorgaan.

SATERDAG 4 FEBRUARIE 1961

Art. 107. — Opening.

Die werksaamhede van die dag word geopen deur die Voorsitter wat Ps. 147 : 1—9 lees. Ds. H. J. Kruger laat sing dan Ps. 145 : 1, 12, en gaan voor in gebed.

Art. 108. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Art. 109. — Notule.

Die notule word vasgestel vanaf art. 73 tot art. 81.

Art. 110. (Beskrywingspunte i.s. evangelisasie). Kyk by art. 105. B.

Art. 111.

Sinodale ramings.

Die Rapport van die deputate word toegelig deur ds. J. H. Venter.

1. *Deputaatskap en Mandaat.*

Die Sinode van 1958 het di. W. F. Venter (S.), J. H. Venter, J. L. J. Snyman, drr. H. Venter en E. L. Grové benoem as deputaatskap met die volgende mandaat: „Die beskrywingspunt (van die Westelike Klassis, Kaapland insake nuwe formule vir sinodale ramings) word na 'n deputaatskap verwys om op grond van algemene en behoorlike statistiese gegewens te rapporteer oor 'n regverdige stelsel vir sinodale ramings” (artikel 193).

2. *Werksaamhede en gegewens.*

Die volle Deputaatskap het twee keer vergader afgesien van subkommissies se vergaderings. Vir die insameling van „algemene en behoorlike statistiese gegewens” is 'n vraelys insake die finansiële aangeleenthede van die kerke aan alle kerkrade gestuur. So gunstig was die reaksie op hierdie vraelys dat die Deputaatskap aan die hand van die verstrekte gegewens die regverdigheid van sowel die huidige ramingstelsel as die een wat deur die Westelike Klassis aanbeveel is, behoorlik kon toets. Die huidige stelsel kom daarop neer dat die raming per belydende lidmaat dieselfde is vir al die kerke, ongeag die grootte en finansiële toestand van die verskillende kerke. Die stelsel wat deur die Westelike Klassis aanbeveel is, gaan daarvan uit dat die raming per belydende lidmaat verband moet hou met die grootte van die kerke, aangesien daar 'n groter finansiële las op die gemiddelde lidmaat in kleiner kerke sou rus as in die geval van groter kerke.

Uit die ongeveer 90 kerke wat finansiële gegewens aan die Deputaatskap beskikbaar gestel het, is 'n keuse gemaak van 46 redelik normale kerke wat geen of weinig sustentasie ontvang het.

Die gegewens van hierdie 46 kerke oor die finansiële jaar 1958 is soos volg opgesom:

Groepe volgens belydende lidmate	Aantal gemeentes in groep	Aantal lidmate in groep	Totale inkomste	Totale uitgawes			Kapitaal-surplus (bates bo laste)
				Plaaslik	Kerkverband	Totaal	
0-149	7	895	£13,840	£12,590	£1,356	£13,946	£34,600
150-249	7	1,407	£20,642	£18,499	£1,805	£20,304	£80,437
250-349	9	2,809	£35,479	£31,319	£3,375	£34,694	105,098
350-499	12	4,778	£47,386	£33,940	£5,259	£41,879	204,210
500-599	6	3,274	£31,069	£21,086	£3,005	£27,303	75,430
600 +	5	3,244	£33,860	£26,601	£3,293	£29,894	122,042
TOTAAL	46	16,407	182,276	144,035	18,093	168,020	621,817

Bostaande tabel is soos volg herlei om die gegewens per belydende lidmaat te bied:

Groepe volgens belydende lidmate	Totale inkomste per belydende lidmaat	Uitgawe per belydende lidmaat			Kapitaal-surplus (bates bo laste) per belydende lidmaat
		Plaaslik	Kerkverband	Totaal	
0-149	£15.5	£14.1	£1.5	£15.6	£67.7
150-249	£14.7	£13.1	£1.3	£14.4	£57.2
250-349	£12.6	£11.2	£1.2	£12.4	£58.1
350-499	£ 9.9	£ 7.6	£1.2	£ 8.8	£46.6
500-599	£ 9.5	£ 7.2	£1.1	£ 8.3	£27.6
600 +	£10.0	£ 7.9	£1.0	£ 8.9	£36.0
Gemiddeld	£11.1	£ 9.0	£1.2	£10.2	£45.9

3. Afleidings.

Die volgende afleidings is uit die bostaande tabelle en die beskikbare gegewens gemaak:

a. Uit die tweede tabel blyk dat daar per lidmaat in die

kleiner kerke gemiddeld meer bygedra word as in die groter kerke.

b. Ook die uitgawes per lidmaat is groter by die kleiner kerke, sowel wat betref die plaaslike uitgawes as die aan die kerkverband, laasgenoemde blykbaar vanweë partikulier-sinodale en klassisramings.

c. Die kapitaalsurplus per lidmaat is egter groter in die kleiner kerke as in die groter kerke, 'n feit wat daarop dui dat die kleiner kerke in die algemeen oor meer afgeloste bates beskik.

d. Die afleidings a, b en c is slegs relatief waar, want daar is groot onderskeid in die inkomste, uitgawe en kapitaalsurplus per belydende lidmaat by verskillende kerke van dieselfde grootte.

e. Afgesien van die grootte van die kerke is daar nog ander belangrike faktore wat vername invloed het op die finansiële vermoë van veral die kleiner kerke, soos byvoorbeeld kombinasie en sustentasie.

4. Aanbevelings.

Hoewel dit in die algemeen waar is dat daar 'n groter finansiële verpligting per belydende lidmaat op die kleiner kerke rus om plaaslike en kerkverbanduitgawes te dek as in die geval van groter kerke, kan die Deputate tog nie aanbeveel dat hierdie verskynsel moet dien as basis vir 'n nuwe ramingsformule soos deur die Westelike Klassis voorgestel nie, en wel om die volgende redes:

a. Sinodale ramings vorm slegs 'n geringe gedeelte van die totale uitgawes van 'n kerk. Gesien van die standpunt van die kerk sou 'n mens reken dat van al die uitgawes sinodale ramings juis op die regverdigste basis staan, want dit is dieselfde per lidmaat vir alle kerke, terwyl dit juis die ander uitgawes is wat vir die kleiner kerke hoër is per lidmaat as vir die groter kerke.

b. Daar is soveel ander faktore wat ook in aanmerking geneem kan word by die bepaling van wat 'n kerk kan bydra — soos by. die welvarendheid van die gemeentelêde — en wat prakties onbehaalbaar is, dat dit nie billik sou wees om net hierdie een faktor — die aantal lidmate — as maatstaf vir differensiasie te gebruik nie.

c. Indien die finansiële las vir kleiner kerke te groot word om te dra, kan die druk verlig word langs die weg van sustentasie. Hierby is dit veral die groter kerke wat hulp aan hulpbehoewende kleiner kerke verleen, al weer omdat dieselfde bedrag wat aan sustentasie ontvang is, by die kleiner kerk proposisioneel groter is per lidmaat.

d. Indien die raming per belydende lidmaat wissel volgens die grootte van die kerke, sal dit betreklik moeilik en ingewikkeld wees om die ramingsaanslag vir 'n bepaalde kerk te bereken, en afstigting sal die inkomste vir die kerkverband gedurig laat skommel.

U Deputaatskap beveel aan dat met die huidige ramingsstelsel voortgegaan sal word, aangesien 'n gelyke raming per belydende lidmaat vir al die kerke nie alleen die eenvoudigste formule is nie

maar, volgens oordeel van u Deputate, in die algemeen ook die regverdigste ramingstelsel is.

Besluit: Met dank aan die deputate vir hulle werk word van die Rapport kennis geneem.

- Art. 112. (i.s. rapport van Roepende Kerkraad). Kyk by art. 10.A.2).
 Art. 113. (Persburo, ens.). Kyk by art. 23.
 Art. 114. (Tug oor dooplidmate). Kyk by art. 37.
 Art. 115. (Seënwenne). Kyk by art. 14.
 Art. 116. (Rasseverhoudinge). Kyk by art. 36.
 Art. 117. (Katkisasie). Kyk by art. 84.

Art. 118. — Sluiting.

Die vergadering sluit sy werksaamhede van die week af met sing van 'n psalmvers en gebed.

MAANDAG 6 FEBRUARIE 1961.

Art. 119. — Opening.

Die Voorsitter open die werksaamhede deur te lees Kol. 4 : 2-6. Prof. dr. S. P. van der Walt laat sing Ps. 116 : 1 en doen 'n gebed.

- Art. 120. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.
 Art. 121. (Katkisasie). Kyk by art. 84.
 Art. 122. (I.s. uitnodiging buitelandse kerke). Kyk by art. 18. A. 6.
 Art. 123. (Hersieningskommissie Afrikaanse Bybelvertaling). Kyk by art. 34. (4, 5).
 Art. 124. (Diakonale sake). Kyk by art. 57.
 Art. 125. (I.s. groete van binnelandse kerke). Kyk by art. 16.
 Art. 126. (Ekumeniese Sinode). Kyk by art. 46.

Art. 127. — Notule.

Die notule word vasgestel vanaf art. 82—92.

- Art. 128. (Sending). Kyk by art. 54.
 Art. 129. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.
 Art. 130. (Diakonale sake). Kyk by art. 57.

Art. 131. (185).

Bestryding van Sosiale Euwels.

Die Rapport van die deputate word deur ds. W. J. de Klerk toegelig.

'n Kommissie ad hoc word gekies (as lede: di. L. S. van der Walt, J. L. de Bruin, T. Steyn, G. H. J. Kruger, oudll. P. Venter, P. W. Buys, A. P. Bezuidenhout) en hulle verslag word deur ds. Kruger toegelig.

U Deputate wens soos volg te rapporteer:

1. *Mandaat:*

In die Sinodale Acta 1958, bladsy 441, artikel 270, lui dit soos volg:

a. Aangesien dit die taak van die plaaslike kerk is om ook handelend op te tree in verband met die bestryding van sonde soos geopenbaar in sosiale euwels, is dit die taak van die Deputaatskap vir die bestryding van sosiale euwels om in ooreenstemming met die Sinodale besluit van 1952, artikel 252, punt 3 (vergelyk Handeling, bladsy 219) aksie te neem in gevalle wat van sodanige aard is dat dit nie alleen met plaaslike optrede afdoende met goeie gevolg bestry kan word nie. Daar mag alleen deur die Deputaatskap opgetree word op grond van bestaande Sinodale besluite.

b. Die Deputaatskap mag vrywillige bydraes van die kerk vra om uitgawes te bestry en doen ook hiervan verslag aan die Sinode.

2. *Samestellings en Vergaderings.*

U Deputate het soos volg gekonstitueer: Ds. H. F. V. Kruger (Voorsitter), ds. W. J. de Klerk (Sekretaris), di. J. L. Vorster, M. J. Booyens en ouderling W. M. van Tonder.

Drie vergaderings is gehou.

— **Kennis geneem van 1 en 2.**

3. *Rapport van werksaamhede.*

a. *Engelse pamflet oor lykverbranding.*

Die artikel van wyle prof. B. J. de Klerk is in Engels vertaal, in pamfletvorm gedruk en versprei onder alle Gereformeerde kerk-rade en Engelse koerante.

b. *Perdewedrenne.*

Deur middel van 'n omsendbrief aan alle kerkrade is versoek dat plaaslike lede van die Volksraad en lede van die Provinsiale Raad genader word in verband met wetgewing. 'n Groot aantal kerkrade het u Deputate verseker dat dié saak aandag geniet.

c. *Sondagonteiliging.*

(1) 'n Omsendbrief is aan alle kerkrade gestuur met die versoek om plaaslike owerhede te nader om Sondagshandel langs hoofpaaie en lokasies teen te gaan.

(2) 'n Samespreking is in samewerking met die betrokke kommissies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk met die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Provinsiale owerheid gevoer. 'n Memorandum is voorgelê waarin die beginsels in verband met die sabbat sterk geformuleer is. Voorstelle vir die wysiging van die winkelureordonnansie is ook voorgelê. U Deputate moet egter rapporteer dat hierdie onderhoud geen verandering in wetgewing teweeggebring het nie.

Die leiding van die Sinode in verband met verdere optrede moet gegee word.

(3) 'n Brief is geskrywe aan die Voorsitter van 'n komitee van die Provinsiale Raad (wat die Raad moet adviseer ten opsigte van wetgewing teen smousery langs die paaie op Sondae) waarin die Skrifbeginsels beklemtoon is.

(4) Die sogenaamde „Voortrekkersondag” is na onderhandelinge met die Voortrekkerowerhede herroep. Naweekkampe sal voortaan nie op Sondae onthind nie.

(5) Sabbatsheiliging in die Afrikaanse kerke is belangrike beperkings op die winkellure en opening van vulstasies op Sondae verkry.

(6) Sondagkoerante: ’n Skrywe is aan die ander Afrikaanse Kerke gerig waarin gemeenskaplike optrede ten opsigte van bekamping van hierdie ewel gevra is, sowel as ’n omsendbrief aan alle kerkrade om bestryding van hierdie ewel aan te moedig.

(7) Gebruik van staatsportterreine op Sondae: Na ’n brief aan die owerheid gerig is in dié verband, is antwoord ontvang dat dié saak ondersoek word en dat, indien nodig, ’n eenvormige beleidsbepaling vasgestel sal word.

Die Sinode word gevra om hom uit te spreek of verdere optrede nodig geag word.

(8) Nasien van eksamenvraestelle op Sondae: Na samespreking met die Direkteur van Onderwys in Transvaal het hy die versekering gegee dat daar van hom geen instruksies uitgegaan het dat die werk, weens die haas daarvan, op Sondae uitgevoer moes word nie. Die Direkteur het onderneem om die hoofeksaminator te versoek om Sondagarbeid te vermy.

(9) Hengel op Sondae: ’n Versoek van ’n partikuliere sinode dat hierdie ewel bekamp moet word, word aan die Sinode voorgelê om daaroor te besluit.

Besluite: by 3. a.—c.

a. Met dank kennis geneem.

b. Kennis geneem en die nuwe deputate moet verder aandag aan die saak skenk.

c. (1) Met dank kennis geneem, en opdrag word gegee dat verdere voorligting gegee word aan kerkrade sodat deur hulle by die plaaslike owerhede aangedring word dat die bestaande wetgewing toegepas word waar nodig.

(2) Aangesien die optrede nog nie vrug afgewerp het nie, word versoek dat verder in hierdie verband opgetree moet word en dat die optrede ook uitgebrei word na ander provinsies.

(3)—(6) Met dank kennis geneem.

(7) Kennis geneem, en die deputate word versoek om verdere aandag aan die saak te skenk indien nodig.

(8) Kennis geneem.

(9) Om hierdie ewel te bekamp word die deputate opgedra om met die betrokke instansies te onderhandel om wetgewing hierteen te verkry.

d. *Ongewenste lektuur en koerantberigte.*

(1) In ’n omsendbrief aan alle kerkrade is gewaarsku teen ongewenste publikasies.

(2) ’n Omsendbrief is aan alle Afrikaanse en Engelse koerante in Suid-Afrika gestuur. Die inhoud lui soos volg:

„In opdrag van die Deputaatskap vir die Bestryding van Sosiale Ewels, van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, word die onderstaande versoek vir u oorweging voorgelê:

Gesien die feit dat ons ’n Christelike volk is wat geroepe is om die Christelike erfenis te bewaar, en gesien die feit dat die openbare pers ’n magtige vormende invloed het ten opsigte van die lewensbeskouing en lewenshouding van die leserspubliek, word u versoek om in u verslaggewing van misdaad, onsedelikheid, ensovoorts, sober en terughoudend te wees en alles te vermy wat die Christelike gewete aanstoot gee. Hierdie versoek geld ook die publisering van foto’s van halfnaakte figure en foto’s van suggestiewe strekking sowel as berigte oor seksuele wangedrag wat onsmaklik is.

Die Deputaatskap doen ’n beroep op u om die Woord van God en die daaruit afgeleide sedelikeheidsbeginsels in u kolomte te alle tye te eerbiedig.

U simpatieke en meewerkende houding ten opsigte van die Christelike beginsels sover dit u publikasie aanbetref, wil die deputate graag aanvaar en waardeer — in die verlede het u oproepe van die kerk in dié verband dan ook in toepassing gebring. Dit neem egter nie weg dat hierdie saak weer opnuut beklemtoning verdien nie”.

Van al die betrokke koerante is antwoord ontvang. Met die uitsondering van een koerant het almal instemming betuig.

(3) *Pornografiese lektuur.* Graag wil u Deputate ’n konsep-pamflet aan u voorlê wat na goedkeuring in ons kerke en elders versprei kan word.

(4) Die owerheid is genader in verband met die bevordering van wetgewing teen pornografiese lektuur soos aanbeveel deur die Cronjeverslag einde 1957. Die owerheid het u Deputate in kennis gestel dat die saak aandag geniet. U Deputate het in hoofsaak ’n memorandum van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in dié verband wat na die owerheid deurgestuur is, onderskrywe.

Besluite: by d.

(1) Met dank kennis geneem.

(2) Met dank neem die Sinode kennis van die werk gedoen en ook van die reaksie daarop, behalwe in die geval van een koerant wat samewerking geweier het.

(3) Die kommissie beveel aan dat die stuk: „Die pornografie in ons dagblaaie, weekblaaie en boeke, en ons standpunt daarteenoor” deur dr. D. J. Coetzee deur die deputate uitgegee en versprei word.

(4) Goedkeurend kennis geneem.

e. *Drankmisbruik en -gebruik.*

(1) Van u Deputate is 'n onderhoud gevra met die regerings-kommissie insake distribusie van alkoholiese drank aan nie-blankes.

Die standpunt van u Deputate was dat alkoholiese drank met die nodige beperkinge en beheer ook aan nie-blankes verskaf kan word. Aangesien daar geen Sinodebesluit in die verband bestaan nie, het u Deputate die kommissie verseker dat dié standpunt alleen die mening van die Deputate omhels.

Sover ons kennis strek, het dié kommissie nog nie rapport gedoen nie.

(2) Op aanvraag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se kommissie vir openbare sedelikheid oor die offisiële standpunt van ons Kerk oor drankgebruik is die besluit van die Sinode van 1924 (wat verwys na die besluit van Sinode 1876, art. 203) deurgestuurd, wat in hoofsaak daarop neerkom dat die misbruik veroordeel word maar die gebruik nie deur die Skrif as algemeen geldende reël verbied word nie.

(3) Die betrokke kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die volgende versoek gerig in verband met die drankvraagstuk:

„Die Regering word versoek om 'n kommissie, waarop die Kerk behoorlik verteenwoordig is, aan te stel met die opdrag om 'n deurstastende wetenskaplike ondersoek in te stel na die uitwerking van die gebruik van alkoholiese drank op die volk van Suid-Afrika in sy sosiale, sedelike, godsdienstige, ekonomiese en mediese implikasies.

„Die Regering is die saak goedgesind mits hy die versekering kry dat ander kerke ook so 'n ondersoek verlang. Mag ek vra of u Kerk nie deur sy Sinode of ander bevoegde kommissie, 'n soortgelyke besluit sal neem en 'n afskryf aan my stuur nie?”

Die Sinode word versoek om hieroor 'n besluit te neem.

Besluite: by e.

(1) Die optrede van die deputate word goedgekeur.

(2) Die optrede word goedgekeur.

(3) Hieraan word gevolg gegee.

f. *Kunsmatige bevrugting.*

Die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal en die Klassis Waterberg het by u Deputate aangedring om aan hierdie saak aandag te skenk.

(1) Navraag insake wetgewing is by die owerheid gedoen. Die antwoord lui dat dié betrokke minister wetgewing oorweeg en persoonlik sy versekering uitspreek dat hy sterk gekant is teen kunsmatige inseminasie by mense.

(2) Aangesien die Sinode van 1952 alleen kennis geneem het van dié aanbeveling (vgl. bladsy 211 van die Sinodale Acta), *versoek u Deputate die Sinode om 'n helder geluid te laat hoor oor kunsmatige bevrugting met betrekking tot mense en om ook oor die vraagstuk met betrekking tot diere 'n uitspraak te doen.*

Besluite: by f.

(1) Met dank kennis geneem.

(2) Aangesien hierdie saak grondige studie vereis, sal die nuwe deputate hierdie studie onderneem en by die volgende Sinode rapporteer.

g. *Plekbesprekingsbeleid Krugerwildtuin:* Dit het tot die kennis van u Deputate gekom dat die owerheid by die Krugerwildtuin gebruik maak van 'n stelsel van loting om oor aansoeke te beslis.

U Deputate het oor hierdie aangeleentheid 'n samespreking met die Direkteur van die Parkeraad gehou en ook 'n brief aan hom voorgelê. Na oorweging het die Parkeraad u Deputate meegedeel dat die beleid *nie verander sal word nie.*

U Deputate moet in dié verband 'n opdrag van die Sinode ontvang.

Die beleidsverklaring van die Parkeraad lui soos volg:

„Besprekings vir die winterseisoen, wat strek vanaf middel Mei tot 15 Oktober, neem op die 1ste Oktober van die vorige jaar 'n aanvang, bv. vir die 1960-winterseisoen het die besprekings op 1 Oktober 1959 begin. Geen aansoeke vir die volgende winterseisoen is voor die 1ste Oktober afgehandel nie.

Die ondervinding het geleer dat die aansoeke wat op die 1ste Oktober aandag geniet, elke jaar meer word (vir die 1960-winterseisoen was daar byvoorbeeld meer as 1500) en dat die meeste van hierdie aansoeke vir die Junie-Julieskoolvakansie bedoel is. Daar word dus uit die staanspoor baie meer huisvesting aangevra as wat daar beskikbaar is. Ten einde elke aansoek dus 'n gelyke kans te gee om vir die beskikbare huisvesting in aanmerking te kom, word soos volg te werk gegaan.

Al die aansoeke, dit wil sê die wat per brief, per telefoon, per telegram of persoonlik ingedien is, wat op die 1ste Oktober in hierdie kantoor is, word genommer. 'n Gelyke aantal kaartjies met ooreenstemmende nommers word dan geneem en in 'n houer geplaas en goed geskommel. Daarna word die kaartjies een vir een na willekeur uitgehaal en die aansoek met die ooreenstemmende nommer word afgehandel.

Hierdie metode verseker dat die aansoeke heeltemal onpartydig afgehandel word.

Aansoeke wat na 1 Oktober ontvang word, word streng onpartydig in volgorde van ontvangs afgehandel”.

Besluit: Die optrede van die deputate word goedgekeur, en aan die nuwe deputate word opgedra om verder met die Parkeraad te onderhandel en ons standpunt te stel omdat ons oortuig is dat die genoemde beleid in stryd is met die Skrif-beginsel.

h. *Bestryding Roomse gevaar — die Kersseël 1958.*

U Deputate het in die pers en deur middel van 'n skrywe aan

die betrokke minister beswaar aangeteken teen die Rooms-Katolieke motief op die kersseël. — **Goedkeurend kennis geneem.**

i. *Skoonheidskoninginne.*

'n Brief is aan die Uniefeeskomitee gerig om beswaar te maak teen die bepaling van skoonheidskoninginnekompetisies in die program van die feestelikhede. 'n Antwoord hierop is van dié betrokke komitee ontvang waarin u Deputate meegedeel word dat dié kompetisie nie deur die Uniefeeskomitee gereël word nie maar wel deur 'n groep koerante. Daar is egter 'n afskrif van die Deputate se skrywe aan die Johannesburgse Uniefeeskomitee gestuur vir inligting.

Besluit: Met dank kennis geneem van die optrede van die deputate.

4. *Antikommunistiese Aksiekomitee.*

U Deputate het weer 'n verteenwoordiger namens die Deputate op die Antikommunistiese Aksiekomitee benoem, naamlik ds. M. J. Booyens. Gedurende die afgelope twee jaar het net een publikasie van die komitee verskyn: *The real face of Communism* deur W. J. Vogt. Die boek is hoofsaaklik versprei onder persone wat leiersposisies beklee.

'n Brosjyre van dr. B. Duvenage sal hopelik binnekort die lig sien.

Dié Komitee het ook besluit om wyerê kontak te soek met ander soortgelyke bewegings in Afrika. Om dit te bereik en meer gereeld brosjures te publiseer, doen dié Komitee egter 'n beroep op die Sinodes van ons Kerke om 'n bydrae van £2 per gemeente te bewillig vir die komitee.

Besluit: Met dank word kennis geneem van die werk wat gedoen is.

Aangesien die Kommunisme in die jongste tyd 'n wesentlike gevaar geword het, word dit verwelkom dat 'n brosjyre wat daarvoor handel, hopelik binnekort die lig sal sien. Verder beveel u Kommissie aan dat die deputate vir die bestryding van Sosiale Euwels so saamgestel word dat minstens 3 persone afgesonderd word vir die bestudering van die Kommunistiese gevaar, sodat voorligting gegee kan word en ook met die ander kerke saamgewerk kan word in die Anti-Kommunistiese Aksiekomitee. Verder word aanbeveel dat minstens £1 as 'n vrywillige bydrae van die onderskeie kerkrade deur hierdie deputate aangevra kan word.

5. Die Sinode word versoek om die Mandaat van die Deputate duideliker te omskrywe.

Besluit: Daar word opnuut weer deputate benoem, maar die opdrag bly soos in 1958 vasgestel.

6. *Finansies.*

**KOMMISSIE VIR BESTRYDING VAN SOSIALE EUWELS.
BALANSSTAAT SOOS OP 30/4/59.**

LASTE.		BATES.	
Opgehoopte fonds		Kontant in Volkskas, Bpk	£248 19 11
soos op 1/5/57	£89 8 7	1 Staal Kabinet:	17 10 0
Plus surplus		(teen kosprys).	
inkomste	171 1 4		
	£260 9 11		
KREDITEURE.			
Voorziening vir koste	6 0 0		
(Tikwerk en versending)			
	£266 9 11		£266 9 11

Dit word hiermee gesertifiseer dat hierdie state opgestel is van die Kasboek wat vir die doel gehou word. Daar is behoorlik boek gehou van al die inkomste en uitgawes. Die nodige bewysstukke is deur my nagesien en in orde bevind. Na die beste van my wete en oortuiging gee hierdie state die juiste finansiële stand van die Kommissie se sake weer soos op 30/4/60.

J. DE W. TRICHARDT,
F.I.B.A., F.C.S.S.

**KOMMISSIE VIR BESTRYDING VAN SOSIALE EUWELS.
STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE VIR DIE TYDPERK
1/5/57 — 30/4/60.**

UITGAWES.		INKOMSTE	
Aan Drukwerk	£67 10 0	Per Bydraes ontvang	£467 6 1
Bydrae Antikomm.			
Aksiekomm.	200 0 0		
Seëls — versending			
van pamflette	8 6 0		
Tikwerk	18 0 0		
Bankkoste	2 8 9		
	£296 4 9		
Surplusinkomste	171 1 4		
	£467 6 1		£467 6 1

J. DE W. TRICHARDT,
F.I.B.A., F.C.S.S.

Besluit: Met dank kennis geneem.

Besluit: Die Verslag van die kommissie, soos gewysig, word met dank aanvaar. (Wysigings reeds aangebring. — Depte. Acta).

Art. 132. (Evangelisasie). Kyk by art. 105.

Art. 133. (Feesuitgawe Psalmboek). Kyk by art. 92. B.

Art. 134.

Plek van kollekte vir armes.

Die Rapporte word toegelig deur dr. W. J. van der Merwe en ds. L. S. Kruger, onderskeidelik by die meerderheids- en minderheidsrapporte.

A. Meerderheidsrapport.

Ongetekende Deputate wens in uitvoering van hulle opdrag soos volg te rapporteer:

1. *Histories.*

a. *Nederland.*

Die Sinode van Dordrecht (1574) het oor die kollekte vir die

armes soos volg besluit: „Hoewel het staen voor de deuren der kerke om de aelmoessen te versamelen het allervoechelixte en de beqaemste is, soo is nochtans besloten dat de wyse van omme te gaen als noch in de vryheit der kerke staen sal. Doch soo sullen de dienaren arbeien dat sy het ommegaan, soveel mughelick is, sonder erghernisse afbrengen”. In Seeland was dit van die begin af die gewoonte om na die diens te kollekteer. Die rede was dat hulle gemeen het dat hierdeur die vryheidsbeginsel beter geërbiedig sou word.

b. Suid-Afrika.

In Die Barmhartigheidsdiens van die Geref. Kerk in S.A. (bl. 137) sê dr. J. H. Coetzee: „In sy skets van 'n godsdiensoefening in die eerste Gereformeerde gemeente aan die Kaap, dui dr. Du Toit daarop dat die kollekte gedurende die diens, net na die lees van die Wet en die Heilige Skrif, gehou is. Greyling kom tot dieselfde gevolgtrekking wat betref die vroegste jare maar toon aan dat daar later veranderings ingetree het”.

Op die Algemene Vergadering, Middelburg, Kaap, in 1921 word die vraag gestel of dit nie noodsaaklik is dat daarop gewys moet word dat die kollekte 'n deel is van die erediens en dat dit daarom in die diens gehou moet word nie. Op die Algemene Vergadering van Steynsburg (1923) was die saak weer ter sprake, en op die Algemene Vergadering van Aliwal-Noord (1926) is besluit dat wat die armkollekte in die erediens betref, kerkrade gevra moet word om mee te werk dat gemeentelêde moet besef dat die gawes vir die armes 'n deel is van die erediens, ooreenkomstig Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus. Op die Algemene Sinode van 1927 word besluit: „Die kollekte vir die armes behoort tot die erediens en dit word aan die vryheid van kerkrade gelaat om te bepaal wanneer hierdie of ander kollektes sal gehou word”. Hierdie besluit word herbevestig deur die Sinode van 1936. Op die Sinode van 1958 het die volgende beskrywingspunt van die Part. Sinode van die O.V.S. en Natal gedien:

„Die Part. Sinode versoek die Algemene Sinode om sy besluit van 1927, bl. 80, in verband met die plek van die kollekte vir die armes nader te omskrywe en te verklaar of die sinsnede: „dit word aan die vryheid van kerkrade gelaat” ens., geïnterpreteer mag word asof die kollekte vir die armes nie noodwendig in die liturgiese orde ingesluit hoef te wees nie”.

Hierop is besluit: „Die Sinode benoem 'n deputaatskap om opnuut die saak van die kollekte vir die armes in studie te neem en op die volgende Sinode te rapporteer”.

2. Prinsipiële.

In die Skrif word daar nie 'n direkte uitspraak gevind ten opsigte van die plek van die kollekte nie. Tog is daar Skrifgewens

wat betrekking het op die kollekte. Dit wil ons hier nagaan:

a. Hand. 6 : 2.

Hier word in verband met die instelling van die diakonale amp gehandel oor „die diens by die tafels”. Dit was die praktyk in die kerk in die eerste eeue dat die gemeente saamgekom het vir 'n gemeenskaplike maaltyd, ryk en arm. Die rykes het dan die nodige lewensmiddele saamgebring en so het hulle saamgeëet. Wat oorgebly het, is aan die armes uitgedeel. Dit is genoem liefdesmaaltye. Daarmee saam is ook die nagmaal gevier (1 Kor. 11 : 17 en volgende verse).

Hier is die gawes vir die armes op die tafel gelê. Die diakens moes hiermee behulpsaam wees, en dit was verbind aan die nagmaalsviering. „Even schoon als diep was daarop het beginsel dat zich uitsprak in het gebruik dat de gaven der armen op de tafel des Heeren gezet werden, dat men aan die tafel de armen spysde, dat vanaf die tafel de goederen en gaven naar de huizen der armen gebracht werden. Men gaf het aan de Heere en ontvang van Hem. De arme ontving het by het Avondmaal als vrucht van Christus vernedering en dood” (P. Biesterveld en andere: *Het Diaconaat*, bl. 73).

b. 1 Kor. 16 : 2.

Die apostel stel dat hier as 'n algemeen geldende reël dat die insamelinge op elke eerste dag van die week moet plaasvind deur elke gelowige by sy huis. Dis die oorsprong van die kollekte vir die armes as 'n vrye liefdedaad (logeia), en dit word aan die Sondagsviering verbind.

c. 2 Kor. 8 : 4.

Hier word die kollekte genoem „diensbetoning aan die heiliges”. Dit is die betekenis van die woord *diakonia*, wat ook voorkom in Hand. 6 : 1; 11 : 29; 2 Kor. 9 : 12. Dit hou die gedagte in van 'n persoonlike diensplig, waarby die gedagte van liefdesdiens baie sterk is. Die beoefening daarvan kom uit die sin van bediening by die eettafel (Luk. 17 : 8, Joh. 12 : 2, Luk. 12 : 37, Hand. 6 : 2); of ook in die wyere sin van diensbaar wees, waar die vroue Jesus gedien het met hulle goed (Luk. 8 : 3); of ook om met die genadegawes wat ontvang word, mekaar te dien (1 Petrus 4 : 10). Paulus verbind dit meer in besonder aan die kollekte vir die heiliges in Jerusalem en in 1 Tim. 3 : 10 en 13, aan die amp van die diaken. Hieruit kan ons aflei dat die kollekte vir die armes aan die diakonale amp verbind is.

In die uitdrukking „diensbetoning aan die heiliges” word diens (*diakonia*) en gemeenskap (*koinonia*) saamverbind. Ook in Rom. 15 : 26 en 2 Kor. 9 : 13, wat betrekking het op die kollekte vir die armes, word die woord *koinonia* (gemeenskap) gebruik. So word die kollekte aan die gemeenskap van die heiliges verbind.

2 Kor. 9 : 12. In „die bediening van hierdie hulphetoning”

word die *diakonia* verbind aan die *leitourgia*. Hierdie woord word in Luk. 1 : 23 gebruik vir priesterlike diens in die tempel. In Rom. 15 : 27, waar Paulus praat oor die hydrae vir die armes onder die heiliges in Jerusalem, wys hy daarop dat die Christene uit die heidene wat geestelike voorregte ontvang het "verskuldig is om hulle, dit is die heiliges in Jerusalem, met stofflike goedere te dien". In verband met hierdie diens (*leitourgia*) sê Greydanus: „Met dit woord word ook het bieden van stoffelike hulp aan behoeftige geloovigen als een heilige dienst voorgesteld, als een priesterlijke dienst Gods" (Komment., bl. 649). So ook die Verklarende Aantekeninge by die Afrikaanse Bybel: „Stofflike hulp aan behoeftiges word gesien as priesterlike werk".

d. *Hebr. 13 : 16.*

„Vergeet die weldadigheid en die mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehag aan sulke offers". In vers 15 is die oproep om 'n loffer aan die Here te bring. Dit beteken volgens Grosheide: „een vrucht der lippen, dit wil zeggen, de lofsalmen die uit het hart stijgen, woorden, liederen, de belijdenisaflegging van den Naam des Heeren en Hem erkennen als God en grootmaken voor al zijn daden, bepaald ook voor het werk der verlossing in den Zoon" (*Korte verklaring*, bl. 191).

Hierop volg dan vers 16. Die loffer moet dus nie net by woorde bly nie. Daarby moet ook kom weldadigheid en mededeelsaamheid. Aan sulke offers het God 'n welbehag.

Samevattend kan ons dan die volgende afleidinge maak:

(1) Die gawes vir die armes was in die eerste Nuwe Testamentiese Kerk verbind aan die liefdesmaaltye en die nagmaalsviering. Die apostels het dit noodsaaklik geag dat daar diakens verkies moes word om behulpsaam te wees by die „diens van die tafels".

(2) Die kollekte vir die armes word deur Paulus aan die Sondagsviering verbind.

(3) Die kollekte as diensbetoning (*diakonia*) word verbind aan die diakonale amp asook aan die gemeenskap van die heiliges (*koinonia*).

(4) Die kollekte word verder as bediening (*diakonia*) aan die erediens (*leitourgia*) as offergawe verbind en wel op so 'n onlosmaaklike wyse dat daar nie net loffers op die lippe moet wees nie maar ook weldadigheid en mededeelsaamheid (*koinonias*).

e. *Die Heidelbergse Kategismus.*

(1) Die antwoord op vr. 103 oor die sabbatsviering lui soos volg: „dat ek veral op die sabbat, dit is op die rusdag met die gemeente van God ywerig moet opkom, om die Woord van God te hoor, die Sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep en aan die armes christelike liefdesgawes te bring". Die meeste

verklaarders van die Kategismus aanvaar dit dat die kollekte hier as een van die elemente van die erediens genoem word.

(2) Ons bely Christus as Profeet, Priester en Koning (vraag 31). Hierdie drieërlei amp kom in sy kerk uit in die ampte van die predikant, diaken en ouderling. In die samekoms van die gelowiges, waar Christus in die midde van sy gemeente is, moet al drie ampte funksioneer: sy profetiese amp in die prediking, sy koninklike amp in die toesig oor Woord en sakramente en die priesterlike amp in die werk van die diakens, wat die offers vir die diens van barmhartigheid moet ontvang.

(3) Die gemeenskap van die heiliges moet volgens die verklaring van vraag 55 daarin uitkom dat „elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend". Die erediens is die sigbare beoefening van die gemeenskap van die heiliges. Onlosmaaklik daarmee moet saamgaan die „diensbetoning aan die heiliges" (*Koinonia* — 2 Kor. 8 : 4, Rom. 15 : 26, 2 Kor. 9 : 13).

Ons sluit af met 'n aanhaling uit die *Christelike Encyclopaedie* (bl. 243): „Het offeren van een gave voor de armen is echter geheel op zijn plaats in den dienst. Daarin moet uitkomen de broederlijke liefde, de liefde tot de Heere, aan wie de leden offeren een gave van lof en dank voor al zijn genadegaven. Calvijn heeft terecht geleerd dat het offeren der liefdegaven (*oblaciones et offrandes*) een deel is van de cultus. De Synode van Dordrecht (1574) achtte het uit praktisch oogpunt aan te raden bij de deuren te collecteren, doch liet het in de vrijheid der kerken tijdens den dienst een inzameling te houden. Nog altoos zijn er kerken, zoals in Zeeland, in Hongarije en elders, die bij het uitgaan collecteren. Maar als bezwaar hiertegen is terecht ingebracht, dat men daarbij de indruk krijgt, dat het er alleen om te doen is wat geld te verzamelen. En dit is in strijd met de gedachte van het Nieuwe Testament waar in die brief aan de Hebreërs (13 : 16) het schenken van liefdegaven beschouwd wordt vanuit het oogpunt van een „offerande".

f. *Konklusies:*

(1) Daar is genoegsame prinsipiële gronde volgens Skrif en Belydenis dat die kollekte 'n deel van die erediens behoort te wees.

(2) Dit kom nie as 'n offergawe tot sy reg as dit na die diens by die deur afgedra word nie.

(3) Die besware teen die kollekte onder die erediens is nie prinsipiël suiwer nie. Die beswaar dat dit nie stigtelik is nie, val weg, omdat dit wel so gereël kan word dat dit ordelik en met stigting plaasvind. Vir die beswaar dat dit al die jare die gewoonte was om by die deure te kollekteer, verwys ons na art. 7, Nederlandse Geloofsbelijdenis, naamlik dat die gewoonte nie met die waarheid gelykgestel mag word nie, want die waarheid is bo alles. Ten opsigte van die beswaar dat godsdienst en geld nie bymekaar

hoort nie, verwys ons na die woorde van Christus. Met verwysing na die noodsaaklikheid van armversorging, sê Hy: „En Ek sê vir julle: Maak vir hulle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang” (Luk. 16 : 9). Paulus sê: „God het ’n blymoedige gewer lief” (2 Kor. 9 : 7). God moet dus ook met geld gedien word. Dit blyk uit hierdie en soveel ander Skrifgegewens.

3. Aanbeveling.

a. Ons wens aan te beveel dat die Sinodebesluit van 1927 gehandhaaf word.

b. Hierdie besluit kan egter op twee maniere geïnterpreteer word:

(1) Die interpretasie waarna die beskrywingspunt Acta Sin. 1958, bl. 136 verwys, naamlik dat die sinsnede „dit word aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat om te bepaal wanneer hierdie of ander kollekte gehou word”, so verklaar mag word dat die kollekte vir die armes nie noodwendig in die liturgiese orde ingesluit hoef te wees nie.

(2) Dit mag ook beteken dat met inagname van plaaslike omstandighede aan kerkrade die vryheid gelaat word om te bepaal wanneer aan hierdie besluit uitvoering gegee sal word.

Aangesien hierdie besluit van die Sinode van 1927 vir tweeërlei interpretasie vatbaar is, is dit die vraag vir u Deputaatskap of daar nie ’n herformulering van hierdie besluit nodig is nie. Indien wel wil ons aanbeveel dat dit soos volg lui: „Die kollekte vir die armes behoort tot die erediens en behoort ook tydens die erediens gehou te word. Dit word aan die oordeel van die kerkrade gelaat om te besluit wanneer hieraan uitvoering gegee sal word”.

Hiermee meen ons dat ons aan ons opdrag voldoen het.

U broeders in Christus,

J. L. Vorster, W. J. I. M. du Plessis, W. J. van der Merwe.

B. Minderheidsrapport.

Ondergetekendes wens hiermee ’n minderheidsrapport in te dien op die bevinding van die meerderheid van u Deputaatskap vir die bestudering van die plek van die kollekte, daar, onses insiens, die meerderheidsrapport in gebreke gebly het om hulle bevinding ootenteen-seglik prinsipiële te fundeer.

Op die voetspoor van die meerderheidsrapport wil ons u aandag op die volgende aspekte van die saak vestig:

1. Histories.

Die Sinode van Dordrecht van 1574, art. 29, het die kollekte vir die armes aan die erediens gebind, terwyl art. 49 die plek van die kollekte nader bepaal, naamlik dat „het staen voor de deuren der kercke om de aelmoessen te versamelen het *allervoechelixte ende*

bequamste is”. Daarby is besluit om waar die kollekte wel onder die erediens geskied, soos dit ook die gebruik was, dit „sonder erghenisse” afgebring moes word.

Die Sinode van Dordrecht van 1578 het hom opnuut oor die saak besin en besluit dat dit beter is om na die diens te kollekteer as tydens die diens, terwyl die kerke van Seeland ter wille van die *vrywilligheidsbeginsel* die kollekte by die deure verkies het.

Die bevinding van hierdie Sinode, wat hulle deurgaans met prinsipiële fundering besig gehou het en wat van die enigste was wat besondere aandag aan die plek van die kollekte gegee het, was dat die kollekte onder die erediens wel *geduld* mag word maar waar moontlik by die deure gestel moes word.

Voetius was van mening dat te „collecteren onder en na die dienst deed aan het *wezen* der zaak niet toe of af” (Joh. Jansen: *Korte Verklaring* K.O., bl. 118), hoewel hy van mening was „dat het wel iets voor te zeggen is om tijdens den dienst te collecteren, omdat niemand dan kan voorbijgaan en de collecte meer opbrengt” (H. Bouwman: *Geref. Kerkrecht*, I, bl. 580).

„Enkele ander”, aldus dr. J. H. Coetzee, „soos Gunning en die *Diaconaal correspondentieblad* (1903) verdedig die kollekte by die deur ook op praktiese gronde van steuring, en omdat die deurkollekte die *vrywilligheidsbeginsel* beter sou eerbiedig” (*Die barmhartigheidsdiens van die Geref. Kerk in S.A.*, bl. 137). Nadat Biesterveld die mening van prof. Fabius met instemming aangehaal het, naamlik dat die *afkondiging* betreffende die ontvangs van die offers op ’n besondere wyse gedoen moet word, kom hy tot die konklusie dat die insameling na die beëindiging van die diens by die deur kan geskied of by die rondgang onder die diens, hoewel hy aan laasgenoemde metode voorkeur verleen (Coetzee: a.w., bl. 137).

Uit die historiese gegewens kan die volgende afleidinge gemaak word:

a. Daar bestaan geen uniforme uitspraak oor die plek van die kollekte nie.

b. Kollekte vir die armes by wyse van rondgaan of invordering by die deure doen aan die wese van die saak niks af of toe.

c. Die plek van die kollekte is geen saak van prinsipe nie maar van gebruik. Dit gaan hier meer om utiliteitsmotiewe: Volgens Voetius bring die kollekte onder die diens meer in, en volgens Seeland word die *vrywilligheidsbeginsel* by die deure beter geëerbiedig.

d. In alle gevalle kan volstaan word met die afkondiging betreffende die ontvangs van die offers.

Daarom dat in Suid-Afrika, hoewel daar in navolging van die gebruik in Klassis Amsterdam aanvanklik in die erediens gekollekteer is, later daartoe oorgegaan is om busse vir die doel by die

kerkdeure te plaas (P. F. Greyling: *Die N.G. Kerk en Armesorg*, bl. 181).

By hierdie gebruik het ons Gereformeerde vadere aangesluit.

2. Prinsipieel.

a. Die uitspraak van die Skrif.

Ons wil die bevinding van die meerderheidsrapport, naamlik dat daar geen direkte uitspraak in die Skrif gevind kan word ten opsigte van die plek van die kollekte nie, met akklamasie onderstreep.

(1) Hand. 6 : 2.

Konklusie (i) in die meerderheidsrapport as sou die „bediening van die tafels” die wesenlike diakonale amp vertolk, wat op sy beurt weer deel was van die nagmaalsviering en sodoende deel van die erediens is, kan nie aanvaar word nie.

As Van der Leeuw stel dat die diakonale amp sy oorsprong vind in die bediening van die tafels in die erediens en daarom dat „in den eeredienst ligt dan ook hun eerste taak” (*Liturgiek*, bl. 86), is ds. G. van Rongen, wat self ’n voorstander is van die kollekte onder die erediens, van mening dat Van der Leeuw „te veel heeft geconcludeerd uit de bediening der tafelen zooals Hand. 6 daarover spreekt” (*Zijn schone dienst*, bl. 87).

Die meerderheidsrapport gaan van dieselfde standpunt uit as Van der Leeuw, ’n standpunt wat nie algemeen aanvaar word nie.

Grosheide wys in sy kommentaar op hierdie vers daarop dat die lidwoord by „tafels” ontbreek. Dit was, volgens Grosheide, dus ’n algemene gebruik wat selfs figuurlik verstaan kan word en daarom beslis nie as wesenlike deel van die nagmaalsviering beskou kan word nie (Van Bottenburg-serie, bl. 195).

Buitendien het Paulus in 1 Kor. 11 : 20, 34 die gewone liefdesmaaltye van die nagmaal geskei.

Hand. 6 laat die klem val op die wesenlike werk van die diakens, naamlik die versorging van die hulpbehoewendes (vers 1b), wat in lig van bogenoemde nie deel van die erediens uitmaak nie.

Die minderheidsrapport wat voor die Sinode van 1927 gedien het en wat deur die Sinode as besluit aanvaar is, het dan ook baie duidelik gestel: „dat die eintlike werk van die diakone is die armversorging” (Acta 1927, bl. 107).

Die huidige meerderheidsrapport gaan van dieselfde standpunt uit as die meerderheidsrapport wat in 1927 voor die Sinode gedien het en waarvan die bevinding as sou die versorging van die armes, te wete soos dit uitkom in die bediening van die tafels, deel uitmaak van die openbare erediens, deur die Sinode verwerp is.

(2) 2 Kor. 8 : 4.

Die meerderheidsrapport kom hier tot die volgende drie gevolgtrekkings met verwysing na die gebruik van die woorde *diakonia* en *koinonia*:

(a) Paulus verbind die woord *diakonia* in hierdie vers meer in besonder aan die kollekte, ook met verwysing na Hand. 6 : 1, 11 : 29 en 2 Kor. 9 : 13.

(b) Die woord *diakonia* word in 1 Tim. 3 : 10, 13, dit wil sê as kollekte, aan die diakonale amp verbind.

(c) *Diakonia* word as kollekte ook aan die gemeenskap van die heiliges, te wete die erediens, verbind (*koinonia*).

(a) Dit is nodig om te let op die gebruik van die woord *diakonia* in die Skrif.

Hand. 6 : 1. „*Diakonia* heeft hier nog niet de beteekenis van diakonale versorging”, maar dit wys op *dienst, sonder meer* (Grosheide: Van Bottenburg-serie, bl. 193).

Hand. 11 : 29. *Diakonia* word, volgens Grosheide, hier gebruik „in de algemene betekenis van *verzorging*” (bl. 377).

2 Kor. 9 : 13. Hier sien die woord, volgens Grosheide, *saaklik* wel op die kollekte (bl. 330).

Insake 2 Kor. 8 : 4 beweer Grosheide dat dit altyd gevaarlik is om die term *diakonia* as *terminus technicus* vir die diakonale arbeid te neem. „En dat is hier niet noodig”, vervolg hy, „daar *diakonia* kan worden genomen in de betekenis van *dienst, hulpbetoon, in het algemeen*” (bl. 283).

Die woord *diakonia* kan dus nie beperk word tot die diens van die kollekte sonder meer nie, soos dit wel gedoen word in die meerderheidsrapport. Dit het in hierdie teks ruimer betekenis: diens, versorging in die algemeen.

(b) In 1 Tim. 3 : 10, 13 verbind Paulus die woord *diakonia* wel aan die diakonale amp. Daarvan kan egter nie afgelei word, soos in die meerderheidsrapport, dat dit spreek van die *kollekte* vir die armes, wat hiermee aan die diakonale amp verbind word nie.

In hierdie verse word die woord *diakonia* volgens Harting in *Handwoordenboek op het Nieuwe Testament* weer eens gebruik in die algemene betekenis van diens sonder meer. Hy vestig die aandag daarop dat dieselfde woord in 1 Petr. 4 : 10 gebruik word om mekaar onderling met iets ten dienste te staan; in Fil. : 13 om die bediening van die evangelie uit te druk; en in 1 Petr. 1 : 12 druk dit die profetiese werksaamheid van die Ou-Testamentiese profete in diens van die evangelie uit (bl. 107).

In 1 Tim. 3 gaan dit alles behalwe om die *kollekte* wat aan die diakonale amp verbind is, maar spreek van die dienende karakter van die diaken as ampsdraer.

Buitendien is die invordering van die gawes in 2 Kor. 8 : 4 nie aan die diakonale amp gebind nie maar aan Paulus en sy reisgenote. Vergelyk ook Hand. 11 : 29, 30 en 1 Kor. 16 : 3, terwyl in 2 Kor. 8 : 6, 16 en 19 Titus optree as kollektant.

(c) Die gebruik van die woord *koinonia*.

Volgens Grosheide sien die woord *koinonia* in 2 Kor. 9 : 13,

waarna die meerderheidsrapport verwys, nie op die samekoms van die heiliges, by watter geleentheid die kollekte dan opgeneem moet word nie, maar op die *gemeenskapsin* en *gemeenskapsgevoel* van die gewers met die medegelowiges aan wie gegee word en wat in Jerusalem is.

Dit gaan hier dus nie om die gemeenskap van die heiliges soos dit in (3) van die meerderheidsrapport foutief afgelei is nie, maar om die gemeenskapsgevoel wat eie moet wees aan elke individuele gelowige (2 Kor. 9 : 6, 7) met die betrokke heiliges.

Ook Ridderbos, in sy verklaring van Rom. 15 : 26, neem die woord *koinonia* nie in die sin van 'n erediens nie as hy daarop wys dat hierdie woord sien op 'n konkrete handreiking aan die armes in Judea deur die gelowiges in die landstreek Macedonië en Achaje. Die betekenis van die teks is duidelik: Eers deur die *koinonia* (konkrete handreiking) word die *diakonia* (diens) werklik 'n kollekte (Komm., bl. 337).

Afleiding (3) in die meerderheidsrapport as sou die *diakonia* as die diens van die kollekte sonder meer aan die diakonale amp asook aan die gemeenskap van die heiliges (*koinonia*) verbind word, loop onses insiens gevaar van inlegkunde en gee nie die werklike betekenis van die tekste weer nie.

(3) 2 Kor. 9 : 12.

Hierdie teks bring *diakonia* in verband met *leitourgia*.

Volgens afleiding (4) in die meerderheidsrapport sien *diakonia* hier op kollekte en *leitourgia* op die erediens.

Hoewel Grosheide stel dat *leitourgia* „duidt bepaald den cultus aan, den dienst van God”, kan onder kultus hier nie die geslote erediens verstaan word nie, want *leitourgia*, wat in hierdie vers nader omlyn word, word deur Grosheide verder beskryf as 'n diens „aan de menschen, de verzorging van de armen, tevens, evenzeer is een dienst van God” (bl. 329).

In hierdie sin beskryf Grosheide ook *diakonia* as diens „die een eeredienst is”.

Hierdie diens tot eer van God moet opgevat word in die sin van die woorde van Christus in Mark. 9 : 41 en Matth. 25 : 40. Daarom is *leitourgia* nie in Afrikaans vertaal in die sin van erediens nie maar met *hulpbetoning*.

Buitendien kan *diakonia* hier nie in die sin van kollekte en *leitourgia* in die sin van erediens opgeneem word nie, want die subjek van hierdie „bediening van hierdie hulpbetoning” is onseker of dit Paulus en of dit die Korinthiërs is. Calvyn en Grosheide wys beide daarop dat die onsekerheid van die subjek geen saak maak nie, want dit gaan hier om 'n algemene Christelike lewenshouding van hulpbetoning wat in wese tot eer en diens van God is (bl. 329).

Grosheide ontbloot die foutiewe konklusie van die meerderheidsrapport as sou die *diakonia* as kollekte aan die *leitourgia* as

erediens verbonde wees as hy saamstem met Schlatter dat *diakonia* op Paulus kan sien en *leitourgia* op die gemeente, dit wil sê: Paulus help die gemeente om hulpbetoning te kan verrig, en verder deur daarop te wys dat *leitourgia* net 'n nadere omlyning van *diakonia* is. Die diens is hulpbetoning (bl. 329, 328).

Hoewel die woord *leitourgia* in Luk. 1 : 23 sien op die priesterlike ampsbediening, het dit volgens Harting in die Nuwe Testament en spesifiek in 2 Kor. 9 : 12 en Filipp. 2 : 30 'n ruimer betekenis, naamlik diensbetoon in die sin van hulpverleen in die algemeen en wel op eie koste.

(4) Hebr. 13 : 16.

Koinonia kan ook hier nie in die sin van 'n erediens opgeneem word nie, hoewel dit in verband met die loffer in vers 15 gebring word.

Grosheide wys daarop dat *eupoia* (weldadigheid) dui op „wel-doen in die algemeen” en *koinonia* (mededeelsaamheid) op die algemene lewenshouding, naamlik „dat men niet alleen op de wereld is, doch dat er ook anderen zijn, voor wier lot men heeft te zorgen” (bl. 384).

(5) 1 Kor. 16 : 2.

Dit is die enigste teks wat 'n direkte tyd aanwys met betrekking tot die kollekte, naamlik op die eerste dag van die week moet dit afgesonderd word.

Hoewel Bouwman (*Geref. Kerkrecht*, I, bl. 579) en andere hierdie teks aangryp as bewysgrond om die kollekte binne die erediens te laat geskied, kan sodanige gronde egter nie in die Skrif gevind word nie.

In sy verklaring wys F. Godet daarop dat die woorde „elkeen van julle by homself” 'n *handeling* aandui wat elke gelowige afsonderlik by sy eie huis moet verrig, „en niet, zooals sommigen gemeend hebben, op een gave die in de vergadering geschiedt en alleen aan de gever bekend is” (Uitgawe: Kok, Kampen, bl. 809).

Hierby sluit Grosheide aan: „De collecte moet geschieden op iederen eerste dag der week, niet in de samenkomsten der gemeente, althans dat zegt de apostel niet, maar in de woningen, ieder moet thuis wat wegleggen” (*Korte verklaring*, bl. 211).

Samevattend kan ons dus die volgende afleidings maak:

(a) Die gelowiges moet aan die armes dink. Deur gawes aan hulle te gee, beoefen hulle gemeenskap met hulle aan wie gegee word, en verheerlik sodoende God.

(b) Die eerste dag van die week is in besonder die dag waarop hulle by hulleself die afsondering van die gawes moet doen.

(c) Die betuiging van hierdie weldadigheid kan nie alleen tot die erediens beperk wees nie maar is 'n algemene lewenshouding.

b. *Die Belydenisskrifte*.

(1) *Die Heidelbergse Kategismus*, antwoord 103.

Die stelling „en aan die armes Christelike liefdesgawes te bring” steun op 1 Kor. 16 : 2. Op die betekenis van hierdie teks het ons reeds gelet.

Dit gaan onses insiens hier nie om een van die elemente van die erediens nie maar om die *bring* van wat die gelowige reeds by sy huis vir die armes afgesonder het wanneer hy *opkom* na die erediens.

(2) *Die Heidelbergse Kategismus, antwoord 31.*

Die gevolgtrekking wat die meerderheidsrapport uit antwoord 31 maak, doen ons vreemd aan. In die lig van antwoord 32 gaan dit hier om die amp van die gelowige, wat bestaan in profeet, koning en priester, en nie om die besondere ampte wat tydelik van aard is nie.

Grosheide vestig die aandag daarop in sy verklaring van Hand. 6 : 1 e.v. dat die diakonale amp 'n *plaaslike* amp is, en van hierdie amp word nie weer verder in Handeling verneem nie.

Volgens Hand. 14 : 23 is wel in alle kerke ouderlinge verkies (benoem) dog geen diakens nie. Volgens Hand. 11 : 27-30 is die gawes wat deur Paulus en Barnabas versamel is, aan die ouderlinge gestuur. Eers later kom Paulus, wat vroeër net ouderlinge laat verkies het, met die voorskrif dat daar diakens moet wees.

„We mogen aannemen”, aldus dr. Grosheide, „*waar ze nodig waren*”, soos by voorbeeld in Filipp. 1 : 1 en 1 Tim. 3 : 8, terwyl hy in Titus 1 : 5 weer nie die benoeming van diakens aanbeveel nie, dog net van ouderlinge (bl. 200).

Die verklaring van hierdie vraag in die meerderheidsrapport bots nie alleen met die eksegetiese beskouing van Grosheide oor die instelling en funksionering van die diakonale amp nie maar ook met die besluit van die Sinode van 1927, waar die diakonale amp as „tydelik van aard” getipeer is.

Indien die diakonale amp dan wel in elke erediens moet funksioneer, soos die meerderheidsrapport in hierdie Kategismus-antwoord wil infê, dan moet in ooreenstemming met die besluit van 1927, naamlik „dat die eintlike werk van die diakone is die *armversorging*”, ook die uitdeling aan die armes binne die erediens geskied.

As die bevestigingsformulier die eerste deel van die ampswerk van die diakens, wat wesenlik middel tot die doel is, stel dat hulle „met alle *getrouheid* en *ywer* die aalmoese en *goedere* wat aan die armes gegee word, *versamel*...”, kan dit nie slaan op 'n aksie binne die erediens nie.

(3) *Die Heidelbergse Kategismus, antwoord 55.*

Die woordgebruik van die Kategismus, naamlik „om sy gawes tot nut en *saligheid* van die ander lede... aan te wend”, wys duidelik dat dit hier nie net om 'n stoflike bydrae gaan nie, want hier word gehandel oor die hele gemeente se onderlinge verhouding en nie net met betrekking tot die armes nie.

Om hierdie lewenshouding van die gelowige in te perk tot die erediens as (dan wel die enigste) „sigbare beoefening van die gemeenskap van die heiliges” vorm 'n geweldige aanklag teen ons daaglikse geloofslewe, waarmee ons ons nie kan verenig nie.

3. *Konklusies.*

a. Prinsipieel kan daar geen direkte uitspraak gevind word om die kollekte vir die armes binne die erediens te plaas of as noodsaaklik daartoe te beperk nie.

b. Histories-prinsipieel is dit 'n middelmatige saak of dit binne of buite die erediens opgeneem word.

4. *Aanbevelings.*

Ons wil aanbeveel dat die Sinode besluit:

a. Aangesien die plek van die kollekte 'n middelmatige saak is, word dit geheel en al aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat om dit binne of buite die erediens te plaas.

b. In die geval waar dit by die deure gehou word, kan volstaan word met 'n afkondiging betreffende die ontvangs daarvan. Hiermee meen ons dat ons aan ons opdrag voldoen het.

L. S. Kruger, L. J. Buys.

Besluit: Aangesien nóg die meerderheids- nóg die minderheidsrapporte bevredig, o.m. omdat nie alle Skrifgegewens in ag geneem is nie, word die saak weer na deputate vir preadvies verwys.

Art. 135. (188).

Immigrasie.

Die Rapport van die deputate word toegelig deur ds. L. S. van der Walt.

'n Kommissie ad hoc word verkies (as lede: di. P. W. van der Walt, J. L. de Bruin, F. W. Buitendach, oudll. J. H. van der Merwe, H. J. P. de Beer) en toeligting word deur prof. Van der Merwe gegee.

U Deputate vir Immigrasie het die eer om die onderstaande rapport te lewer:

1. Die volgende deputate is deur die eerwaarde Sinode benoem: Ds. L. S. van der Walt (saamroeper), dr. S. J. du Plessis, di. C. Hattingh, P. J. de Klerk, H. L. M. du Plessis en Ign. J. van der Walt.

Op die eerste vergadering het die konstituering soos volg plaasgevind: Ds. L. S. van der Walt (voorsitter) en ds. Ign. J. van der Walt (skriba). Die dagbestuur is gevorm deur di. L. S. van der Walt, Ign. J. van der Walt, C. Hattingh en dr. S. J. du Plessis.

Drie vergaderings van die volle deputaatskap is gehou. Dit was nie altyd vir al die broeders moontlik om die vergaderings by

te woon nie. Daarbenewens is vier vergaderings van die dagbestuur gehou.

2. Mandaat.

U Deputate kon nie 'n duidelik omskrewe mandaat vind nie. Gevolglik is op die werksaamhede van die vorige deputaatskap voortgebou en het u Deputate die saak van immigrasie na goeddunke so goed as moontlik probeer dien.

3. U Deputate wil opnuut die aktualiteit van immigrasie t.o.v. ons volks- en kerklike lewe aan die aandag van die eerw. Sinode voorlê. In hierdie tye wat ons in ons vaderland belewe, kan die erns van die benouende vrae oor die bestaan en voortbestaan van die Christelike beskawing en die posisie van die Blankedom in Afrika en in Suid-Afrika nie genoeg beklemtoon word nie. Waar nou by monde van die betrokke Minister verneem is dat die Regering voornemens is om immigrasie ten beste te bevorder, is dit voorwaar die tyd om sorg te dra dat immigrasie geskied tot die beswil van volk en kerk. Dit is noodsaaklik dat ons Kerk hom terdeë sal interesseer in die saak van immigrasie en doen wat sy hand vind om te doen.

Uit hierdie oorwegings wil ons dus aanbeveel dat die eerw. Sinode andermaal 'n deputaatskap sal benoem vir die behartiging van immigrasiesake.

In hierdie verband wens ons ook dankbaar te konstateer dat gedurende die afgelope jare andermaal tientalle Nederlandse immigrante hulle attestasies ingehandig het by verskillende Gereformeerde kerke in ons land.

4. Verband met die Christelike Immigrasievereniging van Suid-Afrika.

a. Soos deur die vorige deputaatskap is die kontraktuele verband met die Christelike Immigrasievereniging (C.I.V.) gehandhaaf.

b. Vanaf 1 Januarie 1958 is £40 per maand oorbetalings aan die C.I.V. as bydrae tot die bestryding van die administratiewe koste van laasgenoemde liggaam. U Deputate het hierdie hulp verleen omdat genoemde liggaam, soos in die verlede, op 'n vir die Deputaatskap bevredigende wyse die werwing en plasing van goedgesinde en aanpasbare immigrante waargeneem het.

c. Cedurende die jare 1958 en 1959 het ongeveer 900 immigrantes deur bemiddeling van die C.I.V. na Suid-Afrika verhuis. Dit blyk dus baie duidelik dat die C.I.V. die steun van die Gereformeerde Kerk werd was.

d. Vanaf 1 Januarie 1958 is £40 per maand oorbetalings aan die C.I.V. In die lig van die ontbinding deur die C.I.V. en die versterking en ondersteuning van die Maatskappy vir Europese Immigrasie (M.E.I.) is oorbetalings aan die C.I.V. gestaak. Ons wil in hierdie opsig verwys na die finansiële state van die Administratiewe Buro.

5. Eenwording van die C.I.V. en M.E.I.

Die allesoorheersende taak van u Deputaatskap was om te handel oor die eenwording van die C.I.V. en die M.E.I., waaroor ons soos volg wil rapporteer:

a. Di. L. S. van der Walt en C. Hattingh is as primi, dr. S. J. du Plessis as secundus benoem om die deputaatskap op die direksie van die M.E.I. te verteenwoordig.

b. Die C.I.V. het egter, tot watter goeie en voortreflike werk dit ook in staat was, voortdurend moes inworstel teen die feit dat dit nie die vereiste staatserkenning en alles wat daarmee gepaard gaan, ontvang het nie. Na rype beraad is derhalwe besluit om die C.I.V. te ontbind en alle kragte in te werp by die staatserkende M.E.I. Die C.I.V. het met vrymoedigheid die hand aan die M.E.I. gereik, omdat die versekering gebied is dat lg. liggaam onderneem het om op die werk en funksionering van die C.I.V. voort te bou en omdat die werwing van sodanige immigrante beperk sal wees tot diegene wat by die Suid-Afrikaanse kerke aansluit en hulle kinders na Afrikaanse skole stuur. Na enige onduidelikheid het sake sedert die einde van 1959 vaste vorm begin aanneem en het die krag van die C.I.V. ook in die M.E.I. tot openbaring begin kom. Enkele lede van die C.I.V. is benoem op die direksie van die M.E.I., en ook dien twee lede op die dagbestuur.

Gedurende die laaste maande is daar volle samewerking en staan die pad nou oop dat die C.I.V. deur die kanaal van die M.E.I. sal werk. U Deputaatskap kon dankbaar kennis neem van en samewerking bied aan hierdie eenwording.

c. U Deputate het egter huiwerig gebly om die finansiële toekenning wat aan die C.I.V. gedoen was, aan die M.E.I. oor te maak, eerstens omdat ons 'n afwagende houding wou inneem t.o.v. die vordering van die werksaamhede van die M.E.I. en tweedens omdat dit onseker is of die Sinode so 'n opdrag aan die Deputaatskap gegee het.

U Deputate wens dan hiermee 'n duidelike beslissing van die eerwaarde Sinode hieromtrent te vra.

d. U Deputate het goedkeurend daarvan kennis geneem dat br. C. Vlietstra deur die M.E.I. aangestel is as organisierder. Hopelik sal ons gemeentes mildelik hydra tot die fondse van hierdie baie belangrike saak.

6. Algemeen.

a. U Deputate het 'n omsendbrief geskryf aan alle kerkrade en 'n oproep in *Die Kerkblad* gepubliseer ten einde die dringende belangrikheid van immigrasie te beklemtoon en bydraes te vra vir hierdie saak. Reaksie hierop was nie bemoedigend nie. Dit blyk dat die noodsaaklikheid en waarde van immigrasie nog nie deur almal duidelik besef word nie.

b. Die bankrekening wat deur die vorige deputaatskap beheer is, is beëindig en die balans oorgedra aan die Administratiewe Buro te Potchefstroom.

Besluit: Die onderstaande Verslag van die Kommissie, soos gewysig, word goedgekeur. (Wysigings aangebring. — Depte. Acta).

(1) Ons beveel aan dat met dank en waardering van die rapport kennis geneem word.

(2) Ons beveel aan dat daar weer deputate benoem word.

(3) Die verhouding van die deputate met die M.E.I. bly dieselfde as wat dit met die C.I.V. was. Ons beveel aan dat die volgende sake aan die deputate opgedra word:

(a) Om die immigrasie van aanpasbare Protestantse immigrante met alle mag te bevorder in die hoedanigheid as deputaatskap en in samewerking met die M.E.I. en die Owerheid;

(b) om in dié verband die samewerking te soek van buitelandse Gereformeerde instansies;

(c) om soveel moontlik hulp te verleen met die eventuele terugkeer van Afrikaners uit Kenia.

(4) Ons beveel aan dat £500 vir die afgelope jaar en verder £500 per jaar tot die volgende Sinode aan die M.E.I. uit opgehoorte fondse betaal word.

Art. 136.

Geestelike noodtoestand in Afrika.

Die Rapport van die deputate word deur dr. P. J. Coetzee toegelig.

U Deputate het hiermee die genoeë om soos volg te rapporteer:

U vind ons opdrag op bl. 156, Handeling van die Alg. Sinode 1958. Na die beste van ons vermoë het ons hierdie opdrag uitgevoer. Mag u arbeid ryklik geseën word.

U broeders in Christus,

J. H. Coetzee, A. J. H. van der Walt, H. du Plessis,

M. Postma, P. J. Coetzee (Rapporteur).

Besluit: Die Rapport word met hartlike dank aanvaar.

Art. 137.

Algemene Gelofteagkommissie.

Die Rapport van die deputate word deur ds. C. E. Malan toegelig.

U Deputate: di. C. E. Malan (saamroeper), G. L. v. d. Walt en Ph. Snyman (Heidelberg) het slegs een maal vergader en tot die besluit gekom om by u aan te beveel dat die verdere bestaan van bogenoemde deputaatskap beëindig word. Die afgelope tydperk is u Deputate nie eenmaal deur die Algemene Gelofteagkommissie opgeroep nie.

Besluit: Die behartiging van hierdie saak word opgedra aan die deputate vir Korrespondensie.

Art. 138.

Veldprediker.

Die Rapport van die deputate word deur ds. J. L. de Bruin toegelig.

Die Deputate deur die Algemene Sinode 1958 benoem met opdrag om kragtens die ooreenkoms tussen die kerk en die Departement van Verdediging as die nodige skakel te dien, rapporteer dat die posisie ten opsigte van die veldprediker sedert genoemde Algemene Sinode onveranderd gebly het en dat daar geen korrespondensie tussen die Deputate en die betrokke Departement gevoer is nie.

Dit is nodig dat weer deputate aangewys word met die oog op voorkomende gevalle waar met die Departement van Verdediging onderhandel moet word.

Met seënswense, u broeders in Christus,

J. L. de Bruin, J. J. S. Venter, J. P. Bingle.

Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar.

Art. 139.

Korrespondensie met die Hoë Owerheid.

Die Rapport van die deputate word deur dr. W. J. van der Merwe toegelig.

U Deputaatskap het die eer om die volgende aan u voor te lê:

1. *Telegramme* a. van gelukwensing: (1) aan sy edele minister H. F. Verwoerd met sy verkiesing as Eerste Minister;

(2) aan sy edele minister Swart met sy benoeming as Goewerneur-Generaal;

b. van meegevoel: (1) met die heengaan van sy edele die Eerste Minister, adv. Strijdom;

(2) aan haar Eksellensie mev. Jansen met die heengaan van sy eksellensie adv. Jansen.

(3) aan sy edele dr. Verwoerd en mev. Verwoerd met die aanslag op sy lewe op 9 April 1960. Daarbenewens is ook 'n brief aan die Premier gerig waarin hy verseker word van ons meegevoel en dat ons in die spaar van sy lewe die hand van die Here sien en hom toebid die genade en krag van die Here vir 'n algehele herstel om met sy arbeid voort te gaan. Op al hierdie telegramme en briewe is antwoord ontvang.

2. *Aanpassing Nederlandse immigrante.*

Op 'n brief van dr. B. J. van den Bosch, Universiteit Kaapstad, om behulpsaam te wees in verband met die ondersoek na die aanpassing van Nederlandse immigrante is geantwoord dat ons geen adreslys van immigrante het nie.

3. *Geestelike bearbeiding in gevangnisse.*

Korrespondensie is ontvang van die Kommissaris van Gevangnisse in verband met die benoeming en goedkeuring van geestelike bearbeiders in gevangnisse, en ons het geantwoord dat ons die reëling van die Departement aanvaar en ons samewerking aanbied, nl. dat alleen persone wat deur die betrokke Kerk goedgekeur word, aangestel word.

4. *Onderzoek na blanke bewoning van die platteland.*

Hierop is die betrokke staatskommissie geantwoord dat ons Kerk nie kan meewerk nie, omdat dit buite die terrein van die kerk val.

5. *Voorgenome wette i.s. Huweliksbevestiging.*

Die versoek van die Departement van Binnelandse Sake om kommentaar op bogenoemde voorgenome wette is beantwoord en 'n paar sake onder die aandag gebring wat beter en duideliker gestel kan word.

6. *Godsdiensmuseum in Amerika.*

Deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is 'n skrywe aan ons gerig vir kommentaar in verband met 'n voorgestelde godsdiensmuseum in Amerika.

Daaruit blyk duidelik dat die standpunt waarvan hierdie museum uitgaan, uit en uit modernisties is en dat die Christendom gelykgestel word met die ander godsdiens. Dit sal vir die Gereformeerde Kerk onmoontlik wees om sy steun en medewerking aan hierdie saak toe te sê, omdat dit indruis teen die Skrifbeginsel; en medewerking sonder meer sal neerkom op sanksionering van hierdie dwaling, en die Gereformeerde Kerk kan nie sy steun aan hierdie saak gee nie.

Met toebidding van die seën van die Here, u broeders in Christus, W. J. van der Merwe (Rapporteur), S. P. van der Walt, J. W. J. van Rijssen, D. Kempff, I. J. Lessing.

Besluit: Van punte 1—5 is kennis geneem, terwyl punt 6 goedgekeur word.

Art. 140.

Korrespondensie i.v.m. maatskaplike sake.

Die Rapport van die deputate word deur dr. W. J. van der Merwe toegelig.

U Deputate het die eer om soos volg te rapporteer:

1. *I.s. Uniefeesviering*, 1960 is 'n skrywe ontvang van die Voor-sitter van die Komitee i.s. Kerkdienste om al die gemeentes te nader om op Sondag 29 Mei, die saak te gedenk. Hieraan is nie voldoen nie.
2. *Kerklike uitstalling tydens Uniefees*, 1960.

Ons Kerk is deur die sekretaris van bogenoemde komitee gevra om deel te neem aan so 'n uitstalling, waarop ons geantwoord het

dat ons gebruik sal maak van so 'n geleentheid mits ons self kan besluit oor die gebruikmaking van die beskikbare ruimte. Voorts ook dat indien daar ruimte vir uitstalling van kerklike publikasies afge staan word, ons graag daarvan gebruik sal wil maak. Hierdie versoek is bewillig en ons Kerk het ook deelgeneem aan die uitstalling.

3. *Suid-Afrikaanse Instituut van Rasseverhoudings.*

In verband met die brosjures wat aan ons gestuur is, en die versoek om dit onder die aandag van ons kerke te bring, het ons geantwoord dat ons Sinode reeds in 1958 besluit het oor die saak van Rasseverhoudings en hulle verwys na die Handeling van die Sinode 1958, bl. 203-207.

4. *Suid-Afrikaanse akademie vir wetenskap en kuns-halfeeu-fees- viering.*

Die gelukwensing van ons Kerk is aan die Akademie oorgedra.

5. *Die F.A.K. se uitnodiging om 'n verteenwoordiger te stuur na die tweejaarlikse vergadering van die Afrikaanse Nasionale Kultuur- raad is van die hand gewys omdat dit 'n nie-kerklike saak is.*

6. *Ekumeniese konferensie oor christelike verantwoordelikheid in gebiede van snelle maatskaplike verandering.*

Die versoek om verteenwoordigers of waarnemers van ons Kerk te stuur is van die hand gewys.

7. *Brief R. Wolff: Back to the Bible broadcast.*

Aangesien nie afdoende informasie verkry kon word oor wat presies verlang en beoog word nie, is die saak daar gelaat.

8. *Gesinsjaar en gesinskongres.*

Van die Direkteur van die Gesinsjaar (van die Uniefees 1960 af) en die Gesinskongres, 1961, is 'n brief ontvang met besonderhede in verband met die gesinsgedagte en die Gesinskongres. Daarby is o.a. ook ingesluit 'n pamfletjie met riglyne, wat voorgestelde Skrif-gedeeltes bevat vir behandeling by die prediking, Bybelstudie en groepbespreking. Hierdie Skrifgedeeltes is so gekies dat al die ver-naamste aspekte agtereenvolgens behandel word.

Die bedoeling van die gesinsjaar is om weer die betekenis van die huisgesin te beklemtoon. Die gedagte van die beplande optrede is „nie so seer samewerking nie maar eerder gelyktydige optrede langs alle fronte — elk op eie terrein”.

Waar die Sinode vantevore deur middel van sy deputate saam-gewerk het met die gesinsondersoek maar daarna geen verdere opdragte gegee het nie, is u Deputate enigins in die verleentheid gestel met hierdie brief. Waar ons hier met 'n besonder belangrike saak te doen het, nl. die beklemtoning van die betekenis van die huisgesin in 'n tyd waar soveel huisgesinne verbroekel, het u Deputate

besluit om die verskillende inligtingstukke wat beskikbaar gestel word, onder die aandag van ons kerkgrade te bring en u te versoek om verder oor die saak te besluit asook om te besluit oor deelname al dan nie aan die Gesinskongres in 1961.

Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar, waar oor punt 8 reeds 'n besluit deur die Sinode geneem is (vgl. art. 92. A., kyk by art. 18. B. 3. (f) op bl. 26: „nie ontvanklik, met verwysing na art. 30 K.O.).

Art. 141. — Dagsluiting.

Oudl. D. J. Coetzee sluit af deur te laat sing Ps. 42 : 5 en voor te gaan in gebed.

DINSDAG 7 FEBRUARIE 1961.

Art. 142. — Opening.

Die Voorsitter open die vergadering met die lees van 1 Pet. 5 : 6-11. Daarna laat sing ds. H. F. V. Krüger Ps. 3 : 2, en hy gaan voor in gebed.

Art. 143. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Art. 144.

Bestudering van arbeidsvraagstukke.

Die Rapport van die deputate word deur dr. B. Duvenage toegelig.

Besluit: Die Sinode neem met dank kennis van die Rapport, soos gewysig en beveel dit aan vir besondere aandag van die kerkgrade. (Wysigings is aangebring by 4. a. (1) en (4), c. (1) — Depte. Acta).

U Deputate benoem vir die bestudering van Arbeidsvraagstukke het die eer om soos volg te rapporteer:

1. **Konstituering:** Die Sinode van 1958 het die volgende deputate benoem: dr. B. Duvenage (saamroeper), di. B. Lombard, W. J. de Klerk, E. J. G. Norval, oudl. P. Malan en br. T. A. van Dyk, en as adviseur minister J. de Klerk. U Deputate het vergader en soos volg gekonstitueer: dr. B. Duvenage voorsitter en ds. E. J. G. Norval skriba.

2. **Mandaat:** Die opdrag aan die Deputaatskap lees soos volg: „Die Deputaatskap bestudeer:

- a. die invloed van die geïndustrialiseerde arbeid op die kerk
- (1) ten goede en (2) ten kwade;
- b. die taak van die kerk t.o.v. die geïndustrialiseerde arbeidslewe”.

3. **Vergaderings:** U Deputate het drie keer vergader, twee maal op Florida en een maal op Pretoria. Met die tweede vergadering was

die adviseur, minister J. de Klerk, ook teenwoordig en kon hy die vergadering van waardevolle inligting dien asook adviseer.

4. **Uitvoering van opdrag:** Om enigsins 'n geringe en tentatiewe oriëntering t.o.v. die ontsaglike veld van ondersoek te verkry is aanvanklik aan elke lid van die Deputaatskap spesifieke take opgedra om in studie te neem. Aandag is o.a. ook geskenk aan sake soos: arbeidswetgewing, vakbondwese, werkreservering, beroepsdienste, arbeidsverhoudinge ens. Dit het baie spoedig vir u deputate duidelik geword dat 'n omvattende *sosiologiese ondersoek* aangepak behoort te word indien enigsins 'n beeld of oorsig van die uiters gekompliseerde en komplekse arbeidstruktuur met die beïnvloeding van die kerk ten goede of ten kwade verkry wil word.

Die swaartepunt van die Gereformeerde Kerk het verskuif vanaf die platteland na die stad. Die 1946-sensus bevind dat 43,442 Gereformeerdes in die stede woon, terwyl die 1951-sensus etlike duisende meer vind. Volgens die kerklike sensus van 1958 woon 23,922 van die 51,433 belydende lidmate op die Witwatersrand, in Pretoria, Bloemfontein, Durban, Kaapstad en die Vrystaatse goudvelde.

Verskeie depressies het boere van die platteland na die stede gedryf, en dit is eers sedert 1939 dat gesprek kan word van die opkoms van die Afrikaner in die stedelike arbeidsmilieu. Die eensydige landelike agtergrond het in die stad 'n remmende uitwerking gehad op die opgang van die Afrikaner.

Die Afrikaner en veral die Christen-Afrikaner het in die stede 'n opdraande stryd gehad om te voer van die aanvang af. Daar was en is nog steeds die stryd teen *stoflike* en *geestelike* verarming. Die geestelike letsels van die armblanketydperk is nog duidelik merkbaar op die gemoed van die Afrikaner. Stoflike verarming het gelei tot geestelike dreinerings waardeur materialisme en geldsug die een en al geword het in die ideale van baie Afrikaners. Daar was ook die stryd teen die uitlander. Tot in 1938 was die hoofde van staatsdepartemente nog Engelseentaliges. Stadig het die Afrikaner egter opgang gemaak ook op die gebied van handel en nywerheid. Die verbetering van die sosiale posisie van die Afrikaner mag nie aan die kerk verbygaan nie. Daar was ook die stryd i.v.m. rassemee-dinging. Die ongelukkige benaming „kafferwerk” moet teëgewerk word, en 'n gesonde Christelike waardering van die arbeid moet sekerlik ook vanweë en van die kant van die kerk onder die aandag van die Christelike Afrikaner gebring word. Die vierde stryd is die teen die blanke heidendom. Die Afrikaner kry in sy arbeidsmilieu te doen met andersdenkendes, wat meer en meer neig tot moderne heidense idees. Die dampkring en atmosfeer is, helaas, in die verskillende beroepe sodanig dat die Christen-Afrikaner hom daar ontuis voel maar ter wille van sy brood hom moet inleef in die atmosfeer.

Studie is gemaak deur u Deputate van die invloede van die geïndustrialiseerde arbeid op die kerk. Daar is invloede ten goede en ten kwade:

a. *Invloede ten goede*: Hierdie invloede kan summier soos volg aangedui word:

(1) Deur die groter konsentrasie van werknemers in die nabyheid van die industrieë kan lidmate pastoraal intensief versorg en bearbei word, en doeltreffende kerkgeboue kan spoedig opgerig word.

(2) Omdat lidmate groter en gereelde salarisse en lone ontvang, kan die hydraes verhoog word en kan die kerk sy finansiële verpligting met groter gemak nakom.

(3) In die dorpe en stede rondom die nywerhede word uitnemende opvoedkundige geleenthede en fasiliteite vir die lidmate gebied, en tesame met die digtheid van die bevolking bevorder dit die aktiwiteite onder die jeug van die kerk. Dit bied ook groter geleentheid vir georganiseerde getuienis van die kerk en vir die kerk.

(4) Die korter afstande tussen lidmate en kerkgeboue en die lidmate onderling bied geleentheid vir gereelde bywoning van kerkdienste en ander aktiwiteite. Die gevoel van samehorigheid word hierdeur verstewig. Verder word vinniger optrede in kerklike aangeleenthede vergemaklik.

(5) Die saamtrekking van duisende nie-blanke werknemers in lokasies en kampongs naby die produksiesentrums open die deure vir die kerk om die evangelie vinniger te verbrei onder die nie-blanke heidendom.

b. *Invloede ten kwade*: Hierdie invloede kan kursories soos volg aangestip word:

(1) Deur skoftearbeid, oortydwerk en Sondagarbeid word die bywoning van kerkdienste in ontstellende mate beïnvloed. Hierdeur raak talle lidmate in kennis veragter en in kerklike gemeenskap vervreemd. Verder word kerklike toesig baie bemoeilik omdat ampsdraers self in die proses begrepe is, en baie huisvroue wat in die week arbei, gebruik die Sondae om agterstallige huislike verpligtinge in te haal en versuim gevolglik die dienste.

Die onderhouding van die vierde gebod kom hier ernstig in gedrang; so ook die belofte om woord en sakramente ywerig te seek. Gewoontevorming kan maklik mettertyd hier 'n belangrike rol speel, sodat terloopse kerksaak die normale gevolg sal wees en as normaal beskou gaan word.

(2) Die beginsel van vroegdoop word in baie gevalle onuitvoerbaar as gevolg van Sondagarbeid. In die stede het die tweede nagmaalsbediening met die tweede diens feitlik al 'n vereiste geword om skofwerkers tegemoet te kom. Hierdeur word die organiese eenheid van die gemeente eintlik verbreek, en dit werk ook die gewoonte

in die hand om net een van die bedieninge by te woon, selfs by lidmate wat nie skofte werk nie.

(3) Omstandighede van die industriearbeider maak die tugtoepassing baie moeilik. Daar is voortdurend 'n verplasing en rondtrekkery in die stadsgemeentes. In teorie moet die een kerk voortgaan met die tug waar die vorige opgehou het. In die praktyk word gewoonlik met so 'n lidmaat van vooraf begin. Talle lidmate onder kerklike tug of bearbeiding „verdwyn” in die stede, omdat die adresse in die nuwe gemeente nie opgespoor kan word nie.

Die onderlinge vervreemding tussen lidmate van dieselfde gemeente bring mee dat kerkrade alleen moet oordeel i.s. tugbeslissinge op die getuienis van een of twee ouderlinge. Dit strem ferme en daadwerklike optrede van die kant van die kerk. Skoftewerk en oortyd maak dit dikwels vir die ouderlinge byna onmoontlik om hulle herderlike werk getrou en deeglik te doen en om getugtigde lidmate ekstra te vermaan tot berou, gehoorsaamheid en verbetering.

(4) Pastorale werk word in die geïndustrialiseerde gemeenskap uitermate bemoeilik omdat dit soms onmoontlik is om die hele gesin bymekaar te kry as gevolg van die werksomstandighede en uithuisigheid. Huisbesoek moet in die stede en groot dorpe meestal in die aand geskied en so ook die talle vergaderings wat noodwendig saans gehou moet word.

(5) Die kategetiese onderrig word ook baie gestrem as gevolg van vervoerprobleme en ook ander probleme. Daar is veral 'n aanvraag om op baie vroeë leeftyd belydenis van geloof af te lê, want sodra die kind die skool verlaat en begin werk, word bywoning van die klasse deur oortydwerk en skoftediens soms feitlik onmoontlik gemaak.

(6) Die kerkjeug beweeg tussen andersoortiges en dikwels vrysinnige mense. Die huwelikskeuse is dikwels uit mense wat vreemd staan teenoor die kerk en belydenis van die Gereformeerdes. Die stad bied genoeg vir die jong lidmaat om hom of haar besig te hou, en daar bestaan dan geen behoefte om Jongeliedeverenigings te ondersteun nie. Dit werk alles oppervlakkigheid en wêreldgelykvormigheid in die hand. Die kerk kan ook die jong lidmate bystaan sodat hulle vrye tyd vrugbaar, skeppend en bevorderend vir die geestelike groei gebruik kan word.

(7) Ons vind verder godsdienstige en sedelike verval by talle lidmate in die geïndustrialiseerde gemeenskap. Daar is beslis 'n geestelike aftakelingsproses aan die gang, en verder raak lidmate ook vereensaam in die groot stad. So sal lidmate makliker die prooi van sektes word. Ons vind gesinsontwrigting, wat baie nadelige gevolge vir die kerk het. Weens die tydfaktor moet huisgodsdiens en huiskat-kisasies skade ly. Die publieke opinie, wat op die platteland en klein dorpie so 'n magtige remmende faktor is om huweliksonthinding en ander wanpraktyke te stuit, ontbreek in die groot stad en dorpe.

(8) Die kerkregtelike beginsel om die attestasie aan die vertrekkende lidmaat te oorhandig, word in die industriële gebiede in gevaar gebring, omdat lidmate so maklik in die ressort van 'n ander gemeente kan „verdwyn” en dan kerklos en kerkloos kan word.

(9) Kerklike administrasie as gevolg van rondtrekkery, adresverandering, nuwe intrekkers, verandering van ampsdraers, word in die industriestad baie tydrowend. Veral van leraars en skribas word veel tyd geverg om registers op datum te hou. Deur die gedurige wisseling van ampsdraers word ook die aktiwiteite van verenigings in die stede baie gefrustreer.

c. *Die taak van die kerk t.o.v. die geïndustrialiseerde arbeid.*

Wat die TAAK van die kerk t.o.v. die geïndustrialiseerde arbeidslewe aanbetref, is u Deputate dit eens dat die kerk 'n besliste en duidelike roeping het, positief en ook remedies, teenoor die industriële werknemer en ook werkgewer. Enkele wenke word aan die hand gedoen hoe die kerk hier kan funksioneer:

(1) Lidmate kan geaktiveer word. Hulle kan opgelei word en aangemoedig word om behulpsaam te wees as kerkisasieonderwysers of -onderwyseresse. Hulle kan behulpsaam wees deur te dien op kommissies, soos bv. sending, evangelisasie, lektuurverspreiding en ander. Hulle kan ingespan word om kolportasiewerk te doen. Die geestelike dreineringsproses kan in die stede teëgegaan word deur o.a. verdieping in die pastorale bearbeiding, deur bande tussen lidmate onderling te verstewig en deur die woord van God in die prediking sy lig te laat straal oor die probleme, verhoudinge en situasies waarmee die werker te kampe kry in die arbeidsmilieu.

Belangrik is miskien ook die saak van kleiner gemeentes, wat beter onderlinge kontak bevorder.

(2) Die pastorale werk moet ook rekening hou met sowel die arbeidsmilieu as die woonmilieu. Die kerk sal genoodsaak word om op die huidige tydstip van tegnologiese en industriële hoogkonjunktuur kennis te neem van die probleme, die angste, die konflikte en geesteslaste van die arbeider en ook van werknemers wat lidmate van die kerk is. Hoewel deur arbeidswetgewing en arbeidsooreenkomste vrees vir werkloosheid en kommervolle ouderdom in 'n groot mate uitgeskakel is, is daar nogtans 'n legio psigologiese en geestelike laste waaronder arbeiders en werkgewers gebuk gaan. Die kerk kan die oorsake navors en deur woordbediening en pastorale versorging sy lidmate bystaan. Verder moet ook deur die pastoraat en prediking die Christelike arbeidsbeskouing onder die lidmate ingedra word, en hulle moet opgewek word om dit uit te lewe.

(3) Die attestasiestelsel van ons Kerk moet opgeknip word en dit moet aangepas wees by die industriestad met sy snelle ver-

wisseling van werknemers en die verhuising en verplasing na ander gemeentes. Daar moet tussen die verskillende kerkrade raadpleging en samewerking kom in die toepassing en voortsetting van die kerklike tug.

(4) Vertoë tot die hoë owerheid i.v.m. sabbatwetgewing kan bydra tot die vermindering van nie-essensiële Sondagwerk.

(5) Die kerk moet die gulde geleentheid wat aangebied word vir evangelisasie en sending deur die konsentrasie van blanke en nie-blanke werknemers ten volle benut en met toewyding die evangelie bring.

(6) Fabrieksdienste kan gehou word, maar ons moet ywer dat die fabrieksdienste evangelisasiedienste word en nie kerkdienste nie.

(7) Lidmate moet opgewek word om die Christelike beginsels en leer positief uit te lewe ook in hulle arbeidskring. Lidmate moet beter toegerus word vir hulle taak ook in die gemeentelike byeenkomste, deur kursusse en na-kategetiese arbeid. Dit sou goed wees indien 'n studie gemaak kan word van die moontlike bydrae wat Christenlidmate kan lewer teenoor die vakverenigings en werkgewersorganisasies.

(8) Uiteraars belangrik is die voorbereiding van die jeug om eenmaal te staan in die volle stroom van die arbeidslewe as lewende getuies vir die Naam en kerk van Christus. Die jeug moet beter toegerus word om ook hulle vrye tyd nuttig en Christelik te gebruik.

(9) Die diakonie kan 'n groter diens lewer in die kerk deur oorlegpleging met verskillende instansies wat arbeid verskaf, en kan werkloos behulpsaam wees om hulle pensioene of toelaes te bekom.

Art. 145.

Studie van die moderne vorms van ontspanning.

Die Rapport van die deputate (di. J. W. J. van Ryssen, J. Ligthelm, J. C. Lessing, A. S. Smit, oudll. T. C. Buys, Jan Styger) word deur ds. Smit toegelig.

Besluit: Van die Rapport word kennis geneem met hartlike dank aan die deputate vir hulle deeglike werk en dit word vir verdere aandag na die kerkrade verwys.

1. Die opdrag van u Deputaatskap was die volgende: „'n Deputaatskap word benoem om 'n studie te maak van die moderne vorms van ontspanningslewe, in besonder die bioskoop, teater, kommersiële radio en televisie in soverre as wat die kerk met sy lidmate daardeur geraak word. Veral moet aandag geniet die aspekte van versinneliking, verwêreldliking en paganisering en die vraag: watter positiewe leiding kan deur die kerk op hierdie gebied gegee word?” (Acta 1958, bl. 493-494).

U Deputate het die studie in twee afdelings afgehandel, t.w.

die bioskoop in een studie en die teater, kommersiële radio en televisie in 'n ander.

2. Die bioskoop.

a. Inleiding.

Om 'n juiste en regverdigde beeld van die saak te kry is dit noodsaaklik om vooraf nadere bepalings en onderskeidings te maak.

Daar is naamlik 'n groot verskeidenheid van films, bv. wetenskaplike films, natuurfilms, nuusfilms, films vir tegniese en opvoedkundige onderrig, dokumentêre films, films waarin 'n verhaal in beeld gebring word, ens.

Van die hier genoemde soorte films is sommige slegs die apparaat wat gebruik word in die vakonderrig. Hierdie rapport handel nie oor hierdie soorte films nie dog wil hom uitsluitend bepaal by die sg. ontspanningsfilm. Dit is die verfilmde verhaal wat vir vermaaklikheids- en ontspanningsdoeleindes aangewend word.

Verder moet daar ook op gewys word dat die film en bioskoop nie sonder meer vereenselwig kan word nie.

Die bioskoop is slegs een van die distribusiekanale waarlangs die vermaaklikheidsfilm by die publiek tuis gebring word. Gewoonlik is dit feitlik die enigste middel waardeur die publiek met die film in aanraking kom.

Daar is wel nog ander kanale. So is daar o.a. liggame en organisasies wat hulle ten doel stel om films, gewoonlik van 'n bepaalde strekking, te vertoon.

Daar is byvoorbeeld godsdienstige organisasies wat films van godsdienstige aard vertoon. In Europa bestaan daar organisasies wat hulle daarop toelê om films van hoë estetiese en kunswaarde te vertoon. Dikwels vind dit dan ook voor uitgesoekte en geslote gehore plaas.

In hierdie rapport wil ons hoofsaaklik handel oor die instelling wat in die volksmond bekend staan as die „bioskoop”. Dit is die kanaal wat deur die vermaaklikheidsindustrie gebruik word om deur rolprentvertonings aan die publiek vermaaklikheid en ontspanning te lewer.

b. Omvang van bioskoopbesoek.

As vermaaklikheids- en ontspanningsmiddel het die bioskoop in ons dae 'n geweldige omvang aangeneem. Hierdie feit is so oorbekend dat dit nie nodig is om syfers te noem nie. 'n Enkele syfer sal ons 'n duidelike beeld gee van die omvang van bioskoopbesoek. Onderzoek het aangetoon dat 56% van Johannesburg se inwoners een maal per week bioskoop toe gaan; 21% gaan een maal per maand; 22% gaan selde; 5.5% gaan nooit.

In 'n plattelandse dorp gaan 50.8% een maal per week; 19.8% een maal per maand; 31.4% selde en 3% nooit.

Dit kan aanvaar word dat by die oorgrote meerderheid van ons

volk bioskoopbesoek 'n gereelde en in baie gevalle selfs 'n weeklikse instelling geword het. By 'n baie groot seksie van die bevolking het dit die belangrikste, selfs moontlik die enigste vorm van ontspanning geword.

In 'n onderhoud is aan een van u Deputate meegedeel dat prinsipale in Pretoria besorgd is oor kinders wat 'n gewoonte daarvan maak om deur die week elke aand of middag na die bioskoop te gaan.

In Amerika en Europese lande waar televisieprogramme aangebied word, het bioskoopbesoek geweldig gedaal, maar dit is slegs omdat die televisie 'n nuwe kanaal geword het vir die verspreiding van die film.

Onderzoek deur wetenskaplikes oor die hele wêreld en ook hier in ons vaderland het aangetoon dat dit veral die jeugdige en persone uit die laer sosiale groepe is wat die meeste na die bioskoop gaan.

Hoewel ons geen statistieke tot ons beskikking het nie, kan ons aanneem dat die Gereformeerde lidmate geen uitsondering meer in hierdie opsig vorm nie.

Die isolement waarin die Gereformeerdes 'n klein 25 jaar gelede gelewe het, het 'n geweldige verandering ondergaan. Vroeër het die Gereformeerdes baie meer afsydig teenoor die bioskoop gestaan, soos die geval ook met baie ander vermakes was. In die Gereformeerde lewenstyl is 'n skerp lyn tussen die koninkryk van die hemele en die koninkryk van die wêreld gehandhaaf. Hulle godsdienstige beskouing het dus 'n belangrike versperring tot die bioskoopbesoek gevorm. Dit skyn egter of hierin 'n radikale verandering gekom het, want die bioskoop is in die latere jare aanvaar soos die lees van 'n boek, en dit het ook in ons geledere in swang gekom, hoewel miskien minder as in ander kringe.

Die bioskoop het dus 'n belangrike instelling geword in ons volkslewe en in 'n mindere mate ook in die kringe van die Gereformeerde Kerk. Die grootste getalle gaan daarheen en is dan in aanraking met die dinge wat kritiekloos en sonder beswaar aangebied word.

c. Betekenis van die bioskoop.

Die betekenis van die bioskoop lê in die middele wat dit gebruik. Die tegniek van die bioskoop, t.w. die reproduksie van die bewegende en lewende beeld, maak dit seker een van die aantreklikste ontspanningsmiddele wat daar bestaan, tewens ook een van die beste opvoedingsmiddele.

Die publiek word gekonfronteer met die reproduksie van die lewende figure wat handelend en sprekend voor hulle optree.

Hierdie tegniek wat deur die film gebruik word, besit dieselfde eienskappe en onderrigmoontlikhede wat die aanskoulike onderwys in die opvoedkundige wêreld besit.

Aanskoulike onderrig, waar van visuele waarneming gebruik gemaak word, word erken as een van die uitnemendste middele om by die leerlinge bepaalde gedagtes tuis te bring, voorstellinge en begrippe te laat posvat.

Die film, waar die beelde van lewende persone handelend en sprekend optree en natuurgetrou weergegee kan word, het die vermoë om al die moontlikhede van aanskoulike onderrig ten volle te benut.

Deur die voorstellinge, wat natuurgetrou voor die oë van die publiek op die silwerdoek afspeel, het dit 'n ongeëwenaarde middel geword om op die bewussyn van die publiek in te werk, bepaalde gedagtes of gedagterigtinge daar tuis te bring en die denke van die publiek in 'n bepaalde rigting te stuur en te help om 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing by die breë massas te vorm.

Hierby moet gevoeg word dat die filmindustrie onbeperkte finansiële middele tot sy beskikking het. Die beste vakmanne en tegnici word met dié finansies in sy diens gestel, en kunstenaars wat die gawe het om enige emosie van die mens meesterlik te vertolk en met sy persoon of persoonlikheid die meeste aandag kan trek, staan tot sy beskikking. Daar bestaan feitlik geen hulpmiddel, ongeag die koste, wat aangewend kan word om ook nog hierdie voorstellings suggestief en oortuigend aan te bied wat nie deur die filmnywerheid kwistig gebruik word nie.

Voeg dit alles saam, en ons het in die film 'n middel tot onderrig en beïnvloeding van die gedagte- en verbeeldingswêreld van die mens wat ongeëwenaard is.

In die hande van deskundiges is die film dan ook 'n propagandamiddel (in die breë sin van die woord) wat sy gelyke nie het nie.

Die bioskooppubliek, so het ons gesien, bestaan vir die grootste deel uit jeugdige en mense uit die laer opvoedkundige en sosiale stande, d.w.s. mense by wie kritiese vermoëns nie so hoog ontwikkel is nie, en hulle staan gevolglik meer bloot aan beïnvloeding van buite.

Hierdie feite gesamentlik maak elke filmvertoning in die bioskoop tot 'n propagandamiddel van daardie lewens- en wêreldbeskouing en lewenswyse wat in die film veraanskoulik word.

Wanneer 'n ontspanningsoekende publiek wat vir die grootste gedeelte 'n swak ontwikkelde kritiese besef het en dus maklik vatbaar is vir beïnvloeding, gereeld, ja, in baie gevalle week na week, blootgestel word aan die suggestiewe krag van hierdie apparaat, wat toegerus is om die beste opvoedings- en propagandamiddel te wees, verkry dit met verloop van tyd 'n akkumulatiewe effek wat nie oorskakel kan word nie.

Onder al die faktore wat meegewerk het om die geestelike wêreldrevolusie van die laaste halfeeu te bewerkstellig en die radikale verandering in die lewensbeskouing en lewenswyse van die wêreld

van ons tyd teweeg te bring, moet die bioskoop as een van die vernaamstes gereken word.

Die bioskoop moet dus gesien word as 'n soort onderwysinstituut; soos dit iewers uitgedruk word: dit is die aandskool van die massas. Dit is die plek waar die massas hulle kennis van die lewe en die moraal opdoen.

Daarin is dit, tesame met die pers en die radio, een van die middele wat die sterkste meewerk om die publieke opinie te vorm en vormend op die volksgewete in te werk.

d. 'n Kritiese beoordeling.

Die film as sodanig besit as middel van onderrig en onderwys groot moontlikhede.

Waar dit in diens gestel is van die opvoedkunde en onderwys, die kuns en kultuur en selfs die godsdienste, het dit dan ook reeds sy waarde bewys. Hier is inderdaad 'n middel wat in staat is om verheffend en veredelend op die mens in te werk en wat, indien dit in diens van die koninkryk van God gestel word, met groot voordeel aangewend kan word.

Dit is jammer dat, om watter rede ook al, van hierdie kosbare gawe van God nie meer ten goede gebruik gemaak word nie.

Die feit egter dat die film vir die grootste deel in diens staan van 'n industrie waarby dit slegs gaan om besigheidsoorwegings, het die gevolg dat die bioskoopwese soos dit hom vandag prakties openbaar, 'n groot probleem geword het.

'n Beoordeling van die films wat vertoon word, sal dit duideliker aantoon.

(1) *Films van hoogstaande gehalte.*

Dit kan nie ontken word dat daar films vrygestel is met 'n sterk en gesonde morele strekking nie; films wat, net soos boeke van dergelike aard, die toeskouer laat voel dat dit hom verryk het, nie alleen aan kennis, maar ook aan besieling. Soos iemand dit gestel het: Dit is louterend vir 'n mens om na so 'n film te gaan kyk.

Uit die aard van die saak is dit moeilik om 'n opgawe van sulke films te gee, aangesien die morele benadering van alle ondersoekers en kritici nie dieselfde is nie.

Vanuit die hoë en suiwer eise van die liefdeswet van God gesien sal daar maar baie weinig films wees wat die toets kan deurstaan; tewens, sal enigiets wat op aarde deur mense verrig word of in die natuur om die mens ontwil onder die vloek van die sonde is, die toets kan deurstaan.

Wat van so 'n film verwag word, is dat hy die koms van die koninkryk van God sal verbeeld.

In die bedeling waarin ons lewe, is dit so dat die koninkryk gekom het, en tog ook nog nie gekom het nie. 'n Volkome openbaring kry ons hier nie. Die koninkryk kan slegs geken word omdat hy hier en daar begin kom. Selfs daar waar ons sy wesenstrekke

die sterkste sal verwag, word dit slegs openbaar in die gebrokenheid van die menselewe of in die ontoereikendheid van die aardse werklikhede.

Indien 'n film kan verbeeld hoe die koninkryk hier en daar kom, maar dan nie volgens humanistiese siening nie — selfs metodistiese sentimente kan so pynlik humanisties wees — sal dit bevredigend kan wees.

'n Belangrike element in die film — soos in alles — moet wees: die eer van God. Dit moet aan die een kant die eer van God nie aantast nie en aan die ander kant die eer van God verbrei.

Dit wil nie sê dat elke onderdeel volkome in ooreenstemming met die liefdesei van die wet van God moet wees nie, maar die geheel moet dit soek.

In elke roman of verhaal wat baie Gereformeerde kritici graag as Christelik bestempel, kry 'n mens verleiding, val, selfs 'n growwe sondelewe, maar dan is dit die blyke van genade, bekering, oorwinning wat weer die eer van God helder na vore bring. So is daar meer wyses waarop die eer van God verkondig kan word — in ieder geval nie deur 'n gees van leuenagtigheid nie maar van waarheid.

Wat beslis waar is, is dat meeste sg. Bybelfilms nie hoogstaande of Christelik is nie.

In die eerste plek kan die openbaring van God nie verfilm word nie. Hier geld tog ook duidelik: „Ons moet nie wyser as God wees, wat sy Christene nie deur stomme beelde nie maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig”. As verkondigingsmiddel of middel van onderrig in die geloofsleer het dit veral 'n dwase en gevaarlik leuenagtige saak geword. Niemand sal betwis dat die film 'n nuttige hulpmiddel kan wees in die onderrig van Bybelkennis nie, veral as die kultuurhistoriese en aardrykskundige agtergrond dokumentêr voor die oë van die leerlinge gebring word. Dit gaan hier nie daarom nie maar om die wyse waarop gedeeltes uit die Bybel self op die silwerdoek gebring word.

In die tweede plek word in die dramatisering van Bybelgedeeltes die teks altyd gewysig om aan te pas by die eise van die drama. Gevolglik word na willekeur inlegkunde gepleeg of belangrike dinge weggelaat, sodat die resultaat 'n filmverhaal is met 'n Bybelnaam en tema waarin die Bybelverhaal self nouliks herken kan word. Dit word dan niks anders as 'n onwaardige eksploitering van die Westerse mens se sentiment vir die Bybel nie, maar so dat die Bybel self in humanistiese hande gruwelik vermink word. Die enigste waarde van hierdie films is om te sien hoe onbegryplik die openbaring van God vir die wêreld is, en hoe die kunsvaardiges, die verstandiges, die wyses en die rykes mistas in 'n verborgenheid wat vir kindertjies openbaar is.

Die meeste films met 'n spesifieke Christelike strekking gaan

aan dieselfde gebreke mank. Dit gaan soms beter met die films wat nie doelbewus probeer om die Christelike dogma op een of ander manier probeer te verbeeld nie maar wat dit tog as gevolg van die lewensbeskouing van die produsente bevat.

Hierdie films met 'n sterk en gesonde morele strekking is baie skaars. Daar is weinig mense wat daarin belang stel om hulle te vervaardig, en ook is daar te weinig in die publiek wat hulle wil sien.

(2) Films met 'n onskuldige karakter.

Daar is ook heelwat films vrygestel wat vanuit Gereformeerde standpunt gesien 'n redelik onskuldige karakter dra. As ons hulle as onskuldige bestempel, dan kan hulle in ander opsigte voortreflike trekke hê. Dit kan byvoorbeeld voortreflike kunssinnige films wees; verfilming van hoogstaande en gevierde letterkundige werke soos dramas van Shakespeare, e.d.m.; biografieë, verfilming van operas; kinderprente; prente vir kinders soos enkele bekende geslaagde tekenprente, ens.

Hierdie films bring 'n wêreld van interessanthede, kuns, musiek, kleurvolle tonele ens. op 'n goedkoop en bevatlike manier na die aanskouers.

Hulle is nie positief Goderend nie maar ook nie noodwendig Godonterend nie.

By kuns, die aantreklikheid en ontspanning wat dit bied, kan dit op sigself eintlik geen skade doen nie.

Onder hierdie films moet ons ook die groot aantal dokumentêre films noem wat allerlei belangrike en opvoedkundige sake verfilm het.

Wat hulle eie doelstellinge betref, is hulle natuurlik nie waarde-loos nie maar kan 'n wêreld van kennis vir die aanskouers open. Hulle word nuttig gebruik in skole en verskeie opvoedkundige instellings.

Behalwe die dokumentêre films is die onskuldige films ook nie die wat die meeste aangetref word nie, en ook nie die wat die meeste geld vir die produsente inbring nie.

Hulle is wel meer volop as die films van hoogstaande gehalte maar sowel in aanbod as in aanvraag nog maar baie skaars.

(3) Films met 'n verkeerde invloed.

Die grootste aantal films wat in omloop gebring is, is ongelukkig van so 'n aard dat daar ernstige beswaar teen hulle ingebring kan word.

Dit is so dat die tegniek van die filmwese in die afgelope paar jaar geweldig vooruitgegaan het. Maar ongelukkig kan dit nie van die gehalte van die films oor die algemeen gesê word nie.

Die produsente ken hulle eie belange baie goed, en net soos die halfbroer van die film, die sensasiepers van ons tyd, buit hulle

sensasie tot die uiterste toe uit om hulle films aan 'n sensasiehonger publiek te verkoop.

Dit is byvoorbeeld bekend dat die mees sensasiesoekende koe-rante — ongeag die beleid of waarheid wat dit aanbied — in ons land die beste verkoop. Dit is in 'n hoë mate ook van toepassing op die film. En net soos die sensasiepers sy gevare het, het die sensasiefilm sy gevare.

In die afgelope paar jaar moet die filmprodusente 'n verbete stryd voer met die televisieradio in Amerika en Europa, en die gevolg is dat hulle hulle al hoe meer toelê op die prikkelende dinge wat die mense nog na die bioskoopteaters sal laat stroom. In hierdie stryd het morele beginsels geen waarde meer nie. Dit word 'n blote besigheidstransaksie waarin die produsente alles inwerp om hulle produk die hoogste verkoopswaarde te gee. Tegniek en propaganda, vaardigheid en sensasie word hand aan hand gebruik in hierdie verkoopsoorlog.

In die vroeër dae, toe die filmwese nog in sy kinderskoene was, was die publieke opinie nog 'n sterk versperring in die weg van 'n teuellose uitbuiting van sensasie en die natuurdripte van die mens. In ons tyd egter is daar 'n altyd sterker wordende rewolusie teen die morele tradisie van die vorige geslagte, sodat die gevreesde uitbuiting makliker en sonder noemenswaardige verzet kan plaasvind. Onder sulke uitdagende uitdrukkings soos „die publiek is nog nie emosioneel volwasse nie” of „laat ons tog nie meer so 'n valse preutsheid aan die dag lê soos ons voorouers nie” of „modern” vind die pers en propagandiste allerlei verskonings om allerhande immorele tonele en suggesties in die film te verdedig, en onder dieselfde verskonings het die produsente die tonele in hulle films ingevoeg maar met baie minder edele motiewe.

Ons noem enkele van die euwels van hierdie films om 'n beeld van die gevare wat hulle inhou, te probeer gee.

(a) *Uitbuiting van seks.*

Dit is oorbekend hoe seks in die films aangewend word op elke moontlike en onmoontlike manier, in 'n duisternis van variasies, sodat dit altyd 'n vars voorkoms kan hê.

Seksverhoudinge hoef nie noodwendig verkeerd te wees nie, want eintlik vervul dit 'n baie groot deel van die mens se lewe; maar seks word in die film so aangewend dat dit in die reël meer die banale en prikkelende op die voorgrond bring as die edele.

Alte dikwels het selfs kritici wat gewoonlik nie veel vir 'n hoë moraal omgee nie, daarop gewys dat sekstonele selfs afstotende tonele, in die film baie meer aandag ontvang as die tonele wat die verloop van die verhaal moet uitbeeld. Die doel is duidelik: Nuuskierigheid oor die tonele moet die gehore trek; maar die gevare is ook direk duidelik!

Onder hierdie stroom van seks wat onkuis is en veral vir die

puberteitsjeug groot gevare inhou, word so stadigaan ook 'n liefdes- en huweliksmoraal verkondig wat strydig is met die Christelike moraal.

Vrye liefde word aangebied as 'n vanselfsprekende ding, en die huwelik neem gedurig 'n ondergeskikte plek in hierdie uitbeeldinge in. Heel dikwels is die huwelik 'n las in die liefdespad, anders is dit 'n minderwaardige verbintenis, anders word in die raamwerk van die huwelik juis die dinge aangebied waarteen die Skrif ernstig waarsku. Die sensuele staan op die voorgrond, en die wesentlike verdwyn, omdat dit vir die filmwese geen betekenis het nie.

Dit is nie te veel gesê om te beweer dat die film 'n groot rol gespeel het by die aankweking van 'n los morele beskouing oor die huwelik by die moderne geslag nie!

(b) *'n Skewe voorstelling van die lewe.*

Omdat die film 'n dramatisering van een of ander lewensepisode is wat altyd slegs deur die bril van die draaiboekskrywer gesien word, bied die film 'n baie eensydige beeld van die lewe.

Neem nou nog in ag dat die meeste films ons bereik uit 'n bepaalde land, met sy eie bepaalde lewenskarakter, en dat selfs in daardie agtergrond 'n subjektiewe beeld van die lewe gegee word, dan is dit duidelik hoe seer die film 'n eensydige beeld van die lewe gee. Reeds is gesê dat die bioskoop die aandskool van die massas genoem is. Daaruit moet dit duidelik wees hoe die bioskoop mettertyd meehelp om 'n skeefgetrokke lewensbeeld by die massas in te skerp.

In die film is dit gewoonlik die snaakse, die uitsondering wat aandag trek en wat tel. Die gewone en gebalanseerde verdwyn op die agtergrond. Net soos in die sensasiepers word die buitengewone so oortollig aangebied dat dit naderhand as die normale en gewone gesien word.

In die films het ons grootliks te doen met 'n droomwêreld weg van die werklike, sodat ons kan sê dat ons te doen het met 'n leuenwêreld. Die voorstelling op die doek is altyd anders as wat ons dit andersins sou aantref. Dit is byvoorbeeld al moeilik om 'n waarheidsbeeld van die lewe van iemand te gee in 'n boek, omdat die ondersoek en beskrywing nie anders as subjektief kan plaasvind nie. Gaan kyk na so 'n lewensbeskrywing op die silwerdoek, en die ware feite kan nouliks meer herken word. Daar is byvoorbeeld al meer as een film gemaak oor die lewe van wyle pres. Kruger, en in elkeen voel die kritiese aanskouer aan dat hy nie met pres. Kruger te doen het nie.

Dit hang baie af vanuit watter hoek dit benader word. Die lewensepisode word so deur die produsente weergegee soos hulle dit graag wil doen met een of ander spesifieke doel. Die doel is gewoonlik om sentiment en sensasie uit te buit vir geldelike gewin.

Origens gaan die film in hierdie verband mank aan dieselfde

gebreke as die massa goedkoop romans en tydskrifte op die mark.

Net so is dit 'n euwel van die film dat die erns in die lewe 'n spel word. Daar kan inderdaad heerlik op die silwerdoek gespeel word, maar die spel gee 'n skewe lewensbeeld aan die aanskouers. Veral die puberteitsjeug idealiseer so 'n lewe vir hulle, en oral kan reeds gesien word hoe groot getalle van hulle, onder sulke invloede soos die van die bioskoop, van die werklike lewe vir hulle 'n spel gemaak het.

(c) *Humanisme.*

Die lewensbeeld van die film is in die eerste plek die van die humanis. Die mens met sy drange en genoeëns, sy behoeftes en lewenswaardes, sy skoonheid, vernuf en krag staan op die voorgrond. Dit word verheerlik ten koste van alle geestelike waardes. Wetsgebondenheid en moraliteit is slegs middele om die mens verder te verheerlik. Alles is ondergeskik aan die mens. Hy is die beskikker, die god in die diepste van sy wese, en die film is 'n handige middel om hom te verheerlik. Daarom word in die films die menslike skoonheid so hoog geag. Veral is dit die vrou wat tot vervelens toe tentoongestel en blootgestel word om die aandag te trek op haar skoonheid. Dit word al 'n hele kultus. Selfs is die skoonheid van die vrou al 'n belangriker element in die film as haar toneelgawes. Haar liggaam word gebruik vir propaganda en om gehore te trek, en so word sy eintlik verdierlik.

Dit het meegebring dat daar al buite die film om 'n hele praktyk van bewondering vir die verskillende filmsterre tot stand gekom het. Hulle foto's word oor die wêreld verkoop, en amper elke sekulêre koerant en tydskrif publiseer meer of minder gereeld foto's van die halfnaakte sterre.

By baie kinders het dit die gewoonte geword om die foto's van filmsterre te versamel, en ter wille van die propagandawaarde daarvan moedig die filmmaatskappye dit ook aan.

Oor die hele wêreld word ook talle jeugdige gevind wat 'n korrespondensie met die filmsterre probeer ophou.

Dit sou nie vergesog wees om te beweer dat die kultus van filmsterverheerliking verband hou met die moderne praktyk om vir byna elke geleentheid 'n skoonheidskoningin te kies nie.

Natuurlik is dit in albei gevalle 'n openbaring van die mensverheerliking (en wie twyfel daaraan dat dit ook seksverheerliking is?) van die humanistiese mens; maar die sterk voorbeeld wat die film gestel het, het die praktyk makliker laat posvat in elke laag van die samelewing.

(d) *Misdaad en die film.*

In die reël bied die spanningsfilm een of ander misdaad aan wat opgelos of daargelaat word.

Dit is of die produsente arm is aan temas vir hulle films, want as dit nie seks is wat benadruk word nie, dan word spanninge wat

om die misdaad geweef is, aangebied, of albei kry hulle volle kwota.

Ons ontvang meestal Amerikaanse films in Suid-Afrika, en dit het ook al 'n bekende feit geword dat die Amerikaners vir hulle jeug 'n humanistiese slagkreet aanvaar het: „Misdaad betaal nie”. Nou word die misdadiger in die film in verreweg die meeste gevalle voorgestel as die een wat ondergaan. Dit neem egter nie weg dat misdaad self ter wille van die interessantheid en die spanning 'n te groot plek in die betrokke films inneem nie. Dit is die geval in sowel die vervolgfims as in die gewone spanningsfilms.

Dikwels is al beweer dat baie jeugmisdadigers deur hierdie films gevorm is, maar ondersoekers het aangetoon dat dit nie die geval is nie. Wat egter waar is, is dat daar 'n sekere verband tussen hierdie films en jeugmisdaad aangedui kan word. 'n Algemene konklusie is dat die misdaadfilms jeugmisdaad by die potensiele jeugmisdadiger stimuleer of prikkel en dat hy ook meer as eens in die film die tegniek vir sy konkelwerk aangeleer het.

Wat hier van groot belang is, is die feitlik rewolusionêre gees wat veral die jongste films by die tienderjarige probeer kweek en waardeur hulle hulle probeer losruk van die tradisies van die vaders. Hierdie gees het al meegebring dat die jeug oor die algemeen beskuldig word van jeugmisdadigheid.

(e) *Die „horrorfilm”.*

Sommige films lê hulle daarop toe om die vreesemosies van die mens uit te buit. Allerlei gedrogte en wrede tonele word op die silwerdoek vertoon, en ter wille van propaganda word die publiek gedaag om te kyk wie alleen in 'n teater vreesloos die film sal aanskou. Dit toon van watter aard die films is en hoe hulle aangebied word.

Dit is onnodig om te sê dat dit verkeerd is, veral teenoor kinders, om hulle so aan 'n openlike bangmakers bloot te stel. Een van die ondersoekers het aangetoon dat kinders allerhande vreeskomplekse van sulke films oorgehou het. In baie gevalle het dit selfs ernstige vorms van neurose veroorsaak. Dit is veral by jonger kinders waar hierdie films groot gevare inhou.

(f) *Die godsdienstige film.*

Ons het reeds daarop gewys dat Bybelfilms uit die staanspoor verkeerd is. Dit is 'n verkeerde beginsel om te probeer om die openbaring te verfilm. Per publieke pers het filmprodusente al etlike male verklaar dat die Bybel vanweë sy kostelike en diepmenslike verhaalmateriaal pragtige stof bied vir suksesfilms. Dit is egter 'n totaal verkeerde manier om die Bybel te benader, en dit word nie alleen 'n gruwelike eksploitering van die Bybel nie maar ook 'n lasterlike gebruik daarvan. Bowendien gee dit valse kennis van die Bybel aan die onkundige publiek.

Wat godsdienstige films betref, is daar in die eerste plek die probleem van subjektivisme en seksionalisme. Verder kan in die

film ook nie losgekrom word van 'n humanistiese siening van die godsdiens nie.

Om hierdie rede kry films wat die lewe van Rooms-Katolieke en veral kloosterlewes uitbeeld, voorrang omdat daar baie meer in die uiterlike vertoon is wat verfilm kan word. as in die lewe van protestante. Hoewel dit deur Rooms-Katolieke sonder beswaar aanvaar word omdat hulle daarin 'n propagandamiddel sien, wil dit nie sê dat die produsente dit as Roomse propaganda beskou nie. Dit is vir hulle maar net weer iets sensasioneels, iets wat aandag trek en wat gehore sal trek.

Veral word in die godsdienslike film weer die handeling en werk, selfs die selfverlossingspogings van die mens op die voorgrond gestel, en die werk van God of vermink deur humanistiese hande of weggelaat.

e. *Algemene beoordeling.*

Hieruit is dit duidelik dat die film, soos in die bioskope aangebied, by al sy voortrefflike eienskappe groot gevare inhou wat onder oë gesien moet word.

Een ondersoeker het heeltemal reg daarin as hy beweer dat die film, soos digwerke en romans, slegs maar 'n weerspieëling van die lewe in sy geheel of van sekere rigtinge in die mensdom is. Dit bied kaleidoskopies die vorme van die lewe aan waarin ons staan. Maar dan moet ons onthou dat dit vir ons in die eerste plek lewensvorme uit Amerika en Europa aanbied, en dan uit daardie lande beslis nie uit Gereformeerde agtergronde nie maar uit humanistiese en liberalistiese agtergronde. Verder dat dit ook nie vir Christene of Gereformeerdes aangebied word nie maar vir die mens. Daarom word gespeel met die dinge wat die mens prikkel of vir die mens 'n sensasie of interessantheid is. Ons moet altyd onthou dat dit hoë koste meebring om films te vervaardig. Dit sal die produsente nie loon om hulle te bind aan die reëls van die moraal en met name die Christelike moraal nie, daar hulle verplig is om hulle ter wille van die inkomste toe te spits op die dinge wat die meeste geld gaan inbring. Verder maak hulle deur hul propaganda die mense gewoon aan die sensasie wat hulle aanbied en ontwikkel op die wyse die behoefte daarna en kweek so 'n sensasiehonger publiek, aan wie hulle hulle produkte kan verkoop. Alles is ondergeskik aan hierdie handelsreël.

Vir die doel word die mens as MENS gesien, as mens behandel en as mens geëksploteer. Dan nie die mens as verlore sondaar nie maar verheerlik na sy bese natuure.

Oor die algemeen het die film dan ook geen respek vir die Christelike moraal nie, en op die lang duur ploeg dit die moraal by die massas onder. Dit skep 'n massamens wat slegs 'n oog het vir die verheerliking van die mens en wat die Christelike morele

beginsels as 'n onnodige preutsheid of 'n uitgediende konserwatisme sien.

Die gevare van hierdie gees wat dit skep, is dan ook sonder twyfel groot, en selfs filmpropagandiste het reeds daarop gewys.

Lande soos Swede, Italië en ook die V.V.O. het al ondersoek laat instel na die gevare van die film vir die jeug en ook vir die volwasse publiek.

f. *Gevolge.*

Die film is sonder twyfel een van die magtigste faktore wat die godsdienslike en sedelike kentering van die afgelope halfeeu meegebring het. Dit is die aandskool van die massas wat die massas opvoed in 'n humanistiese en liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing. Dit het by al sy loflike deugde verreikende gevolge wat gewoonlik nie onder oë gesien word en selfs ook nie in sy diepte gemeet word nie. Van hierdie gevolge stip ons weer net die volgende aan:

(1) *Die Jeug.*

„Die faktor wat die mees verrottende invloed het op vandag se jeug, is die groot aantal immorele rolprente wat vertoon word”. Hierdie woorde is gedurende Junie 1960 in 'n Afrikaanse weekblad aangehaal uit 'n Amerikaanse tydskrif. Dit is die woorde van 'n ontugterde tienerjarige. Sy skets die toestand duidelik as sy sê dat die silwerdoek uiters smerig geword het en dat jongmense reeds so beïnvloed is dat hulle kwalik 'n oog knip vir die perverse voorstellinge en heiligskenis wat opgedis word.

Die invloed van die bioskoop op die voorpuberteitsjeug is nie so groot nie en ook nie direk nie. Die jong kinders stel nie veel belang in die groot, dieper liggende dinge wat die geeste in beweging bring wat volwassenes in prente aantrek nie, maar hulle aandag is grootliks toegespits op aksie. Die invloed op hierdie leeftyd lê dan ook meer in sulke emosionele invloede soos vrees, drif, haat, wraaksug of in 'n sug na edeler emosies.

Ondersoek het aangetoon dat kinders hierdie emosies in prente geleer baie jare lank in hulle kan omdra, en veral wanneer 'n mens met gevoelige kinders te doen het, kan die invloede groot gevare inhou.

Dit vorm nie 'n lewens- en wêreldbeskouing by hulle nie. Dit maak egter die pad oop om die vormende invloede te ontvang wanneer hulle daarvoor ryp geword het, omdat hulle in hierdie jare gewoon word om die bioskoop sonder 'n kritiese benadering te aanvaar en selfs liefde daarvoor ontwikkel.

Die werklike gevare begin kom in die rypingsjare. Dit stimuleer jeugmisdadigheid waar dit alreeds latent en inherent aanwesig is. Dit skep die atmosfeer waarin die jeugdige in die stemming kom waarin hy uiting aan sy misdadige neigings kan gee. Voorbeelde hiervan is die orgieë en bakleierye wat al dikwels ontstaan het nadat die jeug opswepende ruk-en-rolprente aanskou het.

Hierdie is voorbeelde van watter invloede die bioskoop op die rypende jeug kan hê. Voeg nou nog hierby dat juis hierdie jeug besonder ontvanklik is vir seksuele sake, dat hulle 'n haas onmeetlike nuuskierigheid op hierdie gebied besit, en neem in ag dat ondersoek aangetoon het dat jongmense van hierdie leeftye van die drukste besoekers van die bioskoop is en dat die filmindustrie hom toelê op die behoeftes van hierdie mense, dan is die moontlikheid van invloed en die gevaar daarvan sonder meer duidelik.

Die kleredrag, die liedere wat hulle sing, die rewolusionêre houding van duisende van die stedelike jeug en ook van die op die platteland, sal aantoon in hoeverre hierdie invloed posgevat het; en die bioskoop het nie 'n geringe aandeel in die verspreiding van hierdie gees gehad nie.

As nou in gedagte gehou word dat die filmindustrie in humanistiese hande is wat daarop uit is om geld te maak, kan daar gevrees word dat mettertyd 'n gees hom ook ongemerk in ons land kan versprei wat vreemd is aan die Calvinisme en selfs aan ons volk se nasionale bestaan, veral nog as die radio en die pers hierin meewerk.

(2) *Verering van karakters.*

Elke kind is geneig om 'n persoon of karakter te vereer wat 'n sterk indruk op hom maak. Die uitbeelding van karakters in die film, tesame met die suggestiewe omringende milieu, is so ingerig dat dit 'n sterk indruk op die aanskouer moet maak. Die gevolg is dat die onvaste persoon alte dikwels ôf in sy gees oorheers word deur so 'n karakter wat in sy geheue voortleef, ôf rondgeslinger word tussen die verering van die een of die ander. Een van die ondersoekers het byvoorbeeld aangetoon dat dit in die ondervraging geblyk het dat die meeste kinders musici wil word nadat hulle 'n prent van Chopin gesien het; militêre leiers nadat hulle 'n prent van Napoleon gesien het, ens.

Dié probleem doen hom baie wyer voor as net in die bioskoop maar die waarneming in die bioskoop is soveel makliker en duideliker as andersins en tegelyk in nege uit die tien gevalle soveel verder van die waarheid af dat dit beslis 'n groter probleem inhoud.

(3) *Verering van filmsterre.*

Veel gevaarliker as die voorgaande is die verering van filmsterre. Bo en behalwe die prominente rol van die filmsterre in die films self word allerlei tydskrifte uitgegee wat net daarop gemik is om die filmsterre by die bioskooppubliek te propageer. Tallose foto's van hulle word verkoop, en hierdie hulpmiddele het gehelp om 'n soort kultus van filmsterverering te skep. Die jeugdige behang die mure van hulle kamers met die foto's van die sterre, waarvan die meeste vrouesterre baie skamel geklee is, en hulle ken ook gewoonlik die hele lewens- en rolprentgeskiedenis van hierdie sterre.

Die sterre word helde vir hulle vereerders.

Dit hou die groot gevaar in dat die bedenklieke moraal van die sterre ideaal word vir die vereerders en ook dat die idee al hoe meer posvat dat dit een van die edelste beroepe in die wêreld is om 'n filmster te wees. Tewens, die filmsterre is vir hulle sonder twyfel beroemd, en baie van hulle ken die sterre beter as kulturele, politieke en godsdienstige leiers.

(4) *Die massas.*

Die bioskoop is die aandskool vir die massas wat alreeds vir die jeug ryp geword het vir al die humanistiese en liberale skoling wat hulle daardeur ontvang.

Nooit lees 'n mens in die pers dat 'n film so gekritiseer word soos bv. 'n musiekuitvoering deur kunstenaars of 'n drama nie; intendeel, omdat onder die voorwendsel van emosionele volwassenheid 'n verskoning gevind word om die mees skaamtelose immorele prente aan te beveel, kan gevrees word dat die gevolg van hierdie voortgaande stroom die moraal van die volk werklik in gevaar stel en selfs 'n bedreiging word vir die lewens- en wêreldbeskouing van die gereformeerde Christen.

(5) *Droomlewe en ontvlugting.*

Die bioskoop skep vir die aanskouers 'n droomlewe, 'n lewe wat maklik en mooi is, en dit maak hom afsydig van die werklike lewe. Dit skep 'n idealistiese dromende mens wat pap geword het vir die lewenstryd. Daarby is die bioskoop 'n magtige ontvlugtingsmiddel. Dit is een van die middele wat laat vergeet en wegom van die getors van dag tot dag. Hierby bied dit 'n vervlakking van alles aan en help dit ook mee om die lewe vir die twintigste-eeuse mens te vervlak.

(6) *Veramerikanisering van die Weste.*

Gedurende die jare 1952 tot 1957 is twee maal soveel films uit Amerika na Suid-Afrika ingevoer as uit 25 ander lande tesame. Die Amerikaanse film is alledaags in ons land. Dit het meegehelp tot 'n geweldige veramerikanisering van ons mense; en dit is ook die geval met die hele Weste. Die Amerikaanse stempel kan al in ons hele samelewing gewaar word, bv. in die liedere van die massas, gebruike en baie ander dinge. Dit is die Amerikaanse lewensbeeld wat aangebied word, en dit is die Amerikaanse lewensbeeld wat al hoe meer gestalte kry by die massas.

g. *Hoe die kerk en sy lidmate deur die film geraak word.*

Dit het alreeds 'n gewoonte by baie van ons lidmate geword om na die bioskoop te gaan. Ons kan aanneem dat die Gereformeerde lidmate swakker bioskoopbesoekers is as die res van die bevolking en dan ook meer selektief te werk gaan. Maar dit los nog nie die probleem op nie, want die weg vir beïnvloeding is nog steeds oop.

Die bioskoop het dan ook alreeds sy invloed op baie van die lidmate van die Gereformeerde Kerk laat geld.

Die gevare waaraan die lidmate blootgestel is, kan kortliks soos volg opgesom word:

(1) *Na-apery.*

Die gevaar dat die humanisties-liberalistiese gees wat die bioskoop verbrei, deur die lidmate agternageloop word, veral deur die „swakkere broeders”, durf nie uit die oog verloor te word nie.

(2) *Grensuitwissing tussen kerk en wêreld.*

Die bioskoop trek uit sy aard geen grens tussen kerk en wêreld nie; en 'n publiek wat deur hierdie aandskool van die massas opgevoed is, sal daardie grens naderhand ook glad nie meer ken nie.

(3) *Seks.*

Die voorbeeld wat die bioskoop gee vir 'n nuwe benadering in die seksomgang tussen jongmense, is 'n gevaarlike aanval op die stewige huweliksmoraal wat nog altyd in die kerk verkondig is.

(4) *Christelike moraal.*

Die bioskoop is 'n gevaarlike middel om die Christelike moraal in ons eeu heeltemal af te breek, omdat dit deurgaans 'n humanistiese moraal stel en in ieder geval 'n ondergeskikte plek aan enige moraal gee.

(5) *Neutraliteit.*

Soos elke neutraliteit is die neutrale houding van die bioskoop t.o.v. die godsdienst, d.w.s. die feitlike afwesigheid daarvan in die grootste gros films, 'n bedekte aanvalsfront teen die evangelie van Christus. Op sy meeste word nog die Rooms-Katolieke Kerk gepropageer, maar die gereformeerde waarheid word in die massa film-materiaal verdrink.

h. *Aanbevelings.*

Benadering.

Teen die film as sodanig kan ons geen beswaar hê nie. Tewens dit is 'n kostelike gawe van God wat ten goede gebruik kan word in ons samelewing en selfs in diens van die koninkryk besonder behulpzaam kan wees. Daar sal geen beswaar wees as lidmate voordelig gebruik maak van die dokumentêre films nie. Dit moet selfs aanbeveel word. Daar is baie wat uit sulke films kan voordeel trek, soos bv. J.V.'s, studiegroepe, e.d.m.

Die beswaar gaan egter teen die inhoud van die massa ontspanningsfilms wat in die bioskoop aangebied word.

Prakties gesien het ons hier te doen met 'n saak wat met die uiterste versigtigheid behandel moet word.

Soos aangedui, het daar tog films op die mark gekom wat deur 'n gereformeerde Christen geniet kan word en wat vir hom nie skadelik hoef te wees nie maar selfs besielend. Ook is daar films met 'n onskuldige karakter, waarteen ook geen beswaar kan bestaan nie.

Daar is egter aangetoon dat hierdie films in die minderheid

is en dat teen die meeste films ernstige godsdienstige en morele besware ingebring kan word.

Teen hierdie massa filmmateriaal moet ons standpunt inneem.

Die enigste benadering wat die Kerk kan hê in hierdie vraagstuk is 'n Skriftuurlike, evangeliewaardige, Godvererende benadering wat die uitbreiding van die koninkryk van die hemele nie sal teenwerk nie maar in die hand sal werk. Die benadering lê o.i. opgesluit in die wet van God, wat die absolute reël is vir die handhawing van die eer van God en die morele lewe van die gelowige. Hierdie wet moet in die harte van die gelowiges geskrywe staan, sodat hulle alles daarvolgens moet beoordeel en benader, en dit moet dan ook die uitwendige reël wees vir die gebruik aldan nie van alle dinge.

Met hierdie reël in gedagte wil u Deputate dan graag die volgende aanbevelinge maak:

(1) *Sensor.*

Aangesien die meeste films ons uit die buiteland bereik en dit veral die ontspanningsfilm uit daardie oord is wat 'n skadelike invloed het maar dit ook moontlik is dat binnelandse films spoedig 'n liberalisties-humanistiese gees gaan versprei en die Nasionale Sensorraad die vernaamste liggaam is wat sulke prente of skadelike dele daarvan kan weer, beveel u Deputate aan dat die Unieregering genader word met 'n dringende versoek dat die Sensorraad hulle waaksaamheid verskerp en ook strengere morele norme aan die dag lê by die keuring van die prente. Onder strenger norme verstaan ons nie alleen dat in die algemeen die films of dele van films wat vir die breë publiek afstootlik of onkies is of te bloeddorstig of te krities op ons politieke situasie, geweer moet word nie maar ook dat in die besonder gesoek word:

(a) dat valse godsdienste, afgodsdienste of ongodsdienstigheid nie verheerlik word ten koste van die ware openbaringsgodsdienst nie;

(b) dat verkeerde, oppervlakkige en valse denkbearde t.o.v. godsdienste of die erediens nie gepropageer word om die kostelike en suiwer erediens en verheerliking van Gods Naam te verdonker nie — Gods koninkryk is gebou op waarheid, geregtigheid, liefde, juis teenoor die leuen, onreg en haat;

(c) dat Gods Naam op geen manier gelaster word nie;

(d) dat die kerk en kerkdienste nie bespot word of tot 'n belagging gemaak word om enigsins die vyande van die kerk aanleiding te gee tot spottal nadat hulle dan so 'n prent gesien het nie — iets waarvan voorbeelde legio is;

(e) dat geen rewolusiegees of 'n gees van ongehoorsaamheid aan ouers of enige ander gesag op enige manier gepropageer word nie — iets wat veral gedoen word in jeugprente en ruk-en-rolprente e.d.m.;

(f) dat moord nie verheerlik word ten koste van naasteliefde nie;

(g) dat baie streng gewaak word teen alle valse seksidees op watter wyse ook al en ook alle vrye liefde; tewens dat ons sensors sal sorg dat niks vertoon word wat die krag van die huisgesin met sy bindende mag die suiwere, wettige liefde, kan laat kantel nie;

(h) dat diefstal en allerlei oneerlikheid suiwer aan die kaak gestel word of geweer word, om eerlike harde werk in die plek daarvan te propageer;

(i) dat streng gewaak word teen enige leuenagtigheid of die verheerliking daarvan wat die jeug en volwasse publiek 'n spottende houding teen die waarheid laat inneem — dat enersyds die leuen of geweer of aan die kaak gestel word (soos in valse propaganda-prente) en andersyds die waarheid verheerlik word;

(j) dat immers in die prente wat deurgelaat word, die fynproewer sowel as die halfslagtige aanvaarder mag weet en voel dat hier nog respek is vir 'n hoë Christelike moraal wat gedra word deur die lewensbeskouing wat ons in die Skrif geleer word.

Onses insiens kan al die bg. eise onder die vermaaklikheidswet van 1931 verkry word. Ons gee hier daarvan 'n afskrif:

ENTERTAINMENTS (CENSORSHIP) ACT. 1931 (No. 28 of 1931) EXTRACTS FROM ACT.

Section 5 (1) The Board shall not approve any film which, in its opinion depicts any matter that prejudicially affects the safety of the State, or is calculated to disturb peace or good order, or to prejudice the general welfare or be offensive to decency:

(2) The Board shall not approve any film which in its opinion depicts in an offensive manner:

- (a) Impersonation of the Queen;
- (b) scenes holding up to ridicule or contempt any member of the Queen's military or naval forces;
- (c) treatment of death;
- (d) nude human figures;
- (e) passionate love scenes;
- (f) scenes purporting to illustrate „night life”;
- (g) scenes containing reference to controversial or international politics;
- (h) scenes representing antagonistic relations of capital and labour;
- (i) scenes tending to disparage public characters;
- (j) scenes tending to create public alarm;
- (k) the drug habit, white slave traffic, vice or loose morals;
- (l) scenes calculated to affect the religious convictions or feelings of any section of the public;
- (m) scenes calculated to bring any section of the public into ridicule or contempt;

(n) scenes of juvenile crime and, in the case of older persons, scenes of the technique of crime and of criminality;

(o) scenes of brutal fighting;

(p) scenes of drunkenness and brawling;

(q) pugilistic encounters between Europeans and Non-Europeans;

(r) scenes of intermingling of Europeans and Non-Europeans;

(s) scenes of rough-handling or ill-treatment of women and children.

(2) Christelike filmaksie.

Verder beveel u Deputate aan dat aangesien die moontlikheid bestaan dat ons alles in punt (1) genoem, moontlik nie mag verkry nie, omdat die staat herhaaldelik al verklaar het dat hy in alle opsigte 'n neutrale houding moet inneem, u die moontlikheid *aanvaar* en *propageer* van 'n Calvinistiese filmaksie in Suid-Afrika. Dit mag geen kerklike aksie wees nie, maar die beginsel kan deur die kerk aanvaar en gepropageer word, terwyl byvoorbeeld die A.C.B. die praktiese uitvoering daarvan onderneem.

So 'n filmaksie moet:

(a) 'n *sensorraad* hê wat die films volgens die Christelike morele beginsels beoordeel; wat subiet en fel afkeur wat afkeurenswaardig is en wat toelatemd of goedkeurend aanbeveel wat gesien kan word;

(b) 'n *Publikasieraad* hê wat in die pers onder sowel die Calvinistiese as die breë publiek se aandag bring die bevindinge van die sensorraad van die Christelike filmaksie;

(c) 'n *Filmraad* hê wat goeie dokumentêre of ander films aanhou en versprei onder J.V.'s wat eie projektors beskikbaar het, of met die staat, wat sulke werk doen deur die Departement vir Opvoeding van Volwassenes;

(d) 'n *Produkieraad* hê wat goeie en aanvaarbare films maak!

(e) *Opmerking*.

Ons wil dit baie sterk stel dat volgens ons oordeel die films wat vandag aangebied word, van sodanige aard is dat bioskoopbesoek sonder enige diskriminasie slegs fataal kan wees vir die sedelik-godsdienstige lewe van ons lidmate.

Vir ons as Gereformeerdes is daar slegs hierdie alternatief: of 'n Christelike filmaksie wat sterk selektief te werk gaan, of 'n algehele vermyding van die bioskoop.

(3) Optrede van kerkrade.

U Deputate beveel verder sterk aan dat hierdie probleem *veral plaaslik*, en dus nie alleen hier op sinodale vlak nie, ernstige aandag moet geniet.

(a) Elke kerkraad bestudeer die probleem van die film en sy invloed deeglik om hom helder te vergewis wat Godonterend en wat Godverheerlikend is in die film; watter beginsels daar gestel die

koninkryk van die hemele verbrei en watter juis die koninkryk van God bestry, en hoe en waar hierdie dinge in die film en bioskoop gevind word!

(b) Elke kerkraad bespreek in sy sensura morum-vergaderings die probleem van lidmate wat die bioskoop besoek — meer of minder gereeld, en die tipe prente waarna hulle gaan kyk, en besluit dienooreenkomstig hoe om op te tree.

(c) Ouderlinge bespreek met lidmate hierdie saak sowel om te vermaan as om leiding te gee, altyd met die eer van God en uitbreiding van sy koninkryk in gedagte.

(d) Kerkrade weerhou hulle daarvan nie om tug toe te pas waar lidmate se houding teenoor die bioskoop dit noodsaaklik maak of waar as gevolg van die bioskoop hulle houding teenoor die kerk tugwaardig word nie.

(4) Wanneer die tyd en plek dit toelaat, moet die beginsels van Gods eer en die uitbreiding van sy koninkryk soos deur die film geraak, op gemeentevergaderinge, gemeentelike byeenkomste, katkisasies, J.V.'s, sustersbyeenkomste en waar ook al bespreek word om sowel kindergelowiges as volwasse gelowiges op te voed tot 'n gesonde, geloofsgetroue, beginselvaste, ongeskokte handhawing van die eer van God in die benadering van die film, om die wil van God in alles te ondersoek.

(5) Ouers moet opgewek word om besonder keurig en selektief met die films te werk te gaan wat hulle hulle kinders toelaat om te sien. Hulle moet ook die verbondskinders van jongs af op al die gevare wys en hulle met alle mag opvoed in die ware geloof en alles in die weg stel om die dinge te weer wat die geloof van die jong kinders en jeugdiges skade kan doen. Hulle moet ook van jongs af 'n sterk besef van 'n gesonde, eerlike, Christelike moraal aankweek, sodat hulle gewapen kan wees teen die leuengees wat oral in die moderne lewe versprei word.

Gesonde ontspanning, gebalanseerde en matige sport is sterk aan te beveel, maar dit moet nooit ten koste van 'n gesonde gees wees nie.

(6) 'n Aantal alarmmakende, vermanende en leidende artikels moet in kerklike blaaië geskrywe word.

3. Handelsradio.

a. *Gehalte van handelsradioprogramme.*

U Deputaatskap het gevind dat die gehalte van die programme van die handelsradio (sowel Springbokradio as Lourenco Marques) van 'n lae kulturele standaard is en dat gereelde inluistering na hierdie programme 'n nadelige uitwerking op luisteraars moet hê.

Hierdie gevolgtrekking is gemaak nadat op verskillende tye en verskillende dae na die programme geluister is. Uit opnames wat van die verskillende programme gemaak is, kan die volgende ontleding gegee word.

(1) *Plate op versoek gespeel.*

Van die musiek wat so gespeel is, was ongeveer 70% van die plate jazz-, ruk-en-rol- en dansmusiek, ongeveer 20% ligte sentimentele musiek en 10% klassieke musiek. Met die opname is gevind dat die grootste gedeelte van die mense wat aan hierdie programme deelgeneem het, mense met Afrikaanse vanne is.

(2) *Wedstryde.*

Wat ook verder 'n verderflike invloed uitoefen, is die verskeie dobbel- en gelukwedstryde wat in die programme voorkom waaraan geld en ander pryse verbonde is.

(3) *Vervolgverhale.*

Vervolgverhale wat deur die handelsradiosenders uitgesaai word, is, volgens opname, van die programme wat die meeste aftrek kry. By gereelde inluistering moet hierdie verhale noodwendig 'n invloed op die mens uitoefen. By navorsing het geblyk dat die taal wat gebruik word, sowel as die strekking van die verhale oor die algemeen geen opbouende geestelike waarde besit nie.

b. *Luistergewoonte van Gereformeerde lidmate.*

(1) Om gegewens in verband hiermee te verkry is vraelyste onder al die lidmate van vyf kerke versprei en hulle antwoorde op hierdie vraelyste verwerk in onderstaande gegewens. Van die 5 kerke is 3 in Transvaal, 1 in die O.V.S. en 1 in die Kaapprovinsie. Verder is van die 5 kerke 2 in stedelike gebiede, 1 kerk wat meestal net dorpslidmate het, en 2 kerke wat sowel dorps- as plaaslidmate het. Daarmee meen ons dat onderstaande syfers redelik verteenwoordigend is van alle lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

(2) Gegewens uit die vraelyste verkry:

(a) Wat werkende manslidmate betref, luister 10% meer as 'n halfuur per dag na uitsendings van die handelsradio, terwyl 35% minder as 'n halfuur per dag en 55% glad nie daarna luister nie.

(b) Wat vroue betref wat buitenshuis teen betaling werk (sowel moeders van kinders as getroudes sonder kinders en ongetroudes), is die luistergewoontes na die handelsradio soos volg:

Meer as 'n halfuur per dag	3%
Minder as 'n halfuur per dag	30%
Glad nie	67%

(c) Wat huisvroue betref, luister 31% meer as 'n halfuur per dag, 38% minder as 'n halfuur en 31% glad nie na uitsendings van die handelsradio nie.

(d) Met betrekking tot egpare wat saam luister na programme van die handelsradio, is die syfers soos volg:

Meer as 'n halfuur per dag	4%
Minder as 'n halfuur per dag	20%
Glad nie	76%

(e) Met betrekking tot huisgesinne met skoolgaande kinders

wat die handelsradio gebruik as 'n metode van gesinsontspanning is die syfers soos volg:

Meer as 'n halfuur per dag	0%
Minder as 'n halfuur per dag	13%
Glad nie	87%

(f) Wat die kinders betref, is die posisie soos volg:

	18-14 jr.	13-10 jr.	9-6 jr.
Meer as 'n halfuur per dag	13%	6%	3%
Minder as 'n halfuur per dag	39%	33%	15%
Glad nie	48%	61%	82%

(g) Aangesien baie mense die gewoonte het om die radio lang tye te laat speel sonder dat iemand juis daarna luister, en ons mening is dat daardeur ook onbewus invloed uitgaan op die persone wat dit hoor sonder om opsetlik bewus daarna te luister, het ons ook in die verband navrae gedoen in die vraelyste en die resultate was die volgende:

Meer as 'n halfuur per dag	32%
Minder as 'n halfuur per dag	12%
Glad nie	56%

(h) By al hierdie syfers moet in gedagte gehou word dat dit slegs gaan om die programme van die twee handelssenders, naamlik Springbokradio en Lourenco Marques, en NIE om die programme van die A- en B-senders van die S.A.U.K. nie.

(3) *Gevolgtrekkings uit hierdie gegewens.*

(a) *Volwassenes.*

Ontleding van die getalle in (2) (a) tot (c) hierbo toon aan dat die meeste geluister word deur huisvroue terwyl vrouens wat buitenshuis teen betaling werk, die minste luister. Daar kan dus redelikerwys verwag word dat die beïnvloeding van die lewens-kyk deur die programme van die handelsradio die sterkste sal wees by die huisvroue, minder sterk by die mans en nog minder by vrouens wat „werk”.

(b) Op die vraag in hoeverre die handelsradio 'n bron van gesinsvermaak geword het onder Gereformeerde lidmate, gee die syfers van (2) (d) en (e) die antwoord dat dit nog in geringe mate die geval is, maar die feit dat egpare alleen meer saam daarna luister as wat huisgesinne dit doen, wys daarop dat ons hier te doen het met 'n neiging wat waarskynlik sal toeneem. Want dit is opmerklik uit die vraelyste dat van die egpare wat inluister, die merendeel jongetroudes is met geen kinders nie of met voorskoolse kinders. Dit toon o.i. die tendens dat die handelsradio by die jonger geslag 'n groter plek as bron van gesamentlike ontspanning en vermaak inneem as by die ouer geslag.

(c) Wat die kinders betref, toon die syfers vir die groep van 14 tot 18 jaar 'n ontstellende beeld. Meer as die helfte luister gereeld na die programme, hoewel die meeste hiervan minder as 'n halfuur

per dag daarna luister. Beïnvloeding deur die programme behoort dus in hierdie leeftydsgroep redelik sterk te wees. Die ander twee jonger groepe toon 'n gunstiger beeld, maar die vraag is in hoeverre hierdie gunstiger beeld veroorsaak word deur die jeugdiger leeftyd en gevolglik ander belangstelling. Oor die algemeen skyn dit ook hier asof ons te doen het met 'n neiging wat sal toeneem, sodat in die toekoms al meer Gereformeerde kinders onder die invloed van die handelsradio se programme sal kom.

(d) Wat „onbewuste beïnvloeding” betref, spreek die syfers van (2) (g) duidelik. In amper die helfte van ons huisgesinne gebeur dit dat die programme van die handelsradio die onbewuste agtergrond vorm van 'n deel van die dag se werksaamhede. Die invloed hiervan om 'n geestelike oppervlakkige huisatmosfeer te skep moet o.i. nie onderskat word nie.

c. *Saamvattende gevolgtrekking.*

Uit a en b hierbo kan ons konstateer dat die programme van die handelsradio oor die algemeen 'n oppervlakkige ligsinnige gees adem, wat veral by die jongere geslag en die huisvroue ingedra word en beslis nie meewerk om 'n gesonde Gereformeerde geestesagtergrond in ons huisgesinne te bevorder nie maar daar eerder afbreuk aan doen.

d. *Aanbeveling.*

Onses insiens moet die volgende aanbeveling by die Sinode gemaak word:

Die Sinode ag hom op grond van hierdie gegewens (a tot c) genoodsaak om kerkrade te wys op hierdie verskynsel en benadruk dat by die bearbeiding van ons lidmate deeglik hiermee rekening gehou moet word.

(Hierdie gedeelte is opgestel deur C. Lessing en J. Ligthelm).

Art. 146.

Beskrywingspunte.

A. Van Part. Sinode Oos-Transvaal, toegelig deur ds. J. C. Krüger.

Lede van die Deputaatskap van Beheer.

Persone wat van die gelde wat deur die Deputaatskap van Beheer beheer word, leen, of persone wat op nie-kerklike liggamedien wat van die gelde leen, moet in die toekoms nie op die Deputaatskap van Beheer benoem word nie. — Part. Sinode Oos-Transvaal.

Besluit: Dit word by die bespreking gelaat.

B. Van Part. Sinode Noord-Transvaal, toegelig deur ds. H. J. Krüger.

Engelse naam vir ons Kerk.

„Die Part. Sinode van Noord-Transvaal versoek die Generale Sinode om naas die amptelike Afrikaanse naam van ons Kerk ook 'n Engelse naam te yk”. — Klassis Translimpopo.

Motivering.

Al drie Afrikaanse Kerke, t.w. die Gereformeerde, die Ned. Gereformeerde en die Herv. Kerke staan in die algemeen (in die wandel) bekend onder die Engelse naam: Dutch Reformed Church. Maar soms word wanpraktyke van die een ten onregte op die rekening van die ander geplaas, bloot omdat die Engelse bevolkingsdeel onbewus is van die verskil in uitlewing van die Konfessie deur die drie Kerke.

Dit het ook reeds lankal wenslik geword dat ons die identiteit van ons Kerk nader gaan bepaal met die oog op ons Engelse medegelowiges.

Die Part. Sinode van Noord-Transvaal het besluit om gevolg te gee aan die beskrywingspunt.

Besluit: Die saak word verwys na die deputate vir Korrespondensie.

Art. 147. — Notule.

Die notule word vasgestel vanaf art. 93 tot 127.

Art. 148.

Jeugsorg.

Die Rapport en Aanvullende Rapport van die deputate word toegelig deur dr. S. C. W. Duvenage.

A. Rapport.

Deur die Sinode van 1958 is 'n Deputaatskap vir Jeugsorg benoem bestaande uit: dr. S. C. W. Duvenage (saamroeper), di. D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte), M. Postma, P. W. Buys, J. L. Helberg, dr. J. M. de Wet, oudl. Wynand du Plessis.

Aangesien dit onseker is watter broeder ouderling W. du Plessis as lid van die deputaatskap benoem is, is sowel oudl. W. P. du Plessis (Potchefstroom) as oudl. W. L. du Plessis (Carletonville) as lede beskou.

Die Deputaatskap het vier keer vergader, nl. op 8-10-58, 12-11-58, 5-5-59, 28-6-60.

1. Opdrag.

Die deputate is benoem om uitvoering te gee aan punt C, 1b (2), bl. 488 van die Sinodale Handelinge van 1958, nl.

„Met die Eeufeesjaar beoog die Bond van J.V.'s 'n groot jeugsaamtrek gedurende die Paasaweek... Hieraan moet saamgewerk word van kerklike kant. Die Sinodale deputaatskappe vir jeugaangeleenthede en eeufeesviering kan in die verband ruggespraak hou.”

Hierdie deputate is verder benoem: „met o.a. die opdrag dat hulle:

a. meer statistiese navorsing sal doen in verband met die toestand, behoeftes en probleme van ons kerklike jeug wat die ouerhuise verlaat het;

b. in die lig van die Sinodebesluit van 1932, soos besluit onder punt II, III en IV, met weglating van a en b onder iii en punt iv, met nuwe aanbevelings (indien enige) voor die volgende Sinode te kom”. (Sin. Hand. 1958, bl. 488, punt C, c 1 (1), (a) en (b))

2. Jeugsaamtrek.

Die Deputaatskap het aan die genoemde opdrag uitvoering gegee. Die Bond van J.V.'s is gevra dat die verrigtings die karakter sal aanneem van 'n jeugsaamtrek van ons Kerk. Aan kerkrade is briewe geskrywe en in *Die Kerkblad* 'n oproep gedoen dat die jongmense hierdie saamtrek moet bywoon. 'n Geslaagde saamtrek van etlike honderde jongmense is dan ook deur die Bond van J.V.'s in medewerking met die Deputate te Rustenburg gehou.

3. Statistiese navorsing.

Hier volg die deel van die rapport wat oor punt 1 a handel. Die vraelys waarna hierin verwys word, is as addendum bygevoeg.

Opmerkings.

a. *Terrein:* Die Deputaatskap het hom in die ondersoek nie uitsluitlik by die jeug wat die ouerhuis verlaat het, bepaal nie, omdat

(1) genoemde jeug se probleme alleen deeglik besien kan word teen die agtergrond van al die algemene gegewens soos in die rapport vervat;

(2) jeug wat die ouerhuis verlaat het, ook wel kinders insluit wat nog nie belydenis van die geloof afgelê het nie en wat dus streng gesproke by die Deputaatskap vir Katkisasie tuis hoort, en dit daarby baie moeilik is om 'n skeidslyn te trek en slegs die wat nie by hulle ouers woon nie, in die ondersoek te betrek;

(3) daar slegs 20% van die jeug is wat nie in die ouerhuise woon nie, en die grootste deel hiervan nog in koshuise saamgetrek is.

b. *Konklusies:* Die Deputaatskap het nie konklusies uit die rapport gemaak in die sin van aanbevelings oor sake aan die Sinode nie, omdat dit blykbaar nie binne die opdrag van die Deputate val nie.

*c. Vraelys aan kerkrade.**(1) Inleiding.*

Die Algemene Sinode van 1958 het aan die Deputaatskap opgedra om statistiese navorsing te doen omtrent die jeug van die Gereformeerde Kerk. Na aanleiding hiervan het die Deputaatskap 'n omvattende vraelys opgestel wat uitgestuur is aan alle kerkrade. Dis uitgestuur vroeg in 1959 en antwoorde is ingewag tot 1-9-1959. Na hierdie datum is 'n herinnering gestuur aan alle kerkrade van wie geen antwoorde ontvang is nie.

Aangesien die vraelys baie omvattend was, is 'n verkorte vraelys vir gebruik deur wyke opgestel en by elke versending genoeg

hiervan vir elke wyk ingesluit. 'n Kommissie van die kerkraad moes dan hierdie gegewens in die vraelys verwerk. Slegs die volledige vraelys is terug verwag.

Die algemene opset van die vraelys kom ooreen met die opdrag aan die Deputaatskap (Sinodale Handeling 1958, bl. 488). Die stof is verdeel in die volgende vier afdelings: Kerk, Skool en Universiteit, Maatskappy, Algemeen. Elke afdeling bevat 'n aantal vrae, elk waarvan 'n sekere aspek dek.

(2) Reaksie van kerkrade.

Ongeveer 48% van die vraelyste (100 uit die 207) is beantwoord terug ontvang, waarvan 7 ondoeltreffend was vir statistiese verwerking. Hiervan was 63 uit 129 van plattelandse en 29 uit 78 van stedelike kerkrade. Van 30 kerkrade is briewe van verskoning ontvang dat hulle om verstaanbare redes die vraelys nie kon beantwoord het nie. Die ingekome vraelyste was klassikaal goed verteenwoordig, sodat daaruit 'n redelik getroue beeld van die geheel verkry kon word.

N.B. Van 67 kerkrade is, selfs na 'n tweede herinnering, geen reaksie ontvang nie.

Na ontvangs is die gegewens in tabelle saamgevat, en die opsommings het as basis vir die verdere bestudering gedien. Onderstaande is 'n samevatting van die bevindinge.

(3) Besonderhede van verskillende vrae.

A. Kerk.

1. en 2. Algemeen.

Dit het algemene statistiek i.v.m. die kerk verskaf, wat veral as basis van beoordeling by die verdere gegewens gedien het.

Aantal huisgesinne	9534
Aantal belydende lidmate	22987
Aantal dooplidmate	15705
Aantal belydende jongmense	3536
Aantal dooplidmate plus ongetroude belydende lidmate onder 25 jaar	17424

Slegs omtrent 6% van alle lidmate (doop- en belydend) is alleenlopende persone wat by gesinne van ander kerke, in losies-huise en koshuise inwoon. Hierdie klein persentasie is geen groot faktor vir moontlike afdwaling nie.

Daar is omtrent 20% van die belydende lidmate wat op 25 jaar nog ongetroud en dus die voorwerp van die besondere sorg van kerkrade is.

3. Voor belydenisaflegging.

Dit blyk dat 24% van die jongmense wat oud genoeg is om belydenis af te lê, dit nog nie gedoen het nie en selde of nooit in die kerkisasie kom en dus geen behoorlike onderrig ontvang nie.

Van die 9000 kinders van kerkisasieleeftyd is daar 1580 wat

selde of nooit die kerkisasie besoek nie (byna 18%). Dit geld meer as 10% van die huisgesinne. Op die vraag na die redes hiervoor blyk dat afstand in slegs 30% van die gevalle die oorsaak is, terwyl 54% die gevolg is van laksheid van ouers en onverskilligheid van kinders. Ander redes speel ook 'n geringe rol.

Hierdie onbevredigende toestand moet vanselfsprekend op die duur invloed uitoefen op die geestelike peil van die kerk as geheel.

4. Belydenisaflegging.

Dit blyk dat seuns op omtrent 17 jaar en dogters op omtrent 16½ jaar belydenis aflê. Ongeveer twee-derdes van die kerkrade beskou dit as die mees gewenste ouderdom. Praktiese oorwegings soos vervat in b(i)-(iv) skyn die deurslag te gee vir hierdie beslissing. Ongeveer 'n derde van die kerkrade beskou die ouderdom tog as te laag, omdat die nodige rypheid en standvastigheid nog ontbreek.

Die toetsing na die kennis van die belydeniskatkinsant geskied oorwegend deur mondelinge ondervraging, individueel en groeps-gewyse. Ongeveer 16% van die kerkrade maak reeds gebruik van skriftelike toetsing.

In die reël duur die onderrig in die belydenisklas 1 jaar. Vir ongeveer 10% van alle belydeniskatkinsante word spesiale voorsiening vir onderrig gemaak. Hierdie groot persentasie word toegeskryf aan hoofsaaklik die volgende redes: swak kennis, werksomstandighede, evangelisasiegevalle, verwaarloosing deur laksheid van ouers, nalatigheid.

By 'n groot aantal kerkrade, veral op die platteland, heers nog die gebruik van 'n korttermyn klas voor die belydenisaflegging. Ongeveer 3% van die aspirante word geweier om belydenis af te lê. Die oorwegende redes hiervoor by die stedelike gemeentes is swak kennis en by die platteland ongereelde bywoning. Dit skyn dus asof daar nog gewaak word teen die opname deur belydenis van lidmate wat nie goed onderlê is nie.

5. Na belydenisaflegging.

By die ondersoek na die kerkbesoek van die belydende jongmense kan die bevredigende konklusie getrek word dat die oorwegende aantal die kerk baie gereeld besoek. Gevalle van swak kerkbesoek kom veral voor by uitgestrekte gemeentes.

Die kerk bly redelik goed op hoogte van die jongmense na belydenisaflegging; slegs 'n minimale persentasie word aangegee wat nie opgespoor kan word nie. Hierdie verskynsel doen hom feitlik uitsluitlik in die stede voor.

Slegs ongeveer 50% van die belydende jongmense skakel baie aktief by die gemeentelike lewe in, hoewel die toestand in die stede veel ongunstiger is as op die platteland. Die inwoning al dan nie speel hier geen noemenswaardige rol nie. Die bewering dat jongmense eers weer na hulle huwelik aan die gemeentelike lewe begin

deelneem, word deur 70% van die kerkrade gestaa. As redes vir die onverskilligheid geld oorwegend gebrek aan belangstelling in kerklike aangeleenthede en moeilike werksomstandighede.

6. *Na huwelik.*

Ongeveer 4.5% van die huwelike word nog voor die magistraat voltrek. Dit word as besonder hoog beskou. Die gemiddelde leeftyd waarop jongmense in die huwelik tree, is by mans 24 jaar en by dames 20 jaar.

'n Groot aantal huwelike word tussen lidmate van die Gereformeerde Kerk en die van ander kerke gesluit. Uit gegewens kan afgelei word dat dit selfs meer as 50% van die huwelike geld.

Hier vertoon die statistiek die volgende:

Die aantal mans wat na Geref. Kerk oorgekom het, is	175
Die aantal dames wat na Geref. Kerk oorgekom het, is	283
	458
Die aantal mans wat na ander kerke oorgegaan het is	41
Die aantal dames wat na ander kerke oorgegaan het is	313
	354

Hieruit kan afgelei word dat op die totaal aantal huwelike van 812 waarvoor gerapporteer is, die Gereformeerde Kerk ongeveer 100 lidmate meer bygekry het. Tweedens blyk dit uit die gegewens dat baie min mans met die huwelik die Gereformeerde Kerk verlaat en derdens dat die algemene praktyk blykbaar nog is dat die vrou na die man se kerk moet oorgaan.

Dit blyk verder uit die gegewens dat die huwelik ook meer bestendiging van kerkbesoek meegebring het. Dieselfde positiewe tendens is merkbaar by die deelname aan ander gemeentelike aktiwiteite, veral by jongmense wat voor die huwelik nie in hulle ouerhuise gewoon het nie.

7. *Kerkraad se aktiwiteite t.o.v. jongmense.*

Dit blyk dat terwyl slegs 33% van die kerkrade sonder kerkisasiekommisies werk, 66% nog nie van jeugkommisies gebruik maak nie.

Wat die funksies van 'n kerkisasiekommissie betref, word meeste aandag gegee aan die bywoning van kinders en werkverdeling, terwyl minder aandag gegee word aan metodes van onderrig en voorligting aan kerkisasie-meesters, wat volgens die mening van die Deputaatskap die belangrikste funksies behoort te wees. Jeugkommisies beskou dit as hulle taak om 'n wakende oog te hou oor die jeug. Daar word baie min gebruik gemaak van jeugouderlinge en -diakens.

Dit blyk dat in 75% gevalle kerkrade meen dat die huiskatkasie nie behoorlik of glad nie tot sy reg kom nie. Kerkrade probeer hierin met gewone huisbesoeknavraag verbetering bring, dog dit

skyn asof gesoek moet word na doeltreffender aksie. Die belangrikste oorsake vir hierdie onbevredigende toestand word aangedui deur algemene laksheid en onverskilligheid t.o.v. huiskatkasie en die gebrek aan besef van die waarde daarvan.

By die vraag na positiewe wenke om die jeug van die kerk in ons ontwrigte tye te bearbei en te behou word die volgende wenke in volgorde van belangrikheid deur die kerkrade genoem:

- (i) bearbeiding van ouers deur die kerkraad;
- (ii) toekenning van 'n positiewe aandeel aan die jeug in die kerkorganisasie soos hulpverlening by sending, evangelisasie en kerkisasiewerk;
- (iii) opwekking van belangstelling by die jeug op skool;
- (iv) herorganisasie van jongeliedeverenigings.

Die Deputaatskap beklemtoon veral die wenk (ii) hierbo as 'n middel wat reeds met welslae in die buiteland aangewend word.

B. *Skool en universiteit.*

Die volgende konklusies kon afgelei word uit die gegewens:

1. Die aantal kinders wat Roomse skole besoek, is minimaal.
2. Dit blyk dat ouers in stedelike gemeentes meer tevrede is met die onderwys van die kinders op die staatskole as die ouers van die platteland. Terwyl 34% van die stedelike ouers minder of glad nie met die onderwys in die staatskole tevrede is nie, is die persentasie vir die platteland 46.
3. Oor die algemeen skyn ons ouers ontevrede te wees met die soort Christelike inslag en karakter van die onderwys op skool.
4. Die Gereformeerde Kerk speel 'n geringe rol in die samestelling van die skoolkommisies/beheerrade ens.
5. Dit blyk dat in verhouding daar beter verteenwoordiging is van Gereformeerde onderwysers op die personele van skole as van die ouers in die beheerliggame.
6. Ten opsigte van Bybelonderrig op skole is daar 'n merkbare onvergenoegdheid by Gereformeerde ouers, aangesien slegs 18% van die kerkrade met die gehalte daarvan tevrede is.
7. Volgens die mening van die kerkrade lê die oorsaak hiervan in 'n hoë mate by die onbevoegdheid van die onderwyser.
8. Dit blyk dat ongeveer 70% van die na-matrikulante wat verder studeer, uit die plattelandse gemeentes afkomstig is.
9. Daar word na verhouding meer vanuit die platteland na die P.U. gestuur vir verdere studie as vanuit die stede. Die vernaamste redes waarom ouers hulle kinders nie na die P.U. stuur nie, is die volgende:

- (i) Hulle kursusse word nie daar aangebied nie.
- (ii) Die afstande is te groot.

- (iii) Dis goedkoper by sekere ander inrigtings, soos onderwyserskolleges.

C. Maatskaplik.

1. Ongeveer 80% van alle ongetroude jongmense en skoolkinders woon in hulle ouerhuise in. Stedelike omstandighede begunstig hierdie gunstige verhouding. Die grootste persentasie van die 20% wat nie in ouerhuise woon nie, is in koshuise saamgetrek.

2. Jongeliedeverenigings.

J.V.'s bestaan in omtrent 66% van die gemeentes en betrek 20% van die jongmense as lede. Dit skyn asof Junior J.V.'s nog in 'n klein minderheid gemeentes bestaan.

3. Daar bestaan in byna alle gevalle 'n verband tussen die J.V.'s en die kerkraad deur middel van 'n spesiale kommissie of die predikant, wat namens die kerkraad optree. Langs die weg word die toesig van die kerkraad uitgeoefen. Dit skyn of die algemene reël is dat J.V.-aktiwiteit van die kansel afgekondig word.

4. Bondsode.

Bietjie meer as een-derde van die J.V.-lede ontvang *Die Bondsode*.

5. Bioskoop.

Uit die gebrekkige gegewens kon hier moeilik 'n persentasie vasgestel word, omdat die begrip „gereelde bioskoopgang” nie gedefinieer was nie. Tog word in sommige gevalle gekonstateer dat 80% van die jongmense gereeld die bioskoop besoek. In meeste gevalle word die besoek aangedui as „af en toe”. Gegewens dui daarop dat die toestand in stedelike gebiede ongunstiger is as op die platteland.

6. a. In 75% van die gevalle kom die jongmense van die gemeente periodiek saam. Waar dit nie gebeur nie, skyn die omstandighede van die platteland alleen daarvoor verantwoordelik te wees.

b. Alleen in 12% van die gevalle waar hulle wel byeengebring word, geskied dit amptelik op inisiatief van die kerkraad terwyl in 40% van die gevalle dit op eie inisiatief geskied. Vir die res van die gevalle geskied dit deur die susters of by wyse van onthale en diverse geleenthede.

c. Byeenkomste geskied hoofsaaklik by wyse van J.V.-vergaderings, picknieks, binneshuise spele en gesamentlike sang.

d. Ontspanningsgeleenthede waaraan Gereformeerde jongmense deelneem, is, in orde van belangrikheid: sport, volkspele, biblioteekgeriewe en jeugverenigings, terwyl jeugklubs weinig voorkom. Hoewel deelname aan sport, globaal gesien, oorweeg, tog kom dit in die stede minder voor as op die platteland. Die biblioteek word in die stad swak besoek, terwyl die enkele jeugklubs hoofsaaklik in die stad bestaan.

Uit die gegewens blyk dat daar nog 'n aanmerklike persentasie jongmense is wat aan geen ontspanningsaktiwiteit deelneem nie, miskien so hoog as 30%. Slegs ongeveer 'n kwart van hierdie gevalle word aan gebrek aan belangstelling toegeskryf, terwyl praktiese redes oorweeg in die ander gevalle. Die voorkoms van ongewenste praktyke en eendsterte is baie gering.

7. Eendstertprobleem.

Uit al die gemeentes saam waarvan antwoorde ontvang is, word slegs aan 37 jongmense die tipiese eendstertmentaliteit toegeskryf, waarvan 32 in die stad en 5 op die platteland. Sowel in die stede as op die platteland word hierdie gevaar as ernstig beskou deur ongeveer die helfte van die kerkrade. In 32 uit 34 gevalle geld dit kinders wat vroeg die skool verlaat het. Slegs een gematrikuleerde val onder die eendstertkategorie. Hieruit skyn dit asof die skool beslis 'n remmende faktor teen die ontaarding is. Anders gestel, mag die geneigdheid tot ontaarding meebring dat die skool vroeg verlaat word.

As redes waarom die eendstertpraktyk by Gereformeerde jongmense nie maklik inslaan nie, word veral genoem die kerngesondheid van die Gereformeerde huisgesin en die deeglike vat van die kerk op die jongmense. Hierdie getuienis stem tot groot dankbaarheid.

As positiewe wenke om die gevaar van eendsterte te bestry geld veral die bearbeiding van die ouers deur die kerkraad en die toekenning van 'n positiewe aandeel van die jeug in die kerkorganisasie. In laasgenoemde geval word die aanbeveling in A.7. hier beklemtoon. Volgens opinie van die kerkrade het die skool 'n beter geleentheid om die probleem te bekamp as die J.V.'s. Die rede is voor die hand liggend: die verdwaaldes word nie maklik deur die J.V.'s betrek nie.

D. Algemeen.

1. Ongeveer alle kerkrade meen dat die hedendaagse jongmense 'n algehele of gedeeltelike verandering ondergaan het t.o.v. lewenswyse en -optrede in vergelyking met die van 30 jaar gelede. Hierdie verandering lê veral daarin dat hulle nie meer onder sterk gesag staan nie en dus self gesag in hande neem en dat daar minder verantwoordelikeheidsbesef is.

As oorsake van bogenoemde verandering word die volgende redes in volgorde van belangrikheid gegee: huislike opvoeding word verwaarloos, die moderne lewe bied meer geleentheid vir afwyking en kommersialiseer dit selfs, die moderne lewe stel vreemde eise aan die kind, verborge vuilhede word deur sg. sielkundiges en kortverhaalskrywers in tydskrifte, boeke ens. oopgekrab, die nuwe en C.N.-vreemde norme van skoolopvoeding en verwaarloos van kind en jongmens deur die kerk.

Hieruit skyn die volgende konklusie geregverdig: die ontwrigtende invloede van huis en maatskappy speel 'n groter rol as die afbrekende faktore t.o.v. skool en kerk.

2. Die meeste jongmense stel in 'n mate en selfs baie belang in politiek en staatkundige aangeleenthede hoewel hulle aktiewe deelname aan politieke jeugverenigings slegs 18% en aan kultuurverenigings slegs 28% is. Die vraag doen hom hier voor, net soos in die geval van die kerklike lewe, of groter verantwoordelikheid in politieke en staatkundige sake nie ook meer belangstelling sal bring nie.

3. By die beroepskeuse is dit opvallend dat 47% van die antwoorde die faktor van goeie salaris as deurslaggewend aanmerk. Dis seker 'n onrushbarende verskynsel, hoewel dit weer bemoedigend is dat in meer as 90% van die gevalle die diensmotief tog ook in aanmerking geneem word.

4. Die belangstelling van die jongmense in hulle werk skyn in 'n hoë mate op die salaris gerig te wees. Bemoedigend is dat soveel as 36% van die gevalle tog die werk self vooropstel en slegs 23% meer belang stel in verlof, naweke en daaglikse vrye tyd.

5. Uit navraag oor die belangstelling van jongmense i.s. hulle leesstof is dit bemoedigend om te merk dat oorwegend voorkeur gegee word aan opbouende en ontspanningsleesstof. Die persentasie wat in pornografie belang stel, is oor die algemeen betreklik laag hoewel enkele kerkrade dit as hoog aanmerk.

Besluit: 2. Die Sinode neem met hartlike dank kennis van die Rapport en verwys dit vir verdere aandag na die kerkrade. Die vraelys (vgl. 3) sal nie in die Acta gedruk word nie. (Dit is gedoen. — Dep'te. Acta).

3. *Vraelys aan kerkrade.* — Kyk by pt. 2.

B. 1. *Aanvullende Rapport.*

Hier volg die deel van die rapport wat handel oor punt (b) van die Deputaatskap se opdrag.

a. *Opdrag.*

Die opdrag is op genoemde plek in die Sinodale Handeling van 1958 soos volg geformuleer: dat ondergetekendes opgedra word om „(b) in die lig van die Sinodebesluit van 1932, soos besluit onder punt II, III en IV, met weglating van a en b onder iii en pt. iv met nuwe aanbevelings (indien enige) voor die volgende Sinode te kom”.

Opmerkings:

(1) Die Sinodebesluit van 1932 waarna hierbo verwys word, is stellig die besluit van die Sinode van 1942, art. 52, p. 30-34 *Handeling van die 27e Sinodale vergadering* ens. (1942):

(2) Die weglating van a en b onder iii en pt. iv is onvolledig aangedui en moet stellig wees IV. iii a) en b) en iv.

b. *Bevindings.*

U Deputate het na die ondersoek tot die volgende konklusie gekom:

(1) *Ten opsigte van die taak van die kerk* (II, i onder aan p. 31 *Handeling* 1942): Hierdie taak berus by die kerkrade en kan dus volgens art. 30 K.O. nie in die opdrag van sinodale deputate vervat wees nie.

(2) *Ten opsigte van die taak van die kerk (vervolg)* (II, ii bo aan p. 32 (*Handeling* 1942): Toesig oor die Bonde van J.V.'s op G.G. word deesdae nie deur hulle by die sinode aangevra nie — dus kan die Deputate ten opsigte hiervan geen taak hê nie.

(3) *Ten opsigte van die Jeugsorg van die kerk* (III, a., b., i. p. 32, 33, *Handeling* 1942): Hierdie take berus almal by die plaaslike kerkraad en die toesig oor die plaaslike kerkrade in dié verband berus volgens art. 41 K.O. nie by die sinode nie maar by die klassis. Ook wat dit betref, het die sinodale deputate hiervolgens geen taak nie.

(4) *Ten opsigte van die jeugsorg wat van die drie ampte saam of georganiseerd uitgaan* (III, b. ii. p. 33, *Hand.* 1942): Hierdie taak is deur die sinode self aan die Deputate vir Katkisasie opgedra. Dus, ook hier het die Deputate vir Jeugsorg geen taak nie.

(5) *Ten opsigte van die aanbevelings* (IV, i, ii en iii p. 33 *Hand.* 1942):

(a) Die aanbeveling onder IV i, p. 33, *Hand.* 1942, was stellig 'n eenmalige aanbeveling; dit is teweens 'n saak wat by die kerkrade self berus, en die toesig oor die kerkrade word uitgeoefen deur die klassis en nie deur die sinode nie. Kragtens art. 30 K.O. het die sinodale deputate dus hier ook nie 'n taak nie.

(b) Volgens punt IV ii, p. 33, *Hand.* 1942, het die sinodale deputate dus ook hier geen taak nie.

(c) Volgens punt IV iii, p. 33, *Hand.* 1942, het die sinodale deputate ook hier geen taak nie.

(d) Direk na punt IV iii, p. 33, *Hand.* 1942, word gewag gemaak van die benoeming van die deputate „vir die behoorlike behartiging van alle jeugarbeid soos vereis deur die breë kerkverband”. Maar die take van hierdie deputate soos omskrywe in IV iii a en b en iv is juis die punte wat deur die Sinode van 1958 uitgesonder is (vgl. ons opdrag hierbo in hoofpunt a). Dus hier het die Deputate geen opdrag meer nie.

c. *Aanbeveling.*

(1) Uit hoofde van die voorgaande bevinding, nl. dat daar kragtens die Sinodebesluit van 1942 geen taak is vir 'n deputaatskap vir Jeugsorg nie, kan u Deputate slegs een aanbeveling doen,

en dit is dat by die Sinode aanbeveel word om nie weer deputate vir jeugsorg te benoem nie.

(2) Die Deputaatskap wil as positiewe aanbeveling art. IV iii (Sind. Hand. 1942, p. 33) baie sterk beklemtoon en vra dat dit opnuut onder die aandag van kerkrade gebring word.

(3) Die Deputaatskap beveel aan dat klassisse waar nodig Jeugdeputaatskappe benoem.

Besluite: by Aanvullende Rapport:

a. Opdrag — kennis geneem.

b. Bevindings 1—5(d). — Goedgekeur.

c. Aanbeveling. — Goedgekeur, en daar sal dus nie weer deputate benoem word nie.

Besluit: Die hele Rapport word met besondere dank aan die deputate aanvaar.

Art. 149.

Verspreidwonende lidmate.

A. Die Rapport word deur ds. B. Spoelstra toegelig:

Die eerw. Partikuliere Sinode Kaapland wens die volgende rapport i.v.m. Verspreidwonendes in hierdie ressort aan u voor te lê.

1. *Formulering van die beginsel.*

Die eerw. Part. Sinode van Kaapland omvat 'n gebied waar die probleem dikwels voorkom dat lidmate intrek op plekke waar geen geïnstitueerde kerk binne hulle bereik is nie. Onder dié omstandighede word hulle dan as verspreidwonend beskou, omdat a. geografiese, geldelike, vervoer-, werk- en ander omstandighede dit vir hulle onmoontlik maak om met die naasgeleë Gereformeerde Kerk institutêr en organies mee te leef, en b. omdat hulle in eie omgewing te min in getal is om 'n komplette kerk te institueer.

Die wyse waarop hierdie bediening moet geskied, het deur studierapporte die aandag van drie agtereenvolgende Part. Sinodes geniet. Uiteindelik het die eerw. Part. Sinode sodanige duidelikheid oor die aangeleentheid verkry dat besluit is om sy bevinding deur te stuur na die eerw. Algemene Sinode met die oog op die verkryging van (1) 'n eenvormige kerklike praktyk by die hantering van hierdie probleem en (2) tot die bevordering van die bedieningswyse en belangstelling in die geestelike behoeftes van dergelike verspreidwonende Gereformeerdes in ander dele van die kerkverband.

In hierdie rapport word die taak van die *kerkverband* om die bedienende kerke te ondersteun, aangedui. In plaas van die bediening van verspreidwonendes oor te laat aan of af te laai op een of ander kerk, moet die kerke in die klassis op 'n koöperatiewe wyse hulle gewig agter die bedienende kerk inwerp.

2. *Die kerklike praktyk tot dusver.*

Die algemene neiging was in die verlede om by die afstigting

of stigting van nuwe kerke die gebiede waarin die verspreidwonendes was of kon kom, by een of ander kerk in te deel, *ongeag die vraag of die lidmate wel die sentrale punt van gemeenskapsbeoefening sou kon bereik*. Die bediening van dergelike verspreidwonendes is daarom hoofsaaklik behartig op inisiatief en rekening van een of ander plaaslike kerk en/of predikant. Deur die kerkverband is dit dan min of meer beskou as 'n integrerende probleem van *daardie* plaaslike kerk, in plaas daarvan dat dit as 'n *gemeenskaplike* probleem beskou is.

Die onhoudbaarheid van die posisie waarin verspreidwonendes dikwels geraak het, het soms tot die instituering van nuwe kerke gelei, maar dit het egter ook, veral wanneer die behoefte aan kategese brandend geword het, veroorsaak dat baie goeie en ernstig bedoelende Gereformeerdes gemeenskap met die Gereformeerde Kerk opgesê het.

Wanneer die verspreidwonendes deur 'n elastiese en meganiese grensreëling „aangesny” word aan 'n plaaslike kerk (gewoonlik die pasgestigte en self nog worstelende jong kerke), word die verspreidwonendes gewoonlik die *agterhoede* van daardie plaaslike kerk. As hulle egter doeltreffend ooreenkomstig hulle geestelike behoeftes bearbei sou kon word, sou hulle die *voorhoede* van 'n ontwikkelende en groeiende kerkverband gevorm het. Dit kan nie gebeur as hulle „aangesny” word aan 'n plaaslike kerk wat kwalik sy predikant vir agtereenvolgende Sondae en weke kan en wil mis nie, waardeur Woordbediening, kategese ens. weer daar ontbeer moet word.

Die praktyk om die verspreidwonendes as 'n integrerende deel van 'n afgeronde selfstandige kerk (d.w.s. onafhanklik van die steun van die verspreidwonendes) te bedien, geskied òf ten koste van die verspreidwonendes òf ten koste van die afgeronde selfstandige gemeenskapsdeel van daardie kerk.

3. *Die bepalinge van ons Kerkorde daaromtrent.*

By die instituering van 'n kerk gaan die K.O. uit van 'n natuurlike, afgeronde lewende organisme, nl. die plaaslike kerk (art. 38 K.O.). As 'n lidmaat egter werklik (volgens die oordeel van kerkraad) nie gereeld (tot 'n redelike minimum beperk) met daardie gemeente kan saamkom nie, is hy 'n lid wat nie in die organisme van die kerk funksioneer nie. Sodanige lidmate woon dan op „plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie...” (art. 39 K.O.). Teoreties mag hulle lidmaatskap by 'n kerk berus, maar prakties het hulle geen deel aan daardie kerklike liggaam nie.

Die plaaslike kerk moet self sy grense bepaal (behoudens die advies van die klassis). Die klassis het dus nie 'n hiërargiese mag om 'n gebied op 'n plaaslike kerk af te dwing nie. Wanneer art. 39 reël dat die klassis dergelike plekke „waar nog geen kerkraad kan wees nie” dan „*onder die sorg van 'n naburige kerkraad*” stel

betekén dit nie dat die klassis daardie plekke op 'n naburige kerk aflaai of opdring nie. Die beginsel is inteeendeel dat die *klassis die primêre verantwoordelikheid vir sodanige plekke dra* en 'n naburige kerkraad benoem as „sorg” oor die plekke waar te min gelowiges is om 'n *komplete* kerk te vorm. Dit moet goed raakgesien word dat hier sprake is van „plekke” en nie van „lidmate” nie. Met die „plekke” word dus inkomplete kerke, kerke in wording, bedoel. Die inkomplete kerk moet deur die „sorg” van 'n komplete naburige kerk tot mondigheid gelei word.

Hierdie opvatting word gesteun deur ds. Jansen (*Korte verklaring van de Kerkorde*, 1952) waar hy aantoon dat die artikel (39) ontstaan het „op plaatsen, waar wel kleine, onvolkomen gemeenten ontstonden, maar de krachten voor amptsdragers ontbraken” (bl. 179). Tot 1905 het die klassis daar die taak vervul wat 'n kerkraad normaalweg sou hê.

In 1905 is die artikel egter hersien om die gevaar van klassis-hiërargie uit te skakel, en 'n „naburige kerkraad” is in die plek van die klassis gestel (Jansen: a.w. p. 180). Nou word die gelowiges „als zogenaamde „buiteleden” afzonderlijk ingeschreven” en onder „hoede van de naburige kerk gesteld”. Hier is dus nie sprake van 'n beskouing dat die „plekke” integrerende deel van die „naburige” kerk word nie.

Die klassis bly daarom nog sodanig verantwoordelik teenoor die naburige kerk en daardie plekke dat hy sê: „Desnoods kunnen de kerken der classis gezamentlijk een dienaar voor de arbeid der evangelisatie in zulke streken beroepen” (bl. 181). In Nederland is in 1908 besluit dat vir dergelike arbeid „die Classis en Provincie haar steun hebben te verlenen...” Belangrik is ook die opmerking: „Krachtige evangelisatie-arbeid is nodig sowel in onze grote steden als in de verwaarloosde streken op het platteland” (bl. 181-2).

Hierdie beginsels vereis 'n eie toepassing op ons Suid-Afrikaanse landsomstandighede. Te veel het die Gereformeerde kerkverband sy evangelisasieroeping en -getuïenis in sekere braaklande nagelaat. Afgesien daarvan kan Gereformeerdes ook as gevolg van woonplek, gemis aan kategese en bediening van genademiddels ens. veragter in die geloof. Hulle versorging op „plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie” is daarom ook 'n besondere roeping, wat eerstens tot die *kerke van die klassis* kom. Wanneer die klassis 'n naburige kerkraad aangewys het om daar te „sorg”, moet die klassis sy finansiële en morele steun aan daardie kerk wat sy opdrag uitvoer, bly gee. Waar nodig moet die part. sinode ook hierin help.

4. Aanbeveling.

Die eerw. Part. Sinode versoek daarom die eerw. Algemene Sinode om hom oor die beginsels uit te spreek en die *gemeenskaplike*

roeping en verantwoordelikheid van die kerke te beklemtoon in die gebiede van ons land waar hierdie probleem aktueel is.

a. Die neiging om op 'n meganiese wyse die grense van 'n nuut geïnstitueerde kerk so wyd moontlik te stel, sonder bewyse dat die lidmate oral vandaan uit die gebied wel tot 'n genoegsame mate met daardie kerk sal kan saamleef, moet ontmoedig word. By die instituering van kerke moet die klassisse toesien dat die natuurlike belangegemeenskap by die bepaling van gemeentegrense deurslaggewend is.

b. Die klassisse moet hulle in die besonder verantwoordelik stel vir die „terrein, dat binnen haar ressort nog braak ligt” Jansen: a.w., bl. 181). Die bearbeiding van daardie gebiede moet aan naburige kerke toegewys word, en desnoods kan vir daardie arbeid predikante beroep word met die steun van die kerke in die klassisse. Die arbeid moet daarop gerig wees om sowel deur doeltreffende versorging van die verspreidwonende Gereformeerdes in die braaklande as deur kragtige evangelisasie na buite daardie voorposte uit te bou tot selfstandige kerke.

c. Die aanwysing van Jansen (bl. 180) om buitelede ook daar afsonderlik in te skrywe en as sodanig in die Almanak aan te gee (Acta 1955, bl. 262 onderaan) moet aangemoedig word om daardie Gereformeerdes te stimuleer, hulle saamhorigheidsgevoel te prikkel en die eventuele stigting tot kerke voor te berei.

Indien die Sinode hierdie advies sou aanvaar, beteken dit dat verspreidwonendes voortaan op hulle *eie meriete* bedien moet word, ondersteun deur die belangstelling en middele van die kerkverband. Soos die sendingarbeid sal so 'n uitbouing van die voorposte lei tot die vervulling van die behoeftes van Gereformeerdes onder moeilike omstandighede en tot uitbreiding van die Gereformeerde getuïenis.

A. L. Aucamp, P. B. de Klerk, A. J. du Plessis.
Besluit: Daar word goedkeurend van die Rapport kennis geneem.

Art. 150. (189. A.).

Beswaarskrif teen besluit van Sinode 1942, art. 115.

A. Die beswaarskrif word sonder toeligtig deur die vergadering op die tafel geneem.

Eerwaarde Voorsitter en Broeders,

Ondergetekende, lidmaat van die Gereformeerde Kerk van Vereniging, wens hiermee beswaar te maak teen artikel 115 van die Handeling van die 27e Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika in sitting byeen te Aliwal-Noord, 1942.

Die artikel waarteen beswaar gemaak word, lui soos volg: „In verband met die uniformiteit van ons leedsdienste adviseer die Algemene Sinode aan die Partikuliere Sinode Kaapprovinsie om aan kerkrade op te dra, om as leidraad te volg die vasgestelde liturgiese

orde van ons kerk (Sinode 1927) met weglating van die votum (Psalm 124 : 8) en die uitspraak van die seën (Numeri 6 : 24-26 en 2 Korinthiërs 13 : 13) aan die begin en einde van die diens".

My besware teen artikel 115 van die Sinode van 1942 is soos volg:

a. *Die weglating van die votum en die uitspraak van die seën aan die begin van 'n leesdiens.*

Gedurende 'n leesdiens is die votum die middel waardeur 'n groep gelowiges of gelowige huisgesinne wat meestal aan die gemeente behoort, verander word vanuit 'n groep los individue in 'n hegte eenheid van aanbidende gelowiges. Die byeenkomste vir aanbidding is die openbare aanbidding van die gemeente, wat erediens genoem word. Die wese van die erediens is dat dit 'n samekoms van God met sy volk is. Of die diens deur 'n lerende of deur 'n regerende ouderling waargeneem word, verander niks aan die feit dat die gemeente saamgekom het vir aanbidding nie. Die persoon wat die votum uitspreek, is die voorganger, die liturg, van die erediens, en of dit nou deur 'n lerende of deur 'n regerende ouderling waargeneem word, daardie persoon moet die magtiging van die kerkraad ontvang om daardie heilige verrigtinge te lei. Ook gedurende 'n leesdiens is daar na die uitspraak van die votum net een begerde, om as 'n groep in ware aanbidding voor God te staan en om al die verrigtinge tot eer en verheerliking van God te laat geskied. Ook by 'n leesdiens tree die regerende ouderling op as instrument waardeur God tot die vergaderde gemeente spreek. Net soos met 'n gewone vergadering met 'n heel eenvoudige verklaring, byvoorbeeld „ek open hierdie vergadering“, kan geskied, so moet die verhewe karakter van die byeenkoms van die gelowiges tydens 'n leesdiens weerspieël word deur die plegtige verklaring van die voorganger, die liturg: „Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Amen“. In hierdie woorde lê veel meer as net 'n paar woorde. Daarin word die diepe afhanklikheid van die mens teenoor die almagtige God rondborstig verklaar. En dit is met daardie gees en gesindheid dat die gelowiges ook tydens 'n leesdiens vergader om God te aanbid.

Aangaande die uitspraak van die seën aan die begin van 'n leesdiens het ek nie besware nie, omdat alleen die lerende ouderling as mondstuk van God die seëngroet op die gemeente kan lê.

b. *Die uitspraak van die seën aan die einde van 'n leesdiens.*

Ook aangaande die uitspraak van die seën aan die einde van 'n leesdiens het ek nie besware nie, aangesien ook in hierdie geval alleen die lerende ouderling as mondstuk van God die seën op die gemeente kan lê. My besware gaan teen die vertolking van die advies van 1942, naamlik dat die regerende ouderling as mondstuk van die gemeente ook nie 'n seën aan die einde van 'n leesdiens mag *vra* of *afbid* nie, byvoorbeeld met die woorde: „Mag die genade van die

Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees met ons almal wees“, of met die woorde van Skrifbelyning 47: „Die Here sal ons seën en Hy sal ons behoed. Die Here sal sy aanskyn altyd oor ons laat straal en ons genadig wees vir ewig. Hy sal sy aangesig oor ons verhef en aan ons gee sy vrede“. As die verrigtinge van 'n leesdiens afgeloop het en al die verrigtinge meegewerk het om daardie sprake van God te versterk, het die oomblik aangebreek dat elkeen moet terugkeer na sy woning, na sy dagtaak, na sy besondere stryd wat hy of sy met Gods genade moet stry. Maar die terugkeer mag nie wees met 'n gevoel van vereensaming asof die bande wat die leesdiens gesnoer het, nou eensklaps weggeval het en elkeen alleen staan nie. Daarom moet by die slot van die leesdiens die seën van God gevra word, byvoorbeeld met die woorde soos hierbo vermeld. Hierdie woorde moet die vereensaming terugdruk. Die heerlike gedagte van die *vra* of die *afbid* van 'n seën aan die einde van 'n leesdiens is dat die gelowiges uitmekaar gaan met die geloof dat God hulle sal beskut; dat hulle nie soos vereensaamde weeskinders is nie, maar dat hulle in die geloof gekoester en gedra word deur die almagtige Vader. Die waarborg hiervoor vind hulle in die woordjie „Amen“. „Dit sal waar en seker wees“.

Aanbeveling.

Ek beveel aan dat die eerwaarde Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika van 1961 besluit:

dat die advies van 1942 soos volg verander word:

„In verband met die uniformiteit van ons leesdienste adviseer die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika om vir leesdienste as leidraad te volg die vasgestelde liturgiese orde van ons Kerk (Sinode 1927 en 1955) en die votum en die seën aan die begin van die leesdienste te vervang deur die woorde van Psalm 124 : 8: „Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Amen“, en die seën aan die einde van die leesdienste te vervang deur die woorde: „Mag die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees met ons almal wees. Amen“, of deur die woorde: „Die Here sal ons seën en Hy sal ons behoed. Die Here sal sy aanskyn altyd oor ons laat straal en ons genadig wees vir ewig. Hy sal sy aangesig oor ons verhef en aan ons gee sy vrede. Amen“.

U broeder in Christus,

G. van Maarleveld.

Besluit:

B. 1. Aan die beswaarskrif word in beginsel gevolg gegee, maar nadere aanduiding i.v.m. die presiese deel van die besluit van 1942 waarteen die beswaar eintlik gerig is en i.v.m. die bewoording by die votum en seënbede, word aan 'n kommissie opgedra.

2. Lede van die kommissie is: di. H. F. V. Kruger en B. Spoelstra, met prof. S. P. van der Walt adviserend daarby.

C. (Art. 189. A.) 1. Die Verslag van die Kommissie word voorgelê, met toeligtig deur prof. Van der Walt.

Besluit: Hierdie Verslag, soos gewysig, word aanvaar:

(a) Die beswaarskrif raak die woorde „met weglating van die votum (Ps. 124 : 8) en die uitspraak van die seën (Num. 6 : 14-26 en 2 Kor. 13 : 13) aan die begin en einde van die diens” in art. 115 van Sinode 1942, wat kerkrade adviseer i.s. uniformiteit by leesdienste.

(b) Die besware van die beswaarde broeder word gehandhaaf en die besluit van 1942 (art. 115) word: „In verband met uniformiteit van ons leesdienste adviseer die Algemene Sinode ... om as leidraad te volg die vasgestelde liturgiese orde van die Sinode 1927 met die uitspraak van die votum (Ps. 124 : 8) aan die begin en die afbid van die seënbede aan die einde.”

Art. 151. (189. B.).

Beswaarskrif teen besluite van die Sinode 1942 en 1952.

A. Die beswaarskrif word sonder toeligtig ter tafel geneem.

Eerwaarde Broeders,

Die Sinodebesluite van die Alg. Sinodes van 1942 en 1952 wat handel oor die sing van Skrifberyminge en kollektas gedurende die eredienste, is in stryd met Gods Woord. Want Gods Woord eis van ons dat daar liefde en eenstemmigheid of eensgesindheid in die gemeentes moet wees (1 Kor. 1 : 10; Rom. 12 : 16; Rom. 15 : 5-6; Filipp. 2 : 2; Filipp. 3 : 15, 16; 1 Petrus 3 : 8; 1 Kor. 8 : 12, 13; Rom. 14 : 21).

En daardie Sinodebesluite het verdeeldheid en onenigheid in die gemeentes gebring waar daardie besluite in gebruik is. Tot op die Sinodes was daar nie eenstemmigheid en eensgesindheid oor bogenoemde twee punte nie. En daarvandaan het dit deurgewerk in die gemeentes.

Die Psalms is die liedereboek van al die gelowiges oor die ganse aarde, en skrifberyminge word laat sing deur 'n klompie Gereformeerde predikante.

L. S. van der Walt.

Besluit:

B. Die kommissie gekies onder art. 150 sal ook op hierdie saak ingaan en rapporteer.

C. (Art. 189. B.) 1. Die Verslag van die Kommissie, wat deur prof. S. P. van der Walt toegelig word, lui:

Die saak van „kollektas gedurende die eredienste” word nie deur u Kommissie in een van die twee genoemde Sinodale Handelingte aangetref nie. Waar die beswaarskrif na geen artikel van die

Handelingte verwys nie, beveel u Kommissie aan dat die beswaarskrif i.v.m. kollektas daarom nie gehandhaaf word nie.

Die beswaarskrif gaan verder teen die „Skrifberyminge... gedurende eredienste”, ewe-eens sonder om 'n bepaalde artikel uit die Handelingte aan te dui.

Dit is egter duidelik dat art. 86 van die Sinode van 1942 bedoel word. In 1952 (Acta, art. 123 en 247) is alleen gehandel oor die revisie van musiek, en die verwysing is dus hier nie ter sake nie.

Die beswaarskrif wek die skyn asof die Skrifberyminge „in stryd met Gods Woord” beskou word. Die motivering en aangehaalde Skrifuurplekke toon egter dat dit die invoering van Skrifberyminge raak, omdat dit „liefde en eenstemmigheid en eensgesindheid in die gemeentes” sou versteur.

U Kommissie beveel aan dat hierdie beswaarskrif nie gehandhaaf word nie, om die volgende redes:

(a) Eenvormigheid en eensheid by die plaaslike kerke t.o.v. middelmatige sake is nie 'n beginsel nie.

(b) Die liturgiese gebruik van Skrifberyminge word nie deur predikante nie maar deur kerkrade beoordeel en bepaal.

(c) Die Sinode van 1942 het nie die invoering van Skrifberyminge verplig nie maar aan die oordeel en vryheid van die kerkrade oorgelaat (Acta 1942, p. 134, punte 2, 4). Dit moes geskied met „inagneming van die toestande in hulle gemeentes”.

Die Sinodale besluit rus dus op die beginsels van die Skrifuurplekke in die beswaarskrif aangehaal.

Indien daar „verdeeldheid en onenigheid” (Beswaarskrif, p. 432) sou wees, is dit 'n saak wat volgens die Sinodebesluit van 1942 en art. 30 K.O. by die mindere vergadering afgehandel kan word, behoudens die reg van die beswaarde onder art. 31 K.O.

Besluit: Die hele Verslag word goedgekeur.

Art. 152. (179).

Beswaarskrif teen besluit van Sinode 1958, bl. 288.

A. Die beswaarskrif word toegelig deur ds. J. J. van der Walt. Eerw. Voorsitter en Broeders,

In die vaste oortuiging dat 'n ondubbelsinnige en ongekompromiteerde prinsipiële besluit i.s. die georganiseerde werksaamhede van die Gereformeerde Susters op kerklike terrein nie langer uitgestel kan word nie wil ondergetekende hiermee beswaar indien teen die kompromistiese, met homself teenstrydige besluit van die Sinode van 1958:

„Die Sinode verklaar:

(1) dat die beginsel dat op kerklike erf geen verenigings bestaansreg het nie, onverswak gehandhaaf word;

(2) dat aangesien die susters alleen op kerklike erf wil arbeid,

blykens hulle uitdruklike keuse by verklaring, die deputate voortgaan om die susters te adviseer tot uitlewing van die beginsel in die praktyk" (Sin. Hand. p. 288).

Ons besware teen bogenoemde besluit is:

1. Punte (1) en (2) is prinsipiël met mekaar in stryd. Punt (2) handhaaf „die susters” as ’n selfstandige georganiseerde groep op kerklike terrein *buite die regering van die kerkraad* deurdat die Sinode deputate benoem „om die susters te adviseer” *met verbygang van die kerkrade*; „die susters” is hier nie anders verstaanbaar as ’n „organisasie” of „vereniging” op kerklike terrein nie.

2. Indien die Sinode oordeel dat „die susters” verstaan moet word as ongeorganiseerde lidmate of as ’n konferensie van lidmate, dan is punt (2) in stryd met art. 30 van die Kerkorde omdat die Sinode hom deur middel van deputate bemoei *direk* met lidmate in wat hulle *plaaslike* kerklike werksaamhede is en dus in kerkraadsvergaderinge afgehandel kan word ooreenkomstig die prinsipiële besluit in punt (1). Mag die Here met u vergadering wees.

Besluit:

1. Die saak word na ’n kommissie verwys om nog op die Sinode te rapporteer en die Sinode te adviseer.

2. Lede van die kommissie is: di. J. A. Schutte, J. F. du Plooy, B. Duvenage, C. E. Malan, P. J. Pelser, oudll. F. R. P. de Bruyn, J. Schutte, prof. J. P. Jooste.

B. (Art. 179). 1. Die kommissie lewer verslag, met toeligtig deur ds. P. J. Pelser.

Aanbeveling:

(1) Dat die beswaarskrif aanvaar word.

(2) Dat die Sinodebesluit 1958 (Acta, p. 288, pt. 2. e. (2)) verander word om soos volg te lees: „dat aangesien die susters alléén op kerklike erf wil arbeid, blykens hulle uitdruklike keuse by herhaling, die *kerkrade* voortgaan om die susters *plaaslik* te lei tot uitlewing van die beginsel in die praktyk”.

Motivering:

(a) Die woord „susters” in die Sinodebesluit 1958 (p. 288, 2. e. (2)) is vatbaar vir tweërlei interpretasie.

(b) Die beginsel wat in die besluit 1958 (p. 288, 2. e. (1)) gestel word, word teëgespreek deur die benoeming van deputate in punt 2.

Besluit: Die verslag word aanvaar.

Art. 153.

Kerkmusiek.

Die Rapporte van die deputate (di. P. W. van der Walt, J. H.

Venter, C. M. J. van Vuuren, drr. J. J. A. van der Walt en S. J. du Plessis, oudl. W. de Vries) word deur dr. Van der Walt toegelig.

’n Kommissie ad hoc word gekies (as lede: di. Jacs van Rooy, A. S. Smit, C. H. Smit, P. C. Rule, oudll. P. de Weerd en J. M. Lessing) en hulle Verslag word deur ds. C. H. Smit toegelig.

A. Rapport.

Die Deputate wat benoem is vir Kerkmusiek, wens soos volg te rapporteer:

1. Opdrag.

a. *Hersiening van die Psalmmelodieë*: ’n Deputaatskap vir Kerkmusiek word benoem om voort te gaan met die hersiening van die musiek van die Psalms in samewerking met die ander Afrikaanse Kerke.

b. *Bevordering van die gemeentesang*: ’n Deputaatskap vir Kerkmusiek moet in die lewe geroep word wat die bogenoemde weë en middele (Handelinge van die Sinode 1958, p. 519) ter bevordering van ons gemeentesang moet beproef.

c. *Orreksel voor en na die erediens*: ’n Vaste Deputaatskap vir Kerkmusiek moet in die lewe geroep word, wat sover moontlik leiding in hierdie saak kan gee en belanghebbendes sal wys op gevare wat ons musiek in en om die erediens bedreig.

2. Uitvoering.

a. *Hersiening van die Psalmmelodieë*: Daar sal D.V. op 4 Oktober vanjaar ’n vergadering van verteenwoordigers van die drie Afrikaanse Kerke in Bloemfontein gehou word met die doel om die hersiening van die psalmmelodieë sover moontlik te finaliseer. Die resultate van die werk van hierdie vergadering, waarby dié van die Deputaatskap geïnkorporeer sal wees, sal D.V. in ’n aanvullende rapport aan u voorgelê word.

b. Bevordering van gemeentesang:

(1) Aan die begin van 1959 is ’n omsendbrief aan al ons gemeentes gestuur waarin die besluit van die Sinode van 1958 i.s. die bevordering van gemeentesang (Acta, p. 519) meegedeel is, met die versoek dat die verskillende middele wat in die besluit aan die hand gedoen word, op die proef gestel word. In Maart vanjaar het die Deputaatskap in ’n tweede omsendbrief gevra dat verslag uitgebring word oor dié resultate wat met die toepassing van die metodes bereik is.

Op die meer as 200 briewe wat uitgestuur is, is antwoord op slegs 45 ontvang. Hiervan het 19 berig dat die eerste omsendbrief nie ontvang is nie of dat dit verlore gegaan het en dat daarom aan die versoek in die tweede brief nie voldoen kon word nie.

Die volgende samevatting is dus gebaseer op die informasie verkry uit die antwoorde van 26 gemeentes:

(a) *Psalmgesang by die jeug*: Waar psalms met matkisasie en by J.V.-vergaderings geoefen word, kan in die algemeen redelike en selfs goeie vordering bemerk word. In sommige gemeentes kom die kinders op Sondagmiddae bymekaar en oefen die psalms, selfs tweestemmig. Ook word daar gebruik gemaak van praatjies en lesings om die belangrikheid van psalmgesang by die jeug in te skerp.

(b) *Sang by huisgodsdienste*: Dit blyk uit die verslae dat hierdie gewoonte feitlik heeltemal uitgesterf het. Net in een verslag word gemeld dat dit nog taamlik algemeen voorkom. By huisbesoek word die gesinne aangespoor om met huisgodsdienste ook te sing, maar dikwels bly lidmate ten spyte hiervan nog traag om tuis te sing.

(c) *Gemeentelike sangoefeninge*: In alle gevalle waar gemeentelike sangoefeninge ingestel is, kon 'n beslote verbetering in die sang bemerk word. Die meeste gemeentes oefen tien of vyftien minute voor die aanddiens en sommige voor albei die eredienste. In 'n enkele geval oefen die gemeente ook een maal per maand op 'n weksaand.

(d) *Kore*: In 'n hele aantal gemeentes is met kore begin, maar meestal het dit na 'n korter of langer tyd weer doodgeloop. In sommige gemeentes kom gemeentelede op Sondagaande by die Pastorie byeen om psalms te oefen. Dit word as van groot waarde beskou.

(e) *Meer sang in die eredienste*: In die meeste gevalle is dit toegepas met bemoedigende resultate. In een verslag word hierteen beswaar gemaak op grond daarvan dat die eredienste daaronder sou ly. In sommige gevalle trag predikante selfs om vreemde melodieë by herhaling in verskillende eredienste te laat sing (plaasvervangend vir gemeentelike sangoefeninge) met heilsame gevolge.

(f) In 'n hele paar verslae word daar gewys op die groot voordele wat dit sal hê as elke versie voorsien kon wees van note, soos nou die geval is met die Skrifbelymings.

(g) In die eerste omsendbrief aan die gemeentes is ook gevra dat die psalmbriefies bewaar moet word en dat dit saam met die verslae aan die Deputaatskap gestuur moet word. As gevolg van die swak reaksie op hierdie versoek en omdat die Deputaatskap meen dat baie waardevolle informasie verkry kan word uit 'n opgawe van wat in die gemeentes gesing word, is besluit om weer 'n poging aan te wend om die gegewens te bekom deur dié keer die predikante te versoek om die opgawes te stuur vir sover hulle daarvoor beskik. Ook hieroor sal dan later in die aanvullende rapport verslag gedoen word.

(2) In verband met die opneem van die psalms op plate wens die Deputaatskap te rapporteer dat daar tans met die S.A.U.K. hieroor onderhandel word. Tot dusver beskik die S.A.U.K. oor min opnames wat aan ons vereistes voldoen, maar die moontlikheid

bestaan dat daar hierin in die toekoms verbetering sal kom. Met dat geskikte opnames in die toekoms beskikbaar kom, sal daarvan in *Die Kerkblad* kennis gegee word.

(3) Met die bespreking van die psalms in *Die Kerkblad* kon om verskeie redes eers in Maart vanjaar 'n begin gemaak word. Daar word gehoop dat dit verder sonder onderbreking sal kan voortgaan. In enkele van die gemeentelike verslae is waardering daarvoor uitgespreek.

(4) Die voorligting aan teologiese studente t.o.v. musiek in die eredienste word nog soos in die verlede voortgesit.

c. *Orrelspel voor en na die eredienste*.

Daar word ondersoek ingestel na die moontlikhede om in samewerking met die ander Afrikaanse Kerke bundels met kerkmusiek te publiseer wat vir al drie die Kerke aanvaarbaar sal wees. Hieroor sal ook aanvullend gerapporteer word na die vergadering in Bloemfontein aanstaande Oktober.

Aanbevelings i.s. b. Bevordering van gemeentesang.

Daar word aanbeveel dat 'n deputaatskap benoem word wat die werk in verband met die bevordering van die gemeentesang kan voortsit en verder uitbou.

B. *Aanvullende Rapport.*

1. *Hersiening van die Psalmmelodieë* (Rapport 2a en b (1) (g)):

By die hersiening van die Psalmmelodieë moes die Deputate steeds rekening hou met die volgende besluit van die Sinode van 1955 (Handelinge, p. 70):

„'n Deputaatskap word benoem om waar nodig geag en met inagneming van die groot waarde van gevestigde en bekende melodieë vir ons gemeentes sommige melodieë van die Psalms en Skrifbelymings te revidere...”

Hierdie opdrag het dit vir die Deputate besonder moeilik gemaak om tot 'n aanbeveling te geraak in dié gevalle waar die weglating van 'n melodie weens sy artistieke minderwaardigheid in die weg gestaan is deur sy gevestigdheid en bekendheid (bv. Ps. 23, 33, ens.). Nog moeiliker het dit geword wanneer die mate van bekendheid van 'n bepaalde melodie nie met sekerheid vasgestel kon word nie (bv. Ps. 80, 90, 91, 125, ens.).

Dit was veral hierdie probleem wat aanleiding gegee het tot die versoek van die Deputate i.v.m. die psalmbriefies (Rapport, 2. b (1) (g)).

Van 29 gemeentes is bruikbare gegewens in hierdie verband ontvang. Dié gemeentes is goed verteenwoordigend van die verskillende tipes gemeentes in ons land, en daarom kan die gevolgtrekkings wat gemaak is op grond van die gegewens deur hulle verstrekt, as redelik betroubaar beskou word.

Die informasie in die psalmbriefies bevat, is soos volg verwerk:

Die aantal keer wat 'n melodie in 'n gemeente gesing is, is as persentasie bereken. Die som van hierdie persentasies soos dit vir 'n bepaalde psalm in die verskillende gemeentes voorkom, is vervolgens bereken en verskyn in die eerste kolom hieronder. In die tweede kolom word die aantal gemeentes waarin die psalm gesing is, gegee. Alleen dié melodieë wat volgens die oordeel van die Deputate gerevideer behoort te word, word hier behandel.

	1	2		1	2
Ps. 2	32.8	27 x	Ps. 64	.3	1
Ps. 4	11.5	19	Ps. 69	9.3	12
Ps. 5	3.1	8	Ps. 71	7.8	17
Ps. 6	1.4	6	Ps. 76	5.4	4
Ps. 7	9.3	16	Ps. 78	2.9	12
Ps. 8	16.9	23	Ps. 80	13.5	20
Ps. 9	18.2	19	Ps. 88	4.1	8
Ps. 11	2.3	6	Ps. 90	18.9	20
Ps. 12	1.2	4	Ps. 91	21.1	24 o
Ps. 13	.9	2	Ps. 92	40.8	27 x
Ps. 14	1.0	4	Ps. 100	44.5	27 x
Ps. 16	21.0	25 o	Ps. 102	5.5	8
Ps. 18	29.9	27 x	Ps. 107	23.3	23 o
Ps. 20	2.9	6	Ps. 109	.9	3
Ps. 23	42.3	28 x	Ps. 110	3.3	7
Ps. 26	7.4	9	Ps. 112	2.0	7
Ps. 28	1.5	2	Ps. 114	.9	3
Ps. 31	14.5	17	Ps. 119	135.5	29 x
Ps. 33	69.5	27 x	Ps. 120	.9	3
Ps. 34	20.7	22 o	Ps. 125	7.1	14
Ps. 37	6.5	8	Ps. 126	3.2	8
Ps. 40	42.0	25 x	Ps. 129	.2	1
Ps. 41	5.1	10	Ps. 130	64.0	28 x
Ps. 44	1.8	3	Ps. 131	11.6	15
Ps. 45	22.3	25 o	Ps. 137	4.0	7
Ps. 48	43.7	27 x	Ps. 142	6.6	12
Ps. 50	3.0	10	Ps. 144	14.0	20
Ps. 51	26.2	25 o	Ps. 145	24.6	23 o
Ps. 53	.2	1	Ps. 146	58.9	27 x
Ps. 57	3.0	7	Ps. 147	45.6	25 x
Ps. 59	7.9	11	Ps. 148	19.4	23 o
Ps. 61	11.6	16	Ps. 149	31.2	25 x
Ps. 63	7.3	13			

In hierdie lys kan drie groepe onderskei word:

a. Melodieë wat ingeslaan het: Dié melodieë word met x aangedui. Hulle is almal meer as 30 maal gesing en in minstens 25 van die gemeentes.

b. Twyfelagtige gevalle: Dié melodieë word met o aangedui. Hulle is van 20-30 maal gesing in minstens 20 gemeentes.

c. Melodieë wat nie ingeslaan het nie: Dit is al die melodieë wat nie in 1 of 2 genoem is nie. Hulle is minder as 20 maal gesing in minder as 20 van die gemeentes.

Die maatstaf vir hierdie indeling: Dit is nie moontlik om 'n absoluut objektiewe maatstaf te vind vir die indeling van die melodieë volgens hul bekendheid en gevestigdheid nie. Uit 'n oorsig oor al die psalms het egter geblyk dat die bekende en gevestigde psalms soos 1, 118, 89, 68, 84, 25, 105, 33, 130, 73, 146, 116, 138, 19, 103, 86, 38, 100, 48, ens., almal meer as 30 maal en in minstens 25 gemeentes gesing is, en daarom is hierdie maatstaf gekies vir groep 1 en dié vir 2 en 3 daarvolgens vasgestel. Wat veral gewig dra in groep 2, is die groot getal gemeentes waarin hulle gesing is.

Opmerkings t.o.v. Groep a. (Pss. 2, 18, 23, 33, 40, 48, 92, 100, 119, 130, 146, 147, 149):

(1) In die geval van psalms met alternatiewe melodieë (33, 119 en 130 wat hierdie groep betref) is in die oorspronklike opgewasse selde aangedui watter melodie gebruik is. Niemand sal egter daaraan twyfel dat in die geval van Ps. 33 dit die nuwe wysie is nie en in die geval van Ps. 130 die liederwysie. Ps. 119 word dikwels op die melodie van „Ek geloof” gesing, maar die Deputate oordeel dat die nuwe wysie daarvan tog goed bekend is.

Aanbeveling: Die nuwe wysies van Ps. 33 en 119 word behou en dié van Ps. 130 verval. Gemeentes behoort nietermin sterk aangemoedig te word om die ou melodieë van Pss. 33 en 130 baie meer te sing, sodat hierdie uitnemende melodieë nie in ons kerke doodgeswyg word nie.

(2) Ten spyte daarvan dat die melodieë van Pss. 2, 18 en 147 blykbaar reeds goed bekend is, beveel die Deputate aan dat hulle verval vanweë hul swak musikale gehalte en hul disharmonie met die teksinhoud. Oor die melodie van Ps. 92 kon nog nie finaal besluit word nie.

(3) Die orige melodieë in hierdie groep, nl. van Pss. 23, 40, 48, 100, 146 en 149, word behou.

Opmerkings t.o.v. groep b. (Pss. 16, 34, 45, 91, 107, 145, 148):

(1) Alternatiewe melodieë: Op dieselfde gronde as dié genoem in a. (2) word aanbeveel dat die nuwe melodieë van Pss. 34 en 51 verval.

(2) Aanbeveel word dat die huidige melodie van Ps. 16 vervang word met die effens gewysigde ou melodie van Ps. 119.

(3) Die orige melodieë in hierdie groep is gangbaar, en daarom word aanbeveel dat dié psalms voorsien word van alternatiewe melodieë van hoër gehalte as die bestaandes en wat beter by die

teksinhoud pas, behalwe in die geval van Ps. 145, waaroor nog nie finaal besluit is nie.

Opmerkings t.o.v. Groep c:

(1) Oor die lot van die volgende melodieë in hierdie groep is nog nie finaal besluit nie: Pss. 8, 9, 12, 13, 26, 28, 41, 61, 64 (2e), 71, 88, 90, 112, 114, 137.

(2) Die Deputate beveel aan dat die orige melodieë van hierdie groep verval.

Opsomming van die aanbevelings i.v.m. al die melodieë in die Psalmsboek:

- Ps. 1: Onveranderd.
- Ps. 2: Verval.
- Ps. 3: Onveranderd.
- Ps. 4: Verval.
- Ps. 5: Eerste melodie verval.
- Ps. 6: Eerste melodie verval.
- Ps. 7: Verval.
- Ps. 8:
- Ps. 9:
- Ps. 10: Onveranderd.
- Ps. 11: Verval.
- Ps. 12:
- Ps. 13:
- Ps. 14: Huidige melodie word vervang met effens gewysigde ou melodie; verwysing na Ps. 53.
- Ps. 15: Onveranderd.
- Ps. 16: Huidige melodie word vervang met effens gewysigde ou melodie van Ps. 119.
- Ps. 17: Onveranderd.
- Ps. 18: Verval.
- Ps. 19: Onveranderd.
- Ps. 20: Verval.
- Ps. 21-25: Onveranderd.
- Ps. 26:
- Ps. 27: Onveranderd.
- Ps. 28:
- Ps. 29: Onveranderd.
- Ps. 30: Onveranderd.
- Ps. 31: Huidige melodie word vervang met ou melodie; verwysing na Ps. 71.
- Ps. 32: Onveranderd.
- Ps. 33: Volgorde van die twee melodieë word omgeruil.
- Ps. 34: Eerste melodie verval.
- Ps. 35-36: Onveranderd.
- Ps. 37: Verval.

- Ps. 38-39: Onveranderd.
- Ps. 40: a) Ou melodie word herstel.
b) Huidige melodie as alternatief.
- Ps. 41:
- Ps. 42-43: Onveranderd.
- Ps. 44: Verval.
- Ps. 45: Huidige melodie word behou met alternatiewe nuwe melodie.
- Ps. 46-49: Onveranderd.
- Ps. 50: Verval.
- Ps. 51: Eerste melodie verval.
- Ps. 52: Onveranderd.
- Ps. 53: Verval.
- Ps. 54-56: Onveranderd.
- Ps. 57: Verval.
- Ps. 58: Onveranderd.
- Ps. 59: Verval.
- Ps. 60: Onveranderd.
- Ps. 61:
- Ps. 62: Onveranderd.
- Ps. 63: Verval.
- Ps. 64: Die eerste melodie verval.
- Ps. 65-68: Onveranderd.
- Ps. 69: Verval.
- Ps. 70: Verval.
- Ps. 71:
- Ps. 72-75: Onveranderd.
- Ps. 76: Huidige melodie word vervang met die melodie van Ps. 30.
- Ps. 77: Onveranderd.
- Ps. 78-79: Verval.
- Ps. 80: Huidige melodie word vervang met dié van Ps. 105.
- Ps. 81-87: Onveranderd.
- Ps. 88:
- Ps. 89: Onveranderd.
- Ps. 90:
- Ps. 91: Huidige melodie word behou met alternatiewe nuwe melodie.
- Ps. 92:
- Ps. 93-101: Onveranderd.
- Ps. 102: Huidige melodie word vervang met ou melodie; verwysing na Pss. 77 en 85.
- Ps. 103-106: Onveranderd.
- Ps. 107: a) Ou melodie word herstel.
b) Huidige melodie as alternatief.
- Ps. 108: Onveranderd.

- Ps. 109: Beide melodieë verval; geheel nuwe melodie moet gevind word.
- Ps. 110: Huidige melodie word vervang met ou melodie.
- Ps. 111: Onveranderd.
- Ps. 112:
- Ps. 113: Onveranderd.
- Ps. 114:
- Ps. 115-119: Onveranderd.
- Ps. 120: Verval.
- Ps. 121-124: Onveranderd.
- Ps. 125: Albei die nuwe melodieë verval.
- Ps. 126: Verval.
- Ps. 127: Onveranderd.
- Ps. 128: a) Ou melodie word herstel.
b) Huidige melodie as alternatief.
- Ps. 129: Verval.
- Ps. 130: Eerste melodie verval.
- Ps. 131: Nuwe melodie verval.
- Ps. 132-136: Onveranderd.
- Ps. 137:
- Ps. 138-141: Onveranderd.
- Ps. 142: Verval.
- Ps. 143: Onveranderd.
- Ps. 144: Verval.
- Ps. 145:
- Ps. 146: Onveranderd.
- Ps. 147: Verval.
- Ps. 148: Huidige melodie word behou met oorspronklike as alternatief.
- Ps. 149: Huidige melodie word behou met gewysigde oorspronklike as alternatief.
- Ps. 150: Onveranderd.

In die voorgaande opsomming is opgeneem die aanbevelings van die vergadering van afgevaardigdes van die drie Afrikaanse Kerke wat op 11 Oktober l.l. te Bloemfontein gehou is. (Hierdie vergadering het in aansluiting by wat in 1953 gedoen is, die melodieë vanaf Ps. 102 tot Ps. 150 hersien).

2. Verdere verslag van die werk van genoemde vergadering:

a. Al drie die Afrikaanse Kerke was op die vergadering verteenwoordig.

b. Die vergadering het hom op presies dieselfde beginsels t.o.v. die hersiening van die psalmmelodieë gestel as die vorige soortgelyke vergadering wat in Julie 1953 gehou is (kyk Hande-linge van die Sinode van 1953, p. 65), en het verder die volgende aanvaar:

- (a) Die beginsel van alternatiewe melodieë vir 'n Psalm;
- (b) handhawing van die oorspronklike ritme van die ou melodieë;
- (c) bronne vir nuwe melodieë is in volgorde van voorkeur:
 - (i) melodieë uit Protestantse sangbundels van die 16e eeu;
 - (ii) nuwe komposisies.
- (d) Die vergadering het besluit om die volgende kommissie te benoem met die opdrag om melodieë te vind ter vervanging van dié wat verval of wat diens moet doen as nuwe alternatiewe:

Mnr. C. Swanepoel (Stellenbosch); mnr. W. Mathlener (Pretoria) en dr. J. J. A. van der Walt (Potchefstroom).

Elke lid van die kommissie het die reg ontvang om 'n addisionele lid uit die Kerk waartoe hy behoort, te koöpteer. Die kommissie sal aan die interkerklike vergadering rapporteer, vanwaar die aanbevelings dan via die deputaatskappe resp. kommissies na die verskillende Sinodes sal gaan.

Aanbeveling i.s. 1: Die Sinode benoem 'n Deputaatskap wat die werk i.v.m. die hersiening van die psalmmelodieë kan voortsit.

3. *Orrelspel voor en na die erediens:* (Rapport, 2. c.).

Op die vergadering te Bloemfontein op 11 Oktober l.l. is berig dat daar D.V. in 1961 'n konferensie van orreliste van al drie die Afrikaanse Kerke te Stellenbosch gehou sal word, waar o.a. die moontlikhede i.v.m. die publikasie van bundels met kerkmusiek bespreek sal word. Verwag word dat uit hierdie samesprekings iets konkreets sal voortvloei.

Aanbeveling i.s. 3: Daar word 'n deputaatskap vir Kerkmusiek benoem wat leiding moet gee i.v.m. die musiek in en om die erediens.

Besluit:

1. Daar word met groot dank en waardering kennis geneem van die rapport en van die werk wat die deputate verrig het volgens hulle opdrag, soos blyk uit beide rapporte.
2. Wat betref die voorgestelde veranderinge van die psalmmelodieë, spreek die Sinode hom egter nie op hierdie stadium uit nie maar verwys hierdie hele rapport na die te benoeme deputate om die studiemateriaal te gebruik om die hersiening van die psalmmelodieë voort te sit.
3. Daar word opnuut deputate benoem met die volgende opdrag:
 - (a) Om in samewerking met die twee ander Afrikaanse Kerke voort te gaan met die hersiening van die psalmmelodieë, sodat uiteindelik gekom kan word tot 'n stilisties eenvormige psalmboek in die gees van die Reformasie;
 - (b) om voort te gaan met voorligting en leiding in verband met die verbetering van die gemeentesang;

(c) om leiding te gee in verband met musiek in en om die erediens en ook hierin die samewerking te soek met die ander twee Afrikaanse Kerke.

Art. 154.

C.N.O.

Die Rapport van die deputate (di. *W. J. van der Merwe*, P. J. de Klerk, H. F. V. Krüger, proff. D. J. van Rooy, H. J. J. Bingle, J. Chr. Coetzee, W. J. Snyman, dr. J. F. Havinga) word deur prof. Snyman toegelig.

'n Kommissie ad hoc word gekies (as lede: di. *S. C. W. Duvenage*, P. C. Krüger, L. J. Buys, P. J. Venter, G. H. J. Kruger, J. P. Coetzee, oudl. S. Coetzee) en hulle Verslag word deur ds. Buys toegelig.

A. Rapport.

U Deputate het die eer om die volgende rapport aan u voor te lê:

1. Gereelde vergaderings is deur u Deputate gehou met die seën van die Here ter afhandeling van die werk wat aan hulle opgedra is.

Aan die begin van 1960 het br. J. H. Bekker, wat ook skriba van die Deputate was, ontslag gevra op grond van drukke werksaamhede. Een van die benoemde deputate, br. C. P. Venter, het die vergaderinge van u Deputate nie bygewoon nie.

Met diep leedwese moet ook vermeld word die plotselinge heengaan van een van u Deputate, ds. G. B. S. Pasch, in Februarie 1960.

— **Kennis geneem.**

2. *Samewerking met ander Afrikaanse Kerke.*

a. Uniaal.

Die Interkerklike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding, waarop u deputate verteenwoordig is, het voortgegaan met sy beraadslaginge met die Hoë Owerheid in verband met 'n Uniale onderwysbeleid. Hiermee is sover gevorder dat 'n wetsontwerp daarop op die jongste sitting van die Parlement gedien is. Dit het egter om een of ander rede bly oortaan tot die volgende Parlementsitting. 'n Kommissie is deur u Deputate benoem om ter geleëner tyd op die konsepwet vir die Uniale Onderwysbeleid kommentaar te lewer. Die beoogde volkskongres in verband hiermee is nog nie saamgeroep nie. Dit word egter nog oorweeg indien dit nodig mag blyk.

'n Ander saak wat die ernstige aandag van die I.K.K. geniet het, is die verwydering van die gewetenskousule uit die Onderwys-ordnansie. Die I.K.K. is nog hiermee besig.

Die I.K.K. is tans ook besig om hom duidelik rekenskap te gee omtrent die terrein van sy werksaamhede. Die standpunt van u Deputate is dat alleen beginselsake op hierdie Kommissie behandel behoort te word.

b. Provinsiaal.

Ook hier het die kerke in die Interkerklike kommissie voortgegaan met hervormingswerk in die bestaande skole. Met waardering kan daarvan melding gemaak word dat die Departement van Onderwys in Transvaal sy onderwysers vrygelaat het om die bestaande leergange in godsdiensoonderrig op die middelbare skole te volg met goedkeuring van die inspekteur van onderwys. In hierdie verband moet melding gemaak word van 'n vakansiekursus vir onderwysers met die oog op godsdiensoonderrig wat gereël is deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gedurende Oktober 1958 in Pretoria, waar, van die kant van ons Kerk, proff. H. J. J. Bingle, S. du Toit, W. J. Snyman en S. P. van der Walt opgetree het met lesings. Sowel die Departement as die kursugangers het groot ingenomenheid hiermee betuig.

Die I.K.K. gee ook aandag aan die hele saak van die godsdiensoonderrig, insluitende die leergange en leerboeke sowel vir die middelbare as vir die laerskole. 'n Studiestuk hieroor is deur prof. Bingle, aan wie hierdie saak deur I.K.K. toevertrou is, in gereedheid gebring. Die bedoeling is dat dit aan die Transvaalse Departement van Onderwys en ook aan die van die ander provinsies voorgelê sal word.

Die Transvaalse Departement van Onderwys oorweeg tans 'n hersiening van die bestaande leergange in alle vakke in die laer- en hoërskole. Aan ons verteenwoordigers op die I.K.K. is opgedra om hierdie saak op die volgende vergadering van die I.K.K. ahangig te maak, veral in soverre dit die godsdiensoonderrig sal raak.

Met die handboeke vir godsdiensoonderrig kon, nieteenstaande enige vertraging, goeie vordering gemaak word. Drie van die vyf handboeke is op 'n gevorderde stadium.

U Deputate het hulle verplig gevoel om bedenkinge uit te spreek teen die oorspronklike leergange vir Sosiale Studies. Dit kom op dieselfde neer as die kort kritiek deur prof. Bingle geskryf in die *Gereformeerde Vroueblad*. Sedertdien het genoemde leergange 'n wysiging ondergaan. Dit het pas op hulle laaste vergadering onder die aandag van u Deputate gekom, sodat hieromtrent nog nie nadere rapport gedoen kan word nie.

U Deputate gee ook aandag aan sekere verwikkelinge in Transvaal, naamlik die voorgenome nuwe wyse van samestelling van Skoolrade en die instelling van Keurrade, in soverre ouerregte hiermee gemoeid mag wees.

— **Kennis geneem.**

3. *Samewerking met ander liggamē.*

a. Die A.C.B.

Met waardering het u Deputate kennis geneem van die stigting van ouer-onderwyserverenigings deur die A.C.B., en hulle wil dit graag aan die eerw. Sinode voorlê ter aanbeveling by ons kerkrade.

Vgl. die hierby aangehegte Beleidsverklaring van die A.C.B. (Bylae I).

— **Goedgekeur.**

b. *Die F.A.K.*

Van die F.A.K. het u Deputate 'n „Gewysigde onderwysbeleid” ontvang, waarvan getuig moet word dat dit fundamenteel afwyk van die beleid van 1948, waarmee die eerw. Sinode sy instemming betuig het. 'n Stuk is in hier voege deur u Deputate opgestel (Bylae II) en aan die F.A.K. gestuur met die mededeling dat hulle hul streng wil hou aan die oorspronklike beleid van 1948. Tot dusver is nog nie 'n antwoord van die F.A.K. ontvang nie.

— **Kennis geneem.**

4. *C.N.O.-aksie.*

Die volgende is hieromtrent na u Deputate verwys: (1) Herformulering van sekere gedeeltes uit „Gereformeerde aksie en die skool” (punt (2) (a), bl. 404, Acta 1958); (2) die beoogde staats-ondersteunde skole (punt (2) (b) (i-vii), bl. 404 e.v.); (3) studiemateriaal, vervat in die beswaarskrif, punt F, bl. 407; (4) uitvoering van die besluit van die Sinode van 1933, punt (7), bl. 406; (5) rapport van die Klassis Griekwaland-Wes, bl. 398 (vgl. punt b (1), bl. 406).

a. In verband met (1) wens u Deputate aan die eerw. Sinode voor te lê:

(1) dat die laaste sin op bl. 396, naamlik „Die behoud van die Christelike staatskool”, moet lees: „Die behoud en uitbouing van die Christelike karakter van 'n staatskool”;

(2) dat die paragraaf op bl. 397/8, naamlik „As die staat 'n Christelike staat is... Christelike staatskool” soos volg gelees moet word: „As die staat 'n Christelike staat is, soos ons nog in Suid-Afrika het, kan en moet Gereformeerdes 'n deel van hulle aksie rig op die behoud en uitbouing van die Christelike karakter van die staatskool... die behoud en uitbouing van die Christelike karakter van die staatskool”.

In verband met punt (2) (ii), bl. 404, wens u Deputate op te merk dat dit in art. 21 K.O. en in die besluit van die Sinode van 1942 nie oor kerklike *beheer* gaan nie maar oor kerklike *toesig* en dat die onderhawige formulering dus nie strydig met die genoemde artikel en Sinodebesluit is nie.

— **Goedgekeur soos gewysig (Wysigings aangebring by**

(1) en (2) — Dep. Acta).

b. Punte (2) tot (5) is saam in studie geneem, in aansluiting by „Gereformeerde aksie en die skool”, bl. 396-398. Vir die nadere uiteensetting van punt (2) vgl. Bylaes III a en b, en van punt (3) vgl. Bylae IV.

— **Met dank kennis geneem van Bylaes.**

c. Die slotsom waartoe u Deputate gekom het nadat bostaande

in studie geneem is en wat hiermee aan die eerw. Sinode ter beslissing voorgelê word, is die volgende:

Die eerw. Sinode wêk die kerkrade op om toe te sien dat Gereformeerde ouers hulle organiseer saam met gelykgesinde ouers van ander kerke met die oog daarop om

(1) waar dit moontlik is, te kom tot die onmiddellike verwezenliking van die ideaal van staatsondersteunde skole in aansluiting by die oproep in die bylae „Gereformeerde aksie en die skool”: „Daarom moet Gereformeerdes nou alles in die werk stel...” (Sin. Hand. 1958, bl. 389),

(a) deur sodanige skole op te rig waar die wet daartoe die reg gee (bv. Tvl. Onderwysord. 1953, 3, d, ii) met volle staatsteun;

(b) deur alles in hulle vermoë te doen om wetgewing so verander te kry waar hierdie opening nie gegee word om sulke skole op te rig nie;

(2) waar dit nie moontlik is nie,

(a) die Christelike beginsels op die openbare staatskool te handhaaf, deur die regte manne en vroue op die skoolkommissies te laat aanwys, die godsdiensonderrig in gereformeerde bane te lei — alles ooreenkomstig die desbetreffende Ordonnansies;

(b) slegs in die uiterste geval oor te gaan tot die stigting van privaatskole, en dan nie as doel nie maar as middel tot die eintlike doel;

(3) hulle te beywer vir die vervanging van die huidige beleid van sentralisasie van skole deur een van 'n gebillikte desentralisasie, veral by die laer onderwys, wat vanself 'n groter mate van differensiasie na lewens- en wêreldbeskouing sal meebring.

— **Goedgekeur.**

5. *C.N.O.-fonds en C.H.O.-leningsfonds.*

In opdrag van die vorige Sinode (punt b, bl. 406) is 'n oproep om hydraes tot 'n C.N.O.-fonds in *Die Kerkblad* gedoen. Ingekome hydraes is op versoek van u Deputate deur die Deputaatskap van Beheer in ontvangs geneem.

Die goedkeuring van die eerw. Sinode word vir hierdie reëling gevra en hersiening van die besluit Art. 314 (4), bl. 407, in hier voege.

Met dankbaarheid kan u Deputate rapporteer dat die C.H.O.-Leningsfonds gestyg het tot die bedrag van £24,000.

Besluit: Die verandering word goedgekeur, en verder word met dank kennis geneem.

6. *Verhouding tot ander deputate en kerklike vergaderings.*

(a) Op versoek van die deputate vir Jeugsorg is 'n verteenwoordiger van u Deputate op die deputaatskap vir Jeugsorg benoem

in adviserende hoedanigheid. 'n Wederkerige versoek om so 'n verteenwoordiger is aan die deputate vir Jeugsorg gerig.

— **Kennis geneem.**

(b) Aan 'n afgevaardigde van die deputate vir C.N.O. van die Part. Sinode van K.P. en S.W.A. is op versoek van genoemde Part. Sinode sitting verleen op die vergaderings van u Deputate in adviserende hoedanigheid.

— **Goedgekeur.**

(c) Beskrywingspunte wat op die Klassisse van Potchefstroom en van Vryburg en op die Part. Sinode van K.P. en S.W.A. gedien het, is deur genoemde vergaderings na u Deputate deurgestuurd.

Die advies van die eerw. Sinode word in verband met bostaande gevra.

Besluit: Beskrywingspunte hoort tuis op die tafel van die betrokke meerdere vergadering.

Besluit: Die hele Rapport word met dank aanvaar, en daar sal weer deputate benoem word en hulle opdrag is:

1. a. Voortgesette ondersoek in verband met 'n uniale onderwysbeleid;
- b) voortgesette onderhandelings met ander Afrikaanse Kerke en die hoe owerheid met betrekking tot:
 - i) die Uniale onderwysraad en Uniale onderwysbeleid,
 - ii) handboeke vir godsdiensonderrig en die gebruik daarvan,
 - iii) metode van aanstelling van onderwysers in alle provinsies en hoe ouerregte hierdeur geraak word;
2. verdere ondersoek aangaande die gewysigde leergange vir Sosiale Studies;
3. om noue voeling te hou met ander liggame soos die A.C.B., V.C.O. en F.A.K.;
4. om uitvoering te gee aan die besluit van die Sinode na aanleiding van die rapport, (punte A. 4. c. (1) — (3), bl. 467);
5. om die insameling en beheer van die C.N.O.-fonds te behartig in ooreenstemming met die besluit van die Sinode 1958 (art. 314, (3) en (4)).
6. In die uitvoering van hulle opdrag kan die Sinodale deputate gebruik maak van die gegewens van C.N.O.-deputate van die part. sinodes.

C. *Bylaes.*

BYLAE I.

BELEIDSVERKLARING INSAKE DIE ONDERWYS

Die volgende verklaring is opgestel deur die Bestuur van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, na raadpleging met erkende opvoedkundiges. Waar dit met 'n eenparige stem kon geskied, is die hoop en vertroue dat dit tot veel seën sal strek.

A. *Die ouers en die skool.*

1. Die aard van die onderwys en opvoeding wat die kinders van Christenouers moet ontvang, word bepaal deur die doopsbelofte wat deur die ouers afgelê is. Onderwys en opvoeding is in beginsel die taak van die ouers en word deur hulle as sodanig aanvaar.

2. Waar die ouers nie by magte is om self die onderrig van hulle kinders ten volle waar te neem nie — 'n toestand wat vandag as algemeen en normaal aanvaar moet word — word deur die onderwyser en die skool die nodige hulpdiens verrig.

3. Die gemeenskap van ouers bepaal die gees en rigting van die skoolopvoeding. Dit bring o.a. mee dat die gemeenskap van ouers:

(a) aktief sal optree t.o.v. die stigting, die instandhouding en die beheer van skole;

(b) die beslissende stem geniet by die benoeming van onderwysers as hulle plaasvervangers.

N.B. Onder „gemeenskap van ouers” word hier by voorkeur bedoel: gelykgesinde ouers wat hulle vir die bepaalde doel van die skoolopvoeding van hulle kinders in 'n welomskrewe Ouerorganisasie (vgl. E 1) tot samewerking verbind het.

4. Die skool beskik oor die metode van skoolopvoeding.

5. Bostaande moet geensins opgevat word as 'n pleidooi vir private of openbare *ouerskole* nie. Hoewel die pligte en regte van die ouers by die onderwys van hulle kinders ten volle erken en benadruk word, is daar ook ander instansies wat by die skoolopvoeding belang het, t.w. die kerk en die staat.

B. *Die kerk en die skool.*

1. Die kerk sien toe dat in 'n gemeenskap van Christenouers daar Christelike skole tot stand kom.

2. Deur middel van ouers wat sy lidmate is, sien die kerk toe dat die gestigte skole Christelik is en bly.

3. Die kerk sien toe dat die gestigte skole die ouers daadwerklik bystaan in die uitvoering van hulle doopsbelofte. (A. 1).

4. Behoeftige ouers sal in hulle verpligtinge teenoor die skool deur die kerk ondersteun word.

5. Bostaande moet nie opgevat word as 'n pleidooi vir *sekulêre kerkskole* nie. Die kerk mag as kerk geen seggenskap oor die skool uitoefen nie. Die kerk het egter belang by die onderwys wat sy lidmate ontvang.

C. *Die staat en die skool.*

1. Die Staatsowerheid bepaal die omvang en peil van die skoolopvoeding.

2. Die Onderwysowerheid in oorleg met die ouers-in-organisasie en die Onderwyserskorps, bepaal die inhoud van die skoolopvoeding.

3. Die Owerheid sal meewerk by die stigting van die skole, dra by die instandhouding die grootste deel van die finansiële las en geniet 'n aandeel by die beheer.

4. *Die A.C.B. verklaar hom onomwonde gekant teen enige stelsel van staatskole en ten gunste van 'n stelsel van staatsondersteunde skole.*

D. Die Calvinis en die huidige staatskool.

1. Die Calvinis — en gevolglik ook die A.C.B. — kan, met alle waardering en erkenning vir die goeie elemente daarin, met die bestaande (of enige ander) stelsel van staatskole geen vrede hê nie.

2. Dit onthef ons egter allermins van die plig om, solank ons noodgedwonge daarvan gebruik moet maak, enige ontwikkeling in liberale rigting te beveg en ons te beywer vir die behoud en versterking van wat Christelik-gaaf en gesond is. Die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat so 'n optrede baie kan hydra as voorbereiding tot die ideaal.

3. Die kostelike werk wat in hierdie verband deur kerk- en onderwysmanne reeds gedoen is en nog gedoen word, word met groot dankbaarheid erken.

E. Die Calvinis en die beoogde staatsondersteunde skool.

Die A.C.B. wil hom stelselmatig beywer om:

1. *die ouers te aktiveer deur die stigting van ouerorganisasies;*
2. *die gemeenskap gereeld voor te lig deur toespraak, boek, brosjure en pamflet;*
3. *die landsowerheid te probeer oortuig dat 'n stelsel soos deur ons bepleit in alle opsigte die voorkeur behoort te geniet;*
4. *enige plaaslike aksie in die gewenste rigting aan te moedig en te steun.*

BYLAE II.

KRITIEK VAN DIE KANT VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

OOOR ONDERWYSBELEID VAN DIE F.A.K.

Bo-aan hierdie stuk staan „opgestel deur die Instituut vir Onderwys en Opvoeding”. Hierteen wil ek beswaar aanteken omdat dit onjuis is. Hierdie stuk is wel aan die Instituut voorgelê, dog dit is nie deur die Instituut opgestel nie. En dit maak 'n baie groot verskil.

Die kritiek op hierdie stuk wil ek artikel vir artikel lewer om dan aan die einde tot 'n slotsom wat die geheel betref, te kom.

Artikel 1. Grondslag.

1. In die eerste sin word daar afgewyk van 'n algemene opvoedkundig-wysgerige stelling sonder enige rede, en die algemeen geldende slegs op die Protestants-Christelike betrek. Die bedoeling van die F.A.K. se C.N.O.-beleid was juis om sy beskouing te fundeer in die algemeen geldende. Die veranderde stelling verswak dus die saak as sou daar seksioneel gedink word oor die verhouding lewens- en wêreldbeskouing en onderwys.

2. In die tweede sin word „Afrikaanssprekende kinders” vervang deur „Protestants-Christelike Afrikaanse”, d.w.s. dit geld nie vir alle Afrikaanssprekende kinders nie, en tog praat die laaste sin van hierdie paragraaf van „die Christelike en Nasionale wese en aard van die Afrikanernasie” — hier word dus gepraat asof *al* die Afrikaners daardie beskouing het. Die nuwe stuk is hier dus teenstrydig met homself.

3. Daar bestaan nie soiets as 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en 'n Nasionale lewens- en wêreldbeskouing in ons land nie. Die term „Christelik-Nasionaal” tipeer juis in sy eenheid die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing waarvan deurgaans in hierdie stuk gepraat word.

4. In paragraaf 2 eerste sin word die „drie Afrikaanse Kerke” vervang deur die „Protestants-Christelike Kerke”. Wat sluit dit meer in as die drie Afrikaanse Kerke?

5. In die tweede laaste sin word die Christelik-Nasionale in die skool omskryf as rakende die „gees en doel en al sy aktiwiteite”, terwyl weggelaat word „metodiek, tug, personeel, organisasie”. Die Chr.-Nas. beginsel geld dus nie vir die hele skool nie.

Oor hierdie artikel in sy geheel geneem, wyk die nuwe formulering dan in wese af van die oue en wel t.o.v. die volgende:

a) Die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing word slegs by wyse van 'n moontlike vergissing as Christelik-Nasionaal bestempel.

b) Die Chr.-Nas. lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner word ingeruil vir 'n onbekende Christelike en Nasionale lewens- en wêreldbeskouing.

c) Daar word by implikasie beweer dat daar meer Protestants-Christelike Kerke onder die Afrikaner bestaan as die drie Afrikaanse Kerke. Watter is die ander?

d) Die Chr.-Nas. moet nie meer al die terreine van die skool bestryk nie, dog slegs enkeles. Waarom so vereng?

Met hierdie gewysigde stelling word die hele betekenis van C.N.O. omver gegooi.

Artikel 2. Christelike onderwys en opvoeding.

1. Waarom word in die eerste sin „Afrikaanssprekende kin-

ders" weggelaat, terwyl dit juis om hulle gaan in die onderhawige vraagstuk? Verder maak hierdie weglating juis die nuwe stelling kragteloos aangesien dit die breë term „Christelik” gaan definieer as „Protestants-Christelik” waarteen bv. die Rooms-Katolieke eksepsie kan neem omdat hulle ook „Christelik” is. As ons egter sê vir die „Afrikaanse” dan kan ons dit so beperk. Hier kom die „Protestants-Christelike Kerke” weer i.p.v. die „drie Afrikaanse Kerke” voor. En dan word daar nog van hulle „belydenis” ook gepraat! Waar bestaan daar soiets? Ons het slegs ’n gemeenskaplike belydenis in die drie Afrikaanse Kerke.

2. In die tweede sin is „ons Belydenisskrifte” vervang deur „die Belydenisskrifte” — ’n mens kan hier net vra watter? Ek kan begryp dat „ons” „die” moet word op grond van die vorige sin, want daar is klaar oorgegaan tot ’n onbepaaldheid, iets wat nie kan bestaan in ’n saak soos belydenisskrifte nie.

3. In die derde sin word „van al die ander vakke” weggelaat, m.a.w. die Christelike beginsel mag nie geld in die ander vakke van die skool nie, d.w.s. ongelooft mag in die ander vakke verkondig word. Dan kan ons nie meer van ’n Christelike skool praat nie! En verder aan in die sin word „ons nasie” vervang deur „die ouers”. Dit impliseer dat die Afrikaner nie meer Christelik is nie want die oorspronklike artikel het aanvaar dat hy nog Christelik is.

Samevattend kan ons van hierdie artikel sê dat dit

a) die drie Afrikaanse Kerke nie erken as die kerk van die Afrikanervolk nie;

b) die Afrikanernasie nie meer as Christelik beskou nie; en

c) nie meer ’n Christelike skool wil hê nie, dog slegs ’n half-Christelike, wat eintlik nog vlees nog vis is. En dit word in die nuwe Artikel 6(1) weerspreek waar daar wel alle vakke onder die Christelike gestel word!

Artikel 3. Nasionale onderwys en opvoeding.

Waarom die kwalifikasie aan die einde van hierdie paragraaf? Nêrens word daar in hierdie „beleid” beginsels vir die Engelse kind neergelê nie, waarom dan hier? Indien dit hier gedoen word, moet dit orals geskied waar dit ter sprake kan kom.

Volgens hierdie artikel word die nasionale as beginsel vir differensiasie sterker beklemtoon as in die oorspronklike, ja eintlik verhef tot die enigste.

Artikel 4. Die kind en die christelike en nasionale onderwys en opvoeding.

Hierdie artikel is onveranderd oorgeneem.

Artikel 5. Doelstelling van onderwys en opvoeding.

Hierdie artikel is onveranderd oorgeneem.

Artikel 6. Inhoud van die onderwys en opvoeding.

(1) *Inleiding*: Tweede laaste sin. Hier word die positiewe Christelike benadering weggelaat, en slegs die negatiewe nie- of onchristelike word behou. Watter doel dien dit?

(2) *Godsdiensonderwys*:

a) Hier weer die vervanging van die „drie Afrikaanse Kerke” deur „Protestants-Christelike Kerke”, en dan word nogal van hulle „belydenis” gepraat! Waar bestaan daar soiets buite die drie Afrikaanse kerke om wat hulle en ander insluit?

b) In die tweede laaste sin word „al die vakke” weer wegge-
laat sodat die ander vakke ook maar onchristelik of anti-christelik mag wees.

c) In die laaste sin is „Afrikaanse Kerke” weer weggelaat.

(3) *Moedertaal*: Die laaste sin waarin daar gehandel word oor die aanvangspunt van die onderrig van die tweede taal is wegge-
laat. Waar dit hier gaan om die prinsipiële vraagstuk van die vestiging van die moedertaal voordat die tweede taal geleer kan word, kan dit alleen tot skade van die kind weggelaat word.

(4) *Burgerleer*: Onveranderd oorgeneem.

(5) *Aardrykskunde*: „Ons” word vervang deur „die” wat die hele saak baie meer onbepaald maak.

(6) *Geskiedenis*: Onveranderd oorgeneem.

Artikel 7. Metodiek en tug.

(1) *Metodiek*: „Die” moet „ons” wees ter wille van die bepaaldheid daarvan.

(2) *Tug*: Onveranderd oorgeneem.

Artikel 8. Beheer van die onderwys.

(1) *Geen gemengde skool*: Die „Afrikaanse” ouer is hier wegge-
gelaat en die medium, en vervang deur ’n algemene stelling wat nie positief Afrikaans is nie.

(2) *Huis, Skool en Kerk*: „Ons nasie” is vervang deur „die nasie”, met watter doel?

(3) *Die Huis*: „Oprigting, instandhouding en beheer van die skool deur die ouer” is hier weggelaat, asook dat die ouer die onderwysers moet benoem. En tog word gestel dat hulle medeseggenskap in die toesig van die onderwys moet hê wat so vaag gestel is dat dit kant nog wal raak. Die oorspronklike artikel is hier so vermink dat die wese daarvan verlore gegaan het en dat die ouer se seggen-
skap op niks meer as adviserende hoedanigheid kan eindig nie.

(4) *Die Kerk*: Die kerk moet sy tug oor sy lidmate prysgee volgens die nuwe lesing, en daarmee saam verloor hy dan ook alle aandeel aan die skoolbeheer. Ook hierdie artikel is in sy wese vermink.

(5) *Die Staat*: Aan die staat word hier volle beheer toegesê.

Hierdie artikel is verder ook veel swakker as die oorspronklike gestel.

(6) *Die Skool*: Die woorde „Ons glo in die ideaal van 'n Christelik-Nasionale skool” van die oorspronklike is hier totaal weggelaat, waaruit ons moet aflei dat ons dit volgens die nuwe nie meer wil hê nie.

Verder is hierdie artikel strydig met die vorige aangesien hier die grootste seggenskap aan die ouer toegesê word, terwyl dit in die vorige aan die staat toegesê word.

(7) *Die organisasie van die skoolstelsel*: Die C.N.O.-skoolstelsel word in die nuwe lesing nie aanvaar nie, en daar word hiermee opening gelaat vir allerlei ander skoolstelsels soos wat in die oorspronklike by name verwerp word. Die verhoudinge van die verskillende instansies in die oprigting, instandhouding en beheer van die skool word hier swakker gestel as in die oorspronklike. Weer word die C.N.O.-skoolstelsel verswyg.

Artikel 9. Die onderwyser:

(2) Die eis in die oorspronklike dat die student-onderwyser 'n „wetenskaplik gefundeerde en gesistematiseerde Christelike lewens- en wêreldbeskouing ontvang” is weggelaat, waaruit afgelei moet word dat hy dit nie moet kry nie. Ons verwag dan wel die Christelike van die skool dog nie van die inrigting wat die onderwysers vir die skool moet oplei nie.

Artikel 10. Kleuterskole.

1. Godsdiensoonderrig word by die kleuterskool heeltemal weggelaat waar die oorspronklike stuk dit as die belangrikste deel van die werk van hierdie skool beskou. Daarmee word hierdie skool in wese neutraal, en as ons dit nie by laer en middelbare onderwys wil sien nie, waarom dan hier? Kleuteronderwys lê veel nader aan die huisonderwys as wat die laer en die middelbare onderwys daaraan lê. En die huislike opvoeding is in hoofsaak sedelik-godsdienstig — hoe kan dit dan by die kleuterskool wegval?

2. Die moedertaalmedium met die totale weglating van 'n vreemde medium, wat in die oorspronklike sterk gestel word, het by die nuwe heeltemal verval. Hoe sou ons hierdie beginsel kan prysgee as ons dit vir laer en middelbare onderwys wil behou?

Artikel 11. Hoër onderwys.

Die hart is uit hierdie artikel verwyder, en wat oorbly is juis die dinge waarteen in die vorige artikels gestry word! Volgens die nuwe lesing mag daar geen Christelike wetenskap wees in die hoër onderwys nie, dog volgens die vorige artikels moet dit wel in die laer en middelbare onderwys wees. So 'n teenstrydigheid gaan tog nie op nie. Onderwys is onderwys wat die beheersende beginsel betref of dit kleuter, laer, middelbaar of hoër is. Op grond waarvan verander dit iewers in hierdie linie?

Artikel 12. Beroeps- en ander besondere onderwys.

(3) Hoe kan ons moontlik die moedertaaleis aan „sover prakties moontlik” onderwerp? Met beginsels kan nie so rondgespring word nie!

(9) Die nuwe stelling is baie verswak op die oorspronklike wat die posisie van plaaslike beheer betref en die van die ouer. Laasgenoemde kry in die nuwe geen plek nie en dit druis in teen die beginsel tot dusver gehandhaaf.

Artikel 13. Onderwys en opvoeding van volwassenes.

„Afrikaanssprekendes” en „Boerenasie” word hier weggelaat wat alleen die artikel minder positief Afrikaans maak, en dit is ons tog in die hele beleid te doen om die Afrikaner.

Artikel 14. Kleurlingonderwys en opvoeding.

By die aanvang van hierdie paragraaf word „Afrikaner” vervang deur „blanke Christen”. In die oorspronklike word die kleurling aan die Afrikaner verbind, terwyl hy in die nuwe aan enige blanke opgedra word wat 'n Christen is al begryp hy ook van die kleurling niks. En net die volgende sin beperk dit weer tot die Afrikaner. Hoe moet dit gerym word?

Artikel 15. Naturelle-onderwys en -opvoeding.

Volgens die nuwe lesing moet die naturel nie volgens die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner opgevoed word nie. Hierin het ons dus ook 'n wesentlike verskil van die oorspronklike lesing.

SAMEVATTING:

Samevattend kan ons tot die volgende slotsom kom oor hierdie nuwe formulering van die Onderwysbeleid van die F.A.K.

1. Ons kan nie langer hierdie beleid as Christelik-Nasionaal beskou nie omdat dit die meeste kenmerke van C.N.O. oorboord gegooi het, soos blyk uit die volgende:

a) Die verhouding van Ouer, Staat en Kerk tot skool t.o.v. die oprigting, instandhouding en beheer van die skool is hier anders gesien as wat dit in die oorspronklike C.N.O.-beleid neergelê is. En wat in die C.N.O.-beleid geformuleer is, is histories juis.

b) Die Christelike wat hier verkondig word, en die nasionale is nie wat deur die tyd in die C.N.O.-beginsels gegeld het nie.

2. Die Christelike wat hier gestel word, bestryk nie al die terreine van die skool nie, en daarmee is dit dan nie die Afrikaanse lesing van die Christelike in die skool nie.

3. Die Nasionale is eweneens nie dwarsdeur die onderwys getrek nie, en dit stem ook nie ooreen met die Afrikaanse siening in hierdie verband deur die tyd heen nie.

4. Op sy beste wil hierdie nuwe formulering geen eie Afri-

kaanse skoolstelsel propageer nie, dog slegs die bestaande in 'n mate kersten en nasionaliseer.

5. Die Afrikaner kan hom alleen by die deur en deur eie neerlê waaruit op historiese en prinsipiële gronde alle vreemde elemente, selfs die wat in sommige geweste 150 jaar oud geword het, geweier is.

2 Maart 1959.

(w.g.) H. J. J. Bingle.

BYLAE IIIa.

ART. 8 VAN C.N.O.-DEPUTAATSKAPNOTULE VAN 22 MEI 1958

(Sinodale Handeling Art. 162 (2) (b) (i) tot (iv): Bl. 404-405)

(i) *Staatsondersteunde Christelike Skole.*

In die Sinodebesluit word gevra na die volgende sake i.v.m. hierdie skool:

1. Inrigting. 2. Leerplan. 3. Belydenisgrondslag. 4. Gees en rigting. 5. Konfessionele differensiasie i.v.m. die huidige owerheidsbeleid van sentralisasie.

Die bedoeling met hierdie versoek is waarskynlik dat die skool wat ons voorstaan in al sy aspekte uiteengesit moet word. Dit sou dan in hierdie verband 'n behandeling van die volgende sake vereis:

1. Die doel van die onderwys.
2. Die opvoeding (of die mensbeskouing) van daardie skool.
3. Die inhoud (of leerplan) van die onderwys.
4. Die metode en tug.
5. Die organisasie van die skool.

Hierdie aangeleentheid is vir die eerste keer wetenskaplik in Afrikaans geformuleer deur prof. J. Chr. Coetzee in sy „Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek” in 1930. Sedert dien het hy meermale hieroor geskryf en in sy vier belangrike werke oor die verskillende dissiplines van die Opvoedkunde het hy tot die volle konsekwensies van hierdie standpunt gekom. Hierdie werke is:

- a. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde.
- b. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde.
- c. Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde.
- d. Inleiding tot die Algemene Historiese Opvoedkunde.

In 1933 het die Algemene Sinode 'n formulering in lyn met hierdie beskouing of uiteensetting aanvaar. Sedert dien is hierdie beskouing buite die grense van die Gereformeerde Kerk uitgedra sodat die F.A.K. presies daardie beginsels aanvaar het in sy publikasie „Christelik-Nasionale Onderwysbeleid” in 1948, wat deur die Sinode van 1952(?) aanvaar is. Hierdie dun brosjure bevat alles en nog meer as wat hierbo verlang word, en nou is dit nie vir my duidelik watter doel dit kan dien om weer 'n keer daaroor te skryf nie.

Wat „konfessionele differensiasie i.v.m. die huidige owerheidsbeleid van sentralisasie” presies bedoel, weet ek nie. Sou dit in verband staan met die huidige groot middelbare skole in Transvaal? En dan kan ek nog nie sien hoedanig dit „konfessionele differensiasie” raak nie, want in daardie skole word nog presies dieselfde leerlinge aangetref as in die kleiner middelbare skole. Eerlik weet ek nie wat daarmee bedoel word nie.

(ii) *Hinderpale.*

Dit gaan hier om hinderpale in die weg van die verkryging van Staatsondersteunde Christelike skole. M.i. is daar vier belangrike struikelblokke in hierdie verband, t.w. die Staat, die Ouer, sekere kerke en die onderwysserskorps. Voordat ons egter kortliks op elkeen van hulle ingaan, is dit nodig om 'n enkele opmerking oor C.N.O. in die algemeen te maak omdat dit veelal uit die oog verloor word.

Met die skool as middelpunt behels C.N.O. eintlik tweërlei.

1. Die aspekte wat gaan oor die oprigting, instandhouding en beheer van die skool.

2. Die aspekte wat in verband staan met die daadwerklike onderwys wat in die skool gegee word.

Nou lê hierdie twee sake nie los van mekaar nie want hulle vind hulle gemeenskaplike grond in die beheer van die skool. En tog word hulle so dikwels deur talle persone, selfs ingewydes, uitmekaar gehou. Onder C.N.O. word dan verstaan dat die onderwys wat in die skool gegee word Christelik en Nasionaal moet wees, en dat dit nie saak maak wat van punt 1 hierbo word nie. Hierdie toedrag van sake moet in gedagte gehou word wanneer oor die hinderpale gepraat word.

(a) *Die Staat*: Die Staat — en daarmee bedoel ek die onderwysowerhede in ons land — lê hom inderdaad daarop toe om in die openbare skool Christelike en Nasionale onderwys te gee, selde wat hy onder hierdie term mag verstaan. So word van die verskillende provinsiale owerhede steeds verneem dat ons Christelike onderwys het. En ek meen ook dat met reg gekonstateer kan word dat die staat nêrens *willens en wetens* onchristelikheid in die skole invoer nie; dit mag soms as gevolg van onkunde insluip, dog met opset geskied dit nie. Sover dit die daadwerklike onderwys betref, meen die staat dus dat dit Christelik-Nasionaal is vir die Afrikaner.

Om nou by die beheer van die skool, en daarmee dan saam by die beheer van die aard van die onderwys daarin, te kom, lê die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953 neer in Art. 3 (i) (d) (ii):

Die Provinsiale onderwysbeleid word, behoudens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, so beplan dat gelet word op die algemene beginsel dat, vir sover dit verenigbaar mag wees met die ekonomiese besteding van Staatsfondse en met die vereiste standaard van doel-

treffende onderrig, kinders in ooreenstemming met die wense van hulle ouers opgevoed moet word.

Hiervolgens kan die ouer dus seggenskap in die beheer van die skool hê.

In hoofstuk II van hierdie ordonnansie word die magte van plaaslike instansies in die onderwys, d.w.s. van die ouerverteenwoordigers, uiteengesit. En hierin word aan genoemde owerhede slegs adviserende magte toegeken. In 1958 publiseer hierdie onderwysdepartement „Die Skoolkomitee en sy Betekenis” waarin daar ’n hoofstuk verskyn oor „Ouer-Onderwysersverenigings” waarin nadruklik verklaar word dat hierdie liggaam hom nie mag inmeng in die eie sake van die skool nie.

Alles in aanmerking geneem, is hier ’n teenstrydigheid in die Ordonnansie en dit is duidelik dat die bedoeling is om aan die ouer in organisasie slegs adviserende hoedanigheid toe te ken. En hierdie standpunt en praktyk geld ook vir die ander provinsies, behalwe vir Natal waar daar geen ouerverteenwoordiging is nie.

Die Staat meen dus hy het C.N.O. binne in die skool, en hy wil niks meer as dit hê nie. Die verlede het uitgewys dat nie een van die provinsies geneë is om die ouer in die onderwys van sy kind tot sy reg te laat kom nie.

(b) *Die Ouer*: Die ouer is ’n groter hinderpaal in hierdie verband as die Staat. Hy openbaar as struikelblok die volgende trekke:

1. Belangeloosheid: Die ouer van vandag stel weinig belang in die skool, en hiervoor is verskillende oorsake aan te wys:

(i) Die Staat het hom geleer dat die onderwys staatsaak is waarmee hy net so min te doen het as met die posdiens of die polisiediens. (ii) Hy betaal nie vir die onderwys van sy kind nie — ’n reste uit die tyd toe die Afrikaner oor geen geld beskik het nie, maar ongelukkig miskien ook ’n tipies Afrikaanse swakheid om onwillig te wees om vir onderwys te betaal want hiermee het ds. S. J. du Toit in die tagtiger jare van die 19e eeu al gesukkel.

2. Onkunde: Die meeste ouers weet bloedweinig van wat die invloed van die skool op hulle kinders is, wat die skole met hulle nastreef en ten slotte bereik.

3. Gebrek aan verantwoordelikebesef sover dit die opvoeding of skoolonderrig van hulle kinders raak. Seer weinig van hulle betrek dit by die doopsbelofte en die opdrag van die Bybel.

Die ouer wat nie skuldig is aan hierdie gebreke nie, let in die reël dan slegs op die aard van die onderwys wat sy kind ontvang en gee geen ag op die sake wat sy (ouer se) posisie i.v.m. die skool raak nie. Hy is dus tevrede met die mate van Christelikheid en Nasionalisme wat sy kind op skool ontvang. En die gereformeerde ouer is hierop geen uitsondering nie.

(c) *Sekere kerke*: Hiermee bedoel ek die ander twee Afrikaanse kerke in hulle offisiële standpunt wat C.N.O. vereis, maar dan geld dit slegs die onderwys wat gegee word en nie die stelsel nie. Die amptelike standpunt is kerstening van die staatskool.

(d) *Die onderwyserskorps*: Die verskillende Afrikaanse onderwysersverenigings stel hulle op die standpunt van Christelike en Nasionale onderwys wat die daadwerklike onderrig op skool betref. Verder as dit wil hulle nie omdat hulle vrees vir magte aan die kerk en die ouer toegeken. Veral is hulle bang vir kerkisme wat ongelukkig in ons land werklik ’n verlede het. Deurdadig hulle die verband van die kerk en van die ouer tot die skool nie reg begryp nie, oordeel hulle dat onprofessionele mense mag oor hulle sal verkry wat op ’n belemmering van hulle werk en posisie sal uitloep.

(iii) *Remediëring*:

Hoe kan die bogestelde posisie sodanig verhelp word dat C.N.O. in sy volle betekenis die begeerte en die daadwerklike strewe word?

(a) *Die Staat*: Vertoeë rig? Dit bied weinig. Persone wat reg gestel is, het al in hoë posisies beland en ook hulle kon weinig uitrig. M.i. is daar ’n mate van hoop indien daar ’n Uniale Onderwysraad in die lewe geroep kan word. So ’n raad van deskundiges sal kragtens hulle taak gedwing word om die geskiedenis en die opvoedkunde onder die oë te sien, en langs hierdie weg kan hulle tot niks anders as C.N.O. vir die Afrikaner kom nie. En dan sit ons nog met die probleem van die Provinsiale Rade wat geen duim van hulle regte wil prysgee nie — hulle beveg ’n beweging in die rigting van unie met hand en tand. In ons land bestaan daar in staatskringe, vir sover dit die onderwys raak, ’n fanatieke gehegtheid aan eie gesag en eie siening, en onderwysowerhede laat hulle nie maklik gesê nie. Die praktyk spreek byna deurgaans die laaste woord, terwyl beginsels nooit verder terug as 1910 gesoek word nie.

(b) *Die ouer*: Opvoed? Dis ’n groot opdrag! Hoe gaan dit gebeur? Hoe gaan die ouer bereik word as hy geen belang stel nie? Hierdie vraagstuk is net so moeilik as die van die kerk om die lidmaat in die erediens te kry. Daar is miskien hoop in die stigting van ouer-onderwysersverenigings wat sy lewenskrag aanvanklik van die kant van die onderwysers kry. Hierdie organisasie sal moet begin deur hom besig te hou met die dinge wat buite die skool lê: sport, terreinverfraaiing, ens., om dan mettertyd stap vir stap te kom waar hy inderdaad moet wees. As die ouer langs hierdie weg eers sover gebring word dat hy ’n substansiële finansiële bydrae tot die skool lewer, sal hy begin belangstel en uiteindelik op sy regte aanspraak maak.

(c) *Die kerke*: Moeilik saak. Tot dusver is die samewerking van u deputate met die ander kerke baie goed. Hierdie samewerking gaan om die daadwerklike onderwys en by name oor leerplanne en

leerboeke, asook oor die stigting van 'n Onderwysraad. Hopelik kan laasgenoemde saak bereik wat gehoop word in punt (a) hierbo.

(d) *Die onderwyserskorps*: Die ouer-onderwysersvereniging is m.i. hier ook die enigste weg om hulle te oortuig van die bona fides van die hele C.N.O.-gedagte.

(iv) *Tydsduur*: Wie sal waag om hieroor te voorspel? Kan ons voorspel wanneer ons 'n republiek sal hê? Of wanneer sal die kerk die sending hier in ons land hê soos hy dit wil hê? Hy wat glo, is nie haastig nie; hy doen wat sy hand vind om te doen, en lê die lotsbeslissing in die hand van God. As ek tog 'n voorspelling moet waag, wil ek so ver gaan om te beweer dat hierdie saak ten nouste met die toekomstige republiek saamhang. Indien ons werklik 'n Afrikaanse Republiek nastreef, sal ons ook moet kom tot 'n Afrikaanse onderwysstelsel daarin. So nie, kan ons maar bly soos ons is. Ek dink ten slotte dat, al is dit miskien nie bewustelik die geval nie, die onderwysprobleem juis so 'n kwessie geword het omdat ons so ver van die eie Afrikaanse afgedwaal het daarmee. En dit moet ook regkom saam met die Republiek.

BYLAE IIIb.

(v) (a) Tot 1953 kon die Onderwysordonnansie soos dit bestaan het prinsipiële nie aanvaar word nie.

(b) Die Onderwysordonnansie van Transvaal 1953 en soos gewysig, Hoofstuk II en III maak voorsiening vir Christelike nasionale onderwys.

(c) Indien ouers gebruik maak van die reg aan hulle verleen onder genoemde Ordonnansie sal daar Christelike skole wees.

(d) Die oorgrote meerderheid onderwysers is wel Christelik maar is skynbaar nie bevoeg om Christelike onderwys te gee nie.

(e) Daar is baie min handboeke wat onderwerpe prinsipiële benader.

(f) Die koste vir die oprigting en onderhoud van skole is sodanig dat net 'n staat dit kan onderneem (Sien (vi)).

(g) Gereformeerde kinders is so verspreid dat die oorgrote meerderheid in koshuise gehuisves sal moet word as Gereformeerde skole opgerig sou word.

Daar word aanbeveel:

(a) Dat die oprigting van vrye staatsondersteunde skole tans nie oorweeg word nie;

(b) dat meer onderwysers Christelike opleiding ontvang;

(c) dat handboeke wat prinsipiële onderlê is geskryf word;

(d) dat die ouers aangemoedig word om meer gebruik te maak van hulle regte as ouers om die toon en gees van die skole te bepaal;

(e) dat 'n Christelike Uniale onderwysbeleid ingestel word;

(f) dat geld beskikbaar gestel word om veel meer onderwysers op te lei aan P.U. vir C.H.O.

(vi) (a) Voorbeeld van kleiner laerskool: Voltooi April 1958.

Aankoop van Terrein £10,000. Terreine se pryse wissel en word dikwels geskenk aan skole.

Kontrakprys £29,866. Aanbou van biblioteek £3,000. Gelykmaak van Terrein £2,500. Omheining was ingesluit in Kontrakprys. Elektriese Installasie £838. Sentrale verwarming £1,627. Standaard plan sluit in: 7 klaskamers; 2 gradekamers; biblioteek (in die geval later aangebou); 1 siekekamer; 3 kantore; 1 personeelkamer; 1 voorraadkamer; 1 pakkamer; latrinegeriewe; 2 natuurlekamers.

(b) Voorbeeld van volrangse laerskool: Pryse van terrein is nie beskikbaar, in stedelike gebiede kan dit op 'n gemiddelde van £10,000 vasgestel word. Kontrakprys £52,214. Elektriese Installasie £1,441. Sentrale verwarming £2,900. Gelykmaak van terrein in die geval £1,140. Gewoonlik kan dit op 'n gemiddelde prys van £3,000 vasgestel word.

Standaard plan sluit in: 17 klaskamers; 3 gradekamers; 1 kunslytkamer; 1 biblioteek; 1 vergadersaal; 2 kantore; 1 kluis; personeelkamer; 1 kombuis; 1 siekekamer; 2 voorraadkamers; 2 kleedkamers; 1 pakkamer; 1 brandstofkamer; 2 natuurlekamers en kombuis; latrinegeriewe.

(c) Voorbeeld van 'n standaard hoërskool: Die grootte van die terrein is ongeveer 12 morg. Die kontrakprys £86,853. Oprigting van saal £12,580. Elektriese installasie in saal £925. Gelykmaak van terrein £6,000. Sentrale verwarming £5,100. Elektriese installasie £3,000.

Die standaardplan sluit in: 24 klaskamers; 2 tikkamers; 3 laboratoriums; 2 huishoudkundesentrums; 2 houtwerkkamers; 1 kunskamer; 1 biblioteek; 2 handwerkkamers; 4 voorraadkamers; 2 kleedkamers; 2 prefektekamers; 1 ketelkamer; 2 pakkamers; 1 personeelkamer; 2 siekekamers; 5 natuurlekamers; latrinegeriewe.

Fietsloodse is 'n aparte diens by alle skole.

(d) Voorbeeld van 'n koshuis vir 120 leerlinge: Koste £75,000.

(e) Gewone lopende uitgawe vir 'n skoolgaande leerling per jaar volgens Transvaalse Onderwysdepartement gegewens:

Hoërskool	£65 14 5
Laerskool	£46 2 1

(f) By benadering sal die uitgawe om 'n kind te voorsien van skool en koshuishuisvesting ten volle toegerus soos volg wees:

Koshuis	£625
Uitrusting	30
Skool	100
Uitrusting	40

(w.g.) J. F. E. Havinga. £795

BYLAE IV.

RAPPORT AANGAANDE BESWAARSKRIF I.S.

ONDERWYSBELEID

I. Opdrag:

Art. 159, ens. F. In art. 159 word ook melding gemaak van 'n beswaarskrif teen die onderwysbeleid wat deur 'n aantal broeders ingedien is en wat in die agenda, p. 376-383, opgeneem is. Die bg. Kommissie het dit oorweeg en 'n uitvoerige rapport daaroor aan die Sinode voorgelê. Blykens art. 309 is die Kommissierapport in behandeling geneem, maar dan staan in art. 313:

Op hierdie stadium trek die beswaardes die beswaarskrif i.s. C.N.O. terug, en daarmee is die hele saak van die tafel.

Die studiemateriaal in verband daarmee word egter verwys na die reeds benoemde C.N.O.-deputaatskap vir verdere aandag.

Opmerkings in verband met die opdrag:

1. As offisiële stuk van die Sinode moes die Beswaarskrif in die Hand. opgeneem gewees het al is dit teruggetrek, veral omdat die Sinode dit na depute vir studie verwys het.

2. Art. 159 (tweede keer) moet lees art. 161.

3. Die opdrag is blykbaar dat depute hierdie beswaarskrif in studie sal neem met die oog op wat aanbeveel sal word in verband met die verdere gedraglyne wat gevolg sal word insake C.N.O.

II. Besluite waarteen die besware gaan:

1. Sin. 1933, Art. 88, v (nie iv nie), a en b:

Die praktiese taak van die ouer-organisasie sal wees:

a. die doen van 'n oortuigingswerk in die openbare lewe deur middel van samesprekings, konferensies, deputasies na die owerheid, pers en geskrif;

b. die teenswoordige skooltoestande as uitgangspunt (en aansluitingspunt) te neem en om die dan om te vorm.

Verder aan word ook bedenkinge geopper teen:

c. (1) die bestaande stelsel van staatskole moet in beginsel verwerp word.

2. Sin. 1942, Art. 98, pag. 55, nl. die advies van depute wat besluit van die Sinode geword het:

dat, mede deur toedoen van die Interkerklike Kommissie, die Afrikaanse Kerke in onderlinge samewerking, en ook in samewerking met simpatieke volksorganisasies, in aansluiting by die F.A.K. se instituut vir Onderwys en Opvoeding,

(a) duidelike leiding aan die Afrikaanse ouergemeenskap sal gee en van tyd tot tyd met klem by ons ouergemeenskap sal aandrang om die aanvaarde eenheidsgrondslag vir C.N.O. in ons openbare skoolwese tog te verwesenlik sodat die verbondskinders van ons kerke

Christelik-Nasionale Onderwys kan geniet na die eis van Gods Woord

(b) en ook maar voortdurend tot die owerhede vertoe sal rig om die bestaande skoolstelsel in ooreenstemming daarmee te hervorm, sodat die openbare skoolwese vir die Afrikanerjeug deurgaans Christelik-Nasionaal sal wees in die volle sin en draagkrag van hierdie suiwer Skriftuurlike woord.

III. Ontleding van besware:

1. Die besluite is in stryd met 'n vir 50 jaar gehandhaafde beginsel, naamlik dat die ouers verantwoordelik is vir die opvoeding van hul kinders

(a) saaklik:

(1) daarin dat staatsonderwys nie beslis genoeg verwerp word nie

(2) in die optrede van die kerk daarin

(a) dat die kerk te veel optree namens die ouers;

(b) dat die kerk optree by die owerheid en wel slegs by wyse van vertoe;

(c) dat ons kerk daarby saam met *ander* kerke en organisasies optree;

(d) dat in soverre op ouers 'n beroep gedoen word, dit ouers van *ander* kerke insluit;

(b) formeel:

daarin, dat vorige besluite opsy gesit is sonder 'n beroep op Skrif en Belydenis;

2. Die besluite is in stryd met die Kerkorde (Artt. 21, 41, 44) en die Konfessie (H.K. vr. 103) in soverre

(1) dit die daadwerklike toepassing hiervan in die situasie waarin dit ons plaas ten opsigte van die staatskool, in die weg staan;

(2) die kerk self daarvoor verantwoordelik is dat sy weg tot behoorlike toepassing hiervan afgesny is;

3. Die besluite (veral die van 1942) bring in botsing

(1) met die owerheid:

(a) Dit gaan in teen die Ordonnansie, ook in die gewysigde vorm daarvan;

(b) dit gee aanleiding tot ongeoorloofde praktyke;

(c) dit is opportunisties.

(2) met die beginsel van gewetensvryheid:

(a) Dit verwag van andere dit waartoe onself nie bereid is nie;

(b) dit gebruik die skool, waarvoor dit nie bestem is nie.

(Vgl. F.A.K.-Onderwysbeleid, Artt. 1, 14, 15).

4. Die nadelige gevolge:

(1) Vir die ouers:

Die besluite word daarvoor verantwoordelik gehou dat die ouers daardeur gespeen word aan die idee van 'n Christelike Skool; daar by die ouers uitslyting is van beginsel, ondermyning is van pligsbesef en ontrou aan die doopsbelofte.

In verband hiermee word verwys na 'n uitspraak van een van die voormanne in die Kerkblad, naamlik dat die Gereformeerde Belydenis nooit grondslag van die onderwys van ons kinders kan wees nie, en dat dit oncalvinisties is om hierdie belydenis die fondament van die skool te laat wees.

(2) vir die kinders:

Die kinders word oorgelewer aan skole waar gees en rigting bepaal word deur die N.G. Kerk, wat volkskerk wil wees en verskillende rigtings (o.a. metodisme) herberg;

dat hulle juis in hulle mees ontvanklike jare aan hierdie invloede blootgestel word.

(3) vir die kerk:

Verflouing van kerkbesef word in die hand gewerk.

Afskeiding op kerklike gebied roep ook om eie skole, waar nie net „ouers in abstracto” maar „ons ouers” die reg sal hê om hul kinders te laat onderrig in ooreenstemming met hul belydenis.

IV. Beoordeling van die besware:

Onderskei moet word tussen:

1. Die C.N.O.-ideaal (beginsel)

(a) wat betref die onderwys self

(b) wat betref die skoolstelsel (organisasie) wat beoog word;

2. Die wyse van verwesenliking daarvan.

1. Die *Ideaal*.

(a) Die onderwys self.

Hieromtrent bestaan daar geen verskil nie.

C.N.O. beteken onderwys op Gereformeerde grondslag (in ooreenstemming met die Drie Formuliere van Enigheid).

(b) Die stelsel wat beoog word.

Hiervoor kan verwys word na

(1) die nadere uiteensetting daarvan in „Vraagstukke van Opvoedkundige Politiek” deur prof. dr. J. C. Coetzee, 1930, p. 132 e.v.: Wat beoog word is 'n „Vrye Groepskool”, d.i. 'n stelsel van vrye skole waarin aldrie die vernaamste opvoedingsmagte of -draers hul regmatige plek kry, naamlik die Kerk, die Staat en die Opvoeders (ouers en onderwysers). „Vry” beteken dat die opvoeders vry is veral ten opsigte van die staat, die ouers wat betref gees en rigting, die onderwysers wat betref die metode van onderwys (ook teenoor die ouers).

Hierdie skole word opgerig deur 'n vrye assosiasie van (*gelykgesinde*) ouers van skoolgaande kinders, waarin die ouers as 'n vrye

assosiasie die reg het om te bepaal wat die gees en beginsel van die onderwys sal wees, omdat dit hul skool is (dus „ouerskool”), wat hulle opgerig het.

Dit word onderhou deur die ouergemeenskap en deur die staat (dus „staatsondersteunde” skole), omdat die staat groot belang by die onderwys het. Dit word ook deur die staat mede beheer met die oog op die peil van die onderwys.

Dit is 'n skool waarin ouers en onderwysers (opvoeders) *gelykgesind* moet wees.

Die onderwysers beslis oor die metode van die opvoeding.

In soverre ouers, onderwysers en kinders ook gelowiges is en tot 'n gemeenskap van gelowiges behoort het die kerk ook die reg van toesig oor die leer wat in die skool gehuldig word. Hy doen dit indirek deur die ouers.

(2) die beleidsverklaring van die Onderwyskommissie van die Part. Sinode van Transvaal, 29 Maart 1937 op grond van die besluite van die Sinode van 1933 (vgl. Die Geref. Beginsel en Die Onderwys in die Transvaal van prof. dr. J. C. Coetzee, 1939, p. 58 e.v.). Die ideaal is (wat die skoolstelsel betref): Ouers bepaal die gees en rigting van die onderwys deur middel van skoolkommissies en beherende liggeme, wie se keuse *beslissend* moet wees mits dit ooreenstem met die eise van die staat vir die betrokke pos. Die ouers sal ook hulle regmatige deel bydra vir die onderhoud van die skool. In sy kommentaar hierop bestempel prof. Coetzee (p. 60) dit as 'n verwerping van die staatskoolstelsel in duidelike bewoording wat in wese met die handhawing van ons grondbeginsels nie te versoen is nie. Ook van die idee van verchristeliking van die bestaande skole, omdat die bestaande skole „owerheidskole” is en „as sodanig” vir die oortuigde Christen nie kan gee die onbewimpelde verkondiging en handhawing van sy beginsels nie. Andersyds moet ons „rekening hou” met die bestaande skoolstelsel om te kom by die stelsel van staatsondersteunde skole waarin die verskillende onderwysfaktore hul regmatige plek verkry. Daar is in die eerste plek die ouers, aan wie God die kinders gegee en toevertrou het. Hulle is in die eerste plek verantwoordelik vir die onderwys en opvoeding van hul kinders. Daarom lees ons van die ouers in hierdie stelsel van staatsondersteunde skole (a) dat hulle die gees en rigting van die onderwys sal bepaal, nie as individue nie, maar as georganiseerde groepe deur middel van kommissies en rade oor die skole; (b) dat hulle die reg sal hê om aan te wys wie hulle plek moet inneem by die onderwys en opvoeding van hul kinders op skool, want ons idee is dat die onderwyser net in die plek van die ouer staan en dus ook moet onderwys en opvoed in die gees en rigting waarin die ouer dit self sou gedoen het as hy die werk sou kon gedoen het; (c) die ouers ook die reg en plig sal hê om vir die onderwys en opvoeding van hul kinders op skool te betaal. Verder

kom ter sprake die regte en pligte van die staat (waarby „nasionaal” nader verklaar word in die sin van „volkskool”).

Wat die stelsel betref gaan dit om skole deur gelykgesinde ouers opgerig en versorg, waarin hulle die gees en rigting bepaal en onderwysers kies, waarop onderwysers en ouers gelykgesind moet wees en waarin die staat sy besondere pligte en duidelik afgebakende regte het.

Dit, en niks anders nie, is vervat in die besluite, waarin dit veral gaan om die organisasie van die skole, met name die van 1933 (V, c, i-iii, VI, a-c), waar ondubbelsinnig uitgespreek word, dat

1. die bestaande stelsel in beginsel verwerp moet word;
2. dit waartoe omgevorm moet word 'n stelsel van staats-ondersteunde skole is, waarin ouerorganisasies die skole saam met die staat moet oprig, onderhou en beheer terwyl die ouers se aandeel bestaan in die keuse van die onderwysers en bepaling van die gees en inhoud van die onderwys en die van die staat slegs gaan oor die peil van die opvoeding.

Wat betref die beginsel „dat die ouers self die onderwys van hul kinders moet besorg en behartig” moet vasgestel word dat hier geen afwyking is nie, maar slegs afronding (veral wat betref die staat se aandeel) van wat van die begin af in beginsel aanwesig was.

Die besluite van 1942 kan enigsins moeilikheid gee. Die vraag is wat presies bedoel word onder (a) daarmee, dat „die aanvaarde eenheidsgrondslag vir C.N.O. in ons openbare skoolwese deur ons ouergemeenskap tog verweselik moet word sodat die verbondskinders van ons kerke Christelik-Nasionale onderwys kan geniet na die eis van Gods Woord”. Misverstand is hier moontlik. Toegegee moet word dat die hoofnadruk in 1942 val op die inhoud van die onderwys (F.A.K.-kongres besluit 1-14) en nie op die organisasie (punt 15) nie, veral as gelet word op die minderheidsrapport (m.n. die gedeelte oor organisasie, n-p, en propaganda, q i-iv), wat deur die sinode nie aanvaar is nie. Aan die besluite van 1942 gaan ook die kongresse van Potchefstroom en Braamfontein vooraf. Christianisering van die staatskool het sterk na vore gekom. Verteenwoordigers van die twee rigtings het die rapport van 1942 opgestel.

'n Vraag moet egter onder oë gesien word, naamlik wie die ouers is „wat self die onderwys en opvoeding van hul kinders moet besorg en behartig” (besluit 1933). As hierdie vraag beantwoord word dan is dit duidelik dat op hierdie punt wel verandering gekom het in die ideaalstelling, egter nie eers in 1933 (soos in die beswaarskrif beweer word) nie, maar reeds in 1907. Voor 1907 het ons kerk in sy besluite deurgaans die belydende ouer in die oog gehad. Daarvan word vir die laaste keer gehoor op die Sinode van 1897 en die Algemene Vergadering van Transvaal in 1904. Sinds 1907 sien „ouer” deurgaans op die „Hollandssprekende ouer” (prof. J.

Kamp), wat saamval met die ouers van die drie Afrikaanse Kerke. Dit impliseer tweërlei:

(1) Dit gaan by die kerke nie meer om sy ouers en om sy kinders nie, maar om die Afrikaanse volk; nie meer om Christelik-Nasionale Onderwys vir sy kinders nie, maar oor volksopvoeding. Die staatskool word vervang met die gedagte van die volkskool. Die Christelike is nie meer bepalend vir die Nasionale nie, maar omgekeerd, die Nasionale vir die Christelike;

(2) C.N.O. het geword 'n interkerklike aksie met die verskillende kerke se vertolking daarvan.

Die laaste is veral duidelik in die besluite van 1942.

As hierdie ideaal verweselik word dan geld die besware in 1 (2) (d), 2 (1) en (2), 4 (2) en (3) eerder in sterker mate as wat tans die geval is, omdat die Gereformeerde ouer, onderwyser en kind as minderheid oorgelewer is aan 'n sterk meerderheid sonder die beskerming van die staat.

Hieruit kan die volgende afgelei word:

(1) Sal daar sprake wees daarvan dat „die ouers self die onderwys en opvoeding van hul kinders behartig en versorg” dan sal daar onder die beoogde stelsel verdere differensiering moet wees sodat die Gereformeerde ouers 'n eie groep moet vorm;

(2) dat owerheidsbemoeiing nie onder alle omstandighede veroordeel hoef te word (as ingaande teen ouerrechte) nie. Dit kan soms nodig wees vir ouerrechte, om die te beskerm teenoor meerderhede.

2. Die weg tot verweseliking van die ideaal:

Dit is waar dit veral om gaan in die besluit waarteen beswaar gemaak word. Dit gaan in die besluite veral om die weg tot bereiking van die ideaal. Die besluite van 1933 het betrekking op die verweseliking van die ideaal in soverre dit die skoolstelsel (organisasie) betref, naamlik hoe die verweseliking daarvan tot stand moet kom. Die wyse is uitgedruk in V b só, dat „die teenswoordige skooltoestande as uitgangspunt en aansluitingspunt” geneem moet word, d.w.s. dat die beoogde stelsel tot stand moet kom, nie los van die bestaande „skooltoestande” nie; nie deur die stigting van nuwe skole nie. Dit is blykbaar ook opgeslote in die uitdrukking „in beginsel” van c. i., d. i. nie algehele verwerping nie, waardeur die verweseliking verlê word na 'n onbepaalde en onseker toekoms. In die besluite van 1942 kom veral uit van wie die verweseliking moet uitgaan, naamlik van die ouers, te verstaan as Afrikaanssprekende ouers, of ouers van die Afrikaanssprekende Kerke, en van die Afrikaanssprekende Kerke in onderlinge samewerking en in samewerking met simpatieke volksorganisasies, terwyl andersyds dit wat gedoen moet word met betrekking tot die verandering van die skoolstelsel nie so duidelik op die voorgrond staan nie, maar die klem val op die onderwys self.

In hierdie verband moet gewys word op 'n geleidelike verlegging van aksent. (1) In 1933 val alle nadruk op die verandering van skoolstelsel („vrye groepskool”) en word dit voorop gestel (vgl. die kongres van 1930 en die Beleidsverklaring van 1937). (2) In 1942 word die C.N.Onderwys beklemtoon (vgl. die kongres van 1935 met sy „Christianisering van die staatskool”; die F.A.K. kongres en sy beleidsverklaring Art. 8 en die afwysing van die minderheids-rapport op die Sinode van 1942). (3) In 1945 blyk dat die besluit van 1942 wat betref die aktivering van die ouergemeenskap en die vertoë tot die owerheid nie uitgevoer is nie. Op die kerklike kongres van 1942 en die volkskongres in 1943 gaan dit veral oor die moeder-taalonderwys (die Nasionale). Die deputate word ingeskakel by die N.I.O.O., by wie dit meer gaan om Christianisering van die staatskool soos dit deurstraal in die rapport op die Sinode, 1945. Ouers is die Afrikaanse ouergemeenskap. Interkerklike optrede het beslag gekry in die Transvaalse Interkerklike Kommissie. Die stryd gaan om die moedertaal (N-) en godsdiensonderwys (C-) onderwys. Die volkskongres het homself verbind, indien die tweede taal as voertaal aanvaar word, om oor te gaan tot stigting van eie moedertaal-skole, nie as reël nie, maar as middel om die ideaal te verwesenlik. Groot somme was hiervoor te vind. Die Sinode van 1945 beklemtoon opnuut sy beginsel van staatsondersteunde skole volgens besluit van 1942 en bring dit onder die aandag van die N.I.O.O.; verklaar hom intussen bereid om alle kragte in te span om saam te werk om die staatskool waar moontlik te hervorm ooreenkomstig ons beginsel en gee sy volle steun aan die stryd om die behoud van die moedertaalskool. (4) Uit die rapport op die Sinode van 1949 blyk dat deputate standpunt ingeneem het teen die sentralisasie van skole: Die skool moet na die kind, veral in die geval van jong kinders. Verder word gerapporteerd dat 'n nuwe beleidsverklaring deur die F.A.K. geformuleer is (1948), waarin die Gereformeerde standpunt geseëvier het, en omtrent eksamens in godsdiensonderwys en godsdiensonderwys op Normaalkolleges. Die Sinode neem met blydschap daarvan kennis dat ons Calvinistiese beginsels so duidelik uitgedra word, soos blyk uit die genoemde beleidsverklaring i.s. C.N.O.; doen 'n beroep op die Departement van Onderwys dat godsdiensonderwys 'n verpligte vak op hoërskool sowel as op die primêre skool sal wees, terwyl die Departement ook daarop gewys word dat die Gereformeerde Kerk 'n sterk voorstander is van die invoer van godsdiensonderwys op Gereformeerde grondslag, soos vervat in ons belydenisskrifte. Die beleid van die F.A.K. soos vervat in die C.N.O. pamflet word bekragtig. Aan die deputate word opgedra (i) *algemene* propagering van die C.N.O.-beleid maar (ii) *in besonder* die ondersteuning van die I.C.N.O. in verband met sy optrede insake godsdiensonderwys op Normaalkolleges, Middelbare en Laerskole. Hierdie Sinode wil in besonder sy steun verleen aan die invoering van godsdiensonderwys

op Gereformeerde grondslag, soos vervat in die belydenisskrifte en meer in besonder in die Kategismus, en dat vertoë in hierdie opsig tot die Departement van Onderwys gerig sal word. Aan die deputate word opgedra om in samewerking met die „susterkerke” 'n Kategismus op te stel wat *aaneemlik* sal wees vir die Onderwyse departement. (5) Die volgende 7 jaar word die I.C.N.O. en die F.A.K. nooit weer byeengeroep nie. Die taalstryd is verby. Die Nasionale Party is aan bewind. Daar was geen sprake van uitvoering van beleid nie. Die *konferensie op Alberton* stel vas (i) wat *onmiddellik* moet geskied: godsdiensoonderrig; (ii) *langbaan*: Die I.C.N.O. versoek om C.N.O. komitees op te rig. Die rapport op die Sinode van 1952 begin met godsdiensonderwys op ons skole: Memoranda is saam met „susterkerke” opgestel en voorgelê aan die owerheid; verslag word gegee van die konferensie van Alberton: Veranderinge by die Unie-owerheid en Transvaalse Provinsiale Raad in verband met onderwys-beleid is in vooruitsig; die Transvaalse Departement van Onderwys is van voorneme om godsdiensonderwys meer te beklemtoon (vgl. 1907) en die verband tussen godsdiensonderwys en wetenskap „enigsins” te erken; skoolrade word adviserende liggame in verband met stoflike behoeftes van skole; skoolkommissies kry groter gesag wat betref aanstellings. Dit bied die Gereformeerde Kerk geleentheid om saam met ander kerke 'n groot stoot te gee aan die C.N.O.-gedagte en „uiteindelike” verwesenliking van Gereformeerde groepskole. Aangesien dit hier gaan om 'n jarelange prinsipiële stryd van die Gereformeerdes teen die „humanisties-liberalistiese” staatskole, sal dit 'n onvergeeflike versuim wees indien ons nie gebruik maak van die besondere geleentheid wat deur die huidige situasie gebied word nie. Die tyd het aangebreek vir 'n kragtige aksieprogram om deur gebruikmaking van geleenthede ons 'n stap nader te bring aan die ideaal. (i) Die ideaal is weer duidelik gestel: Ouers is verplig om toe te sien dat kinders ooreenkomstig hulle doopsbelofte opvoeding en onderwys sal ontvang. Dit moet geskied op *Christelike ouerskole* of *gedifferensieerde groep- of rigtingskole*, waarvan die owerheid die finansiële las in groot mate moet dra; die kerk se plig is om ouers aan te spoor om sodanige skole en onderwys vir hul kinders te soek en toesig te hou oor die bestendiging van die Christelike gees van sodanige skole en onderwysers. (ii) Die program van aksie: Eerstens wat *onverwyld* moet plaasvind: (a) opleiding van onderwysers; (b) leerplan vir godsdiensonderwys en opstelling van handboeke; (c) samewerking met ander kerke; (d) kerkrade moet aandring op die regte godsdiensonderwys... Tweedens vir die *langbaan*: (a) Afrikaanse kerke moet onvermoeid deurgaen met die propagering van die ideaal van Gereformeerde groepskole en onverpoosd by die owerheid *aandring* op die *uiteindelike* daargestelling van hierdie skoolstelsel (L.W. „Gereformeerde nie in kerklike sin nie”); (b) I.C.N.O. moet gevra word om kragtiger onder ons eie mense voort te gaan

met die propagering van C.N.O. beginsels met verwysing na die *leerplan* hierbo gemeld; (c) I.C.N.O. moet gevra word om in samewerking met kerke te begin met die stigting van plaaslike C.N.O.-komitees. Sodanige komitees moet kragtig bly aandring op *Gereformeerde godsdiensoonderrig* en op die „uiteindelik” verwesenliking van die ideaal. Die Sinode neem met hoë waardering kennis van die memorandum oor godsdiensoonderrig en van die Alberton-konferensie. Op 'n beskrywingspunt dat oorgegaan word tot *daadwerklike aksie* ter verkryging van C.N.O. besluit die Sinode: „Daar bestaan 'n deputaatskap en aangesien hierdie deputaatskap nog gedurig besig is met *daadwerklike aksie* in samewerking met ander kerke, word met hierdie aksie volstaan”.

Hieruit blyk die volgende:

1. Terwyl in 1933 alle nadruk val op die verandering van *skoolstelsel* (organisasie) en die sogenaamde Christianisering van die skool eers ter sprake kom waar, en in soverre die omvorming nog nie kon plaasvind nie (vgl. Art. 5, Beleidsverklaring 1937) is dit nou, omgekeerd, so dat die nadruk op die Christianisering val en die verandering van stelsel agterna kom as dit wat „uiteindelik” tot verwesenliking moet kom.

2. Hierin moet gesien word die samevoeging van twee aanvanklik uiteenlopende ideale; naamlik die van die gechristianiseerde staatskool en van die staatsondersteunde skool, en wel so, dat die eerste voorop gaan en meteen die weg word waarlangs die ideaal van die staatsondersteunde skool verwesenlik moet word (vgl. F.A.K.-Onderwysbeleid, Art. 8 — laaste par.).

3. Hiermee is die ideaal verlê na 'n onbepaalde en onsekere toekoms — onseker, omdat ons kerklike aksie gekoppel is aan, en afhanklik gemaak is van ander kerke en organisasies wat vir die ideaal nie werklik voel nie, en daardeur in meer as een opsig gesmoor word (soos blyk uit die jongste verwickelinge: die gewysigde beleid van die F.A.K. en die besluite van die Transvaalse N.G. Kerk, 1957).

4. Die moontlikheid moet gestel word dat ons stryd om C.N.O. op hierdie wyse prakties neerkom op Christianisering van die staatskool („behoud van die Christelike staatskool”).

In hierdie lig moet die besware teen die besluit van 1933 en 1942 gesien word, in soverre handhawing van die bestaande skooltoestande daarin vervat is totdat die ideaal uiteindelik verwesenlik mag word, en ook nog daarnaas behou moet word.

Slegs op die volgende word hier in besonder gewys:

1. Die besware onder 1, (a) (2).

Die ouers self het tot nog toe baie op die agtergrond getree in hierdie stryd. C.N.O. het 'n *interkerklike* aksie geword in same-

werking met (simpatieke) volksorganisasies. (Vgl. veral die besluit van 1952 op die beskrywingspunt wat daar gedien het).

2. Die formele beswaar, 1 (b).

Die vraag is of die tans ingeslane weg („die teenwoordige skooltoestande as uitgangspunt en aansluitingspunt”, 1933, Art. 88, v, b) gesien word as enigste *geoorloofde* óf as enigste *moontlike* weg. In die eerste geval sou daar wel grond wees vir hierdie beswaar. Uit die feit dat die Sinode dit nie nodig geag het om terug te kom op vorige besluite in hierdie verband nie, moet afgelei word dat dit gesien word slegs as 'n ander (of enigste) moontlike weg om die ideaal te verwesenlik.

V. *Wat afgelei kan word met betrekking tot die toekomsbeleid:*

1. Wat aan die hand gegee word deur die beswaardes:

(a) wat die ideaal betref:

Geen kerkskole nie, maar staatsondersteunde skole, wat slegs hierin verskil van die gestelde ideaal, dat dit opgerig, ens. moet word deur die belydende ouers van die Gereformeerde Kerk in samewerking met gelykgesinde ouers uit ander kerke: 'n „Vrye Christelike skool op Gereformeerde grondslag, uitgaande van die (Geref.) ouers”.

(b) wat die verwesenliking betref:

(1) Dit moet *so gou moontlik* kom tot oprigting van hierdie skole vir die opvoeding van ons kinders;

(2) dit moet opgerig word deur die ouers van ons kerk;

(3) dit moet geskied in samewerking met gelykgesinde ouers uit ander kerke;

(4) dit moet geskied nie langs revolusionêre weg nie, maar met die moontlikhede wat die huidige staatsbestel ons bied;

(5) Dit moet gesien word nie as doel nie, maar as middel tot 'n doel, soos die destydse voorgenome oprigting van moedertaal skole;

(6) die Sinode wêk ons kerkrade op om die Gereformeerde ouers daartoe op te wêk.

2. Bedenkings: Dit kom veral neer

(1) op die hoë offers wat dit sal meebring; — wanneer die noodsaaklikheid daar is geld hiêrdie beswaar nie. Dit is egter vir baie 'n vraag of die noodsaaklikheid daar is, onder die huidige Ordonnansies.

(2) dat op hierdie wyse in die behoeftes van 'n groot gedeelte van ons lidmate, vanweë die verspreiding oor 'n uitgestrekte land, nie voorsiening gemaak kan word nie.

Bedenkings teen die huidige ideaalstelling is genoem (bl. 8), naamlik

(a) dat as dit verwesenlik sou word, die Geref. ouer, onderwyser en kind oorgelewer is aan 'n meerderheid sonder owerheidsbeskerming;

(b) wat die verwesenliking daarvan betref, dat deur die benadrukking van die Christelike staatskool, die ideaal van die staats-ondersteunde skool op die agtergrond te staan kom.

3. Die weg wat gevolg moet word:

Soos weergegee in die Rapport, punt 5, b vanaf: „Die eerw. Sinode wêk die Kerkrade op om toe te sien...”

(w.g.) W. J. Snyman.

Art. 155.

Beskrywingspunt i.s. V.C.O.

A. Aan die orde kom die beskrywingspunt:

Gesien die algemene belang van Christelike onderwys word die eerwaarde Sinode gevra om hom uit te spreek oor die oproep van die Vereniging vir Christelike onderwys, sodat 'n eendragtige optrede verkry kan word. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeliggings ds. G. P. L. van der Linde).

Besluit: Die Sinode besluit om in hierdie verband te verwys na die reeds genome besluit betreffende C.N.O. (vgl. art. 154. B.).

Besluit: Van die ingekome brief van dr. K. S. van Wyk de Vries namens die V.C.O. (laatgekome stuk — vgl. art. 45. D. by art. 18. 3. c., bl. 24) word kennis geneem.

Art. 156.

Egskeidingsgronde.

Die Rapport van die deputate (prof. W. J. Snyman, di. W. J. van der Merwe, C. Hattingh, Ph. Snyman, W. Venter) word toegelig deur dr. Van der Merwe.

Die Deputaatskap i.v.m. bogenoemde saak het die eer om soos volg te rapporteer:

1. Die *opdrag* aan die Deputaatskap vind u in die Sinodale Hande-linge 1958, p. 318, art. 125. Dit lui soos volg: „Die saak word verwys na 'n deputaatskap om opnuut studie te maak van die egskeidingsgronde. Intussen word die status quo gehandhaaf”.

2. Nadat u Deputate aandag gegee het daaraan of die staatswette sowel as die standpunte van ander kerke in Suid-Afrika (Engelse sowel as Afrikaanse kerke) enige nuwe lig in die onderhawige saak bring, en niks gevind is nie, is besluit om net die volgende *eksegetiese studie van die betrokke Skrifgedeeltes* aan u voor te lê.

Skrifuitsprake wat in aanmerking kom, is die volgende:

a. Matth. 5 : 32; Luk. 16 : 18.

b. Matth. 19 : 9; Mark. 10 : 11, 12.

c. 1 Kor. 7 : 15.

a. Matth. 5 : 32: „Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe om hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk”.

Luk. 16 : 18: „Elkeen wat van sy vrou skei en 'n andereen trou, pleeg egbreuk, en elkeen wat trou met die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk”.

Dit kom hier veral neer op die betekenis van die woordjie „behalwe” (Matth. 5 : 32). Hiervoor bestaan daar drie verklarings:

(1) Dat hier 'n uitsondering gemaak en dus 'n (enigste) egskeidingsgrond aangegee word.

(2) Dat met owerspel slegs 'n voorbeeld van verskillende ongenoemde gronde aangegee word.

(3) Dat hier hoegenaamd nie sprake is van 'n uitsondering nie maar dat die reël, nl. dat elkeen wat van sy vrou skei maak dat sy egbreuk pleeg, ens. nie geld in geval van hoerery nie, omdat die huwelik wesentlik verbreek is.

Die tweede verklaring moet van die hand gewys word, omdat dit nie die voor die hand liggende verklaring is nie en alleen oorweeg kan word as daar ander uitsprake is wat daartoe dwing, wat inderdaad — soos verder sal blyk — nie die geval is nie.

Wat die eerste en derde verklarings betref, moet die keuse beslis val op die laaste, op grond van die „rede” wat daar bygevoeg word. Dit word versterk deur die feit dat dit in Luk. 16 : 18 eenvoudig weggelaat kon word as 'n vanselfsprekendheid. Ons konklusie moet dus wees dat daar in Matth. 5 : 32 nie sprake is van enige egskeidingsgrond nie, omdat die enigste uitsondering wat genoem word, nl. hoerery (owerspel), reeds egskeiding impliseer. Christus handhaaf die onverbreekbaarheid van die eenmaal aangegane huwelik. Dit pas ook in die geheel van die Bergrede, waar Jesus die gebooe, ook die sewende, in hulle volstrekteheid verklaar. In hierdie uitspraak sit dan verder opgesluit dat in die geval waar die feitlike egbreuk plaasgevind het deur hoerery (owerspel), ook die formele egskeiding kan plaasvind. Hier moet daarop gelet word dat Christus nie sê dat dit *moet* geskied nie, alleen dat dit *mag*. Ook in hierdie uiterste geval is versoening, en so die herstel van die feitlik verbreke huwelik, nie uitgesluit nie. Ook kan gesê word dat die gelowige in die eerste plek daartoe geroepe is, in geval van opregte berou. By „pleeg egbreuk” kom die vraag na vore van „voortdurende ontug”. Die vraag, nl. of die tweede huwelik van die skuldige party gesien moet word as 'n lewe in ontug, sodat in geval van berou die nuwe huwelik verbreek moet word as bewys van die egtheid van die berou. Sommige lees dit daarin en vertaal: „leef in egbreuk”. Dit is waarskynlik nie die opvatting van ons Afrikaanse vertaling nie, soos blyk uit die vertaling „pleeg egbreuk” en tereg ook, in verband met die voorafgaande: „Elkeen wat die geskeie vrou trou”. Uit die tyd waarin die werkwoord in die oorspronklike staan, moet ons aflei dat met die daad van hierdie huwelik „egbreuk gepleeg” word en nie dat die staat van hierdie huwelik 'n lewe in egbreuk is nie. Daarom mag die verbreking van so 'n huwelik nie geëis word as

bewys van egtheid van berou nie. Dit sou weer egbreuk beteken. Uit Luk. 16 : 18 is verder duidelik:

(a) dat wat van die vrou geld, ewe seer van die man geld en (b) wat uit Matth. 5 : 32 nog nie so duidelik uitkom nie: dat pas van egbreuk sprake is by die tweedelige daad van skeiding en hertrou. Dit sluit in dat eenvoudige skeiding (bv. tussen tafel en bed) nie juis as egbreuk bestempel hoef te word nie maar dat die onverbreekbaarheid van die huwelik meebring dat solank die ander party lewe, geen ander huwelik aangegaan mag word nie.

b. Matth. 19 : 9 en Mark. 10 : 11, 12.

Matth. 19 : 9: „Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk”.

Mark. 10 : 11, 12: „En Hy sê vir hulle: Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander trou, pleeg egbreuk teen haar; en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk”.

Hierdie uitspraak van Jesus soos weergegee deur Mattheus en Markus kom ongeveer neer op die wat reeds behandel is. Slegs op die volgende kan hier nog die aandag gevestig word:

(1) By Markus is dit weer duidelik dat dit betrekking het op sowel die man as die vrou wat skei.

(2) By Mattheus word hier die egbreuk ook beskryf as die gekombineerde daad van skeiding en 'n daarop volgende huwelik, sodat ons kan sê dat dit die deurgaande beskrywing is van egbreuk in die mond van Jesus.

(3) In die verband waarin die uitsprake hier gegee word, kom die grond van die onontbindbaarheid van die huwelik uit.

Op die laaste gaan ons nader in. Die grond van die onverbreekbaarheid van die huwelik word gegee in die uitspraak: „Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie” (Matth. 19 : 6; Mark. 10 : 9).

(a) Hier word 'n ander woord gebruik vir *skei* (chorizein). Die vraag, i.v.m. opmerking (2) by die voorgaande paragraaf, kan gestel word of skeiding hier in ruimer sin opgevat word sodat dit enige vorm van skeiding insluit. Hoewel hierdie woord nie „egskeiding” hoef te beteken nie, kan dit wel die betekenis hê, soos deur gesaghebbendes aangetoon. Dat dit hier die laaste betekenis het, moet ons aanneem.

(i) op grond van die verband en

(ii) op grond van 1 Kor. 7 : 15, waar dit onmiskenbaar so gebruik word soos duidelik is uit die sin wat daarop volg: „moet sy ongetroud bly”.

(b) Wat volgens die openbaring van God in die Skrif die huwelik tot stand bring, is 'n daad van God. Die huwelik ontleen sy onontbindbare karakter daaraan dat God daarin twee mense aanmekaar verbind en dat dit nie rus op 'n blote ooreenkoms tussen

twee mense nie. Daar is op gewys dat hier nie staan *wie* nie maar *wat* God saamgevoeg het: Dat God twee mense saamvoeg, beteken nie dat God hulle bymekaar bring nie maar dat die huwelik 'n instelling van God is, en dat wanneer twee mense in die huwelik tree, hulle hul onderwerp aan die bindende eise van die Goddelike ordinasie, wat hulle verplig tot lewenslange getrouheid.

c. 1 Kor. 7 : 15: „Maar as die ongelowige wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die broeder of suster nie gebonde nie. Maar God het ons tot vrede geroep”.

Hiervoor kan slegs verwys word na die deeglike uiteensetting in die rapport wat voor die Ekumeniese Sinode (1958) gedien het (pp. 89-95), waarvan ons die hoofrekke gee insoverre dit ons instemming geniet.

In die verband waarin die uitspraak voorkom, vind ons ook die volgende:

(1) „en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen” (1 Kor. 7 : 11a).

Dit bevestig ons uitlegging by die voorafgaande dat van egbreuk alleen sprake is in geval van 'n daaropvolgende huwelik.

„In geen geval mag men, na de ander verlaten te hebben, een andere verbintenis aangaan, zodat verzoening uitgesloten zou zijn”.

(2) 'n Verdere grond van die onontbindbaarheid van die huwelik is die diep en innige lewensgemeenskap tussen man en vrou in die huwelik. Hulle word „een vlees” (1 Kor. 6 : 16, ook Matth. 19 en Mark. 10: Die een behoort daarin geheel aan die ander toe). Sels vir 'n kort onttrekking is wedsydse toestemming nodig (1 Kor. 7 : 3-5).

(3) In 7 : 12-15 gaan dit oor gemengde huwelike (gelowiges met ongelowiges) en wel in die heel besondere geval waar ná die huwelik een van die twee Christen word. Hier is dus hoegenaamd nie sprake (a) dat 'n gelowige met 'n ongelowige gaan trou en dat as later blyk dat op hierdie grond (godsdienslike verskil) daar onenigheid sou kom, daar 'n (tweede) „grond” vir egskedings sou kom en dat godsdienslike verskille in die algemeen as egskedingsgrond kan dien nie; (b) van skeiding van die kant van die gelowige nie maar net daarvan as hy voór die feit gestel word dat die ongelowige wil skei; en dus (c) dat Paulus handel oor kwaadwillige verlating in die algemeen nie maar slegs in die heel besondere geval soos dit voorgekom het in die situasie van die tyd. Dat godsdienslike verskille of kwaadwillige verlating as verdere egskedingsgrond aangevoer kan word, kan nie met 'n beroep op 1 Kor. 7 : 15 nie.

In 1 Kor. 7 : 15 word die Christen vrygestel van die verpligting om 'n huwelik te bewaar wat gebreek is of wat op die punt staan om gebreek te word deur die egskedingsaksie van 'n ongelowige.

Twee vrae moet hier nog beantwoord word:

(a) Wat moet daaronder verstaan word dat die gelowige

in hierdie geval nie gebonde is nie? Beteken dit alleen dat die gelowige in so 'n geval „nie verplig is om die weggaan te verhinder of om die egskеiding te bestry of om na die egskеiding versoening te soek nie”, of beteken dit „vry om weer te trou” soos in die geval van Matth. 5 : 32, ens.? Hieroor loop die meninge uiteen. As dit in die tweede sin opgevat word, dan is dit in ieder geval nie teen 'n klaarblyklike uitspraak van die Skrif nie.

In die praktyk sal dit ook maar gewoonlik daarop neerkom.

(b) Is daar enige aanduiding van 'n grond van sodanige verlatеng? Daarvan word in die teks niks gesê nie. As gevolg van hierdie stilswye is daar dan ook verskil van mening, nl. of dit kwaadwillige verlatеng is of godsdienstige oorsake. Uit die teksverband moet waarskynlik afgelei word dat die rede vir die verlatеng deur die ongelowige geleê is in sy ongelоof. Die ongelowige is „nie tevrede om te lewe” met sy huweliksmaat nie, 'n maat wie se enigste omskrywing en daarom wie se enigste „fout” is dat hy of sy 'n „broeder of suster” in die Here is. Die enigste omskrywing wat van die verlater gegee word, is dat hy of sy „apistos” is, sonder geloof. (Vgl. ook die beskrywing in vers 14 waar die nadruk gelê word op die feit dat hy apistos is). Hieruit moet dan afgelei word dat dit om godsdienstige oorsake is. Alleen in hierdie geval is die gelowige vry, wát dan ook daaronder verstaan moet word.

3. Op grond van bostaande moet vasgestel word:

a. Die huwelik is onverbreekbaar.

b. Die Skrif bied slegs in twee gevalle toelating tot bevestiging van 'n tweede huwelik. In albei gevalle word ons gestel voor die feitlikheid van die onthinding van die eerste huwelik, nl. (1) in geval van owerspел; (2) in die tweede heel spesifieke geval waarin die daad van egskеiding uitgegaan het van 'n ongelowige om godsdienstige redes en wel so dat een van die partye ná die huwelik tot geloof gekom het.

Besluit:

1. Daar word met hartlike dank kennis geneem van die Rapport, maar die Sinode benoem weer deputate vir preadvies om hierdie rapport en die besluite van 1939 en die rapport ad hoc van die Ekumeniese Sinode 1958 (vgl. o.a. art. 46. VI) in studie te neem en te korreleer en op die volgende Sinode te rapporteer.

2. Verder moet die deputate besondere aandag skenk aan die draagwydte van die woord „porneia” en ook ingaan op die praktiese implikasies van hulle bevinding.

Art. 157.

Strafregtelike optrede by owerspел.

Die Rapport van die deputate (di. A. L. Aucamp, J. A. Jooste, C. H. Smit) word deur ds. Smit toegelig.

Besluit: Die Sinode neem met dank kennis van die Rapport, met 'n besondere besluit by punt 5.

Dit is vir die ondergetekendes 'n eer om die volgende rapport voor u te lê:

I. *Opdrag.*

Voor die eerwaarde Sinode van Jan.-Febr. 1958 het 'n beskrywingspunt gediен: „Die Eerwaarde Klassis vra die Eerwaarde Algemene Sinode om die Hoë Owerheid te versoek om strafregtelik op te tree in gevalle van owerspел”. Die besluit van die Sinode was: „Hierdie saak word deur 'n deputaatskap in studie geneem” (Hand. 1958, p. 495).

2. *Wat owerspел is.*

Onder owerspел word verstaan die sonde teen die sewende gebod. Deur die sonde word die huwelikstrou geskend en egbreuk gepleeg. Die sewende gebod verbied 'n getroude man om gemeenskap te hê met 'n ander vrou en 'n getroude vrou om gemeenskap te hê met 'n ander man. Ons handel hier nie in eerste instansie oor die sondes van ongetroudes nie: dit is hoerery (sien Lev. 18 : 20; 20 : 10; Deut. 22 : 22). Hierdie sonde is met die dood gestraf (lees ook verklaring van die Heidelbergse Kategismus, vrae 108 en 109).

3. *Huidige wetlike posisie.*

(Omstandighede wat aanleiding gegee het tot die afskaffing van owerspел as misdaad in die Suid-Afrikaanse reg).

a. *Inleidend.* Die hedendaagse Suid-Afrikaanse Reg bestaan uit die volgende:

(1) *Wettereg*, d.w.s. wette en verordeninge deur bevoegde liggame en instansies, bv. die Parlement, Provinsiale Rade, ens.

(2) *Hofuitsprake*: Streng gesproke is dit die funksie van die howe om reg te spreek en nie om dit te skep nie, maar dit gebeur tog soms dat reg geskep word waar die hof oor aangeleenthede moet beslis wat nie deur enige wet of deur die gewoontereg gedek word nie.

(3) *Gewoontreg*, d.w.s. daardie regsreëls wat voortvloei uit gewoontes en gedragsverhoudings van mense in hulle onderlinge verkeer met mekaar, sodat dit dan die krag van reg verkry.

Ons gewoontereg is die Romeins-Hollandse Reg wat bestaan het in Holland soos dit aangevul is deur die Romeinse Reg wat gerespieer was deur die Germaanse gewoontereg.

Toe die Hollanders die Kaap in 1652 beset het, het hulle die Romeins-Hollandse Reg met hulle saamgebring, en nieteenstaande die Engelse anneksasie van die Kaap het die regstelsel bly voortbestaan, aangesien dit 'n reël van Engelse Staatsreg is dat die reg van die verowerde gebied bly geld totdat dit uitdruklik herroep word, en geen sodanige herroeping is ooit gedoen nie.

b. *Die Romeinsregtelike posisie.*

Volgens Justinianus se Corpus Juris Civiles was owerspel 'n misdaad en strafregtelik strafbaar. 'n Verdere bepaling was dat kinders wat uit 'n laakbare verhouding (bloedskande) gebore is, glad nie geregtig was om of by wyse van testament of intestaat van hulle vaders te erf nie, asook op geen onderhoud van hulle vaders geregtig te wees nie.

c. *Die Romeins-Hollandsregtelike posisie:*

Onder die Romeins-Hollandse Reg was die partye tot 'n owerpelige verhouding ook strafregtelik aanspreeklik. So bepaal die Echtreglement van 18 Maart 1656 dat albei die partye hulle blootstel aan verbanning en/of konfiskasie van hul goedere. In die geval waar die man getroud was, kon hy beboet word en kon hy ook 'n statusvermindering ondergaan, terwyl die vrou gevangenisstraf van 1 maand op rantsoen beperk tot brood en water opgelê kon word.

Behalwe hierdie strafregtelike bepalings was daar nog 'n aantal sivielregtelike bepalings waaraan die partye onderhewig was. So kon die partye nooit met mekaar trou nie; selfs al word die huwelik van enige van die partye later ontbind. So ook was die kinders gediskwalifiseer om van hulle vader, hetsy by testament, hetsy intestaat, te erf, en kon hulle slegs onderhoud van hulle vaders eis.

d. *Die Suid-Afrikaansregtelike posisie:*

Soos reeds gemeld, is die Romeins-Hollandse Reg met die aanleg van die Kaap hier gevestig, sodat in 1652 die posisie met betrekking tot owerspel gegeld het soos in die vorige paragraaf uiteengesit. Let egter op dat die Echtreglement eers in 1656 in werking gekom het.

In 1914 kom egter die opspraakwekkende saak van *Green teen Fitzgerald en Andere* in die Appèlhof ter sprake. Die feite van die saak is kortliks die volgende: Ene Wilhelmina Hotz trou gedurende 1859 met ene Patrick Fitzgerald, uit welke huwelik 6 kinders gebore word. In 1873 verlaat sy egter haar eggenoot kwaadwilliglik en gaan woon saam met ene John Green. 'n Jaar later word 'n seun uit laasgenoemde verhouding gebore, die appellant. In 1878 verkry mev. Fitzgerald 'n ekskeidingsbevel van Patrick, en trou sy met Green. In 1896 maak sy 'n testament en benoem die appellant as die erfgenaam. In dieselfde jaar is sy oorlede en laat 'n aansienlike bate na, en volgens die testament word haar nalatenskap aan die appellant toegeken. 'n Paar jaar later doen van die Fitzgeralds by die hof aansoek om die tersydestelling van die bemaking, op grond van die feit dat appellant uit 'n owerspelige verhouding gebore is.

Die hof gaan toe op die posisie van owerspel in en kom tot die slotsom dat owerspel nie meer 'n misdaad in die huidige Suid-Afrikaanse Reg is nie, aangesien die regsreëls wat dit 'n misdaad maak, in onbruik geraak het. (Dit is 'n regsreël van ons reg dat

'n regsbeplanning in onbruik verval indien daar vir 'n lang tyd geen stappe gedoen word om dit af te dwing nie, niesteenstaande die feit dat die regsreël dikwels oortree word).

Uit navorsing wat die hof gedoen het, blyk dat daar slegs 'n paar kriminele vervolgens ingestel is teen owerspelige partye. In 1717 is daar in een geval 'n boete van 100 gulden opgelê. In 1756 is 'n getroude man en ongetroude vrou skuldig bevind en gestraf — die man met „100 realen van achten”, terwyl die vrou vir drie agtereenvolgende diensdae voor die kerkdeur moes staan met 'n plakkaat om haar nek wat in geen ondubbelsinnige taal die aard van haar oortreding meld nie. In 1776, 1813 en 1828 was daar verdere verhore vir owerspel, maar in elkeen was die element van bloedskande teenwoordig. (Bloedskande is natuurlik 'n misdaad in ons reg en is ook as sodanig deur die Wetgewer vasgelê). Sedert 1828 tot op hierdie tydstip kan geen rekord nagespoor word van enige strafregtelike vervolging op grond van owerspel nie, niesteenstaande die feit dat daar dikwels ekskeidingsaansoeke op grond van owerspel voor die hof gedien en toegestaan is nie.

As gevolg van die feit dat owerspel nie meer as misdaad gereken word nie, het die hofe beslis dat die sivielregtelike strawwe wat opgelê is, ook nie meer van toepassing is nie, en die diskwalifikasies wat op die partye gerus het, sowel as op die kinders uit sodanige owerspel gebore, is nie meer van toepassing nie.

Die enigste oplossing wat nou oor is om owerspel weer 'n misdaad te maak, is dat ons wetgewer dit uitdruklik by statuut bepaal.

4. *Die huidige toestand.*

a. Deur die staat word nie strafregtelik opgetree teen die sonde van owerspel nie, hoewel dit telkemale selfs uit hofsake baie duidelik geblyk het dat owerspel die oorsaak is vir moord, vir ekskeidings, vir verwaarlosing van die huisgesin.

b. Ontug van blank en nie-blank is strafbaar deur die staat, en daar word baie skerp teen opgetree. Owerspel van blankes word oogluikend toegelaat en die eis van die sewende gebod en die gruwel van die sonde voor God word dus nie as strafbaar beskou nie.

c. Owerspel en wat daarmee in verband staan, is besig om die siel van ons volk skade aan te doen.

5. *Aanbevelings.*

Die eerwaarde Generale Sinode besluit in die lig van bogenoemde feite: Omdat ons glo dat onse goeie God vanweë die verdorpenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied (Ned. Geloofsbelydenis, art. 36), nader die eerwaarde Sinode

ons Hoë Owerheid met die versoek om wetgewing te passeer en die wette dan toe te pas sodat teen hulle wat owerspel bedryf, opgetree kan word.

Besluit: by punt 5: Die aanbeveling word aanvaar en dit word aan die deputate vir Korrespondensie met die Hoë Owerheid opgedra om dit onder lg. se aandag te bring.

Art. 158.

Beskrywingspunt i.s. buite-egtelike saamwoon:

Die beskrywingspunt word toegelig deur dr. B. Duvenage.

Die Klassis versoek die Algemene Sinode om by die landsoowerheid daarop aan te dring om wetgewing te passeer om die openbare buite-egtelike saamwoon van 'n man en 'n vrou onwettig en strafbaar te maak. — Klassis Krugersdorp.

Besluit: Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee, en dit word ook opgedra aan die deputate vir Korrespondensie met die Hoë Owerheid om dit onder lg. se aandag te bring.

Art. 159. (Katkisasie). Kyk by art. 84.

Art. 160. (B.B.B. Genootskap). Kyk by art. 95.

Art. 161. (E.P.P.W. en W.-Fonds). Kyk by art. 67. C.

Art. 162. — *Verdagings.*

Die vergadering verdaag vir aandete.

Art. 163.

Hersiening van Liturgiese Formuliere.

A. Die Rapport van die deputate word deur ds. P. C. Rule toegelig.

U Deputaatskap vir die hersiening van liturgiese formuliere, bestaande uit dr. J. M. de Wet (voorsitter), di. Z. C. Grobler, H. S. Pelsner, Ph. Snyman en P. C. Rule (rapporteur), het verskillende kere vergader en wens soos volg te rapporteer:

1. *Opdrag van die Sinode 1958 (Acta p. 52, c).*

Die opdrag lui: „dat deputate in verband met die hele aangeleentheid benoem word met die opdrag om (1) die Nederlandse hersiene formuliere te bestudeer; (2) tentatiewe wenke hieroor na Nederland te stuur en (3) by die volgende Sinode 'n omvattende rapport in te dien”. — **Kennis geneem.**

2. *Bestudeerde stukke:*

In verband met die opdrag het u Deputate die volgende stukke bestudeer:

A. a. Formulier om den Heiligen Doop aan de kinderen te bedienen.

b. Formulier om den Heiligen Doop aan de volwassenen te bedienen.

c. Formulier voor het afleggen van de openbare belijdenis des geloofs.

d. Formulier voor de Kerklijke bevestiging van het huwelijk.

e. Formulier om het Heilig Avondmaal te houden.

f. Verkort formulier om het Heilig Avondmaal te houden.

g. Formulier voor de tweede Avondmaalsviering in den namiddagdienst.

h. Formulier van den Ban of der Afsnijding van de gemeente.

i. Formulier van Wederopneming van de(n) Afsgesnedene in de gemeente van Christus.

B. Vergelykenderwys het u Deputate ook 'n studie gemaak van die volgende stukke wat van die Christelike Gereformeerde Kerk van Amerika verkry is:

a. Proposed Form for the Lord's Supper No. 1.

b. Proposed Form for the Lord's Supper No. 2.

C. Stukke onder A en B word hierby ingesluit.

D. U Deputate het ook insae gehad in gepubliseerde stuk getitel „Enkele belangrijke besluiten van de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland gehouden te Assen, in 1957 en 1958”, waaruit blyk dat die voorgestelde hersiene liturgiese formuliere reeds deur Nederland in gebruik geneem is en dat daar nog geleentheid is (vir die kerke in Nederland) om wenke te gee i.v.m. die finale formulering van sekere gedeeltes. — **Kennis geneem.**

3. *Die studie sluit die volgende in; vgl. 2 A. hierbo:*

A. a. 1. Die volgende is na die mening van u Deputate 'n verbetering op die bestaande:

i. Die aanspreekvorm „Geliefden in onzen Here Jezus Christus” ontbreek in die bestaande formulier. Dit is 'n verbetering op die bestaande formulier.

ii. Die eerste sin in die hersiene formulier: „Hetgeen de Heere... worden samengevat”, is 'n verbetering. Dit steun op die Woord van die Here en gee minder die gedagte van kerkleer op eie gesag (vgl. Roomse). In die verband het dr. B. Wielenga in sy werk *Ons Doopsformulier*, 2e druk, p. 27, reeds geskryf: „Intusschen zou het wel aanbeveling verdienen bij een mogelijke herziening van ons formulier in den aanhef eenige veranderinge aan te brengen door het aanhalen van een Schriftwoord betreffende de instelling en beteekenis van den doop, of althans door een plechtige vermelding van wat de kerk in haar eigen taal ten deze belijdt”.

iii. Die woorde in par. 2 „Ten eerste...” ens. is 'n verbetering op die ou formulier. Die „Ten eerste dat” in die bestaande formulier klink kortaf en stomp.

iv. Par. 3 is te verkies bo die bestaande formulier: Dis tog nie

die Doop self wat betuig en verseël nie, maar God betuig en verseël deur die Heilige Doop.

v. Die invoeging van „betuig en” (voor verseël) by Seun en die Heilige Gees is ’n verbetering bo die bestaande, waar dit slegs voor die Vader ingevoeg is.

vi. Verder is die woord „opstanding” i.p.v. „wederopstanding” te handhaaf: die Heilige Skrif spreek gewoonlik net van Christus se opstanding.

vii. Die taal en styl van die gebed in die hersiene formulier is vloeiender.

viii. Moontlik is die formulering van die tweede doopsvraag in die hersiene formulier beter.

ix. Dit is ’n ope vraag of by die derde doopsvraag dit moet lui „en” (soos in hersiene formulier) i.p.v. „of” (soos in bestaande formulier) „te laat onderrig”.

a. 2. Die volgende is minder geslaagd:

i. Par. 2. „Immers word ons... ens.” Die oorspronklike sin en betekenis word hier losgelaat. Die bestaande formulier is hier beter; die doopwater spesifiek dui op ons onreinheid en die noodsaaklikheid van reiniging en nie die doop in die algemeen soos in hersiene formulier voorgestel nie.

ii. Die uittaling van die woorde: „Aangesien daar in alle verbonde twee dele is...” kan nie geregverdig word nie. Dankbaarheid en gehoorsaamheid word in die bestaande formulier tereg gesien as verbondsverplichting.

iii. Par. 5. „Zo als Christus...” moet verander word na: „Zo heeft...” motivering: Die omarming is geen sakramentele handeling nie.

b. 1. Hoofsaaklik geld hier wat reeds aangestip is i.v.m. a. 1. hierbo. Hierby kan egter gemeld word dat die verkorting van die doopsvrae aan die volwassenes moontlik ’n verbetering is.

c. Vooraf moet ons aanstip dat ons hier ’n formulier het (Aflegging van die Openbare belydenis van die Geloof) wat ons eintlik as sodanig nie besit nie (ons besit hoofsaaklik alleen ’n formulier van vrae).

i. Die vraag is allereers: Moet by ons bestaande vrae ’n inleidende formulering gebruik word? Blykbaar is daar iets voor te sê soos Nederland dit doen, omdat in die voorgestelde formulier die verband met die leer van die verbond vooropgestel word.

ii. Die keuse tussen die bestaande en die voorgestelde vrae lê in die vraag of ons by die formulier van die doop van kinders uitgaan van die gedagte van die bestaande of van die voorgestelde formulier omdat die vrae in elke geval daarby aansluit.

iii. Die Deputate stel die vraag: Kan in ons bestaande formulering par. 2, wat lui: „In die Naam... van God”, nie verval nie en in die plek daarvan kom die woorde uit 1 Tim. 6 : 12: „Stry

die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuiens afgelê het”?

d. 1. Hierdie formulier kan oor die algemeen beskou word as gedeeltelik geslaagd. Dit is redelik verkort en is geskryf in ’n mooi verstaanbare en vloeiende taal. Daar het ’n byvoeging gekom: die afkondiging. Dit is seker ’n verbetering. Hoewel die huweliksbevestiging in Nederland en Suid-Afrika ietwat verskil (burgerlik en kerklik apart) is ’n sodanige afkondiging, al is dit dan ietwat gewysig, tog miskien noodsaaklik.

d. 2. Ons is van mening dat die volgende uitgelaat kan word:

i. Par. 2 reël 3: „als de innige gemeenschap tussen man en vrouw”. Onses insiens is die huwelik nie hier voldoende omskrywe nie en moet dit liefse weggelaat word.

ii. Par. 3: „De vrouw werd, ... den man te zijn”. Die vraag is hier of die sin in die voorgestelde formulier eksegeties verantwoord is. Bedenklik is ook die woorde: „Hij heeft man... tot elkaar gebracht”.

iii. Par. 6: „daarom is voor het huwelijk... de door God gewilde voorwaarde”. Die vraag is: Is in die voorgestelde formulier die skeiding tussen aardse liefde en geestelike eenheid in die geloof gewens?

e. 1. Hierdie formulier het hoofsaaklik redaksionele wysinge en weglatings en byvoegings.

i. In die gebed is die „Onse Vader” en die Geloofsbelydenis weggelaat, terwyl lg. na die gebed as belydenis van die geloof ingevoeg is. Dit is ’n saak wat nadere besinning vereis.

ii. Die slotgebed is vervang met die „Onse Vader”. Dit is moontlik ’n verbetering.

iii. Die byvoeging van die gedagte van die bruilofsmaal van die Lam volgens Matth. 26 : 29 e.a. tekste is seker voortrefflik.

e. 2. Die volgende weglatings moet as „ongelukkig” beskou word:

i. Die sondelys „almal wat weet dat hulle met hierdie navolgende ergerlike sondes...” (p. 131-132 van die Psalmboek). Dit is vervang met „allen die geen droefheid... voortleven” (p. 5 reël 5 en 7). Dit is duidelik dat dit tog hier gaan om die Tien Gebooe, en dit is goed dat dit hier gehoor word.

ii. ’n Ander weglating is die deel van die tussensin aan die begin van die gebed (p. 7, vgl. p. 135): „Waar in ons die heerlike gebeurtenis herdenk van die bittere dood...” Die onderstreepte woorde is weggelaat. Hierdie teëstellende wyse bring onses insiens die heerlike betekenis van die kruisdood baie treffend na vore.

f. In verband met die voorgestelde verkorte formulier wens ons op die volgende te attendeer:

i. Die aanhaling uit 1 Kor. 11 is weggelaat.

ii. Die drie punte van selfondersoek word heel kort gestel en

die Doop self wat betuig en verseël nie, maar God betuig en verseël deur die Heilige Doop.

v. Die invoeging van „betuig en” (voor verseël) by Seun en die Heilige Gees is ’n verbetering bo die bestaande, waar dit slegs voor die Vader ingevoeg is.

vi. Verder is die woord „opstanding” i.p.v. „wederopstanding” te handhaaf: die Heilige Skrif spreek gewoonlik net van Christus se opstanding.

vii. Die taal en styl van die gebed in die hersiene formulier is vloeiender.

viii. Moontlik is die formulering van die tweede doopsvraag in die hersiene formulier beter.

ix. Dit is ’n ope vraag of by die derde doopsvraag dit moet lui „en” (soos in hersiene formulier) i.p.v. „of” (soos in bestaande formulier) „te laat onderrig”.

a. 2. Die volgende is minder geslaagd:

i. Par. 2. „Immers word ons... ens.” Die oorspronklike sin en betekenis word hier losgelaat. Die bestaande formulier is hier beter; die doopwater spesifiek dui op ons onreinheid en die noodsaaklikheid van reiniging en nie die doop in die algemeen soos in hersiene formulier voorgestel nie.

ii. Die uittaling van die woorde: „Aangesien daar in alle verbonde twee dele is...” kan nie geregverdig word nie. Dankbaarheid en gehoorsaamheid word in die bestaande formulier tereg gesien as verbondsverplichting.

iii. Par. 5. „Zo als Christus...” moet verander word na: „Zo heeft...” motivering: Die omarming is geen sakramentele handeling nie.

b. 1. Hoofsaaklik geld hier wat reeds aangestip is i.v.m. a. 1. hierbo. Hierby kan egter gemeld word dat die verkorting van die doopsvrae aan die volwassenes moontlik ’n verbetering is.

c. Vooraf moet ons aanstip dat ons hier ’n formulier het (Aflegging van die Openbare belydenis van die Geloof) wat ons eintlik as sodanig nie besit nie (ons besit hoofsaaklik alleen ’n formulier van vrae).

i. Die vraag is allereers: Moet by ons bestaande vrae ’n inleidende formulering gebruik word? Blykbaar is daar iets voor te sê sode Nederland dit doen, omdat in die voorgestelde formulier die verband met die leer van die verbond vooropgestel word.

ii. Die keuse tussen die bestaande en die voorgestelde vrae lê in die vraag of ons by die formulier van die doop van kinders uitgaan van die gedagte van die bestaande of van die voorgestelde formulier omdat die vrae in elke geval daarby aansluit.

iii. Die Deputate stel die vraag: Kan in ons bestaande formulering par. 2, wat lui: „In die Naam... van God”, nie verval nie en in die plek daarvan kom die woorde uit 1 Tim. 6 : 12: „Stry

die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het”?

d. 1. Hierdie formulier kan oor die algemeen beskou word as gedeeltelik geslaagd. Dit is redelik verkort en is geskryf in ’n mooi verstaanbare en vloeiende taal. Daar het ’n byvoeging gekom: die afkondiging. Dit is seker ’n verbetering. Hoewel die huweliksbevestiging in Nederland en Suid-Afrika ietwat verskil (burgerlik en kerklik apart) is ’n sodanige afkondiging, al is dit dan ietwat gewysig, tog miskien noodsaaklik.

d. 2. Ons is van mening dat die volgende uitgelaat kan word:

i. Par. 2 reël 3: „als de innige gemeenschap tussen man en vrouw”. Onses insiens is die huwelik nie hier voldoende omskrywe nie en moet dit liefs weggelaat word.

ii. Par. 3: „De vrouw werd, ... den man te zijn”. Die vraag is hier of die sin in die voorgestelde formulier eksegeties verantwoord is. Bedenklik is ook die woorde: „Hij heeft man ... tot elkaar gebracht”.

iii. Par. 6: „daarom is voor het huwelijk ... de door God gewilde voorwaarde”. Die vraag is: Is in die voorgestelde formulier die skeiding tussen aardse liefde en geestelike eenheid in die geloof gewens?

e. 1. Hierdie formulier het hoofsaaklik redaksionele wysinge en weglatings en byvoegings.

i. In die gebed is die „Onse Vader” en die Geloofsbelydenis weggelaat, terwyl lg. na die gebed as belydenis van die geloof ingevoeg is. Dit is ’n saak wat nadere besinning vereis.

ii. Die slotgebed is vervang met die „Onse Vader”. Dit is moontlik ’n verbetering.

iii. Die byvoeging van die gedagte van die bruilofsmaal van die Lam volgens Matth. 26 : 29 e.a. tekste is seker voortreflik.

e. 2. Die volgende weglatings moet as „ongelukkig” beskou word:

i. Die sondelys „almal wat weet dat hulle met hierdie navolgende ergerlike sondes...” (p. 131-132 van die Psalmboek). Dit is vervang met „allen die geen droefheid... voortleven” (p. 5 reël 5 en 7). Dit is duidelik dat dit tog hier gaan om die Tien Gebooie, en dit is goed dat dit hier gehoor word.

ii. ’n Ander weglating is die deel van die tussensin aan die begin van die gebed (p. 7, vgl. p. 135): „Waar in ons die heerlike gebeurtenis herdenk van die bittere dood...” Die onderstreepte woorde is weggelaat. Hierdie teëstellende wyse bring onses insiens die heerlike betekenis van die kruisdood baie treffend na vore.

f. In verband met die voorgestelde verkorte formulier wens ons op die volgende te attendeer:

i. Die aanhaling uit 1 Kor. 11 is weggelaat.

ii. Die drie punte van selfondersoek word heel kort gestel en

die sondelys met die voorafgaande paragraafdeel word ook hier vervang met: „geen droefheid... in ongehoorzaamheid voortlewen”.

iii. Die tweede paragraaf op p. 132 is in die middel effens verkort maar andersins volledig oorgeneem.

iv. Die „Ten tweede” (p. 132-133) is bykans volledig oorgeneem, nes in die eerste formulier.

v. Die laaste paragraaf op p. 133 is, saam met die aanhaling, onveranderd oorgeneem en daarby gevoeg: „doch Ik zeg u...” (Matth. 26 : 26-39).

vi. Die res van die eerste paragraaf van p. 134 is weggelaat.

vii. Die tweede paragraaf van p. 134 is nes dié van die vorige formulier gewysig, met die heenwysing na die bruilofsmaal.

viii. Die eerste paragraaf op p. 135 is weer verkort soos by die eerste formulier.

ix. Ook die gebed is nes die van die eerste formulier, met weglating van die „Onse Vader” en die geloofsbelydenis daarna.

x. Die verdere gedeelte (p. 138 en 139) is naasteby onveranderd oorgeneem met die „Onse Vader,” i.p.v. die dankgebed van die ou formulier.

g. In verband met hierdie formulier stel ons net kortliks die samestelling daarvan:

i. Dit begin met die aanhaling van Matth. 26 : 26-29 i.p.v. die uit 1 Kor. 11. Daarna volg ’n kort uiteensetting van die soenlyde en sterwe van Christus as aanduiding van die doel van die nagmaal, nl. „tot sy gedagtenis”. Die formulier sluit hierin aan by die ou formulier maar is baie verkort.

Hierna word kortliks gehandel oor die selfbeproeving, met ’n daaropvolgende aanmoediging en weer ’n kort paragraaf wat die nagmaal met die wederkoms en die bruilof van die Lam verbind.

Dan volg ’n verkorte gebed sonder die „Onse Vader” of die Geloofsbelydenis daarna. Die lofprysing na die bediening bevat net die aanhaling uit Ps. 103, en die formulier sluit weer af met die „Onse Vader” as dankgebed.

ii. Onses insiens is hierdie formulering die geslaagste, want anders as by die twee vorige voorgestelde Nagmaalsformuliere is in hierdie geval die lang ingewikkelde sinne weggelaat.

h. Hier wens u Deputate te wys op die volgende:

i. Dat in die hersiene formulier die eerste, tweede en derde vermaninge vir die afsnyding breedvoerig geformuleer is, wat moontlik aan te bevele is om ’n vasgestelde formule te hê omdat dit ’n wetlike aksie inhou.

ii. Dat duidelik onderskei word in die voorgestelde formulier tussen die afkondigings en die afsnyding as sodanig.

iii. Dat die inhoud verder feitlik dieselfde is as dié van die bestaande formulier.

— Kennis geneem.

4. Die bevinding.

a. Die studie gee nie voor om absoluut volledig te wees nie.

b. Dat sekere van die voorgestelde formuliere taalkundig meer geslaagd is, vgl. Nagmaalsformulier II AG. Maar die vraag is: Heg ons dieselfde betekenis aan woorde as wat Holland doen?

c. Gebrek aan motivering by die voorgestelde formuleringe mag meebring dat ons nie reg laat geskied aan die stukke nie.

d. U Deputate is van oordeel dat en die bewerking en die hersiening en selfs ’n gedeeltelike verandering van die bestaande formuliere nie volkome geslaagd is nie.

e. Dat, indien daar wel die behoefte bestaan aan verandering, dit alleen kan geskied (ook in aansluiting by Nederland en Amerika) met behoud van die Skrifgedeeltes, soos beliggaam in die bestaande formuliere, en wel na ’n diepgaande eksegeties-dogmatiese studie.

f. Moontlike byvoeginge by ’n eventuele nuwe opstelling van formuliere kan o.a. die volgende (wat in die voorgestelde formuliere gevind word) insluit: (1) die heenwysing, in die Nagmaalsformulier, na die bruilofsmaal van die Lam, (2) by die formuliere die onderskeiding van die afkondiging en afsnyding en (3) soos by die vrae vir die Belydenisaflegging die verband tussen verbond en belydenis ingevoeg word. Hierdie voorbeelde is bloot tentatief.

5. Kontak met Holland.

U Deputate het nie wenke aan Nederland gestuur nie, omdat ons van oordeel is dat:

a. uit die aard van ons bevinding dit geen nut sou hê nie (vgl. 4. hierbo).

b. die Sinode self en nie die Deputate nie kontak sal seek met Nederland, gesien ook dat die Deputate moeilik self kon optree in so ’n ingrypende en omvattende saak.

— Kennis geneem.

6. Aanbeveling.

Indien die Sinode sou besluit tot hersiening (o.i. ’n nuwe opstelling van formuliere), dan kan dit alleen geskied met ’n eksegeties-dogmatiese studie en dit wel op ekumeniese vlak.

B. Hierby word die volgende beskrywingspunte geneem:

1. „Die Klassis beveel aan dat weer eens aandag gegee word aan die vertaling sowel as taalkundige inkleding van die Apostoliese Geloofsbelydenis, omdat (a) „... en neergedaal het na die hel” (art. 4) weens die voorafgaande duidelik die indruk skep as sou dit temporeel verstaan moet word; (b) in artikel 9 is „UNA SANC-TA” met „’n heilige” vertaal terwyl selfs die Nederlands lees: „eene heilige”. Aandag moet ook gegee word aan die vertaling en interpunksie van die laaste 4 artikels van ons Apostoliese Geloofsbelydenis.” — Part. Sinode Oos-Transvaal. (Toeligtig deur ds. C. J. Malan).

2. Die Sinode onderneem 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die belydenisskrifte en die formuliere. — Part. Sinode Oos-Transvaal. (Toeligting deur ds. C. J. Malan).

3. Die eerwaarde Partikuliere Sinode van Kaapland en Suidwes-Afrika versoek op grond van artikel 46 Kerkorde die eerwaarde Algemene Sinode om taalkundige hersiening van die Nagmaalsformulier te onderneem, sodat die on-Afrikaanse lang sinne en herhaling uitgeskakel word. (Die noodsaak hiervoor was reeds vroeër aangevoel (Sinodale Acta 1939, p. 40).) Die Sinode word versoek om sy besluit van 1949 (Acta, pp. 233 en 296) en ook van 1955 (p. 146, art. 143) in hersiening te neem omdat die leernte aktueel is. — Part. Sinode Kaapland en S.W.A.

(Toeligting deur ds. W. Venter).

Besluit: i.v.m. Rapport en beskrywingspunte: Deputate word benoem om studie te maak van die noodsaaklikheid en wenslikheid van 'n hervertaling en nuwe taalkundige versorging van die Belydenisskrifte en Formuliere.

Art. 164. (E.P.P.W. en W.-Fonds). Kyk by art. 67.

Art. 165. — *Dagsluiting.*

Ds. F. W. Buitendach gaan voor by die sluiting. Hy laat sing Ps. 134 : 1 en doen 'n gebed.

WOENSDAG 8 FEBRUARIE 1961

Artikel 166. — *Opening.*

Die werksaamhede van die dag word geopen deur die Voorzitter, wat 1 Thess. 5 : 12-24 lees. Daarna laat dr. J. A. Schutte sing Ps. 89 : 6 en doen 'n gebed.

Art. 167. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Artikel 168. — *Gelukwense.*

Die Voorzitter spreek 'n woord van hartlike gelukwense uit aan dr. S. J. van der Walt, wat verkies is tot professor in Dogmatiek aan die Teologiese Skool, en wens hom toe die leiding van die Heilige Gees in die oorweging van die saak.

Dr. Van der Walt spreek daarna enkele woorde.

Artikel 169. — *Notule.*

Die notule word vasgestel van art. 128 tot 143.

Art. 170.

Saak wat na die Moderamen verwys is.

Brief van eerw. Bergins van Benoni.

Besluit:

(a) Met dank word kennis geneem van die brief en die goeie wense daarin.

(b) Die vaste beleid van die Sinode is om nie individuele persone te ontmoet nie.

(c) Alleen afgevaardigdes van kerke wat met ons in korrespondensie staan, sou ons kon spreek.

(d) Verder word die brief na die Kerkraad van Benoni verwys vir aandag.

Art. 171. (Rasseverhoudinge). Kyk by art. 36.

Art. 172.

Radio-uitsendings.

Die Rapport van die deputate word deur ds. D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte) toegelig.

A. U Deputaatskap insake Radio-uitsendings het die eer om die volgende rapport aan u voor te lê:

1. Die Deputaatskap het bestaan uit:

Ds. C. E. Malan, dr. K. S. van Wyk de Vries; ds. J. J. H. Booyens; ds. D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte); br. H. B. van der Walt, en het twee keer te Johannesburg en een keer te Rustenburg vergader.

2. Op die eerste vergadering is ds. C. E. Malan as voorsitter en ds. D. J. van der Walt as skriba gekies.

3. As verteenwoordiger van die Gereformeerde Kerk op die Adviserende Raad van die S.A.U.K. insake kerkuitsaaidienste is benoem: ds. D. J. van der Walt met ds. C. E. Malan as secundus.

— **Kennis geneem van 1, 2, 3.**

4. a. Volgens besluit van die Sinode het die Deputaatskap elke jaar die kerke aangewys waarvandaan uitgesaai word. Ons het getrag om, binne die bepalings van die S.A.U.K., aan soveel kerke moontlik die geleentheid te bied om uitsaaidienste waar te neem.

b. Aangesien die Sinode, hoewel die vorige deputaatskap dit versoek het, geen voorsiening gemaak het vir die reiskoste van predikante wat versoek word om uitsaaidienste waar te neem nie, het die Deputaatskap predikante van uitsendende kerke versoek om, in oorleg met hul kerkrade, ook ander predikante uit te nooi om uitsaaidienste waar te neem. Ons betuig waardering teenoor predikante en hul kerkrade wat hierin saamgewerk het. Waar dit nie gebeur het nie, wil ons graag aanneem dat plaaslike omstandighede en nie selfsug nie dit onmoontlik gemaak het.

c. In verband met die samestelling van die rooster vir kerkdienste geld die volgende vereistes:

(1). Uitsaaibeurte kan alleen toegestaan word aan kerke waar-

van die dienste gedurende die hele jaar op die volgende tye 'n aanvang neem:

10.30 vm.

7.00 nm.

9.00 vm. Op godsdienstige vakansiedae.

11.15 nm. Middernagdiens, 31 Desember.

(2) Alle kerke wat op die eredienstrooster verskyn, moet bereid wees om hul kalenders wat betref doop- en nagmaaldienste, aan te pas by die rooster, wat finaal uitgereik word op 31 Oktober. Vir geval dit onmoontlik blyk om 'n diens uit te saai, moet die betrokke predikant self betyds reëlins tref met 'n naburige kerk om die betrokke diens te neem en moet hy die Korporasie betyds van die verandering in kennis stel.

(3) Alle kerke wat op die rooster verskyn, moet onderneem om ses weke voor die uitsaaidatum die naam van die leraar te verstrek wat die diens sal lei, en wysigings daarná moet sover moontlik vermy word.

(4) Eredienste op godsdienstige vakansiedae moet deur die leraars op die rooster aanvaar word soos alle ander eredienste.

(5) Aanddienste moet voor 8-uur eindig, omdat sommige oor die Afrikasender uitgesaai word. Vanaf 8-uur versteur ander internasionale uitsendings dié van die Afrikasender sodanig dat ontvangs onmoontlik word en dan kan luisteraars in ander Afrika-state nie die einde van die diens hoor nie.

d. Ons is versoek om dit weer eens onder aandag te bring van broeders wat uitsaaidienste waarneem, dat hulle ongeveer 12 duim van die mikrofoon af moet praat en nie moet rondbeweeg nie. Dit belemmer 'n duidelike ontvangs. Die broeders moet ook nie voor die mikrofoon sing nie, anders word net hulle stem gehoor en nie die gemeentesang nie.

— **Kennis geneem.**

5. Hoewel die oggendgodsdienste as ateljeediens een van die uitsendings is wat die S.A.U.K. self reël, word verteenwoordigers van die Kerk in die verskillende sentra waarvandaan die uitsendings geskied, versoek om behulpsaam te wees met die aanwysiging van predikante wat kan optree. Die Gereformeerde Kerk kry een beurt elke week, en die uitsendings word maandeliks om die beurt gedoen uit Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein en Kimberley, Durban en Pietermaritzburg, Kaapstad, Port Elizabeth en Oos-Londen. *Die Kerkblad* plaas gegewens hieroor indien dit vroegtydig aan hom gestuur word.

— **Kennis geneem.**

6. Wat kerklike berigte oor die radio betref, is uitvoering gegee aan die besluite van die vorige Sinode. Br. H. B. van der Walt tree op as Radionuusredakteur met toestemming van die deputate vir *Die Kerkblad*. Ons hartlike dank aan hulle vir die tegevoelmoedigheid. Br. H. B. van der Walt het sy taak op prysenswaardige

wyse onder moeilike omstandighede volbring, waarvoor ons hartlike dank. Die Deputaatskap het klassisse versoek om radionuuskorrespondente te benoem. Verskillende klassisse het hieraan gevolg gegee, en dit het goeie vrugte afgewerp. Daar is egter nog baie kerke en meerdere vergaderings wat versuim om nuusberigte aan te stuur.

— **Kennis geneem, met besondere dank aan br. H. B. van der Walt.**

7. Die Deputaatskap het geen klagtes ontvang oor die gehalte van programme wat dit noodsaaklik gemaak het om op te tree nie.

— **Kennis geneem (vgl. B. 3. — Depte. Acta).**

8. Wat die beskrywingspunt van die Part. Sinode van O.V.S. en Natal betref insake wysiging van die regulasies vir die amateur-radio sodat dit ook deur die kerke gebruik kan word, het die Posmeester-Generaal geantwoord dat dit ongelukkig nie toelaatbaar sal wees nie. Wat betref die moontlikheid om uitsendingstyd op die handesender te koop, is dit die beleid van die Beheerraad van die S.A.U.K. om geen tyd vir godsdienstige uitsendinge te verkoop nie.

— **Kennis geneem.**

9. Op die vorige Sinode is gerapporteer dat die Beheerraad van die S.A.U.K. die aansoek van die Apostoliese Geloofsending om insluiting in die kerkrooster na die Adviserende Komitee insake Kerkuitsaaidienste verwys het vir advies. Daar is 'n samespreking met verteenwoordigers van die Apostoliese Geloofsending gehou waar hulle geadviseer is om hulle in 'n Skriftuurlike verhouding tot die bestaande kerke te stel en om hulle daarvoor tot die Sinodes van die Kerke te wend.

Nog twee samesprekings is hierna gehou, vooraf deur verteenwoordigers van die drie Afrikaanse Kerke en daarna gesamentlik met die A.G.S. By bogenoemde samesprekings is die Gereformeerde Kerk verteenwoordig deur di. C. E. Malan en D. J. van der Walt namens die Deputaatskap vir Radio-uitsendings en prof. dr. S. P. van der Walt en dr. W. J. van der Merwe namens die Deputaatskap vir Korrespondensie met Binnelandse Kerke. Op die vergadering van 28.5.58 is soos volg besluit:

„Op 'n vergadering van verteenwoordigers van die Nederduitse Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerke met verteenwoordigers van die Apostoliese Geloofsending wat op 28 Mei 1958 gehou is, is die volgende besluit geneem oor die aansoek van die A.G.S. vir geleentheid om godsdienstige uitsendings waar te neem:

1. Die S.A.U.K. is statutêr verantwoordelik vir die uitsaai van eredienste en godsdienstige programme. Waar die S.A.U.K. prys daarop stel om die kerke se advies oor sodanige uitsendings in te win, wil die kerke hier hul waardering vir die reg betuig.

2. Die gee van sulke advies bring egter groot verantwoordelik-

heid met hom mee, veral waar die inhoud van die uitsendings nie deur ons gekeur kan word nie. Ons kan derhalwe ook nie vooraf uitsluitel gee oor die aansoek van die A.G.S. of enige ander sektariese onderneming nie. Ons erken dat die S.A.U.K. vryheid het om oor sulke aansoeke self te besluit met die volgende voorbehoude:

(a) Ons stel dit duidelik dat die kerke wat ons verteenwoordig, die **DRIE FORMULIERE VAN ENIGHEID** as hul gemeenskaplike belydenisgrondslag aanvaar. Die kerke wil die S.A.U.K. ook op sy baie groot verantwoordelikheid wys by toekenning van uitsaaivoorregte, veral waar die kerke gewetensgebonde is om enige ondergraving van sy Belydenis, ook oor die radio, met krag te bestry.

(b) Die kommissie het samesprekings gehad met deputate uit die A.G.S. en het ook insae gehad in die Belydenisskrifte van die A.G.S. waarby hulle die Nederlandse Geloofsbellydenis geamendeer het op 'n wyse wat bots met die grondslae van ons eie konfessie. Ons moet dus verwag dat hulle prediking uiteindelik in stryd sal wees met die oorgelewerde waarhede van ons belydenis en dat die kerke dan geroepe sal wees om dit te bestry.

N.S. Enige vergunning wat aan die A.G.S. verleen mag word, sal alleen kan wees op die voorwaarde wat by een van ons samesprekings gestel is, naamlik, dat uitsendings uit Lourenco Marques gestaak word.

Op 'n vergadering van die Adviserende Komitee insake Kerkuitsaaidienste gehou op 25 November 1959, is deur die Beheerraad soos volg gerapporteer:

„Die *Voorsitter* sê dat daar nou 'n brief gedateer 24/8/59 van die A.G.S. ontvang is waarvan die inhoud die Sending se oorspronklike aansoek heelwat wysig. Die hoofinhoud van die brief was, eerstens, 'n onderneming deur die A.G.S. om heelhartig saam te werk met die Korporasie indien hulle sou toegelaat word om deel te neem in Godsdienstige uitsendings. Tweedens, hulle oorspronklike aansoek is gemaak vir insluiting in die kerkrooster, maar om hulle bereidwilligheid om saam te werk te bewys, is hulle nou bereid om hierdie aansoek te onttrek en slegs aansoek te doen om deelname aan ateljeedienste. Derdens is hulle bereid, indien hulle aansoek aanvaar sou word, om 'n proeftydperk van een jaar deur te maak, om sodoende die publiek se reaksie op hulle uitsendings vas te stel. In hulle brief het die A.G.S. ook onderneem om te voldoen aan die algemene beleid en vereistes sover dit die uitsending van dienste aangaan en ook om naartoglik enige punte van verskil in hulle uitsendings te vermy. Laastens, die kwessie van hulle Lourenco Marques-uitsendings sal in herooring geneem word, as hulle toegelaat word tot die Korporasie se ateljeedienste.

Besluit van die Beheerraad.

Die Raad het die A.G.S.-aansoek oorweeg in die lig van die

nuwe ondernemings en wysigings wat nou na vore gebring is, en het ingestem dat die A.G.S. toegelaat word om hulle aansoek om insluiting in die Kerkrooster te onttrek, en dat hulle toegelaat word om deel te neem aan ateljeedienste van die Korporasie vir 'n proeftydperk van een jaar, op voorwaarde dat die A.G.S. heeltemal voldoen aan die algemene beleid en regulasies van die Korporasie insake kerkuitsaaidienste. Verder is die beslissing ook onderhewig aan die voorwaarde dat die uitsendings wat tans deur die A.G.S. onderneem word vanaf Lourenco Marques, gestaak word.

Die Komitee het besluit om die Beheerraad in kennis te stel dat die Komitee as sodanig kennis geneem het van die besluit. Die Komitee het verder by die Beheerraad aanbeveel dat die bestaande lys van kerke wat uitsaaivoorregte geniet, op hierdie stadium gesluit word en dat die Raad die reg voorbehou om die lys elke drie jaar te heroorweeg. Dit sou ook meebring dat die beginsel om te besluit oor die toelating van een besondere kerk as die voorreg van die Raad behou bly. Die Beheerraad het hierdie aanbeveling aanvaar. So het dit dan gebeur dat die Apostoliese Geloofsending, wat reeds sedert 1949 aandrang op uitsaaivoorregte, nou toegelaat is tot die ateljeedienste van die S.A.U.K. vir 'n proeftydperk van een jaar.

— **Kennis geneem (vgl. B. 1. — Dep'te. Acta).**

10. Alle korrespondensie wat in verband met ons mandaat ontvang is, is na die beste van ons vermoë afgehandel.

11. Hartlike dank word betuig aan professore en predikante wat gedurende die afgelope 3 jaar radio-uitsendings namens ons Kerk waargeneem het. — **Kennis geneem van 10 en 11.**

12. *Aanbevelings.*

a. Die Sinode betuig hartlike dank en waardering aan die Beheerraad en personeel van die S.A.U.K. vir uitsaaivoorregte wat aan ons kerk verleen is. Ons dink veral aan die wyse waarop die S.A.U.K. ons tegemoetgekom het met die Eeufesviering van die Gereformeerde Kerk gedurende 1959, sodat ook diegene wat nie die Eeufesviering kon bywoon nie, deur middel van die radio daarin kon deel en sodat ons volk van die feesverrigtinge kon kennis neem.

b. Die noodsaaklikheid van 'n koördinerende van nuusberigting met publikasies van ons Kerk word sterk deur die Deputaatskap aanbeveel. Die Sinode moet daarvoor genoegsaam begroot.

Besluit:

(a) Goedgekeur.

(b) 'n Bedrag van £30 per jaar uit Evangelisasiekas.

Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar, en daar sal weer deputate benoem word.

B. Hierby word die volgende beskrywingspunte geneem:

1. Toelighting deur dr. B. Duvenage:

Die Klassis versoek die Sinode om tot die betrokke owerheid vertoë te rig dat die diensbeurte oor die radio, wat aan die Apostoliese Geloofsending op grond van hulle lidmatetal toegeken is, in heroerwag geneem word, aangesien die vergunning aan hierdie sekte om eredienste oor die radio uit te saai, in die toekoms deur ander sektes asmede die Rooms-Katolieke Kerk as presedent aangevoer kan word indien hulle sou besluit om dergelike vergunning te vra. — Klassis Krugersdorp.

Besluit: Kennis geneem (vgl. A. 9.).

2. Die eerwaarde Sinode word versoek om hom opnuut te besin oor godsdienstige uitsendings oor die radio. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeligtig ds. J. Postma).

Besluit: Hieraan word geen gevolg gegee nie.

3. Die Partikuliere Sinode spreek hom uit oor die toemende gebruik van die Naam van die Here asook van anders godsdienstige plegtighede in Radio-opvoerings. Die Partikuliere Sinode word versoek om hierdie beskrywingspunt deur te stuur na die Algemene Sinode. — Part. Sinode Oos-Transvaal. (Toeligtig deur di. J. Ligthelm en J. P. Coetzee).

Besluit: Dit word aan die deputate vir Radio-uitsendings opgedra om beswaar aan te teken teen genoemde misbruik en lidmate moet besondere gevalle onder die aandag van genoemde deputate bring.

Art. 173. (182).

Prosedure i.v.m. beswaarskrifte.

Die Rapporte van die deputate word toegelig deur ds G. P. L. van der Linde en dr. D. Kempff, respektiewelik by die meerderheids- en minderheidsrapport.

A. *Meerderheidsrapport.*

U Deputate lê die volgende ter uitvoering van ons opdrag aan u voor:

1. *Opdrag.*

Die Deputate, benoem deur die Sinode 1955, het op die Sinode van 1958 gerapporteer: „Die opdrag insake prosedure van 'n beswaarskrif of gravamen is uitgevoer en besonderhede word gegee by art. 31 van die konsep (K.O.)” (Acta 1958, p. 96, 4 h.). Hierop is besluit: „Gesien die prosedure neergelê met betrekking tot die hersiening van die K.O., word punt 4 h. na 'n ander kommissie verwys om staande die Sinode te rapporteer” (Acta 1958, p. 106, 3a). Dan lui art. 311 (Acta 1958, pp. 106-7): „Aangesien hierdie saak nie afgehandel is nie, word besluit om dit na 'n deputaatskap te verwys om op die volgende Sinode te rapporteer”.

2. *Uitvoering van opdrag.*

Dit is nodig om vooraf duidelik te stel wat onder *gravamen* verstaan word. Uit die geskiedenis blyk dat daaronder verstaan word: 'n beswaar teen die aangenome belydenis, K.O. of enige ander besluit van die Sinode op grond van Gods Woord. Dit gaan hier dus net om 'n beswaar ter wille van die gewete waar die oortuiging is of 'n bedenking leef dat die betrokke stuk, waarteen beswaar gemaak word, die gewete hind sonder dat dit op die Woord van God rus. As die beswaar nog nie gevestig is nie maar daar tog ernstige bedenkinge by iemand is oor die juistheid van 'n betrokke stuk of die interpretasie daarvan, neem die gravamen die vorm van 'n vraag of vrae aan om so tot duidelikheid te kom. Indien dit egter gaan oor 'n welgevestigde beswaar, is die bedoeling van die gravamen om 'n verandering op grond van Gods Woord in die betrokke stuk van die belydenis, K.O. of besluit aan te bring.

Die kerklike praktyk vanaf die Reformasie in verband met gravamina wys ons ook die weg aan tot die vasstelling van 'n prosedure by die indiening daarvan. Dan val dit op dat onderskeid gemaak word tussen gravamina met betrekking tot die leer en dié i.v.m. ander sake.

a. Wat die leer betref, word die prosedure in die Dordtse ondertekeningformulier vir bedienaars van die Woord, wat die hoofsaak betref, duidelik aangegee. In die Afrikaanse weergawe lui dit: „En as dit mag gebeur dat ons later enige bedenkinge of ander gevoele teen hierdie leer kry belooft ons . . . dat ons dit eers aan die kerkraad, klassis of sinode sal openbaar . . .” Bouwman (*Ceref. Kerkrecht*, II, p. 577) voer aan dat die bedoeling van die Dordtse Sinode was, soos dit uit die Latynse teks blyk (*parati semper nos iudicio presbyterii, classis aut Synodi subijcere volenti amimo*) dat die predikant sy bedenkinge aan een van die vergaderings, na sy keuse, vir die eerste keer bekend kan maak. (Vanselfsprekend beteken dit dat indien die gravamen byvoorbeeld deur die kerkraad as gegrond beskou word, die Kerkraad die saak verder voer om finaliter by die Sinode uitsluitel te kry, aangesien dit die belydenis raak.)

U Deputate is van oordeel dat hierdie vryheid wat predikante het, vanselfsprekend ook aan ander lidmate die reg gee om te kies by watter vergadering bedenkinge of besware teen die leer, d.w.s. teen die belydenis van die Kerk, vir die eerste keer ingedien kan word.

Omdat die K.O. na sy wese op die belydenis van die kerk rus, is ons van oordeel dat dieselfde vryheid gelaat moet word met betrekking tot die vergadering waar bedenkinge of besware daarteen vir die eerste keer ingedien moet word.

Indien 'n gravamen t.o.v. die leer of K.O. by die Sinode ingedien word, beveel ons aan dat aan die volgende vereistes voldoen moet word:

(1) Die gravamen moet betyds vir opname in die agenda van die Sinode in hande van die Deputate van Korrespondensie wees.

(2) Die beswaarde(s) moet sy/hulle gevoele(ns) eerlik openbaar in so juis moontlike woorde.

(3) Die Skrifgronde waarop die beswaarde hom beroep, moet baie duidelik aan die lig kom.

b. Wat besware *teen ander Sinodale besluite* betref, lê die saak enigsins anders. Ooreenkomstig art. 31 K.O. is alle besluite bindend tensy dit bewys kan word dat dit met die Woord van God en die artikels van die K.O. in stryd is. Uit die aard van die saak kan gravamina teen gewone besluite van die Sinode alleen by die Sinode ingedien word.

Hier beveel ons aan dat:

(1) die gravamen betyds, vir opname in die agenda van die Sinode, in hande van die Deputate van Korrespondensie moet wees;

(2) die besluit waarteen bedenkinge of beswaar ingedien word, woordeliks aangehaal moet word;

(3) die Skrifgronde en/of artikel van die K.O. waarop die bedenkinge of besware rus, duidelik uiteengesit moet word;

(4) 'n gravamen oor 'n besondere besluit nie meer as een keer ingedien mag word nie, tensy die beswaarde(s) met gewigtige redes aantoon waarom hy/hulle nie kan berus nie.

Met meeste agting, u broeders in Christus,

A. Duvenage, W. N. Coetzee, G. P. L. van der Linde (Rap.).

B. Minderheidsrapport.

Motivering van minderheidsrapport.

Die redes waarom ons ons met die meerderheidsrapport (i.s. prosedure by beswaarskrifte) nie kan verenig nie, is die volgende:

(1) Ons vind dit nodig om oor beswaarskrifte 'n parallele besluit met dié oor die appèl vas te stel (vgl. Sinode 1939, art. 135). Daartoe is nodig, wat nie in die ander rapport duidelik genoeg gestel word nie:

a. 'n duideliker uiteensetting oor die beginsels van die saak;

b. 'n aanduiding van die verskil tussen appèl en beswaarskrifte;

c. leiding nie net vir die Sinode nie maar leiding deur die Algemene Sinode vir alle kerklike vergaderings.

(ii) In die ander rapport word, onses insiens, *te veel* gereglementeer, o.a. deur twee stelle reëls, wat onnodig is en verwarrend kan wees.

1. Opdrag.

a. Soos in die meerderheidsrapport.

b. Wel is die vasstelling van prosedure aan ons opgedra, maar ons ag dit nodig om die hele saak breër toe te lig en veral om beginsels wat hierby in ag geneem moet word, vas te stel.

2. Agtergrond.

Voetius sê: „Gravamina zijn vragen of meeningen over moeilijkheden, welke in een kerk zijn ontstaan, of over zaken welke gemeenschappelijk alle kerken in 't gemeen of direct of op eenige wijze betreffen, en die in en door een kerk of classe niet volledig afgehandeld kunnen worden” (*Christ. Enc.*).

Op die Sinode van Dordrecht (1618/19) was daar o.a. beswaarskrifte i.s. die noodsaaklikheid en nuttigheid van 'n nuwe Bybelvertaling, i.s. doop van aangenome heidenkinderen, e.a. Uit die geskiedenis blyk verder dat daaronder verstaan word: 'n beswaar teen die aangenome Belydenis, K.O. of enige ander besluit, en dit op grond van die Skrif. In die kerklike lewe is dit in enger en ruimer sin gebruik:

a. *enger* — 'n beswaar teen een of ander geloofsartikel van die Belydenis van die kerk;

b. *ruimer* — allerlei besware, vrae, voorstelle aangaande die leer, kerkregering en erediens, ook al is dit nie in die Belydenis opgeneem nie.

3. Beginsels.

a. (1) By 'n beswaarskrif gaan dit oor die verband en verhouding tussen die Woord van God en die Belydenis, K.O., Sinodebesluite ens. Daarom moet vooropgestel word dat die Skrif absolute en bindende gesag het maar dat die kerk tog die reg en die plig het om uit die Woord sy Belydenis, kerkregering en ander besluite vas te stel. Hierdie laaste groep het teenoor die Skrif wel afgeleide gesag maar is tog noodsaaklik vir die opbou van en goeie orde in die kerk.

(2) Die Gereformeerde Kerk handhaaf verder dat elke lidmaat in die amp van die gelowige staan en dat nóg die ampsdraers nóg die kerklike vergaderings hom sy mondigheid mag ontnemen.

Elke gelowige mag dus sy kerk vra om hom te besin oor die vraag of iets in die Belydenis, K.O. of ander besluite wel in ooreenstemming met die Skrif is. Daarom mag elke lidmaat beswaar indien, sodat die betrokke kerklike vergadering die Belydenis, K.O. of besluite aan die Woord van God kan toets.

(3) Hierdie beginsel vind ons duidelik uitgedruk in art. 31 K.O., waar ons lees: „...en wat deur die meeste stemme goed gevind is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord...”. Ons vind dit ook in die Ondertekeningsformulier vir predikante, waarin staan: „En as dit mag gebeur dat ons later enige bedenking of ander gevoele teen hierdie leer kry, belooft ons... dat ons dit eers aan die kerkraad, klassis of sinode sal openbaar. Ons behou egter die reg van appèl as ons miskien deur die uitspraak... meen om beswaard te wees”. Hier hoor ons dus van die binding aan die Woord maar ook van die

reg om uitsprake te laat toets, wat daarvan kom dat kerklike vergaderings feilbaar is. Hierdie reg kom vanselfsprekend ook aan elke lidmaat toe.

b. Daar is vroeër verskil gemaak tussen beswaarskrifte i.s. die leer en i.s. ander sinodale of kerklike besluite. Hier is natuurlik 'n verskil. By besware teen die *leer* is direkte toetsing aan die Skrif natuurlik noodsaaklik en moet dit op grond van die Skrif uitgemaak word. Aan die ander kant kan daar ook wel besware wees teen sekere besluite (vgl. art. 31 K.O.: „... tensy bewys word dat dit in stryd is ... met die artikels van hierdie Kerkorde”). Dan sou byvoorbeeld bewys kan word dat 'n sekere besluit bots met die K.O., waarby alleen indirekte beroep op die Woord moontlik is, en dat só 'n beswaar ook gegrond kan wees. Ons glo egter dat dit vir die *praktyk* van die prosedure nie verskil maak nie.

c. Dit is ook nodig om te onderskei tussen 'n beswaarskrif en 'n appèl. Art. 31 K.O. bepaal: „As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is (Amerikaanse K.O. sê: „that he has been wronged”), kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep ...”. Twee sake staan hierby vas, naamlik:

(1) by krenking van reg mag geappelleer word (vgl. Sinode 1939, art. 135);

(2) die vergadering wat die besluit geneem het, word nie gevra om oor die saak te oordeel nie, maar 'n beroep word gedoen van 'n mindere op 'n meerdere vergadering om te oordeel.

By 'n beswaarskrif daarenteen geld die volgende:

(1) Hier is nie sprake van krenking van reg nie, maar beswaar word gemaak teen 'n besluit omdat dit in stryd is met die Woord van God, Belydenisskrifte of die K.O.

(2) Die vergadering wat die besluit geneem het, word met die beswaarskrif gevra om self weer die saak in heroorweging te neem — uiteraard geld dit as vanselfsprekend by die Algemene Sinode.

(3) Indien daar met die behandeling van 'n beswaarskrif regs-krenking sou plaasvind, is appèl van 'n mindere na meerdere vergadering moontlik — so iets kan natuurlik nie by die Algemene Sinode gebeur nie.

4. Prosedure.

Op grond van die voorgaande wil ons die prosedure i.s. beswaarskrifte soos volg stel:

a. Die beswaarskrif moet betyds vir opname in die agenda van die betrokke vergadering in die hande van die betrokke deputate (of skriba by die kerkraad) wees.

b. Die besluit waarteen die bedenkinge bestaan, moet duidelik of woordeliks aangegee word.

c. Die gronde, uit Skrif, Belydenis of Kerkorde, waarop die beswaar steun, moet ook duidelik aangegee word.

d. 'n Beswaarskrif oor 'n besondere besluit mag nie meer as een keer ingedien word nie tensy die beswaarde(s) met gewigtige redes aantoon waarom nie berus kan word nie.

e. Elke vergadering behandel die saak soos hy dit self goedvind.
U Deputaat benoem deur die Sinode van 1958,
Dion Kempff.

Besluit: (Art. 182). Die Sinode besluit om die prosedure vir die behandeling van gravamina soos vervat in die meerderheids- en minderheidsrapporte na deputate te verwys om by die volgende Sinode te rapporteer.

Art. 174. — *Verdagings.*

Die vergadering verdaag vir middaget.

Art. 175.

Finansies.

A. Die Verslag van die Finansiële Kommissie (vgl. art. 15. C.) word toegelig deur ds. I. J. Lessing.

Besluit: Die Verslag, soos gewysig deur die Sinode, word soos volg goedgekeur, en met dank aanvaar:

1. Ramings:

a. *Teologiese Skool-kas per jaar* (Art. 73. 22. (f), bl. 257).

(1) *Uitgawes.*

Traktement professore	£5400	0	0
Bydrae E.P.P.W. en W.-Fonds	972	0	0
Jubileumfondsheurse	250	0	0
Reiskoste Kuratore	300	0	0
Assistent-Bibliotekaris, Sekretaris en tikster	1000	0	0
Opsigter	724	0	0
Bediendes	270	0	0
Onderhoud van geboue	300	0	0
Reserwe vir traktement	250	0	0
Biblioteek	200	0	0
Huisvesting	120	0	0
Subsidie teologiese publikasies	50	0	0
Voorsiening vir kantoorruimte	150	0	0
Teologiese Skool-boekie	60	0	0
Burokoste en kleinkontant	550	0	0
Onvoorsiene uitgawe	150	0	0
Reiskoste Kieskollege	60	0	0

Min rente ontvang

10806 0 0

1056 0 0

9750 0 0

(2) *Inkomste.*

£18-12-0 per 100 lidmate £10,099 16 0

(3) *Ander aanbevelings i.v.m. Teologiese Skool-kas:*

Ons beveel die volgende veranderings aan op die begroting wat deur die Kuratore by u ingedien is:

(a) *Biblioteek*: Die beraamde £600 word verminder na £200 per jaar, maar dan word uit die Senaatskas £100 per jaar aan die biblioteek bestee, en die Kuratore kry verder toestemming om in die kerkverband oproepe te doen om verdere bydraes.

(b) Ook die volgende beraamde uitgawes van die Kuratore word verhaal uit die *Senaatskas*:

(i) Vervoer buitelandse besoekers £50 0 0
(ii) Reiskoste bywoning wetenskaplike konferensies 25 0 0
(iii) Rektorstoelae 50 0 0

(c) Vir die *aankoop van die grond* van die Stadsraad word nie geraam nie, maar 'n gedeelte van die opgehoopte saldo word daarvoor gebruik.

b. (1) *Sinodale kas per jaar:*

Sinodekoste 1964 £1600 0 0
Boufonds 1300 0 0
Reiskoste deputeate 800 0 0
Onvoorsiene uitgawes 100 0 0
Burokoste en kleinkontant 450 0 0

£4250 0 0

Inkomste £8-0-0 per 100 lidmate £4344-0-0.

(2) *Ander aanbevelings i.v.m. Sinodale Kas.*

Ons beveel aan dat nie beraam word vir die Ekumeniese Sinode nie maar dat die koste daarvoor verhaal word uit die bestaande saldo van die Sinodale Kas.

Boustowwe Argief. (Art. 104, m. en n., bl. 364).

(Notule, Art. 104, 5. m. en n.).

Koste toegeruste persoon i.s. argief £900 0 0
Materiaal 50 0 0
Tikster 60 0 0
Inbind ens. 100 0 0

Vir drie jaar £1110 0 0

Begroting per jaar £370 0 0.

Inkomste 14/- per 100 lidmate £380-2-0.

Verder word opgehoopte (ongebruikte) gelde ook beskikbaar gestel.

d. *E.P.P.W. en W.-Fonds* per jaar (Art. 67).

Geskatte bedrag benodig vir 3 jaar teen £162 per diensdoende predikant is: £84,400.

Gemiddeld per jaar is £28,134 0 0
Min predikant in ander dienste 2,592 0 0
Min 3 kollekte per jaar 3,800 0 0

£21,742 0 0

Inkomste: Raming £40 per 100 lidmate £21,600.

e. *Sending: per jaar:*

(1) *Uitgawes* (Art. 54, 10. d. — Begroting, bl. 206).
Ons beveel aan dat die uitgawes soos volg moet wees:

(a) *Teologiese Opleiding Nie-blankes.*

(i) Onderhoud, administrasie ens. van geboue per jaar:

Versekering £20 0 0
Opsigtersloon 150 0 0
Benodigdhede vir opsigter 40 0 0
Instandhouding en verbeterings 100 0 0
Drukwerk en skryfbehoeftes 120 0 0
Telefoon 60 0 0
Water en ligte 60 0 0
Diverse 60 0 0

£610 0 0

(ii) *Hulp aan studente.*

Boekbeurse £350 0 0
Reisbeurse 360 0 0
Losiesbeurse 1200 0 0
Leningsbeurse 50 0 0

£1960 0 0

Hierby beveel ons aan dat die Kuratore toestemming ontvang om in die kerkverband te kollekteer vir verdere hulp aan nie-blanke teologiese studente.

(iii) *Biblioteek* £150 0 0
Reis- en verblyfkoste personeel en Senaat 60 0 0
Traktement twee blanke dosente 3900 0 0
Nie-blanke hulpdosent 480 0 0
E.P.P.W. en W.-Fonds plus £162 324 0 0
Salarisse kantoorpersoneel 480 0 0
Toerusting 33 0 0

£5427 0 0

(iv) *Verskuiwing Teologiese Skool:*

Aflossing kapitaal en rente op lening van £6000 vir 12 jaar £670 0 0

Totale uitgawes i.s. teologiese opleiding: £8667 0 0

(b) *Algemene uitgawes Sendingdeputate:*
Sendingkantoor:

<i>Salarisse:</i>			
Deeltydse skriba	£600	0	0
Tikster-klerk	240	0	0
Tikmasjien	30	0	0
Staalkas	5	0	0
Skryfbehoeftes	60	0	0
Telefoon	60	0	0
Kantoorhuur	24	0	0
Reiskoste skriba	240	0	0
Administratiewe Buro	300	0	0
Reiskoste deputate en Kuratore	350	0	0

£1909 0 0

(c) *Sustentatie Sending:*
 Ons beveil aan dat die bedrag aan sustentatie oor die loop van drie jaar verminder word:

<i>Natal:</i>			
1e jaar	£800	0	0
2e jaar	600	0	0
3e jaar	400	0	0
<i>Noord-Transvaal:</i>			
1e jaar	2500	0	0
2e jaar	2000	0	0
3e jaar	1500	0	0
<i>Oos-Transvaal:</i>			
1e jaar	525	0	0
2e jaar	525	0	0
3e jaar	525	0	0

oor drie jaar £9375 0 0
 per jaar £3125 0 0

Opsomming Uitgawes: per jaar.

(a) Teologiese opleiding nie-blankes	£8667	0	0
(b) Algemene uitgawes	1909	0	0
(c) Sustentatie	3125	0	0

£13,701 0 0

(2) *Inkomste:*

Raming van £25 per 100 lidmate £13,500.

(3) *Mafeking:* Bedrag van £625 word uitbetaal uit die ramings alreeds ingevorder (Art. 54. 10. d. II. a. (3), bl. 207).

f. *Eupeesviering:*

Uitgawes:

Onverhaalbare tekort £1,450.

Inkomste:

Raming £1 per 100 lidmate £540 per jaar.

Toeliging: Tekort op publikasies is nog ongeveer £1500 plus rente. Die Sinode het egter geen gegewens i.v.m. die voorraad boeke nog op hande van die deputate vir die Eupeesviering ontvang nie. Ons meen egter dat die tekort uit die verkoop van boeke gedek behoort te word.

g. *Universiteit.*

Raming £8.7.6 per 100 lidmate £4,500 per jaar.

2. a. *Opsomming van Ramings per 100 lidmate.*

Teologiese Skool-kas	£18	12	0
Sinodale kas	8	0	0
Boustowwe	14	0	0
E.P.P.W. en W.-Fonds	40	0	0
Sending	25	0	0
Eupeesviering	1	0	0
Universiteit	8	7	6

b. *Verpligte kollektes.*

£101 13 6

(1) Kas vir behoeftige studente: 1 kollekte per jaar met 'n diens wat goed bygewoon word.

(2) E.P.P.W. en W.-Fonds: 3 kollektes per jaar met dienste wat goed bygewoon word.

(3) Britse en Buitelandse Bybelgenootskap: 1 kollekte op Sondag naaste aan Hervormingsdag.

c. *Vrywillige bydraes.*

C.H.O.-Leningsfonds.

Biblioteek Teologiese Skool.

Duvenagefonds.

Fonds vir Teologiese Skool vir nie-blankes.

Evangelisasie.

Evangeliese aksie in België.

Bydrae vir Christiana.

Bestryding van Kommunisme e.a. sosiale euwels.

d. *Verdere aanbeveling i.s. ramings:*

Volgens die rapport van die deputate van Beheer is daar sommige kerkrade wat van tyd tot tyd agterstallig is met die betaling van ramings en die aanstuur van kollektes.

Besluit: (vgl. art. 74. B. 9). Die besluit van die Sinode van 1936, art. 70, het in onbruik geraak deurdat die Sinode nie meer die begroting tussen die verskillende Part. Sinodes verdeel nie. Daarom stuur die Administratiewe Buro die beramings wat die Sinode goedkeur aan elke kerkraad en daarby word uitdruklik benadruk:

(1) Die Klassis moet toesig hou dat elke kerk sy aandeel aanstuur.

- (2) Van elke kerkraad word verwag om die ramings ten minste aan die begin van elke kwartaal aan te stuur, as dit nie meteens vir ses maande aangestuur kan word nie.
- (3) Kollektes behoort aangestuur te word net nadat dit opgeneem is.
- (4) Aan die deputate vir Beheer word opgedra om gevalle van agterstallige bedrae onder die aandag van die betrokke Klassis te bring.
3. Finansiële Rapport van deputate vir *Die Kerkblad* (i.s. rapport oor drie jaar en salarisse). — Kyk by art. 85. B. 2., bl. 305.
4. *Almanak* (i.s. 6d. vir Boufonds). Kyk by art. 86. A. h., bl. 308.
5. *Reiskoste Sendingdeputate* — Waar geen treinvervoer moontlik is nie, word aan deputate 9d. per myl betaal, sonder enige verblyf-koste (vgl. art. 54. 12. (iv), bl. 212).
6. *Kollekte Christiana* — Toegestaan (vgl. art. 74. C. 7, bl. 284).
7. *Rentekoers op beleggings van kerklike fondse* (vgl. art. 74. B. 5. II. 3. en IV. 3., C. 1.):
- a. Die Sinode dra die vasstelling van rentekoers op aan die deputate vir Beheer van die Administratiewe Buro.
 - b. By die vasstelling van rente moet die Deputate die heersende rentekoers van bougenootskappe in ag neem.
 - c. Indien enigins moontlik moet die rente op fondse wat alreeds belê is, aangepas word by 'n eventuele veranderde rentekoers.
8. *Reiskoste deputate na die Algemene Sinode*.
Die reëling vir betaling van reiskoste (vgl. art. 99, bl. 348) is ook geldig vir die toekoms, met dien verstande dat die aantal dae wat 'n deputaat op reis sou wees, bereken moet word as die totale aantal ure wat hy heen en weer sou ry teen 24 uur per dag.
9. *Eupeesbedieningsfonds*. (Rapport van deputate). Kyk by art. 82.
10. *Beskrywingspunte* (i.s. administrasie en uitkering van rente uit Eupeesbedieningsfonds — vgl. art. 74. C. 3., 4., 5.). Dis beantwoord deur die Reglement vir advies i.s. toeseëgings uit rente van die Eupeesbedieningsfonds — art. 82. 7.).
11. *Beskrywingspunt* (i.s. ander metode van toekenning van sustentasie — vgl. art. 74. C. 6., bl. 283). Hieraan word nie gevolg gegee nie, want toekenning van sustentasie berus by die Part. Sinodes.

Besluit: Die volgende voorstel i.s. finansies word aanvaar: Met die oog op die gedurige styging van die finansiële laste van die Kerk en die daaruit voortvloeiende verhoging van ramings, wat in sommige gevalle die werk van die plaaslike kerke strem, benoem die Sinode deputate, waaronder ook twee

finansiële deskundiges, met die opdrag om die hele finansiële struktuur van die kerk te bestudeer en rapport te lewer op die volgende Sinode.

Besonderlik moet gelet word op:

- (i) die E.P.P.W. en W.-Fonds;
- (ii) verlaging van ramings;
- (iii) belegging van kerklike fondse;
- (iv) ander sake wat die finansies van die kerk raak, soos moontlike besuiniging ens. (Vgl. art. 57., 6, besluit 2. b. (vii)).

Art. 176. (Presensielys). Kyk by art. 2. B.

Art. 177. (Kworum). Kyk by art. 2. B.

Art. 178. (Insake vertrek van deputate). Kyk by art. 2. B.

Art. 179. (Beswaarskrif i.s. G.S.O.). Kyk by art. 152.

Art. 180.

G.S.O.

A. Die Rapport van die deputate (di. J. W. J. van Ryssen, G. P. L. van der Linde, J. L. de Bruin, L. J. Buys, H. F. V. Krüger, B. R. Krüger, P. W. Buys) word deur ds. Van der Linde voorgelê.

U Deputate met opdrag: om voort te gaan „om die Susters te adviseer tot uitlewing van die beginsel (nl. „dat op kerklike erf geen verenigings bestaansreg het nie”) in die praktyk”; (Acta 1958, p. 288) rapporteer die volgende:

1. Ses vergaderings is deur die Deputate gehou. Die notule is behoorlik gehou en is beskikbaar indien nadere besonderhede verlang word.

2. Alle Uniale komiteevergaderings van die Susters is deur die Deputate bygewoon, ook die Uniale sowel as provinsiale konferensies. Laasgenoemde is elk alleen deur twee deputate, volgens 'n skema van werkverdeling, bygewoon.

3. Op die deputatevergaderings is aandag gegee aan die prinsipiële gronde waarop die hulpdiens, soos beoog deur die G.S.O.'s, in die kerk rus, om sodoende duidelike leiding te kan gee aan die Susters.

4. Die volgende algemene advies is skriftelik aan die Susters uitgereik om as riglyn te dien: „Die eerwaarde Algemene Sinode het in 1958 weer die beginsel beklemtoon dat op kerklike erf geen verenigings bestaansreg het nie. Daarby is opdrag gegee dat die deputate voortgaan om die Susters te adviseer tot uitlewing van die beginsel in die praktyk.

Daarmee word die historiese ontwikkeling van die Sustershulpdiens in ons kerklike lewe terdeë in aanmerking geneem. Die Sinode se opdrag aan die Deputate is dus nie om advies uit te bring asof die Sustershulpdiens nou vir die eerste keer ter sprake kom nie.

In die lig hiervan gaan die Deputate dan uit van die Skrifgedagte, wat vanselfsprekend ook in die Konfessie en K.O. begrepe is, dat in aansluiting by die besondere ampte daar ook hulpdienste in die kerk is. Die vrouhulpdienste neem veral 'n besondere plek in, maar dit moet nooit uit die oog verloor word nie dat hierdie hulpdienste altyd onderworpe is en bly aan die kerkraad. Die organisasie van die Sustershulpdienste mag dan nooit 'n selfstandige organisasie in die kerk wees nie.

In die praktyk kom dit daarop neer.

a. Soos 'n kerkraad verskillende kommissies vir verskillende sake benoem, kan dit ook in verband met die Sustershulpdiens gedoen word. Hoe hierdie kommissie saamgestel word, sowel as hulle opdrag, is 'n saak vir elke kerkraad, met inagneming van die beginsel.

Dit kan soos volg gedoen word:

Die kerkraad roep die Susters byeen en stel 'n kommissie uit hulle saam wat funksioneer volgens 'n plaaslike reglement van orde en van tyd tot tyd by die kerkraad van hulle werksaamhede verslag doen. Die aandag word in hierdie verband ook gevestig op die werksaamhede waarvan sprake is in die Sinodebesluit 1942, art. 45.

b. Die Susterskomitees van die verskillende plaaslike kerke kan desverkiekend, i.v.m. sake rakende hulle hulpdienste, in konferensies byeenkom. Uit die aard van die saak kan geen bindende besluit op so 'n konferensie geneem word nie.

c. Die Sinode kan deputate benoem om desgewens by hierdie konferensies adviserend op te tree.

d. Konferensies word byeengeroep deur 'n komitee daartoe aangewys om voorbereidingswerk vir die volgende konferensie te doen, o.a. die agenda op te stel en die volgende konferensie in funksie te stel.

e. Vroueblad: Gesien die historiese agtergrond van die blad en die huidige stand van sake, finansiële en andersins, en die beginsel dat dit 'n lidmaat of lidmate vrystaan om 'n eie blad uit te gee, bly die organisasie en administrasie van die blad soos dit tans is.

In ooreenstemming met voorgaande advies is die reglement van die orde en die huishoudelike reglement van die Uniale konferensie gewysig. Dit word as bylaag aangeheg.

5. U Deputate het telkens, wanneer daartoe versoek of wanneer dit wenslik geag is, op komiteevergadering en konferensies leiding gegee.

6. Ten slotte wil die Deputate daarop wys dat, gesien ontwikkelinge in die verlede, die beginsel in die praktyk nog nie ten volle toegepas is nie. U Deputate vestig die aandag daarop dat dit noodsaaklik is dat nog verder besin moet word oor die vraag by wie die uitgee van die *Vroueblad* moet berus. Daar is egter reeds ver op

die weg gevorder om die praktyk by die beginsel aan te pas, en ons beveel aan dat weer deputate met dieselfde opdrag benoem sal word.

Besluit:

1. Van die Rapport word net kennis geneem met hartlike dank aan die deputate (vgl. art. 152. C. — Depte. Acta.).
2. Die Reglement van Orde ens., wat 'n bylae is (vgl. punt 4. e.), word nie in die Acta opgeneem nie.

Art. 181.

Beskrywingspunt — verband van Klassis Translimpopo.

Toelichting word gegee deur ds. H. J. Kruger.

Die Generale Sinode word gevra om by die lig van art. 51 K.O. aandag te gee aan die posisie van die Klassis Translimpopo. — Part. Sinode Noord-Transvaal. (Di. P. J. Opperman en H. J. Kruger sal toelig).

Besluit: Die Sinode dra dit aan die deputate vir Korrespondensie op om hierdie probleem in studie te neem en by die volgende Sinode te rapporteer.

Art. 182. (Prosedure i.v.m. beswaarskrifte). Kyk by art. 173.

Art. 183. (Almanak). Kyk by art. 86.

Art. 184. (Preekoefeninge, Preparatoir en Peremptoir eksamens). Kyk by art. 73.

Art. 185. (Bestryding Sosiale Euwels). Kyk by art. 131.

Art. 186. (Kerkorde). Kyk by art. 97.

Art. 187. (Deputate na Ekumeniese Sinode). Kyk by art. 46.

Art. 188. (Immigrasie). Kyk by art. 135.

Art. 189. A. (Beswaarskrif i.s. leesdienste). Kyk by art. 150.

B. (Beswaarskrif i.s. kollekte en Skrifberymings). Kyk by art. 151.

Art. 190. (I.s. herdenking Heidelbergse Kategismus, ens.). Kyk by art. 101. C. 3. (c).

Art. 191. (Mandaat C.N.O.-deputate). Kyk by art. 154.

Art. 192. (Kerkmusiek). Kyk by art. 153.

Art. 193.

Benoeming van deputate.

Die Verslag van die Kommissie ad hoc (vgl. art. 15. D.) word aan die vergadering voorgedra en na wenke word dit na die Kommissie terugverwys en indien daar geen kworum aanwesig is nie, sal dit deur die aanwesige lede van die Sinode vasgestel word.

Art. 194. — *Notule.*

Die notule word vasgestel van art. 144 tot art. 188.

Art. 195. — *Sluiting.*

Ds. H. J. van der Walt sluit af deur te laat sing Ps. 128 : 1 en in gebed voor te gaan.

DONDERDAG 9 FEBRUARIE 1961

Art. 196. — *Opening.*

Die Voorsitter lees 1 Petrus 1 : 13—16 om die dag se werksaamhede te open. Daarna laat ds. J. F. du Plooy sing Ps. 16 : 3, en hy gaan voor in gebed.

Art. 197 (a).

Hersiening van die besluite i.s. Korrespondensie.

A. Die Rapport van die deputate (prof. S. du Toit, dr. S. J. van der Walt, oudl. T. den Boer, dr. D. Kempff en prof. W. J. Snyman (Adviseur) word toegelig deur dr. Kempff.

1. Die *opdrag* aan u Deputate vind u in die Acta 1958, p. 50, art. 259, waar ons lees (i.s. korrespondensie met die Christelik Gereformeerde Kerke in Nederland):

„1. b. Daar kan volgens die besluit van 1955 (Acta, p. 163, 4 en 5) nie van dubbele korrespondensie sprake wees nie.

2. Aangesien hierdie Kerke egter met ons een is in diens, leer en tug, benoem die eerw. Sinode deputate om bogenoemde besluite weer in studie te neem en met die volgende Sinode te rapporteer”.

Ondergetekendes is deur die Sinode as deputate hiervoor benoem, terwyl prof. Snyman adviseur was en ons van goeie raad gedien het.

2. Die punte waarna verwys word in die Acta 1955, waarmee ons te doen het, lui volledig soos volg (p. 163):

„c. *Konklusies:*

(1) Die term „korrespondensie” hoef nie vervang te word deur ’n ander term wat beter sal pas by die huidige omstandighede nie, maar dit moet slegs nader omskryf word.

(2) Die nadere omskrywing moet saamval met die onderskeiding van kerke in dieselfde kerkverband, en min of meer verwante kerke in verskillende kerkverband.

(3) Die nadere omskrywing moet aansluit by dié van die Sinode van Grand Rapids, nl. korrespondensie in engere (of eintlike) sin en korrespondensie in ruimer sin. Die eerste sien dan op kerke in een kerkverband (art. 48 K.O.), ook waar dit oor die nasionale grense heen gaan. Dit is *kerklike* korrespondensie. Die tweede sien op kerke in verskillende kerkverband. Dit is *interkerklike* korrespondensie.

(4) Gelyktydige korrespondensie van ’n kerk in een land met kerke in verskillende kerkverband in ’n ander land is moontlik met

inagneming van die onderskeiding tussen korrespondensie in *enger* en korrespondensie in *ruimer* sin.

(5) Sowel korrespondensie in ruimer sin as korrespondensie in enger sin kan onderhewig wees aan nadere reëling. Wat die laaste betref, kan bv. rekening gehou word met besondere omstandighede”.

Hoewel dit eintlik net gaan om punte (4) en (5), ag ons dit nodig om al die punte te gee, sodat die saak in geheel besien kan word.

3. a. Aandag moet geskenk word aan punt (3) hierbo genoem (Acta 1955, p. 163), waar onderskeid gemaak word tussen kerklike korrespondensie in enger sin, waar kerkverband oor *nasionale* grense gaan, en aan die ander kant die ruimere, interkerklike korrespondensie, wat betrekking het op kerke in verskillende kerkverband.

Hierby moet genoem word dat die „nasionale grense” nie alleen op kerke oorsee betrekking hoef te hê nie, maar byvoorbeeld ook kan verwys na die verband tussen Blanke- en Bantoe-Gereformeerde Kerke in ons land, waar taalgrense oorskry word. In sodanige geval kan daar ook kerklike korrespondensie (in enger sin) voorkom.

b. U Deputate het daarop ag gegee dat hierdie besluit van 1958 wel as gevolg van ’n *praktiese* geval ter sprake gekom het (i.s. Christ. Geref. Kerke) maar het tog hul opdrag sô gelees dat bepaal moet word hoe die beginsel die praktyk hier tref.

c. Volledigheidshalwe moet die aandag daarop gevestig word dat die Sinode van 1958 gebonde was aan die besluit van 1955, soos ook geblyk het uit die aanvaarding van die rapport van die kommissie ad hoc (p. 50), waarin dié woorde voorkom:

„1. b. Daar kan volgens die besluit van 1955 (Acta, p. 163, 4 en 5) *nie van dubbele korrespondensie sprake wees nie*”.

4. Oor die saak self kan nou die volgende gestel word, veral op grond van die omstandighede wat in die praktyk voorkom:

a. Tot 1892 het die *Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* kerklike korrespondensie met die *Chr. Geref. Kerk* in Nederland onderhou. Na die vereniging in 1892 het dié korrespondensie oorgegaan op die verenigde kerke, wat die naam die *Gereformeerde Kerke in Nederland* dra. Hierdie korrespondensie is gehandhaaf sonder dat ons Kerk die besluit van die Gereformeerde Kerke in Nederland van 1905 (i.s. verbond en doop), en daaropvolgende besluite, oorgeneem het.

Intussen is ons bewus daarvan dat die *Chr. Geref. Kerke* in Nederland na 1892 afsonderlik bly voortbestaan het, asook dat daar die *Gereformeerde Kerke (onderhoudende art. 31 K.O.)* tot formasie gekom het as gevolg van allerlei probleme wat die gemoedere in Nederland in beroering gebring het. Sô vind ons ook verskillende Gereformeerde Kerke in die V.S.A., Kanada en Australië. Hierdie

Kerke staan op dieselfde belydenisgrondslag as ons, terwyl ook die Dordtse Kerkorde in gebruik is.

Hierdeur is nou 'n toestand geskep wat nie bestaan het in byvoorbeeld die tyd van Calvyn of die Dordtse Sinode nie, naamlik dat daar in een land meerdere Gereformeerde Kerke voorkom. Allerlei oorsake en faktore het natuurlik hierdie toedrag van sake in die hand gewerk. Hieroor kan natuurlik wel verskil van opinie bestaan, maar dit staan in elk geval vas dat ons hier met 'n toestand in die *werklikheid* te doen het, waarby die verskeurende invloede van die sonde ook sy aandeel gelever het.

b. By hierdie sake moet verder beslis onthou word dat dit wat elders verdeling bewerk, nie hier by ons as faktore meetel nie. So byvoorbeeld het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie die genoemde besluit van 1905 aan- of oorgeneem nie (wat ook geld t.o.v. die besluit oor art. 36 Nederlandse Geloofsbelydenis). Moet ons nie onder hierdie omstandighede juis poog om met *al* daardie kerke wat in leer, diens en tug met ons één is — terwyl daar tog in aksentuering ens. kleinere verskille i.v.m. al die kerke voorkom — kerklike korrespondensie te onderhou nie? Wat ons betref, *staan die vraagstukke wat elders verdeling bewerk, nog oop*. Deur korrespondensie met meer as een kerk te hê kan selfs 'n stille protes uitgaan oor die verdeling wat elders heers, want ons is stellig geroep om te getuig.

Kerklike korrespondensie met al hierdie Gereformeerde Kerke kan verder bevorder dat daar niks is wat lidmate uit daardie kerke wat na ons land verhuis, verhinder om 'n geestelike tuiste hier te vind nie — die struikelblokke van elders bestaán hier eenvoudig nie!

c. Vir die toekoms, ook in ons eie land, moet daarmee rekening gehou word dat kerklike korrespondensie *steeds nader omskryf moet word*, na die eis van omstandighede. Ons lees tog oor die betekenis van kerklike korrespondensie (Acta 1955, p. 161, B. 1. b. (1)) dit „dat kerke hulle kansels vir mekaar oopstel, die sertifikate van lidmaatskap wederkerig as geldig erken, lidmate oor en weer toelaat tot die Nagmaalstafel, en afgevaardigdes oor en weer na sinodes stuur...”. Die uitvoering hiervan, waar daar byvoorbeeld praktiese moeilikhede is, sal ongetwyfeld oopstaan vir nadere reëling.

5. In die lig van al hierdie feite wil ons derhalwe aanbeveel met verwysing na die besluite van 1955 (Acta 1955, p. 163):

a. Al die konklusies van (1) tot (5) bly onveranderd, omdat die beginsels daarin duidelik en goed uiteengesit word.

b. Ter aanvulling van punt (4) word as praktiese toepassing van die prinsipiële uitspraak, wat korrespondensie in engere sin op 'n ongewone praktiese situasie betref, die volgende gestel:

Gelyktydige kerklike korrespondensie (in enger sin) van 'n kerk in een land met kerke in verskillende kerkverband in 'n ander land

waarmee daar eenheid in leer, diens en tug bestaan, kan onderhou word. Hierdie moontlikheid word daardeur geskep dat die verdeling en skeiding wat in een land heers, nog glad nie die kerke in ander lande in daardie geskilpunte betrek nie, omdat hulle in wese nog *oopstaan* ten opsigte van sake wat elders die gemoedere verdeel.

So ook kan kerklike korrespondensie onderhou word oor taalgrense heen binne eie landsgrense wanneer daar tog eenheid in leer, diens en tug is.

Besluit: Daar word met hartlike dank kennis geneem van die Rapport en die aanbeveling (punt 5) word aanvaar.

Art. 197. (b).

Korrespondensie met buitelandse kerke.

Die Rapport en Aanvullende Rapport van die deputate (prof. S. P. van der Walt, di. W. J. van der Merwe, I. J. Lessing, J. W. J. van Ryssen, D. Kempff) word toegelig deur dr. Kempff.

Enkele punte (by A. 3. en B. 2.) is verwys na die kommissie i.s. studie van rassebetrekkinge in die lig van die Heilige Skrif (vgl. art. 36. B.) en hulle verslag hieroor word deur ds. J. L. Helberg toegelig.

U Deputate het die eer om soos volg te rapporteer:

A. *Uitvoering van opdragte van die Sinode van 1958.*

1. a. *Geref. Kerke in Indonesië* [Acta 1958, bl. 47, (3(a)) en bl. 49, (4) en bl. 50 (E 1 (b) (3))]: brief van bemoediging word gestuur aan die *Geref. Kerke in Indonesië* voor hul eersvolgende Sinodesitting.

b. Hierdie brief is geskryf, hoewel nie betyds voor die sitting van daardie Sinode nie.

c. U Deputate het hier gestuit op dié probleem dat sodanige opdrag, wat spoedeisend was, verlore gegaan het omdat die Acta nie direk beskikbaar is nie en met die drukte van werksaamheid ná die Sinode. Daarom wil ons aanbeveel dat dergelike spoedeisende sake deur die Sinode self afgehandel moet word.

d. Antwoord is ontvang waarin o.a. vermeld word: „Ondanks de vele moeilijkheden, waarmede wij vaak te kampen hebben kunnen wij met Gods hulp onze arbeid voortzetten tot heil van de mensheid”.

— **Goedgekeur.**

2. *Reformed Churches of Australia* [Acta 1958, bl. 47 (3 b) en bl. 49, (5) en bl. 81, (2)].

a. Hierdie opdrag om korrespondensie aan te bied is uitgevoer deur 'n skrywe aan dié kerk.

b. Nog geen verdere reaksie is ontvang nie, behalwe dat 'n Acta van hulle Sinode en Jaarverslag via br. W. Hovy ontvang is, wat egter aan ons versend is voor die brief aan hulle gerig is.

— **Goedgekeur.**

3. *Dutch Reformed Church of Ceylon* [Acta 1958, bl. 47 (3)(c) 49 (6), bl. 51 (3)].

- a. Die opdrag om korrespondensie aan te bied, is uitgevoer.
- b. Geen reaksie is verder ontvang nie.

Hierby word geneem die brief wat van hierdie kerk ontvang is (vgl. art. 18. 9. c. (viii) i.s. korrespondensie en apartheidspolitiek as ook die verslag van die kommissie ad hoc:

Besluit: Die brief word na die deputate vir Korrespondensie verwys om genoemde kerk soos volg te antwoord:

- a) Waardering te betuig vir hulle navraag i.v.m. die „Apartheid policy”, waardeur die Christelike weg gevolg is;
- b) n.a.v. die woorde „most bitter attack on apartheid policy” op die feit te wys dat daar baie leuens in die buiteland versprei word en publikasies van die Departement van Bantoe-sake aan te stuur;
- c) hulle te bedank vir die goeie gees;
- d) die Sinode se bevindinge i.s. rasseverhoudinge aan hulle te stuur.

4. *Reformed Churches of New Zealand* [Acta 1958, bl. 48 (3)(e), 49 (8), 51 (5)].

- a. Die opdrag om korrespondensie aan te bied is uitgevoer.
- b. Niks is verder van hulle verneem nie. — **Kennis geneem.**
5. *Ekumeniese Sinode 1958.*

Die Deputate vir Korrespondensie het die nodige reëlins getref vir die druk en versending van die agenda, vir die ontvangs en huisvesting van die afgevaardigdes, adviseurs en waarnemers na die Sinode.

Op die Sinode was 30 afgevaardigdes; 7 adviseurs, 8 waarnemers en twee gaste teenwoordig, behalwe die belangstellendes. Twaalf afgevaardigdes het buitelandse kerke verteenwoordig. Al die broeders kon by lidmate van die verskillende Kerke in Potchefstroom gehuisves word. Die N.G. Kerke het die verblyfposte van hulle afgevaardigdes gedra, terwyl u Deputate namens die Roepende Kerk dié van die ander afgevaardigdes gedra het.

Die Stadsraad van Potchefstroom het die afgevaardigdes onthaal op 'n braaivleis en die susters van die drie G.S.O.'s in Potchefstroom het verversings gedurende die pouses voorsien.

Die aandeel van die onkoste van die Sinode vir die verblyfposte en verversings was £184.19.7. Hierdie uitgawe het 160 Actas van die Sinode ingesluit, waarvan 'n eksemplaar gratis aan elkeen van ons teologiese professore en predikante gestuur is.

Die voorskot vir die onkoste van die Geref. Ekum. Sinode waartoe die Sinode van 1958 gemagtig is, is terugbetaal op ongeveer £30 na — dit is die prys van Actas wat met versending verlore gegaan het.

B. *Kerklike Korrespondensie (in enger sin).*

— **Kennis geneem.**

1. *Die Gereformeerde Kerke in Nederland.*

a. Nog steeds word die broederlike verband met die Geref. Kerke in Nederland gehandhaaf met die nodige korrespondensie oor en weer, bv. i.v.m. immigrante. So is ons almal ook bewus van die gewaardeerde besoek deur prof. dr. K. Dijk in ons Eeufeesjaar.

b. Die Deputate het ds. I. J. van der Walt (Vanderbylpark), wat met studie in Nederland was, versoek om die groete van ons Kerk oor te dra by die Sinode van Utrecht in 1959. Aan hierdie versoek is voldoen. Ds. Van der Walt het gerapporteer dat hy die volgende sake aangeroei het:

(1) Ons waardering vir deputering van prof. K. Dijk na ons Eeufees;

(2) ons groot belangstelling in hulle werksaamhede, veral ook met betrekking tot beslissings oor die verhouding tot ander Geref. Kerke in Nederland en die Wêreldraad van Kerke;

(3) beklemtoning van die bestaansreg van die Geref. Kerk in S.A.;

(4) die feit dat onverantwoorde bewerings oor die rassesituasie in Suid-Afrika, ook deur kerke, 'n klip in die pad van gesonde verhoudings lê. Die versekering is gegee dat die Geref. Kerk in S.A. oor hierdie sake op verantwoordelike wyse dink, spreek en handel.

Die eerw. Sinode kan oordeel of ds. Van der Walt versoek moet word om verdere toeligting te bied.

c. Van die Sinode van die Geref. Kerk is 'n skrywe ontvang na aanleiding van die onluste in Maart 1960. Dit blyk dat die Sinode o.a. gevra is om 'n uitspraak te doen oor „apartheid” en om 'n oordeel daaroor. Die Sinode is in sy oorwegings daardeur gelei dat dit nie moontlik is om 'n beoordeling te gee vir die politieke oplossing van die uiters gekompliseerde vraagstuk van die onderlinge verhoudinge van die rasse in Suid-Afrika nie.

Daarom het die Sinode besluit om hom te onthou van enige beoordeling van dié gebeurtenisse. Verder is besluit om aan die kerke in Suid-Afrika te skryf.

(1) dat die Sinode hom distansieer van alle voorbarige en liefdelose beoordeling van die blanke en nie-blanke bevolking van Suid-Afrika in die algemeen en die kerke in die besonder;

(2) die hartlike en Christelike meelewing van hulle kerke, waarby tewens die versekering gegee word dat hulle die broeders en susters in Suid-Afrika in die gebed bly gedenk en ons moeilike en verantwoordelike taak om te handel volgens die eise van Gods Woord, soos dit weergegee is in die riglyne van die Geref. Ekumeniese Sinode in 1958 te Potchefstroom.

Besluit: Met waardering kennis geneem en aan die Sinode van dié kerk sal 'n brief gerig word deur deputate vir Korrespondensie om waardering te betuig vir die goeie gesindheid

wat daaruit straal. Ook sal briewe gerig word aan proff. Waterink en K. Dijk, wat in hierdie tye besonderlik in die bresse getree het vir Suid-Afrika.

2. *Christian Reformed Church (Amerika).*

(a) 'n Brief is van dr. D. J. Danhof van hierdie kerk ontvang i.s. rassebetrekkinge in Suid-Afrika (vgl. art. 18. B. 3. (g)).

Besluit: Dit word verwys na die deputate vir Korrespondensie om te antwoord soos op brief by A. 3.

C. *Interkerklike Korrespondensie (in ruimer sin).*

1. *Die Christelik-Gereformeerde Kerk in Nederland.*

a. In die Acta van die Sinode van 1958 (p. 50, art. 25a) lees ons dat die Christelik-Geref. Kerke in Nederland *kontak* met ons Kerk aangevra het (Acta 1952, p. 152 en 162 e.v.) maar ons nog nie van antwoord gedien het op die besluite van 1952 nie. Hieroor was die betrokke deputate met ons deputate in verbinding, en ons het ook in 1959 die voorreg gehad om 'n persoonlike samespreking met ds. J. C. Maris (Sekretaris van deputate) te hê.

Daaruit het die volgende geblyk:

(1) Die Christ. Geref. Kerk het die besluit van 1952 vertolk as 'n antwoord van ons kant op hulle voorstel. Daarmee het die kontak vir hulle 'n feit geword. Die Sinode in Nederland het in 1953 besluit (Acta, art. 102) dat die kontak vir eers moet bly soos dit was. As gevolg hiervan is o.a. in Junie 1954 'n eksemplaar van die Gedenksboek van hul Teologiese Skool na ons gestuur.

(2) As rede vir die stap (i.s. kontak) van 1950 is weer eens genoem dat in daardie tyd volledige korrespondensie, met inbegrip van afvaardiging na Sinodes wedersyds, kanselruil, en dergelike weinig sin sou hê omrede van die groot afstand wat ons skei, en verder dat die Kerke nog weinig met mekaar bekend was en dat hulle nie geweet het of ons Kerk sodanige korrespondensie begeer nie.

(3) In 'n brief van ds. Maris (31 Maart 1959) word verder gestel dat hierdie „kontak”-korrespondensie beskou sou kon word as 'n eerste stap. Daar is ook nie op hulle Sinode gesê dat daar prinsipiële besware teen volledige korrespondensie sou wees nie, omdat daar in werklikheid maar baie kort oor gespreek is.

(4) Verder meld dieselfde brief dat hulle Deputaatskap van oordeel is i.s. eventuele „engere” korrespondensie met ons Kerk dat dit die mees logiese orde is wanneer verduidelik word dat die rede vir die afwysing deur ons Sinode (vgl. Acta 1958, p. 50, art. 259

(1) (a) „nog nie antwoord ontvang nie”) verval het, en volgens hulle sou die onderhawige beskrywingspunt ter geleëner tyd weer aan die orde kan kom. Daarby is ook gevoeg: „Wij hopen hartelijk dat dit schrijven er toe mogen bijdragen dat onze kerken elkander mogen vinden en ontmoeten als openbaringen van de ene heilige

algemene Christelike Kerk en elkander in deze apocalyptische tijden om Christus' wil tot een hand en voet mogen zijn”.

(5) Volgens ons vorige Sinodebesluit [Acta 1958, p. 50, art. 259, 1 (b)] het ons nog te doen met die probleem van dubbele korrespondensie. Oor die saak self sê ons niks nie, aangesien dit die taak van 'n ander deputaatskap is. Ons kan net meld dat die deputate van die Christelik Geref. Kerk daarvoor opmerk dat hulle wel in korrespondensie staan met byvoorbeeld die Reformed Churches of Australia, wat dieselfde korrespondensie onderhou met die „Geref. Kerken in Nederland”. Tog doen dit *nie* af aan dié feit dat hulle besware het teen 'n kerk waarmee die Kerk in Australië wel en hulle nie in korrespondensie staan nie, en hulle het gevolglik reëlins getref i.s. moontlike beroeping of voorgaan van predikante volgens art. 4 D.K.O.

Hierby word in behandeling geneem:

aa. *Aanvullende Rapport.*

U Deputate het die eer om aanvullend soos volg te rapporteer, met verwysing na ons Rapport.

1. Ons het die voorreg gehad om weer eens deputate van die Christelik Gereformeerde Kerken in Nederland te ontmoet, t.w. prof. dr. J. J. van der Schuit en ds. Bikker. Die saak van korrespondensie met daardie Kerk was die onderwerp van bespreking. Dit het vir ons duidelik geblyk dat hierdie Kerk begierig is om kerklike korrespondensie met ons Kerk aan te gaan, soos o.a. duidelik geword het uit die gereelde besoeke en korrespondensie wat ons van hulle ontvang het. Indien hierdie saak egter van hulle kant moet kom, sal dit eers in 1962 op hulle Sinode ter tafel kan kom. Daardeur mag 'n goeie saak onnodig vertraag word.

2. In die lig van die gereelde korrespondensie en waar ons te doen het met 'n ernstige drang van hulle kant en waar ons ook te doen het met 'n toestand wat in feite al verder is as die bestaande kontak (cf. Sinode 1952 i.s. advies aan immigrante — Acta, p. 183, en Sinode van 1955 i.s. toelating van hulle predikante op kansels in ons kerke — Acta, p. 55), wil u Deputate dit by die eerw. Sinode aanbeveel dat ons Kerk by hulle aansoek doen om in korrespondensie met ons te tree.

Aanname van hierdie voordrag is natuurlik afhanklik van die besluit van die eerw. Sinode i.s. dubbele korrespondensie (cf. Acta 1958, p. 50, art. 259, 1 en 2.)

bb. *Beskrywingspunt.*

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Totiusdal, Pretoria versoek die eerwaarde Algemene Sinode om in engere korrespondensie te tree met die Christelike Gereformeerde Kerke in Nederland. (Toeligting deur ds. W. J. de Klerk).

Besluit: (by C. 1., ook aa. en bb.): Op grond van die besluit

i.v.m. dubbele korrespondensie (vgl. art. 197. (a). B.) word ook aan die beskrywingspunt en die aanbeveling van die deputate vir Korrespondensie (vgl. hierbo aa. 2) gevolg gegee, d.i. om korrespondensie met die Christelik-Gereformeerde Kerk aan te bied.

2. *Free Church of Scotland.*

a. Van rev. G. N. M. Collins is 'n brief ontvang met gelukwense en goeie wense met ons Eeufees. Hy het verder versoek dat ds. V. E. d'Assonville gemagtig word om die groete van ons Kerk oor te bring by geleentheid van hulle General Assembly in Mei 1959.

b. U Deputate het hierdie versoek gunstig beoordeel en ds. d'Assonville versoek om die groete oor te bring.

c. Ds. d'Assonville het aan u Deputate verslag gestuur van sy optrede aldaar. Ons meld daaruit:

(1) *Groete*: Ten spyte van groot afstande, nasionale verskille e.a. wat ons skei, is daar die groot ooreenkoms in geloofsake, waarvan die belangrikste is die erkenning van die gesag van die Woord van God. Hiervoor kan saamgestry word, nie alleen negatief (in die afwysing van die verkeerde) nie maar ook positief (om die Woord uit te dra, omdat dit groot betekenis het in 'n wêreld wat siek is).

(2) *Verslag oor die Sinode.*

Die vergadering vind elke jaar plaas, en daarom is die omvang van die werksaamhede nie groot nie. Die Sinode word saamgestel uit deputate van klassisse (Presbyteries), bestaan uit ongeveer 100 lede, die voorsitter word elke keer opnuut verkies maar hy bly in hierdie hoedanigheid funksioneer tot die volgende Sinode, met pligte wat feitlik dieselfde is as dié van die voorsitter van deputate vir korrespondensie by ons. Wat by die werksaamhede opgeval het, was die omvang van hul sendingwerk (wat na verhouding groter is as ons s'n en o.a. in die Transkei plaasvind) en dit dat hulle evangelisasiewerk in nuutontwikkende stedelike gebiede doen, wat beslis kerklike uitbreiding meebring. Verder het opgeval die posisie van hulle Teologiese Skool, wat een van die weiniges in die Britse eilande is wat nog 'n suiwer Calvinistiese leer uitdra. Voorbereidings is getref vir die 400-jarige fees van die Hervorming in Skotland in 1960.

(3) Ds. d'Assonville mag miskien gevra word om verder persoonlik mededelings op die Sinode te doen, om desgevraag verdere motivering te bied vir die volgende saak: „As u deputaat dan ook die vrymoedigheid mag neem om 'n aanbeveling te doen, dan is dit dat u in die toekoms ook aan die Free Church of Scotland 'n uitnodiging rig om ons Algemene Sinode deur middel van 'n deputaat hy te woon en die groete oor te bring”.

d. (1) Met die oog op en as gevolg van hartlike samewer-

king en meelewing op die Ekumeniese Sinode het u Deputate die vrymoedigheid gehad om die Free Church te vra na sy leerstellige grondslag en kerkregeringstelsel, sodat die Sinode die moontlikhede van korrespondensieverband met hierdie Kerk kan oorweeg.

(2) Hierdie stukke is ontvang en op grond van die feit dat die stukke bewys lewer dat dit 'n kerk met gereformeerde belydenis en kerkregering is, wil ons aanbeveel dat kerklike korrespondensie met die Free Church of Scotland oorweeg word.

Besluite:

1. By punte a, b, c, — Die optrede word goedgekeur en dank word betuig aan ds. V. E. d'Assonville dat hy ons kerk se groete oorgebring het.

2. By punt d. — Die aanbeveling word goedgekeur, nl. dat korrespondensie met hierdie kerk aangebied sal word.

3. *Église Réformée Evangelique de France* (Geref. Kerk van Frankryk).

a. 'n Afgevaardigde van hierdie Kerk, prof. Jean Cruvellier, het die Ekumeniese Sinode te Potchefstroom bygewoon, en met groot dankbaarheid vermeld die Permanente Komitee van dié Kerk van die gulle en broederlike ontvangs wat hul deputaat hier geniet het. Verder word ook gesê dat hulle nou besef dat, hoewel hulle verwyderd lê en feitlik onbekend met ons is, ons tog naby mekaar is deur die gemeenskaplike geloof en liefde, soos o.a. ook te duidelik geblyk het uit die finansiële hulp wat aan hul gemeentes (wat swaar aan verpligtings dra) deur ons Kerk verleen is.

b. (1) 'n Uitnodiging is tot ons Kerk gerig om 'n afgevaardigde te stuur na die Jubileumfees van die 400-jarige herdenking van die Hervorming en in besonder van die Geloofsbelydenis de la Rochelle van 1559. Ongelukkig kon aan dié versoek nie voldoen word nie, dog telegrafies is ons Kerk se seënwense oorgestuurd in hierdie woorde: „Ons bely met u die geloof van die vaders, Ps. 27 : 14”.

(2) 'n Rede deur prof. Cruvellier by dié fees gehou oor die Ekumeniese Sinode, is ook aan ons gestuur.

— **Goedgekeur.** (Vgl. art. 46, x. 5. — *Dep. Acta*).

4. *L'église nationale protestante de Genève* (Nas. Protest. Kerk van Genève).

a. Van hierdie Kerk is 'n uitnodiging ontvang om 'n deputaat te stuur na die feesvierings in Junie 1959 met die 450e herdenking van die geboorte van Calvyn en 4e Eeufees van die stigting van die Akademie van Genève. Omdat dit 'n uitsonderlike geleentheid was, het u Deputate prof. dr. B. C. Schutte, wat toe in Europa was, versoek om ons Kerk daar te verteenwoordig.

b. Gelukkig was prof. Schutte in staat om dit te doen. Uit sy verslag haal ons nou aan:

(1) Daar was 50 buitelandse afgevaardigdes uit: Frankryk, België, Nederland, Duitsland, Oostenryk, Pole, Tjeggoslowakye, Hongarye, Joego-Slawië, Italië, Spanje, Portugal, Roemenië, Groot-Brittanje, Kanada, V.S.A., Australië, Indonesië, Madagaskar en Suid-Afrika (net 1).

(2) Wat vreemd aangedoen het, was 'n openbare onthaal op die Sondag (waar o.a. aandenkings verkoop is) en die feit dat daar heelwat klem geval het op sameskakeling van *alle* kerke in die Wêreldraad van Kerke.

(3) Groot dankbaarheid teenoor God het opgewel om te kan staan in 'n plek waar helde van die Hervorming soos Calvyn, Beza, Knox e.a. opgetree het. Versterkend was dit ook om gesprekke te kan voer met leidende figure uit vele lande. Verder het dié besef hom opgedring dat die Geref. Kerk in S.A. wel klein is maar tog nog 'n getroue eksponent van die Calvinisme in die wêreld is, wat meebring dat ons 'n taak het wat ver buite die grense van ons vaderland strek.

c. Desverkiekend kan die eerw. Sinode vir prof. Schutte versoek om verdere toeligting te bied.

Besluit: Met dank, ook aan prof. B. C. Schutte, kennis geneem.

5. Oecumeniese Raad van Kerken in Nederland.

a. As gevolg van die onluste in Suid-Afrika op 21 Maart e.v.d. het hierdie Raad 'n brief ook aan ons Kerk gerig. In hierdie brief word o.a. gesê: „Algemeen is men verontwaardigd en ontsteld over het gebruik van dit geweld in het kader van de zgn. apartheids-politiek”. Verder word daarop gewys dat die Raad instem met die besluit van die Wêreldraad van Kerke (in 1954) wat lui dat elke vorm van segregasie op grond van ras, kleur of etnologiese afkoms in stryd is met die evangelie en onversoenlik met die Christelike leer van die mens en met die aard van die kerk van Christus. En ons word opgeroep om ons te verset teen rassediskriminasie en sorg te dra dat aan alle rasse in Suid-Afrika geregtigheid sal geskied.

b. Daarop het u Deputate per brief geantwoord. Daar is aangetoon dat hulle ons noodsaak om te skryf oor sake wat nie op kerklike terrein val nie, maar ons wil dit tog op kerklike manier doen. So word o.a. gestel dat dit in Suid-Afrika beslis nie gebeur dat ligsinniglik sonder aanleiding geskiet word nie; dat die Bantoes ook sondare voor God is en dat die sonde by hulle ook in vreeslike vorms tot openbaring kom; dat daar aktiewe Kommunistiese bedrywigheid is en dat terrorisme, wat juis ook Bantoes bedreig, teengegaan moet word. Ten slotte word gevra of hulle nie skuldig staan aan die sonde dat hulle onverhoord oordeel nie?

— **Kennis geneem.**

6. Nederlandse Hervormde Kerk — brief van Synodus contracta.

a. Hierdie brief handel oor dieselfde saak en verwys na dié van die Ekumeniese Raad. Hulle vra dat hul brief verstaan moet word in gees van broederlike diens en diepe meelewing. Hulle stel dit dat uit die versoening tussen God en mens, wat in Christus geskenk is, daar met 'n nuwe gesindheid gewerk moet word en dat inisiatief geneem moet word tot versoening van mense en groepe, want in die diepste nood moet die kerk 'n verlossende woord spreek. Daarom vertrou hulle dat ons die apostoliese woord sal gedenk: „Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here nie”. (2 Tim. 1 : 8).

b. In ons antwoord word vermeld dat ons hulle dank vir die broederlike belangstelling, voorbede en meelewing — ook vir die roepstem tot bekering. Maar daar word ook gesê dat ons dit só verstaan dat hulle die Skrif en Christus teenoor ons plaas. Duidelik word verder gevra of die gelowiges die wêreldpers beheers en of dit reg is dat hulle oordele vel op grond van berigte uit onsuivere bron? Die Kerke in Suid-Afrika hou wel deeglik wag met Gods Woord in die hand en skroom nie om die owerheid tereg te wys nie. Daarom word hulle ook vermaan om hulle teenoor die leuenbeeld wat die wêreld oor hul medegelowiges in Suid-Afrika ingeslinger word, te stel en om juis teenoor die wêreldmening hulle nie te skaam oor die getuienis van onse Here nie.

Besluit: Goedkeurend kennis geneem van die skrywe van die deputate.

Die Rapport as geheel word met dank aanvaar, en daar sal weer deputate benoem word.

Art. 198.

Korrespondensie met binnelandse kerke.

Die Rapport van die deputate (prof. S. P. van der Walt, dr. W. J. van der Merwe, I. J. Lessing, J. W. J. van Ryssen, D. Kempff) word deur prof. Van der Walt toegelig.

U Deputate het die eer om die volgende rapport aan u voor te lê.

1. *Tussenkerklike Kommissie.*

'n Brief is gerig aan prof. dr. Van der Walt, sekretaris van die Tussenkerklike Kommissie, waarin meegedeel word dat prof. dr. Van der Walt en dr. D. Kempff as verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerk op genoemde Kommissie aangewys is.

Verder is die besluit van die Algemene Sinode, 1958 i.s. kerklike samespreking (Agenda, p. 78-80) ook aan die Kommissie gestuur.

2. *Korrespondensie met die N.G. Kerk.*

a. 'n Uitnodiging is van die Gefedereerde Sondagskoolkommissie van die N.G. Kerke van Suid-Afrika ontvang om die ingebruikneming van die Sondagskoolgebou en Kindermonument by te woon.

U Deputaatskap het sy spyt uitgespreek dat geeneen van sy lede teenwoordig kan wees nie. Ds. J. J. H. Booysen is gevra om die Gereformeerde Kerk daar te verteenwoordig.

b. 'n Brief van ds. A. J. V. Burger, skriba van die Raad van die N.G. Kerke, met bylae is ontvang. Hierin is „'n Voorstel aangaande optrede van Gereformeerde Kerk” vervat. Hierdie korrespondensie is aan die Deputaatskap vir Gespreksgemeenskap met ander Kerke gestuur.

3. *Ned. Herv. Kerk van Afrika.*

a. 'n Uitnodiging om die hoeksteenlegging van die Dirk van der Hoff-gebou by te woon is ontvang. U Deputaatskap het daarvan kennis geneem en sy seënwenste i.v.m. die gebou gestuur.

b. In antwoord op 'n versoek dat die Afrikaanse Kerke 29 Mei sal hou as 'n Dag van Dank en Verootmoediging, het u Deputaatskap meegedeel dat die Gereformeerde Kerk nie daarin kan saamwerk nie.

Besluit: Met besondere dank aan die deputate kennis geneem van die Rapport.

Art. 199.

Bestryding van Roomse gevaar.

Die Rapport van die deputate (ds. L. S. Kruger, C. J. Malan, P. C. Rule, J. W. J. van Ryssen, J. M. Opperman, oudl. G. van Bergen) word toegelê deur ds. Kruger.

U Deputaatskap benoem vir die bestryding van die Roomse gevaar wens soos volg te rapporteer:

1. *Opdrag.*

„a. Om 'n deeglike studie te maak van die metodes, beginsels en werksaamheid van die Rooms-Katolieke Kerk in S.A. op die volgende terreine: a. kerklik, b. sending, c. onderwys, d. hospitalisasie, e. immigrasie, f. rasseverhoudings, g. publikasies;

„b. om weë en middele aan die hand te doen om dié gevaar doeltreffend die hoof te bied;

„c. om bogenoemde informasie onder die aandag van die kerkgrade te bring en ook samevattend aan die volgende Sinode voor te lê” (Acta 1958, art. 249, p. 92).

2. *Werksaamhede.*

a. *Vergaderings.*

Vyf vergaderings is gehou, wat voltallig bygewoon is. Twee gesamentlike vergaderings met die Deputaatskap insake Evangeliese Beweging in België en ander Roomse lande is ook gehou.

b. *Studiestukke.*

Die onderskeie studiestukke is soos volg onder die verskillende deputate verdeel:

Die Roomse hiërargie: ds. P. C. Rule; Sending: ds. J. M. Opperman; Onderwys: ds. C. J. Malan; Hospitalisasie: ds. L. S. Kruger; Immigrasie: dr. G. C. van Bergen; Rasseverhoudings: ds. J. W. J. van Ryssen; Publikasies: Al die deputate sou daaraan aandag skenk.

c. *Publikasie van studiestukke.*

Met die redakteur van *Die Kerkblad* is reëlins getref dat al hierdie stukke, asook 'n studiestuk oor die Rooms-Katolieke aksie in Afrika, in die Hervormingsuitgawe van hierdie blad in Oktober 1959 sou verskyn. In *Die Kerkblad* van 21 Oktober 1959 is dit dan ook so aangekondig. Uitgesonderd die artikel van ds. Van Ryssen het die ander stukke ontbreek in die uitgawe van 28 Oktober 1959. Intussen het die artikels van ds. Malan (11 November 1959) en Kruger (6 April 1960) ook verskyn.

Ons is egter van oordeel dat al hierdie stukke saam 'n eenheid vorm, en deur die verspreide publikasie daarvan word die bedoelde trekkrag daaraan ontnem.

U Deputate het ook aandag geskenk aan die publikasie van 'n manuskrip wat van ds. C. L. A. M. van Puylvelde, 'n gewese Rooms-Katolieke priester, ontvang is.

d. *Vraelys.*

Aan al die kerkgrade is 'n vraelys gestuur om gegewens te bekom van die Rooms-Katolieke aktiwiteite in die ressort van ons verskillende gemeentes. Ongeveer die helfte van die kerkgrade het hierop gereageer.

e. *Besoek van ds. H. J. Hegger.*

Op uitnodiging van die Ned. Herv. Kerk en in samewerking met die N.G. Kerke het u Deputate, nadat ruggespraak gehou is met die Deputaatskap vir die Evangeliese Beweging in België en ander Roomse lande, besluit om ds. H. J. Hegger, 'n voormalige Rooms-Katolieke priester, na Suid-Afrika uit te nooi om ons op hoogte te stel van die Rooms-Katolieke metodes en aktiwiteite.

Ds. Hegger het dan ook al die groot sentra van ons land besoek, en u Deputate is van oordeel dat hierdie besoek met groot welslae bekroon is en veel daartoe bygedra het om ons mense weer eens onder die diepe besef van dié gevaar te bring.

'n Netto bedrag van £1,007-9-11, wat as kollektes tydens die optrede van ds. Hegger geïen is, is namens die drie Afrikaanse Kerke aan ds. Hegger meegegee: 50% vir die ex-priesterfonds, 25% vir *De Kruisbanier* en 25% vir *De Rechte Straat*. Volgens onderlinge ooreenkoms met die verteenwoordigers van die ander twee Kerke is 25% van die totale bedrag namens die Gereformeerde Kerk vir bogenoemde doel gegee.

f. *Samewerking met die Deputaatskap insake die Evangeliese Beweging in België en ander Roomse lande.*

Twee gesamentlike vergaderings is gehou. Benewens die besoek

van ds. Hegger, waartoe hierdie twee Deputaatskappe saamgewerk het, is ook besluit om 'n gesamentlike introduksiebrief aan ds. L. H. Stavast te gee, sodat sy eerwaarde inligting oor die Rooms-Katolieke kon inwin tydens sy besoek aan Europa.

Van die kant van ds. Stavast is kosbare inligting bekom.

g. *Samewerking met ander verenigings en deputaatskappe.*

Kontak is gemaak met die soortgelyke Deputaatskap van die Gereformeerde Kerke in Nederland, asook met die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika. Baie insiggewende informasie oor die Rooms-Katolieke bedrywighede en metodes is sodoende bekom.

3. *Bevindings.*

a. *Rome se strewe in Afrika.*

Rome weet, so het ds. Hegger beweer, dat elke kontinent behalwe Afrika al geleentheid gehad het om die pas in die wêreldgeskiedenis aan te gee. Daarom spits Rome hom nou toe op Afrika. Die Roomse publikasie, *Propagation of the faith* (1958) verklaar dan ook: „Afrika het van die grootste belang vir die Kerk geword” (bl. 7); „Die gordyn gaan op in Asië en Afrika. Staatkundig en ekonomies sal die wêreldmag van die toekoms lê in een of beide van hierdie kontinente. Van meer belang nog, die Kerk van die toekoms is in Asië en Afrika” (bl. 10); „Die Kerk is kragtig geïnteresseerd in die kontinent van Afrika. In sy 40 Missies sorg 3,000 blanke paters vir 25,000,000 siele. Hulle doop jaarliks 300,000 en berei 1,000,000 katekisasie voor” (bl. 63); „Die Kerk maak verbasende vooruitgang” (bl. 66).

Waar die Mohammedanisme, as die sterkste godsdienstige groep in Afrika, die vyf-en-twintig jaar vanaf 1930 tot 1955 met 107% uitgebrei het, het die Rooms-Katolieke Kerk in dieselfde tydperk met 350% uitgebrei, te wete van 5-miljoen lidmate in 1930 tot 22-miljoen in 1955. Gedurende die afgelope vyf jaar het hulle met meer as 6-miljoen gegroei.

Dat Afrika vir die Rooms-Katolieke Kerk 'n besonder vrugbare sendingterrein is, blyk uit die gemiddelde kwekelinge per priester per jaar: Waar dit in die V.S.A. byvoorbeeld 3 per priester is, is dit in Ruanda Urundi 102, Nigerië 94, Soedan 90, Kenia 75, Uganda 68 en in die Unie van Suid-Afrika 19 (bl. 10).

In 1958 was daar bykans 11,000 blanke Rooms-Katolieke priesters werksaam in Afrika en 1,688 nie-blanke priesters, waarvan 23 biskoppe was, terwyl 12,797 nie-blankes in daardie jaar besig was om as priesters opgelei te word.

b. *Rome se werksaamhede in Suid-Afrika.*

Genoemde blad noem Suid-Afrika met sy 14-miljoen inwoners spesifiek as een van die „lande onder die jurisdiksie van propaganda” (bl. 55).

In 1958 was hier 895 blanke en 175 nie-blanke priesters werk-

saam in die Unie van Suid-Afrika, en saam met Suid-Rhodesië en S.W.A. het die totaal op 1,396 gestaan.

Die blanke lidmatetal van die Rooms-Katolieke Kerk het vanaf 1955 tot 1958 uitgebrei van 135,990 tot 158,545. Dit beteken 'n uitbreiding van meer as 16% oor hierdie tydperk van drie jaar. In dieselfde tydperk was die uitbreiding van die Gereformeerde Kerk nie eers 6% nie.

In Transvaal het hulle 'n vermeerdering van 9,602 gehad, in Kaapland 4,997, in Natal 1,677, in O.V.S. 689, in S.W.A. 537 en in Suid-Rhodesië 5,087.

In 1959 het hulle getalle verder gestyg tot 169,526 blanke lidmate, terwyl die getal priesters in hierdie een jaar met 27 vermeerder het tot 1,423.

c. *Metodes wat Rome aanwend.*

(1) *Sending.*

Hoewel die Tomlinsonverslag van oordeel was dat Rome meer van blanke as nie-blanke arbeidskragte gebruik maak, is hierdie Kerk vinnig besig om die orde om te keer. Genoemde blad verklaar op bl. 9: „Sedert die inboorlingpriester, deur geboorte en temperament, deur sentiment en belangstelling in kontak is met sy eie mense, is dit verbasend hoe waardevol hy kan wees in die vestiging van die geloof in die gees van sy eie mense”. Daarom konsentreer Rome tans in die opleiding van nie-blanke priesters.

Hulle blanke priesters is in hierdie verband ook deeglik onderlê. Elkeen is minstens een Bantoetaal magtig. Die gevolg hiervan is dat die Roomse Kerk groter treffrag het, 'n bevinding waartoe ook die Tomlinsonkommissie geraak het.

Daarbenewens oorheers hierdie Kerk die sendingterreine in die Unie van Suid-Afrika. Proporsioneel gesien het al die Protestantse kerke in Suid-Afrika, sowel Afrikaans- as Engelssprekendes, 19 maal minder sendelinge as die Rooms-Katolieke Kerk op die sendingterreine, terwyl hulle finansiële bydrae, in verhouding met die lidmatetal gesien, 9 keer meer is as dié van die N.G. Kerke.

Op die sendingterreine maak die Rooms-Katolieke onderwysers een-sesde van die totale aantal uit. Nie minder as 40% van die totale aantal beddens van die sendinghospitale is in Roomse hande. Hulle mediese personeel is byna 'n derde van die totale aantal op die sendingvelde, terwyl hulle oor feitlik die helfte blanke verpleegsters op die sendingvelde in Suid-Afrika beskik. En dit ten spyte van die feit dat hulle minder as 6% van ons blanke bevolking uitmaak.

Die fenomenale uitbreiding van hierdie Kerk onder die nie-blankes in Suid-Afrika blyk uit hulle amptelike statistieke:

Gedurende die ses jaar vanaf 1953 tot 1959 het hulle Bantoe-lidmate uitgebrei van 795,000 tot bykans 1,135,000, die Kleurlinge van 79,000 tot 112,000 en die Indiërs van 5,000 tot 8,000.

Wat hulle arbeid in die omliggende nie-blanke gebiede betref,

kan net verwys word na Basoetoland, waar meer as die helfte van die inwoners, ten spyte van die kort tydperk wat Rome daar sendingwerk doen, al die Roomse godsdiens toegedaan is.

(2) Hospitalisasie.

Benewens die openlike verkondiging van die Roomse leer werk Rome op besonder subtiële wyse om sy leer ingang te laat vind. Rome kom in die naam van Christelike liefdadigheid. Teen karige besoldiging — en ds. Hegger beweer dat dit teen 'n laer loonskaal is as wat die gemiddelde naturel verdien — word verplegingswerk en onderwys verrig in die naam van die maagd Maria. Bykans 5,000 blanke en 6,000 nie-blanke nonne is op hierdie terreine diensbaar.

Die motief in hulle hospitalisasiewerk is, volgens ds. Hegger, baie subtiel. In tye van siekte en by geboorte buit Rome die sielkundige toestande uit deur simpatieke versorging deur besonder bekwame en liefdevolle verpleging.

Groot somme geld word dan ook hiervoor afgesonder.

Om 'n beeld te kan vorm van die geweldige omvang van die Rooms-Katolieke hospitalisasiewerk is dit nodig om na sekere statistiese gegewens te verwys:

In 1948 het Rome 34 hospitale en kraaminrigtings in die Unie gehad, 13 in S.W.A. en 16 in Suid-Rhodesië. In 1958 het die totaal gestyg tot 99 en in 1959 tot 108. Dit is 'n uitbreiding van meer as 71%, wat ver bo die gemiddelde is.

Volgens die Buro vir Sensus en Statistiek het die Rooms-Katolieke Kerk in 1957/58 oor 1,244 beddens vir blanke pasiënte in die Unie beskik, wat ruim 6% van die totaal beloop, terwyl hulle 34,480 of ongeveer 4% van die totale aantal blanke pasiënte wat in die hospitale opgeneem is, by hulle opgeneem het. Die gewone provinsiale hospitale het in daardie tyd hulle gewone kwota Rooms-Katolieke pasiënte verpleeg. Hierbenewens het die Roomse hospitale meer as 118,600 buitepasiënte verpleeg.

Hierdie getalle sluit nie die Rooms-beheerde provinsiale hospitaal te Edenvale en die Mynhospitaal te Messina in nie.

Meer as 6,000 kraamgevalle word jaarliks deur die Roomse kraaminrigtings behartig, waarvan die een te Sunnyside, Pretoria, gemiddeld 1,240 gevalle per jaar behartig.

As in aanmerking geneem word dat daar sowat 3,000 blanke Rooms-Katolieke in S.W.A. is en die Roomse hospitale aldaar jaarliks meer as 7,000 blanke pasiënte opneem en meer as 24,000 buitepasiënte behandel, spreek die syfers van die groot invloed van hierdie Roomse werk onder die Protestante.

Van die 37,988 beddens vir nie-blanke pasiënte in die Unie van Suid-Afrika (nie net op die sendingvelde nie) het, volgens die Buro vir Sensus en Statistiek, Rome in 1957/58 oor 3,428 beskik. Dit is ruim 9% van die totale. Daarby het hulle 8% van die totale aantal nie-blanke pasiënte behandel, naamlik 77,655. As nou in

aanmerking geneem word dat die N.G. Kerke met hulle grootste sendingpoging slegs 3.2% van die Bantoebevolking bereik het (*Sendingketse*, 1959, bl. 24), hoewel die N.G. Kerke 45% van ons blanke bevolking uitmaak teenoor die Roomse 6%, spreek hierdie syfers vir hulleself.

Boonop sluit bogenoemde syfers nie die Rooms-beheerde E. Opperheimer-hospitaal te Welkom in nie. Hierdie hospitaal behandel jaarliks 197,000 nie-blanke pasiënte.

Meer as 6,000 nie-blankes word ook jaarliks in S.W.A. in die Roomse hospitale verpleeg.

(3) Onderwys.

Die beginsel in die onderwys is vir Rome dat die Roomse kerklike instituut alle onderwys moet beheer en selfs oorheers. Onderwys berus in eerste en hoogste instansie by die (Roomse) Kerk omdat God aan die (Roomse) Kerk die hoogste en onfeilbare leergesag toevertrou het om die nasies te leer om alles te onderhou wat God beveel het, en die Kerk die bonatuurlike taak het om aan die mens die lewe van die genade mee te deel.

Hierdie beginsel dat alleen die Roomse Kerk onderwys mag gee, kom duidelik uit in die vraag: „Hoe stel ons ons bloot aan die gevaar om ons geloof te verloor?” waarop die Kategismus (H. Canon Cafferate) antwoord: „As 'n Katolieke kind gestuur word na 'n nie-Katolieke skool, kan dit nie sy godsdiens leer nie, en dit is 'n sware oortreding van die kant van die ouers om 'n kind die kennis van sy geloof te ontnem... want hulle weet dat *alle godsdienste behalwe hulle eie vals is*”.

G. W. Hughes merk in *Political Romanism* op: „In Rooms-Katolieke lande wend hy (Rome) geen spesiale pogings aan om die massas op te voed nie. Hy is meer gewillig dat hulle in onkunde sal bly, daar hy die onkunde en bygelowe beter kan kontroleer as die intelligentes en ontwikkeldes. Maar waar die mense opgelei moet word en hy dit nie kan verhoed nie, daar weet hy dat sy enigste kans is om hulle te onderwys en *hiermee hulle onder sy invloed te bring*”. Uit amptelik statistiese gegewens blyk dan ook dat in Roomse lande soos Italië 19% van die bevolking ongeletterd is, in Spanje en Portugal 31%, in Meksiko 59% en in Brasilië 67%.

Die doelstelling van die Roomse onderwysaksie in Protestantse lande is duidelik kenbaar: *Rome wil deur die onderwys wen wat hy deur die kerk nie kan behaal nie*.

In Suid-Afrika trek Rome enersyds sy geleerdes saam in akademiese sentra van die Afrikaner, veral op Stellenbosch en in Pretoria, en andersyds lê hy hom besonder toe op die stigting van skole.

Waar Rome in 1945 oor 439 kloosters en 201 skole vir blanke kinders beskik het met 'n leerlingtal van 34,000, het dit in 1958 gestyg tot 586 kloosters, 216 skole en 47,983 leerlinge en in 1959

tot 596 kloosters, 218 skole en 48,127 leerlinge, waarvan slegs 54% Rooms-Katoliek is.

Die Roomse skole vir Kleurlinge het vanaf 1945 tot 1959 gestyg van 124 tot 174, terwyl die getal leerlinge aangewas het van 19,700 tot 29,600.

In 1945 het Rome oor 1,334 skole vir Bantoes beskik. Ten spyte van die Regering se oorname van baie van hierdie skole het hulle in 1959 nog 1,714 sodanige skole gehad. Die leerlinggetalle het in hierdie tydperk aangewas van 129,000 tot 225,000. Anders gestel, bykans een-derde van die Bantoeskole word deur Rome beheer en amper net soveel van die totale aantal Bantoeskoolkinders staan onder Roomse invloed.

Verder word daar oral inheemse kloostergroepe en kongregasies vir manne en vroue gestig. In 1958 was daar meer as 6,000 sodanige „sisters” en bykans 800 sodanige „brothers”.

(4) Immigrasie.

Nadat dr. Van Bergen 'n deeglike studie van die lande en plekke van herkoms van die immigrante gemaak het, is tot die gevolgtrekking geraak dat die uitbreiding van die Rooms-Katolieke deur middel van immigrasie nie vir ons die grootste gevaar inhou nie.

d. Die Roomse gevaar vir ons volksbestaan.

(1) Die Rooms-Katolieke Kerk en die rasseverhoudings.

In die konferensies van Biskoppe wat in 1952 en 1957 gehou is, het hierdie Kerk 'n duidelike stem teen ons aanvaarde standpunt van segregasie ingeneem (Acta 1958, p. 203 e.v.).

Hierdie beleid is deur hulle op godsdienstige gronde veroordeel.

Volgens die biskoppe bots dit met die waardigheid wat God in elke mens as redelike en vrye wese gelê het, 'n waardigheid wat oneindig verhoog is in diegene wat deur Christus verlos is. Apartheid, wat aan die blanke ras 'n bevoorregte posisie bo die ander rasse toeken, is iets „wat uiteraard boos is... Dit is 'n verkleinerings van die mens... 'n belediging van sy waardigheid as mens... 'n blaam op God se edele skeppingswerk. Dit brandmerk 'n medemens met die skandvlek van ingeskape minderwaardigheid... Hierdie apartheid is nie alleen 'n sonde teenoor God nie maar ook 'n misdad teenoor die slagoffers van rassediskriminasie...” — aldus hierdie konferensie van Roomse biskoppe.

In *Die Brug*, Mei 1959, word daarop gewys dat die Afrikaner se stryd om die handhawing van 'n blanke ras in innerlike teenpraak is met die wese van ons eie volksbestaan, daar ons self geen „suiwere ras” is nie.

Hier moet daarop gewys word dat die Rooms-Katolieke Kerk nog nie officieel toegetree het tot die partypolitiek van ons land nie. Dit is egter die uitgesproke beleid van hierdie Kerk, oral waar dit moontlik is, om as kerk 'n leidende rol te speel in die politieke lewe

van sy lidmate deur Rooms-Katolieke partye te organiseer. Ons kan dus verwag dat hierdie beleid van 'n politieke party ook in ons land uitgevoer sal word sodra omstandighede hulle daartoe leen.

Intussen ondergrawe Rome nie alleen die Skrifwaarhede op die sendingvelde nie, maar hulle is ook in opmars teen die Protestantedom en teen die blanke voortbestaan in ons land.

(2) Publikasies.

Op heel subtile wyse is Rome besig om hom onder die Afrikaners in te grawe. *Die Brug*, maandblad van die Katolieke Afrikanersentrum, meld in die uitgawe van Augustus 1959 dat die Roomse Kerk eers gedurende die afgelope tien jaar besondere aandag aan die Afrikaanssprekendes begin wy het. Hierdie blad trag dan ook om op besonder diplomatieuse wyse die Afrikaanssprekendes na die Rooms-Katolieke Kerk oor te trek deur hulle uit te nooi tot samesprekings en deur sekere Protestantse leerstellings aan te prys. In Suid-Afrika wil hierdie Kerk nie meer bekend staan as die Rooms-Katolieke Kerk nie, maar as die *Suid-Afrikaanse* Katolieke Kerk (*Die Brug*, Mei 1959).

Daarby maak hierdie Kerk van advertensies in publieke koerante gebruik om in die naam van die „Enigste Universele Kerk” wat „Christus se leerstellings aan alle mense van alle nasies” wil bring, vry studiekursusse aan te bied.

e. Die Rooms-Katolieke en die Gereformeerde Kerk.

Volgens die vraelyste wat aan die kerkrade uitgestuur is, blyk die volgende:

(1) Teenoor 9 Gereformeerde lidmate wat gedurende die afgelope aantal jare by die Rooms-Katolieke Kerk aangesluit het, volgens gegewens ontvang van 32 stedelike en 57 plattelandse kerkrade, het 28 Rooms-Katolieke by die Gereformeerde Kerk aangesluit.

(2) Van die 50 bestaande gemengde huwelike voed slegs 9 huisgesinne hulle kinders op in die Gereformeerde leer. Daarby kom nog twee huisgesinne waarvan die seuns in die kerk van die vader en die dogters in die kerk van die moeder opgevoed word.

(3) Gevalle waar Gereformeerde kinders aan Roomse skole is, word uit 12 gemeentes berig.

(4) In feitlik elke dorp en dorpie is daar 'n Roomse aksie. Daarteenoor is daar van die kant van die Gereformeerde Kerk, uitgesonderd enkele okkasionele gevalle, geen bearbeiding van Rooms-Katolieke nie.

4. Aanbevelings.

U Deputate wens die volgende aan te beveel:

- Die Sinode skenk ernstige oorweging aan die moontlikheid om 'n gewese Rooms-Katolieke priester vir ons Kerk te laat beroep en doen weë en middele aan die hand.
- Kerkrade word dringend versoek om enersyds op die terreine

van sending en evangelisasie positief op te tree teen die Roomse gevaar en andersyds die lidmate te waarsku teen die gebruikmaak van Roomse skole en hospitale, en in besonder kraaminrigtings, asook teen die toenemende verskynsel van gemengde huwelike.

c. Die Sinode doen weë en middele aan die hand vir gereelde publikasies insake die Roomse gevaar.

d. Die Sinode oorweeg die moontlikheid om die Deputaatskap vir die Evangeliese Beweging in Roomse lande en die Deputaatskap vir die bestryding van die Roomse gevaar as een deputaatskap saam te voeg.

Besluite:

1. Dank word uitgespreek aan die deputate vir die deeglike werk wat gedoen is.

2. Van die Rapport word kennis geneem.

3. Wat die aanbevelings in punt 4. betref:

a. hieraan word nie gevolg gegee nie;

b. goedgekeur;

c. (i) deputate word benoem soos in (d) aanbeveel, met die opdrag om verdere studie en bestryding aan te pak deur publikasie, onderhoude, ens.

(ii) vrywillige bydraes kan in die kerkverband gevra word (i.v.m. publikasies).

Art. 200.

Eeufeesviering van Gereformeerde Kerk.

A. Die Rapport van die deputate word deur dr. P. J. Coetzee toegelig.

Die Algemene Sinode van 1958 het hierdie Deputaatskap soos volg saamgestel: Di. D. N. Kotzé, P. J. Venter, J. L. Helberg, A. A. Venter, prof. J. P. Jooste, dr. G. C. P. van der Vyver en P. J. Coetzee. Secundi: Dr. B. R. Krüger, proff. S. du Toit en S. P. van der Walt.

Dit is nou vir ons 'n besondere genoeë om die volgende rapport aan u voor te lê:

1. *Konstituering*: Ds. D. N. Kotzé het as voorsitter van die Deputaatskap gedien, prof. J. P. Jooste as ondervoorsitter en dr. P. J. Coetzee as skriba.

2. *Vergaderings*: Die volle Deputaatskap het 12 vergaderings gehou, terwyl die dagbestuur tussendeur enkele kere byeengekom het.

3. *Werkzaamhede*:

a. *Embleem*.

Die Deputate het 'n groot aantal ontwerpe oorweeg. Deskundige advies is ingewin. Eindelik is besluit om 'n ontwerp van br. J. P. Snyman, tans argitek te Stellenbosch, te aanvaar. Hierdie

kenteken is op alle publikasies met die oog op die Eeufees aangebring; daarvan is ook gebruik gemaak deur ons kerklike blaaie. Die embleem dra die kenmerke van eenvoud en treffende simboliek. Die geopende Bybel vorm die grondslag. Die stene wat op daardie onfeilbare grondslag aangebring is, simboliseer saam met die troffel die bouwerk wat gedurende die afgelope eeu (1859 tot 1959 met die Eeufees) kon plaasvind deur God se genade. Op die troffel is die kenteken van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aangebring. Dit is dus die *Gereformeerde Kerk* met sy leer, diens en tug wat op die Woord van God as finale toetssteen en onwankelbare grondslag gedurende 'n eeu van genade gebou kon word onder biddende opsien en tot eer van God Almagtig, deur sy soewereine genade in Jesus Christus, onse Here. Hiervan spreek die skerp punt van die troffel wat hemelwaarts wys. Die lyne wat skerp na bo wys, beklemtoon dat alles uit en deur en tot God is. Mense was maar instrumente, medewerkers. Die driehoekvorm van die embleem simboliseer vastigheid, net soos die kerk op die rots in die kenteken van die Gereformeerde Kerk.

b. *Soeweniers*.

Die Deputate het 'n oproep gedoen dat almal wat in sodanige onderneming belang stel, met ons in verbinding moet tree. Ten slotte is net die ontwerp van die eerw. Kerkraad van Meyerton goedgekeur, wat teëls vervaardig het op eie finansiële risiko met die oog op 'n stywing van hul boufonds.

c. *Streekfeeste*.

Op aandrang van u Deputaatskap is in verskillende gebiede van ons land streekfeeste gehou, waarvan die meeste aan die sentrale feesviering te Rustenburg voorafgegaan het en help opvoer het na 'n hoogtepunt.

d. *Motorbiljette*.

'n Aantal van hierdie biljette met die embleem en 'n gepaste bewoording is tot beskikking van al die kerkrade gestel met die oog op distribuering onder alle feesgangers na Rustenburg.

e. *Die Eeufeesviering te Rustenburg*.

(1) Die Deputaatskap het na baie ernstige oorweging besluit om die datum van die feesviering te verskuiwe van 9, 10 en 11 Februarie 1959, soos deur die Algemene Sinode van 1958 bepaal, na die Paasaweek van 1959, naamlik 27 tot 30 Maart. In hierdie verband wys ons op die volgende:

(a) Die verandering van datum is oorweeg (i) na aanleiding van vertoë van verskeie kerkrade en klassisse wat ernstig daarop aangedring het omdat gevrees is dat die bywoning van die fees gedurende die week baie nadelig deur onoorkomelike werksomstandighede, verpligte skoolbywoning van die kinders, ens., getref sou word, en (ii) by monde van die voorsitter van die betrokke sub-

kommissie, dr. J. J. A. van der Walt, is 'n gelykluidende versoek namens die lede van die verskillende kore aan ons gerig.

(b) Voordat tot die verskuiwing oorgegaan is, is die volgende stappe gedoen (i) 'n Omsendbrief is per spoedpos aan alle kerkrade gerig. Heelwat meer as die helfte het dadelik gereageer en aangedring op 'n verskuiwing na die Paasnaweek. (ii) Ruggespraak is met die reëlingskommissie te Rustenburg gehou. In hierdie vergadering is eenparig die mening uitgespreek dat dit 'n wyse stap sal wees om die datum so te verander.

(c) Die betrokke reëlingskommissie van Klassis Waterberg was reeds besig met die organisasie van 'n streekfees gedurende die Paasnaweek. Op ons versoek is onmiddellik toegestem om van hierdie baie geskikte datum afstand te doen in belang van die sentrale eeu-feesviering. Die Deputate het hul opregte dank betuig.

(d) Briewe is aan die verskillende Partikuliere Sinodes gerig om die saak te verduidelik, aangesien daar nie vooraf geleentheid vir raadpleging was nie, terwyl hierdie eerw. vergaderinge ook, volgens reëling deur u Deputate, toegesprek is. Die Part. Sinodes het almal toegestem dat die Deputaatskap verstandig gehandel het deur die Eeufesviering gedurende die Paasnaweek te reël. Die resultaat wat die bywoning betref, het hierdie feit later sterk beklemtoon.

(2) U Deputate kan met groot waardering getuig van die goeie werk wat die reëlingskommissie te Rustenburg verrig het.

Die Deputate het die volgende broeders te Rustenburg benoem as Reëlingskommissie: di. P. J. Venter (Saamroeper) en J. L. Helberg en brs. C. J. H. Vorster, P. J. Riekert, W. M. Venter (oorlede op 7 Augustus 1959), W. P. Andersen en D. G. Kruger. Na die vertrek van ds. Helberg is ds. M. J. Booyens in sy plek benoem.

Die kommissie is soos volg gekonsitueer:

Voorsitter: ds. P. J. Venter; Vise-Voorsitter: ds. J. L. Helberg, later ds. M. J. Booyens; Sekretaris: br. C. J. H. Vorster, later br. W. P. Andersen en nog later br. D. G. Kruger om notule van die vergaderinge te hou.

Die Deputate het br. W. P. Andersen as organiseerder benoem. Hy het van die kantoor en personeel van sy saak gebruik gemaak, veral sr. Dolly Fölscher, en later ook van sr. Johanna Pretorius as tikster. Die organiseerder en sy personeel verdien besondere dank vir die reuswerk wat hulle verrig het.

Die organisasiewerk vir die Eeufees is soos volg deurgevoer:

(a) *Huisvesting.*

(i) *Tentdorp:* Die komitee hiervoor het bestaan uit: Kamp-kommandant P. J. Riekert, kapt. S. J. Snyman, luit. A. Few, luit. T. Eloff, korp. J. G. M. Kirsten en brs. D. G. Potgieter, Japie Coetzer en A. G. H. Vorster (met reg tot koöpsie). Hierdie komitee het die

tentdorp beplan, uitgelê (met die hulp van 'n landmeter, br. D. de Ridder), tente opgeslaan met die hulp van die manskappe van verskillende skietkommando's, gesorg vir die ontvangs en plasing van die gaste en ook vir die afbreek en opvou van die tente. Die hele saak het 'n pragtige verloop gehad, en ruim 3,000 mense kon in die tentdorp gehuisves word.

Ds. P. J. Venter en komdt. P. J. Riekert is verantwoordelik gestel vir die verkryging van die voorrade van die Departement van Verdediging. Met die vriendelike hulp van o.a. ds. D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte), mnre. Lessing, Lemmer en Pienaar van die sekretariaat van die Departement en komdt. Badenhorst van die Voorradedepot, asook van die komdt.-Genl. van die Weermag, die Ministers van Verdediging en Arbeid kon al die voorrade wat ons nodig gehad het, teen 'n minimum huur verkry word. Ons innige dank aan al die persone.

Die Rustenburgse Landbou- en Industriële Genootskap het aan ons die plaaslike tentoonstellingsterrein afgestaan vir die tentdorp.

(ii) *Privaat Losies:* Brs. W. M. Venter, L. M. Jacobsz en G. Fourie (met reg tot koöpsie) as komitee het pragtige reaksie van die inwoners van Rustenburg en omgewing uitgelok, sodat vir etlike honderde gaste so losiesplek verkry kon word.

(iii) *Koshuise:* In die koshuise van die Hoërskool en Hoër Handelskool is ruim 800 gaste gehuisves. Met die plasing van die gaste hier en in privaat losies het ds. M. J. Booyens die leeu-aandeel van die werk gedoen. In die koshuis van die Industriële Skool is die provinsiale verkeersbeamptes, en in die privaat koshuis te Kroondal die lede van die Orkes van die Weermag gehuisves.

(iv) *Hotelle:* Die Organiseerder was verantwoordelik vir die verkryging van hotelakkommodasie en vir die plasing van gaste. Daar dit vakansietyd was, was die soort huisvesting uiters beperk.

(b) *Saal.*

Ds. P. J. Venter het die reëlings met die M.K.T.V. getref vir die gebruik van die sale en terrein.

Vir stoele en vervoer van al die benodigde artikels vir die tentdorp is ds. P. J. Venter en br. C. J. H. Vorster as komitee benoem. Verskeie persone en instansies het baie waardevolle hulp verleen hiermee. Ruim 5,000 stoele en 1,500 banke is verkry van die P.U. vir C.H.O., die N.H.S.V. Rustenburg, die Geref. Kerk Elandskraal, die Stadsraad Pretoria, die firma V. S. Simpson, die Dept. van Verdediging en die M.K.T.V. Die vervoer van die stoele e.a. artikels was baie duur, aangesien dit alles vanaf Pretoria, Potchefstroom en Lenz per vragmotor moes kom — per spoor sou dit nog duurder gewees het.

Die verhoog is deur die personeel van die M.K.T.V. opgerig. Die bestuur en personeel van die M.K.T.V. was ons besonder ter wille; dr. R. F. Camphor (voorsitter van die Direksie), mnre. J.

Hamman (bestuurder) en C. Human (onderbestuurder) se vriendelike tegemoetkoming moet met dankbaarheid genoem word. Alle dienste wat die M.K.T.V. gelewer het, is kosteloos gegee.

Ongelukkig het die Kommissie nie genoeg aandag gegee aan die ventilasie van die vergadersaal nie. Die paar waaiers wat aan-gebring is, was totaal ontoereikend, veral aangesien dit ongekend warm was gedurende die feesdae.

'n Komitee vir *Konstruksie* het bestaan uit brs. C. B. S. Harmse en T. S. P. van der Walt (met reg van koöpsie), en die komitee het gesorg vir die oprigting van die buitesaal en alle ander tydelike geboue. Die onverwagte hoë aantal feesgangers het meegebring dat nie eers die helfte onderdak gebring kon word nie.

Br. D. C. Guillaume het gesorg vir die skerm wat gebruik is met die filmvertoning.

Die S.A. Orrellbousers (Edms.) Beperk het heeltemal op eie koste en sonder enige vergoeding die luidsprekerstelsel en orrel verskaf en geïnstalleer. Onder die persoonlike toesig van br. W. van Loon het al die installasies uitstekend gewerk. Die orrelis, br. Edelman, het die sang uitstekend begelei.

(c) *Verversings.*

Die susters van Rustenburg en Rustenburg-Noord het onder-nem om verversings te verskaf; die reëlins is getref onder 'n komitee bestaande uit: mevv. (ds.) P. J. Venter, (ds.) M. J. Booyens, C. J. H. Vorster, L. M. Jacobsz, G. M. Botha, W. van der Walt, W. P. Andersen en T. S. P. van der Walt. Dit was 'n geweldige taak, maar die susters het hulle met eer daarvan gekwyt. Om een of ander rede het die feesgangers egter nie van die etes wat aangebied is, gebruik gemaak soos dit verwag is nie en het daar baie groot vermorsing plaasgevind, wat uiters jammer is, gesien die baie harde werk wat die susters gedoen het om die nodige voor te berei.

Die Braganza-maatskappy (Holland-Afrika-Koffie- en Teemaatskappy) het tee en koffie uit twee van hulle kafeterias bedien, terwyl susters van Elandskraal, Krokodilrivier, Koster en Swartreggens die plaaslike susters behulpsaam was met die bediening hiervan.

Koeldranke is bedien deur twee broeders wat by koeldrank-fabrieke werksaam is, vanuit stalletjies op die terrein.

(d) *Parkering en Verkeerreëling.*

As komitee om hierdie sake te beplan is benoem: mnr. P. Botha (Hoof, Verkeersdept. Rustenburg) en brs. J. H. Vermaak, C. H. B. Blom, J. J. de Wet, F. A. Scheepers, Louis Kruger, Hennie Viljoen, Gustav Trichardt, J. Graham, Hansie Grobler en G. P. van Dyk (Komdt. van die Voortrekkers, Rustenburg).

Die parkeerterreine is beplan en met die hulp van die Stads-raad in orde gebring. Die reëling van die verkeer en parkering deur die plaaslike en provinsiale verkeersbeamptes (lg. onder persoonlike

bevel van die hoof-provinsiale verkeersbeampte, br. P. Muller) het baie ordelik verloop.

Busvervoer is gereël deur 'n komitee bestaande uit brs. Beyers Trichardt, W. P. Andersen en Hennie Trichardt.

(e) *Gesondheidskomitee.*

Hierdie komitee, bestaande uit br. H. S. Havenga (hoof, Gesondheidsdept. Rustenburg), D. G. Kruger, C. J. H. Vorster, C. A. du Plessis en P. J. Bezuidenhout (met reg om te koöpteer) het gesorg dat daar genoegsame sanitêre e.a. geriewe by die kamp- en feesterrein is. Br. Havenga het in hierdie verband homself en sy personeel nie gespaar nie en het ook 'n wakende oog gehou oor die voedsel (veral vleis) wat bedien is.

Die plaaslike takke van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga, met die hulp van br. (dr.) P. D. R. van Heerden, was gedurig aan diens en het noodhulp toegepas waar en wanneer nodig. Geen ernstige siekte of ongeval het onder die tienduiseende feesgangers voorgekom nie. Ook geen ernstige verkeersongeluk nie. Hiervoor aan God alleen die dank! Later is verneem van 'n ongeluk waarby 'n groepie mense op pad na die Fees betrokke was, as gevolg waarvan 'n br. Akkerman later oorlede is.

(f) Die voorrade wat van die Departement van Verdediging gehuur is, is deur die firma S.A.N.T.A.M. verseker vir 'n bedrag van ± £25,000. Die premie het £75 bedra. Behalwe dat 'n bokseil met die vervoer verloor het en dat 'n aantal banke, tentpale ens. beskadig is en heelwat tentpenne kortgekom het, kon al die massa voorrade weer in goeie orde aan die Departement se depot terug besorg word. Dank word betuig aan die persone en firmas wat die karweiwerk gedoen het.

Veral 'n woord van hartlike dank aan mnr. Martiens Botha vir die uitmuntende dienste wat hy gelewer het op die kamp- en feesterrein.

(g) Die Suid-Afrikaanse Polisie onder bevel van hoofkonst. Engelbrecht het albei terreine gedurig bewaak. Ons is die polisie baie dank verskuldig vir die getroue, vriendelike uitvoering van hulle pligte.

Die plaaslike poskantoor was ons baie ter wille met die verskaf-fing van telefoonaansluitings en met die flinke hantering van die duisende foonoprope wat veral van en na die Organiseerder en die voorsitter van die Kommissie deurgeskakel moes word.

(h) Vir die kongresse van die Bond van J.V.'s en die G.S.O.'s is deur die voorsitter reëlins getref vir sale waarin die byeenkomste gehou is.

(i) Die Reëlinskommissie het etlike vergaderings gehou; daar was heerlike eensgesindheid en samewerking. Opdragte aan komitees en persone is flink uitgevoer. Dit was 'n heerlike voorreg vir elkeen van ons om die taak aan ons opgedra uit te voer. Ons dank die Here

dat ons so werksaam kon wees met die organisasie van die Fees. Die gees wat in die Gereformeerde Kerk geheers het, was vir ons 'n heerlike openbaring!

(j) Die finansiële sake van die Kommissie is afgehandel. Alle verpligtings is nagekom. Ruim £6,000 is deur die Kommissie geadministreer. Hoofsaaklik as gevolg van die feit dat ons die losiesgelde so laag moontlik gehou het en die onverwagte hoë uitgawes i.v.m. vervoer, en ook as gevolg van die feit dat daar meer as twee keer soveel feesgangers was as wat ons in ons mees optimistiese oomblikke verwag het, kan ons geen voordelige saldo aantoon nie en moes ons by die deputate die huur- e.a. gelde aanvra vir die dienste ens. wat spesifiek vir die feessaal en -terrein gebruik is. 'n Subkommissie het die boeke nagegaan en in orde bevind. Die batige saldo is £3.3.5.

Ook is alle korrespondensie e.a. werksaamhede van die Organiseerder en van die Kommissie afgehandel. Alles is in lêers saamgebund, hoewel nie alles georden is nie. Die lêers word hiermee aan die Sinodale Deputate oorgedra. Ons wil vra dat u by die eerw. Sinode aanbeveel dat al die stukke behoorlik geliasseer sal word alvorens dit aan die argief oorhandig word.

Na die Fees het die Kommissie gepoog om alle goedere (veral Psalmboeke) wat op die feesterrein en in die tentdorp agtergebly het, aan die eienaars terug te besorg, maar nie alles is opgeëis nie.

(k) Ons dank aan die voorsitter van die Deputate vir sy belangstelling en gedurige hulp. Ook aan die Deputate vir die vertroue in ons gestel om aan ons die verantwoordelike, eervolle taak op te dra. Na die beste van ons vermoë het ons die werk gedoen. En die Here, die getroue Verbondsgod, het dit laat geluk!

Die twee kerke Rustenburg en Rustenburg-Noord het alle moontlike hulp gegee. Dié twee kerke moes ook baie gee, veral in die vorm van die dienste van hulle predikante, maar ook in die opsig dat hulle baie onkoste moes dra, bv. foonoprope, reisonkoste en so meer.

Lidmate van naburige kerke (Koster, Swartruggens, Matlabas, Drieviersboom, Thabazimbi en Elandskraal) en ook elders, het groot en waardevolle donasies aan die susters gegee — veral beeste en skape. So ook die lidmate van die twee plaaslike kerke. Ons hartlike dank!

Die *Rustenburg Herout* het pragtige reklame vir ons gemaak by wyse van artikels, foto's en oproepe, bv. vir die aanbieding van huisvesting. Die *Kerkblad* was ook altyd gereed om te help, sodat ons ons taak kon verrig.

Al die daadwerklike hulp en vriendelike toegeneentheid wil ons in dankbare herinnering roep. Dit was alles: VAN 'S HEEREN WEGEN!

(3) *Wat die bywoning betref*, die volgende:

(a) As verteenwoordigers van ander kerke is groete deur die volgende persone oorgebring:

(i) Namens buitelandse kerke:

Gereformeerde Kerke in Nederland: prof. dr. K. Dijk;
Christian Reformed Church in die V.S.A.: rev. G. Hoeksema;
Christelik Gereformeerde Kerk in Nederland: ds. J. C. Maris;
Geref. Kerk, Dokkum, Nederland: ds. D. J. P. Meijer;

(ii) namens die binnelandse kerke:

ds. J. M. Benadé: N.G. Kerke in S.A.;
ds. A. J. G. Oosthuizen: Ned. Herv. Kerk van Afrika;
dr. J. F. Allen: Church of England in S.A.;
rev. J. Rea: Presbyterian Church of S.A.

(b) Van die kant van die landsowerheid is 'n groot deel van die feesverrigtinge bygewoon deur sy Edele die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, en sy eggenote, asook deur min. en mev. Jan de Klerk.

(c) Volgens berekening van die Verkeersdepartement was daar op 28 Maart nagenoeg 25,000 feesgangers aanwesig en op 29 Maart 30,000. Die bywoning op 27 en 30 Maart was ewe-eens ver ho verwagting.

(d) Die voorneme van 'n groep lidmate van die Christian Reformed Church in die V.S.A. om die fees te kom bywoon, soos aan die vorige Sinode gerapporteer, kon weens onvermydelike omstandighede nie ten uitvoer gebring word nie.

(4) *Die program* van die feesverrigtinge was soos volg:

Vrydag 27 Maart 1959 7-uur.

By hierdie verrigtinge tree dr. J. M. de Wet op as voorsitter. Godsdiensoefening: prof. dr. P. J. S. de Klerk.

Opening van verrigtinge deur die voorsitter, Eeufeesdeputaatskap, ds. D. N. Kotzé.

Rede deur prof. dr. J. P. Jooste: „Na honderd jaar”.

Koorsang.

Groete namens die Teologiese Skool, P.U. vir C.H.O. en Teologiese Opleiding vir nie-blanks deur die rektore en ds. H. du Plessis. Antwoord op die groete namens die Kerk: ds. J. F. du Plooy. Afsluiting met psalmvers en gebed: dr. A. K. Bot.

Saterdag 28 Maart 1959, 7.00—7.30 vm.

Voorsitter van verrigtinge tot 10.30 vm.: ds. A. L. Aucamp. 7 tot 7.30 vm.: Oggendgodsdienste: ds. H. J. R. du Plessis.

Pouse van 1½ uur.

9.15 vm.: Skriflesing en gebed: ds. A. Duvenage.

Rede deur dr. G. C. P. van der Vyver: Die Stigting van die Gereformeerde Kerk en die bediening van die Woord.

Koorsang.

Pouse van 45 minute.

Voorsitter van verrigtinge vanaf 11.15 vm. tot 12.30 nm.: ds. L. S. van der Walt.

Verwelkoming deur die Burgemeester van Rustenburg.

Groete van die Binnelandse Kerke.

Boodskap van ds. J. A. van Rooy, oudste emeritus-predikant van die Geref. Kerk.

Sang: Koor van Klassis Germiston.

Antwoord namens Gereformeerde Kerk: di. J. J. H. Booysen en P. J. de Klerk.

Afsluiting met psalmvers en gebed: ds. H. J. Venter.

Pouse van 3 ure.

Voorsitter van verrigtinge 3.30 tot 5.30 nm.: ds. W. F. Venter.

Rede deur sy Edele die Eerste Minister.

Bedanking van Eerste Minister deur ds. T. T. Spoelstra.

Koor: „Erhalt uns Herr” — Kurt Thomas. (Gekombineerde kore van Johannesburg, Pretoria, Rustenburg en Potchefstroom).

Groete van Buitelandse Kerke.

Antwoord namens Geref. Kerk: prof. dr. S. P. van der Walt.

Pouse van 2 ure.

Voorsitter van verrigtinge vanaf 7.30 nm.: dr. B. R. Krüger.

Inleidende woord: dr. J. S. du Plessis, voorsitter van die subkommissie i.s. die ligbeeldvertoning.

Ligbeeldvertoning.

Afsluiting met psalmvers en gebed: ds. R. S. J. van Wyk.

Sondag 29 Maart 1959, 7 tot 7.30.

Voorsitter van verrigtinge tot 11.30 vm.: ds. J. W. J. van Ryssen.

7 tot 7.30 vm.: Oggendgodsdien: ds. I. D. Krüger.

10 tot 10.30 vm.: Koorsang.

10.30 vm.: Erediens: prof. W. J. Snyman.

Pouse van 2½ ure.

Voorsitter van verrigtinge vanaf 12 tot 1 nm.: ds. J. L. van der Merwe.

Feesrede: prof. dr. S. du Toit.

Koorsang.

Pouse van 2½ ure.

Voorsitter van verrigtinge vanaf 3.30 tot 5.30 nm.: ds. J. L. Vorster.

Uitgebreide program van koorsang.

Samesang deur al die kinders.

Rede: dr. P. J. Coetzee: „Ons Seuns en ons Dogters”.

Koor en orkes.

Pouse van 2 ure.

Voorsitter by aandverrigtinge: ds. P. J. Venter.

7.30 tot 8.30 nm.: Erediens: ds. P. W. Buys.

Uitgebreide program van koor en orkesmusiek.

Maandag 30 Maart 1959, 7.00 vm.

Voorsitter van verrigtinge vanaf 7 tot 10.30 vm.: ds. J. L. de Bruin.

7 tot 7.30 vm.: Oggendgodsdien: dr. W. J. van der Merwe.

Pouse van 1½ uur.

9 tot 10.30 vm.: Oordrag van Eeufesbedieningsfonds.

Redevoering: 'n Dankoffer en besetting van nuwe arbeidsterreine dr. J. A. Schutte.

Oordrag van die Fonds: Voorsitter van die deputaatskap vir die Eeufesbedieningsfonds, ds. H. F. V. Krüger.

Dankwoord namens die Geref. Kerk: ds. A. A. Venter.

Afsluiting met psalmvers en dankgebed: ds. D. J. van der Walt (Voortrekkerhoogte).

Voorsitter van verrigtinge vanaf 11 vm. tot 1.15 nm.: ds. I. J. van der Walt (Randfontein).

11 vm. tot 12 nm.: Rede van sy Edele Minister Jan de Klerk: „Die Gereformeerde Kerk en ons Volkslewe”.

Bedanking deur dr. S. J. van der Walt.

12.15 tot 1.15 nm.: Bedankings deur ds. C. E. Malan en prof. H. J. J. Bingle.

Slotdiens: ds. G. B. S. Pasch.

Ons kan ook net meld dat kore van Rustenburg, Potchefstroom, Pretoria, Johannesburg en Germiston aan die verrigtinge deelgeneem het. Die kinders het, volgens 'n reëling wat die Deputaatskap vooraf getref het, 'n aantal Psalmverse en Skrifberyminge saam gesing. 'n Orkes van die Verdedigingsmag het opgetree.

(5) 'n *Noenmaal* is op 28 Maart die eregaste aangebied.

f. *Radio-uitsendings.*

Die S.A.U.K. het goedgunstig die volgende radio-uitsendings i.v.m. die Eeufes laat plaasvind:

(1) Op 5 Sondaggaande voor die feesviering is die volgende praatjies uitgesaai:

(a) 11 Jan. 1959: Die Eeufesviering te Rustenburg: ds. D. N. Kotzé.

(b) 18 Jan. 1959: Die geskiedenis van die Geref. Kerk: prof. dr. D. W. Krüger.

(c) 25 Jan. 1959: Die aktiwiteite van die Geref. Kerk: ds. W. F. Venter.

(d) 1 Febr. 1959: Groot figure in die Geref. Kerk: prof. L. J. du Plessis.

(e) 8 Feb. 1959: Die Geref. Kerk en die onderwys: prof. J. Chris Coetzee.

In die Soekligprogram is twee uitsendings gereël, waarvoor ds. P. J. Venter en dr. P. J. Coetzee aangewys is.

(2) Verskeie uitsendings, direk van die feesterrein, en verder 'n paar keer 'n saamgestelde beeld van sekere onderdele van die program is uitgesaai.

g. *Publikasies.*

(1) Voor die Eeufesviering het die *Gedenkboek* verskyn: *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959* (vergelyk die rapport van die Eeufesdeputaatskap van die Algemene Sinode van 1958). Die verspreiding van hierdie pragwerk is deur *Die Kerkblad* waargeneem. Daar is 5,524 eksemplare versprei, terwyl nog 476 eksemplare beskikbaar is.

(2) Met die oog op die Eeufes is 'n luukseprogram gedruk en versprei.

(3) Na afloop van die fees is die boek *Eeufes te Rustenburg* gepubliseer as 'n neerslag van die verrigtinge. Ons noem die redaksie, aangesien dit nog nie in die vorige rapport aan die Algemene Sinode verstrekkend kon word nie: prof. dr. S. du Toit (voors.), dr. P. J. Coetzee (sekretaris), prof. dr. H. J. J. Bingle en dr. H. Venter. Die verspreiding van *Eeufes te Rustenburg* word ook deur *Die Kerkblad* behartig.

Die oplaag was 4,000. Daar is nog 2,140 eksemplare beskikbaar.

h. *Fotomateriaal.*

Die filmkommissie het heelwat fotomateriaal versamel met die oog op die ligbeeldvertoning te Rustenburg (vgl. rapport aan Alg. Sinode 1958, Handeling, bl. 302-303). Verder is ook 'n filmopname gemaak van die Eeufes. Daar is ook blokke wat i.v.m. publikasies gebruik is. Hierdie materiaal, wat die Kerk se eiendom is, is in die argief geplaas. Die Deputaatskap het 'n subkommissie bestaande uit dr. J. S. du Plessis, prof. J. P. Jooste en dr. P. J. Coetzee benoem om totdat die eerw. Sinode verdere reëlings kan tref, beheer hieroor uit te oefen en te besluit oor aansoeke om hierdie materiaal vir vertonings te gebruik. Die Deputate wil die Sinode dit ter oorweging gee dat die nodige stappe gedoen behoort te word om hierdie voorraad foto's, wat 'n beeld van die geskiedenis gee, gaandeweg aan te vul sodat dit op datum kan bly.

i. *Oproep i.v.m. stukke van geskiedkundige belang.*

Die Deputate het 'n oproep tot kerkrade, meerdere vergaderings en aan alle lidmate gerig om gemeenteblaaie, portrette, gedenk-albums en ander dinge wat met die eeufesjaar in verband staan, aan te stuur vir bewaring in die argief. Die reaksie het ongelukkig geen ryke oes opgelewer nie.

j. *Belydeniskaarte*, met die embleem daarop, is beskikbaar gestel om deur kerkrade by die aflegging van belydenis gedurende die eeufesjaar oorhandig te word. Daar is ruimskots van gebruik gemaak.

k. *Bandopnames.* Die S.A.U.K. het 'n bandopname van sekere verrigtinge te Rustenburg gemaak, terwyl die Deputate gereël het om self van die hele feesvierings twee bandopnames te maak. Hierdie opnames is ook eiendom van die Kerk en kan miskien onder dieselfde kategorie geplaas word wat die beheer betref, as die reeds genoemde fotomateriaal.

l. *Speelplate.* 'n Subkommissie van die Deputate is tans nog besig om met vriendelike medewerking van die S.A.U.K. speelplate met feesredes of gedeeltes daarvan beskikbaar te stel.

m. *Eeufesgeskenk uit Dokkum.*

Die Gemeenteraad van Dokkum, Nederland, het met die oog op die Eeufes aan ons Kerk 'n model (maquette) van die Keereweerd, geboorteplek van prof. D. Postma, as geskenk gestuur. Dit is onder leiding van die burgemeester, drs. Van Tuinen, en die Skoolhoof, deur kinders van die Groen van Prinstererskool gemaak. Baie ure van harde arbeid is daaraan bestee. Ongelukkig het die geskenk ons eers na afloop van die Eeufesviering bereik. Die Deputaatskap het dit in ontvangs geneem en soos volg besluit:

(1) 'n Brief van dank sal aan die Gemeenteraad gerig word vir die mooi gebaar en paslike geskenk.

(2) 'n Foto van die Deputaatskap wat saam met die rektor van die Teologiese Skool die geskenk in ontvangs neem, sal aan die kinders wat meegehelp het, gestuur word.

(3) 'n Eksemplaar van *Die Kerkblad* waarin na die geskenk verwys word, sal ook gestuur word.

(4) 'n Eksemplaar van die Eeufesgedenkboek sal ook aan die Gemeenteraad van Dokkum gestuur word, asook 'n eksemplaar van die proefskrif van dr. G. C. P. van der Vyver: *Prof. Dirk Postma, 1818—1890*, aan drs. Van Tuinen en een aan die biblioteek van die Groen van Prinstererskool.

(5) Aan die Senaat van die Teologiese Skool is die versoek gerig om die model van die Keereweerd in 'n glaskas in die biblioteek te plaas. Die Senaat het vriendelik toegestem om dit te doen.

n. *Finansiële verslag* i.v.m. die Eeufesviering. Hierdie verslag sal deur die Administratiewe Buro ter oorweging aan u verstrekkend word.

Die Deputate lê nou hierdie verslag met ootmoedige dank teenoor die troue God van die verbond aan u voor. Die Here het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika waarlik groot dinge laat belewe deur al die jare van sy bestaan en insonderheid ook by hierdie feesgeleentheid. Sy seënende hand was in ontferming uitgebrei oor al die arbeid met die oog op die eeufes oor 'n tydperk van jare. U het deur ons as u Deputate te benoem met hierdie uiters verantwoordelike, baie gewichtige dog heerlike opdrag ons die uitnemende voorreg te beurt laat val om so intiem gemoed te wees met die Eeufesviering self en met al die voorbereidende stappe wat gekul-

mineer het rondom die on vergeetlike feesgety te Rustenburg. Ons bedede is dat, soos die Algemene Sinode van 1955 dit begeer het, die Eeufees „op gepaste wyse en met blywende vrug” gevier is.

Besluit: Van die Rapport word met hartlike dank aan die deputate kennis geneem, en die volgende punte geniet besondere aandag:

1. Punt 3. h. (Fotomateriaal). — Die Sinode besluit om die sorg vir die film aan die deputate vir Argiefwese (vgl. art. 104) op te dra, maar voorlopig word die bewaring daarvan opgedra aan dr. J. S. du Plessis, prof. J. P. Jooste en dr. P. J. Coetzee.
2. Punt 3. i. (Oproep stukke geskiedkundige belang). — Dit word opgedra aan die deputate vir Argiefwese (vgl. art. 104. C.).
3. 'n Brief van dank word namens die Sinode aan die Gemeenteraad van Dokkum gerig.

Art. 201.

Steun aan Evangeliese beweging in Begië en ander Roomse lande.

A. Die Rapport van die deputate (di. J. J. S. Venter, L. H. Stavast, prof. D. H. Cilliers, dr. G. van Bergen) word deur ds. Venter toegelig.

Die Deputaatskap het die eer om die volgende verslag van sy werksaamhede gedurende die afgelope drie jaar aan u voor te lê.

1. Vergaderings.

Die Deputaatskap het vyf maal afsonderlik vergader asook twee gesamentlike vergaderings gehou met die Deputaatskap ter bestryding van die Roomse gevaar.

2. Die Evangeliese Beweging in België.

Vir dié doel is £100 jaarliks in 1958, 1959 en 1960 gestuur, altesaam £300.

3. Protestantse predikante in Frankryk.

£150 is gestuur ter leniging van die nood van hierdie diensknegte van die Here.

4. Église Protestante du Katanga.

Daar is besluit om nie verdere bydraes vir dié doel te stuur alvorens daar nie weer om versoek word nie.

5. „De Kruisbanier”.

Heelwat intekenaars is vir dié blad gewerf en hul intekengeld aan die heer Overbeeke in België gestuur. Ook is 'n Kerkalmanak aan hom gestuur sodat hy die adresse van kerkrade in Suid-Afrika kan bekom om self aan hulle hieromtrent te skryf. In dié verband wil die Deputaatskap graag aanbeveel

a. dat die Sinode lidmate aanspoor om op dié blad in te teken;

b. dat die Sekretaris-Penningmeester van die Admin. Buro versoek word om die gelde van dié blad ook te administreer (intekengelde ontvang en versend) soos wat hy dit reeds doen in verband met die ander geldelike aangeleenthede van die Deputaatskap. Trouens, die Deputaatskap is van mening dat hy die geldelike administrasie van alle deputaatskappe namens die Gereformeerde Kerk behoort te behartig.

6. Hongaarse vlugtelinge.

Na aanleiding van 'n hernieuwe beroep om steun is andermaal £150 vir dié doel gestuur. 'n Beroep op die Deputaatskap vir Immigrasie om 'n gedeelte van die saldo van die bedrag wat die Deputaatskap (E.A.B.) vroeër vir die Hongaarse vlugtelinge ingesamel het en wat kragtens 'n besluit van die jongste Sinode na die Immigrasiekas oorgedra is, vir hierdie doel (die Hongaarse vlugtelinge) te bewillig, het nie geslaag nie. Op 'n versoek aan die betrokke instansies oorsee om 'n verslag oor die besteding van dié gelde is daar nog nie antwoord ontvang nie.

7. Besoek ds. Hegger.

Die Deputaatskap het saam met die Deputaatskap vir die bestryding van die Roomse gevaar vergader om reëlins te tref vir die besoek van ds. Hegger. Daar is besluit om tot sy koste by te dra en om ds. L. S. Kruger as verteenwoordiger in die gesamentlike komitee van die drie Afrikaanse Kerke vir dié doel te benoem. Ds. Hegger was van 18 September tot 25 November 1958 in Suid-Afrika, waar hy sowat 'n dosyn van ons groot stede en dorpe besoek en sowat 20 eredienste in die drie Afrikaanse Kerke gehou het met baie geseënde gevolg. Die Deputaatskap was bereid om in te staan vir 'n deel van die reiskoste, maar die N.G. Kerk van Transvaal het die hele bedrag voorgeskiet, waarvoor die Deputaatskap graag sy erkentlikheid wil boekstaaf, asook vir die goeie gees van samewerking tussen die drie Afrikaanse Kerke in dié verband. Die N.G. Kerk het altesaam die helfte van die koste gedra, die Herv. en die Geref. Kerk elk 'n kwart. Die surplus van die gekollekteerde gelde vir dié doel is in oorleg met ds. Hegger aan verskillende aksies in verband met die Roomse gevaar gewy, o.m. 'n oud-priestersfonds.

8. Oorsese reis ds. Stavast.

Die Deputaatskap het een van sy lede, ds. Stavast, versoek om terwyl hy middel 1958 met 'n vakansiereis oorsee was, ondersoek in te stel na die verhoudinge tussen die Rooms-Katolisisme en die Protestantisme in verskeie Europese lande. Ná sy terugkeer het die Deputaatskap saam met dié ter bestryding van die Roomse gevaar vergader om ds. Stavast se insiggewende skriftelike verslag aan te

hoor en te bespreek, en veel goeds het daaruit gespruit wat kan dien as voorligting vir die deputaatskappe in hul verdere optrede. As uitvloeisel van sy verslag is o.m. besluit

a. om £100 te stuur vir die Vereeniging voor Protestants Christelik Onderwijs in België en

b. om die betrokke instansies te versoek om informasie oor die toestand aldaar vir plasing in *Die Kerkblad*. Dit sal ter geleëner tyd geskied.

c. Verder is besluit om £300 te stuur aan die Internasionaal Gereformeerd Verbond in Amsterdam vir die beoogde Franse Calvin-uitgawe.

9. *Oproepe aan Kerkrade ens.*

In *Die Kerkblad*, aan al ons kerkrade asook oor die radio is gereeld verslag gedoen van die werksaamhede van die Deputaatskap en om verdere steun gevra. Die Deputaatskap wil dan ook graag van hierdie geleentheid gebruik maak om alle kerkrade en broeders en susters hartlik te bedank wat of persoonlik of deur middel van kollektas vir hierdie saak bygedra het. Mag die aanwending van dié geld wees tot eer en verheerliking van sy Naam en tot uitbreiding van sy koninkryk ook in Roomse lande.

10. *Finansies.*

Hieromtrent word die Sinode vriendelik verwys na die finansiële verslag van die Sekretaris-Penningmeester van die Admin. Buro. Die Deputaatskap betuig graag sy dank aan ds. Lessing vir sy gewaardeerde hulp en samewerking in dié verband, veral ten opsigte van die versending van die geld oorsee.

11. *Samevoeging deputaatskappe.*

Die Deputaatskap wil graag aanbeveel dat die Sinode andermaal 'n deputaatskap benoem om hierdie werk voort te sit en dat hierdie deputaatskap en die een ter bestryding van die Roomse gevaar tot een deputaatskap verenig word, aangesien hulle werksaamhede op dieselfde terrein lê en daar op dié manier beter koördinasie van kragte sal wees.

B. **Besluit:** Die Rapport word met dank aan die deputate in sy geheel aanvaar, behalwe t.o.v. die volgende punte:

1. By punt 5. a. (Kruisbanier). — Die Sinode versoek kerkrade om lidmate aan te spoor om in te teken.

2. By punt 7. (Besoek ds. Hegger). — Goedgekeur.

3. By punt 8. (Reis ds. Stavast). — Besondere dank aan ds. Stavast.

4. By punt 11. (Samevoeging van deputate). — Reeds goedgekeur. (Vgl. art. 199. B. 3. c. (i)).

C. (Steun aan Teologiese Skool in Frankryk). Kyk by art. 46. x. 5.

Art. 202.

Beskrywingspunt i.s. Apostoliese Geloofsending.

Die beskrywingspunt word toegelig deur dr. B. Duvenage.

Die Algemene Sinode bespreek die groeikrag en toenemende invloed van die Apostoliese Geloofsending onder ons volksgenote en soek die samewerking van die ander twee Afrikaanse Kerke tot 'n gesamentlike program van optrede. — Klassis Krugersdorp.

Besluit: Kerkrade word opgewek om plaaslik teen hierdie sekte op te tree en om onder aandag te bring die boekie wat uitgegee is deur deputate vir evangelisasie.

Art. 203.

Beskrywingspunt i.s. Ondertekeningformulier.

Die beskrywingspunt van Part. Sinode Wes-Transvaal word toegelig deur ds. J. L. Vorster, wat gekorrigeer soos volg lui:

Die eew. Algemene Sinode word gevra om weer aandag te gee aan die Ondertekeningformulier.

Besluit: Dit word na die kuratore verwys om by die volgende Sinode te rapporteer.

Art. 204.

Beskrywingspunt i.s. bylae in K.O.-boekie.

Die beskrywingspunt word toegelig deur ds. A. J. Pelser.

Die Klassis Pretoria het op sy jongste sitting van 22 September 1960 te doen gekry met die verskynsel van teenstrydigheid in die Bylae wat agter in die Kerkordeboekie afgedruk is, met die K.O. self. Byvoorbeeld die konkrete geval waarmee die vergadering moes handel, nl. die „Akte van ontslag” van 'n bedienaar van die Woord by die aanneming van 'n beroep na 'n ander gemeente: die K.O. spreek in art. 10 van *losmaking* so ook by die bylae by art. 10 op bl. 43 K.O., terwyl op bl. 102 'n Konsep van *ontslag* van vertrekkende dienaars gegee word. Daarom het die Klassis besluit om via die Part. Sinode die Algemene Sinode te versoek om te let op en aandag te skenk aan sekere teenstrydighede in die Bylae by die K.O.-boekie en die K.O. self. — Part. Sinode Noord-Transvaal. (Di. D. J. van der Walt en A. J. Pelser sal toelig).

Besluit: Dit word verwys na die deputate vir die uitgee van die K.O.-boekie (vgl. art. 32. B.).

Art. 205.

Beskrywingspunt i.s. troue van blanke met kleurling.

Die beskrywingspunt word toegelig deur ds. H. A. Louw.

Die Partikuliere Sinode Kaapland en S.W.A. versoek die eerwaarde Algemene Sinode om die uitspraak van 1920 i.s. die status van 'n blanke wat met 'n kleurling trou, Skriftuurlik nader te

fundeer en 'n algemene beginseluitspraak te gee oor die kerkregtelike posisie van die nageslag van Christenê wat uit bloedvermenging tussen blankes en kleurlinge gebore is. (Toeligting: Di. J. A. Jooste en H. A. Louw.)

Besluit: Hieraan word gevolg gegee, en deputate van preadvies word benoem om by die volgende Sinode te rapporteer.

Art. 206.

Beskrywingspunt i.s. konferensies van kerkraadskommissies.

Die beskrywingspunt word toegelig deur ds. J. J. van der Walt.

Die Part. Sinode vra die eerwaarde Sinode om hom uit te spreek oor konferensies van kerkraadskommissies en prinsipiële leiding hierin te gee. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeligting oudl. A. P. Malan).

Besluit: Daar word nie gevolg hieraan gegee nie.

Art. 207.

Beskrywingspunt i.s. praktyk by tweede nagmaal.

Die beskrywingspunt word toegelig deur ds. W. Venter.

Die eerwaarde Partikuliere Sinode van Kaapland en Suidwes-Afrika versoek die eerwaarde Algemene Sinode om vir eenvormige praktyk hom uit te spreek of die tweede nagmaal, veral soos prakties toegepas in stedelike gemeentes, in ooreenstemming is met ons Gereformeerde belydenis en Kerkorde. — Part. Sinode Kaapland en S.W.A.

Besluit: Deputate van preadvies word benoem om by die volgende Sinode te rapporteer.

Art. 208.

Beskrywingspunt i.s. Noodhulpkompetisies op Sondae.

Die beskrywingspunt word deur ds. J. F. du Plooy toegelig.

Die eerw. Algemene Sinode word gevra om sy aandag te skenk aan die gebruik by myne om noodhulpkompetisies op Sondae te laat plaasvind. — Part. Sinode Wes-Transvaal.

Besluit: Die saak word verwys na die deputate vir die Bestryding van sosiale euwels, ook in samewerking met ander kerke.

Art. 209.

Beskrywingspunte i.s. aantekening in die minderheid.

1. Die beskrywingspunt word toegelig deur ds. J. J. van der Walt. (Vgl. art. 18. B. 3. (a)).

Die Part. Sinode versoek die eerw. Sinode om hom uit te spreek oor wat die kerkregtelike implikasies is van 'n aantekening in die minderheid op 'n kerklike vergadering. — Part. Sinode O.V.S. en Natal. (Toeligting: sal deur deputate gegee word).

2. Die beskrywingspunt word gestel sonder toeligting:

Die eerwaarde Partikuliere Sinode van Kaapland en Suidwes-Afrika versoek die eerwaarde Algemene Sinode om hom uit te spreek oor die bestaan en draagwydte van die gebruik by sommige kerklike vergaderings dat broeders wat in die minderheid gestem het, hulle name in die notule laat aanteken en dan die saak daarby laat. — Part. Sinode Kaapland en Suidwes-Afrika.

(Toeligting sal verskaf word deur ds. M. Postma (primus), ds. H. S. Pelsers (sekundus)).

Besluit: Die Sinode spreek uit dat aantekening in die minderheid kerkregtelik geen implikasies het nie.

Art. 210.

Beskrywingspunt i.s. attestasies.

Die beskrywingspunt word toegelig deur dr. S. C. W. Duvenage:

Die Part. Sinode Wes-Transvaal beveel die volgende prosedure t.o.v. attesting by alle kerkrade binne sy ressort aan:

a. (1) Indien dooplidmate en hulle ouers binne die ressort van dieselfde gemeente val, kom die dooplidmate se name op die lidmaatskapkaarte van hulle ouers.

(2) Die name van dooplidmate wie se ouers elders woon, word op aparte kaarte aangeteken.

(3) By die vertrek van 'n dooplidmaat onder a. of b., as sy ouers hom nie vergesel nie, word 'n duplikaatkaart uitgereik en aan die kerk gestuur waarheen hy vertrek.

b. (1) By alle lidmate moet verantwoordelikheid gekweek word t.o.v. hulle attestate. Dit kan geskied sowel gedurende belydeniskatgisasie as by huisbesoek.

(2) Ten einde die afhandeling van attestate te bespoedig moet:

(a) lidmate versoek word om by vertrek hulle attestate vroegtijdig aan te vra;

(b) Kerkrade versoek word om toe te sien dat attestasies van vertrekkende lede met die meeste spoed behandel word, indien moontlik weekliks, sodat die attestate aan die betrokke lidmate gegee kan word of op hulle versoek aangestuur kan word. Kennis word gegee aan die kerkraad waarheen die betrokke lidmate vertrek. — Part. Sinode Wes-Transvaal. (Toeligting dr. S. C. W. Duvenage.)

Besluit: Aan die beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie.

Art. 211.

Benoeming van deputate.

Die finale Rapport van die Kommissie ad hoc (vgl. art. 15. D.) word voor die vergadering gelê en met wysigings goedgekeur. (Kyk

Aanhangsel onderaan — *Depte. Acta*).

Art. 212. — Notule.

Die notule word vasgestel tot art. 211.

Art. 213. — Bedankings.

Die gebruikelike woorde van waardering en dank word uitgespreek.

Art. 214. — Sluiting.

Die Voorsitter sluit die verrigtinge deur te lees 2 Kon. 6 : 15-17, te laat sing Ps. 89 : 6 en voor te gaan in gebed.

T. T. Spoelstra (Voorsitter).

G. C. P. van der Vyver (Vise-Voorsitter).

Dion Kempff (Skriba).

S. C. W. Duvenage (Hulp-Skriba).

AANHANGSEL

DEPUTATE

Die onderstaande deputate is deur die Sinode benoem.

Die lys word alfabeties opgestel volgens trefwoorde in die opskrif. Hierdie trefwoorde word kursief gedruk, die naam van die saamroeper van deputate word kursief gedruk.

Daar is getrag om sover moontlik uitvoering te gee aan die opdrag vervat in art. 31, A., 5. d. van die Sinode van 1958 en die artikels waarin opdragte aan deputate verskyn, is so getrou moontlik aangeteken.

1. *Almanak* (Art. 86).

Primi: Dr. D. Kempff, ds. I. J. Lessing, ds. J. L. Vorster, dr. J. A. L. Taljaard, ds. D. G. Venter.

Sec.: Ds. C. M. J. van Vuuren, br. J. H. Grobler (P.U.).

2. *Argiefwese*: (Artt. 104, 200 B. 1, 2).

Primi: Ds. B. Spoelstra, prof. J. P. Jooste, dr. P. Naude, dr. G. C. P. van der Vyver.

Sec.: Ds. L. S. Kruger, dr. B. R. Krüger, dr. J. S. du Plessis.

3. *Beheer*: (Artt. 74, 175).

Primi: Ds. A. A. Venter, prof. H. Venter, ds. T. T. Spoelstra, br. G. J. Kempff, dr. S. C. W. Duvenage, prof. J. A. Grove, prof. J. M. de Wet.

Sec.: Ds. C. E. Malan, ds. J. F. du Plooy, oudl. Chris Schutte (Carletonville), dr. D. P. Erasmus, dr. W. J. van der Merwe.

4. *Belydenisskrifte en formuliere*, Vertaling van (Art. 163).

Primi: Prof. S. P. van der Walt, ds. P. J. Venter, prof. H. Venter, ds. F. W. Buytendach, prof. W. N. Coetzee.

Sec.: Br. J. J. Coetzee (Lektor P.U.), dr. S. C. W. Duvenage.

5. *Britse en Buitelandse Bybelgenootskap* (Art. 95).

Primi: Ds. P. G. Geertsema, ds. L. S. van der Walt, oudl. J. M. Malan.

Sec.: Oudl. P. de Weerd, ds. P. J. W. Louw.

6. *Bybelvertaling*, Hersiening van Afrikaanse (Art. 33).

Primi: Ds. J. Postma, ds. J. L. Helberg, prof. H. Venter.

Sec.: Prof. A. Postma, ds. H. S. Pelser, prof. J. L. Steyn (Pretoria).

7. *Bybelvertaling*, Hersieningskommissie van Afrikaanse (Artt. 34, 123).

Primi: Prof. S. du Toit, prof. W. J. Snyman, prof. J. H. Kroeze.

Sec.: Dr. S. J. du Plessis, prof. A. Postma.

8. *C.N.O.* (Art. 154).

Primi: Prof. D. J. van Rooy, ds. H. F. V. Kruger, ds. P. J. de Klerk, prof. H. J. J. Bingle, dr. J. F. E. Havinga, prof. S. J. Preller, br. M. D. van der Vyver.

Sec.: Prof. J. C. Coetzee, ds. J. Postma, dr. K. S. van Wyk de Vries, ds. W. Venter, prof. B. C. Schutte, dr. J. J. van Tonder.

9. *Diakonale sake* (Art. 57).

Primi: Prof. S. P. van der Walt, dr. K. S. van Wyk de Vries, Predikant van Johannesburg-Suid (Intussen ds. M. Venter), Predikant van Burgersdorp, (Intussen ds. P. B. de Klerk), ds. J. Postma, ds. D. J. van der Walt (Warmbad).

Diakens:

Tvl.: P. C. du Plessis (sec. P. J. Fourie).

J. P. Vermeulen (sec. T. A. P. Kruger).

P. Buizer (sec. R. du Plooy).

B. C. Vorster (sec. J. G. M. Swanepoel).

O.V.S.: B. Olivier (sec. B. R. Buys).

K.P.: A. J. Marx (sec. Gerhard Coetzee).

Sec.: Prof. J. H. Coetzee, ds. C. Hattingh.

10. *Eeufoesbedieningsfonds*, Advies vir uitkering van rente (Artt. 82, 175 B. 9).

Primi: Prof. D. J. van Rooy, ds. I. J. Lessing, ds. H. F. V. Kruger, ds. P. J. de Wet, ds. P. J. Venter, ds. G. P. L. van der Linde, ds. W. Venter, prof. J. H. van der Merwe.

Sec.: Prof. J. H. Coetzee, oudl. C. J. H. Vorster, ds. L. J. Buys, ds. F. W. Buytendach, ds. J. J. H. Booysen, ds. T. Steyn, prof. H. S. Steyn.

11. *Egskedingsgronde* (Art. 156).

Primi: Ds. W. Venter, ds. Jacs. van Rooy, ds. J. Postma, ds. A. J. du Plessis.

- Sec.: Oudl. P. H. van der Linde, ds. P. J. S. de Klerk.
12. *Ekumeniese sake* (Art. 48).
Primi: Dr. B. Duvenage, prof. W. J. Snyman, dr. S. J. van der Walt, prof. S. P. van der Walt, prof. H. G. Stoker.
 Sec.: Dr. S. J. du Plessis, dr. D. Kempff, ds. L. H. Stavast.
13. *E.P.P.W. en W.-Fonds* (Art. 67).
Primi: Ds. A. A. Venter, ds. D. J. van der Walt, ds. I. J. Lessing, prof. D. J. van Rooy, prof. J. M. de Wet.
 Sec.: Dr. S. C. W. Duvenage, dr. J. A. L. Taljaard, oudl. F. F. Graphorn.
14. *Evangelisasielektuur* (Art. 105).
Primi: Ds. W. J. de Klerk, ds. P. W. Buys, ds. P. G. W. du Plessis.
 Sec.: Ds. P. J. W. Louw, dr. B. Duvenage, oudl. J. M. Malan.
15. *Finansiële struktuur* (Art. 175).
Primi: Ds. H. F. V. Kruger, dr. D. P. Erasmus, ds. I. J. Lessing, adv. Jan van Wyk de Vries, br. M. C. Kempff, br. P. Hogendijk.
 Sec.: Dr. B. Duvenage, br. H. P. E. Thiel.
16. *Gravamina*, Meerderheids- en minderheidsrapport (Art. 173).
Primi: Ds. H. L. M. du Plessis, ds. P. C. Rule, br. P. van Z. Aucamp.
 Sec.: Ds. J. M. Opperman, ds. J. Visser, ds. L. H. Stavast.
17. *Handelinge*, Uitgee van (Artt. 45, 92 C).
 Ds. I. J. Lessing, prof. B. C. Schutte, dr. D. Kempff.
18. *Huwelike*, Gemengde tussen blanke en Kleurling (Art. 205).
Primi: Ds. Jacs. van Rooy, ds. P. G. Geertsema, ds. W. J. J. du Plessis, ds. M. Postma, prof. W. J. Snyman.
 Sec.: Ds. H. A. Louw, ds. C. H. Smit.
19. *Immigrasie* (Art. 135).
Primi: Ds. L. S. van der Walt, ds. J. C. Kruger, ds. C. Hattingh, oudl. P. Goede.
 Sec.: Ds. A. J. Pelser, oudl. T. den Boer, oudl. D. J. Coetzee (Pretoria).
20. *Katkisasie* (Art. 84).
Primi: Ds. M. J. Booyens, ds. J. J. van der Walt, prof. J. P. Jooste, prof. H. J. J. Bingle, dr. J. Spoelstra.
 Sec.: Prof. J. J. Snyman, dr. J. L. du Plooy, br. C. J. Reinecke, (Skoolhoof Ermelo), ds. L. S. Kruger.
21. *Kerkblad* (Artt. 23 D, 85, 101 C).
Primi: Ds. J. F. du Plooy, ds. P. W. Buys, dr. W. J. van der Merwe, ds. W. J. de Klerk, prof. S. P. van der Walt, br. J. Arnold, prof. G. Dekker.

- Sec.: Prof. S. du Toit, ds. J. L. Vorster, dr. D. Kempff.
22. *Kerke*, Gespreksgemeenskap met ander (Art. 49).
Primi: Prof. W. J. Snyman, dr. G. C. P. van der Vyver, dr. B. R. Kruger, dr. P. J. Coetzee.
 Sec.: Prof. S. P. van der Walt, ds. T. T. Spoelstra, ds. W. F. Venter.
23. *Kerkmusiek* (Art. 153).
Primi: Ds. P. W. van der Walt, dr. J. J. A. van der Walt, br. Hennie Coetzee (P.U.), prof. Jac. Malan, ds. J. H. Venter.
 Sec.: Ds. L. F. Schulze, ds. J. H. Booyens, ds. A. S. Smit.
24. *Kerkorde*, Hersiening van (Art. 103).
Primi: Dr. P. J. Coetzee, ds. B. Spoelstra, ds. G. P. L. van der Linde, prof. A. P. Malan, dr. G. C. P. van der Vyver.
 Sec.: Dr. D. Kempff, ds. J. J. van der Walt, ds. J. L. de Bruyn.
25. *Kerkorde*, Uitgee van (Artt. 32, 97 D, 204).
Primi: Ds. I. J. Lessing, prof. J. P. Jooste, ds. Ign. van der Walt.
 Sec.: Dr. P. J. Coetzee, ds. J. L. Vorster.
26. *Roepende Kerkraad* (Art. 211).
 Potchefstroom-Noord.
27. *K.J.B.F.* (Artt. 100, 101 C).
Primi: Ds. I. J. Lessing, dr. J. S. du Plessis, ds. I. J. van der Walt (Randfontein).
 Sec.: Ds. C. M. J. van Vuuren, dr. S. J. du Plessis.
28. *Kollekte*, Plek van ... in erediens (Art. 134).
Primi: Ds. J. J. H. Booyens, ds. A. S. Smit, ds. B. J. Lombard, oudl. M. C. E. Moodie.
 Sec.: Ds. J. H. Booyens, ds. P. J. Venter, oudl. H. S. van der Walt.
29. *Korrespondensie met binnelandse en buitelandse Kerke*, Hoë Owerheid en maatskaplike sake (Artt. 178 by 2, 17, 30, 94 D, E., 104 (4 C), 137, 146 B, 157, 158, 181, 197 b, 198).
Primi: Dr. P. J. Coetzee, ds. J. L. Vorster, dr. W. J. van der Merwe, ds. I. J. Lessing, dr. S. J. du Plessis.
 Sec.: Dr. D. Kempff, ds. P. W. Buys, ds. I. J. van der Walt (Randfontein).
30. *Meerdere vergaderings*, Aantal (Artt. 26 D, 96).
Primi: Ds. W. F. Venter, ds. H. S. Pelser, ds. J. H. Venter, ds. P. C. Rule, oudl. L. J. van der Schyff, prof. J. H. van der Merwe.
 Sec.: Ds. E. J. G. Norval, ds. M. Venter, oudl. W. L. du Plessis (Carletonville).

31. *Nagmaalsviering*, Tweede (Art. 207).
Primi: Dr. J. A. Schutte, prof. S. P. van der Walt, ds. L. F. Schulze, ds. J. Visser.
Sec.: Ds. P. G. W. du Plessis, ds. D. du Plessis, ds. J. L. Helberg.
32. *Radio-uitsendings* (Art. 172).
Primi: Ds. D. J. van der Walt, ds. C. E. Malan, ds. C. J. Malan, br. H. B. van der Walt.
Sec.: Ds. M. Venter, ds. G. P. L. van der Linde, ds. V. E. d'Assonville.
33. *Sending*
 1. Deputate vir Sending (Art. 54).
Primi: Dr. G. C. P. van der Vyver, ds. D. C. S. van der Merwe, ds. Ph. Snyman (Oos-Londen), ds. J. J. van der Walt, ds. P. J. de Klerk, ds. G. H. J. Kruger, prof. J. H. Coetzee, ds. J. L. de Bruin.
Sec.: Ds. G. P. L. van der Linde, ds. M. J. Booyens, ds. P. G. Geertsema, ds. P. J. W. Louw, ds. V. E. d'Assonville, ds. N. J. Grobler, ds. J. A. van Rooy, ds. J. J. S. Venter.
Adviseur: Prof. Hugo du Plessis.
2. Kuratore Teol. Skool vir Nie-blankes (Art. 54).
Primi: Ds. T. T. Spoelstra, ds. H. S. Pelser, ds. W. F. Venter, dr. J. A. Schutte, ds. J. L. Helberg.
Sec.: Ds. L. H. Stavast, ds. H. J. Boshoff, ds. G. H. J. Kruger, ds. P. G. W. du Plessis, ds. H. F. V. Kruger.
34. *Sosiale Euwels*, Bestryding van (Artt. 131, 208).
Primi: Dr. B. R. Krüger, adv. J. C. van Niekerk, ds. J. J. S. Venter, ds. M. J. Booyens, oudl. G. A. Francis.
Sec.: Ds. R. S. J. van Wyk, ds. C. M. J. van Vuuren.
35. *Roomse Gevaar*, Bestryding van, en *Evangeliese Aksie* (Artt. 46 x, 5, 201, 199).
Primi: Ds. L. H. Stavast, dr. G. C. van Bergen, ds. J. M. Opperman, ds. J. J. S. Venter.
Sec.: Ds. P. C. Rule, L. S. van der Vyver, ds. P. J. de Bruyn.
36. *Veldprediker* (Art. 138).
Primi: Ds. J. L. de Bruin, ds. J. J. S. Venter, br. J. P. Bingle.
Sec.: Ds. L. H. Stavast, ds. L. S. van der Vyver.

REGISTER

A.

Almanak	305
Appêlsaak	137
Arbeidsvraagstukke — rapport	408
Argief — rapport	351
Attestasies	563

B.

Bantoekekerk — een — rapport	230
naam	311
Bedankings	564
Beheer — Deputate van — rapport	257
— lede van deputate	435
Beswaarskrif —	
Sinode 1942, art. 115	449
Sinode 1942 en 1952	452
Sinode 1958, bl. 288	453
prosedure — rapport	512
Binnelandse Kerke — rapport	537
Blindes — toelating van	244
Boustowwe — rapport	351
Buitelandse Kerke — rapport	529
aanvullende rapport	533
Britse en Buitelandse Bybelgenootskap	311
Bybelvertaling — rapport i.s. hersiening	38
— rapport van hersieningskommissie	38

C.

Calvyn-Jubileumboekefonds	348
Christiana — kollekte	283
C.N.O. — rapport	464

D.

Deputate	6
— benoeming van	27, 525, 563, 564
vertrek	9
Diakonale sake — rapport	214

Doop — voorligtingstuk i.s. onnodige vertraging	132
Dooplidmate — tug oor — rapport	120
Doopregisters — verandering van — rapport	126

E.

Eeufesbedieningsfonds — administrasie	282
— rapport	284
— uitkerings	282, 522
Egskedingsgronde — rapport	492
Ekumeniese Sake — rapport	158
— Sinode — rapport	142
E.P.P.W. en W.-Fonds — rapport en aanvullende	223
— uitkering	229
Evangeliese Beweging — België e.a. — rapport	558
Evangelisasie — rapport	365
— Engelssprekendes	378

F.

Finansiële State	265
Finansies — Kommissierapport	517
Formuliere — hersiening van — rapport	500
— nuwe Afrikaanse vertaling	506
— vereenvoudigde	310

G.

Geestelike noodtoestand in Afrika	404
Geloftedagkommissie — rapport	404
Geloofsbelydenis — Apostoliese	505
— Nederlandse — vierhonderdjarige bestaan	350
Gereformeerde Kerk — eeufesviering — rapport	546
— handleiding	350
G.S.O. — rapport	523
— beswaarskrif	453

H.

Handelinge — rapport i.s. uitgee	36
Herout-Drukkers	263

I.

Immigrasie — rapport	401
----------------------------	-----

J.

Jeugsorg — rapport	436
— aanvullende rapport	444

K.

Katkisasie — rapport	288
— diplomas	294
— handboeke	293
— wese	293
Kategismus — heringebruikneming	350
— vierhonderdjarige bestaan	525
Klassis — Translímpopo	435
Kerk — Engelse naam	349
— leerboek oor	159
Kerke — samespreking met ander	294
Kerkblad — rapport	454
Kerkmusiek — rapport	314
Kerkorde — hersiening — rapport	37
— uitgee — rapport	561
— boekie — bylaes	36
Kersdag — tweede	389
Kollekte — plek van	562
Konferensies — kerkraadskommisies	
Korrespondensie — Deputate vir — rapport	10, 22
— aanvullende rapport	526
— hersiening van besluite	32, 237
Kuratorium — rapport en aanvullende	15
Kredensiebriefe	

L.

Lidmate — verspreidwonende	446
----------------------------------	-----

M.

Maatskaplike sake — rapport i.s. korrespondensie	406
— 32	
Meerdere vergaderings	562
Minderheid — aantekening in	10
Moderamen	222
Mosies	

N.

Nagmaal — tweede	562
Noodhulpkompetisies	562

O.

Ondertekeningsformulier	561
Onderwys — vereniging vir Christelike	492
Ontspanning — studie van moderne vorme — rapport	413
Owerheid — korrespondensie met	405
Owerspel — rapport i.s. strafregtelike optrede	496

P.

Partikuliere Sinode — afskaffing	32
Persburo — rapport	28
Perskommissie	14
Psalmboek — feesuitgawe	310
— met note	349
Publikasies — koördinering — rapport	28

R.

Radio — dienstebeurte	512
— godsdienstige uitsendings	512
— uitsendings — rapport	507
Ramings — sinodale — rapport	379
Rasseverhoudinge — studie van — rapport	43
aanvullende	115
Rentekoers	282, 522
Roepende Kerkraad — rapport	15
— aanvullende rapport	18
Roomse gevaar — rapport	538
lande — evangeliese beweging — rapport	558

S.

Saamwoon — buite-egtelike	500
Samespreking — ander kerke	159
Sending — rapport	163
aanvullende rapport	190
— teologiese grade en kursusse	175
— orde art. 9.	230
sekretaris	235
Sinode — gelukwensing, groetes, ens.	19, 20, 27
huisvesting	17
kommissies	14, 19
konstituering	6
kworum	9

onkoste	17, 347, 522
opening	5
openingsrede	11
Openlike Verklaring	10
presensielys	6
reiskoste	522
uitnodiging Stadsraad	230
verversings	17
Sosiale euwels — bestryding van — rapport	382
Studente — lenings	246

T.

Troue — blanke met kleurling	561
------------------------------------	-----

V.

Van der Walt, dr. S. J.	506
Veldprediker	405